DIE KAAP TYDENS DIE EERSTE BRITSE BEWIND, 1795-1803.

deur

H.B. GILIOMEE

Proefskrif ingelewer vir die graad van Doktor in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Stellenbosch.

Promotor: Prof. dr. D.J. Kotzé.

Desember 1971.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan Annette

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD.

	Voorwoord	(i)
I	DIE SAMELEWING TEEN DIE EINDE VAN DIE AGTIENDE EEU	1
II	BEWINDSOORNAME EN VESTIGING VAN BRITSE GESAG (1795-1802)	30
III	DIE REGERINGSTELSEL	81
IV	FUNKSIONERING VAN DIE REGERINGSTELSEL	106
V	DIE EKONOMIESE BELEID	146
VI	EKONOMIESE BEDRYWIGHEDE	202
VII	MONETêRE BELEID EN BEDRYWIGHEDE	237
VIII	GODSDIENS EN ONDERWYS	250
IX	SENDING	264
X	DIE VERHOUDING TUSSEN DIE RASSE, 1795-1799.	299
XI	DIE OOSGRENSOORLOG VAN 1799	322
XII	DIE OOSGRENS: MAYNIER EN DAARNA, 1800-1803.	345
XIII	DIE TERUGGAWE VAN DIE KAAP	390
	S l o t	395
	Literatuur- en Bronnelys	400

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ILLUSTRASIES

KAART VAN KAAPKOLONIE	Tussen pp. 29 en 30
FOTO VAN LORD MACARTNEY	p. 86
KAART VAN OOSGRENS	Tussen pp. 321 en 322

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VOORWOORD.

Alhoewel verskeie studies oor verskillende aspekte van die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind bestaan, het daar nog geen samevattende oorsig van dié interessante tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis verskyn nie. Waarskynlik is die vernaamste rede hiervoor die feit dat dokumente oor die onderwerp in 'n hele aantal argiefbewaarplekke en biblioteke in Suid-Afrika en oorsee versprei lê.

Ek wil hier volstaan met enkele opmerkings. Wat betref die benamings vir die verskillende bevolkingsgroepe, het ek die Blankes (uitgeslote die amptenare en handelaars wat Britse onderdane kragtens geboorte was) "koloniste" genoem alhoewel hulle hulself gewoonlik as Christene aangedui het en dit ook die kategorie was waaronder hulle in die "sensus" van die tyd (die Opgaaf) geplaas is. Ek het in die meeste gevalle gepraat van "Xhosas" in plaas van "Kaffers" wat teen die einde van die agtiende eeu deurgaans deur die koloniste en die regering gebruik is. Daarteenoor het ek die benamings "Hottentotte" en "Boesmans" gebruik omdat dit nog so algemeen in die Afrikaanse geskiedskrywing voorkom. Dit is egter moontlik dat hierdie benamings, net soos wat met "Kaffers" gebeur het, mettertyd deur "Khoikhoi" in die eerste geval en "San" in die tweede geval vervang sal word.

Die Kaapse geldeenheid, die Riksdaalder bestaande uit 8 skellings en 48 stuiwers, kan na Engelse ponde omgereken word deur die bedrag in Riksdaalders met 5 te deel.

In die geval van dokumente wat nie in die Kaapse Argief is nie, het ek die bewaarplek in die voetnota tussen hakies aangedui. Die afkortings word in die bronnelys volledig aangegee.

Ek wil hier graag my besondere dank uitspreek teenoor prof. D.J. Kotzé, my promotor, vir sy hulp en leiding asook vir die baie tyd en aandag wat hy aan die werk bestee het. Ook aan prof. P.J. van der Merwe, die interne eksaminator, my dank vir die deeglikheid waarmee hy hierdie werk deurgegaan het. Aan albei wil ek dankie sê vir die nuttige wenke en insiggewende kritiek wat baie bygedra het tot 'n verbetering van die oorspronklike manuskrip. Prof. dr. J.J. Oberholster, die eksterne eksaminator, het vriendelik ingewillig om gedurende sy vakansie die proefskrif te lees.

Ek wil ook die volgende persone en instansies bedank: my kollegas, mnr. W.H. Thomas (Ekonomie), prof. S.J. Terreblanche (Ekonomiese Geskiedenis), adv. A.H. van Wyk (Regte) en mnr. D.J. van Zyl (Geskiedenis) vir advies; die personeel van die verskillende argiewe en biblioteke waar ek navorsing gedoen het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

(hier in die besonder mej. Potgieter en mev. Meyer van die Kaapse Argief); mev. Sirgel van die Departement van Geografie vir die vakmanskap wat sy aan die dag gelê het by die teken van die kaarte; die Universiteit van Stellenbosch vir finansiële steun om oorsee navorsing te gaan doen en mev. E. van Schalkwyk wat werklik voortreflike tikwerk gelewer het.

Geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ten opsigte van die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings en gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

H.B. Giliomee.

Stellenbosch
Desember 1971.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK I.

DIE SAMELEWING TEEN DIE EINDE VAN DIE AGTIENDE EEU.

Teen die einde van die agtiende eeu het die Kaapkolonie se bevolking uit tussen 60 000 en 70 000 siele bestaan. Hiervan was ongeveer 22 000 Christene (van wie ongeveer 20 000 Blankes was), 25 000 slawe en 14 000 Hottentotte.[1] Daarbenewens het ook onbekende getalle Boesmans en Bantoes hulle in die noordelike en oostelike dele van die kolonie onderskeidelik bevind.

Teen 1795 was daar nog geen noordgrens vir die kolonie vasgestel nie. Die Blankes het gewoon oor 'n gebied wat van die Koussie(Buffels)rivier in die noordweste tot die Nuweveldberge in die sentrale noorde en die Tarka- en Bamboesberge in die noordooste gestrek het. Die oosgrens het geloop langs die Tarka- en Baviaansrivier tot waar hulle in die Groot-Visrivier vloei, en het daarvandaan laasgenoemde rivier tot in die see gevolg.[2]

Hierdie gebied van ongeveer 110 000 vierkante myl was in vier distrikte verdeel.[3] Die oppervlakte en bevolkingsamestelling van die onderskeie distrikte was soos volg: Die Kaapse distrik het 'n oppervlakte gehad van ongeveer 14 000 vierkante myl, met 'n bevolking van 6 261 Christene (van wie 5 543 Blankes en 718 Nie-Blankes was), en 11 891 slawe. Die distrik Stellenbosch se oppervlakte was 40 000 vierkante myl, en die bevolking het uit 7 256 Christene, 10 703 slawe en 5 000 Hottentotte bestaan. Die distrik Swellendam het ongeveer 17 500 vierkante myl beslaan, en daar was 'n bevolking van 3 967 Christene en 2 196 slawe. Ongeveer 500 Hottentotte het in die distrik in diens van die koloniste gestaan. Ten slotte was daar die distrik Graaff-Reinet met 'n oppervlakte van ongeveer 38 500 vierkante myl en 'n bevolking van 4 262 Christene, 964 slawe en 8 947 Hottentotte.[4]

Benewens Kaapstad, met ongeveer 1 100 woonhuise en 'n bevolking van 5 500 Blankes en 10 000 Nie-Blankes, was die enigste ander noemenswaardige plekke die sendinginstituut Baviaanskloof,

---

1) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 83.
2) Vgl. S.D. Naudé: Kaapse Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/7/1798), pp. 138-139; P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842), p. 161.
3) Bereken met planimeter op grond van kaartskaal.
4) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 25-26, 52, 66-67, 73-74, 81-83.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waar vóór die einde van die eeu reeds meer as 'n duisend Hottentotte gebly het, en die landdrossetels Stellenbosch met ongeveer 70 huise, Swellendam met ongeveer 30 huise en Graaff-Reinet wat ongeveer 'n dosyn wonings gehad het. Daar was nog sekere kerkplekke, te wete Drakenstein (Paarl), Roodezand en Swartland, asook regeringsposte soos Saldanhabaai en Plettenbergbaai, en nog 'n paar ander plekke waar mense in klein getalle saamgewoon het. Die res van die bevolking het verspreid in die binneland gewoon.[5)]

Die Blanke gedeelte van die bevolking het uit verskillende groepe bestaan. Die spits van die piramide is deur die vernaamste amptenare van die Kompanjie, te wete die lede van die Politieke Raad en hoogste militêre offisiere, gevorm. Hulle was trots op hul ampte en range van onderskeiding en op die beter opvoeding wat hulle geniet het. Sommige van hulle het op die gewone burgers van Kaapstad neergesien en gewaak teen enige poging om 'n "haatlike gelykheid" in die samelewing te bewerkstellig.[6)] 'n Amptenaar soos W.S. van Ryneveld, die Fiskaal, het die boere in die buitedistrikte met minagting bejeën en hulle bestempel as "men without any idea of Education, grown up in idleness, and in the unrestrained indulgence of the wild passions of nature."[7)] By die vername amptenare kan gereken word die groep welgestelde burgers wat groot grondbesitters was en as pagters, of as leweransiers aan die regering, of op ander maniere uit die Kompanjiesbewind voordeel getrek het. Met sekere uitsonderings soos die Van Reenens, wat die vleismonopolie gehad, maar tog Patriotse denkbeelde gehuldig het, het hulle hulle vereenselwig met die politieke beskouings van die amptenare, wat oorwegend Oranjegesind was en dus sterk teen die demokratiese denkbeelde van die tyd gekant was. Die vername amptenare en hul welgestelde vriende het 'n soort elite-groep gevorm wat die sleutelposisies in die landsadministrasie en in die ekonomiese en sosiale lewe beklee het. Die Graaff-Reinetse burgers het na hulle as "Arestocratse regenten" verwys.[8)]

---

5) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 64-65; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 26, 54, 68, 76.
6) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Rhenius — Yonge, 12/9/1800, pp. 621-627; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 10/11/1795), p. 16.
7) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (A Plan for Amending the Interior Police by W.S. van Ryneveld, 31/10/1801), p. 89.
8) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: "Propositie" van Graaff-Reinetters, 22/3/1796, pp. 63-64; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 29/8/1796), p. 447.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Volgende op die rantlys het die gewone burgers van Kaapstad gestaan. Hulle het 'n bestaan gemaak deur huisvesting, ossewaens en slawe te verhuur en deur handel en sluikhandel te dryf. Besoekers aan Kaapstad het getuig dat daar onder die Kapenaars 'n drif vir handeldryf bestaan het.[9)]

Alhoewel daar slegs 10 of 12 persone was wat werklik ryk was, het die Kapenaars ten spyte van hul groot skulde oor die algemeen 'n hoë lewenspeil gehandhaaf.[10)] Kaapstad was in 'n sekere sin die voorpos van Europa. Die mense was nie meer Europeërs nie, maar daar was baie wat die besoeker aan Europa herinner het. Op partytjies het deftig geklede pare die kadriel en masurka gedans; dames het in die nuutste Europese modes gekleed gegaan; en van die huise van welgestelde ingesetenes is gesê dat "(they) are built upon a scale that few cities in Europe can vie with, and Holland alone can pretend to rival the neatness of the interior and the cleanliness of the household arrangements."[11)] Alhoewel die mense oor die algemeen baie min gelees het, en die onderwysgeriewe swak was, kon hulle deur hul kontak met die skepe wat Tafelbaai en Simonsbaai aangedoen het, tog in 'n mindere of meerdere mate met die Europese gebeure en denkrigtings in voeling bly.[12)]

'n Volgende groep in die samelewing was die wynboere, van wie die meeste binne 'n dagreis of twee van die hoofstad af in die Kaapse en Stellenbosse distrikte gewoon het. Die meeste wynboere het eiendomsplase ongeveer 120 acres stuk besit. Die meer welgestelde wynboere het ongeveer 100 lêers wyn en 20 lêers brandewyn na die mark gebring. Die enigste direkte belasting wat hulle betaal het, was 3 Rds. op 'n lêer wyn en dieselfde bedrag op 'n lêer brandewyn. Barrow het die wynboere beskryf as "a class of people who, to the blessings of plenty, add a sort of comfort which is unknown to the rest of the peasantry. They have not only the best houses and the most valuable estates, but in general, their domestic economy is managed in a more comfortable manner than is usually found among

---

9) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ...., I, pp. 153-156.
10) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ...., I, pp. 148-149.
11) (B.M.) Add. Mss. 30097 Journal .... of Sir R. Wilson on service at the Cape, 1805-1806, p. 49.
12) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ...., I, pp. 116-118, 132-135, 149-160; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 95-102, 107-109; R. Semple: Walks and Sketches at the Cape of Good Hope, pp. 14-24, 29, 33-35; J. Stavorinus: Reize van Zeeland over Kaap de Goede Hoop ...., II, pp. 309-313.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

the country farmers."[13)]

Nog 'n groep was die koringboere van die Kaapse distrik en die suidelike gedeelte van die Stellenbosse distrik. Die meeste van hulle het leningsplase besit. Die gemiddelde koringboer het 300 mud koring en 100 mud gars vir die mark geproduseer. Hulle het ook dikwels uit die verkoop van vee en suiwelprodukte 'n inkomste gehad. Die koringboere binne twee of drie dagreise van Kaapstad het 'n goeie inkomste gehad, maar diegene wat verder weg gewoon het, kon veral as gevolg van die hoë vervoerkoste nie koring winsgewend produseer nie. Hulle het hulle gevolglik daarop toegespits om hul boerdery so selfversorgend as moontlik te maak.[14)]

Alhoewel daar groot verskille ten opsigte van geestelike ontwikkeling en materiële welvaart was, het die koloniste in die suidwestelike gedeelte van die Kaapkolonie 'n groep gevorm wat grootliks verskil het van die veeboere wat anderkant die eerste bergreekse gewoon het. Hulle was meer beskaaf, het 'n beter opvoeding en meer weelde as die veeboere geniet.[15)] Hulle was 'n gevestigde en redelik ordelike gemeenskap sonder konflikte met inboorlingrasse. Hulle het slawe besit, maar hul behandeling van hul slawe is algemeen geloof. Alhoewel kleurverskille al hoe belangriker geword het, was daar nog nie 'n kleurslagboom wat dwarsdeur die sosiale en maatskaplike lewe geloop het nie. In die kerke het Nie-Blanke lidmate saam met Blankes aanbid, terwyl Blanke kinders en slawekinders dieselfde skole bygewoon het.[16)]

Die veeboere van die buitedistrikte het op leningsplase gewoon. Die opstalle het gemiddeld sowat twee uur se stap van mekaar gelê wat ongeveer 7 myl verteenwoordig.[17)] Die huise was karig gemeubileer en die veeboere was eenvoudig gekleed. Op maatskaplike gebied was daar weinig bande wat hulle aan

---

13) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 110. Vgl. ook hierin pp. 111-113.
14) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 114-117; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 293-301); A.L. Geyer: Das wirtschaflichen System der niederländischen ostindischen Kompanie ..., 1785-1795, pp. 69-77.
15) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, I, pp. 230-231. Vgl. ook C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p. 99.
16) O.F. Mentzel: A Geographical and Topographical Description, II, pp. 100-114; A. Sparrman: A Voyage to the Cape of Good Hope, I, pp. 59-70; V.C. 105 W.S. van Ryneveld: Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 151-152; (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Nederburgh, 26/6/1803, no. 536.
17) P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie (1657-1842), pp. 83-94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mekaar gebind het. Boonop het die leningplaasstelsel rusies oor grense tussen bure in die hand gewerk.[18] Die meeste plase was ver van die naaste drosdy af, wat beteken het dat die landdros moeilik gesag oor die veeboere kon uitoefen. Hulle was ver van die naaste kerk af, en die onderwys van die kinders het meestal daaruit bestaan dat 'n rondreisende skoolmeester vir hulle 'n paar maande lank lees- en skryfonderrig verskaf het.[19] Op ekonomiese gebied was die veeboere grootliks selfversorgend.[20]

In dié omstandighede is daar by die binnelandse koloniste, veral diegene aan die grens, 'n sterk onafhanklikheidsin en individualisme gekweek wat dikwels in verset tot gesag oorgegaan het. Wanneer dit nie met hul opvattings en belange gestrook het nie, het hulle moeilik onder die gesag van 'n landdros, veldkornet of kommandant gebuig. Adriaan van Jaarsveld, 'n leidende figuur aan die oosgrens en 'n man wat self nie maklik gesag oor hom aanvaar het nie, het na Graaff-Reinet verwys as 'n plek waar "ijder Dwaas den Meester speelt."[21]

In die Kaapkolonie, en veral in die binneland waar die koloniste al hoe meer van die ou wêreld vergeet het, het die koloniste in 'n toenemende mate besef dat hulle van Afrika is - hul enigste ware tuiste. So het Marthinus Prinsloo en 'n aantal ingesetenes van Graaff-Reinet hulself teen die einde van die agtiende eeu as "waare inboorlingen van ons waare vaderland" bestempel.[22] Aan die ander kant was daar veral in Kaapstad en omgewing by sommige koloniste nog 'n gevoel van Nederlandskap.[23] Dit is egter opmerklik dat van 1785 af, nadat verskeie van die Kaapse Patriotte se eise misluk het, die afgevaardigdes in Nederland na die Kaapkolonie as hul vaderland begin verwys het.[24]

Namate die koloniste teen die einde van die agtiende eeu van die verafrikaansingsproses bewus geword het, het hulle hul-

---

18) P.J. van der Merwe: Trek, pp. 64-68.
19) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten, III (Janssens — De Mist, 9/4/1803), p. 209; G.M. Theal: Records of the C.C., VIII (Report of Commission of Circuit, 28/12/1812), pp. 295-296.
20) Vir 'n uitvoerige bespreking van die lewensomstandighede van die veeboer, vgl. P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, hoofstukke V en VI.
21) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Van Jaarsveld — Craig, 15/11/1796, p. 84. Vgl. ook hierin Gerotz — Craig, 25/7/1797, pp. 169-171.
22) B.O. 27 Letters from Graaff Reinet: Prinsloo e.a. — Craig, 28/3/1797, p. 131.
23) [J.H.P. de Saint Pierre]: A Voyage to the Island Mauritius, p. 230; C.P. Thunberg: Travels in Europe, Africa and Asia, I, p. 257.
24) C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 194-196.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

self al hoe meer as "Afrikaners" begin bestempel. Hiermee het hulle 'n naam gegee aan 'n verskynsel wat waarnemers uit die buiteland alreeds 'n geruime tyd opgeval het. Stavorinus het in die jare sewentig van die agtiende eeu al opgemerk: "De eerste Europische bevolking dezer Colonie, uit verscheiden Natiën bestaan hebbende, zijn thans, door langheid van tijd, zoodanig onder een gesmelten, dat zij niet meer van elkanderen te onderscheiden zijn; selfs de meesten van die, welken in Europa geboren zijn, hebben, als't ware, hun nationaal character voor dat van dezen landaart verwisseld."[25)]

Na die vereenselwiging met Nederland begin verdwyn het, het die koloniste egter nie dadelik aan hulself as 'n saamhorige Afrikaanse volk gedink nie. Die koloniste in verskillende dele van die land het min met mekaar kontak gehad en daar was nie iets soos 'n koerant wat hulle in 'n geestelike band kon saamsnoer nie. 'n Groot verskil in ontwikkelingspeil het verder die ontstaan van 'n saamhorigheidsgevoel en die ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn teengewerk. 'n Kapenaar met simpatie vir die Graaff-Reinetters wat in 1795 in opstand gekom het, het hom krities uitgelaat oor "die gene onder ons welken hun zelven, de veel betekenden naamen geeven van geciviliseerdens en meer verligte Persoonen, en ... myne verafwoonende braaven landslieden de naamen van Plompaarts en rusticquen."[26)]

In die plek van die ou gevoel van Nederlandskap was die nuwe oriëntasie, soos die historikus Commager ten opsigte van die ontwikkeling van Amerikaanse nasionalisme opgemerk het, "not right away to a national sentiment, but very often merely to local and regional sentiments."[27)] Die oorheersende indruk van die laat-agtiende eeu is dat streeksbelange hoogty gevier het. Soos hieronder sal blyk, was Graaff-Reinetse opstand byvoorbeeld in die eerste plek 'n opstand van Bruintjieshoogte en Suurveld wat streeksbelange beter gehandhaaf wou sien. Dit was gou duidelik dat hulle nie die steun van die Sneeubergers, wat ander belange gehad het, geniet het nie. Daar was waarskynlik in die laaste instansie by die koloniste 'n gevoel dat

---

25) J.S. Stavorinus: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop ..., II, p. 309. Vgl. ook R. Semple: Walks and Sketches, p. 26; H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, II, pp. 156-157. Vir 'n bespreking van die gebruik van die begrip Afrikaner vgl. D.J. Kotzé: Positiewe Nasionalisme, pp. 20-33.

26) (R.A.) O.I.C. 242 Onondertekende Brief aan Nasionale Konvensie van de Bataafse Republiek, ongedateer.

27) H.S. Commager: American Nationalism (J.A. Garraty, ed.: Interpreting American History, I, p. 96).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle moet saamstaan om hul belange teen die Nie-Blankes te verdedig, maar selfs in hierdie opsig het die samewerking tekortgeskiet. Bruintjieshoogte en die ander suidoostelike wyke was onwillig om Sneeuberg in die stryd teen die Boesmans by te staan en gedurende die besetting sou die Stellenbossers die uiterste traagheid aan die dag lê om in Graaff-Reinet en Swellendam te gaan help nadat die Xhosas en Hottentotte groot dele van daardie distrikte geplunder het.[28)]

Tog was daar ook faktore wat met verloop van tyd die koloniste steeds hegter sou saamsnoer. Een daarvan was die nuwe taal Afrikaans. Volgens J. du P. Scholtz het nie net in die binneland nie, maar ook in Kaapstad, Afrikaans geleidelik uit Nederlands ontwikkel totdat teen 1750 die grammatikale struktuur van die omgangstaal van die koloniste soos dié van hedendaagse Afrikaans was.[29)] Dit het die taal van die Afrikanervolk geword en ook van die meeste Kleurlinge, wat uit die aanraking tussen Blankes, Hottentotte en slawe voortgekom het.

Teen 1795 was dit vir die ongeveer 14 000 Hottentotte in die Kaapkolonie prakties nie meer moontlik om 'n onafhanklike bestaan te voer nie. Tussen 1750 en 1780 het die koloniste met rasse skrede die gebied ten noorde van die Olifantsrivier en ten ooste van die Gamtoosrivier waar die Namakwas en Gonakwas onderskeidelik gewoon het, binnegetrek. Namate grond skaarser geword het vanweë die feit dat die Blankes se uitbreidingsproses teen 1780 tydelik gestuit is, is die Hottentotte al hoe meer uit hul woonplekke uitgedruk.[30)] Die Hottentotte wat nie oor die grense wou uitwyk nie, het geen heenkome vir hulle vee gehad nie en was feitlik verplig om by koloniste in diens te tree. Daar was Hottentotte wat diens by koloniste probeer vermy het deur 'n swerwersbestaan te voer. Die koloniste het egter by die owerheid daarop aangedring om hul rondswerwery aan bande te lê omdat dit volgens hulle tot veediefstalle aanleiding gegee het.[31)] Teen die einde van die agtiende eeu het daar veral aan die oosgrens 'n tekort aan Hottentotarbeiders ontstaan[32)] en dit was

28) Vgl. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 189. Vgl. ook Hoofstukke XI-XII.
29) J. du P. Scholtz: Die groei van Afrikaans (Die Burger, 8/9/1969). Vgl. ook die opmerkings van J.L.M. Franken in F. en J.M. Duminy: Die Duminy-Dagboeke, pp. 65-78.
30) D.G. van Reenen: Die Joernaal van ...., pp. 82-85; H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, II, pp. 393-394.
31) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van J.H. Conradie en 16 inwoners van Agter-Kogmanskloof, ongedateer, pp. 187-190.
32) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 248.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n verdere rede waarom die koloniste verlang het dat Hottentotte verplig moes word om by hulle in diens te tree en om die tyd waarvoor hulle hulle verbind het, uit te dien.

Teen die einde van die agtiende eeu het die Graaff-Reinetse en Swellendamse Kolleges van Landdros en Heemrade die Hottentotte se bewegingsvryheid deur middel van 'n passtelsel aan bande gelê.[33] Dit is ook gestrem deur die feit dat sommige koloniste Hottentotte verhinder het om weg te gaan nadat hul dienstydperk voltooi was. Hottentotte se vee, vrou of kinders is agtergehou, of Hottentotte is by hulle in die skuld gebring en langs dié weg is hulle verplig om by die koloniste in diens te bly. Daar is selfs aanduidings dat sekere koloniste verlang het dat die Hottentotte hulle op dieselfde voet as slawe moes dien.[34]

Die koloniste het in die algemeen arbitrêr teenoor Hottentotte opgetree. Wanneer 'n Hottentot byvoorbeeld sy plig versuim het of 'n kolonis skade aangedoen het, het laasgenoemde hom self gestraf. Dit was heelwaarskynlik onprakties om hom die groot afstand na die drosdy te stuur om dáár gestraf te word. Nóg belangriker was egter die feit dat die koloniste neergesien het op die Hottentotte wat deur hulle as heidene en afstammelinge van Gam beskou is en daarom diensbaar was aan die Christene (of Blankes), wat ook die reg gehad het om hulle te tugtig.[35] Omdat die koloniste sake vanuit hierdie oogpunt beskou het, het hulle hulle verset teen die gedagte dat die Hottentotte net soveel as Blankes op beskerming deur die wet geregtig was. Volgens 'n tydgenoot, J.F. Kirsten, het die Graaff-Reinetters en Swellendammers wat in 1795 in opstand gekom het, vir die koloniste die reg toegeëien om self oor die Hottentotte in hul diens reg te spreek.[36]

33) SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 4/12/1797; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 2/1/1798, p. 174.

34) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal of a Tour by Collins, 28/7/1809), p. 111; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 96-97; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 120-121; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Callender — F. Dundas, 24/2/1799, pp. 379-380; G.R. 13/1 Letters from Private Individuals: Melck — Bresler, 20/4/1798; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 71-73; C.J. 2492 Inkomende Briewe: Bletterman — De Wet, 7/9/1795; W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlande van Zuid-Afrika, p. 9.

35) Vgl. G.M. Theal: Bel. Hist. Dok. III (Janssens — De Mist, 12/5/1803), p. 219; P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp. 256-257.

36) C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (Memorandum deur Kirsten), p. 60; Vgl. ook V.C. 68 Brieven en Bijlagen van Sluysken: Te Samenstemming, 29/1/1795, p. 185; B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade — Goewerneur, 6/2/1797, p. 501; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die historikus J.S. Marais het na 'n studie van laat-agtiende eeuse dokumente bevind dat "harsh and unjust treatment of Hottentots was fairly widespread in Graaff-Reinet."[37] Landdros Faure van Swellendam het gerapporteer dat Hottentotte voortdurend by hom gekla het dat hul lone nie betaal is nie en dat hulle verhinder is om weg te gaan nadat hul dienstydperk verstryk het. Reisigers soos Collins en Lichtenstein het die behandeling van Hottentotte in die oostelike deel van die kolonie skerp gekritiseer.[38]

Die Kompanjiesbeleid was dat die Hottentotte 'n vrye volk was. Dit het nie beteken dat die Hottentotte in geen opsig aan die kolonie se reg onderworpe was nie. Terwyl Hottentotte vir misdade wat hulle onder mekaar begaan het nie voor 'n koloniale hof gedaag is nie, is wat gemengde sake betref, dit wil sê waarby ook Blankes of slawe betrokke was, Hottentotte onder die jurisdiksie van die koloniale howe gebring.[39] Die Hottentotte se status as 'n vrye volk het daarop neergekom dat Hottentotte se persoon en besittings soos in die geval van ander vry mense deur die kolonie se reg beskerm was. Theal verklaar dat "the Courts of Law were open for their protection."[40] Teen die einde van die Kompanjiestyd het landdroste van die regering instruksies ontvang om Hottentotte te beskerm teen, wat Maynier genoem het, die onderdrukking en geweld wat hulle van die meeste koloniste moes verduur.[41] Daar was ook opdragte dat die grondregte van Hottentotte by die uitgee van nuwe plase geeerbiedig moes word. Die uitgestrekte distrikte en die ondoeltreffende bestuurstelsel het egter die uitvoering van hierdie instruksies bemoeilik. Wat betref die posisie van die Hottentotte in die buitedistrikte, kan akkoord gegaan word met J.P. van der Merwe se bevinding dat die regsgesag ondoeltreffend was om 'n behoorlike regstoestand te handhaaf.[42]

---

37) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 74. Vgl. ook pp. 70-77 en die dokumente hierin aangehaal.
38) SWM 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 4/12/1797; H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, I, p. 624; G.M. Theal: Records of the C.C., VIII (Journal of a Tour by Collins, 28/7/1809), p. 111.
39) P.J. van der Merwe: Die Inboorlingbeleid van die Kompanjie (Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, II, p. 360).
40) Aangehaal deur J.S. Marais: The Cape Coloured People, p. 111.
41) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, April 1802, pp. 11-12. Vgl. die bespreking van die regtelike posisie van die Hottentotte in J.S. Marais: The Cape Coloured People, p. 111.
42) J.P. van der Merwe: Die Kaap onder Britse en Bataafse Bestuur (Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, I, p. 195). Vgl. ook M.L. Hodgson: The Hottentotts in S.A. (S.A. Journal of Science, XXI, November, 1924, p. 597).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Hottentotte het op verskillende maniere op die behandeling deur die koloniste gereageer. Sommige het geswig en Blanke heerskappy gelate aanvaar. Ander het vryheid verkies en uit die gebiede wat deur koloniste beset is, weggetrek. Teen die einde van die agtiende eeu was daar volgens Schapera "a general movement of the Hottentot peoples away from European settlements."[43)]

Gedurende hierdie tydperk het groepe Hottentotte, en veral Basters wat die produk was van vermenging tussen Blankes en Hottentotte uit Klein-Namakwaland in 'n noordwestelike rigting getrek en hulle mettertyd langs die Laer Oranjerivier gevestig.[44)] Daar was terselfdertyd ook 'n trek van Namakwas uit Klein-Namakwaland na Groot-Namakwaland in die huidige Suidwes-Afrika. Verskeie van hierdie Namakwas was met Blankes vermeng en hulle het later die naam "Oorlams" gekry. Volgens dr. Heinrich Vedder was die vrybuiter Jager Afrikaner afkomstig uit 'n Oorlamstam. Hy het teen die einde van die agtiende eeu 'n skrikbewind onder Blankes en Nie-Blankes in die omgewing van die Oranjerivier en in die noordelike dele van die kolonie gevoer.[45)] In die oostelike deel van die kolonie het die Gonakwas wat nie by Blankes in diens wou tree nie, hulle oorkant die Visrivier onder die Xhosas gevestig, terwyl ander hulle in die Suurveld by die Gqunukhwebes gevoeg het. Waar die Gqunukhwebes 'n Xhosastam was wat in 'n belangrike mate met die Hottentotte vermeng was, was die Gonakwas 'n Hottentotstam wat na méér as 'n eeu van kontak en assimilasie grootliks met die Xhosas vermeng was.[46)]

Daar was ook Hottentotte wat teen die Blanke indringing en heerskappy in verset gekom het. Volgens Klaas Stuurman, die Hottentotleier aan die oosgrens, het hul griewe daaruit bestaan

---

43) I. Schapera: The Khoisan Peoples of South Africa, p. 49.
44) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, II, pp. 392-394; P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, pp. 117-119; G. Stow: The Native Races of S.A., pp. 316-365.
45) H. Vedder: The Nama (C.H.L. Hahn e.a.: The Native Tribes of South West Africa, pp. 116-118). Vgl. ook F. en J.M. Duminy: Die Duminy-Dagboeke, pp. 213-234.
46) Vgl. hieroor G. Harinck: Interaction between Xhosa and Khoi (L. Thompson: African Societies in Southern Africa, pp. 145-169); M. Wilson: The Nguni people (M. Wilson en L. Thompson: The Oxford History of South Africa, I, pp. 102-103); L.F. Maingard: The Lost Tribes of the Cape (S.A. Journal of Science, XXVIII, November 1931, pp. 499-500); J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 123-124; 182-183; F. le Vaillant: Reize in de Binnelanden van Afrika ..., II, pp. 2-3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat die koloniste hulle van hul land ("country") beroof, hul kinders verslaaf en hulle wreed behandel het.[47] Aan die oosgrens het Hottentotte van die begin van die jare negentig van die agtiende eeu met gesteelde wapens uit die diens van koloniste na die Xhosas gedros en aan die spits van veediefstalle gestaan. Gerugte wat in 1793 en 1795 die rondte gedoen het dat die Hottentotte besig was om 'n opstand teen die koloniste te beplan, het groot paniek in die distrikte Graaff-Reinet en Swellendam veroorsaak.[48]

Die vrees van die koloniste vir 'n Hottentot-opstand kom enigsins vreemd voor gesien in die lig van die voorstelling wat in reisbeskrywings en sommige historiese werke gegee word dat die Hottentotte teen die einde van die agtiende eeu lui en willose skepsels was wat aan drank en dagga verslaaf en deur siektes uitgeteer was.[49] Daar was ongetwyfeld Hottentotte wat aan hierdie beskrywing beantwoord het, maar aan die ander kant was daar ook Hottentotte wat fisies weerbaar was, uitstekende perderuiters was en 'n geweer goed kon hanteer. Volgens W.S. van Ryneveld was daar in die land geen beter soldate as die Hottentotte nie en is hulle op boerekommando's altyd op die gevaarlikste plekke gebruik.[50]

Dit wil voorkom of die Hottentot"nasie" teen die einde van die agtiende eeu in 'n oorgangsproses was. As gevolg van die interaksie met ander rasse het hulle tradisionele gewoontes, taal en stamverband begin verdwyn en in die plek daarvan het 'n ander kultuur gekom. Uit hul vermenging met veral slawe en Blankes het 'n groep ontstaan wat nie so geredelik soos die ou "rasegte" Hottentotte, wat besig was om uit te sterf, voor Blanke heerskappy wou buig nie.[51]

---

47) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 394.

48) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 22, 55, 62-63; G.M. Theal: History of Africa south of the Zambesi from 1505-1795, III, p. 291. SWM . 12/91 Inkomende Briewe van Nasionale Landdros: Brief van C. Lotter, 18/9/1795; G.R. 9/68 Military Papers: Heemrade en Krygsrade van Graaff-Reinet — Sluysken, 27/8/1795.

49) Vgl. J. Voigt: Fifty Years of the History of the Republic of S.A., I, pp. 108-109; C.P. Thunberg: Travels in Europe, Africa and Asia, I, p. 304, II, pp. 59, 193; Gleanings in Africa, p. 225; J. Barrow: Travels in the Interior of Southern Africa, I, p. 94; F. le Vaillant: Reize in die Binnenlanden van Afrika ..., I, pp. 240-243.

50) (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Nederburgh, 26/6/1803, no. 536. Vgl. ook Maynier se mening in C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie deur Maynier, April 1802, p. 11.

51) Notes on the Cape of Good Hope, p. 9. S. Marks wys op die moontlikheid dat daar Hottentot-bittereinders was onder die Boesmans wat teen die einde van die agtiende eeu teen die Blankes weerstand gebied het in "African and Afrikaner History" (Journal of African History, XI, 1970, pp. 443-445).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die nuwe geslag wat uit die vermenging van slawe met Hottentotte ontstaan het, het beslis van die ou geslag van Hottentotte verskil. Die slawe was meer gewoond aan harde werk as die Hottentotte, hulle het ook dikwels 'n hoër lewensstandaard gehad, en dit is moontlik dat, soos Marais dit stel, hul gees nog nie so geknak was soos die "mak" Hottentotte nie.[52] "Baas" Theunissen, die poshouer van Soetmelksvlei, het opgemerk: "De opregte Hottentotten laat hun nog regeeren, dog die door slaven zijn verbasterd, voeren 't hoogste woord en laat hun ook niets gezeggen, nog minder dat zij sig aan eenig order zoude steuren.[53]

Ten die einde van die agtiende eeu het die posisie van die sogenaamde "Basters" wat voortgespruit het uit 'n verbintenis tussen 'n Hottentot of slaaf aan die een kant en 'n Blanke aan die ander kant al moeiliker geword. Die rede hiervoor was dat die Blankes al hoe meer kleurbewus geword, op Nie-Blankes neergesien het en bloedvermenging met "heidene" (Nie-Blankes) as onwenslik beskou het. Le Vaillant vertel van 'n "baster"-meisie,[54] met 'n Blanke vader en 'n Hottentotmoeder, wat aan hom gesê het: "Gy moet weeten welk een diepe verachting uwe blanke voor die zwarten hebben en zelfs voor die van vermengd bloed, gelijk ik ben. My onder hen neder te zetten was mij aan dagelijkse beledigingen en smaadheden bloot te stellen."[55] En in 1803 toe J.A. Vermaak, 'n vooraanstaande Kaapse burger as lid van die Raad van Gemeente aangestel is, het sekere burgers teenoor De Mist opgemerk dat "het tog nu hart was, voor een Ingezeetene om het geslagt der Heidenen te hebben tot hunne Burgervaders, want dat de zwarte Vermaak tot raad der gemeente was aangesteld, wiens Moeder nog slavin was geweest."[56]

Hierdie persone van gedeeltelik Nie-Blanke, en veral Hottentotafkoms, het steeds meer probleme ondervind om volwaardig in die Blanke gemeenskap opgeneem te word, alhoewel hulle sekere

---

52) J.S. Marais: The Cape Coloured People, pp. 176-177; F. le Vaillant: Reize in de Binnenlanden van Afrika, II, pp. 121-122.

53) B.O. 31 Letters from Overseers of the Bays: Theunissen -- Craig, 18/3/1796, p. 82.

54) Barrow gebruik die woord baster net om persone wat uit die vermenging van Hottentotte en Blankes voortgespruit het, aan te dui (Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 97). W. Burchell definieer Basters as "Hottentots who are not of the genuine race, or who are sprung from parents, of whom one is not a pure Hottentot, whether the descendants of the colonist or of any neighbouring tribe." (Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 112).

55) F. le Vaillant: Reize in de Binnenlanden van Afrika, III, p. 325.

56) (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Nederburgh, 26/6/1803, no. 536.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

burgerpligte nagekom het deur in kommando's te dien en belastings te betaal. Sommige van hulle het die kolonie verlaat en elders 'n bestaan gaan maak. Ander het agtergebly en 'n tussengroep gevorm wat fisies en geestelik veel meer ontwikkeld as die Hottentotte was. Hulle het onder mekaar getrou, wat Barrow laat opmerk het dat "this mixed breed in a short time will supplant that [Hottentotte] from which they are descended in the female line."[57)]

Numeries gesproke was die slawe die belangrikste element van die Kaapse bevolking teen die einde van die agtiende eeu. Volgens die opgaaf van 1798 was daar 25 754 slawe.[58)]

Die slawe het 'n belangrike rol in die ekonomiese en maatskaplike lewe van die Kaap gespeel. In 1796 het die Raad van Justisie verklaar dat hulle die koloniste se grootste ekonomiese bate is.[59)] In Kaapstad was die ambagte feitlik geheel en al in hulle hande. Baie koloniste het geleef van die verdienste van slawe-ambagsmanne wat deur hulle uitgehuur is. Slawe het ook met gebak en ander provisie gesmous, in groentetuine gewerk en huishoudelike take verrig. In die binneland was dit by uitstek hulle wat die arbeid in die wingerde en op koringlande verrig het. Op feestelikhede van Blankes het hulle dikwels die musiek en vermaak verskaf.[60)]

Die instelling van slawerny het 'n belangrike rol in die karaktervorming en lewensuitkyk van die Blankes gespeel. Dit het by hulle 'n afsku in hande-arbeid in die hand gewerk. Die reisiger De Jong het opgemerk: "Weinige blanken sullen een hand aan den landbou slaan; of den arm in het pakhuis gebruiken; 't is slavenwerk! waar zijn de slaven voor? is het andere woord."[61)] Die groot getal swart slawe aan die Kaap het ook by Blankes die idee laat ontstaan dat, soos Theal dit gestel het: "slavery was the proper condition of the black race."[62)]

Die slawebevolking aan die Kaap het ook 'n invloed op die Hottentotte se posisie in die samelewing uitgeoefen. Die Hotten-

---

57) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 97. Vgl. ook F. le Vaillaint: Reize in de Binnenlanden van Afrika, II, pp. 120-121; I.D. MacCrone: Race Attitudes in S.A., pp. 120-121.
58) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 83.
59) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Raad van Justisie — Craig, 14/1/1796), p. 305.
60) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p. 148; V. de Kock: Those in Bondage, pp. 53-70.
61) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p. 134.
62) Aangehaal deur I.D. MacCrone: Race Attitudes in S.A. p. 79.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

totte was trots daarop dat hulle "een vrygeboren natie" was en het hulself as 'n groep verhewe bo die slawe beskou.[63] Die grootskaalse vermenging tussen slawe en Hottentotte[64] het egter die skeidslyn laat vervaag. Die koloniste en die regering het dié groepe oor dieselfde kam begin skeer, wat meegebring het dat die Hottentotte van hul vryheid en regte verloor het. Teen die einde van die agtiende eeu het die Hottentotte in die oostelike distrikte net soos die slawe onder 'n passtelsel te staan gekom. Daar is ook aanduidings dat die inboekstelsel, wat aanvanklik slegs op kinders van Hottentotvroue by slawemans van toepassing was teen die einde van dié eeu ook op Hottentotkinders wie se vader nie 'n slaaf was nie, van toepassing gemaak is.[65]

Dit is moontlik dat al hierdie beperkings vir Hottentotte opgelê kon gewees het sonder dat daar ooit aan die Kaap slawerny was. Dit is egter waarskynlik dat die bestaan van 'n onvrye groep - die slawe - wie se bewegings grootliks gereguleer was, as voorbeeld gedien het om dieselfde beperkings te lê op die Hottentotte wat in elk geval grootliks met die slawe vermeng was.

Tussen die Boesmans en die Hottentotte het 'n uiters komplekse verhouding bestaan. Die Britse bevelvoerder Craig het dit betwyfel of die Hottentotte en Boesmans verskillende rasse was.[66] In die afgelope eeu het antropoloë gewys op die groot ooreenkomste in die taal, tegnieke en kultuur van sekere Boesmans en Hottentotte, alhoewel daar ook sekere verskille bestaan het.[67]

Die Boesmans, 'n jagtersras, was in die loop van die agtiende eeu dikwels in botsing met die Hottentotte, Bantoes en Blankes, wat almal veebesitters was. Teen die jaar 1770 het die Blankes die grense van die eintlike Boesmanland in die sentrale hoogland van die kolonie bereik.[68] Die Boesmans het nou met 'n heftige afweerpoging begin. Gedurende die laaste paar dekades van die

---

63) Vgl. pp. 302-303. Vgl. ook F. le Vaillaint: Reize in de Binnenlanden van Afrika, II, pp. 119-120; H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, I, p. 190.
64) V. de Kock: Those in Bondage, pp. 114-115.
65) Die inboekstelsel wat in 1775 ontstaan het, het bepaal dat kinders van Hottentotvrouens by slawemans verplig was om die persoon wat hulle ingeboek het tot hul 25ste jaar te dien. Vgl. P.J. Venter: Die Inboekstelsel (Die Huisgenoot, 1/6/1934, pp. 25, 59); Periodical Accounts, II, p. 180; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 14/6/1796, p. 76.
66) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Memorandum deur Craig, ongedateer, no. 386.
67) M. Wilson: Hunters and Herders (M. Wilson and L. Thompson: Oxford History of South Africa, I, pp. 41-47).
68) P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842, pp. 139-141; P.J. van der Merwe: Die Inboorlingbeleid van die Kompanjie (Van der Walt, Wiid en Gayer: Geskiedenis van S.A., II, p. 376).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

agtiende eeu het hulle in die noordelike deel van die kolonie groot getalle vee buitgemaak en baie veewagters doodgemaak.[69] Gedurende hierdie tyd het daar van die kant van die koloniste kommando's uitgegaan met die doel om die Boesmans "te doen attacqueeren en langs dien weg uit te roeijen."[70] Talle Boesmans is gedood, maar nogtans het groot gebiede in die noordelike deel van die kolonie vir die koloniste onveilig gebly. Teen 1795 was die hele wyk Tarka, 'n groot deel van Seekoeirivier en Renosterberg en ook 'n deel van Sneeuberg ontruim. Sneeuberg was volgens Barrow in 'n staat van "perputual warfare."[71] Maynier, die landdros van Graaff-Reinet, het in die laaste jaar of twee van die Kompanjiesbewind nog steeds kommando's teen Boesmans laat uitgaan. Hy het die Boesmanbedreiging inderdaad voorgehou as die rede waarom daar nie nóg 'n oorlog langs 'n tweede front, te wete teen die Bantoe aan die oosgrens, gevoer kon word nie.[72]

Die Xhosas was aan die voorpunt van die Kaap Nguni of suidoostelike Bantoestamme. As gevolg van 'n proses van splitsing en segmentasie het die oorspronklike Xhosastam in die loop van die agtiende eeu in ag of nege verskillende kapteinskappe verdeel. Daar was teen die einde van die agtiende eeu twee Xhosa-opperkapteins, te wete Kawuta en Ndlambe, aan wie die ander kapteins hulde en eer bewys het.[73]

Gedurende die sewentiger en tagtiger jare van die agtiende eeu, net toe die koloniste die Gamtoosrivier oorgesteek en na die Visrivier beweeg het, het verskeie Xhosastamme die Visrivier oorgesteek. Aan die voorpunt was die Gqunukhwebes onder Sakka, later gevolg deur die Amambalu onder Langa en sy twee seuns Umlao en Tholie, die Amagwali onder Tsatsu, die Imidanga en die Amantinde. In 'n poging om 'n moontlike botsing tussen Xhosas en koloniste te vermy en skeiding tussen hulle te bewerkstellig, het goewerneur Van Plettenberg in 1779 met 'n paar Xhosakapteins ooreengekom dat die Visrivier en die Boesmansrivierberge sou geld as 'n grens

---

69) J.S. Marais: The Cape Coloured People, pp. 17-19.
70) Aangehaal deur P.J. van der Merwe: Die Inboorlingbeleid van die Kompanjie (Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van S.A., II, p. 370).
71) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 77. Vgl. ook J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 189; P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842, p. 66.
72) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 64-65; P.J. van der Merwe: Die Kafferoorlog van 1793, pp. 19, 25.
73) W.D. Hammond-Tooke: Segmentation and Fission in Cape Nguni Political Units (Africa, XXXV, 1965, pp. 149-166); M. Wilson: The Nguni People (M. Wilson and L. Thompson: Oxford History of South Africa, I, pp. 118-119).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tussen Blank en Swart wat nie deur een van dié twee groepe oorgesteek mag word nie.[74)]

Die grensreëling het egter misluk veral omdat sekere Xhosas dit nie erken of eerbiedig het nie. Daar het sekere misvattinge by die regering oor die politieke struktuur van die Xhosas bestaan. Die regering het geglo dat die Xhosas deur middel van onderhandelinge oorreed sou kan word om oor die Visrivier terug te trek. Daar is dus na 'n opperhoof gesoek met wie 'n ooreenkoms gesluit kon word wat op al die Xhosas aan die oosgrens bindend sou wees. Die werklike posisie was egter dat elke kaptein as 'n byna onafhanklike regeerder was en net hý kon vir die gedrag van sy eie mense verantwoordelik gehou word. Van Plettenberg het in 1778 deur middel van onderhandelings met 'n aantal kapteins die teenwoordigheid van al die Xhosas wes van die Visrivier probeer beëindig. Cory het na aanleiding hiervan opgemerk: "an agreement .... made with a few petty chiefs could not be binding on all the others."[75)]

Verre daarvan om die grensreëling te erken, het Sakka van die Gqunukhwebes en sy seun, Cungwa, op die Suurveld aanspraak gemaak op grond van 'n beweerde transaksie met Ruiter, 'n Gonakwakaptein. Collins het bevind dat hierdie transaksie 'n versinsel was,[76)] maar dit wil in elk geval voorkom of die Gqunukhwebes die Suurveld - waarmee bedoel word die gebied tussen die Boesmans- en Visriviere[77)] - voor die koloniste beset het. Collins skryf dat Sakka die Visrivier op dieselfde oomblik oorgesteek het as wat die koloniste oor die Gamtoosrivier getrek het.[78)] J.S. Marais het vasgestel dat daar in die periode 1778 tot 1782 uit 'n totaal van 500 slegs 3 plase anderkant die Boesmansrivier uitgegee is,[79)] en hy kom tot die gevolgtrekking dat "The so-called Zuurveld, the land between the Lower Fish and

---

74) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal of a Tour by Collins, 28/7/1809), pp. 38-41; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 464-467.
75) G. Cory: The Rise of South Africa, I, p. 35.
76) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Supplement to the Relation of a Journey by Collins, 28/7/1809), p. 41; P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp. 302, 309.
77) Daar is ook in 'n breër sin van die Suurveld as die gebied tussen die Vis- en die Sondagsrivier gepraat. Vgl. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 80.
78) G.M. Theal: Records of the C.C., VI (Supplement to the Relation of a Journey, 28/7/1809), pp. 40-41.
79) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bushman Rivers was definitely Xhosa country, though a number of Boers had driven their flocks and herds into it."[80)]

In die daaropvolgende tagtigerjare het die koloniste die Suurveld vinnig beset, en Xhosakrale en plase het nou in die gebied verspreid tussen mekaar gelê. Sakka en Cungwa het egter met hul aanspraak op dié gebied volhard en in onderhandelings hul vasbeslotenheid te kenne gegee om nie daarvan afstand te doen nie. Die ander kapteins in die Suurveld het nie op dié gebied aanspraak gemaak nie en sommige het hul bereidwilligheid te kenne gegee om dit te ontruim. Hulle het egter in die laaste jaar van die agtiende eeu verskeie verskonings aangevoer waarom hulle dit nie dadelik kon doen nie.[81)]

Daar was nie uit die staanspoor vyandskap tussen die koloniste en die Xhosas nie. Namate die Suurveld egter digter bevolk en weiveld skaarser geraak het, het die koloniste gegrief begin voel omdat veld waarvoor hulle rekognisiegeld betaal het deur die Xhosas se vee afgevreet is. Veeruiltransaksies het ook wrywing veroorsaak, terwyl sporadiese veediefstalle wat sedert die begin van die jare negentig deur rondloper-Xhosas gepleeg is, die verhouding verder laat verswak het. In Mei 1793 het 'n aantal koloniste van die oosgrens 'n mislukte poging aangewend om die Xhosas te verdryf. Vir die koloniste was die gevolge rampspoedig: in 'n teenaanval het die Xhosas 'n groot getal vee buitgemaak en verskeie plaashuise afgebrand. Groot dele van die gebied tussen die Groot-Visrivier en Swartkopsrivier is deur die koloniste ontruim. In die tweede helfte van 1793 het kommando's uit Swellendam en Graaff-Reinet teen die Xhosas uitgetrek, maar ná 'n reeks onbesliste skermutselings is vrede gesluit, alhoewel die Xhosas nie oor die Visrivier verdryf is nie én al die gesteelde vee in hul besit nie teruggeneem is nie. Maynier, Faure en sekere burgers het 'n gesamentlike rapport aan die regering opgestel waarin hul optrede in die bogenoemde Kafferoorlog van 1793 geregverdig is.

Teen 1794 het die Xhosas nie met die Suurveld beset en verder weswaarts beweeg nie, maar ook vir die eerste keer die

---

80) J.S. Marais: The Imposition and Nature of European Control (I. Schapera, (ed.): The Bantu Speaking Tribes of S.A., p. 333). Vgl. ook die opwerking van Adriaan van Jaarsveld dat die Suurveld die Xhosas se land was aangehaal in P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, p. 317.

81) P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp. 301-303, 309-310; P.J. van der Merwe: Die Kafferoorlog van 1793, pp. 3-6, 9-12; W.J. Burchell: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 85; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 5-7, 22. Vgl. ook pp. 315-317.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gebied Agter-Bruintjieshoogte, ten weste van die Bowe-Visrivier, binnegedring. Die koloniste van die wyke naaste aan die Suurveld het begin vlug, terwyl baie Suurveldboere dit te onveilig geag het om na hul plase terug te keer en in armoede rondgeswerf het.

Die koloniste van die suidoostelike wyke het Maynier verantwoordelik gehou vir die onbevredigende afloop van die oorlog en het daarop aangedring dat 'n tweede kommando teen die Xhosas uitgestuur word. Maynier was egter vasbeslote om deur middel van onderhandelings die vrede te bewaar.[82)]

Teen 1795 het die verskillende burgergroepe in die kolonie voor ernstige probleme te staan gekom - vraagstukke wat in der waarheid 'n krisissituasie op meer as een terrein geskep het. Aangesien hulle geen effektiewe politieke mag besit het nie, moes hulle gelate toesien hoe die Kompanjie 'n beleid volg wat nie die belange van die koloniste doeltreffend bevorder het nie. Met die oogmerk om sover moontlik kompetisie te verhoed, en alle winsgewende bedrywighede in sy eie hande te konsentreer, het die Kompanjie byvoorbeeld hul deelname aan die buitelandse handel en die ontwikkeling van plaaslike industrieë feitlik heeltemal aan bande gelê.[83)]

Die Kompanjie se beleid het daartoe gelei dat daar buite Kaapstad weinig ander bestaansmoontlikhede as die landbou en veeteelt was, terwyl die Kapenaars self hoofsaaklik op die aanhou van losieshuise en sekere vorms van handeldryf aangewese was. Ten opsigte van die landbou en veeteelt het die Kompanjie se monopolistiese beleid meegebring dat die boere hul produkte teen uiters lae pryse aan die owerheid moes lewer. Vir bemarking van hul oorskotproduksie was hul aangewese op vreemde besoekers. Toe dié besoekers gedurende die laaste jaar of drie van die Kompanjiesbewind die Kaap begin vermy het vanweë hoë pryse, maar ook ten gevolge van die oorlog wat in 1793 in Europa uitgebreek het, is die Kaap in 'n ekonomiese krisis gedompel. Geen afset vir die oorskotkoring en graan kon gevind word nie, en benodigdhede soos kledingsware, ysterware en koperware, landbou-implemente, koffie en tee het nie meer die kolonie bereik nie.[84)] Die krisis

---

82) P.J. van der Merwe: Die Kafferoorlog van 1793, pp. 7-74; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 39-63; G.R. 9/68 Military Papers: Brief aan Sluysken, 27/8/1795.

83) Vir 'n bespreking van die Kompanjie se ekonomiese beleid vgl. H.B. Thom: Die beleid van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, II, pp. 136-150).

84) C. 698 Brieven van Sluysken: Brief van 12/4/1795, pp. 252-273.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is vererger deurdat die Kompanjie wat op die rand van ineenstorting gestaan het, terselfdertyd sy uitgawes skerp besnoei het.

Simptomaties van die ongesonde ekonomie was die ernstige krisis in die finansiewese. Gedurende die laaste twee jaar van die Kompanjiesbewind het die waarde van die papierriksdaalder skerp gedaal, terwyl klinkende munt feitlik heeltemal uit sirkulasie verdwyn het. Die gevolg van die gebrek aan vertroue in papiergeld het daartoe gelei dat pryse die hoogte ingeskiet het, wat weer 'n ernstige geldgebrek meegebring het. Die Lombard Bank wat in 1793 tot stand gekom het met die doel om hierdie geldgebrek die hoof te bied en papierriksdaalders teen 5% rente teen verbande op grond, geboue en ander sekuriteit uitgeleen het, het in September 1795 reeds 677 366 .44 Rds. aan koloniste uitgeleen. Langs hierdie weg het dit in besit van 'n derde van die koloniste se besittings gekom. Intussen het Nederburgh en Frykenius, in 'n poging om die regeringstekorte die hoof te bied, hoër, of nuwe belastings soos byvoorbeeld 'n vendubelasting, gehef het en die invordering van bestaande belastings, soos rekognisiegeld en die tiendes op produkte, verskerp het. Die kolonis J.F. Kirsten het die mening uitgespreek dat die Kompanjie uiteindelik deur middel van drukkende belastings aan die een kant en lenings deur die Lombard Bank aan die ander kant in besit van die meeste koloniste se eiendom sou kom. Volgens hom was die koloniste se ontevredenheid hieroor só groot dat 'n burgeroorlog gedreig het.[85)]

Al die verskillende groepe koloniste was op ekonomiese gebied geknel. Die Kapenaars is veral deur die dalende waarde van papiergeld en deur die afname in die getal vreemde besoekers geknel. Op landbougebied het 'n ernstige oorskotvraagstuk die boere in die gesig gestaar. Tussen 1772 en 1793 het die vryburgerbevolking met byna twee-derdes vermeerder, terwyl die arbeidsmag byna verdubbel het. Dit het gepaard gegaan met 'n skerp vermeerdering van die graan-, wyn- en vleisproduksie. Die Kompanjiesbeleid en die oorlog het egter verhinder dat die nodige markte gevind kon word, met die gevolg dat die balans tussen produksie en verbruik heeltemal versteur geraak het en baie wyn- en graanboere op die rand van ondergang gestaan het. Die veeboere se posisie was enigsins beter omdat hulle nie so 'n groot kapitaaluitleg gehad het nie. Hulle was egter weer geknel

85) C. F. J. Muller: Johannes Frederik Kirsten (Memorandum deur Kirsten, ongedateer), pp. 58, 63.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur 'n gebrek aan grond nadat uitbreiding teen ongeveer 1780 tydelik gestuit is. Aan die grense is in hul stryd teen die inboorlinge swaar veeverliese gely. Hulle was ook gegrief oor die feit dat hulle, ten spyte van 'n gebrek aan beskerming deur die Kompanjie rekognisiegeld op hul plase moes betaal.[86)]

Op politieke gebied was die burgers ontevrede, nie net omdat hulle nie by magte was om hul posisie langs politieke kanale te verbeter nie, maar ook omdat hulle in verset was teen 'n regering deur amptenare vir wie hulle nie vertrou het nie. 'n Kapenaar het opgemerk dat die burgers só 'n sterk vooroordeel teen die amptenare gehad het dat daar nie veel sprake was van die noodsaaklike vertroue tussen burgers en die regering nie.[87)]

Op sosiale gebied het die burgers gekrenk gevoel deur die hovaardige wyse waarop die hoë amptenare, met hul titels en range en beter opvoeding op hulle neergesien het. Hul kinders kon ook nie altyd 'n goeie opvoedingspeil bereik nie aangesien die jeug op die platteland van goeie onderwys verstoke was.[88)]

Vanaf ongeveer 1778 tot 1786 het die sogenaamde Kaapse Patriotte 'n poging aangewend om die burgers se posisie op ekonomiese, politieke en sosiale gebiede te verbeter en om die korrupsie van amptenare en hul ongewenste mededinging op ekonomiese gebied te beëindig. Hierdie beweging is in 'n belangrike mate gestimuleer deur die Patriotbeweging in Nederland, wat weer uit die denkbeelde van die Verligting geput het.

In Nederland, soos in ander Europese lande het daar 'n nuwe burgerklas tot stand gekom wat ekonomies 'n belangrike rol gespeel het, maar teen die agtiende eeu nog sonder politieke bevoegdheid was. Hierdie klas het in die agtiende eeu die stryd aangeknoop

---

86) Vir 'n bespreking van die ekonomiese toestande teen die einde van die Kompanjiesbewind deur kontemporêre waarnemers vgl. J.A. de Mist: Die Memorandum, pp. 9-24; C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten (Memorandum deur Kirsten), pp. 52-65; C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, pp. 157-159; II, pp. 55-56. Vir 'n bespreking deur historici vgl. veral: A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 36, 166-173, 198-209; A.L. Geyer: Das wirtschaftliche System der N.O.I.K. am Kap der guten Hoffnung, 1785-1795; C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 135-160.

87) (R.A.) Rd. Az. Bez. 394: Concept Gouvernement voor de Kaap, door een in Holland verblywend Kapenaar, Februarie 1801. Vgl. ook die opmerking van Nederburgh en Frijkenius aangehaal in A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 36.

88) C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 36-43, 52-53.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen die bestaande orde in Nederland met die Stadhouer - die Prins van Oranje - en sy bondgenote, die aristokratiese stande, uit wie se geledere die sogenaamde regente gekom het wat feitlik orals onbeperkte wetgewende en bestuurlike mag besit het. Die regente het bevoorregting geniet en het die land meer met die oog op hul eie belange as op die algemene welsyn geregeer. Toe Nederland in die agtiende eeu ekonomies begin stagneer, en veral ná die Vierde Engelse Oorlog (1780-1784) wat die swakheid van Nederland blootgelê het, het die burgers al hoe meer die Stadhouer aangeval en op demokratiese hervorming in die staat aangedring. Die burgers (bourgeoisie), tesame met 'n deel van die aristokrasie, het hulself Patriotte genoem en hul oë vir hulp na Frankryk gewend, terwyl die Stadhouer en sy bondgenote weer na Engeland vir ondersteuning gekyk het. In 1787 het Engeland en Pruise, op versoek van die Prins van Oranje, tussenbeide getree en die Patriotte se pogings om die beginsels van demokrasie en volksoewereiniteit in die staatsbestel te verwesenlik, verydel. Die rewolusie het misluk, maar die verdeeldheid het voortbestaan.[89)]

In die Kaapkolonie, waar daar ook 'n kloof tussen amptenare en burgers bestaan het, het die burgers wat 'n regering "tot nut van het algemeen", verteenwoordiging van die burgers in die landsregering voorgestaan het, ook die naam "Patriotte" aangeneem. Hul teenstanders, dit wil sê die amptenare en hul vriende wat pro-Oranje en pro-Brits was, is met die skeldnaam "Mamelukke" aangedui.

Die Patriotte het weinig bereik: die burgers se verteenwoordiging op die Raad van Justisie is van drie tot ses vermeerder, maar hul vernaamste eise, te wete verteenwoordiging op die Politieke Raad en groter handelsvryheid, het misluk.[90)]

Een van die vernaamste redes waarom die Patriotbeweging sy stukrag verloor het, was dat die Kaap in die jare tagtig ekonomiese welvaart geniet het. Die voorspoed is egter vroeg in die jare negentig beëindig met die inkorting van regeringsbesteding en die afname in die getal van besoekende skepe. Onvergenoegdheid jeens die regering en die bestaande orde was nou eens so groot. Die hervormings wat Nederburgh en Frykenis

---

89) Die jongste publikasie oor die Nederlandse Patriotbeweging is C.H.E. de Wit: Die Strijd tussen Aristocratie en Democratie in Nederland, 1780-1848 waarin vroeëre werke krities bespreek word. Vir De Wet se bespreking van die periode 1780-1787 vgl. pp. 15-47.

90) C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 182-234.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deurgevoer het, het nie die wydverspreide ontevredenheid laat bedaar nie. Die kommissarisse het opgemerk dat die "geest van onvergenoegdheid al te diepe wortelen had geschoten" om die "rust der Colonie en het onontbeerlijk vertrouwen tusschen Regenten en Ingezeetenen" te herstel.[91)]

Die burgers se ontevredenheid met die Kompanjiesamptenare het weldra in 'n minagting vir die landsgesag oorgegaan. Nederburgh het gepraat van "eene geest van cabaale en insubordinatie aan alle gezag zonder onderscheid,"[92)] terwyl J.F. Kirsten opgemerk het: "Government had lost its respect ... Everybody would command here, and nobody would obey."[93)] Baie koloniste het dit sterk oorweeg om die Kompanjie se juk af te skud. Party wou die Kaap direk onder die State Generaal te laat staan, terwyl ander selfs 'n onafhanklike staat in gedagte gehad het.[94)]

In die loop van 1795 het die koloniste aan Graaff-Reinet en Swellendam tot opstand oorgegaan. Op 6 Februarie het 'n aantal burgers landdros Maynier gelas om Graaff-Reinet binne drie dae te verlaat. Die heemrade S. Naudé en H.M. van den Berg, wat die gesamentlike rapport ná die oorlog van 1793 teen die Xhosas onderteken het, en die krygsraadslid C. Coetzee, is van hul poste onthef. Ten einde die breuk tussen Graaff-Reinet en die regering te probeer heel, is 'n kommissie onder leiding van O.G. de Wet na die distrik gestuur om die burgers se griewe te ondersoek. Toe dit blyk dat De Wet ook nie tot die Xhosas se verdrywing uit die Suurveld sou toestem nie, het Marthinus Prinsloo en Carel Tregard aan die hoof van 200 man hom op 16 Junie 1795 gelas om die distrik te verlaat. Die burgers het besluit om geen Kompanjieswette meer te gehoorsaam of enige belasting aan die Kompanjie te betaal nie. Hulle het verkies om regstreeks onder die gesag van die State-Generaal van die Nederlandse Republiek te staan.[95)]

---

91) Aangehaal deur G.D. Scholtz: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, I, p. 297.
92) (R.A.) Archief Nederburgh: Aantekening oor verskillende burgers, 1801, no. 531.
93) C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (Memorandum deur Kirsten), pp. 54-55. Vgl. ook V.C. 138 Janssens Dokumente: Brief van Janssens, 6/12/1804, p. 52.
94) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Pringle—Brooke, 27/6/1795), pp. 85-86; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 16/6/1795, 3/7/1795, nos. 2, 11.
95) Vgl. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Sluysken: Verslag van O.G. de Wet, 20/8/1795, Klagtschrift, Notule van J.A. Truter van 16/6/1795, Maynier — Sluysken, Maart 1795, pp. 9-30, 62-80, 142-146, 163-189; G.R. 1/1 Notule van Landdros en Heemrade, 4 en 6/2/1795, pp. 295-299; V.C. 76 H.D. Campagne: Berigt nopens den Ruptures der Kaffers, pp. 262-274; C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 249-250.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die eerste plek was daar ontevredenheid oor Maynier se Hottentotbeleid. Maynier het koloniste wat hulle aan mishandeling van Hottentotte skuldig gemaak het tot verantwoording geroep. Die opstandiges het gekla oor die ongerief wat hulle as gevolg hiervan moes verduur, maar die indruk ontstaan dat hulle die meeste gegrief was oor die inmenging met die gesag wat hulle oor die Hottentotte uitgeoefen het.[96]

Ontevredenheid oor die verskerpte invordering van rekognisiegeld het ook 'n rol in die opstand gespeel. Gedurende die Kompanjiesbewind het baie veeboere 20 jaar en selfs langer met hul rekognisiegeld agterstallig geraak. In 1792 het Nederburgh en Frykenius egter 'n reëling met die slagters getref waarvolgens twee jaar se agterstallige rekognisiegeld jaarliks afgetrek sou word van die kredietbriewe wat boere van slagtersknegte ontvang het. Baie veeboere het in Kaapstad aangekom net om uit te vind dat hulle baie min of selfs niks krediet oorgehad het en gevolglik nie noodsaaklikhede kon bekostig nie. Juis in 'n tyd toe hulle in hul stryd teen die inboorlinge gevoelige veeverliese gely het, het hulle pynlik bewus geword van belastings wat hulle aan die regering verskuldig was. In 1795 het C.D. Gerotz, A. van Jaarsveld en 'n aantal vooraanstaande Graaff-Reinetters teenoor Craig opgemerk dat hulle dit as "onwettig" beskou om belastings te betaal op plase wat hulle op eie onkoste verdedig het.[97] Craig het die kwessie van rekognisiegeld beskou as die grootste oorsaak van die woelinge wat in 'n openlike opstand uitgeloop het.[98]

Die ontevredenheid oor die rekognisiegeld en Maynier se Hottentottebeleid was belangrike faktore, maar ongetwyfeld die vernaamste oorsaak van die opstand was die ontevredenheid van die koloniste in Graaff-Reinet se suidoostelike wyke oor die owerheidsbeleid teenoor die Xhosas. Hul grootste grief was die feit dat die Xhosas na die oorlog van 1793 in besit van die gesteelde vee gebly het en nie oor die Visrivier verdryf is nie. Adriaan van Jaarsveld, wat later 'n leier in die opstand was, het in Mei 1795 in dié verband geskryf: "In de eerste plaats

---

96) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Sluysken: Maynier — Sluysken, Maart 1795, p. 168. Vgl. ook hierin Brief van Van Jaarsveld en Burger, 7/5/1795, Te Samenstemming, 29/1/1795, pp. 115, 185-186. Vgl. verder B.R. 68 Bijlagen: Alberti — Janssens, 12/6/1805, pp. 280-281.

97) B.O. 47 Letters and Annexures: Gerotz e.a. — Craig, 29/10/1795, p. 3.

98) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 18/12/1795, no. 20. Vgl. ook C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (Memorandum, ongedateer), p. 59; A.J. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 200-202.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

zegt het volk dat het Commando op de Caffers niet na behooren is uitgevoerd geworden ... dit geeven zij aan voor de eerste rede, dat zij zig tegen landdrost en heemraden hebben gesteld."[99)]

Daar was ook ander aspekte van die Xhosabeleid wat daarvoor verantwoordelik was dat die ingesetenes van die suidoostelike wyke sedert die stigting van Graaff-Reinet beskou is as die opstandigste burgers van dié distrik.[100)] In die eerste plek het hulle 'n behoefte aan grond vir uitbreiding ondervind. Die natuurlike uitbreidingsgebied van die koloniste van die Suurveld en Bruintjieshoogte, wat oorwegend beeswêreld was, het anderkant die Visrivier, wat uitstekende beeswêreld was, gelê. Die owerheid het egter telkemale hul versoeke om hul vee oorkant die rivier te laat wei, van die hand gewys. Hulle het egter nie hierin berus nie. Dit wil beslis voorkom of die koloniste deur die opstand nie net die verwydering van die Xhosas nie, maar ook uitbreiding óór die Visrivier probeer bewerkstellig het. Daar kan nie vasgestel word of die stukrag van die opstand gekom het van boere sonder grond of met min grond, of van groot boere wat hul boerdery wou uitbrei nie. Barrow het egter opgemerk dat die opstand die werk was van die koloniste van Bruintjieshoogte en bygevoeg: "Yet none of the boors are in better circumstances than those of Bruyntjes Hoogte."[101)]

Die oosgrenskoloniste was ook algemeen ontevrede met die Kompanjie en die distriksowerheid se beleid ten opsigte van die verdediging van die distrik. Die regering sowel as die Graaff-Reinetse kollege van landdros en heemrade en die krygsraad het van die standpunt uitgegaan dat vrede met die Xhosas bewaar moes word omdat al die militêre kragte ingespan moes word om die koloniste langs die noordgrens in hul stryd teen die Boesmans te help. In antwoord op klagtes deur oosgrenskoloniste oor Xhosadiefstalle het die krygsraad in 1793 gesê: "dat men op diergelijke lichtveerdige klagten geene stappen quam te doen waardoor men

---

99) Vgl. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Skuysken: Brief van Van Jaarsveld en Burger, 7/5/1795, p. 114. Vgl. ook hierin Verslag van De Wet, 20/8/1795, Te Samenstemming, pp. 22-24, 183-184.

100) Vir getuienis oor die "opstandige" suidoostelike wyke in teenstelling met die "ordeliewende" noordelike wyke vgl. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 184, 189, 205, 206; II, p. 78; (P.R.O.) W.O. 1/339 Correspondence, In-Letters: Wagener — Van de Graaff, Oktober 1788, pp. 113-114; W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Getuienis van Bresler, 10/5/1802, pp. 442-443.

101) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 78. Vgl. ook D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., pp. 195, 241; P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, pp. 104-107; P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp. 164-168; V.C. 104 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 95, 99, 105.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

zich by die reeds onoverwinnelijke vijand de Bosjesmans hottentotten een tweede en almede zeer gevaarlijken natie op den hals zoude kunnen halen ..."[102] In 1794 het die heemrade en die lede van die krygsraad hul goedkeuring geheg aan 'n brief van Maynier aan H.J. van Rensburg waarin verklaar is dat dit nie raadsaam was om 'n kommando uit te stuur terwyl die Boesmangevaar groter as ooit tevore was nie.[103]

Die oosgrenskoloniste het in Februarie 1795 nie net teen Maynier in opstand gekom nie, maar ook teen die heemrade en die lede van die krygsraad wat Maynier gesteun het in sy Xhosabeleid en in die gewraakte besluit wat ná die oorlog van 1793 geneem is dat verlate plase verbeurd verklaar en die vee daarop gekonfiskeer sou word. Van Jaarsveld het opgemerk dat die "volk" hulle teen Maynier en die heemrade gekeer het. In die "Te Samenstemming" word verklaar dat "Maynier en zijn ontaarden cabalen raad hunnen gantsche toeleg is om onder een valschen schijn van weldoen den Colonie uit te mergen en de burgerij ten onder te helpen."[104] Die las het egter te swaar op hulle gedruk, daarom is Maynier "beneffens zijn ontaarden raat aangeseijt dat wij onder dwang van dit verderffelijke regeering ons niet langer buigen wil."[105] Daar was ontevredenheid met die lede van die krygsraad wat hulle "het zwaard hebben laten ontneemen." Hulle is gewaarsku dat indien hulle nie die swaard opneem nie, hulle nie meer erken sou word nie. Wat die "opneem van de swaard" beteken het, blyk uit die eis dat hulle die vee wat deur Xhosas gesteel is, moes terugkry. Die opstandiges het beklemtoon dat dit 'n bevel was en nie 'n versoek nie.[106]

Ná die Graaff-Reinetse opstand, wat in die eerste instansie 'n opstand deur oosgrenskoloniste was, het hierdie koloniste die beheer van die distrik oorgeneem. Hulle het dit gedoen deur middel van die "Representanten" wat vanaf 6 Julie 1795 saam met die heemrade en krygsoffisiere in die sogenaamde burgerkollege sitting geneem het en uit die staanspoor 'n leidende rol daarin gespeel het.[107] Van die 14 name van Representante wat in die notule vermeld word, was 10 uit die suidoostelike deel van die

---

102) Aangehaal deur P.J. van der Merwe: Die Kafferoorlog van 1793, pp. 13-14.
103) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 54-56; Vgl. ook P.J. van der Merwe: Die Kafferoorlog van 1793, pp. 25, 27, 34.
104) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Sluysken: Te Samenstemming, 29/1/1795, p. 186.
105) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Sluysken: Te Samenstemming, 29/1/1795, p. 186. Vgl. ook hierin Brief van Van Jaarsveld en Burger, 7/5/1795, p. 115.
106) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Sluysken: Te Samenstemming, 29/1/1795, p. 188.
107) Vgl. B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler Craig, 26/6/1796, p. 32; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 6/8/1795, 14-15/9/1795, pp. 22-31, 46-48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die distrik afkomstig, terwyl vier nie geplaas kan word nie. Die indruk ontstaan dat die Representante gekies is of hulself aangewys het om die suidoostelike wyke se belange in die distriksbestuur beter te verteenwoordig as wat voorheen die geval was.

Daar is weinig aanduidings van hóé die Representante aangewys is. In Augustus 1795 het die burgerkollege besluit dat niemand in 'n amp aangestel mag word sonder goedkeuring van die "volkstem" nie.[108] Daar is egter geen duidelikheid oor wát die begrip "volkstem" behels het nie. Aan die een kant was daar sprake van 'n algemene volkstem, 'n begrip wat waarskynlik beteken het die mening van die meerderheid van die burgers wat voor die drosdy vergader het. Aan die ander kant is daar ook van die volkstem van 'n wyk gepraat. Dit wil voorkom of leiers van die opstand soos Van Jaarsveld en Prinsloo, soms uitsprake gemaak het en bevele uitgereik het in naam van die volkstem sonder dat daar 'n vergadering oor die betrokke saak gehou is. Hulle het waarskynlik net die mening vertolk van die "volkstem" van Bruintjieshoogte en Suurveld.[109]

Alhoewel die Representante en die Bruintjieshoogte-Suurveld-"volkstem" in Graaff-Reinet beheer verkry het, het hulle nog steeds die hulp van die Sneeubergers nodig gehad vir enige planne wat hulle teen die Xhosas in die mou gevoer het. Dit was waarskynlik die rede waarom C.D. Gerotz, 'n Sneeuberger, as provisionele landdros en Jan Booysen, nog 'n Sneeuberger, as president van heemraadsaangeleenthede aangewys is. Adriaan van Jaarsveld wat aan die hoof van die krygsraad gestaan het, het die opstandiges se strategie soos volg verduidelik:[110] Die "volk" het begeer dat die Xhosas verslaan moes word. Die rede hoekom hulle dit nie ronduit wou sê nie, was omdat hulle bang was vir die gevolge wat uit ongematigde optrede mag spruit en daarom aandring dat dit op bevel van bo moes geskied. Die "volk" het ook hulp teen die Xhosas nodig gehad en het geweet dat die mense van Camdebos en Sneeuberg nie sonder 'n regeringsbevel aan hulle bystand sou verleen nie.[111]

---

108) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 27/8/1795, pp. 38-40.
109) G.R. 16/1 Letters Despatched: Gerotz -- Prinsloo, 2/10/1796, p. 301; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 27/8/1795, p. 40; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler -- Craig, 26/5/1796, p. 37.
110) Vir 'n bespreking van Van Jaarsveld se motiewe om aan die opstand deel te neem, vgl. J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 37-38.
111) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van A.J. Sluysken: Brief van Van Jaarsveld en Burger, 7/5/1795, p. 116.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook met die regering in Kaapstad wou hulle goeie betrekkinge behou omdat hulle veral ammunisie daarvandaan nodig gehad het. Die ammunisievoorsiening van Graaff-Reinetters is stopgesit nadat die regering die nuus van Maynier se verjaging verneem het. Gedurende die laaste week van Augustus 1795 het die Graaff-Reinetters 'n dringende versoek vir ammunisie na Sluysken gestuur en hulself bereid verklaar om hulle te onderwerp aan die reëlings wat hy mag tref nadat die Engelse aanval afgeslaan is.[112] Dit was duidelik dat die opstandiges, wat van die begin af slegs daarop uit was om beheer in hul eie distrik te verwerf, nou begin weifel het.[113]

Ontevredenheid oor die afloop van die 1793-oorlog het ook 'n belangrike rol gespeel in die opstand wat op 18 Junie 1795 in Swellendam uitgebreek het toe 'n sestigtal "Nasionale" burgers vir landdros Faure, heemraad L. de Jager en twee drosdy-amptenare van hul poste onthef het en heemraad Hermanus Steyn as "Nasionale" landdros aangestel het. Volgens 'n tydgenoot, H.D. Campagne, was daar 'n heel aantal koloniste van Swellendam wat plase in die Suurveld besit en baie skade in oorlog gely het.[114] Hulle was baie ontevrede met die optrede van landdros Faure gedurende die oorlog. W.S. van Ryneveld het verneem dat Faure afgesit is "on account of his doings in the Kafir Commando."[115] Die heemrade H. Muller en L. de Jager, wat saam met Faure die gesamentlike rapport oor die oorlog onderteken het, was volgens Campagne net so ongewild en hy beweer dat ook Muller van sy amp onthef is.[116] Nie een van die twee is opgeneem in die nuwe bestuur nie - die sogenaamde Nasionale Konvensie - wat volgens dr. Coenraad Beyers uit die Nasionale Landdros, sekere heemrade en 'n aantal persone uit die groter liggaam van Nasionale burgers bestaan het.[117]

Ekonomiese faktore het ook 'n rol in die opstand gespeel. Die eise wat die Nasionale Konvensie op 16 Julie 1795 aan Sluysken gestel het, dra 'n oorwegend ekonomiese karakter. Daar is

---

112) G.R. 9/68 Military Papers: Heem- en Krygsrade — Sluysken, 27/8/1795.
113) Vgl. ook B.O. 47 Letters and Annexures: Gerotz, Van Jaarsveld e.a. — Craig, 29/10/1795, pp. 3-4.
114) Vgl. bv. die geval van P.J. Delport, leier van die opstand, aan wie in 1793 'n plaas aan die Klein Visrivier en in 1785 'n plaas aan die Groot Visrivier uitgegee is. (R.L.R. Wildschutte Boeke, 30, p. 197; R.L.R. Wildschutte Boeke 34, p. 19).
115) The Cape Montly Magazine, vol. III (W.S. van Ryneveld — J. Truter, 30/6/1795), p. 241.
116) V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Bijzonderheden wegens de overgave der Kaap de Goede Hoop, p. 85 en H.D. Campagne: Berigt nopens den Ruptures der Kaffers, pp. 284-285.
117) C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 247.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onder meer gevra vir die vryskelding van belastings en rekognisiegeld, die intrekking van papiergeld, die instelling van vryhandel, die uitbreiding van die inboekstelsel tot alle Hottentotte, en die reg om Boesmans wat op kommando's gevange geneem word in eiendom te besit.[118] Die heemrade van Swellendam het in Desember 1795 verklaar dat die fundamentele oorsaak van dié opstand die armoede was waarin die burgers gedompel is vanweë die Kompanjiesbewind se onderdrukkende belastings, die verskerpte invordering van agterstallige rekognisiegeld, die opsegging deur die regering van die onderneming dat graan by Mosselbaai gelewer kon word,[119] en die hoë pryse van handelsware as gevolg van die depresiasie van papiergeld.[120] Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie brief geskryf is met die doel om ekonomiese toegewings van die Britse bewind te verkry.

Om saam te vat: Dit wil voorkom of die sogenaamde "Nasionales" geaktiveer is deur hul gegriefdheid oor die optrede van Faure, De Jager en Muller in die oorlog van 1793. Nadat hulle hierdie persone in die distriksowerheid vervang het, het hulle eise ter bevordering van die burgers se ekonomiese belange gestel. Waarskynlik was dit ook daarop gemik om steun onder die koloniste te verwerf.

Dieselfde het gebeur in die geval van Graaff-Reinet waar 'n sekere groep grensboere gevoel het dat hul spesifieke streeksbelange afgeskeep is, toe beheer oor die distriksbestuur verkry het en daarna sekere politieke en ekonomiese eise in belang van die koloniste in die algemeen gestel het.[121]

Daar was ook koloniste wat om ander redes aan die opstand deelgeneem het. Ongetwyfeld was daar ook mense wat met die voorbeeld van die Franse Rewolusie voor oë deur 'n strewe na vryheid en demokrasie aangespoor is.[122] Die opstandiges het woorde en slagspreuke gebruik wat die indruk skep dat dit hul hoofmotief was. Goewerneur Janssens het egter opgemerk dat die opstandiges die woorde wat hulle gebesig het nie eens verstaan het nie.[123]

118) SWM. 12/90 College Nasionaal Dokumente: Dagregister, 16 en 17/7/1795, pp. 38-54.
119) Vgl. hier C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (Memorandum deur Kirsten(, pp. 61-62.
120) B.O. 24 Letters from Swellendam: Heemrade -- Craig, 14/12/1795, no. 3.
121) Vgl. B.O. 47 Letters and Annexures: Graaff-Reinetters -- Craig, 29/10/1795, pp. 1-7.
122) V.C. 76 H.D. Campagne: Berigt nopens den Ruptures der Kaffers, p. 275; C. 699 Brieven van Sluysken: Brief van 11/6/1795, p. 44; C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (Memorandum van Kirsten, ongedateer), pp. 53-65; C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 240-241.
123) V.C. 138 Janssens Dokumente: Brief van Janssens, 6/12/1804, p. 52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om die opstand te sien as 'n algemene volksbeweging wat vrymaking van 'n onderdrukker ten doel gehad het, is om die werklikheid mis te kyk.[124)]

Die Kompanjiesbewind het daarin geslaag om die Swellendammers te oorreed om hul eise voorlopig te laat vaar en hul vaderland te help verdedig teen die Britse aanvalsmag wat intussen opgedaag het. 'n Totaal van 168 man onder wie die "Nasionale Kommandant", P.J. Delport, het teen die einde van Julie in Kaapstad aangekom. In Augustus het Skuysken 'n gesant, Casparus Bresler, na Swellendam gestuur. Hy het 'n vergadering belê met die "Nasionale" landdros en heemrade wat heeltemal gewillig was om Faure weer as landdros te erken en te kenne gegee het dat hulle teen hul sin deur Delport in die opstand gedwing is.[125)]

Die Britse aanval het die burgers tydelik hul geledere agter die Kompanjiesbewind laat sluit. Dit was egter duidelik dat die regering op die lange duur nie in staat was om die wydverspreide onbehae in die bewind te beëindig nie. Sluysken het gevrees dat al die buitedistrikte in roering gebring kon word,[126)] en dit was duidelik dat die owerheid nie by magte was om 'n opstand die nek in te slaan nie. Lede van die regering het selfs vir hul lewens begin vrees, en groot ontsteltenis is veroorsaak deur 'n gerug dat onder die Swellendammers 'n lys versprei word van name van persone - die meeste van wie lede van die regering was - wat aangemerk is om onthoof of verban te word.[127)] Sommige amptenare en burgers wat hulle goedgesind was, het, gedagtig aan wat tydens die Franse Rewolusie gebeur het, beangs geword en na buite die kolonie gekyk vir hulp teen wat hulle as die "Jakobynse manie" bestempel het.[128)]

---

124) Vir botsende interpretasies van die opstande vgl. aan die een kant C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 293 en sy mening aangehaal in C.F.J. Muller: Waarom die Groot Trek geslaag het, pp. 21-22, asook F.A. van Jaarsveld: "Verguisde of Vertekende Beeld" (Standpunte, XII, Augustus 1969, p. 14). Vgl. in teenstelling met Beyers en Van Jaarsveld vir L.M. Thompson: Afrikaner Nationalist Historiography and the Policy of Apartheid (Journal of African History, III, 1962, p. 13).

125) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van Sluysken: Kommentaar by Brief van Swellendammers, 16/7/1795, p. 42. SWM. 12/90 Collegie Nasionaal Dokumente: Dagregister, 4/9/1795, pp. 131-132.

126) V.C. 68 Brieven en Bijlagen van Sluysken: Kommentaar by Brief van Swellendammers, 16/7/1795, p. 42.

127) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 163; V.C. 75 P.W. Marnitz: Surrender of the Cape in 1795, pp. 98-101.

128) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 16/6/1795, no. 2; P.B. Borchers: An Autobiographical Memoir, pp. 35, 160-161; R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 307-308; C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (Memorandum van Kirsten), pp. 55-60.



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK II.

BEWINDSOORNAME EN VESTIGING VAN BRITSE GESAG (1795 - 1802).

Gedurende die laaste twee dekades van die agtiende eeu is die Kaapkolonie ingesleep by die Anglo-Franse wedywering om hul belange en invloed in die Ooste uit te brei ten koste van die eens magtige Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie wat besig was om in duie te stort. Vir Brittanje en Frankryk was dit van die grootste belang om besit van die Kaap te verkry. Albei het die Kaap as 'n halfwegstasie na die Ooste gebruik, en sowel die belangrike Franse basis Mauritius as die Britse besitting St. Helena was in 'n groot mate van die Kaap vir voedselvoorrade afhanklik. Reeds in 1781 het die direkteure van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie - die "East India Company", hierna E.I.C. genoem - die mening uitgespreek dat die moondheid wat die Kaap besit, oor Indië sal regeer.

Nadat Brittanje sy dertien Noord-Amerikaanse kolonies verloor het, het die swaartepunt van sy imperiale belange na die Ooste verskuif. Die verdediging van die seeroete na die Ooste en die beskerming van sy besittings dáár het nou een van Brittanje se belangrikste militêre take geword. Om hierdie rede het Brittanje van 1781 tot 1795 op verskeie maniere probeer om oor die Kaap - die "Gibraltar van die Ooste" - beheer te verkry. Nadat in 1781 'n poging om die Kaap te verower, misluk het, het Britse staatsmanne daarna gestreef om deur middel van diplomatieke onderhandelinge die Nederlandse besittings onder Britse beskerming te plaas. Brittanje het in 1788 'n belangrike deurbraak gemaak toe hy, nadat die mag van die Fransgesinde Patriotte in Nederland gebreek is, met die pro-Britse Oranjeparty 'n verdrag gesluit het waarvolgens Nederland en Brittanje onderneem het om mekaar se besittings in Afrika en Asië te help beskerm indien hulle deur 'n ander Europese moondheid aangeval sou word.[1)]

Die oorlog wat in 1793 tussen Engeland en Frankryk uitgebreek het, het die belangrikheid van die Kaap weer skerp in die brandpunt gebring. Albei strydende partye sou probeer om die vyand se handel lam te lê en hom so tot oorgawe te dwing. In Engeland is besef dat indien Frankryk in beheer van die Kaap kom, 'n ernstige bedreiging vir die Britse oppermag op see

---

1) L.C.F. Turner: The Cape of Good Hope and Anglo-French Rivalry, 1778-1796 (Historical Studies: Australia and New Zealand, April 1966, pp. 166-185); V. Harlow: The Founding of the Second British Empire, I, pp. 116-145; J.H. Clapman: Pitt's First Decade (The Cambridge History of British Foreign Policy, I, pp. 159-164, 170-180); H. Furber: Henry Dundas, pp. 104-107.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en sy ryk in die Ooste sou ontstaan.[2] Henry Dundas, wat van 1784 die leidende rol in Indiese aangeleenthede gespeel het, en van 1794 af tot 1801 Minister van Oorlog en Kolonies was, het net na die oorlogsverklaring in Februarie 1793 teenoor Nederland aangebied om Britse troepe na die Kaap te stuur om dit teen 'n moontlike Franse aanval te beskerm. Nederland het egter Britse militêre beskerming geweier en Brittanje het die saak daar gelaat.[3]

Teen die einde van 1794 en die begin van 1795 het die oorlog op die Europese vasteland beslissend ten gunste van Frankryk geswaai. Die Franse troepe het vinnig oor die veryste riviere in die suide van Nederland opgeruk en op 18 Januarie 1795 het die Prins van Oranje na Engeland gevlug. Ondersteuners van die Patriotparty in Nederland, wat op groter deelname van die burgery in die landbestuur aangedring het en na 1788 aan vervolging blootgestel was, het die Franse troepe as bevryders beskou. Hulle het oral in die provinsie Holland die regenteregerings omvergewerp en hierdie voorbeeld is in ander dele van Nederland gevolg. Die State-Generaal, wat in Februarie bymekaar gekom het, was heeltemal "patriots". Die liggaam het die amp van Stadhouer afgeskaf en Nederlanders in die moederland en die kolonies van die eed van getrouheid aan die Prins van Oranje onthef. In Maart het die State-Generaal 'n offensiewe en defensiewe bondgenootskap met Frankryk gesluit. Ná hierdie bondgenootskap was Nederland en Engeland vir alle praktiese doeleindes met mekaar op oorlogsvoet. Formeel het die oorlog tussen hulle egter eers op 15 September 1795 begin.[4]

In Engeland is die gebeure in Nederland met diepe kommer gade geslaan. Die Britse regering het besef dat Frankryk geen tyd sou versuim om 'n militêre mag na die Kaap te stuur nie. Ten einde te voorkom dat die Kaap in Franse hande val, het Henry Dundas alreeds in November 1794 dit oorweeg om mét verlof van die Stadhouer, Britse troepe na die Kaap te stuur en dit as 'n Nederlandse besitting te beskerm. In Januarie 1795 het die voorsitter van die E.I.C. ook sterk druk op die Britse regering uitgeoefen om oor die Kaap beheer te verkry.[5] Net daarna het die regering besluit om tot optrede oor te gaan.

Op 7 Februarie 1795 het die Prins van Oranje, op versoek

---

2) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 168; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Blankett -- Nepean, 25/1/1795, Macartney — H. Dundas, 10/7/1797), pp. 26, 114.
3) Vgl. die briefwisseling hieroor in G.M. Theal: Records of the C.C., I, pp. 1-16.
4) H.T. Colenbrander: De Bataafse Republiek, pp. 54-59. Vgl. ook pp. 20-21 vir 'n bespreking van die Patriotte.
5) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Baring — H. Dundas, 4 en 12/1/1795) pp. 17-23.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die Britse regering, 'n skriftelike bevel aan alle bevelvoerders van Nederlandse besittings uitgereik waarin hulle gelas is om Britse skepe en troepe te ontvang "in order to protect such Colonies and Settlements against the Enemy and to hold possession of them under the condition of their being restored to the Republic at the conclusion of a general Peace, by which its independence and constitution as guaranteed in 1788 shall be maintained and secured"[6].

Voorbereidsels is onmiddellik getref om oor die Kaap beheer te verkry. Op 13 Maart het vier skepe onder bevel van kommodoor Blankett, met 515 troepe onder die bevel van generaal James Craig aan boord, vertrek en ongeveer drie weke later het die opperbevelhebber van die eskader, sir George Keith Elphinstone, met ses skepe en ongeveer duisend man aan boord, vertrek. Indien dit sou blyk dat die poging om deur middel van die Prins van Oranje se brief toegang te verkry, skipbreuk ly, moes die hulp ontbied word van die hoofmag bestaande uit 3 000 troepe onder generaal Alured Clarke wat op 15 Mei sou vertrek en verwikkelings aan die kus van Brasilië sou afwag. Tesame moes die magte dan die Kaap verower. Dundas het egter soveel vertroue gehad dat die Prins van Oranje se bevele gehoorsaam sou word, dat hy dit gewaag het om 'n uiters swak toegeruste troepemag na die Kaap te stuur.[7]

Kort nadat die eskaders van Blankett en Elphinstone op 11 Junie Valsbaai binne gevaar het, het dit duidelik geword dat die brief van die Prins van Oranje nie aan die Britse mag toegang tot die Kaap sou besorg nie. Die Kaapse regering was heeltemal in die duister oor gebeure in Europa sedert die begin van 1795 en oor die rede vir die Prins se verblyf in Engeland en die State-Generaal se besluite. Hulle was baie wantrouig teenoor die Prins se bevel, wie se bevoegdheid om so 'n bevel uit te reik in elk geval twyfelagtig was.[8] Daar is dus besluit om nie sy bevele te gehoorsaam nie. Die Britse mag sou van lewensmiddele voorsien word, maar soldate mag net ongewapen aan land gaan. Intussen is die kolonie se verdediging op 'n

---

6) (P.R.O.) W.O.6/20 Correspondence, Out-letters: Dundas -- Blankett, 16/2/1795, pp. 1-2; W.O.1/323 Correspondence, In-letters: Prince of Orange — Governor of Cape, 7/2/1795, p. 33.

7) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Instructions of Home Guard — Clarke, 4/5/1795, Blankett — H. Dundas, 25-28/2/1795), pp. 38-39, 34-35; W.G. Perrin: The Keith Papers, I, pp. 215-216.

8) Vir 'n bespreking van die Prins se bevoegdheid, vgl. (S.A.O.B.) J.E. Heeres: De overgang der Kaapkolonie van Nederlands in Engelands bezit (S.A. Bound Pamphlets, no. 117).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gereedheidsgrondslag gebring.

Teen die einde van Junie het sekere posstukke van die Amerikaanse skip Columbia, ten spyte van Britse voorsorgmaatreëls, in die hande van die Kaapse regering gekom, en daaruit het die nuus van die Bataafse Omwenteling en die afskaffing van die amp van Stadhouer rugbaar geword. Vir die Britse bevelvoerders was dit nou duidelik dat hulle verplig sou wees om die Kaap met geweld te verower; vir die Kaapse regering was dit eweneens duidelik dat dit hul plig was om die besettingspoging met geweld teen te staan.

Die verdediging van die Kaap in 1795 het die kloof tussen amptenare en burgers duidelik geopenbaar. Omdat die meeste amptenare anti-revolusionêr en pro-Oranje was, het hulle die dag gevrees wanneer Frankryk of die burgers met hul rewolusionêre ideë oor die kolonie beheer verkry. Gevolglik het hulle nie die Engelse as vyande beskou nie, maar hulle heimlik as bondgenote verwelkom. Die 1 140 burgers wat opgedaag het om die Kaap saam die ongeveer 1 000 regeringstroepe te verdedig, het weer só wantrouig teenoor die leiding van die militêre offisiere gestaan dat daar van 'n verenigde verdedigingspoging geen sprake was nie.[9] Ná die eerste werklike botsing op 7 Augustus, toe die regeringstroepe onder lutenant-kolonel De Lille nog voordat die eerste skote afgevuur was in die grootste haas teruggeval het en Craig sonder veel moeite die strategiese poort by Muizenberg verower het, was die verdediging van die Kaap heeltemal gedemoraliseer. Die halfhartige optrede van kolonel Gordon, bevelvoerder van die leër[10], asook gerugte oor 'n dreigende slawe- en Hottentotopstand in die binneland, het verder daartoe bygedra om die burgers se weerstand te verswak. Toe generaal Clarke, wat reeds teen die middel van Junie deur Elphinstone en Craig ontbied is, op 3 September met 3 000 troepe in Simonsbaai aankom, was die verdedigingspoging feitlik al iets van die verlede. Op 15 September het twee lede van die Politieke Raad, te wete J.J. le Sueur en W.S. van Ryneveld, met Craig oor die kapitulasievoorwaardes onderhandel en die volgende dag is die

---

9) Vgl. die siening van J.A. de Mist aangehaal in J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p. 102. Vgl. ook P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, p. 35.

10) C.J. Barnard: Robert Jacob Gordon se Loopbaan aan die Kaap, pp. 409-434.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

akte van oorgawe onderteken.[11)]

In die kapitulasievoorwaardes is bepaal dat alle eiendom van die Kompanjie op die nuwe bewind sou oorgaan, met dien verstande dat privaat eiendom onaangetas sou bly. Die kolonisite sou hul voorregte en hul bestaande godsdiens onveranderd behou. Geen nuwe belastings sou gehef word nie, en die bestaande belastings sou, in die lig van die vervalle toestand van die kolonie, sover moontlik verminder ("modified") word. Niemand sou verplig word om in Britse diens te tree nie, behalwe uit eie vrye wil. Die nuwe bewind sou die waarde van die papiergeld in omloop probeer beskerm deur die regeringseiendom nog steeds as sekuriteit te laat dien vir die onuitgeleende deel van die papiergeld, wat nie deur verbande gedek was nie.[12)]

Aanvanklik was daar onsekerheid oor die vraag in watter hoedanigheid Brittanje die Kaap in besit geneem het. Voor die besitname het die Britse bevelvoerders uitdruklik verklaar dat die doel waarvoor hulle gestuur is, is "to preserve the Colony for the States General and to protect and defend the Inhabitants from the misery and destruction which must ensue from the French obtaining possession of it."[13)] Kolonel Gordon het geen twyfel daaroor gehad nie dat die Britte die Kaap vir sy wettige soewerein, wat hy beskryf het as die State-Generaal van die Verenigde Nederlande met die erfstadhouerskap van die Prins van Oranje, kom beskerm het. Hy het blykbaar verwag dat nadat die Engelse in besit van die Kaap gekom het, die Kaap nog steeds in naam van dieselfde soewerein regeer sou word.[14)] Na die verowering is egter in die amptelike dokumente geen melding hoegenaamd van die Prins van Oranje gemaak nie. Die Britse vlag is op die batterye gehys.[15)] Op 7 Oktober is in 'n proklamasie bekend gemaak dat "His Britannic Majesty

---

11) Vir 'n uitvoerige beskrywing vgl. H.F. Nel: Die Britse Verowering van die Kaap in 1795. Die meeste korrespondensie is gepubliseer in G.M. Theal: Records of the C.C., I, pp. 40-153. Sien ook C.L. Neethling: Onderzoek van't Verbaal van A.J. Sluysken; A.J. Sluysken: Verbaal; V.C. 75 P.W. Marnitz: Verhaal van de Overgaave van de Kaap; V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, 1795.

12) B.O. 88 Conditions of Surrender and Articles of Capitulation.

13) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone and Craig — Sluysken and Council of Policy, 26/6/1795), p. 78.

14) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Gordon — Elphinstone, 14/6/1795), p. 45; C.J. Barnard: R.J. Gordon se Loopbaan aan die Kaap, p. 414.

15) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 7/10/1795), p. 6.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is become the sole and only lawful sovereign to whom all persons residing in the Colony owe allegiance and fidelity." Almal wat verkies het om in die kolonie aan te bly en daardeur onderdane van die Britse koning te word, moes die eed van getrouheid aan hom aflê.[16] Vir Gordon was dit 'n groot skok toe dit duidelik geword het dat die Kaap namens die Britse kroon in besit geneem is en so regeer sou word. Hy het voorheen verklaar dat hy die Britte tot die laaste sou beveg as hulle die Kaap vir hulself wou neem[17], en nou het die Britte juis danksy die halfhartige wyse waarop hy en die ander Oranjemanne weerstand gebied het, maklik in besit van die Kaap gekom. Op 25 Oktober het Gordon selfmoord gepleeg.[18] Hy was 'n slagoffer van die indruk wat deur die brief van die Prins van Oranje geskep is.

Daar was egter nog steeds onsekerheid of Brittanje die Kaap verower het met die doel om daarvan in besit te bly en of hy dit slegs in bewaring geneem het om dit, nadat vrede gesluit is, weer aan Nederland terug te besorg. Die bogenoemde eed aan die Britse koning moes afgelê word vir solank as wat die Kaap in Britse besit was[19] - wat die indruk van tydelike besit skep. Teen die einde van 1795 en in die loop van 1796 het die William Pitt en veral Henry Dundas egter begin om die "bewaring"-ooreenkoms met die Prins van Oranje te ignoreer en geen twyfel daaroor te laat dat hulle nou die Kaap as 'n Britse besitting beskou het wat nie weer teruggegee sou word nie. Goewerneur Macartney het later hieroor verklaar: "From the first moment of this Colony's being possessed by the British Government, it was considered as an object of the highest attention and regard, and a resolution was taken never to abandon it."[20] Henry Dundas het in 1796 in die Britse Parlement verklaar: "I would be glad to see the Minister who should dare to give up the Cape of Good Hope on any account."[21]

Alhoewel William Pitt later begin weifel het, het Henry Dundas by sy standpunt gebly dat daar geen sprake kon wees om die Kaap terug te gee nie. Hy het genoeg invloed by William

---

16) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 7/10/1795), p. 6.
17) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Narrative of Capt. Hardy, 15/6/1795), p. 49.
18) V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden wegen de Overgave der Kaap de Goede Hoop, pp. 159-160
19) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 7/10/1795), p. 6.
20) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 7/6/1797, no. 96.
21) Annual Register, 1796, p. 194. Vgl. ook H. Furber: Henry Dundas, pp. 105-107, 114.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pitt, die Eerste Minister, gehad om te kon verseker dat in die vredesvoorstelle wat in 1796 aan Frankryk gemaak is, dit as 'n voorvereiste gestel is dat die Kaap in Britse besit bly. Ook in 1797, tydens die vredesonderhandelings wat in Lille gevoer is, het Brittanje hierdie eis herhaal. Toe Frankryk, namens sy bondgenoot Nederland daarop aandring dat Brittanje van die Kaap en Ceylon afstand doen, was dit een van die belangrikste redes waarom die onderhandelings skipbreuk gely het.[22)]

Terwyl daar nog nie 'n beslissing deur die Imperiale Regering gevel was oor die toekomstige regeringsvorm van die kolonie nie, het Craig as regeringshoof waargeneem. Tot Elphinstone en Craig se vertrek op 15 November het hy gesamentlik met hulle die hoogste gesag uitgeoefen.[23)]

Die Britse bevelvoerders het dadelik met ekonomiese hervormings en toegewings die guns van die koloniste probeer wen. In 'n aantal proklamasies is beperkings op die binnelandse handel en die nywerheid verwyder.[24)] Daar is ook belastingtoegewings gemaak. Ten tye van die Britse verowering was die koloniste ongeveer 200 000 Rds. ten opsigte van rekognisiegeld vir leningsplase agterstallig. Op 15 Oktober het die regering aangekondig dat geen huur op regeringsgrond wat meer as 'n jaar agterstallig was, ingevorder sou word nie.[25)] Daar is ook aandag gegee aan die vendubelasting, waarvolgens 'n belasting van 5% op alle roerende goed en 2½% op alle onroerende goed wat op 'n vendusie verkoop is, gehef is. Hierdie belasting wat deur Nederburgh en Frykenius ingestel is, het groot ontevredenheid onder die burgers verwek.[26)] Aanvanklik het die Britse bevelvoerders besluit om dié belasting te handhaaf, maar op 30 Oktober is 'n toegewing gemaak toe die belasting op alle vendubriewe ter waarde van minder as 100 Rds. afgeskaf is.[27)]

---

22) V. Harlow: The British Occupations (Cambridge History of the British Empire, VIII, p. 193); J.A. Lovat-Fraser: Henry Dundas, p. 66; L.C.F. Turner: The Cape of Good Hope and the Trafalgar Campaign, pp. 144-148.
23) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 30/9/1795), p. 3; W.G. Perrin: The Keith Papers, I, pp. 230-232.
24) Vgl. hoofstuk V vir 'n bespreking van die ekonomiese hervormings.
25) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 86; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 15/10/1795), pp. 10-11.
26) A.J. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 206-207.
27) B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Bletterman — Craig, 6/10/1795, Ross — Bletterman, 18/10/1795, nos. 5-6; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 30/10/1795), p. 15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook ten opsigte van die administrasie van die kolonie het die nuwe bewind 'n beleid van versoening gevolg. Met die uitsondering van sekere liggame, soos byvoorbeeld die Politieke Raad, is die bestaande bestuurskolleges behou, en die nuwe bewindhebbers was ook gretig dat die ampsdraers sover moontlik in hul ampte moes aanbly.[28)]

Volgens die joernaalskrywer Campagne het daar aanvanklik groot verslaenheid onder die koloniste geheers oor die skandalige wyse waarop die Kaap in Engelse hande oorgegaan het. Hulle het die meeste amptenare daarvan verdink dat hulle verraad gepleeg het. Baie van die burgers wat aan die verdediging deelgeneem het, het voor hul terugkeer verklaar dat hulle nie die vrede wat deur die Politieke Raad gesluit is, erken nie. Ongeveer 100 soldate van die artilleriekorps het gedros en is saam met die burgers die binneland in. 'n Gevoel van onsekerheid en afwagting het geheers.[29)]

'n Paar dae na die verowering het daar tussen die verowerraars en sekere koloniste toenadering ingetree. Heel vóór onder laasgenoemde was die vernaamste Kompanjiesamptenare. As Oranjemanne en "Anglomanen" - 'n skeldnaam wat deur die burgers aan hulle gegee is omdat hulle pro-Brits was - was hulle in opposisie teen die rewolusionêre regering in Nederland en die oorgrote meerderheid koloniste. Baie van hulle was ná die verowering sonder werk of inkomste, en hulle was heeltemal bereid om saam met die Britse bewindhebbers 'n verenigde front teen alle aanhangers van "Jakobynse" ideë te vorm. 'n Tweede groep was nog lojaal teenoor Nederland en sy regering, maar het geredeneer dat deur ampte onder die Britse bewind te beklee, hulle die belange van die koloniste die beste sou kan dien. Na hul oordeel sou die koloniste veel slegter daaraan toe wees as al die bestuursposte in Britse hande was. Hierteenoor was daar 'n aantal burgers, soos W.F. van Rheede van Oudtshoorn, wat volstrek geweier het om onder die Britse bewind te dien.[30)]

---

28) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone — H. Dundas, 10/10/1795), p. 185; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 28/4/1796, no. 41.

29) V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, pp. 158-160, 180-182, 202; W.G. Perrin: The Keith Papers, I (Elphinstone — Admiralty, 13/11/1795), p. 395; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 22/9/1795, no. 14.

30) (R.A.) Rd. Az. Bez. 397 Buitengewoon secreet-stukken over emploiable personen aan die Kaap, April 1801; G.M. Theal: Bel. Hist. Dok., III (Janssens — De Mist, 30/1/1803), pp. 191-192; P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, p. 163;. P.A.C. Wierenga: De Oudste Boeren-Republieken, pp. 64-65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Britse bewind was, veral ter wille van die kontinuïteit, gretig dat die Raad van Justisie sy werksaamhede so spoedig moontlik moes hervat. Die lede van die Raad, wat feitlik deur die bank Oranjemanne was, was egter nie bereid om sonder enige voorwaardes onder die nuwe bewind te dien nie. In 'n brief aan die Britse bevelvoerders het hulle verklaar dat hulle hulle nog steeds aan hul eed aan die State-Generaal gebonde gevoel het. Tot tyd en wyl vrede gesluit is, en duidelikheid oor die posisie van die kolonie verkry is, was dit hul plig om niks wat daarop sou kan dui dat hulle in die diens van Brittanje oorgegaan het, te doen of wat hul "eersten souverein" tot nadeel sou strek nie. Hulle was gevolglik nie bereid om namens die Britse koning reg te spreek nie, maar sou slegs in hul ampte aanbly indien hulle volgens die bestaande wette en in naam van die State-Generaal regspraak kon uitoefen.[31)]

Vir die Britse bewindhebbers was hierdie voorwaardes onaanvaarbaar. Clarke en Elphinstone het aan die Raad van Justisie geskryf dat hulle moes besef dat die koloniste nou onder die beskerming van Brittanje gestaan het. Tot tyd en wyl vrede gesluit is, was hulle onthef van die eed van getrouheid aan die State-Generaal en was hulle verplig om 'n eed aan die Britse koning af te lê. Hulle het afgesluit met die woorde " .... it is utterly impossible that we can for a moment consent that the administration of justice, or any act of Sovereignty whatever be executed in any other name than that of the King of Britain."[32)]

Campagne beweer dat die lede van die Raad van Justisie geswig het nadat daar van Britse kant gedreig is dat indien hulle in hul houding volhard 'n regbank van militêre offisiere aangestel sou word wat in alle sake volgens krygswet uitspraak sou lewer.[33)] Ook Craig het later verwys na sy begeerte "to spare the Inhabitants the inconvenience of being governed by martial law."[34)] Dit is nie duidelik of daar so 'n dreigement was nie, maar dit is beslis moontlik dat die Britse bewindhebbers dit as 'n argument gebruik het. Op 5 Oktober het die lede van die Raad van Justisie geskryf dat hulle deur die Britse bevelvoerders se argumente oortuig is. Daar was egter nog 'n beswaar:

---

31) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Brief van Raad van Justisie, 26/9/1795, pp. 827-833.
32) W.G. Perrin: The Keith Papers, I (Clarke en Elphinstone — Raad van Justisie, 26/9/1795), pp. 381-385.
33) V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, 1795, p. 167.
34) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — Raad van Justisie, 7/11/1795), p. 219.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Indien dit nét van hulle as ampsdraers verwag word om die eed af te lê en nie ook van al die ander koloniste nie, sou die koloniste hulle beskou as "more obliged to His Brittanic Majesty than themselves who have not taken the said Oath - and hence will arise not only less Submission to the Laws but also less reverence for the Judges."[35)]

Dit wil voorkom of die Britse bewindhebbers aanvanklik slegs persone wat ampte beklee het, wou verplig om die eed af te lê. Voor die verowering het die Britse bevelvoerders verklaar dat slegs persone in Britse diens die eed sou moes aflê. In 'n adres aan die koloniste, gedateer 22 September, het hulle slegs melding gemaak van 'n eed wat afgelê sou moes word deur voormalige ampsdraers wat vir heraanstelling oorweeg wou word.[36)] Dit is moontlik dat die houding van die Raad van Justisie die deurslag gegee het vir die proklamasie van 7 Oktober waardeur alle persone wat in die kolonie wou aanbly, verplig was om die eed af te lê. Al die koloniste het eers ná hierdie datum ampte onder die Britse regering aanvaar.

Op 9 Oktober het die Britse bevelvoerders die president en lede van die Raad van Justisie in hul voormalige ampte herstel, en nadat hulle op 12 Oktober die eed afgelê het, het hulle hul werk hervat.[37)] W.S. van Ryneveld het as fiskaal aangebly. Daar word soms beweer dat Van Ryneveld van die staanspoor af 'n kollaborateur en verraaier was.[38)] In 'n stuk in die Nederburgh-argief, wat klaarblyklik deur iemand opgestel is wat nòg 'n "Jakobyn" nòg 'n "Anglomaan" was, word egter gemeld dat Van Ryneveld baie teensinnig in diens van die Britse bewind getree het en dat hy die ingesetenes se belange manmoedig verdedig het. Teen die einde van die besetting is hy egter deur generaal Dundas beskryf as iemand "[who] uniformly promoted the English interest."[39)]

---

35) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Raad van Justisie — Britse Bevelvoerders, 30/10/1795. Vir die posisie wat in Ceylon, 'n ander verowerde Hollandse kolonie, ontstaan het, vgl. L.A. Mills: Ceylon under British Rule, pp. 35-36.

36) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone and Craig — Governor, etc., 24/6/1795, Address, 22/9/1795), pp. 74, 153-154.

37) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Raad van Justisie — Craig, 16/10/1795, pp. 855-863.

38) Vgl. E. Conradie: Hollandse Skrywers uit Suid-Afrika, I, pp. 110-114.

39) (R.A.) K.A. Archief Nederburgh: Aantekeningen betreffende verskillende burgerraden 1801, no. 531: G.M. Theal: Records of the C.C., V (Dundas — Hobart, 1/3/1803), p. 166.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sake, wat ondersoek ingestel het na die vraag of beletsels in die geval van voorgenome huwelike bestaan het en 'n beperkte siviele jurisdiksie gehad het, en president van die Raad van Kommissarisse uit die Raad van Justisie, wat munisipale funksies in Kaapstad verrig het, aan te bly. J.A. Horak, die vorige vise-president van eersgenoemde liggaam, wou ook nie die presidentskap aanvaar nie, en 'n aantal ander lede het eweneens geweier om onder die Britse bewind te dien. Craig was gevolglik verplig om sommige van die funksies van die Raad van Kommissarisse vir Siviele en Huweliksake aan die plaaslike predikant oor te dra, en hy het eers in Mei 1796 daarin geslaag om hierdie kollege weer te laat funksioneer.[43)]

In die geval van die Raad van Kommissarisse van die Raad van Justisie het J. Smuts, die voormalige vise-president, ingewillig om die presidentskap van Van Oudtshoorn oor te neem. Met die uitsondering van een lid, G.H. Meyer, wat 'n leidende rol in die Patriotbeweging gespeel het, was die ander gewone lede gewillig om onder die Britse bewind te dien.[44)]

Die aflegging van die eed van getrouheid het nie veel probleme in die distrikte Kaap, Stellenbosch en Swellendam opgelewer nie. Van Oudtshoorn het eers geweier om die eed af te lê, maar geswig nadat hy met verbanning gedreig is. Op 12 Oktober het die Britse bevelvoerders berig dat daar selfs meer mense opgedaag het om die eed af te lê as wat hulle verwag het.[45)] Op Stellenbosch het die heemrade in hul ampte aangebly en het die eedaflegging sonder voorvalle plaasgevind.

In Swellendam het die opstandiges dit vir 'n oomblik oorweeg om met die opstand voort te gaan. Na die oorgawe het die Britse bevelvoerders Faure en die heemrade beveel om hul ampspligte te hervat. Hermanus Steyn het egter intussen 'n brief uit Kaapstad van drie Swellendammers, te wete die heemraad D. du Plessis, P.J. Delport en ene Crouse ontvang waarin hy gelas is om as Nasionale Landdros aan te bly. Op 27 September het Faure

---

43) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 19/5/1796), p. 37.

44) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Van Oudtshoorn — Craig, 10/10/1795, Notule, 7/12/1795, nos. 3-5; B.O. 6 Letters from Fiscal: Van Oudtshoorn — Craig, 24/11/1795, no. 38, V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, 1795, p. 219.

45) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Clarke en Elphinstone — H. Dundas, 12/10/1795), p. 193; B.O. 6 Letters from Fiscal: Van Oudtshoorn — Clarke, 8/10/1795, no. 36.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gerapporteer dat as gevolg van hierdie brief Steyn en sy volgelinge halsstarrig geweier het om die bestuur van die distrik aan hom af te gee.[46] Die opstandiges het egter in die loop van Oktober van mening verander. Op 'n vergadering gehou op 4 November het al die heemrade sonder teenspraak Faure se heraanstelling aanvaar. Met die uitsondering van die heemraad D. du Plessis, wat sonder opgaaf van redes afwesig was en hom eers vier maande later aan die Britse bewind onderwerp het, het al die heemrade die ampseed afgelê en beloof om teen wanordelikhede en rewolusie te waak.[47] Die burgers se eedaflegging het op 14 Desember plaasgevind. Die naam van P.J. Delport verskyn nie op die lys van burgers wat die eed afgelê het nie,[48] en dit lyk of hy en ongeveer 20 ander opstandiges saamgetrek het in die suidelike deel van die distrik Graaff-Reinet, waarvandaan hulle koloniste probeer oorreed het om hulle met geweld van die Britse gesag vry te maak.[49]

Die opstandiges in Graaff-Reinet was nie van plan om hulle onvoorwaardelik aan die Britse bewind te onderwerp nie. In die laaste dae van die Kompanjiesbewind het hulle op die punt gestaan om die opstand te beëindig, maar dit wil voorkom of hulle nâ die kapitulasie daarop uit was om tot die gunstigste skikking moontlik met die nuwe bewind te geraak. Ongetwyfeld het hulle geglo dat Kaapstad vir sy vleisvoorsiening so afhanklik van die distrik was dat hulle in die posisie was om, soos De Jong dit stel, "alles te kunnen [af] dwingen."[50]

In 'n brief gedateer 29 Oktober het Gerotz as provisionele landdros en ses ander Graaff-Reinetters, onder wie Van Jaarsveld en twee Representante, die Britse bewindhebbers versoek om vir die distrik "magistrate" aan te stel, die burgers weer van ammunisie te voorsien, 'n predikant uit te stuur en instruksies te gee oor hóé hulle in hul kritieke situasie moes optree. Terselfdertyd het hulle Craig voor die voldonge feit gestel dat die "volkstem" besluit het om Representante aan te stel om oor die burgers se belange te waak en dat hierdie Representante altyd in die vergadering van die distriksbestuur sitting sou

---

46) A.J. Sluysken: Verbaal, pp. 257-261; B.O. 24 Letters Received from Swellendam: Faure — Sluysken, 29/9/1795, no. 1.
47) SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 4/11/1795; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 4/11/1795, no. 25.
48) SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 14/12/1795, 16/3/1796, pp. 261-263, p. 272; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 21/3/1796, no. 49.
49) B.O. 86 Copies of Correspondence: Brief deur Delport en 15 ander, ongedateer, Bresler — F. Dundas, 24/7/1799, ongepag.
50) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ..., I, p. 173; B.O. 47 Letters and Annexures: Gerotz e.a. — Craig, 29/10/1795, p. 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

neem.[51)]

Craig het op 23 November die Graaff-Reinetters oor Bresler se aanstelling ingelig. Hy het hulle die versekering gegee dat hy van alles sou vergeet wat tydens die Kompanjiesbewind op Graaff-Reinet voorgeval het, maar dat hy kragdadiglik teen enige versteuring van die openbare rus en vrede sou optree.[52)]

Teen die einde van 1795 het die opstandiges die houding begin inneem dat die distrik Graaff-Reinet hom glad nie aan die Britse bewind moes onderwerp nie. Moontlik is hulle in hul houding gesterk deur die nuus van die Bataafse Omwenteling en gerugte dat hulp uit Frankryk en Nederland onderweg was. Moontlik was die eerste brief slegs 'n set om ammunisie te kry. Toe die burgerkollege op 7 Januarie 1796 byeenkom om die brief van Craig te bespreek, het dit duidelik geblyk dat die lede nog steeds hulself as Nederlandse onderdane beskou het en hulle aan hul eed van trou aan die State-Generaal gebonde geag het. Adriaan van Jaarsveld het byvoorbeeld aan al die lede gevra om hom te verseker dat hulle tot "behoud van ons vaderland" (Nederland) getrou sal bly. Gerotz en ook die sekretaris, Oertel, is ten strengste beveel om nie die drosdy aan Bresler af te staan nie.[53)] In die laaste dae van 1795 het 'n brief, onderteken deur die "Patriot stem" - 'n brief wat volgens Bresler heelwaarskynlik deur Van Jaarsveld geskryf is - in die binneland rondgegaan waarin alle "getroue burgers" van Bruintjieshoogte tot Roggeveld gevra is om geen vleis aan slagters te verkoop terwyl ammunisie van die burgers weggehou word nie.[54)] Dit is duidelik dat die opstandige Graaff-Reinetters nou in die rigting van 'n botsing met die Britse bewind beweeg het.

Dit was in hierdie omstandighede dat Bresler, vergesel van ds. Von Manger, wat Graaff-Reinet ná die woelinge in 1795 verlaat het, van Kaapstad vertrek het. Terwyl hulle na Graaff-Reinet onderweg was, het landdros Faure van Swellendam gerapporteer dat geheime vergaderings in die oostelike deel van sy distrik gehou word waar tussen Graaff-Reinetters en Swellendammers planne gesmee word wat skadelik vir die openbare rus en vrede is.[55)] 'n "Warm" ontvangs het op Bresler gewag. Om

---

51) B.O. 47 Letters and Annexures: Gerotz e.a. — Craig, 29/10/1795, p. 17.
52) B.O. 47 Letters and Annexures: Craig — Gerotz, 23/11/1795, pp. 7-12.
53) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Oertel — Craig, 22/7/1796, pp. 22-23; G.R.1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 7/1/1796, 25/4/1796, 15/6/1796, pp. 57, 69, 78.
54) B.O. 86 Copies of Correspondence: Bresler — F. Dundas, 24/7/1799, Brief onderteken deur Patriotic Voice, 10/12/1795, ongepag; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/3/1796), pp. 30-33.
55) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 4/2/1796.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

alles te kroon, was hy nie van soldate vergesel wat hom kon help om sy gesag af te dwing nie.

Op Graaff-Reinet het Bresler spoedig uitgevind dat die Representante nog steeds die hoogste gesag uitgeoefen het. Gerotz, wat hom vertel het dat hy met geweld op die dorp gehou word en baie "smartvolle dae" deurbring, was nie toegelaat om die drosdy aan hom te oorhandig voordat 'n vergadering byeengeroep deur die Representante plaasgevind het nie.[56] Op dié vergadering, wat op 22 Februarie 1796 gehou is, het Bresler dit duidelik gestel dat hy nie die Representante, of 'n vergadering wat deur hulle belê is, sou erken nie. In plaas daarvan sou hy self 'n vergadering in naam van die Britse koning belê en daar sy aanstellingsbrief voorlees. Dit was egter vir hom duidelik dat hy moeilikheid te wagte kon wees. Van Jaarsveld het openlik sy gesag uitgedaag, terwyl 'n aantal heemrade en lede van die krygsraad Bresler meegedeel het dat die "volk" nie sou toelaat dat 'n vergadering sonder die Representante gehou word nie.

Om twee-uur die middag, die uur waarop hy sy vergadering belê het, het Bresler die Britse vlag laat hys. 'n Aantal burgers het onmiddellik geëis dat die vlag gestryk word, en toe Bresler dit weier, het hulle dit self gedoen. Op Bresler se vrae of hulle die Britse koning as hul wettige soewerein, Craig as hul goewerneur en Bresler as hul landdros erken, het die versamelde skare elke keer "nee" geantwoord. Bresler het die skare se optrede toegeskryf aan 'n brief, onderteken deur Marthinus Prinsloo as "Beskermer van die Volkstem", wat die vorige aand ontvang is en waarin alle koloniste uitdruklik gewaarsku is om nie vóór 22 Maart die eed af te lê nie. Op daardie dag sou Prinsloo met die ingesetenes van Langkloof (waarheen baie van die Suurveld-koloniste uitgewyk het[57] en Bruintjieshoogte na Graaff-Reinet kom en strafmaatreëls tref teen diegene wat die eed afgelê het.

Bresler was verplig om tot 22 Maart te wag. Intussen het Gerotz voortgegaan om as landdros gesag uit te oefen.[58]

Op 21 Maart het Jan Pieter van Woyer, die distriksgeneesheer van Graaff-Reinet en 'n vurige republikein, op die dorp aangekom

---

56) B.O. 26 Disturbances in the Interior of the Colony: Bresler — Craig, 26/5/1796, p. 38.
57) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Craig, 27/12/1796, p. 94.
58) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler — Craig, 2/3/1796, pp. 19-30.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waar koloniste uit verskillende wyke reeds saamgetrek was. Onder toejuiging het hy aan hulle die wildste stories vertel: dat die Britse koning gewond is, dat die Prins van Oranje deur die Franse gevange geneem is, dat die Franse aan die kom was en dat Bresler by Muizenberg die Kaap aan die Engelse verkoop het. Van Woyer het voorts beweer dat die Britse garnisoen aan die Kaap maar 800 man sterk was, en dat hy oor 900 pond buskruit beskik het. Hy was van plan om, mét die medewerking van die Xhosas, die Engelse uit die Kaap te verdryf.

Bresler het Van Woyer se aankoms as 'n ramp beskou. Hy was daarvan oortuig dat die meeste Graaff-Reinetters gewillig was om die eed af te lê, maar na Van Woyer se aankoms was almal wat nog nie in die besit van 'n rewolusionêre kokarde (onderskeidingsteken wat veral aan 'n hoed gedra is) was nie, haastig om een aan te skaf. In hierdie omstandighede was die uitslag van die verrigtinge van 22 Maart voorspelbaar. Die groot menigte wat voor die drosdy vergader het, het geweier om die eed af te lê. Bresler het onder die indruk gekom dat die intimidasie van C. Tregard en die Representante die grootste deel van die koloniste weerhou het om die eed af te lê. Van Jaarsveld was volgens hom een van die twee vernaamste aanhitsers. (Hy het nie die ander persoon se naam genoem nie). Hy het bygevoeg dat dit steeds hul taktiek was om, wanneer hulle deur die heemrade teengegaan word, aan te voer dat die volk of die volkstem dit verlang, alhoewel die volk volgens hom in onkunde gebly het oor alles wat in hulle naam gedoen word.

Ná die weiering om die eed af te lê, is Bresler gevra om Craig mee te deel dat die Graaff-Reinetters bereid is om hul produkte na Kaapstad te bring en alle redelike wette te gehoorsaam op voorwaarde dat hulle van ammunisie, klere en ander benodigdhede voorsien word. Hulle het nie die wapens teen die Engelse opgeneem nie, maar net geweier om die eed af te lê omdat hulle hulle nog steeds aan hul eed aan die State-Generaal gebonde gevoel het. Op 'n vergadering van die "burgerkollege" wat op 23 Maart plaasgevind het, is besluit dat Gerotz as landdros sou aanbly. Bresler, sowel as ds. Von Manger, wat 'n versoek geweier het om as "burger dominee" aan te bly, het op 25 Maart na Kaapstad vertrek.[59)]

In 'n dokument, getitel "Propositie aan den weledele Heer Bresler", het die Graaff-Reinetters hul beweegrede en hul eise

---

59) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler — Craig, 22/3/1796, pp. 38-54; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 23/3/1796, pp. 65-68.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uiteengesit. Hulle verwys hierin na die verliese wat die burgers in die stryd teen die inboorlinge gely het en na die uitgeputte toestand van die distrikskas waartoe hulle 60 000 guldens bygedra het, maar op die oomblik 'n skuld van 17 000 guldens gehad het sonder dat daar 'n behoorlike kerkgebou vir die geld tot stand gekom het.[60] Hulle het dit aan die slinkse handelswyse en slegte bestuur van die amptenare toegeskryf. Hulle het voorts versoek dat die landdros deur die burgers aangewys word en dat die amp van Representante in 'n instruksie vasgelê word. Ook het hulle die kwytskelding van rekognisiegeld en die reg om ammunisie te koop, versoek. Hulle het Craig wat hulle as die bevelhebber van die land bestempel het, gevra om toe te sien dat die koloniste wat deur die Xhosas van hul plase verdryf is, weer in besit daarvan kom. Hulle het geëis dat persone soos De Wet en Maynier, wat hulle as aristokratiese regente en vyande van die burgers bestempel het, nie weer in enige amp aangestel word nie, en hulle het opgemerk dat Craig in plaas van Bresler liewers 'n gebore Engelsman na hulle toe moes gestuur het.[61] Bybelse gronde, wat met voorbeelde uit die geskiedenis van Israel en Nederland toegelig is, is aangehaal ter verduideliking waarom hulle nie hul weg oopgesien het om 'n eed van getrouheid aan 'n wêreldlike koning af te lê nie.[62]

'n Groot mate van simpatie met die rewolusionêre bewind in Nederland[63] asook 'n anti-Britse gevoel het in die gebeure van Februarie en Maart 1796 'n rol gespeel. Daar was egter 'n nog belangriker rede: die opstandiges was klaarblyklik oortuig dat die Britse bewind ten opsigte van die oosgrens 'n voortsetting van die Kompanjiesbeleid sou beteken. Dit was 'n taktiese flater om Bresler, wat 'n familielid van De Wet was, as landdros aan te stel, want die opstandiges het hom dadelik beskou as een van die groep Kompanjiesamptenare, vir wie hulle gewantrou het. Hulle het Craig verwyt dat hy hom nie by sy belofte gehou het nie om 'n man uit te stuur wat nie aan enige party verbonde was nie. Hulle het ook beweer dat die distrik "niet van zelfs oproersch, maar wel oproersch gemaakt word door

---

60) Vir 'n bespreking van die toestand van die distriksfinansies en -geboue vgl. V.C. 68 Brieven en Bijlagen van ... A.J. Sluysken: Verslag van De Wet, 20/8/1795, pp. 34-35.

61) In B.O. 86 Copies of Correspondence: Delport en 15 ander opstandiges — Representante word die woorde oor 'n Engelse landdros afgekeur.

62) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Propositie aan Bresler, onderteken deur Representanten des Volks, 22/3/1796, pp. 59-64.

63) Delport het in sy brief na die Representante en ander Graaff-Reinetters as "ware Batavieren" verwys (B.O. 86) Copies of Correspondence: Delport en 15 ander — Representante, ongedateer).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

al de onregtvaardige beamptenaars en leraars die ons tot nu nog van onze regeering toegezonden worden."[64] Eerder as om Bresler as landdros te aanvaar, het die opstandiges besluit om die beheer wat hulle oor die distrik se aangeleenthede verwerf het, te behou.

Alhoewel daar in die ander distrikte nie openlike opstandigheid teenoor die nuwe bewind was nie, was daar tog maniere waarop die koloniste hul afkeer daaraan getoon het. In Kaapstand, byvoorbeeld, het geen fatsoenlike meisie in die eerste maande ná die verowering met 'n Britse offisier gaan wandel nie. Toe Craig vroeg in 1796 'n groot bal in die Kompanjiestuin gegee het, het slegs 'n paar Engelsgesinde koloniste en diegene wat in die regeringsdiens was, opgedaag. Campagne merk op dat Craig oor hierdie afsydigheid baie ontevrede was.[65]

Craig het geen illusies oor die koloniste se houding gehad nie. 'n Week na die verowering het hy geskryf: " .... it is certain that the great Body of the People are at this moment infected with the rankest poison of Jacobinism .... except about half a dozen merchants or principal people in this Town, nearly every man in the Colony is our enemy; and should a french(sic) force appear tomorrow, I have not a doubt that every assistance would be given to it, that the fears of the people would permit. The Burghers from the Country would join them, and not one in the Town would assist us."[66] Ses maande later was sy mening oor die gesindheid van die koloniste nog onveranderd: "It is to be hoped that time may bring them to a more favourable way of thinking with respect to His Majesty's Government, but at this moment I am persuaded that we owe their abedience solely to their inability to resist the force here, and that it would cease, the instant a prospect was held up to them, of the protection of a greater force."[67]

Craig het sy bes gedoen om die koloniste met die nuwe bewind te probeer versoen. Hy het sover moontlik binnelandse vryhandel

---

64) B.O. 47 Letters and Annexures: Craig — Gerotz e.a., 23/11/1795, p. 9; G.R. 16/1 Letters Despatched: Landdros en Heemrade — Craig, 1/4/1796, pp. 303-304. Vgl. ook art. 12 van Propositie aan Bresler, 22/3/1796 gepubliseer in C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 265-266, en pp. vir 'n bespreking van die opstande en die motiewe van die opstandiges.

65) V.D. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, p. 172.

66) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 22/9/1795, no. 14; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Clarke — H. Dundas, 24/8/1795), p. 163.

67) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 8/3/1796, no. 38.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegelaat al het dit beteken dat pryse, en daardeur die uitgawes van die regering, gestyg het. Hy het hom ook daarvoor beywer dat die voorsiening van handelsware uit die buiteland verbeter word. Hy het egter aan Henry Dundas geskryf dat militêre weerbaarheid veel doeltreffender die Britse gesag sou konsolideer as "all the indulgences and advantages which His Majesty's Goodness or the Wisdom of His Minister can procure for these people."[68] Hy het gevolglik by Henry Dundas aangedring op 'n sterk troepemag wat enige opstandgedagtes by die koloniste in die kiem sou smoor en 'n aanval van buite doeltreffend sou kan afslaan. Selfs nadat generaal Clarke besluit het om al die troepe waarmee die Kaap verower is, te laat agterbly, en die troepemag dus reeds groter was as dié wat aanvanklik beplan was, het Craig nog op verdere versterkings aangedring. 'n Sterk mag het gou die praatjies beëindig wat ná die verowering die rondte gedoen het dat die Kaap weer maklik herower kon word.[69]

Craig het ook in die kolonie 'n ruitermag op die been probeer bring. Hy het spoedig die noodsaaklikheid besef van 'n korps kavallerie wat as 'n soort berede polisiemag in die binneland teen opstandige koloniste gebruik sou kan word. Sy plan was om dit op 'n plek te stasioneer waar dit onmiddellik kontak tussen die Skiereiland en die binneland sou kon afsny. Met hierdie doel voor oë is so vinnig moontlik perde aangekoop, en teen die begin van 1797 was daar reeds 150 berede soldate.[70]

Die konsolidasie van die Britse gesag ten opsigte van die binneland is verder gevoer met die stigting van 'n Hottentotkorps vroeg in 1796. Craig het aan Dundas geskryf dat hy daarmee politieke en militêre oogmerke gehad het. In die geval van 'n buitelandse aanval sou hulle saam met Britse troepe 'n nuttige militêre rol kan vervul, maar in die eerste plek sou hulle gebruik kan word om die opstandige koloniste in die binneland af te skrik. Craig het opgemerk: "Nothing I know would intimidate the Boors of the Country more."[71] Met hierdie stap

---

68) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 14/1/1796, no. 31. Vir 'n bespreking van die wyse waarop Craig op ekonomiese gebied die koloniste probeer konsolieer het, vgl. hfst. V.

69) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Clarke — H. Dundas, 11/10/1795, Craig — H. Dundas, 27/12/1795, War Office — Clarke, 16/1/1796), pp. 189, 292, 311-312.

70) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 14/1/1796, Craig — H. Dundas, 8/3/1796; Craig — Hobart, 3/4/1796, nos. 31, 38, 37; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Craig — H. Dundas, 14/1/1797), p. 41.

71) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 12/4/1796, 14/4/1796, nos. 39-40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en met sy instruksies dat die Hottentotte op gelyke beskerming in die howe geregtig moes wees, het hy ook die Hottentotte as bondgenote teen die koloniste probeer wen.[72] Humanitêre oorwegings het ook 'n rol gespeel[73], maar die vernaamste motief by die skepping van die Hottentotkorps was ongetwyfeld politiek van aard.

Teen die einde van Februarie 1796 het Craig majoor King beveel om 'n Hottentotkorps van 200 tot 300 soldate op die been te bring. 'n Maand later was daar reeds 50 Hottentotte vir 'n jaar lank in diens geneem. Ten spyte van die teenkanting van koloniste wat op verskillende maniere die werwingsveldtog belemmer het, was daar teen die einde van Augustus al 171 Hottentotte uitgerus. In Oktober 1797 het die korps, wat vir die grootste gedeelte van die Britse bewind onder bevel van luit. John Campbell gestaan het, uit die volgende bestaan: 7 kapteins, 12 korporaals, 13 trommelaars en 265 manskappe. Hulle besoldiging het gewissel van 4 skellings per week vir kapteins tot 1 skelling per week vir manskappe. By die hoofkwartier te Wynberg, wat later na Houtbaai verskuif is, was daar teen 1797 ook 94 vroue en 116 kinders van die soldate woonagtig wat half- en kwartrantsoen onderskeidelik ontvang het.[74] Teen die einde van die Britse bewind is Hottentotte wat nie aan die oosgrens wou bly nie in die korps opgeneem. Daar was toe 306 diensdoende manskappe, 130 mans wat nie diens gedoen het nie, 289 vroue en 237 kinders.[75]

Die Hottentotkorps het Craig en sy opvolgers se verwagtinge oortref. Volgens Craig was die korpslede netjies op hul gewere en uniforms, en het hulle goed gedra en vinnig geleer. Daar was min gevalle van Hottentotte wat gedros het.[76] In 1801 is die korps in die "Cape Regiment" omskep en as 'n volwaardige Ryksregiment erken.[77]

---

72) B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade -- Craig, 6/2/1797, 20/2/1797, nos. 129, 134; SWM. 11/26 Letters from Fiscal: Van Ryneveld -- Faure, 11/11/1796, ongepag; B.O. 49 Letters Despatched: Craig -- Van der Riet, 23/2/1796, no. 2.

73) Vgl. Acc. 455 Melville Papers: King -- H. Dundas, 1/11/1798, no. 22.

74) (Gubbins) A.88 Macartney Papers: Return of Hottentot corps, 17/10/1797, no. 175.

75) J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, pp. 242-243.

76) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig -- H. Dundas, 26/10/1796), p. 474; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney -- H. Dundas, 24/2/1799).

77) (Gubbins) A.88 Macartney Papers: Return of Hottentot Corps, 17/10/1797, no. 175; (Genadendal) Briewe, Engelse Periode: Van der Riet -- Moraviese Sendelinge, 27/2/1796; J. de Villiers: Hottentot-regimente aan die Kaap, 1781-1806, pp. 81-109.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Craig het van die begin van 1796 af 'n besliste houding ingeneem teen ondermynende bedrywighede in die binneland. Toe hy in Februarie verneem het dat 'n aantal burgers van plan was om teen die Hottentotte op die sendingstasie Baviaanskloof gewelddadig op te tree, het hy bekend gemaak dat indien hulle op enige wyse gemolesteer word, die strengste strafmaatreëls teen daardie deel van die kolonie getref sou word. Hy het ook gesê dat die Hottentotte van ammunisie voorsien sou word om hulle teen onreg te verdedig.[78)]

Die dreigement om Hottentotte te bewapen, en die totstandkoming van die Hottentotkorps het in 'n belangrike mate daartoe bygedra dat, met enkele uitsonderings (soos P.J. Delport) die koloniste buite Graaff-Reinet alle opstandsgedagtes laat vaar het. Landdros Faure het in April 1796 uit Swellendam berig dat selfs daardie koloniste wat groot Jakobyne was van hul dwaalweë teruggekeer het en beloof het om hulle aan die Britse gesag te onderwerp.[79)] Craig het uit 'n ander bron verneem dat op 'n vergadering van die vurigste "volksleiers" ("popular leaders") daar met 'n meerderheid van 14 teen sewe stemme op gehoorsaamheid aan die Britse regering besluit is.[80)]

Terwyl 'n aanval van buite nog enige oomblik verwag kon word, wou Craig nie sy troepemag verswak deur soldate te stuur om teen die opstandiges in Graaff-Reinet op te tree nie. Nadat hy van die optrede teen Bresler verneem het, het hy wel op 14 Maart 'n afdeling van 300 troepe onder majoor King na Stellenbosch gestuur om te verhoed dat die opstand na die Weste versprei. Op dieselfde dag het hy deur middel van 'n proklamasie bekend gemaak dat indien 'n opstand in die binneland uitbreek, hy onmiddellik alle verdagte persone volgens krygswet sou laat verhoor. Terselfdertyd is 'n beloning van 500 Rds. aangebied vir inligting wat sou kan lei tot die inhegtenisname van die skrywer van die brief wat boere in die binneland tot opstand aangehits het. Waarskynlik was dit 'n brief waarin koloniste versoek is om nie vee te lewer terwyl die ammunisievoorsiening stopgesit was nie.[81)] In die tweede helfte van 1796 is H.D. Campagne, 'n skoolmeester wat daarvan verdink is dat hy die

---

78) STB.10/9 Inkomende Briewe: Craig — Van der Riet, 18/2/1796. Vgl. verder pp. 266-267.
79) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 11/3/1796, p. 69; B.O. 86 Copies of Correspondence: Delport en 15 ander — Medeburgers, ongedateer, no. 5.
80) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 2/4/1796, no. 10; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 12/4/1796, no. 39.
81) Vgl. p. 43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

grensboere tot oproer aangehits het, verban. Behalwe hierdie maatreëls het Craig gehoop dat die verbod op ammunisievoorsiening aan Graaff-Reinetters en die intimiderende effek van die Hottentotkorps die opstand sou beëindig.[82)]

Dit was van die begin af duidelik dat die werklike toets vir die Britse gesag sou kom wanneer 'n vyandige moondheid daarin slaag om 'n sterk troepemag aan land te sit en, met die koloniste as bondgenote, die Britse magte aandurf. Toe in Nederland in September 1795 'n brief van Sluysken ontvang is waarin hy gerapporteer het dat die Kaap deur 'n Britse mag bedreig word, het die Bataafse bewindhebbers besluit om so spoedig moontlik 'n eskader onder skoutadmiraal Engelbertus Lucas na die Kaap en die Ooste te stuur om die Nederlandse besittings te beskerm of, indien nodig, te herower. Nadat dit teen die einde van 1795 bekend geword het dat die Kaap verower is, het die Bataafse bewind met die Franse regering onderhandelings aangeknoop vir hulp om die Kaap te herower. Die Franse het te kenne gegee dat hulle in so 'n ekspedisie belangstel, maar al die volgehoue versoeke van die Bataafse owerheid om daadwerklike steun het misluk.[83)] Merkwaardig genoeg het die Bataafse regering versuim om Lucas daaroor in te lig, en hy het op 23 Februarie 1796 uit Texel vertrek vas onder die indruk dat sy eskader onderweg na die Kaap op een van drie vasgestelde plekke (waaronder Saldanhabaai) by 'n Franse eskader sou aansluit. Dit was egter geensins die geval nie; 'n Franse eskader onder admiraal De Sercey, bestaande uit vyf skepe met 800 man aan boord, het inderdaad op 4 Maart 1796 vertrek, maar nie na die Kaap nie! De Sercey se opdrag was om die slawe op die Franse eilande in die Indiese oseaan, te wete Mauritius en Reunion, vry te stel.[84)] Op die ou end het die vae moontlikheid van Franse hulp slegs valse hoop en verwarring geskep en was dit tesame met Lucas se onbekwaamheid regstreeks verantwoordelik vir die rampspoedige uitslag van die poging om die Kaap te herower.[85)]

Op 23 April 1796 het Craig 'n brief van die Imperiale Regering ontvang waarin hy van die moontlikheid van 'n aanval deur

---

82) Acc. 316 General and Garrison Orders, 13/3/1796, ongepag.; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/3/1796), pp. 30-33; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 12/4/1796, no. 39; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — Huskisson, 3/8/1796), pp. 426-427.

83) T.H. Milo: De Geheime Onderhandelingen tusschen de Bataafsche en Fransche Republieken van 1795-1797 i.v.m. de Expeditie van E. Lucas naar de Kaap de Goede Hoop, hoofstukke, II-VI, IX.

84) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone — Rainier, 31/5/1796, Elphinstone — H. Dundas, 18/6/1796), pp. 380-387.

85) T.H. Milo: De Geheime Onderhandelingen tusschen de Bataafsche en Fransche Republieken , 1795-1797 ..., pp. 1-75; J.C. Mollema: Geschiedenis van Nederland ter zee, III, pp. 368-369.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Frans-Nederlandse mag op hoogte gestel is en verseker is dat die troepemag en vlooteskader aan die Kaap met die oog daarop aansienlik versterk sou word.[86] Craig het dadelik aan Dundas teruggeskryf dat in die geval van so 'n aanval die koloniste sekerlik by die vyand sou aansluit en dat dit derhalwe uiters noodsaaklik was dat versterkings betyds gestuur moet word.[87]

Craig het nie nodig gehad om hom lank oor versterkings te bekommer nie. Tussen Mei en Augustus het ses oorlogskepe en meer as 5 000 manskappe by die Kaap aangekom. Dit getuig van die besonder knap organisasie van die Britse owerhede en ook van die groot waarde wat hulle aan die besit van die Kaap geheg het.[88]

Op 18 Junie het Elphinstone, wat op 23 Mei met die Monarch by die Kaap gearriveer het, en Craig berig ontvang dat 'n vyandelike eskader die omgewing van die Kanariese eilande bereik het. Met 'n mag van oor die 8 000 troepe tot hul beskikking was hulle gereed om 'n vyandelike aanslag af te weer. Daarteenoor was Lucas se mag, bestaande uit 1 972 man aan boord van nege skepe, alles behalwe slaggereed. Hulle het op 3 Augustus in Saldanhabaai aangekom ná 'n sukkelende reis waartydens die Oranje-gesinde bemanningslede duidelik hul afkeer van hul Patriotsgesinde offisiere getoon het. Lucas was ook nie geskik om aan die hoof van die ekspedisie te staan nie. Hy het sy tyd in Saldanhabaai verwyl deur te wag op die Franse wat nooit opgedaag het nie. Intussen het dit duidelik geblyk dat die koloniste in die aangesig van die Britse oormag nie bereid was om die Hollandse mag te hulp te kom nie. 'n Kolonis, Sebastian van Reenen, het Lucas aangeraai om hom so spoedig moontlik uit die voete te maak, maar ten spyte daarvan het Lucas gewag.[89]

Craig, wat in die eerste week van Augustus van Lucas se aankoms in Saldanhabaai verneem het, het op 14 Augustus met

---

86) G.M. Theal: Records of the C.C., I (War Office -- Craig, 14/2/1796, Craig -- H. Dundas, 28/4/1796, pp. 326-327, 372-373.
87) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig -- H. Dundas, 30/4/1796), pp. 376-377.
88) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 6/7/1796, 29/7/1796, nos. 43, 49; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig -- H. Dundas, 30/7/1796), pp. 415-417; W.G. Perrin: The Keith Papers, I, pp. 224-226; C.J. de Villiers: Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803, pp. 72-78.
89) T.H. Milo: De Geheime Onderhandelingen tusschen de Bataafsche en Fransche Republieken, 1795-1797 ..., pp. 149-194; J.C. Mollema: De Geschiedenis van Nederland ter zee, III, pp. 371-374; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig -- H. Dundas, 20/8/1796), p. 443.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2 500 troepe oor land na Saldanhabaai gegaan nadat hy 4000 troepe vir die verdediging van Kaapstad agtergelaat het. Op 15 Augustus het Elphinstone met sy hele eskader van 13 skepe na Saldanhabaai vertrek. Net nadat Craig en sy troepe op 16 Augustus by Saldanhabaai opgedaag het, het Elphinstone met sy eskader die mond van die hawe afgesluit. Enige weerstand teen die oormag was nutteloos. Elphinstone het Lucas versoek om hom oor te gee en daardeur te verhoed dat onnodige bloed vergiet word. Lucas het nog probeer tyd wen, maar die koeël was reeds deur die kerk. Sy Oranjegesinde manskappe het ook teen die Patriotsgesinde offisiere begin muit. Op 17 Augustus het Lucas hom gevolglik oorgegee en sy eskader aan Elphinstone oorgelewer. Terwyl die koloniste gelate toegekyk het, het die Nederlandse poging om die Kaap te herower roemloos geëindig.[90)]

Die koloniste se afsydige houding moet in 'n belangrike mate toegeskryf word aan die streng voorsorgmaatreëls wat Craig getref het.[91)] Hy het reeds op 21 Junie die Burger-Senaat en die onderskeie landdroste in kennis gestel dat 'n eskader van ag skepe veels te klein was om die Britse see- en landmagte aan te durf, en dat dit gevolglik in die burgers se eie belang was om niks te doen wat strafmaatreëls teen hulle sou nodig maak nie. Hierdie stap het ongetwyfeld veel gedoen om al die gerugte oor die koms van 'n Frans-Hollandse mag wat in die loop van 1796 die rondte gedoen het, die nek in te slaan.[92)]

Toe die nuus van die aanwesigheid van 'n aantal vreemde skepe naby Saldanhabaai Craig bereik het, het hy alle toegange na Kaapstad laat blokkeer. Koloniste wat binne tien uur van Saldanhabaai af gewoon het, is gelas om hul vee en perde die binneland in te jaag. Enigiemand wat met die vyand in aanraking kom, sou onmiddellik met die dood gestraf word.[93)]

In hierdie omstandighede was daar weinig burgers wat bereid was om die Hollandse mag aktief te help. Sebastian van Reenen, wat 'n kneg gestuur het om Lucas te waarsku om te vlug, is

---

90) Vgl. R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 25-39; G.M. Theal: Records of the C.C., I, pp. 428-451; W.G. Perrin: The Keith Papers, I, pp. 439-474. In C.J. de Villiers: Die Britse vloot aan die Kaap, 1795-1803, pp. 62-108 en T.H. Milo: De Geheime Onderhandelingen tusschen de Bataafsche en Fransche Republieken, 1795-1797 ... is uitvoerige beskrywings van die poging om die Kaap te herower.
91) R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 2.
92) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 20/8/1796), p. 443; B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Burger-Senaat en Landdroste, 21/6/1796, no. 168.
93) S.D.Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 7/8/1796), pp. 42-43.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sonder verhoor tronk toe gestuur, maar kort daarna weens sy swak gesondheid en omdat Craig nie juis iets teen hom kon bewys nie, vrygelaat.[94] Gedurende hierdie tyd is die "Patriot" C.L. Neethling verban omdat hy op 'n boereparty in die teenwoordigheid van Engelse offisiere die carmagnole - 'n rewolusionêre dans - gedans het.[95]

Aan die ander kant was die burgers ook nie gretig om aan die Britse bewind hulp teen die Hollandse mag te verskaf nie. Nadat Craig bevestiging ontvang het dat vreemde skepe in Saldanhabaai voor anker gelê het, het hy op 7 Augustus die Burger-Senaat en die landdros van Stellenbosch, R.J. van der Riet, gelas om onmiddellik van die koloniste perde te koop en by hulle waens te kry vir die mars na Saldanhabaai. Aanvanklik het die Burger-Senaat Craig meegedeel dat dit moeilik sou gaan om die waens so spoedig soos die regering verlang het, gereed te hê. Craig het egter kortaf die lede van die Burger-Senaat meegedeel dat hy hulle vir die lewering van die waens verantwoordelik hou en gedreig om by elke lid 12 man in te kwartier indien hulle nie hul opdrag uitvoer nie.[96] Hierop het die Burger-Senaat dadelik begin om lyste op te stel van burgers wat waens sou lewer en van diegene wat nie hul weg daartoe oopgesien het nie. Daar was heelparty burgers wat onwillig was om die regering behulpsaam te wees. Op 13 Augustus het Craig gekla dat die goedgesinde Kapenaars die grootste las in die lewering van waens gedra het, terwyl die kwaadgesindes met allerhande ekskuse hul plig ontduik het. As afskrikmiddel het hy by 'n groot Patriot wat geweier het om 'n wa te lewer, 'n sersant en tien soldate ingekwartier.[97]

In teenstelling hiermee het sekere koloniste wat betrekkings onder die Britse bewind aanvaar het, hulle openlik ten behoewe van die Britse belange beywer. Craig het in dié verband spesi-

---

94) In verband met Van Reenen vgl. B.O. 1 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 12/9/1796, no. 39; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 29/8/1796, no. 53; J.C. Mollema: Geschiedenis van Nederland ter zee, III, p. 374; B.O. 50 Letters Despatched: Barnard — Burger-Senaat, 24/7/1797, no. 198.

95) (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Nederburgh, 26/6/1803, no. 536.

96) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 19/8/1796), pp. 434-435.

97) B.O. 1 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 8/8/1796, 9/8/1796, 13/8/1796, Lys van persone wat nie waens kon lewer nie, ongedateer, nos. 27, 29, 32, 33; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 29/8/1796, no. 53; B.O. 49 Letters Despatched: Craig— Burgher-Senate, 13/8/1796, no. 223.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fiek melding gemaak van landdros Van der Riet en W.S. van Ryneveld wat albei 'n belangrike rol in die verkryging van waens en perde gespeel het en ds. M.C. Vos, wat van sy kansel af die gemeentelede aangespoor het om God te dank vir die beskerming wat aan hulle verleen is. Saldanhabaai was vir hierdie persone 'n oomblik van waarheid. Ná hulle hulp teen Lucas se mag, is hulle deur sommige koloniste as ywerige bondgenote ("satelliete" is die woord wat gebruik is) gebrandmerk[98] en was dit vir hulle moeilik om met hul oorspronklike voorstelling vol te hou dat hulle in die Britse diens getree het met die doel om die koloniste se belange te bevorder. In stede daarvan het hulle nou aangevoer dat hulle hulle met die Britse bewind vereenselwig het ten einde die kolonie te vrywaar van die rewolusionêre magte wat, soos in die geval van die Franse Rewolusie, godsdiens, lewens en eiendom bedreig het.[99] Die waarheid is waarskynlik dat baie van hulle hulle só gekompromitteer gevoel het deur hul samewerking met die Britse bewind dat hulle uit eiebelang teen 'n bewindsverandering gekant was.[100]

Met die bedreiging van buite in 'n groot mate afgeweer, en met oorgenoeg troepe tot sy beskikking, het Craig hom ná die "slag van Saldanhabaai" sterk genoeg gevoel om met 'n magsvertoon die opstandige Graaff-Reinet te intimideer.

In Graaff-Reinet het die "burgerkollege" ná die weiering om Bresler as landdros te aanvaar voorbereidsels getref om die distrik teen 'n aanval deur regeringstroepe te verdedig. Hulp is by die Swellendamse burgers gesoek, terwyl die Xhosa-kaptein Hdlambe versoek is om te verhoed dat troepe in sy gebied land.[101]

Die "burgerkollege" het vanaf die middel van 1796 alhoemeer probleme in die gesig gestaar. Daar was twis tussen die lede van dié liggaam;[102] burgers het hul gesag en leiding bevraagteken;[103] en, die belangrikste van alles, daar was geen

---

98) (R.A.) O.I.C. 208 Kapenaars — Genootskap Een en Ondeelbaarheid, Amsterdam, p. 7.
99) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 29/8/1796, 31/10/1796, nos. 53, 64.
100) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 20/8/1796), p. 443.
101) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 25/4/1796, pp. 69-72; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 22/4/1796, no. 14.
102) Vir die twis tussen Van Jaarsveld en A.H. Krugel vgl. G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 15/6/1796, pp. 78-79.
103) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 14/6/1796, 13/6/1796, pp. 73-74, 76. B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Verklaring van D. de Villiers, 7/10/1796, p. 40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ammunisie in die drosdy om die Boesman-bedreiging aan die noordgrens af te weer nie.[104] Die kollege het planne beraam om 'n kommando op 20 Mei teen die Boesmans te laat uitgaan, waarvoor die burgers hul eie ammunisie moes verskaf. Die opkoms was egter so swak dat reëlings vir 'n nuwe kommando getref moes word.[105] Alhoewel Marthinus Prinsloo teen Junie van die onderwyser Cornelis Edeman verneem het dat 'n Frans-Hollandse mag onderweg was na die Kaap, was die ammunisieposisie te benard om geduldig op hulp van oorsee te sit en wag.[106]

Op 13 Julie het die "burgerkollege" en die "volkstem" besluit om teen die helfte van Augustus na Kaapstad te gaan om met Craig te "capituleeren", waarmee hulle bedoel het dat hulle met hom wou onderhandel. 'n Week daarna het Prinsloo vir 15 Julie 'n vergadering van alle Representante belê om, soos hy dit gestel het, "eenparig 't besluijt te neemen met de Engelsche op de beste weyze te capituleeren."[107] Dit wil voorkom of die plan was om 500 Graaff-Reinetters te stuur om in samewerking met die Swellendammers eise aan Craig te stel. Uit die beskikbare stukke is dit duidelik dat hierdie besluite uit desperaatheid geneem is. By geleentheid van Prinsloo se vergadering het 'n persoon uitgeroep dat indien die burgers maar net vier pond buskruit en vier sopies drank in die hande kon kry, hulle na Kaapstad sou opruk en met Craig onderhandel en indien hy nie wou luister nie, die Engelse met kieries sou doodmaak. Ander burgers was egter ontevrede en het aan Van Jaarsveld gevra wáár die ammunisie was wat hy beloof. Hulle het ook geweier om daarsonder na Kaapstad op te ruk.[108]

In Augustus 1796 het die Graaff-Reinetse opstand in twee geskeur. Terwyl die koloniste van Suurveld en Bruintjieshoogte nog in hul verset volhard het, was die burgers van die wyke Sneeuberg, Agter-Sneeuberg, Seekoeirivier, Agter-Renosterberg, Camdeboo en Graaff-Reinet - die noordelike wyke dus - nie bereid

104) B.O. 49 Letters Despatched: Ross — Faure, 29/7/1796, no. 197.
105) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 1/2/1796, 13/6/1796, pp. 62, 74.
106) C.J. 798 Kriminele Vonnisse: Vonnis van Edeman, 3/9/1800, p. 287.
107) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 13/6/1796; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Prinsloo — "Goede Vrienden", 21/6/1796, p. 77.
108) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Verklaring van D. de Villiers, 7/10/1796, pp. 41-44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om met 'n ammunisietekort aan die een kant en die Boesman-bedreiging aan die ander kant die opstand voort te sit nie. Op 'n vergadering, gehou op 22 Augustus, waarop Bruintjieshoogte en Suurveld nie teenwoordig was nie, het hierdie wyke besluit om Craig in kennis te stel dat hulle hulle aan die Britse gesag onderwerp.[109)]

Craig, wat vroeg in September verneem het dat die opstandige Graaff-Reinetters van plan was om op die 15de van die maand die landdros en heemrade van Swellendam af te sit, het besluit om, soos hy dit gestel het, "the proceedings of these people" te beëindig en om vir dié doel 'n troepemag tot so ver as Swellendam te stuur. Aan maj. King, die bevelhebber, is verduidelik dat die doel daarvan was "more to impress the people with terror and to convince them of the practicability of our reaching them, than in any hope that it will be in your power to chastise the Inhabitants of Graaffe Rynette, who will probably keep at such a distance from you as to preclude the possibility of your affecting it."[110)] Die troepemag was 800 man sterk, van wie ongeveer 150 Hottentotte was. Craig het spesifiek opdrag gegee dat King daarteen moes waak dat Hottentotte parmantig optree teenoor die koloniste. Terselfdertyd moes dit duidelik gestel word dat die Hottentotte teen veronregting beskerm sou word.[111)]

Op 9 September, drie dae na die vertrek van die troepemag, het die brief in Kaapstad opgedaag waarin die ingesetenes van die noordelike wyke hul onderwerping aan die Britse gesag bekend gemaak het. Hulle het bygevoeg dat, alhoewel die koloniste langs die oosgrens nie deel aan die besluit gehad het nie, hulle in staat gevoel het om enige landdros of predikant wat die regering uitstuur, behoorlik te ontvang. Craig was veral beindruk deur die feit dat Van Jaarsveld, wat hy as een van die leiers van die opstand beskou het, hom nou ook onderwerp het. Hy het gevolglik besluit om die afdeling soldate, waarvan die voorpunt alreeds Roodezand bereik het, terug te roep. Aan Gerotz is bevel gegee om as provisionele landdros aan te bly totdat die landdros wat die regering aangestel het, daar opdaag, terwyl die heemrade en lede van die krygsraad wat dienende was toe die opstand uitgebreek het, beveel is om hul diens te hervat. Die Graaff-Reinetters sou vergewe word, maar in die geval van

---

109) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Gerotz en lede — Craig, 22/8/1796, pp. 9-12; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 22/8/1796, p. 80.

110) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig— King, 4/9/1796), p. 453.

111) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig— King, 4/9/1796), p. 455.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

J.P. van Woyer, wat as een van die vernaamste aanhitsers bestempel is, is 'n bedrag van 100 Rds. vir sy inhegtenisname uitgeloof.[112)]

Die Bruintjieshoogte-Suurveld-groep wat die sleutelrol in die Graaff-Reinetse opstande gespeel het, was nou in 'n netelige posisie. Hulle het kennis gekry van die vergadering van 22 Augustus, maar wou dit nie bywoon nie en het ná die besluit op die vergadering in die distrik alleen gestaan. Die berigte wat die grens in September bereik het van die nederlaag van Lucas se mag en die opmars van die regeringstroepe het hul posisie verder verswak. In Oktober het Gerotz in 'n brief hulle die rug toegekeer toe hy Prinsloo en 'n aaltal Representante meegedeel het dat hy besluit het om sy aanstelling deur Craig te aanvaar en dat niemand twee here kon dien nie.[113)] Daarmee het hy bedoel dat hy hom van die opstand losgemaak het.

Op 12 November het Marthinus Prinsloo en 30 ander ingesetenes van Bruintjieshoogte en Suurveld vir die laaste keer geprobeer om met Craig te onderhandel. In 'n brief het hulle hulself bereid verklaar om hulle aan die Britse gesag te onderwerp, maar onder sekere voorwaardes. Hiervan was die vernaamste dat hulle in staat gestel moes word om die vee wat die Xhosas van die koloniste gesteel het, terug te vat; dat hulle 'n stuk grond ten ooste van die Visrivier tot by die Koonap- of Katrivier mag beset; dat Craig nie weer 'n voormalige Kompanjiesamptenaar of Bresler as landdros moet uitstuur nie en dat die heemrade deur die burgers gekies mag word.[114)]

Craig was nie bereid om enige van hierdie voorwaardes te aanvaar nie. Inteendeel, hy het Prinsloo en sy volgelinge gewaarsku om geen aggressie teen die Xhosas te pleeg nie. Hy het dit duidelik gestel dat hy aan die oorblywende opstandiges geen ammunisie sou verskaf voordat hulle hulle onvoorwaardelik onderwerp nie.[115)]

Prinsloo en sy volgelinge was nou verplig om hulle onvoor-

---

112) B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Gerotz, Heemrade en Ingesetenes, 12/9/1796, Craig — Gerotz, 12/9/1796, nos. 261-262; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 9/9/1796, no. 55; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 12/9/1796), pp. 48-49.

113) G.R. 16/1 Letters Despatched: Gerotz — M. Prinsloo e.a., 2/10/1796; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Craig, 29/8/1796, no. 22; B.O. 31 Letters from Overseers of Bays: Aabue — Craig, 3/10/1796, p. 101.

114) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: H. Klopper, M. Prinsloo e.a. — Craig, 12/12/1796, pp. 47-53. Sien ook Bresler se kommentaar hierop in dieselfde volume, pp. 91-106.

115) B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Inhabitants of Agter-Bruintjieshoogte, 31/12/1796, Craig — Provisional Landdrost and Heemraden, 2/1/1797, nos. 389-390.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waardelik aan die Britse gesag te onderwerp. In 'n brief, gedateer 14 Januarie 1797, het hy en 48 koloniste van Bruintjieshoogte en Suurveld beloof om trou en gehoorsaam aan die regering te wees.[116] Kort daarna is die hoop wat hulle gehad het om die opstand met hulp uit die buiteland te hervat, verydel. Hierdie hoop was gevestig op Van Woyer wat teen die helfte van 1796 in Algoabaai deur 'n Deense skip opgepik is en in Batavia vir die grensboere gaan hulp soek het. Hy het die Goewerneur-Generaal, Van Overstraaten, oorreed om 'n skip, 't Haasje, met 36 000 pond buskruit, ag veldkanonne, asook voedsel, weefstof, suiker en koffie na Algoabaai te stuur waar dit deur die Graaff-Reinetters in ontvangs geneem sou word. 't Haasje het egter weens 'n storm in Delagoabaai beland waar dit deur 'n Engelse skip buitgemaak is.[117] Andrew Barnard het in dié verband geskryf dat die Graaff-Reinetters op ontvangs van die ammunisie van plan was "to declare themselves independent of the Cape and establish a Government of their own after the French system."[118]

Daar was later sprake van nog 'n plan om die Kaap te herower. In Oktober 1800 het die Frederick, onder 'n Pruisiese vaandel, aan die Kaap gearriveer met ene Prediger aan boord. Hy was teen 1796 Kommissaris van Justisie in Batavia en het daarna na Nederland vertrek waar hy aan die Bataafse owerhede 'n plan voorgelê het om 'n eskader van lynskepe en fregatte na Batavië te stuur. Hy is toe na Frankryk waar hy na bewering daarin geslaag het om sekere reëlings met die Franse direktoraat te tref. (Dit is nie bekend of hy beloftes van Franse hulp verkry het nie). Volgens inligting wat die Britse owerhede ingewin het, was die plan "to try to recover some of their [Nederlandse] possessions in India. Perhaps Ceylon but the Cape is expressly named as being in contemplation and as being intended to be effected by the Dutch above, if possible, being jealous of the French, and it is confidently said, if they could land at the Cape they were sure of success."[119] Prediger was na bewering op pad om die Goewerneur-Generaal van Batavië in te lig oor die koms van die mag toe hy aan die Kaap in hegtenis geneem en na

---

116) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Koloniste van Bruintjieshoogte en Suurveld — Craig, 14/2/1797, pp. 111-113.
117) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 14/8/1797; Pringle — Nepean, 17/8/1797; Macartney — H. Dundas, 14/10/1797), pp. 148-151, 152-154, 187-188; A.J. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 121.
118) Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Brooke, 23/8/1797, p. 9.
119) (P.R.O.) W.O. 1/332 Correspondence In-Letters: Abstract of Intelligence, ongedateer, pp. 567-568.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engeland gestuur is. Dit wil egter voorkom of Van Ryneveld oortuig was dat Prediger nie aan enige komplotte teen Engeland skuldig was nie.

Met die besluit in 1796 om die Kaap onder kroonkolonie-regering te plaas, het Brittanje 'n aanduiding gegee van sy voorneme om nie weer daarvan afstand te doen nie. Daar kan geredelik aangeneem word dat indien Brittanje van plan was om die Kaap terug te gee, hy nie 'n Goewerneur sou uitstuur nie, maar 'n militêre offisier aan die hoof van die administrasie sou hou.

In sy aanstelling van amptenare wat die vernaamste posisies in die administrasie sou beklee, het Dundas die verdere konsolidasie van die Britse magsposisie aan die Kaap in gedagte gehad. As Goewerneur is aangewys die voormalige Goewerneur van Madras, graaf Macartney, iemand met rype administratiewe ervaring en 'n onverbiddelike handhawer van gesag.[120] Aan die ander kant wou Dundas ook die konsiliasie van die koloniste bevorder. Hy het as koloniale sekretaris aangestel Andrew Barnard wie se sjarmante eggenote, lady Anne Barnard, as Macartney se gasvrou sou optree. Sy was welbekend in Londense sosiale kringe en 'n goeie vriendin van Dundas. Hy het haar versoek om hom openhartig in te lig oor alles wat aan die Kaap - sy "favourite child" - gebeur het.[121]

Macartney se aankoms in Mei 1797 was, soos lady Anne Barnard dit gestel het, 'n koue stortbad vir die koloniste. Sy skryf dat die geval was selfs met "the Dutch who had vainly flattered themselves, till a Governor came, that a Governor never would come, and that the Cape would somehow or another fall back into the old hands or be ceded to the French."[122] Tog het die meeste koloniste, ten spyte daarvan dat daar nou 'n Goewerneur was, onwillig gebly om hulle met die nuwe bewind te vereenselwig. Op 'n bal wat Craig ter ere van Macartney gegee het, was behalwe 'n aantal dames slegs W.S. van Ryneveld, die fiskaal, O.G. de Wet, die president van die Raad van Justisie, en nog een of twee amptenare aanwesig. Lady Anne Barnard het opgemerk dat hulle net vir 'n kort rukkie hul verskyning gemaak het en toe weer verdwyn het, amper asof hulle bang was om daar gesien te word. Sy vervolg: "They cannot divest themselves of the opinion that the English

---

120) H.H. Robbins: Our First Ambassador to China - An Account of the Life of George, Earl of Macartney.
121) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope, 1795-1802, pp. 1-18.
122) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard -- H. Dundas, 10/7/1797.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

will be obliged to cede the Cape to the Dutch, or to France, on a peace, and therefore do not want to get known as partisans of the English Government."[123)]

Macartney het onmiddellik geprobeer om die opvatting dat die Kaap net tydelik in Britse besit was, die nek in te slaan. Teenoor die Burger-Senaat het hy opgemerk dat Brittanje dit as 'n baie belangrike besitting beskou en vasbeslote was om dit nie weer prys te gee nie. In 'n proklamasie van 28 Mei 1797 het hy ook die hoofde van families beveel om hul eed van getrouheid aan die Britse koning te hernieu. Waar die eed van 1795 egter bepaal het dat dit sou geld vir so lank as wat die Kaap in Britse besit is, is hierdie kwalifikasie in Macartney se proklamasie weggelaat en het dit gelui: "Ik zweer dat ik gehouw en getrouw zal zijn aan zijne Majesteit George de Derde, Koning van Groot Brittania ..."[124)]

Die sogenaamde "permanente" eed het by die verskillende groepe koloniste wisselende reaksies uitgelok. Teen 1797 het daar verskillende "partyskappe" onder hulle uitgekristalliseer. In die eerste plek was daar die sogenaamde "Engelsgezinde factie". Aan hierdie groep het, volgens 'n naamlose en geheime stuk, persone soos fiskaal Van Ryneveld, landdroste Van der Riet en Bresler, asook J.A. Truter en P.J. Truter, wat lede van die Raad van Justisie was, behoort. Hulle het ten nouste met die Britse bewind saamgewerk en nie geskroom om koloniste wat deur hulle van ondermynende bedrywighede verdink is, aan die kaak te stel nie.[125)] Tweedens is die sogenaamde "Oranje-aanhang" aangetref. Hul lojaliteit het by die Prins van Oranje gelê, maar hulle het hulle nie aan "vervolging" van hul landgenote skuldig gemaak nie. Diegene wat onder hierdie twee groepe geressorteer het, het nie daarteen beswaar gehad om die eed af te lê nie.[126)]

Derdens was daar die gematigde ("gemodereerde party") wat uit die mees gegoede koloniste bestaan het en wat almal steeds aan Nederland trou gebly het. Die volgende koloniste, onder meer, het in dié groep geval: J.A. Horak, W.F. van Rheede van

---

123) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 10/7/1797.
124) B.O. 69 Book of Oaths: Eed van getrouheid en lys van persone wat dit afgelê het; B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 7/6/1797, no. 96.
125) Vir optrede van Van Ryneveld teen "Jakobyne" vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 31/10/1796), p. 476.
126) (R.A.) Rd. Az. Bez. 397 Buitengewoon secreet-stukken over emploiabele personen aan de Kaap. April 1801, ongepageneerd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Oudtshoorn, D.G. van Reenen, A. Vermaak, H.O. Eksteen en J.A. Kirsten. Die "Ultra-rewolusionêres" het die vierde groep gevorm. Volgens die bogenoemde stuk het hulle sonder beginsels gehandel en kon hulle nie met die gematigde party eenstemmigheid bereik nie.[127] Later is slegs twee benamings vir die partyskappe aangetref: die "Anglomanen" wat in 'n "klemhebbende" regering geglo het en liewer onder vreemde oorheersing sou staan as onder "allesbederwende anargie" te lewe, terwyl die ander kant die "Jakobyne" was wat "aan het oude Moederland" geheg was.[128]

Uit die aard van die saak was dit veral die sogenaamde Jakobyne wat deur die eed wat Macartney voorgeskryf het, in 'n krisis gedompel was. Hulle was gegrief oor die eed wat hulle moes aflê, maar die meeste het besluit om die proklamasie te gehoorsaam ten einde verbanning vry te spring. By die Kasteel, waarheen die ingesetenes van Kaapstad en distrik opgegaan het om die eed af te lê, het lady Anne Barnard hul houding soos volg beskryf: " ... many of them seemed sulky and ill-affected; their manner seemed to say: 'There is no help for it. We must swear for they are the strongest'".[129] 'n Aantal koloniste het egter geweier om die voorgeskrewe eed, wat vir hulle na 'n permanente eed van getrouheid aan die Britse koning gelyk het, af te lê. Hulle het gevoel dat hulle die moederland sou verloën indien hulle trou sweer aan 'n ander land se staatshoof alvorens by vredesluiting formeel van die Kaap afstand gedoen is.[130]

Toe dit blyk dat ongeveer 50 koloniste in die Kaapse distrik geweier of versuim het om die eed af te lê, het Macartney in 'n proklamasie gewaarsku dat indien hulle dit nie doen nie, hulle hulself gereed moes maak om binne 'n maand na Batavië of enige ander Hollandse besitting verban te word. Voor hierdie dreigement het hulle geswig, en almal het toe die eed afgelê. Onder hulle was Van Rheede van Oudtshoorn wie se versoek om van

---

127) (R.A.) Rd. Az. Bez. 397 Buitengewoon secreet stukken over emploiabele personen aan de Kaap, April 1801. Vgl. ook (R.A.) O.I.C. 242 Brief van Oudfiskaal Muller, ongedateer (ongeveer Mei 1797).

128) G.M. Theal: Bel. Hist. Dok., III (Bylae tot Janssens — De Mist, 30/1/1803), pp. 191-192.

129) W.H. Wilkins: S.A. a Century ago (Barnard — Dundas, 10/8/1797), p. 65.

130) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Petisie van F. Roos e.a. Stellenbosse burgers — Macartney, 2/2/1798, pp. 375-383. Sien ook B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Barnard, 13/1/1798, no. 2; B.O. 56 Day Book, 14/11/1797, p. 180.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die eedaflegging verskoon te word, kortaf geweier is.[131)]

Ook in die distrik Stellenbosch was daar moeilikheid. Toe die laaste dag verstryk het waarop die eed afgelê kon word, het die landdros en heemrade na veel wroeging besluit om die Goewerneur in kennis te stel dat die volgende burgers versuim het om die eed af te lê: Gerrit Myburgh en Phillipus Myburgh (die seuns van P.A. Myburgh van Eersterivier), Paul Roux, Jacobus Roux en Tielman Roux (die seuns van Jacobus Roux), Jan Villiers, Frans Roos, Tielman Roos, Jan Roos en ook J. Appel, 'n werknemer van P.A. Myburgh. Nadat hulle 'n tweede keer versuim het om die eed af te lê, het Macartney vir Andrew Barnard na Stellenbosch gestuur met die opdrag dat, indien hulle weer weier, hulle onmiddellik na Kaapstad gestuur moes word om verban te word.

Ná Barnard se aankoms op Stellenbosch op 10 November 1797 het twee van hulle (waarskynlik Paul Roux en Jan Villiers) die eed afgelê, terwyl P.A. Myburgh beloof het dat sy twee seuns en sy werknemer wat in die binneland was, later die eed sou aflê. Jacobus Roux, Tielman Roux, Tielman Roos, Frans Roos en Jan Roos, wat steeds geweier het om die eed af te lê, is onder geleide na Kaapstad gestuur. Jan Roos is onmiddellik verban. Hy is as lid van Lucas se mag in die "Slag van Saldanhabaai" krygsgevange geneem en het volgens Barnard die leidende rol in die eedweiering van die tien Stellenbossers gespeel. Die orige vier is in die Kasteel opgesluit tot tyd en wyl hulle ook uit die land gestuur kon word.

Op versoek van Jacobus Roux, die vader van Tielman en Jacobus, het die Burger-Senaat hom beywer om die verbanning te verhoed. Macartney het die vier halsstarriges op 18 November op borgtog vrygelaat, maar toe hulle twee maande later weer eens geweier het om die eed af te lê, behalwe indien dit duidelik gestel word dat die eed slegs geldig sou wees solank die Kaap in Britse besit bly, is hulle gewaarsku om hulle gereed te maak om binne 40 dae uit die kolonie gestuur te word. Uiteindelik het hulle in Februarie 1798 op bevel van Macartney vir hul dade vergifnis gevra en onvoorwaardelik die eed afgelê.[132)]

---

131) Die lys van name verskyn in S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie 28/6/1797), pp. 87-90. Sien ook B.O. 50 Letters Despatched: Barnard — Van Oudtshoorn, 15/6/1797, 19/6/1797, nos. 115, 121.

132) Daar was 'n uitvoerige briefwisseling i.v.m. die aangeleentheid. Die vernaamste dokumente is: B.O. 56 Day Book, 14-18/11/1797, pp. 178-185; B.O. 50 Letters Despatched: Briewe genommer 382, 384, 400, 421-2; B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Barnard, 13/1/1798, no. 2; C.T.M. 1/1/6 Resolusies van Burger-Senaat, 14/11/1797; W.H. Wilkins: S.A. a Century ago (Barnard — Dundas, 29/11/1797), pp. 107-117; B.O. 33 Petisie van F. Roos e.a. — Macartney, 2/2/1798, pp. 375-383; B.O. 36 Memorials: Petisie van F. Roos e.a., 2/2/1798, pp. 391-394.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In nog 'n Stellenbosse aangeleentheid het Macartney getoon dat hy nie ongehoorsaamheid aan die regeringsgesag sou duld nie. Die lede van die krygsraad van Stellenbosch het dié instelling as oorbodig beskou. Toe die kwessie van die eed in 1797 ter sprake gekom het, het die lede, met die steun van Van der Riet, eenparig hul ontslag versoek en die begeerte uitgespreek om nie hul ampseed te hernieu nie, maar om slegs die eed af te lê wat van alle burgers vereis is. Macartney het geweier en opdrag gegee dat indien die lede die inkwartiering van soldate by hulle wou vermy, hulle onmiddellik die ampseed moes aflê. Toe P.A. Myburgh en sy seuns Phillipus en Gerrit van Eersterivier, J.A. Myburgh en D. Mormel van Hottentots-Holland, P. Morkel van Klapmuts en I.O. Cloete van Paarl in gebreke bly om die ampseed af te lê, is teen die einde van November 1797 by P.A. Myburgh senior, 22 soldate en by elk van die ander 10 soldate ingekwartier. Na 'n maand was hulle bereid om die ampseed af te lê. Met al die lede tot gehoorsaamheid gedwing, het Macartney 'n vergadering van die krygsraad belê en Barnard en lede laat meedeel dat die kollege nie meer hoef te vergader nie. Klaarblyklik wou Macartney toon dat daar nie met die regeringsgesag gespeel moes word nie.[133)]

Dit is nie duidelik of Macartney in dié geval die kapitulasievoorwaarde dat niemand "tot den Dienst van Zyne Groot Britannische Majesteit worden geprest, nog geëngageerd, als met zyn eige vrye Wille,"[134)] geskend het nie. Moontlik het hy lidmaatskap van die krygsraad as net so 'n verpligting soos krygsdiens beskou, maar dit is opvallend dat Craig lede van die krygsraad wat nie die ampseed wou aflê nie, toegelaat het om te bedank. Generaal Dundas weer het burgers wat onwillig was om as wykmeesters te dien, met verbanning gedreig.[135)] Dit laat die vermoede ontstaan dat hy dit as die koloniste se burgerlike plig beskou het om ampte soos lidmaatskap van die krygsraad, veldkornet, wykmeester en ander ampte in die plaaslike administrasie te beklee wanneer hulle daartoe benoem is. Só 'n vertolking sou daarop neergekom het dat die kapitulasievoorwaarde slegs op die bekle-

---

133) B.O. 56 Day Book, 17/11/1797, 8/1/1798, 12/1/1798, pp. 184, 204-207; STB. 13/11 Notule van Krygsraad, 6/6/1797, 16/10/1797, 5/12/1797, 7/1/1798; B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Briewe genommer 150-151, 161, 166-172, 180, 183.

134) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Articles of Capitulation, 16/9/1795), p. 130.

135) B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas -- Burger-Senaat, 19/2/1799, no. 60, nos. 189, 310, 343; B.O. 51 Letters Despatched: Barnard -- Landdros en Heemrade, Stellenbosch, 12/1/1798, no. 12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ding van ampte in die "staatsdiens" soos byvoorbeeld dié van fiskaal betrekking gehad het.

In die twee oostelike distrikte is nie veel moeilikheid met die aflegging van die eed ondervind nie. Petrus Delport het weer geweier om die eed af te lê. Hy is op 5 Junie 1798 in Swellendam in hegtenis geneem en na Kaapstad gestuur, waarvandaan hy teen die helfte van Julie met die Minerva die land uit gestuur is.[136] In Graaff-Reinet het die ampsaanvaarding van landdros Bresler in Augustus 1797 en die eedaflegging sonder voorvalle geskied. Blykbaar was die afdeling van 12 soldate wat Bresler vergesel het, voldoende om gehoorsaamheid en respek af te dwing.

Gerugsteun deur 'n troepemag wat teen die begin van 1798 meer as 5 000 man sterk was, en 'n eskader wat in 1797 uit sewe lynskepe, sewe fregatte, vier kleinere oorlogskepe en 'n voorraadskip bestaan het, was die Britse gesag gedurende Macartney se dienstermyn stewiger as in enige ander tydperk gedurende die besetting. As gevolg van sy optrede was die regeringsgesag gerespekteer en gevrees. Maar die Britse bewind was nie gewild nie. Macartney het byvoorbeeld die verteenwoordigende funksie van die Burger-Senaat afgewater,[137] en dié liggaam oor die kole gehaal omdat sommige lede so oneerbiedig was om nie die briewe aan die Goewerneur te onderteken nie.[138] Só vernederend was sy antwoorde op die Burger-Senaat se versoeke dat slawe ingevoer moet word dat dié liggaam besluit het om daaroor nie meer vertoë te rig nie.[139]

Die Burger-Senaat moes ook 'n bitter pil sluk oor die kwessie van die stadhuis, ook genoem die "burgerwaghuis", wat teen 1755 deur die burgers op eie koste opgerig is.[140] Op 29 Mei 1798 het garnisoenoffisiere versoek om die saal op die boonste verdieping te huur vir 'n bal wat hulle by geleentheid van die Koning se verjaardag wou gee. Die Burger-Senaat het egter geantwoord dat hy nie gemagtig was om toestemming vir die gebruik van enige distriksgebou te gee vir doeleindes anders as dít waarvoor dit opgerig was nie. Op daardie stadium het

---

136) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Macartney, 6/6/1798, no. 52; B.O. 56 Day Book, 11/7/1798, p. 277.
137) Sien pp. 107-109.
138) B.O. 51 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 21/2/1798, no. 60. Vgl. die Burger-Senaat se verweer in B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 26/2/1798.
139) C.T.M. 1/1/8 Resolusies van Burger-Senaat, 22/2/1799, p. 66; B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 25/2/1799, no. 63.
140) V.C. 105 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, p. 191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Macartney ingegryp. Hy het aan die Burger-Senaat laat weet "that it is not his intention in future to do the Burgher Senate the honour of consulting them with regard to the use of the Stad House. It is His order that the keys be delivered to Brigadier-General Vandeleur. He shall not easily forget the difficulties made by the Burgher Senate to facilitate the loyal purpose of celebrating H.M.'s birthday."[141] Geen aantasting van die regeringsgesag deur 'n burger of bestuurskollege is deur hom geduld nie.

Macartney was selfs nóg ongenaakbaarder toe hy snuf van Jakobynse aktiwiteite in die neus gekry het. Dit was die geval toe hy daarvan te hore gekom het dat die kolonis H.O. Eksteen van Bergvliet op huwelikuitnodigingskaartjies sy gaste "citizens" genoem het. (In die korrespondensie wat die regering oor die aangeleentheid gevoer het, word slegs die Engelse woord gebruik en dit is nie duidelik of Eksteen die Franse of Hollandse ekwivalent van die woord gebruik het nie). Macartney het Eksteen van "intentional violation of decency and good order" beskuldig omdat hy van 'n aanspreekvorm "adopted by levellers of all distinction in France" gebruik gemaak het. Troepe is vir 'n tyd by hom ingekwartier en daarna moes hy nog 'n borg van 500 Rds. gee dat hy hom in die toekoms nie weer aan 'n soortgelyke optrede sou skuldig maak nie.[142]

Terwyl Macartney kwetsend opgetree het en nie gehuiwer het om van dwangmetodes, soos inkwartiering, gebruik te maak om gesag en respek af te dwing nie,[143] het die taak op die skouers van die sjarmante lady Anne Barnard gerus om die koloniste met die Britse bewind te versoen. Anders as baie Britse amptenare wat op aanmatigende wyse op die koloniste neergesien het, het die Barnard-egpaar uit hul pad gegaan om die koloniste te leer ken en hulle te konsilieer. Die maandelikse bal wat lady Anne in die Kasteel gehou het, het die middelpunt van die Kaapse sosiale lewe geword. Sy het daarheen nie slegs, soos Van Ryneveld voorgestel het, pro-Britse koloniste genooi nie, maar het haar bes gedoen om ook die "Jakobyne" nader te trek en deur middel van sosiale verkeer hul antagonisme af te breek. Op die

---

141) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 2: Barnard — Burger-Senaat, 3/6/1798, p. 315; Z.A. Tijdschrift, 1830, pp. 24-28.

142) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Eksteen, 26/8/1798, no. 241. Vgl. ook (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Barnard — H. Dundas, September 1798; B.O. 56 Day Book, 27/8/1798, p. 293.

143) B.O. 50 Letters Despatched: Barnard — Burger-Senaat, 25/10/1797, no. 349.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ou end het lady Anne met haar groot persoonlike gewildheid en die geleenthede vir sosiale verkeer wat sy geskep het, méér as enigiemand anders gedoen om die betrekkinge tussen die voor-aanstaande koloniste van Kaapstad en omgewing en die bewindhebbers te verbeter. Huwelike tussen Kaapse dames en Britse offisiere wat mekaar ontmoet het op geselligheide wat sý gereël het, het gedurende die tweede helfte van die Britse besetting so algemeen geword dat een waarnemer geskryf het: "we shall very shortly see a race of English men grafted on a Dutch stock which in a great measure will conciliate the affections of the people in general."[144)]

Nog 'n faktor wat die verstewiging van die Britse gesag in die hand gewerk het, was die welslae op see wat Brittanje in die oorlog behaal het. Hierdie welslae het dit baie meer waarskynlik gemaak dat Brittanje besit van die Kaap sou behou. Na die rampe van 1797 toe, onder andere, matrose van die Britse kanaalvloot en van die Kaapse eskader[145)] oor beter behandeling gemuit het, het Brittanje algaande oppermag op see verwerf en sodoende die moontlikheid van 'n Franse verowering van die Kaap feitlik uitgeskakel. Die Franse eskader van De Sercey by Mauritius, wat aanvanklik vir Britse skepe 'n groot bedreiging in die Indiese Oseaan gevorm het, het tussen 1797 en 1799 geleidelik verbrokkel en teen die einde van laasgenoemde jaar het De Sercey na Frankryk teruggekeer.[146)] Ook in die noordelike seë het die oorlog vir Engeland 'n gunstige wending geneem. In die laaste dae van 1798 het aan die Kaap die nuus van die deurslaggewende Slag van die Nyl (1 Augustus 1798) bekend geword. Die betekenis van hierdie slag, waardeur die planne van Napoleon in 'n groot mate gefnuik is, is ook aan die Kaap besef en het, volgens 'n Britse amptenaar, veroorsaak dat die "Jakobynse" party "cursed blue" gelyk het.[147)] 'n Jaar later is die

---

144) (S.A.O.B.) The Diary of S.E. Hudson, 22/10/1799. Vgl. ook (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 30/10/1797, 10/11/1798; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard, pp. 135, 147 - 149; (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Andrew Barnard — H. Dundas, 23/8/1797.

145) V. Harlow merk tereg op dat die muitery aan die Kaap "belongs to British naval history rather than that of the Cape." (Cambridge History of the British Empire, VIII, p. 184). Dit word uitvoerig bespreek in C.J. de Villiers: Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803, pp. 109-131. Vgl. ook B.O. 56 Day Book, pp. 158-160; G.M. Theal: Records of the C.C., II, pp. 161-186, 206-212.

146) C.J. de Villiers: Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803, pp. 140-143.

147) (S.A.O.B.) The Diary of S.E. Hudson, 30/12/1798, p. 16. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — Governor in Council, 23/1/1799), p. 345.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuus ontvang van die Britse aanval op die kus van Nederland en die verowering van die Nederlandse vloot. Andrew Barnard het dit as 'n nekslag vir die "Jakobynse" party beskryf en bygevoeg, met verwysing na die eed wat by Yonge se ampsaanvaarding afgelê moes word: "The Oath of Allegiance now is swallowed like oil and no opposition whatever has been made."[148)]

Na hierdie welslae het lady Anne Barnard bevind dat koloniste wat hulle vroeër afsydig gehou het en by die Britte as "ill-affected" aangemerk gestaan het, groter bereidwilligheid begin toon het om op sosiale vlak met die veroweraar te verkeer. Sy het hulle by haar sosiale kring ingetrek, ten spyte van die besware van daardie koloniste wat hulle reeds van vroeg af aan die kant van die Britse bewind geskaar het. Een van diesulkes het gekla: "to be sure .... they will all gladly come in now that they see the french game is up for them, but is that not very hard on us, to see ourselves at the same table with a set of Rascals who would have overturned us all if they could."[149)] Die bereidwilligheid van baie Kaapse koloniste om met die Engelse op sosiale vlak te verkeer, het egter nog nie daadwerklike steun vir die Britse bewind beteken nie. Die oorgrote meerderheid van hulle het nog geglo dat Engeland weer van die Kaap sou afstand doen. En terwyl dít die heersende opvatting was, was daar min koloniste wat hulle openlik as pro-Brits wou openbaar.[150)]

Teenoor die koloniste wat uitgesproke pro-Brits was, en ook teenoor die meerderheid wat daarna gehunker het dat die Kaap weer in Hollandse hande moes teruggaan, maar intussen die Britse bewind passief verdra en aanvaar het, was daar 'n groep wat, wanneer die geleentheid hom sou voordoen, bereid sou wees om die regering te saboteer of uit te daag, al het hulle nie kans gesien om dit omver te werp nie. Dit was hierdie groep wat Macartney se opvolger, sir George Yonge, in gedagte gehad het toe hy ná die verswakking van die Britse garnisoen geskryf het dat die Britse gesag in 'n groot mate gebaseer was op "the Strength and Power of Government to support itself ..." Hy het voortgegaan: "the Disaffected here of which there are many draw their conclusions and are not slow in Calculating the weakness

---

148) Acc. 1415 (74) (C) Andrew Barnard Letters: Andrew Barnard -- Macartney, 11/1/1800, p. 51.
149) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 5/1/1800.
150) J. du P. Scholtz: Die Afrikaner en sy taal, 1806-1875, pp. 3-4, 18; B.O. 33 Miscellaneous Documents: Callender — F. Dundas, 24/2/1799, p. 776.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of a garrison .... [which] is the Thing in the world that will provoke and encourage attempts which would not otherwise be thought of ...."[151]

In die loop van 1798 het dit vir die Imperiale Regering nodig geword om die troepemag aan die Kaap aansienlik te verswak. Toe die nuus van Napoleon se Egiptiese veldtog in Mei 1798 in Londen bekend geword het, het die Imperiale Regering onmiddellik gevrees dat Napoleon van plan was om die Britse besittings in die Ooste aan te val in samewerking met Tipu, die inboorlingheerser van Mysore op die Indiese Argipel wat met die Franse 'n bondgenootskap gesluit het. Dit was dringend noodsaaklik om die verdediging van die ryk te versterk, maar omdat die opstand wat in 1798 in Ierland uitgebreek het, nog nie onderdruk was nie, was dit onmoontlik om troepeversterkings vanuit Brittanje te stuur. Daar is gevolglik besluit om uit Portugal, Gibraltar en die Kaap elk 'n aantal Britse regimente te onttrek.

Die regimente wat teen die einde van 1798 en begin van 1799 van die Kaap vertrek het, het die Kaapse garnisoen met meer as die helfte verswak en dit kon teen die einde van 1798 nie meer as 1 500 tot 2 000 man sterk gewees het nie. Dit het 'n geruime tyd geduur voordat die troepemag weer aangevul is tot oor die 4 000 man. Op 5 Junie 1801 word die troepemag as 4 600 en die vlootmag as 3 000 man sterk aangegee, maar dit is nie duidelik wanneer die troepeversterkings opgedaag het nie. Ook die eskader is gedurende die tweede helfte van die besetting as gevolg van toenemende pligte baie verswak, en daar was op een tydstip slegs een skip van die eskader aan die Kaap. Die Britse bevelvoerders aan die Kaap was baie verontrus oor die verswakking van die Britse militêre mag. Yonge het die gevoel goed vertolk toe hy geskryf het: "The Security and Fidelity of the People of this Colony depends in the first place on the Conviction that it is to remain to Great Britain. - In the next place on the Strength and Power of Government to Support itself."[152]

---

151) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 29/3/1800), pp. 103, 105.

152) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 29/3/1800), p. 104. Vgl. verder G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Minutes of the proceedings of a Supreme Commission, 5/6/1801), p. 187; G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office -- Macartney, 18/6/1798, F. Dundas -- Governor in Council, Fort St. George, 18/1/1799, Deposition of F. Dundas, 25/1/1799), pp. 261-264, 337-338, 349; C.J. de Villiers: Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803, pp. 54-62.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In November 1798 is die Britse mag verder verswak deur 'n brand wat in die stalle uitgebreek het. In die brand, wat op die 22ste uitgebreek het, is 132 kavallerieperde dood, en 'n groot deel van die voorrade vir die leër en vloot is ook vernietig. Na die brand het die vraag dadelik ontstaan of dit die werk van brandstigters was. 'n Hof van ondersoek het bevind dat die brand waarskynlik deur die aandkanon veroorsaak is.[153)]

Die verswakking van die troepemag en die brand in die regeringsstalle is op 20 Desember deur 'n brand in die stoorkamer van die barakke gevolg. Generaal Dundas, wat van November 1798 tot Desember 1799 as goewerneur waargeneem het, was oortuig dat dit die werk was van persone wat die Britse militêre mag wou lamlê. Hy het onmiddellik 'n aandklokreël ingestel en 'n beloning van 3 000 Rds. uitgeloof vir inligting wat tot die inhegtenisname van die brandstigters sou lei. Sover vasgestel kan word, het die ondersoek na die brand egter niks opgelewer nie en niemand is in hegtenis geneem nie. 'n Duitse oudsoldaat, J.H. Everhard, is verban omdat hy net na die tweede brand gesê het dat hy wens al die Engelse word opgeblaas.[154)]

Dié gebeurtenisse het aan die Oosgrens ernstige reperkussies gehad. Deur persone soos Cornelis Edeman, 'n onderwyser in die Stellenbosse distrik, P. Hammers en J.A. Horak, 'n oudvise-president van die Hof vir Siviele en Huweliksake in Kaapstad, is sterk oordrewe berigte oor die verswakking van die Britse magte aan die Kaap na die grens gestuur. Edeman het ook teen September 1798 die gerug versprei dat Engeland in die oorlog kwaai terugslae ondervind het en dat 'n Frans-Hollandse eskader van 90 skepe onderweg was om Ceylon, Madras en Bengale te verower.[155)]

Teen die einde van 1798 was daar by die ingesetenes van die suidoostelike deel van Graaff-Reinet onder leiding van Marthinus Prinsloo weer 'n gees van verset teen die regering vaardig. Daar was veral twee redes hiervoor: In die eerste plek was daar ontevredenheid oor die veel strenger invordering

---

153) (S.A.O.B.) The Diary of S.E. Hudson, 23/11/1798; G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — H. Dundas, 2/12/1798, Proceeding of a Court of Enquiry, 26-27/11/1798), pp. 302-304, 305-308.

154) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 20 en 21/2/1798, 1/1/1799), pp. 162-164, 168-169; G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas -- H. Dundas, 23/1/1799), pp. 340-341; B.O. 56 Day Book, 20 en 23/12/1798, pp. 347-348; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Verklaring van Van Ryneveld, 29/12/1798, pp. 343-348.

155) C.J. 798 Kriminele Vonisse: Vonnis van Edeman, 2/9/1800, pp. 291-293; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Criminal Claim, 14/8/1800, p. 218), 232-5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die opgaaf- en rekognisiegeld wat sedert die aankoms van Bresler in 1797 plaasgevind het. Die klein afdeling van 12 soldate wat Bresler na die drosdy vergesel het, het 'n verandering in die verhouding tussen die owerheid en die grensboere meegebring. Hulle teenwoordigheid het veel gedoen om die uittarting van gesag en die grootskaalse ontduiking van belastings wat voorheen aan die orde van die dag was, aan bande te lê.[156)]

Aan die begin van 1798 het Macartney besluit dat die distriksskulde van Graaff-Reinet en Swellendam[157)] vereffen moes word deur 'n strenger toepassing van die opgaafregulasies waarvolgens die koloniste jaarliks 16 stuiwers vir elke 100 skape en 1 stuiwer vir elke bees aan die distrikskas moes betaal. Die opgaaf vir 1798 het onder eed geskied, terwyl Macartney ook bepaal het dat indien die landdros die opgawe van 'n boer in twyfel trek, hy op sy plaas ondersoek moes laat instel. Vee wat nie "opgegee" is nie, moes verkoop en die geld in die distrikskas gestort word. Persone wat met hul opgaaf laat of agterstallig was, moes beboet word en kon deur middel van die beslaglegging van goedere tot betaling gedwing word.[158)]

In hierdie omstandighede was die opgaaf van 1798 vanuit regeringstandpunt beskou 'n reuse-sukses. Veel meer mense het hul opgawes kom maak as die voorafgaande jare en die gevolg was dat heelwat meer belastings ingesamel is. Dit blyk uit die volgende syfers.[159)]

OPGAAF VAN GRAAFF-REINET.

Opgaafjaar	1794	1796	1797	1798
Getal Mans	808	440	543	1 062
Getal Beeste	26 273	6 606	7 179	118 178
Getal Skape	222 480	81 690	118 178	780 554
Bedrag Ingesamel	1 045 Rds	278 Rds	843 Rds	5 215 Rds

Ook die rekognisiegeld is veel strenger ingesamel. Een

156) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler -- Macartney, 21/4/1798, pp. 413-414.
157) Vir die finansiële toestand in Graaff-Reinet en Swellendam vgl. p. 116.
158) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/2/1798), pp. 123-124; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler -- Macartney, 27/1/1798, p. 371.
159) Vgl. G.R. 14/105 Sommarium, 1794-1798; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Landdros en Heemrade -- Macartney, 4/6/1798, p. 498.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Macartney se instruksies was om reëlings te tref om 'n gereelde betaling daarvan te verseker. Hy kon ook, indien nodig, dit verminder. Macartney het egter van die standpunt uitgegaan dat die kwytskelding van rekognisiegeld wat vóór die verowering verskuldig was, 'n groot genoeg toegewing verteenwoordig het en dat die koloniste wat daarna wéér agterstallig geraak het, opgeskroef moes word. In die begin van 1798 was 481 plaaseienaars in Graaff-Reinet en 280 in Swellendam met hul rekognisiegeld agterstallig. Macartney het aan Bresler opdrag gegee om bekend te maak dat indien agterstallige rekognisiepenninge nie vóór 15 Mei 1798 betaal word nie, dit deur middel van parate eksekusie (opveil van goedere ter insameling van skulde sonder 'n voorafgaande hofbevel) afgedwing sou word. Nadat by die opgaaf van 1798 die bedrag van 3 625 Rds. aan agterstallige rekognisiegeld ingesamel was, het Bresler op 15 Oktober 1798 die Graaff-Reinetters vermaan om hul rekognisiegeld vir 1798 so spoedig moontlik te betaal. Op 12 Desember het Bresler afgekondig dat hy gelas is om ten strengste ("met rigeur") te werk te gaan in verband met die invordering van die rekognisiepenninge.[160)]

Die strenger invordering van die opgaaf- en rekognisiepenninge - en dit juis op 'n tydstip toe die gebrek aan regeringsbeskerming teen die Xhosas opvallend was - het by die grensboere groot ontevredenheid verwek. Die koloniste het nie daarvan gehou nie dat die landdros by die Opgaaf, soos hulle dit gestel het, meer opgeskryf het as wat opgegee is.[161)] Die rede hiervoor was natuurlik dat hulle nie daarvan gehou het om meer belasting te betaal nie. Wat betref rekognisiegeld was hul houding dat dit onwettig was dat hulle belasting moes betaal op hul plase wat hulle op hul eie onkoste en met lewensgevaar moes verdedig.[162)] Bresler was teen die einde van 1798 'n baie ongewilde landdros. In die dagboek van S.E. Hudson word verklaar dat 'n baie intelligente boer die opstand toegeskryf het

---

160) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard -- Bresler, 14/2/1798, Barnard -- Fuare, 14/2/1798, nos. 47-38; G.R. 14/4 Publications: Waarskuwing, 3/4/1798, Bekendmaking, 12/12/1798; G.R. 16: Letters Despatched: Bresler -- Baumgardt, 21/9/1798, ongepag.; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), pp. 7-8.

161) V.C. 68 Brieven en bijlagen van A.J. Sluysken: Te Samestemming, 29/1/1795, p. 186. Vgl. ook SWM. 12/90; College Nasionaal Dokumente: Dagregister, 16/7/1795, p. 43.

162) B.O. 47 Letters and Annexures: C.D. Gerotz e.a. -- Craig, 29/10/1795, p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aan 'n poging van die grensboere om hulle, soos hy dit gestel het, teen die onbeskaamde eise van die gierige landdros te verset.[163)]

'n Tweede grief was die regering se Xhosabeleid. Teen September 1798 was die toestand aan die oosgrens nog so onveilig dat twee-derdes van 148 Suurveld-gesinne nog nie kans gesien het om na hul plase terug te keer nie. Pogings om deur middel van onderhandelings Cungwa te oorreed om oor die Visrivier terug te keer, het misluk. Groepe Xhosas het in die suidelike deel van Graaff-Reinet rondgetrek en soms van die koloniste grond gebedel. Hulle het groot getalle vee by hulle gehad en botsings oor weiveld het gedreig. Ongetwyfeld was heelwat koloniste wat graag vry sou wil wees om sake in eie hande te neem en self die Xhosas te verdryf nadat dit duidelik geword het dat die regering nie van plan was om dit te doen nie.[164)]

'n Ander saak met betrekking tot die Xhosabeleid wat die Suurveld-koloniste onrustig gestem het, was dat hulle gevaar geloop het om hul aanspraak op hul plase te verloor indien hulle nie binne 'n vasgestelde tyd daarheen terugkeer nie. Bresler het teenoor 'n boer wat aangevoer het dat dit weens die aanwesigheid van die Xhosas nie veilig was om terug te keer nie, opgemerk dat die regering langs hierdie weg wou sorg dat die Suurveld weer bewoon word, en dat geen uitsonderings gemaak kon word nie.[165)]

Dit blyk dus dat daar heelwat griewe was wat die opstandsleiers kon uitbuit. Dit is nie heeltemal duidelik wat die leiers se motiewe was nie. Daar moet egter in dié verband daarop gewys word dat dit Marthinus Prinsloo was wat in 1796 saam met 30 ander oosgrenskoloniste Craig versoek het om die gebied tussen die Visrivier en die Koonap, of indien moontlik, tussen die Visrivier en die Katrivier, te mag beset. Net na die opstand in 1799 het die opstandsleiers die landdros en heemrade 'n versoek aan genl. Dundas laat rig dat koloniste toegelaat word om hul vee oorkant die Visrivier te laat wei.[166)] Hoeseer die indruk ook al bestaan dat die koloniste in die laaste dekade van die agtiende

---

163) (S.A.O.B.) The Diary of S.E. Hudson, 20/2/1799, 13/3/1799, pp. 24, 27.
164) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., II (Journal kept by Bresler, 18/2/1799), p. 393. Vgl. verder pp. 312-321.
165) G.R. 16/1 Letters Despatched: Bresler — Baumgardt, 12/1/1799, pp. 344-347.
166) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Landdros en Heemrade — Dundas, 25/1/1799), pp. 349-350; G.M. Theal: Records of the C.C., I (H. Klopper e.a. — Craig, 12/11/1796), p. 480.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eeu voor die Xhosas teruggetrek het, was daar, paradoksaal genoeg, tog koloniste, veral in Bruintjieshoogte, wat gretig was dat die koloniale grondgebied tot 66r die Visrivier uitgebrei word.[167] Hoe hulle kans gesien het om hulle in Kafferland te handhaaf, is moeilik om te begryp, behalwe as daar gelet word op die aanduidings dat die grensboere se verhouding met Ndlambe en Gaika veel beter was as met die Xhosakapteins in die Suurveld. In 1799 het Gaika byvoorbeeld 'n stuk grond tussen die Kachaberge en die Koonaprivier vir die koloniste aangebied en gesê dat hy met hulle in vrede wou leef en hulle wou beskerm.[168]

Nadat daar reeds vroeër in 1798 planne vir 'n opstand was,[169] het die idee teen die einde van die jaar momentum begin kry. Marthinus Prinsloo en sy bondgenote is gesterk deur gerugte dat die regering sô deur die troepe-onttrekkings en die brand verswak was, dat dit nie in staat sou wees om teen 'n opstand op te tree nie. Terselfdertyd is hulle bemoedig deur gerugte van Britse teenslae in die oorlog.[170] Daar is ook 'n moontlikheid dat hulle Franse hulp uit Mauritius verwag het. Theal skryf dat die Kapenaars in verbinding was met die owerhede in Mauritius. Hulle het die Prudente met vrywilligers aan boord gestuur en die plan was dat hulle in Februarie 1799 in Algoabaai aan wal sou stap. Die Prudente is egter vroeg in Februarie 1799 deur 'n Britse skip aan die kus van Natal gebuit.[171] Fairbridge beweer dat die Preneuse vanaf Mauritius ammunisie vir die Graaff-Reinetters aan boord gehad het toe dit in September 1799 deur die Britse skepe Camel en Rattlesnake uit Algoabaai verjaag is.[172] Daar kon egter geen dokumente gevind word wat hierdie bewerings staaf nie. Vise-admiraal Curtis en goewerneur Yonge verwys wel vaagweg na kontak wat tussen die opstandiges en die Franse in Mauritius bestaan het, terwyl Andrew Barnard die vermoede uitgespreek het dat die Prudente vir Algoabaai bestem was.[173]

---

167) G.M. Theal: Records of the C.C., I (H. Klopper e.a. -- Craig, 12/11/1796), p. 480.
168) Transactions of the Missionary Society, I, p. 388.
169) Vir 'n verwysing na 'n vroeëre sameswering oor die opgaaf, vgl. B.O. 27 Letters from G.R.: Bresler -- Macartney 21/4/1798, pp. 413-414, 417-424. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., III (Criminal Claim, 14/8/1800), p.234.
170) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Criminal Claim, 14/8/1800), p. 234.
171) G.M. Theal: History of S.A. from 1795 to 1872, I, pp. 50-51, 64-65.
172) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard, pp. 127-128.
173) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Barnard -- H. Dundas, 21/9/1799), p. 493; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Curtis -- Nepean, 4/1/1800, Yonge -- Huskisson, 29/3/1800), pp. 14, 104. Vgl. ook C.J. de Villiers: Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803, pp. 190-209, Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard -- Brooke, 3/6/1799, p. 65.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is egter betekenisvol dat genl. Dundas, wat vir die verdediging van die kolonie verantwoordelik was, nie daarvan melding gemaak het nie.

Op 17 Januarie 1799 is Adriaan van Jaarsveld in hegtenis geneem. Van Jaarsveld het die kwitansie vir die rente (441 Rds.) op 'n bedrag wat hy aan die Weeskamer geskuld het, vervals deur die datum van 1791 na 1794 te verander. Van Jaarsveld is gelas om vóór die einde van 1798 voor die Raad van Justisie te verskyn. Toe hy die bevel verontagsaam, is Bresler gelas om hom in hegtenis te neem.[174] Sy inhegtenisname het die planne vir 'n opstand verhaas. Van Jaarsveld se woorde "Myn Heer! ik vrees dat dit een roering onder de menschen zal geeven",[175] dui daarop dat hy woelinge verwag het. As leier van die vorige opstand was Van Jaarsveld inderdaad té waardevol vir die opstandiges om te verloor; terselfdertyd was sy inhegtenisname iets wat hulle kon aangryp om steun vir die opstand te werf. Hulle het die indruk geskep dat hy vanweë sy rol in die vorige opstand gevange geneem is en dat sy lot ook ander burgers kon oorval. Hulle het ook sy inhegtenisname in verband gebring met die verbanning sonder verhoor van 'n ander "Patriot", Petrus Delport.[176]

Op 21 Januarie is Van Jaarsveld, terwyl hy onder bewaking na Kaapstad op pad was, deur Marthinus Prinsloo en 40 gewapende man bevry. Die drie soldate wat hom bewaak het, is na Graaff-Reinet teruggestuur, maar die sekretaris van die drosdy, H. Oertel, is toegelaat om die reis na Kaapstad voort te sit. Op 25 Januarie het ongeveer 100 persone by die tweede drif, 'n paar myl buite Graaff-Reinet, vergader en deur middel van A.P. Burger, Marthinus Prinsloo, J.P. van der Walt en B.J. Bester 'n versoek tot Bresler gerig dat die bevel vir die inhegtenisname van Van Jaarsveld teruggetrek word.[177]

Die voorwendsel dat die inhegtenisname al die woelinge veroorsaak het, is egter nie lank gehandhaaf nie. Reeds op 21 Januarie, ten tye van Van Jaarsveld se bevryding, het Prinsloo, in antwoord op sekretaris Oertel se pleidooi dat Van Jaarsveld

---

174) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Sentence of Court 3/9/1800), pp. 271-272.
175) C.J. 731, Minuut Crimineele Proces Stukken: Ondervraging van Van Jaarsveld, 13/5/1800, p. 227.
176) C.J. 489, Crimineele Proces Stukken: Memorie van M. Prinsloo, 24/12/1802, pp. 11-12; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Journal by Bresler, 18/2/1799), p. 392.
177) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Journal Kept by Bresler, 21/1/1799), p. 391.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toegelaat moet word om hom in Kaapstad teen die aanklagte te verweer, verklaar: "daar is nog een tweede zaak die al tot in de lange kloof (Langkloof) gaat en die ten eersten zal uitbreeken.[178] By die verhoor het Prinsloo verduidelik dat hy daarmee die "hernuwing van die Patriotskap" bedoel het.[179]

Op 28 Januarie het 'n paar leiers vergader om oor hul volgende stap te besluit. Onder hulle was Marthinus Prinsloo, Coenraad de Buys wat gedurende die Kompanjie se tyd na Kafferland uitgewyk het waar hy groot invloed by Gaika verwerf het, Jan Botha en G.H. Rautenbach, 'n Swellendammer wat as "vryheidskind" bekend gestaan het. Hulle het geen besluit geneem nie, maar 'n brief in naam van die "algemene volkstem" aan J.P. van der Walt gestuur waarin hy meegedeel is dat die mense van Gamtoosrivier, Swartkopsrivier en Boesmansrivier van plan was om die distrik te verower. Op 10 Februarie het die leiers besluit om Bresler na Kafferland te ontvoer. Ongetwyfeld was dit die plan om hom as gyselaar in hul onderhandelinge met die regering te gebruik.[180]

Met hierdie doel voor oë het die leiers 'n oproep op hul medeburgers gedoen om op 12 Februarie na Graaff-Reinet op te ruk. Hierdie datum is weens onvoldoende steun na 17 Februarie verskuif. Intussen het die leiers steun probeer werf deur te waarsku dat persone wat nie opdaag nie as landverraaiers beskou sou word. Hulle het ook die gemoedere gaande probeer maak deur die indruk te skep dat Bresler die Xhosas van ammunisie voorsien. Dit het egter baie gou duidelik geword dat steun vir die opstand tot die suidoostelike deel van die distrik beperk was.[181] En selfs in hierdie deel het vooraanstaande koloniste soos veldkommandant Strydom en die veldwagmeester H.J. van Rensburg, T. Dreyer en G.D. Geere dadelik laat blyk dat hulle niks met die opstand te doen wou hê nie. Van Rensburg wat op slegte voet met Prinsloo en De Buys was, het selfs planne beraam om De Buys, 'n voëlvryverklaarde, in hegtenis te neem.[182]

---

178) C.J. 731 Minuut Criminele Proces Stukken: Ondervraging van Prinsloo, 30/5/1800, pp. 716-717.
179) C.J. 731 Minuut Criminele Proces Stukken: Ondervraging van Prinsloo, 30/5/1800, pp. 727-728.
180) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Criminal Claim, 14/8/1800), pp. 220-221.
181) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Sentence, 3/9/1800), pp. 277-278; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Botha -- Dundas, 5/7/1799, pp. 253-258.
182) C.J. 731 Minuut Criminele Proces Stukken: Ondervraging van Bonté, 16/5/1800.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 17 Februarie het ongeveer 100 gewapende koloniste net buite Graaff-Reinet saamgetrek. In die drosdy het 'n sersant en sewe manskappe hulle gereed gemaak om Bresler te verdedig, terwyl 'n aantal Sneeubergers daarbuite hulle teen die plan van die koloniste van Bruintjieshoogte en Suurveld om Bresler te ontvoer, uitgespreek het. Die opstandiges se moed het hulle nou begeef. Selfs die ekstremis Coenraad de Buys het 'n plan om Bresler met geweld uit die drosdy te gaan haal, afgekeur omdat dit onbehoorlik sou wees om so iets in die nag te doen. Die werklike rede was waarskynlik dat die mense van Sneeuberg daarteen gekant was dat geweld teen Bresler gebruik word.[183] Op 18 en 19 Februarie het die opstandiges weer eise oor die Xhosabeleid aan die landdros en heemrade gestel, waarvan die vernaamste was dat presente nie meer aan die Xhosas gegee moes word nie en dat slegs Coenraad de Buys gebruik moes word om boodskappe aan hulle oor te dra. Dit wil egter voorkom of die leiers in hierdie stadium eintlik net gretig was om hul eie velle te red. In 'n brief wat die landdros en heemrade onder druk van die opstandiges geskryf het, is die Goewerneur versoek om die voëlvryverklaring van De Buys en die inhegtenisnamebevel teen Van Jaarsveld op te hef. Eersgenoemde het beloof om 'n gehoorsame burger te word, terwyl Van Jaarsveld onderneem het om vrywillig op die aanklag teen hom tereg te staan. Die Goewerneur is ook versoek om geen troepe te stuur nie aangesien die rus herstel was.[184]

Die opstandiges het op 20 Februarie weer uiteengegaan. Die planne met Bresler is laat vaar; hul enigste bekommernis was nou om voorbereidsels te tref vir ingeval Dundas wel 'n troepemag sou stuur. Coenraad de Buys het na Kafferland teruggekeer om steun vir die opstand onder die Xhosas te werf, terwyl Jan "Eenhand" Botha na Coega, 'n paar myl noordoos van Algoabaai, vertrek het waar hy aan die hoof van ongeveer 100 gewapende man voorbereidsels getref het om die weg van 'n Britse troepemag na Graaff-Reinet te versper. Nadat hy die kamp verlaat het om onder die Xhosas in die Suurveld hulp te gaan soek, het G.H. Rautenbach homself aan die hoof van die kamp geplaas. Hy het

---

183) Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Macartney, 25/2/1799, p. 45.

184) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Bresler en Heemrade — F. Dundas, 19/2/1799, Joernaal van Bresler, 18-19/2/1799; Faure — F. Dundas, 5/3/1799), pp. 364-365, 392-394, 380.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

offisiere aangestel en in briewe die Swellendammers tot steun opgeroep.[185)]

Toe die nuus van Van Jaarsveld se bevryding op 16 Februarie in Kaapstad bekend word, het Dundas onmiddellik besluit om die rebelle swaar te straf. Generaal Vandeleur het afgemarsjeer met 'n afdeling troepe, waaronder 50 Hottentotsoldate, terwyl ander afdelings onder majoor McNab en majoor Abercrombie per skip na Algoabaai vertrek het. Die verskillende afdelings het op 8 Maart by Algoabaai bymekaar aangesluit.

Die kamp by Coega het intussen hopeloos gedisorganiseerd geraak. "Zy waaren alle Commandant", het Van Jaarsveld se seun later in dié verband verklaar. Marthinus Prinsloo en Van Jaarsveld, wat vroeg in Maart gedreig het dat Coenraad de Buys en die hele Kafferland sou opruk as daar gewapende Hottentotte onder die troepe sou wees, het nooit eens by Coega opgedaag nie. Die poging om hulp van die Xhosas en die Swellendammers te kry, het misluk. Daar is selfs aanduidings dat die Sneeubergers ten gunste van die onderdrukking van die opstand was. Op 20 Maart, die dag nadat die troepe op Graaff-Reinet aangekom het sonder dat hulle onderweg weerstand aangetref het, het 53 man te perd van Sneeuberg die dorp binnegery en Vandeleur met drie sarsies begroet.[186)]

Die opstandiges het intussen na Bruintjieshoogte uitgewyk. Baie van hulle wou hulself oorgee, maar Vandeleur het geantwoord dat hy geen onderhandelings sou aanknoop voor al die opstandiges op 6 April op 'n sekere plek hul wapens neergelê het nie. Hierdie antwoord was beslis dubbelsinnig. (Die Raad van Justisie het die woord "tweeduijdend" gebruik).[187)] Ook Dundas het later, in antwoord op die Imperiale Regering se aandrang dat die opstandsleiers met die dood gestraf moet word, geskryf: "the Inhabitants .... who had disturbed the tranquillity of the Country, obeyed without hesitation the summons to deliver themselves up together with their arms and ammunition, having assembled at the place appointed for that purpose, conceiving ... that they should meet with forgiveness from Government for the

185) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Criminal Claim, 14/8/1800, Sentence, 3/9/1800), pp. 227, 244, 279-280; 289-293; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Irwin — Dickson, 24/2/1799, McNab — Dundas, 21/3/1799, pp. 121, 159-162.

186) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: McNab — Dundas, 21/3/1799, p. 170. Vgl. verder B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Bresler e.a., 17/2/1799, no. 51-54; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Sentence, 3/9/1800), pp. 280-282, 288.

187) B.R. 107 Notule van De Mist: Raad van Justisie — De Mist, 30/3/1803, pp. 182-183.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vrouens en kinders is toegelaat om by hulle in die Kasteel in te woon. Van Jaarsveld is in die tronk oorlede. Hy was volgens 'n getuie "een weinig door de wyn ... bevangen" toe hy in 'n woordewisseling met sy vrou betrokke geraak het. Rautenbach het ingemeng en Van Jaarsveld het hom woedend tot Rautenbach gekeer wat hom weggestoot het. Net daarna het hy gesterf - volgens die dokter weens "kwaadaardigheid" en die kwale waaraan hy gely het.[196)]

Dundas se optrede in die sogenaamde Van Jaarsveld-rebellie het die oosgrensboere van die illusie genees dat die regering nie troepe na die grens kon of wou stuur nie. Hul stryd teen die Britse gesag het in 1799 geëindig.

Die gebeure aan die oosgrens het generaal Dundas laat besluit om die verdediging van die deel van die kolonie op te knap. Ten einde te verhoed dat die vyand beheer verkry oor Algoabaai en ook om die opstandige koloniste af te skrik, het Dundas in die tweede helfte 'n blokhuis en 'n klipskans daar laat oprig. Tussen 300 en 400 man onder leiding van majoor Lemoyne is by die militêre pos, wat Fort Frederick genoem is, gestasioneer. Hierdeur is 'n belangrike leemte in die verdediging van die Kaap gevul.[197)]

Die stryd wat in 1799 aan die oosgrens tussen Blank en Nie-Blank ontbrand het, en die moeilikhede wat terselfdertyd met die Nie-Blankes in die noordweste ontstaan het, het alle Blankes 'n diepe gevoel van onsekerheid gegee. In die aangesig van hierdie bedreiging kon daar gedurende die jare 1799-1802 geen gedagte geskenk word aan provokasie van die regering na wie hulle vir beskerming opgesien het nie.

Ook by die regering was daar 'n klein, maar onmiskenbare frontverandering. Gedurende die jare 1795-1799, toe 'n aanval van buite of 'n opstand 'n besliste moontlikheid was, het die regering definitief daarna gestreef om die Nie-Blankes as bondgenote te werf. Toe die gevaar van 'n inval of 'n opstand teen 1799 afgeneem het, het die regering hom veel meer as voorheen aan die kant van die Blankes in hul stryd teen die plunderende Hottentotte en Xhosas geskaar. Die sendeling Vanderkemp kon nie woorde vind om Dundas se besluit in 1802 om burgerkommando's teen hulle te laat uitgaan, te verdoem nie. Die

---

196) C.J. 3177 Schouwactens, 30/6/1801, ongepag.
197) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 24/2/1800), pp. 61-64.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

filantroop Saxe Bannister het later bitter opgemerk dat op die tydstip toe daar vir 'n buitelandse inval gevrees is die regering die Xhosas probeer konsilieer het, maar dat toe die gevaar verby was "our zeal in the cause of humanity grew cold."[198)]

Van 'n werklike toenadering tussen die regering en die koloniste in die algemeen was daar egter nie sprake nie. Generaal Dundas, wat altesaam drie jaar aan die hoof van sake gestaan het, het by een geleentheid verklaar dat die bewind suiwer militêr van aard was. Kritiek op die regering is as "seditious and inflammatory and consequently incompatable with the public tranquillity" beskou en as 'n misdaad gestraf.[199)] 'n Vooraanstaande Kapenaar, H.A. Vermaak, wat in 'n brief aan 'n vriend in Nederland, F. Bremer, melding gemaak het van die ongelukkig toestande van die koloniste en die wens uitgespreek het dat hulle so gou moontlik in die nuwe konstitusie van die Bataafse Republiek sou deel, is byvoorbeeld in 1800 sonder verhoor verban. Die Imperiale Regering het egter ernstige kritiek uitgespreek oor die feit dat 'n kolonis sonder verhoor verban is.[200)]

'n Paar maande later, in 1800, is J.B. Hoffman sonder dat hy verhoor was, deur Yonge gelas om die kolonie te verlaat omdat hy die openbare vrede versteur het. Hoffman was sekretaris van die Burger-Senaat en het vir die heemrade van Stellenbosch 'n petisie opgestel toe hulle van die landdros verskil het oor die aanstelling van 'n veldkornet. Die Burger-Senaat het die verbanningsbevel bestempel as 'n skending van die regte van die burgers waarvolgens "een ieder voor eenig misdrijf voor zijnen competenten Rechter behoort te recht gesteld"[201)] word, en Yonge gevra om dit terug te trek. Op die ou end is Hoffman nie die land uitgestuur nie. 'n Brief wat Yonge in Januarie 1801 van Henry Dundas ontvang het, het geen onsekerheid gelaat dat terwyl die Goewerneur nog die mag gehad het om vyandiggesinde persone te verban, hy nie daarvan gebruik moes maak in die geval van oortredings wat in die howe van die kolonie beregbaar was

---

198) S. Bannister: Humane Policy, p. 53. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas - Yonge, 20/2/1800), p. 51.

199) G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — Huskisson, 31/3/1799), p. 405; B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Myburgh, 11/5/1802, no. 74.

200) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Fraser — H. Dundas, 9/1/1800, War Office — Yonge, 28/7/1800), pp. 19-24, 200-201. B.O. 77 Answer to Petitions, 28/12/1799, pp. 8-9.

201) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 19/7/1800, no. 116; C.T.M. 1/1/9 Resolusies van Burger-Senaat, 19/7/1800, p. 96.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie.[202] Volgens Van Ryneveld is in totaal sewe koloniste gedurende die Britse bewind verban, te wete Campagne, Neethling, Pisanij, Delport, Vermaak, Eberhardt en ene Bosch.[203]

Nadat Yonge vroeg in 1801 teruggeroep is, was die gedagte dat lord Glenbervie hom as Goewerneur moes opvolg. Kort daarna het die Imperiale Regering, met die oog op vredesonderhandelings, egter besluit om hom nie meer uit te stuur nie.

In hoeverre het die regering daarin geslaag om die koloniste met die Britse bewind te konsilieer?

Barrow beweer dat die Kapenaars baie treurig was toe die einde van die Britse besetting aangebreek het.[204] Barrow se stelling kan nie afgemaak word as 'n ongebalanseerde pro-Britse siening van sake nie. Gedurende die besetting is die koloniste in Kaapstad en omgewing aan heelwat Britse invloede blootgestel. Yonge, veral, het sy bes gedoen om by die koloniste "a taste for English Manners" te kweek.[205] Hy was die dryfkrag agter die oprigting aan Riebeeckplein van die eerste Kaapse teater, die "Afrikaansche Schouwburg", wat in Oktober 1801 geopen is en waarin Engelse opvoerings verreweg in die meerderheid was.[206] Gedurende sy ampstermyn het die Kaap se eerste koerant, Cape Government Gazette and African Advertiser/ Kaapsche Stadscourant en Africaansche Berigter, tot stand gekom. Dit was wesenlik Brits van inslag, met berigte wat hoofsaaklik oor die Britse deelname aan die oorlog gehandel het. Vóór Yonge se koms het sekere Britse gewoontes en vorme van vermaak aan die Kaap wortel geskiet. Die eerste perdewedrenklub - die "African Turf Club" - is in 1797 gestig en dit het teen 1800 twee groot jaarlikse byeenkomste gehou.[207] Klubs, waarvan die "Africaansche Societeit" en die "Concordia Societeit" die vernaamste was, het ontstaan. Hulle was weinig anders as nabootsings van Engelse klubs.[208] Verskeie bals en bankette is

---

202) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800), 201.
203) (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Nederburgh, 26/6/1803, no. 536.
204) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 426-427.
205) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 22/10/1800), p. 328.
206) Vir die wyse waarop die teater tot stand gekom het, vgl. (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 1/6/1800; B.O. 34 Miscellaneous Documents, pp. 599-601, 681-682; B.O. 53 Letters Despatched: Barnard — Murphy, 3/7/1800, no. 346; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard — Macartney, 28/7/1800), pp. 212-214.
207) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 13/8/1798; H.A. Wyndham: The Early History of the Thoroughbred Horse in S.A., p. 27.
208) F.C.L. Bosman: Drama en Toneel in S.A., I, pp. 42, 515.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gedurende die besettingstyd gehou. 'n Groep koloniste van Kaapstad en omgewing het ywerig saam met die Britse amptenare en handelaars aan hierdie sosiale aktiwiteite deelgeneem.

Dit is egter baie duidelik dat daar van 'n grootskaalse verengelsing nie sprake was nie. Selfs Barrow het geskryf: "Few of the male inhabitants associate with the English, except such as hold employments under the government. This backwardness may be owing in part to the different habits of the two nations and party, perhaps, to the reluctance that a vanquished people must feel in mixing with their conquerors."[209)]

'n Kloof het tussen veroweraars en verowerdes bly bestaan - 'n kloof wat deur die regering se gebruik van Hottentottroepe, deur die kwetsende optrede van Macartney, Dundas en ander regeringsamptenare en deur die korrupsie gedurende Yonge se bewind vergroot is. Na die halfhartige verset in die eerste jare van die besetting, het die koloniste wetsgehoorsame onderdane geword, maar hulle was nie die Britse bewind goedgesind nie. Op plaaslike bestuursvlak het heemrade en burgerrade die Britse bewind gedien en ook opgetree teen Patriotse elemente wat die bestaande orde ondermyn het, maar hulle het dit gedoen uit 'n natuurlike respek vir die owerheidsgesag en nie omdat hulle daardeur Britse belange wou bevorder nie.

Vir die oorgrote meerderheid was daar egter 'n onderskeid tussen die nakoming van hul pligte as onderdane en 'n te ywerige samewerking met die Britse bewindhebbers. Die Britse regering het dit besef en dáárom het hy teen die einde van die besetting geldelike toekennings gemaak aan diegene wat hulle te openlik vir die Britse belange beywer het en as gevolg daarvan ná die bewindsverandering nie geskikte werk sou vind nie of finansieel skade sou ly. Aan ene Prins en sy gesin is 'n stuk grond toegeken as beloning vir die feit dat hy as gids opgetree het vir die Britse troepemag wat in 1796 tydens die Graaff-Reinetse woelinge uitgestuur is. Daar is opgemerk: "(this) service entailed on him a great odium amongst amny of his countrymen and were these people ... to dispossessed of this, their only asylum, their situation would be truly misrable."[210)] Bresler het aan die einde van die besetting op grond van sy "entire devotion and fidelity to the British Government" 1 000 Rds.

---

209) J. Barrow: Travels into the Interior of South Africa, II, p. 109.
210) B.O. 9 Letters from Commissary General: Brief van Pringle, 3/1/1803, p. 302.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontvang,[211] terwyl aan Van Ryneveld 21 000 Rds. toegeken is as vergoeding vir die wyse waarop hy hom van sy taak gekwyt en die Engelse belange bevorder het. Generaal Dundas het hom ook 'n vrypassaat en vergoeding vir alle verliese aangebied indien hy na Engeland wou verhuis, maar hy wou nie van sy vaderland afskeid neem nie.[212]

Craig het reg aan die begin van die besetting sy beleid ten opsigte van konsiliasie en konsolidasie uiteengesit toe hy verklaar het dat die regeringsgesag uitgeoefen moes word "with a degree of firmness and steadyness which may overawe the ill inclined, and encourage those who wish to maintain that order and regularity, which can alone insure the prosperity of the Colony and the happiness of Individuals."[213] Dit was 'n beleid wat ook gevolg is deur die persone wat na hom aan die hoof van die administrasie gestaan het en dit was 'n beleid wat in 'n groot mate suksesvol tot uitvoering gebring is.

---

211) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — F. Dundas, 13/10/1802, pp. 91-95.
212) (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Nederburgh, 26/6/1803, no. 536; G.M. Theal: Records of the C.C., V (Dundas — Hobart, 1/3/1803, pp. 165-166.
213) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 22/9/1795, no. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



THE RIGHT HON. GEORGE MACARTNEY,

EARL OF MACARTNEY, K.B.

Engraved by G. Bartolozzi from an original Drawing by

H. EDRIDGE.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK III

DIE REGERINGSTELSEL

Ten tye van die oorgawe van die Kaap het die regeringsmasjinerie uit die volgende bestaan: Aan die hoof van die regering was die Goewerneur in wie se naam alle owerheidsoptredes geskied het. Hy het aan die hoof gestaan van die Politieke Raad bestaande uit sewe amptenare wat weer elkeen hoof van 'n ondergeskikte regeringskollege soos die Raad van Justisie of Weeskamer was. Die Politieke Raad het wette gemaak en bevele uitgereik vir die administrasie van die kolonie.

Die vernaamste geregshof was die Raad van Justisie wat uit ses amptenare en ses burgers bestaan het. Dit het alle kriminele sake, siviele sake bo 100 Riksdaalders (333 Riksdaalers in die geval van Graaff Reinet) en appelle van laer geregshowe aangehoor. Dit het ook jurisdiksie gehad in militêre sake, in welke gevalle die Raad met twee militêre offisiere aangevul kon word. Die Weeskamer het boedels beredder van persone wat in testaat gesterf het en ook van persone wie se erfgename minderjarig was of buite die kolonie gewoon het. Dit het bestaan uit 'n lid van die Politieke Raad as president, 'n burger as vise-president en vier gewone lede waarvan twee Kompanjisamptenare en twee burgers was. Die kommissarisse van die Lombard Bank, van wie twee amptenare en een 'n burger was, het die fonds geadministreer waaruit geld aan die kolonisste geleen is. Die Kollege van Burgerrade, bestaande uit ses burgers, se taak was om oor die belange van die burgers te waak en namens hulle vertoë tot die regering te rig.

Wat die plaaslike bestuur betref, was daar in Kaapstad die Raad van Kommissarisse uit die Raad van Justisie bestaande uit drie amptenare en drie lede van die Kollege van Burgerrade. Dit het munisipale funksies verrig en het ook toesig gehou oor die persone wat as wykmeesters in die verskillende wyke aangestel is. Dit was die taak van die wykmeesters om boek te hou van die getal huise en families in hul wyke en om alle onreëlmatighede wat daar plaasgevind het onmiddellik te rapporteer. In Kaapstad was daar ook die Kollege vir Siviele en Huweliksake. Die lede, bestaande uit drie amptenare en drie burgers het ondersoek ingestel na die vraag of daar beletsels bestaan het in die geval van enige voorgenome huwelik. Dit het ook 'n beperkte jurisdiksie in siviele sake gehad.

Daar was ook die Raad van Skolarge bestaande uit 'n amptenaar, die drie predikante en twee ouderlinge van die Gereformeerde Kerk, wat oor die onderwys toesig gehou het. Dan was daar die Gerefor-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meerde Kerk se kerkraad bestaande uit drie predikante van Kaapstad, twee ouderlinge, vier diakens en 'n amptenaar. Naas die kerklike bestuursfunksies het die liggaam ook die aalmoese geadministreer en na verlate weeskinders omgesien. Die amptenaar wat op die laasgenoemde twee kolleges gedien het, is die Kommissaris-Politiek genoem.

In die buitedistrikte was die vernaamste amptenaar die landdros. Hy het omgesien na die regering se belange en die handhawing van wet en orde in die distrik waar hy aangestel is. Hy het aan die hoof gestaan van die Kollege van Landdros en Heemrade. Die kollege het geskille oor weiveld en grond besleg en uitspraak oor kleinere siviele gedinge gegee. Daar was ook 'n krygsraad bestaande uit die landdros en 'n aantal burgeroffisiere. Hul taak was om die wapens op te neem wanneer inboorlinge en rondlopers die vrede versteur het. Ten slotte was daar die veldwagmeesters wat wet en orde in hul onderskeie wyke moes handhaaf.[1)]

Van September 1795 tot Mei 1797 was Craig in sy hoedanigheid as Kommandant van die stad en nedersetting met die bevoegdheid beklee om alle militêre en siviele sake te reël. Hy was onderhewig aan die beperkinge en instruksies wat vervat was in sy magskrif („warrant"). Hierdie magbrief kan nie gevind word nie, maar dit is duidelik dat Craig slegs as hoof van die regering waargeneem het tot tyd en wyl finale reëlings vir die administrasie van die kolonie getref is. Hy is deur die Departement van Oorlog waaronder kolonies geval het, meegedeel dat dit in hierdie oorgangsfase onwenslik sou wees om nuwighede teen die sin van die ingesetenes in te voer.[2)]

Daar is nietemin wel sekere veranderings in die regeringstelsel aangebring. Die Politieke Raad het reeds met die bewindsoorname van die toneel verdwyn. Daar is ook besluit om die lomp belastinginvorderingstelsel van die Kompanjie af te skaf en om die ampte van Ontvanger-generaal, Ontvanger van die Inkomste vir Grond („Receiver of Land Revenue") en Ontvanger van die Doeane en van die Tiendes op koring en wyn in te stel. Dié drie amptenare het 'n Raad van Inkomste („Board of Revenue") gevorm met die mag om voorstelle oor regeringsinkomste en die insameling van belastings voor te lê. Die Raad het ook kroongrond verhuur, soutpanne verpag en dranklisensies uitgereik. Die Raad het, saam met die Inspekteur van Lande en Geboue - 'n nuwe amptenaar wat Craig aangestel het om

---

1) G.M. Theal : Records of the C.C.,I (Memorandum by W.S. van Reyneveld, ongedateer), pp. 240-252.

2) G.M. Theal : Records of the C.C.,I (War Office - Craig, 16/1/17961, pp. 317-318; S.D. Naudé : Plakkaatboek, V (Proklamasie, 30/9/1795), p. 3.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor alle regeringseiendom toesig te hou - aanbevelings oor die aanstelling van opsieners oor regeringsplase en houtbosse gemaak.[3)]

Die vernaamste wysiging op die plaaslike bestuursvlak was die afskaffing van die Raad van Kommissarisse uit die Raad van Justisie. Met die bewindsoorname het die onderskeid tussen die burgers en Kompanjiesamptenare op bestuurskolleges verval. Craig het bevind dat hierdie onderskeid die enigste rede was waarom daar twee kolleges, te wete die Kollege van Burgerrade en die Raad van Kommissarisse uit die Raad van Justisie, apart van mekaar bestaan het. Op vertoë van die Burgerrade, gesteun deur W.S. van Ryneveld, het Craig die Raad van Kommissarisse uit die Raad van Justisie ontbind en sy munisipale funksies aan die Kollege van Burgerrade oorgedra. Die burgerrade het voortgegaan om hulself „burgerraden" te noem en van die „College van Burgerraden" te praat. Die liggaam het egter in Engels onder die naam „Burgher Senate" bekend gestaan en hierdie naam het in die Geskiedskrywing inslag gevind.[4)]

Volgens die uitvoerige stel instruksies wat Craig uitgereik het, het die Burger-Senaat as munisipale liggaam toesiggehou oor die mark, paaie, strate, waterwerke, gragte en die geboue wat uit die distrikskas van Kaapstad opgerig is. Ten einde herstelwerk of nuwe werke te onderneem, moes hulle in die Kaapse distrik belastings hef. Uit die distrikskas is ook die Burger-Senaat se amptenare besoldig. Die Burger-Senaat moes aanbevelings vir die aanstelling van wykmeesters in die verskillende wyke van Kaapstad doen. Saam met die wykmeesters moes hulle toesig hou oor die gedrag van die ingesetenes van die Kaap-distrik. Onbehoorlike gedrag moes aan die Goewerneur rapporteer word. Die Burger-Senaat moes die distrik se koringwindmeule verpag. Hulle moes ook toesig hou oor die gelisensieerde ambagte ("licenced trades").[5)]

In die tweede plek was die Burger-Senaat ook wat Oberholster noem 'n „verteenwoordigende liggaam". Dit kon names die burgers vertoë tot die regering rig. In hierdie verband is die Burger-Senaat spesifiek opdrag gegee om die wyse waarop die pryse van waens en landboubenodigdhede verminder kon word, te oorweeg en voorstelle aan die regering te doen. Die liggaam moes ook wan-

---

3) G.M. Theal : Records of the C.C., I (Proclamation, 10/10/1795; Clarke en Elphinstone - H. Dundas, 12/10/1795, Appointment, 1/1/1796), pp. 184, 192-193, 297-298; B.O. 7 Letters from Board of Revenue; H.E. van Zijl: Dit Bestuurlike Organisasie aan die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, pp. 142-147.

4) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig - H. Dundas, 28/4/1796, no. 41.

5) S.D. Naudé : Plakkaatboek, V (Proklamasies, 31/1/1796 en 6/6/1797), pp. 18-29, 84-85; J.J. Oberholster: Die Burger-Senaat, hoofstukke IV-VII.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die liggaam moes ook wanneer 'n gebrek aan lewensmiddele gevrees word die regering van advies bedien oor hoe die toestand die hoof gebied kan word.[6)]

In die instruksies is bepaal dat die Burger-Senaat minstens een maal per maand moes vergader. Soos die ou Kollege van Burgerrade het dit uit ses lede bestaan. Vakatures is aangevul deur die Goewerneur wat 'n keuse gedoen het uit 'n lys, saamgestel deur die Kollege, van vier name vir elke vakature.[7)] Die eerste keer het die regering die lede aangestel. Al die ou burgerrade is deur die regering aangewys. Almal het diens aanvaar met die uitsondering van G.H. Meyer wat geweier het om onder die Britse bewind as burgerraad te dien.[8)]

Nadat die nuus van die Britse verowering van die Kaap in Engeland bekend geword het, is samesprekings oor die toekomstige administrasie van die gebied gevoer. Die belangrikste vraag was of dit deur die Kroon of deur die "East India Company" (E.I.C.) geadministreer moes word. 'n Gevoel het by sekere persone bestaan dat dit die beste sou wees indien die Kaap deur die Kroon as 'n vryhandelsgebied buite die belangesfeer van die E.I.C. geadministreer word. Die E.I.C. was sterk hierteen gekant[9)] en dié liggaam het in die Minister van Oorlog, waaronder kolonies geval het, 'n sterk ondersteuner gehad.[10)] Die Britse beleid in daardie stadium was egter daarop gemik om die beheer oor die verowerde gebiede sover moontlik in die Kroon te sentraliseer. Daar is gevolglik besluit om, tot tyd en wyl 'n finale besluit geneem is, die Kaap as 'n kroonkolonie te administreer en 'n burgerlike persoon aan die hoof van die regering te plaas.[11)]

Hierdie besluit moet gesien word teen die agtergrond van sowel die Britse imperiale beleid as die politieke klimaat in Engeland in die laaste dekade of twee van die agtiende eeu. Die heersende gevoel in Engeland nadat die Amerikaanse kolonies hulle vryheid verower het, was nie om groter vryhede aan kolonies te verleen

---

6) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 31/1/1796), pp. 19. 25-26; J.J. Oberholster: Die Burger-Senaat, pp. 43-50.
7) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 31/1/1796), pp. 19-20.
8) V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Byzonderheden de Overgawe der Kaap de Goede Hoop, 1795, pp. 167-168.
9) (Gubbins) A.88 Macartney Papers: Privy Council - Court of Directors, 23/12/1795, D. Scott -- H. Dundas, 3/1/1796, Extracts of Court's Minutes, 10/8/1796, Liverpool -- H. Dundas, 27/8/1796, nos. 20, 25, 33, 34.
10) J.A. Lovat-Fraser: Henry Dundas, pp. 40-41.
11) V. Harlow en F. Madden: Brittish Colonial Developments, 1774-1834, pp. 306-307.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie, maar om die beheer daaroor meer doeltreffend te maak. Vincent Harlow skryf hieroor: "If any immediate lesson were to be learned [uit die Amerikaanse Rewolusie], it was that the mother country had been too liberal to her colonies, too tolerant of disobedience .... Too little interference, not too much, had facilitated the disruption of the empire; it might indeed have caused it. If so, a similar fate elsewhere might be avoided by accepting the need to exercise a more direct control and responsibility in the remaining colonies."[12)]

Ten spyte van hierdie gevoel was daar staatsmanne soos William Pitt wat daarna gestreef het om, binne die raamwerk van Britse oppergesag, liberale hervormings in die Britse ryk aan te bring. 'n Uitvloeisel van hierdie beleid was die instelling in 1791 van wetgewende vergaderings in nie net die oorwegend Britsbevolkte Bo-Kanada nie, maar ook in die oorwegend Fransbevolkte Benede-Kanada, waardeur erkenning aan die regte en voorregte van die Franssprekendes verleen is. Terselfdertyd het filantrope en sendelinge in die beweging téén slawerny en téén mishandeling van inboorlinge in die Britse ryk vordering begin maak.[13)]

Die gewelddadighede van die Franse Rewolusie en die uitbreek van die oorlog tussen Engeland en Frankryk in 1793 het egter 'n algemene reaksie teweeggebring. Vervul met afsku vir die Jakobynse hervormingsmanie, het vroeëre hervormers soos William Pitt en Edmund Burke 'n verenigde front gevorm met die Tories wat hulle nog al die tyd téén hervormings of nuwighede verset het. Die Liberale gety het vinnig begin wegvloei; die veiligheid van die staat en die handhawing van wet en orde was nou van allesoorheersende belang.[14)]

Ook in die imperiale beleid het hierdie gesindheid neerslag gevind, veral ten opsigte van die kolonies wat Engeland ná 1793 verower het. Hierdie kolonies is verower omdat Engeland besef het dat die oorlog slegs gewen kon word as Britse oppermag op see en beheer oor die handel buite Europa bewerkstellig word. As vlootbasisse en handelssteunpunte is hierdie nuwe kolonies as so belangrik vir die Britse oorlogstrategie beskou dat die moederland volle beheer daaroor wou uitoefen. Gevolglik is in hierdie

---

12) V. Harlow: The Founding of the Second British Empire, II, p. 785.
13) H.E. Egerton: A Short History of British Colonial Policy, pp. 215-217; E.A. Walker: The British Empire, pp. 31-35; R.A. Huttenback: The British Imperial Experience, pp. 1-24; V. Harlow: The New Imperial System (Cambridge History of the British Empire, II, pp. 132-146.
14) J. Lovat-Fraser: Henry Dundas, pp. 62-65; G.M. Trevelyan: History of England, pp. 562-567; A. Bryant: The Years of Endurance, 1793-1802, pp. 49-54, 61-69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sogenaamde verowerde of gesedeerde kolonies nie plaaslike wetgewende liggame toegelaat nie, alhoewel in kolonies soos Guiana en die Kaap sekere bestaande semi-verteenwoordigende liggame behou is. In almal is kroonkolonieregering ingestel. Onder kroonkolonieregering word verstaan 'n regeringstelsel waarvolgens die beheer oor regeringsamptenare behou word deur die Kroon in wie al die regeringsmagte gekonsentreer is. Feitlik al hierdie magte is oorgedra aan die Goewerneur as die Kroon se verteenwoordiger in die kolonie.[15] Macartney het self opgemerk ".... here the Governor, military Commander in Chief and Council are all concentrated in one person."[16]

In die instruksies wat aan Macartney uitgereik is, word 'n goeie aanduiding verkry van die uitgebreide magte wat aan die Goewerneur toegeken is. Kragtens die instruksies was die Goewerneur met volmag ten opsigte van burgerlike aangeleenthede in die kolonie beklee. Alle owerheidsoptredes en regterlike verrigtinge ("all public Acts and Judicial proceedings") moes in die naam van die Goewerneur geskied. Die Goewerneur het magtiging vir die uitbetaling van staatsgeld vir openbare dienste verleen, maar hy moes gereeld state van die staatsinkomste en -uitgawe na die imperiale tesourie stuur. Hy moes toesien dat geen wanpraktyke in die administrasie voorkom nie en dat die regspraak behoorlik uitgeoefen word. Niemand mag 'n skool in die kolonie aanhou sonder dat hy 'n lisensie van die Goewerneur ontvang het nie. Die Goewerneur is met die bevoegdhede van 'n ordinaris ("Ordinary") beklee, en het as sodanig die reg gehad om mense in kerklike ampte aan te stel, huwelikslisensies uit te reik en testamente te verifieer. Hy kon ook vir die verdediging van die kolonie troepe oproep, die milisie uitroep en persone straf wat geweier het om diens te doen. Hy het die mag gehad om die ingesetenes te ontwapen en om persone in belang van die openbare rus en vrede uit die kolonie te verban.[17]

Alhoewel die Goewerneur hom sover moontlik by die wette en instellings van die vorige bewind moes hou, het hy tog instruksies ontvang om sekere hervormings deur te voer. Waar moontlik moes hy die monopolieë en ander beperkings wat op die koloniste ten opsigte van die handel, industrie en landbou gelê is, verwyder en redelike belastings in die plek daarvan instel. Hy moes die Bevel-in-Rade van 28 Desember 1796 wat die buitelandse handel van die kolonie

---

15) H.E. Egerton: A Short History of British Colonial Policy, pp. 223-224; V. Harlow: The New Imperial System (Cambridge History of the British Empire, II, pp. 154-155, 163-164, 187); C.F.J. Muller: Die Britse Owerheid en die Groot Trek, pp. 27-28; M. Wight: British Colonial Constitutions, pp. 6-7.
16) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney - Lydenham, 12/9/1797, p. 29.
17) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney 30/12/1796), pp. 5-19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gereël het, afkondig en 'n lys van voorgestelde doeane-tariewe aan die Imperiale Regering stuur. Hy is ook gevra om sy mening oor die wyse waarop die regering se grond en ander eiendom in die toekoms uitgegee of verhuur moes word.[18)]

Met die ampsaanvaarding van goewerneur Macartney op 5 Mei 1797 het die Kaapkolonie formeel onder 'n stelsel van kroonkolonie-regering te staan gekom.

Die wetgewende mag het uitsluitlik by die Goewerneur berus. Hy kon proklamasies uitvaardig waarin hy oor 'n groot verskeidenheid aangeleenthede reëlings getref het. Hy kon byvoorbeeld die bak en verkoop van brood, die uitreiking van wynlisensies en die afset van produkte reguleer, en die bydraes wat vir die herstel van die Kaapstadse strate gemaak moes word, bepaal. Hy kon wette maak en die strawwe vir oortreders daarvan neerlê. Die Goewerneur het nie nodig gehad om enige persoon of liggaam oor 'n proklamasie te raadpleeg nie, maar dit het dikwels gebeur dat hy voorstelle van die Burger-Senaat in proklamasies omskep het.[19)] Die Goewerneur het egter nie onbeperkte wetgewende mag gehad nie. Sy administrasie van die kolonie moes sover moontlik in ooreenstemming wees met die wette en instellings van die Kompanjiesbewind en van die bevele wat hy van die Imperiale Regering ontvang het. Hy kon wel in spesiale omstandighede 'n reëling tref wat in stryd sou wees met 'n besluit van die Imperiale Regering of 'n Britse wet, maar hy moes dit dan dadelik aan hulle rapporteer en hul beslissing afwag. Die Goewerneur moes alle wette wat hy gemaak het na die Imperiale Regering opstuur. Hy moes ook aandui of dit 'n nuwe wet is en die redes gee waarom hy dit uitgevaardig het.[20)]

Die Goewerneur was ook beklee met die uitvoerende gesag. Hy was daarvoor verantwoordelik dat die instruksies van die Imperiale Regering en die proklamasies wat hy self uitgereik het, uitgevoer word. Hy kon amptenare aanstel en afdank, maar hy is verbied om enige aanstellings te maak in gevalle waar die amp ingestel is onder die Groot Seël van Groot Brittanje of onder die Klein Seël ("Signet Manual") van die koning. Daar kon nie vasgestel word watter ampte op hierdie wyse ingestel is nie. Waarskynlik was dit naas die amp van Goewerneur ook die ampte van luitenant-goewerneur, koloniale sekretaris, assistent-koloniale sekretaris, die doeane-gaarder, kontroleur van doeane, hoofsoeker van die doeane, die

---

18) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), pp. 6-10, 13-15, 19.
19) Acc. 1415 (74) Andrew Barnard Letters: Barnard -- North, 2/12/1799, pp. 176-177.
20) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), pp. 6, 11. Vgl. ook pp. 176-177.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ouditeur-generaal, hawekaptein, agent van die kolonie en die siviele betaalmeester. Die persone wat gedurende die eerste Britse besetting hierdie nuutingestelde ampte beklee het, is almal in Engeland aangestel en hul salarisse is in sterling uitbetaal.[21] Macartney het wel die mag ontvang om amptenare wat onder die Groot Seël of Klein Seël aangestel is, te skors of om voorlopig 'n vakature te vul tot tyd en wyl die Imperiale Regering 'n beslissing geneem het.[22] In die geval van Yonge is spesifiek bepaal dat hy nie die reg gehad het om die luitenant-goewerneur en koloniale sekretaris te skors nie.[23] Hy is ook nie toegelaat om enige nuwe amp sonder toestemming van die Imperiale Regering in te stel nie.[24] Die Goewerneur was ook met al die militêre regeringsmagte beklee. Daar was nietemin 'n beperking op sy militêre bevoedghede in die sin dat hy hom nie moes inmeng in interne militêre aangeleenthede nie. Die botsing wat hieroor tussen goewerneur Yonge en generaal Dundas ontstaan het, word in die volgende hoofstuk bespreek.

Die belangrikste amptenaar ná die Goewerneur was die koloniale sekretaris. Volgens die instruksies aan Macartney moes alle owerheidsaktes wat in naam van die Goewerneur uitgegaan het vóór die publikasie en uitvoering daarvan deur die koloniale sekretaris onderteken word.[25] Onder owerheidsaktes is waarskynlik verstaan proklamasies, kennisgewings, advertensies en dies meer. Die koloniale sekretaris se kantoor is beskryf as die "main spring of the machine, forcing all into action."[26] Al die korrespondensie van die regering het deur die kantoor van die koloniale sekretaris gegaan. Hy het inkomende korrespondensie aan die Goewerneur voorgelê en in die meeste gevalle die brief opgestel waarin die Goewerneur se antwoord vervat is. Hy het ook opgetree as skakel tussen die Goewerneur en die verskillende regeringsdepartemente in die kolonie.[27]

Die Goewerneur het eweneens aan die hoof van die regssprekende mag gestaan. Alle geregtelike verrigtinge het in sý naam geskied

---

21) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., II (List of the Principal Officers of Government, 15/10/1798), pp. 294-295.
22) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), pp. 13-14.
23) G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office - Yonge, 30/5/1799), p. 435.
24) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office - Yonge, 28/7/1800), p. 203.
25) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), p. 6.
26) [W.W. Bird]: The Cape of Good Hope in 1822, p. 9.
27) P.J. Venter: Government Departments of the Cape of Good Hope, p. 8, soos aangehaal deur H.E. van Zijl: Die Bestuurlike Organisasie aan die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, p. 104.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en hy moes toesien dat die howe onpartydiglik reg spreek.[28] Hy het ook 'n direkte aandeel gehad in die regspleging deurdat hy saam met die Luitenant-goewerneur sitting gehad het op die siviele appèlhof. Hy het ook sitting gehad op die Admiraliteitshof.[29]

Die vernaamste amptenaar in die regsadministrasie onder die Goewerneur was die Fiskaal. Dit was sy plig om die regte en gesag van die Soewerein te verdedig. Hy het in die Raad van Justisie opgetree as aanklaer in kriminele sake en het in die algemeen toegesien dat die wette uitgevoer en wetsoortreders gestraf word. Hy is in die distrikte verteenwoordig deur die landdroste wat toegesien het dat die vrede bewaar en wetsoortreders vervolg word.[30]

Teen die einde van 1795 het die polisiemag in Kaapstad uit drie polisiesersante, 10 konstabels en 19 onder-konstables bestaan. Laasgenoemde het as "kaffers" bekend gestaan. Hulle was meestal Oosterse oud-misdadigers en is slegs teen slawe gebruik.[31] In die distrikte het die landdros as balju opgetree en hy het tot sy beskikking gehad 'n geregsbode, wat dagvaardings van die Raad van Justisie bestel het, en 'n aantal berede ordonnanse ("orderlies") wat slawe lyfstraf toegedien het. Hulle het ook verdagte persone opgesluit en hulle vir hul verhoor na Kaapstad vergesel.[32] In die distrikswyke het die veldwagmeesters polisie-funksies verrig.[32] Gedurende die Britse besetting het klein afdelings troepe soms die rol van 'n buitengewone polisiemag vervul. So byvoorbeeld het 'n afdeling troepe in 1798, na 'n soektog, Petrus Delport, wat geweier het om die eed van getrouheid af te lê, in hegtenis geneem.[33]

Gedurende die eerste Britse besetting het die koloniste in die praktyk 'n belangrike rol in die landsadministrasie gespeel deur op regeringskolleges, regeringskomitees en -kommissies en op plaaslike bestuursliggame te dien. Daar was egter geen regulasie wat dit voorgeskryf het dat lede van die liggame koloniste moes wees nie. Die koloniste kon deur middel van petisies hul saak aan die regering stel. Wanneer hulle as 'n groep vertoë gerig het, het hulle dit soms deur die kanaal van die Burger-Senaat gedoen,[34] maar hulle het ook direk aan die regering petisies gerig. Groepe

---

28) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Commission of Macartney, ongedateer), p. 25.
29) Vgl. verder pp. 98-99.
30) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Memorandum by W.S. van Ryneveld, ongedateer), pp. 242-243, 250.
31) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Memorandum by W.S. van Ryneveld, ongedateer, p. 244.
32) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., III (Criminal Claim, Augustus 1800), pp. 214-215; H.C.V. Leibbrandt: Precis of the Archives - Requesten, II (Instruksies aan Graaff-Reinetse landdros, 1786), p. 494.
32) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 8/11/1797), pp. 109-110. Vgl. verder pp. 103-104.
33) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure - Macartney, 6/6/1798, no. 52.
34) Vgl. C.T.M. 1/1/9 Resolusies van Burger-Senaat, 20/11/1801,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veeboere en koringboere het in petisies betoog dat pryse wat die regering vir vleis en koring onderskeidelik vasgestel het, nie billik was nie. Uit Roggeveld het 21 boere versoek dat die noordgrens verskuif word, terwyl 51 boere van die Hantam en die Roggeveld die regering gevra het om die hoë pryse van landboubenodigdhede en slawe te probeer verminder.[35)]

Daar was egter 'n perk aan sake waaroor petisies aan die regering gerig kon word. Sekere versoeke sou nie geduld word nie soos blyk uit die antwoord aan 'n aantal Stellenbosse koloniste wat die vrylating versoek het van die Graaff-Reinetters wat in 1799 aan die sogenaamde Van Jaarsveldopstand deelgeneem het. Hulle is berispe oor hul kriminele belangstelling in die lot van mense wat die dood verdien.[36)]

Die burgers het nie gedurende die Kompanjiestyd by wyse van 'n proklamasie of iets dergeliks die reg ontvang om tot die regering petisies te rig nie. Die gebruik het egter al in die vroegste dae van die volksplanting ontstaan en het algaande gegroei. Nederburgh en Frykenius het in 1793 die houding ingeneem dat die burgers deur die Kollege van Burgerrade hul petisies tot hulle moes rig, maar dit is nie duidelik of hulle dit as 'n beleid wou neerlê dat burgers nie direk aan die regering petisies mag rig nie.[37)] Die burgers het voortgegaan om petisies direk aan die regering te rig en ná die bewindsoorname het hulle dit ongetwyfeld beskou as een van die voorregte wat hulle kragtens die kapitulasievoorwaardes behou het. Die Britse bewindhebbers het nie die burgers belet om petisies direk tot die regering te rig nie.

Die reëlings met betrekking tot die administrasie van die kolonie is nie finaal vasgelê met die instruksies wat Macartney ontvang het nie. Macartney het van die Imperiale Regering opdrag ontvang om volledig inligting te verskaf oor toestande in die kolonie met die oog op "any future alteration which we hereafter think proper to make in the Government of the said Settlement ....."[38)] Macartney het verskeie voorstelle vir hervormings gedoen en daarbenewens self sekere hervormings deurgevoer.

---

35) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van 51 boere van Hantam en Roggeveld, 14/11/1798, Petisie van 21 boere van Roggeveld, 1/12/1798, Petisie van 40 koringboere, 30/12/1800, pp. 297-300, 311-318, 705-717.
36) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Petisie van 108 Stellenbossers, 2/10/1799, pp. 347-350.
37) A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 44-45.
38) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), p. 17.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die vernaamste hervormings is ten opsigte van die regspleging en die administrasie van die koloniale finansies aangebring.

Macartney het eerstens aandag geskenk aan die praktyk om marteling te gebruik ten einde skuldbekentenisse af te dwing en die praktyk om marteling as 'n vorm van straf voor te skryf. Craig wou die praktyke afskaf. Hy moes egter sy plan laat vaar weens die verset van die Raad van Justisie wat van die standpunt uitgegaan het dat marteling as strafmaatreël 'n noodsaaklike afskrikmiddel in 'n kolonie met so 'n groot slawebevolking was.[39] Macartney het op 17 Mei 1797 in uitvoering van sy instruksies die Raad van Justisie meegedeel dat die praktyke gestaak moes word.[40]

Vervolgens het Macartney aan die Raad van Justisie aandag geskenk. Na die bewindsoorname het die lede nie meer soos in die Kompanjiestyd goedbesoldigde ander ampte beklee nie en het nou hul pligte as lede van die Raad van Justisie voltyds verrig. Hulle het Craig versoek om 'n vaste salaris daarvoor te ontvang. Craig wat die versoek goedgesind was, het dit na Henry Dundas verwys,[41] maar hy het nie daarop gereageer nie. Kort nadat hy die bewind oorgeneem het, het Macartney besluit om self die nodige hervormings aan te bring. Hy het die Raad van Justisie verklein sodat dit voortaan bestaan het uit die President, die Fiskaal, vyf gewone lede en twee lede wat nie volle lede was nie, maar net op kommissies gedien het. Al die lede sou nou geregtig wees op 'n salaris.[42]

Terselfdertyd het Macartney die groot hoeveelheid werk van die Raad van Justisie - op sommige oggende het dié liggaam tussen 40 en 50 sake afgehandel[43] - langs twee weë probeer verminder. Eerstens het hy die jurisdiksie van die laer geregshowe verhoog. In die Kaapse distrik is die siviele jurisdiksiegrens van die Kollege vir Siviele en Huweliksake van 100 na 200 Riksdaalders op-

---

39) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Court of Justice - Craig, 14/1/1796), pp. 302-309; B.O. 49 Letters Despatched: Craig - Court of Justice, 7/1/1796, no. 133.
40) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney - Raad van Justisie, 17/7/1797, no. 184.
41) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Court of Justice - Craig, 16/10/1795, Craig - Court of Justice, 7/11/1795), pp. 202-204, 219-221; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig - Dundas, 27/12/1795, no. 19.
42) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney - Dundas, 26/7/1797), pp. 133-135; B.O. 50 Letters Despatched: Macartney - Raad van Justisie, 24/7/1797, no. 201; V.C. 105 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 170-173.
43) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 140.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eskuif, terwyl dit in die geval van die Kollege van Landdros en eemrade van Stellenbosch en Swellendam van 100 na 150 Riksdaalders pgeskuif is. Macartney het voorts bepaal dat smokkelhandel en nder oortredings in verband met die wynhandel, waarvoor daar vasestelde boetes was, asook alle misdade behalwe halsmisdade summier erhoor kon word deur n kommissie van die Raad van Justisie wat gepoonlik uit twee lede bestaan het, in plaas van om voor die Raad met n kworum van vyf) te dien.[44)]

Macartney het ook in opdrag van die Imperiale Regering reëls et betrekking tot appèlle neergelê. Die posisie was dat appèl an n Hof van Landdros en Heemrade na die Raad van Justisie angeeken kon word behalwe in gevalle waar die bedrag geëis onder 25 iksdaalders was.[45)] Daar was egter geen voorsiening gemaak vir ppèlle van die Raad van Justisie nie. Niks is in die plek gestel an die reg van appèl na die hooggeregshof in Batavia wat met die ewindsoorname verval het. Tydens die eerste 18 maande van die beetting het die gebrek aan n liggaam waarheen appèl van die Raad van ustisie geteken kon word die regspleing ernstig in die wiele gery, maar raig kon sonder instruksies nie iets doen om hierdie leemte te vul ie.[46)] In n proklamasie van 24 Julie 1797 is voorsiening daarvoor emaak dat in siviele sake waar die bedrag geëis 1000 Rds. oorskry ppèl van die Raad van Justisie na die siviele appèlhof bestaande uit ie Goewerneur en Luitenant-goewerneur aangeteken kon word. Wanneer ie bedrag geëis 2500 Riksdaalders oorskry, kon van die siviele ppèlhof na die Geheime Raad appèl aangeteken word. Macartney het ie n appèlhof vir kriminele sake in die kolonie ingestel nie. Hy et instruksies ontvang om appèl na die Geheime Raad toe te staan aar die boetes £100 oorskry het, maar sover vasgestel kan word, het y nooit n proklamasie in dié verband uitgereik nie. Aan die Goeerneur is wel bevoegdheid verleen om strawwe te versag, met die uitondering van strawwe wat ten opsigte van moord en hoogverraad opgeè is. In die laasgenoemde twee gevalle kon die Goewerneur die volrekking van vonnisse uitstel totdat die Britse kabinet daaroor n eslissing gevel het. Alhoewel sir George Yonge, na aanleiding van ie verhoor van die Graaff-Reinetse rebelle, daarop aangedring het t n appèlhof vir kriminele sake ingestel word, is dit eers in 1808 edoen.[47)]

---

4) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 17/7/1798 en 24/7/1798), pp. 92-95
5) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Memorandum by W.S. van Ryneveld, ongedateer), p. 251.
6) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Raad van Justisie - Craig, 5/1/1796, pp. 6-10.
7) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 24/7/1797), pp. 94-96; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), pp. 10-11; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge - H. Dundas, 29/3/1800), pp. 91-92.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aandag is ook geskenk aan die daarstelling van howe wat oor militêre en vlootaangeleenthede jurisdiksie sou hê. Die Britse regering aan die Kaap wou nie aan die Raad van Justisie jurisdiksie vir militêre sake verleen nie. Dit is aan 'n krygsraad toegeken. In die geval van vlootsake het die behoefte aan 'n hof ontstaan wat aanklagte oor seerowery en hoogverraad kon aanhoor. Tweedens was dit noodsaaklik om 'n hof te hê wat uitspraak kon gee in gevalle waar vyandelike skepe en ander skepe gebuit is wat in die omgewing van die Kaap smokkelhandel gedryf het.

In 1797 het die Imperiale Regering, soos in die geval van ander kolonies, vir admiraliteitshowe aan die Kaap voorsiening gemaak.

In die eerste plek is die Admiraliteitshof, ook genoem die "Court of Piracy" ingestel. In Januarie 1797 is die volgende lede benoem: Macartney in sy hoedanigheid as Goewerneur; generaal Dundas in sy hoedanigheid as die bevelvoerder van die leër; Barnard in sy hoedanigheid as koloniale sekretaris, en admiraals, vise-admiraals en bevelvoerders van oorlogskepe binne die gebied van die Kaapse eskader tot die getal van sewe lede. Die hof het jurisdiksie gehad oor seerowery en alle ander misdade op see in die gebied wat van Kaap Negro aan die Atlantiese Oseaan tot Kaap Corientes aan die Indiese Oseaan gestrek het.[48)]

Hierdie hof het gedurende die besetting slegs twee maal gesit.[49)]

In die tweede plek is die Vise-Admiraliteitshof ingestel. Die hof het uit een regter bestaan. Hy het oor die bevoegdheid beskik om te besluit of 'n skip wat gebuit is in die vermoede dat dit 'n vyandelike skip was, of smokkelhandel gedryf het, wettige buit was. Die regter van dié hof kon ook kaperbriewe - "Letters of Marque" - uitreik waardeur aan handelskepe magtiging verleen is om op vyandelike skepe beslag te lê. Generaal Dundas, wat teen die einde van 1796 in die Kaap aangekom het, het eers as regter waargeneem. Van Februarie 1798 tot die einde van die Britse besetting het John Holland as regter van dié hof opgetree.[50)]

---

48) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Creation of Court of Admiralty, 6/1/1797), pp. 28-34.
49) Notules van die hofverrigtinge is te vinde in B.O. 12 Admiralty Court. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney - H. Dundas, 7/7/1798, War Office - Macartney, 15/12/1798, pp. 274-277, 312; G.M. Theal: Records of the C.C. III (C. Elphinstone - H. Dundas, 23/3/1801), pp. 458-461; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Barnard - Huskisson, 10/6/1801), pp. 8-9.
50) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Lords of the Admiralty power to appoint a Vice Admiral at the Cape of Good Hope, ongedateer), pp. 27-28.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was die Imperiale Regering se beleid dat die reg wat aan die Kaap gegeld het, moes voortbestaan. Die Britse onderdane kragtens geboorte wat hulle in die kolonie bevind het, was egter onseker daaroor of hulle ook onderworpe was aan die Romeins-Hollandse reg wat aan die Kaap van krag was en die jurisdiksie van die liggame wat die reg toegepas het. Hulle was daarteen gekant dat veral in gevalle waar albei partye Britse onderdane kragtens geboorte was die saak volgens die Romeins-Hollandse reg uitgewys word. Hulle was ook onwillig om hulle aan die bestaande regsplegende liggame te onderwerp omdat daar byvoorbeeld in die geval van die Raad van Justisie persone op die regbank gedien het wat nie gekwalifiseerde regsgeleerdes was nie.

Die regsposisie van die Britse onderdane kragtens geboorte het in die kalklig gekom oor 'n kwessie rakende die erfreg waar die Romeins-Hollandse reg en die Engelse reg grootliks van mekaar verskil het. Toe die eggenote van ene J.H. Greene, 'n Britse onderdaan kragtens geboorte, gesterf het, het Greene die bevoegdheid van die Weeskamer om die boedel van sy vrou te beredder, in twyfel getrek en geweier om enige vrae van die Weeskamer oor die boedel te beantwoord.

Dit wil voorkom of Greene nie teen die bekwaamhede van die lede van die Weeskamer gehad het nie, maar dat hy wou verhoed dat die Greene-kinders volgens die Romeins-Hollandse reg as mevrou Greene se erfgename aangewys word. Volgens die destydse geldende Engelse reg het die man by huweliksluiting eienaar van die vrou se goed geword en gevolglik sou mevrou Greene dus geen boedel gehad het wat onder haar kinders verdeel kon word nie.

Die lede van die Weeskamer het van hul kant aangevoer dat die Britse onderdane kragtens geboorte nie onthef was van die verpligting om hulle te onderwerp aan die bestaande reg nie. Die Weeskamer se standpunt was dat dit bevoeg was om die betrokke boedel te beredder.

Die Britse owerhede het 'n groot mate van simpatie gehad met die Britse onderdane kragtens geboorte wat onwillig was om hulle aan die bestaande reg en liggame wat dit toegepas het, te onderwerp. Hulle het egter beslis dat hierdie persone aan die bestaande stelsel van regspleging onderworpe sou wees.

In die geval van Greene is aan die hand gedoen dat aangesien hy en sy vrou nie aan die Kaap in die huwelik bevestig was nie, daar nie kragtens die Romeins-Hollandse reg oor die boedel van sy vrou 'n beslissing gevel moes word nie.[51] Die beslissing van die

51) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 22/10/1800, Hobart -- F. Dundas, 1/5/1801), pp. 329-330,480-481; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Weeskamer -- F. Dundas, 2/12/1801, Greene -- F. Dundas, 2/12/1801 en F. Dundas -- Hobart, 12/12/1801, pp. 101, 105-106, 115-116.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Imperiale Regering met betrekking tot die geval Greene was heeltemal in ooreenstemming met die beginsels van die Romeins-Hollandse reg waarvolgens die vermoënsregtelike gevolge van 'n huwelik bepaal word deur die lex domicilii matrimonii (reg van die plek waar die man by huwelikssluiting permanent woonagtig was). In die geval van Greene was die regsposisie dat die Weeskamer wel bevoeg was om die boedel te beredder en dat dit die vermoënsregtelike gevolge van sy huwelik volgens die Engelse reg moes uitwys.

Alhoewel daar gedurende die besetting met betrekking tot die regspleging 'n aantal hervormings deurgevoer is, was die vernaamste swakhede wat ten tye van die bewindsoorname bestaan het nog steeds aanwesig, onder andere dat dit nie vereis is dat lede van die Raad van Justisie opgeleide regsgeleerdes moes wees nie. In die praktyk het die lede met enkele uitsonderings geen opleiding in die regte gehad nie. Macartney het die noodsaaklikheid van 'n verdere hervorming van die Raad besef, maar besluit om dit so te laat totdat daar by 'n vredesooreenkoms oor die lot van die Kaap besluit is.[52] 'n Tweede swakheid van die regspleging was dat die Kolleges van Landdros en Heemrade nie altyd die nodige gesag by die koloniste afgedwing het nie. Verder was die jurisdiksie van hierdie howe so beperk dat die koloniste in die binneland meestal verplig was om 'n groot afstand na Kaapstad af te lê in verband met 'n saak. Sir George Yonge wou in dié verband 'n verbetering aanbring deur die instelling van rondgaande howe, bestaande uit twee lede van die Raad van Justisie wat jaarliks 'n rondreis deur die binneland moes maak en by die verskillende drosdye sake moes verhoor. Hierdie plan, wat oorspronklik by W.S. van Ryneveld ontstaan het, is deur Yonge by die Imperiale Regering aanbeveel. So 'n Rondgaande Hof is egter nie gedurende die eerste Britse besetting ingestel nie.[53]

Benewens die maatreëls in verband met die regspleging is daar ná die instelling van kroonkoloniebestuur ook verskeie hervormings rakende die beheer oor die koloniale finansies getref. Die hoeksteen van hierdie hervorming was die skepping van die amp van Ouditeur-generaal, 'n betrekking waarin John Barrow in September 1798 aangestel is. Die verskillende hoofde van regeringsdepartemente is gelas om maandeliks state van die departemente se inkomste en uitgawes aan die Ouditeur-generaal voor te lê. Hy moes dit ouditeur en aan die Goewerneur 'n staat van die totale regerings-

---

52) (Gubbins). A. 88 Macartney Papers: Report from Macartney, ongedateerd, no. 218; Gleanings in Africa, pp. 251-252.

53) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Yonge -- H. Dundas, 29/3/1800, Yonge -- H. Dundas, 5/1/1801, Hobart -- F. Dundas, 1/5/1801), pp. 90-91, 370, 481; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (A Plan for Amending the Interior Policy, by W.S. van Ryneveld, 31/10/1801), pp. 88-96.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

inkomste en -uitgawes van die voorafgaande maand voorlê. Een maal per jaar was die Ouditeur-generaal lid van 'n komitee, aangestel deur die Goewerneur, wat 'n volledige ondersoek moes instel na alle regeringsdepartemente en daarna 'n verslag moes opstel van hóé hierdie departemente beter en voordeliger ingerig kan word.

Alhoewel die state van die militêre inkomste en uitgawe van die kolonie in Engeland geouditeer is, het die Ouditeur-generaal opdrag ontvang om dit voorlopig te ouditeer. Hy moes ook maandeliks aan die Goewerneur 'n verslag voorlê waarin hy besonderhede oor die militêre uitgawes verskaf. In verband daarmee moes hy ook inligting gee oor die wisselkoers van geld, die hoeveelheid provisie en ammunisie beskikbaar, die kontrakte gesluit en die aankope wat gemaak is. As die persoon wat met al die militêre regeringsmagte beklee was, wou Macartney hiervan op hoogte wees.

Macartney het die Ouditeur-generaal gelas om na die inkomste en uitgawes van die plaaslike besture en die kerkrade, wat belastings en bydraes van ingesetenes ingevorder het, ondersoek in te stel. Die state van inkomste en uitgawes van dié liggame moes gereeld aan hom gestuur word. Die opgaafrolle van die verskillende distrikte moes ook in sy kantoor gehou word.[54)]

Volgens sy instruksies moes die Goewerneur gereeld 'n gespesifiseerde staat van die regeringsinkomstes en -uitgawes na die tesourie in London opstuur, sodat ondersoek ingestel kon word of die Kaapse regering sy inkomste behoorlik bestee het.[55)]

Benewens maatreëls ten opsigte van die regspleging en die koloniale finansies is daar weinig verdere veranderings aangebring. Macartney het by die Imperiale Regering aanbeveel dat die Goewerneur bygestaan en geadviseer moes word deur 'n Raad van Advies bestaande uit drie persone waarvan een 'n kolonis moet wees. Wat laasgenoemde betref, het Macartney W.S. van Ryneveld in gedagte gehad.[56)] Die Britte het 'n besondere hoë dunk van Van Ryneveld gehad, en hy het al die gesagvoerders in verband met feitlik alle aspekte van die landsadministrasie van advies bedien. Hy was in praktyk 'n een-man Raad van Advies.[57)] Die Imperiale Regering het nie aan Macartney se voorstel uitvoering gegee nie.

---

54) B.O. 65 Instructions to Public Departments of Government: Instructions to Auditor General, 13/9/1798, pp. 86-97.
55) G.M. Theal: Records, II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), pp. 11-12.
56) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney - H. Dundas, 15/12/1797), pp. 214-215.
57) Vgl. W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop (Red. H.B. Thom), pp. 12-15.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar het ook niks gekom van 'n voorstel van Macartney dat die Kaap deur die E.I.C. geadministreer moes word nie. Dié maatskappy was teen 1798 onwillig om die bestuur van die Kolonie oor te neem.[58)]

Die stelsel van besoldiging van amptenare is hervorm. Vroeg in 1797 het die Imperiale Regering aan Macartney opdrag gegee dat amptenare nie meer hul vaste salaris met fooie (soos byvoorbeeld hoffooie in die geval van die Fiskaal, wat 'n derde van alle boetes en die opbrengs van gekonfiskeerde goedere ontvang het, en ander soortgelyke byverdienstes mag aanvul nie. Die enigste uitsonderings was die Fiskaal wat 'n deel van die boetes ontvang het wat deur die Raad van Justisie opgelê is en die regter van die Vise-Admiraliteitshof wat 'n deel van die boetes ontvang het wat in sy hof opgelê is. Laasgenoemde het in 1802 'n vaste salaris ontvang en het toe sy reg op 'n deel van die boetes verloor.[59)]

Wat die bestuur van die buitedistrikte betref, is die militêre stelsel hervorm. Veranderde omstandighede het meegebring dat die krygsrade in die westelike deel van die kolonie uitgedien geraak het. In die Kaapse distrik was nie meer 'n krygsraad nie, terwyl Macartney ook ingewillig het dat die Stellenbosse krygsraad nie meer hoef bymekaar te kom nie. Aan die oosgrens het die botsings met die Boesmans en die Xhosas egter 'n opknapping van die Graaff-Reinetse militêre organisasie genoodsaak. In Februarie 1798 het Macartney, op aanbeveling van Bresler, vier veldkommandantskappe vir die distrik ingestel. Die veldkommandante sou op kommando's bevel voer oor die veldwagmeesters in hul onderskeie gebiede en ook in die maandelikse vergaderings van die Kollege van Landdros en Heemrade sitting hê.[60)]

Geen werklike verbetering is ten opsigte van die administrasie van die buitedistrikte aangebring nie. Die distrikte was so uitgestrek dat dit vir die landdros moeilik was om sy taak van die handhawing van wet en orde doeltreffend te verrig. Omdat die veldwagmeesters in die distrikte so 'n belangrike rol in dié verband gespeel het, het Macartney besluit om hul funksies uitvoerig te omskryf en in 'n proklamasie bekend te maak.

Hiervolgens moes hulle wet en orde in hul wyke handhaaf en die bevele van die Raad van Justisie, die Fiskaal en die Kollege van Landdros en Heemrade aan hulle uitvoer. Dit was hul taak om proklamasies en regeringsbevele in hul wyke bekend te maak. Hulle

---

58) (B.M.) Add. Mss. 37308 Wellesley Papers, XXXV: Barnard - Wellesley, 24/1/1801, p. 317.
59) G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office - Macartney, 7/1/1797), p. 35; J. Barrows: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 128; (W.W. Bird): The State of the Cape of Good Hope in 1822, p. 16.
60) GR 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 1/4/1798.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes misdade in hul distrik aan die landdros rapporteer. Misdadigers en drosters moes deur hulle in hegtenis geneem word en na die drosdy gestuur word. Wanneer iemand in hul wyk 'n onnatuurlike dood gesterf het, moes hulle in die teenwoordigheid van twee getuies 'n lykskouing hou en verslag aan die landdros doen. Hulle moes jaarliks 'n lys indien van burgers wat die wyk verlaat het, van diegene wat hulle in die wyk gevestig het en van jong mans wat die ouderdom van 16 jaar bereik het. Wanneer wegloper-slawe of rondlopers die vrede versteur het en vee gesteel het, moes die veldwagmeesters in spoedeisende gevalle 'n aantal burgers in hul wyke oproep en die slawe en rondlopers in hegtenis neem. Hulle was ook gemagtig om die hulp van ander veldwagmeesters in te roep. Die landdros moes onmiddellik op hoogte gestel word van hul optrede in dié verband.[61)]

Uit 'n beskrywing wat Van Ryneveld in 1795 van die funksies van die veldwagmeesters gegee het,[62)] is dit duidelik dat Macartney nie in sy proklamasies van 2 September en 8 November meer bevoegdhede aan die veldwagmeesters toegeken het nie. Dit is egter moontlik dat daar op 'n informele wyse meer bevoegdhede aan die veldwagmeesters gegee is. Hierdie indruk ontstaan uit 'n brief wat landdros Van der Riet in 1798 aan die Baviaanskloofse sendelinge geskryf het. Hy het hulle meegedeel dat die veldwagmeesters nou meer magte as tevore besit en dat hulle nou ook geskille tussen Hottentotte en koloniste kon besleg. Indien een van die partye nie met 'n uitspraak tevrede was nie, sou hy hom op die landdros kon beroep.[63)]

In die proklamasie van 1797 is aan veldwagmeesters die rang van "kornet" toegeken. Hierna is daar naas die benaming veldwagmester ook dié van veldkornet gebruik. Daar bestaan botsende teorieë oor die ontstaan van die benaming veldkornet. P.E. Roux meen dat rang "kornet" wat aan die onder-veldkommandant gegee is, saamgetrek is om die nuwe benaming "veldkornet" te vorm.[64)] Dit is egter opvallend dat die benaming "veldkornet" nie voor 1797 gebruik is nie. Dit is veel meer waarskynlik dat "veldkornet" ontstaan het deurdat die "veldwagmeester" (die amp) en "kornet" (die rang) saamgetrek is.

---

61) S.D. Naudé: Kaapse Plakkaatboek, V (Proklamasies, 2/9/1797 en 8/11/1797), pp. 100-103, 109-116.
62) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Memorandum by W.S. van Ryneveld, ongedateer), p. 252.
63) (Genadendal) Briewe Britse Periode: Van der Riet - Herrhütters, 12/4/1798.
64) Vgl. P.E. Roux: Die Geskiedenis van die Burgerkommando's in die Kaapkolonie, 1652-1878, p. 191. Vgl. ook F.A. van Jaarsveld: Die Veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870, pp. 198-202.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alles in ag genome, was daar gedurende die besetting nie 'n ingrypende hervorming van die kolonie se administratiewe struktuur nie. Die Eerste Britse Bewind was te tydelik van aard, en Macartney, wat by uitstek die persoon was na wie die Imperiale Regering gekyk het om dit aan te voor, wou geen onnodige uitgawes aangaan of enige ingrypende hervormings deurvoer voordat die lot van die Kaap by 'n algemene vredesluiting besleg is nie. Hy het net waar werklik nodig was sekere aanpassings, veranderings en verbeterings gemaak. Vroeg in 1798 het hy geskryf dat herhaalde jig-aanvalle hom waarskynlik sou verplig om in die loop van dié jaar na Engeland terug te keer en bygevoeg "which I shall feelingly regret as I much wish to have the final arrangement of affairs here in case we retain possession of the place."[65)]

65) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney - Richardson, 28/2/1798, p. 71.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IV

FUNKSIONERING VAN DIE REGERINGSTELSEL.

Gedurende die oorgangstydperk toe Craig aan die hoof van die administrasie gestaan het, was dit sy beleid om geen administratiewe maatreëls te tref wat nie die goedkeuring van die koloniste weggedra het nie.[1)]

Op 8 Junie 1796 het die Departement van Oorlog, waaronder ook kolonies geval het, Craig meegedeel dat daar 'n persoon uitgestuur sou word wat met volmag beklee sou wees om die kolonie te administreer. Aan hom sou ook instruksies gegee word vir optrede in administratiewe aangeleenthede wat Craig aangeroer het soos byvoorbeeld die hervorming van die Raad van Justisie.[2)] Vir Craig was dit 'n groot teleurstelling dat hy nie aan die hoof van die administrasie kon aanbly nie. Hy het klaarblyklik gevoel dat hy, feitlik sonder enige instruksies, hom goed gekwyt het van sy taak.[3)]

Teen die begin van 1797 het Craig enige oomblik die aankoms verwag van die persoon aan wie die administrasie van die kolonie toevertrou is. Hy het aan Henry Dundas geskryf: "I conceive it to be an object of consequence to avoid as much as possible the interfering with any arrangement which he may think it expedient to adopt. I am therefore letting every matter which occurs lay over as far as is consistent with the necessity of carrying on the ordinary business of the Government."[4)]

Net na Macartney op 5 Mei 1797 die bewind oorgeneem het, het hy opgemerk dat die Kaap op feitlik dieselfde wyse geadministreer moes word as wat die geval sedert die bewindsoorname was.[5)] Macartney het dit as sy hooftaak beskou om die nodige voorbereidsels te tref vir die dag "when a regular Government shall be established and our quiet possession secured by peace."[6)] Met die doel voor oë het hy daarna gestreef om soveel as moontlik inligting te verskaf oor toestande in die kolonie sodat die Imperiale Regering daarvan op hoogte kon wees op die dag wanneer ingrypende

---

1) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 28/4/1796), p. 373.
2) G.M. Theal: Records of the C.C., I (War Office — Craig, 8/7/1796), p. 385.
3) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 5/7/1796), pp. 397-398.
4) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 14/1/1797, no. 70.
5) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 9/5/1797), p. 85.
6) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney — Hobart, 6/9/1797, p. 29.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hervormings moontlik geword het. Uit sy ryke administratiewe ervaring het Macartney ook aangetoon watter hervormings wenslik was.[7)]

Met behulp van veral W.S. van Ryneveld kon Macartney 'n goeie insig verkry van die administratiewe masjinerie en van toestande in en om Kaapstad. Daar het egter ook die behoefte ontstaan om meer inligting oor die binneland te verkry.[8)] Omdat sy gesondheid swak was, het Macartney vir John Barrow gevra om die binneland te deurreis en inligting in te samel oor die inboorlinge aan die grens, die koloniste, die natuurlike hulpbronne, hawens en toestande in die algemeen. Barrow het in 1797 en 1798 reise deur die oostelike, noordoostelike en noordwestelike dele van die kolonie en aangrensende gebiede onderneem en 'n rykdom van inligting ingesamel. 'n Belangrike aspek van sy waarnemings was sy kritiek op die koloniste se optrede teenoor die inboorlinge. Dit het waarskynlik 'n invloed op die Britse bewindhebbers se administrasie van die buitedistrikte uitgeoefen.[9)]

In sy administrasie van die kolonie het Macartney die bestaande plaaslike bestuursliggame onveranderd behou. Dit was die imperiale beleid om hierdie liggame in verowerde kolonies te laat voortbestaan, maar om te verhoed dat hulle vir hulself groter magte aanmatig as wat hulle voorheen besit het. Vincent Harlow praat in dié verband van "a desire to prevent encroachment or incovation."[10)]

Macartney en ook sy opvolger, sir George Yonge, het ook Yonge- daarteen gewaak dat die plaaslike bestuursliggame hul magte oorskry of nuwe magte toeëien. In dié verband het daar 'n botsing tussen Macartney en die Burger-Senaat ontstaan oor die liggaam se bevoegdheid "to take care of the common interests of the corporation of burghers and in case of necessity for the prevention of disorders to make to Government in the name of the said corporation the necessary decent representations."[11)]

Die burgers het die Burger-Senaat gesien as die liggaam aan wie die welvaart van die kolonie en die burgery toevertrou is.

---

7) Vgl. (Gubbins) MIC A735 Account of the Cape of Good Hope by Macartney, 1798.
8) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. v-xiii, 1-2.
9) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — Barrow, 30/6/1797), pp. 110-111; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/7/1798), pp. 138-139. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 123-125, 242, 247-248.
10) V. Harlow: The New Imperial System, 1783-1815 (Cambridge History of the British Empire, II, p. 146).
11) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 31/1/1796), p. 19.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was ook die geval met die burgers van die buitedistrikte. In 1801 het 'n aantal Graaff-Reinetse veldkornette 'n klagskrif oor Maynier se administrasie aan die Burger-Senaat gestuur met die versoek dat die liggaam daaroor aan die Goewerneur vertoë moes rig.[12)]

Die Burger-Senaat het homself as die "werktuig der correspondentie tusschen het gouvernement en de Ingezeeten" beskou.[13)] In 1797 het die liggaam 'n petisie wat aan hom gerig is deur Hendrik Cloete, die eienaar van Groot Constantia, aan Macartney gestuur. Hierin het Cloete gekla oor die 30 aam wyn per jaar wat die regering van hom geëis het uit hoofde van 'n ooreenkoms wat hy in 1793 met die Kompanjiesregering aangegaan het. Die Burger-Senaat het met verwysing na die petisie Macartney versoek dat hy Cloete moes beskerm teen die monopolistiese en onderdrukkende praktyke wat deur die Kompanjie beoefen was, maar deur die Britse bewindhebbers afgeskaf is.[14)]

In sy antwoord het Macartney opgemerk dat Cloete onbehoorlik opgetree het deur hom na die Burger-Senaat te wend, terwyl die Burger-Senaat weer nie deur sy instruksies gemagtig was om vir Cloete voorspraak te doen nie. Nadat hy artikel 1 van die Burger-Senaat se instruksies aangehaal het, het hy opgemerk dat dié liggaam slegs die mag het "to make such representation to Government in <u>decent</u> terms, and in the name of the whole body of Burghers as may tend to their general benefit." Hy het afgesluit deur te sê dat die instruksies van die Burger-Senaat "by no means engages you to the consideration of the private requests or complaints of individuals or to the anticipation of any matter, the contemplation and decision of which are solely within the province of Government."[15)]

Die burgerrade het reeds gedurende die Kompanjiesbewind die reg verkry om namens die burgery tot die regering vertoë te rig, en die burgers se regte is deur die kapitulasievoorwaardes gewaarborg. Dit is egter twyfelagtig of Macartney in sy optrede teenoor die Burger-Senaat die kapitulasievoorwaardes geskend het. Dit was meer 'n geval dat sý interpretasie die bevoegdheid van die Burger-

---

12) C.T.M. 3/2 Gemengde Inkomende Briewe: Onondertekende Petisie, 8/9/1801; C.T.M. 1/1/9 Resolusies van Burger-Senaat, 20/11/1801 en 17/12/1801, pp. 411-413, 469-472.
13) C.T.M. 1/1/9 Resolusies van die Burger-Senaat, 17/11/1801, p. 406.
14) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 6/9/1797, no. 50. Sien verder pp. 197-198.
15) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 22/9/1797, no. 304; C.T.M. 1/1/6 Resolusies van Burger-Senaat, 5/9/1797, ongepag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Senaat om as spreekbuis van die burgers te dien van dié van die Burger-Senaat verskil het.

Die verhouding tussen die Burger-Senaat en die Britse bewindhebbers het algaande meer gespanne geraak. 'n Versoek van die Burger-Senaat namens 85 burgers dat 250 slawe van 'n skip in Tafelbaai aan land gebring en verkoop word, is deur Macartney geweier met die woorde dat "instead of making applications for things which you ought to know cannot be granted, you would give your attention to other matters under your care ...."[16] 'n Pleidooi van die Burger-Senaat in 1799, op versoek van die eggenotes van die Graaff-Reinetse rebelle, dat hul mans se tronktoestande draagliker gemaak word, is deur die regering beantwoord met die opmerking dat dié liggaam hom tot meer noodsaaklike versoeke moes beperk.[17]

Die Burger-Senaat het hom nie hierdeur laat afskrik nie. Dié liggaam het dit as sy plig beskou om, soos hy dit gestel het, "betrekkelijk die belangens deezer Colonie en Ingezeeten aan het Gouvernement zoodanige voordragten te doen als zij den algemeene Nutte dienstig oordeelen."[18] Dit het nie gehuiwer om aan die Goewerneur versoeke voor te dra of op eie inisiatief vertoë te rig nie. Die Burger-Senaat het geprotesteer teen sekere maatreëls wat Yonge getref het soos die verbod op die kap van hout in die regeringsbosse aan die ooskus van die kolonie, die instelling van 'n wynproewersdepartement, die voorgenome uitgee in eiendom van kroongrond wat as dekking van die papiergeld in omloop gedien het en die poging om vir produkte maksimum pryse vas te stel. Yonge het meestal hierdie vertoë geïgnoreer, maar soms, soos in die geval van die beoogde vasstelling van maksimum pryse vir produkte het dit wel die gewenste uitwerking gehad.[19]

Daar was ook ander gevalle waar die regering daarteen gewaak het dat plaaslike bestuursliggame hul magte oorskry. Macartney het die heemrade van Stellenbosch wat 'n versoek van die veldwagmeesters om beter vergoeding aan hom voorgedra het, betig met die woorde dat sulke nuwighede ("such innovations") nie deur hulle ondersteun behoort te word nie. Die veldwagmeesters se vergoeding is deur die regering vasgestel, en die saak moes daar gelaat

---

16) B.O. 51 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 10/2/1798, no. 42.
17) B.O. 53 Letters Despatched: Fraser — Burger-Senaat, 23/9/1799, p. 89.
18) C.T.M. 3/4 Inkomende Briewe: Burger-Senaat — Goewerneur, 24/5/1797, no. 18.
19) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 224-232.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

word.[20] Macartney het klaarblyklik gevoel dat heemrade oor dergelike aangeleenthede nie versoeke mag instuur nie.

In 1800 het Yonge met die heemrade van Stellenbosch gebots. 'n Aantal ingesetenes van die distrik Stellenbosch het in dié jaar teen die aanstelling van G.J.H. Croeser as veldkornet van die wyk Stellenbosch-dorp beswaar aangeteken omdat hy, volgens hulle, bekend was as iemand met 'n swak karakter en volgens hulle vir die betrekking onbevoeg was. Yonge het hierdie petisie as wederregtelike inmenging in regeringsaangeleenthede beskou en gelas dat die ondertekenaars daarvan vir hom om verskoning moes vra. Die saak het 'n onverwagte wending geneem toe die heemrade geweier het om Croeser se ampseed af te neem vóór hy hom nie eers van die aanklagte wat teen hom ingebring is, gesuiwer het nie. Landdros Van der Riet se argument dat daar geen staat binne 'n staat mag wees nie, wou hulle nie van hul standpunt laat afsien nie.[21]

Yonge wou dit duidelik laat blyk dat die heemrade nie by magte was om op hierdie wyse op te tree nie. Hy het hulle na die Kasteel ontbied, maar blykbaar het die heemrade hierdie bevel veronagsaam, want op 2 April 1800 is Andrew Barnard aangewys om op Stellenbosch die gedrag van die heemrade te ondersoek en, indien nodig, hulle te straf. Intussen is die heemrade beveel om hulle gereed te maak vir die inkwartiering van 'n sersant en 12 dragonders by elkeen van hulle. Hierdie dreigemente het die gewenste uitwerking gehad, want toe Andrew Barnard op Stellenbosch opdaag, het die heemrade hul spyt oor die voorval uitgespreek en beloof dat dit nie weer sou gebeur nie.[22]

Macartney het dit as een van sy vernaamste take beskou om die finansies van die kolonie op 'n gesonde grondslag te plaas. Die administrasie van die kolonie is deur die koloniale skatkis gefinansier met die verstandhouding dat tekorte uit imperiale skatkis aangesuiwer sou word.[23] Die koloniale skatkis se vernaamste bronne van inkomste was die volgende: Daar was die inkomste uit grond waarvan rekognisiegeld op leningsplase die belangrikste was. Dan was daar die sogenaamde tiende wat gehef is op koring, gars, ertjies, boontjies, wyn en brandewyn wat na Kaapstad gebring is. 'n Oordragbelasting van 4 persent op die koopsom van vaste eiendom

20) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Landdros en Heemrade van Stellenbosch, 13/4/1798, no. 114.
21) B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Yonge, 22/1/1800 en 3/2/1800, Petisie van Stellenbossers, 3/2/1800, nos. 4 en 7.
22) B.O. 53 Letters Despatched: Yonge — Van der Riet, 15/3/1800 en 3/4/1800, Yonge — Heemrade, 21/3/1800, nos. 275, 287, 282; Stb. 10/10 Inkomende Briewe, Verklarings deur Yonge en Barnard, 2/4/1800, no. 58 en 59.
23) G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office — Macartney, 14/1/1797, Macartney — H. Dundas, 9/5/1797), pp. 36-37, 85-86.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was betaalbaar. Daar was ook 'n vendubelasting van 3½ persent op roerende en 1¾ persent op vaste eiendom wat op vendusies verkoop is. Voorts was daar doeanebelasting. Op goedere wat in dele van die Britse Ryk ten weste van die kolonie verskeep is, is geen invoerbelasting gehef nie. Goedere van buite die Britse Ryk wat deur Britse skepe vervoer is, was aan 'n invoerbelasting van 5 persent onderhewig en aan 'n belasting van 10 persent indien dit deur vreemde skepe vervoer is. Die uitvoerbelasting op Kaapse produkte het gemiddeld op 5 persent te staan gekom. 'n Ander bron van inkomste was dranklisensie en wynpagte. Die skatkis het ook 4% van die rente op die bedrae wat deur die Lombard Bank uitgeleen is, ontvang. 'n Laaste vername bron van inkomste was die seëlbelasting. Op alle koopbriewe, kwitansies, petisies en versoekskrifte aan die regering moes 'n seël geplak word. Daar was verskillende seëls en namate die bedrag van die koopsom gestyg het, moes duurder seëls opgeplak word. Die seëls het van 6 pennies tot 100 Rds. gekos.[24)]

Die vernaamste uitgawe-items van die koloniale skatkis was die salarisse van die amptenare en die instandhouding van en die verbetering aan regeringsgeboue.

Die soldy en lopende uitgawes van die troepe in verband met kos, klere en huisvesting is nie uit die koloniale skatkis nie, maar uit die imperiale skatkis betaal. Die oprigting van nuwe vestingwerke is ook uit die imperiale skatkis gefinansier. Gedurende die besetting is aan die Kaap 'n bedrag van £1 789 181-9-3d aan militêre uitgawes gespandeer.[25)]

Macartney het daarna gestreef om die uitgawes en inkomste van die koloniale skatkis te laat klop. Hy het sover as moontlik uitgawes probeer beheer en besnoei. Hy kon egter niks doen aan die vernaamste uitgawe, te wete die buitengewone hoë salarisse wat uit die koloniale skatkis aan die vernaamste amptenare uitbetaal is nie. Die Goewerneur se salaris en toelae van £12 000 per jaar was ongeveer 30% van die kolonie se inkomste vir die jaar 1796-1797 en die ander vernaamste Britse amptenare het tesame omtrent dieselfde bedrag ontvang.[26)]

Gedurende die besetting is daar die volgende uitgawes aan-

---

24) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 124-133; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Observations on the Revenue of the Cape of Good Hope by J.H. Craig, ongedateer), pp. 255-260.
25) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 196.
26) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 20/2/1798), p. 235; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 15/10/1798), pp. 293-295.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gegaan.[27)]

Jaar	Uitgawes van verskillende Departemente in Riksdaalders			
	Salarisse betaal deur Burgerlike Betaalmeester aan die Goewerneur en vernaamste amptenare	Salarisse betaal deur Ontvangergeneraal aan die ondergeskikte amptenare in die staatsdiens	Buitengewone uitgawes	Totale uitgawes
1795-1796	-	89,428	5,171	94,600
1796-1797	71,432	81,520	23,108	176,060
1797-1798	202,279	66,913	32,607	301,799
1798-1799	119,447	68,839	55,569	243,886
1799-1800	246,845	89,549	107,921	444,317
1800-1801	141,380	108,998	252,584	502,962
1801-1802	273,342	71,466	98,809	443,617

Terwyl Macartney nie te ver kon gaan met die besnoeiing van uitgawes nie, het hy die finansies van die kolonie probeer verbeter deur die regeringsinkomste te laat styg. Aangesien die regering deur die kapitulasievoorwaardes verbind was om nie nuwe belastings te hef nie, het Macartney probeer om die inkomste te laat styg deur die stelsel van invordering van die bestaande belastings te verbeter. In ooreenstemming met sy instruksies het Macartney reëlings vir 'n gereelde betaling van rekognisiegeld getref. Hy het die Ontvanger van Inkomste uit Grond ("Receiver of Land Revenue") gelas om afsonderlike registers van nuut-geregistreerde grond en leningsplase te hou en aan die landdroste lyste te stuur van koloniste wat met hulle rekognisie agterstallig was. Persone wat ná 'n sekere datum nog agterstallig was, is met parate eksekusie (opveil van goedere sonder 'n hofbevel ter invordering van skulde) gedreig. In November 1798 is hierdie maatreëls verder uitgebrei toe bepaal is dat die koloniste by die jaarlikse opgaaf aan die landdros 'n bewys van die Ontvanger moes lewer dat hy die vorige jaar sy rekognisie betaal het. 'n Spesiale register moes deur landdroste gehou word waarin die name van die koloniste in alfabetiese orde, asook die datum van die bewys en die bedrag betaal, aangeteken moes word. 'n Afskrif van die register moes saam met die opgaaf na die Ouditeur-generaal opgestuur word, wat dit

27) Acc. 45 Statements of Revenue and Expenditure: Comparative State of Expences and Revenue of the Civil Government of the Cape, 1796-1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes vergelyk met die state van die Ontvanger van die inkomste uit grond. Danksy al hierdie maatreëls het die regeringsinkomste uit die rekognisie op leningsplase van ongeveer 24 000 Riksdaalders gedurende die boekjaar 1796-1797 tot ongeveer 50 000 Riksdaalders gedurende die boekjaar 1797-1798 gestyg. By die laasgenoemde bedrag was egter heelwat agterstallige rekognisiegelde inbegrepe.[28)]

Die struktuur van die plaaslike administrasie was egter so gebrekkig dat koloniste, ten spyte van Macartney se maatreëls, weer met hul rekognisiegeld agterstallig geraak het. Teen Mei 1798 was koloniste in die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet in totaal 'n bedrag van 11 000 Riksdaalders aan rekognisiegeld uitstaande. Dreigemente van parate eksekusie is herhaal, maar teen die einde van die besetting was daar 78 000 Riksdaalders aan rekognisiegeld agterstallig. Volgens Geyer behoort die inkomste uit rekognisiegeld 47 016 Riksdaalders per jaar te beloop het.[29)] In die drie jaar van 1798-1801 is daar maar gemiddeld 32 600 Riksdaalders ingesamel en in 1802 was dit veel laer.[30)]

Macartney het ook die invordering van die doeanegeld op in- en uitvoerartikels verbeter. Hy het in Junie 1797 'n afsonderlike doeanekantoor ingestel met John Hooke Greene as doeanegaarder, bygestaan deur 'n Kontroleur en 'n Hoofsoeker ("Chief Searcher"), wat elkeen weer amptenare ondergeskik aan hulle gehad het. Streng maatreëls is getref om smokkelhandel, en gevolglik 'n verlies aan regeringsinkomste, te voorkom.[31)]

In September 1798 het Macartney ook die beheer oor die Ontvanger van die Tiendes op wyn en koring verbeter deur te bepaal dat die militêre wagte by die Kasteel, Fort Knokke, Muizenberg en Simonstad aantekening moes hou van belasbare produkte wat verby

---

28) B.O. 51 Letters Despatched: Ross — Landdroste, 20/11/1798, Ross — Baumgardt, 20/11/1798, nos. 332, 336; G.M. Theal: Records of the C.C., V (General Statement of Revenues, 1795-1801), p. 409; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 133, 199-200.

29) A.L. Geyer: Das wirtschafliche System der Niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der guten Hoffnung, 1785-1795, p. 60.

30) Vgl. L.C. Duly: British Land Policy at the Cape, pp. 24-25; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 86; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — Dundas, 5/1/1801), p. 385; B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Bresler, 1/5/1799, no. 199; B.O. 53 Letters Despatched: Barnard — Bresler, 8/2/1800, Barnard — Baumgardt, 29/11/1800, Barnard — Landdroste, 29/12/1800, nos. 247, 420, 438.

31) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Greene, 5/11/1798, no. 307; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 127; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 6/6/1797), p. 84.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle vervoer word. Die besonderhede moes aan die Ouditeur-generaal gerapporteer word, wat aan die einde van elke maand moes vasstel of dit met die ontvangste van die Ontvanger van Tiendes ooreenstem.[32)]

Die regeringsinkomste het gestyg van 125.769 Riksdaalders vir die boekjaar 1795-1796 tot 332.512 Riksdaalders vir die boekjaar 1797-1798. Dit is insiggewend om dit te vergelyk met die totale regeringsinkomste gedurende die laaste vier jaar van die Kompanjiesbewind.[33)]

/ Tabel op p. 115/

Hieruit blyk dit dat gedurende die jaar 1797-1798 ongeveer 60 000 Riksdaalders meer ingesamel is as gedurende 1793-1794 toe Nederburgh en Frijkenius se maatreëls ten opsigte van belastings hul uitwerking getoon het. In laasgenoemde jaar het die profyt op handelsbedrywighede aan die skatkis 'n bedrag van 60.297 Riksdaalders besorg. Hierdie inkomstebron het gedurende die Britse bewind verval. Die styging in regeringsinkomste van 1798 op 1794 was veral toe te skryf aan die toename in die handelsbedrywighede wat 'n skerp styging in die inkomste verkry uit die wynpagte, doeanebelasting, vendubelasting en oordragbelasting teweeggebring het, maar ook aan 'n verbetering van die stelsel van belastinginvordering. Op die grondslag wat Macartney met betrekking tot belastinginvordering gelê het, het die regeringsinkomste ná sy vertrek verder gestyg. Generaal Dundas het vroeg in 1799 opgemerk dat "sanguine expectations may be entertained with respect to the increase of the Colonial Revenues, Lord Macartney having established Regulations for the due collection of the different branches of the Revenue ... and it is to His Lordship's industry and attention during his administration to which the improvement of the revenue is to be ascribed."[34)]

Danksy die styging in regeringsinkomste en die beheer wat Macartney oor regeringsuitgawes ingestel het, kon die staat se boeke 'n batige saldo toon vir die jaar 1797-1798, alhoewel die bedrag bestee aan salarisse in vergelyking met die voorafgaande boekjaar met meer as 70% gestyg het. Gedurende die ampstermyn van Yonge (van Desember 1799 tot April 1801) het die bedrag bestee aan buitengewone uitgawes so skerp gestyg dat die boeke 'n verlies ge-

32) B.O. 65 Instructions: Instructions to Auditor General, 13/9/1798, pp. 90-91.
33) Acc. 45 Statements of Revenue and Expenditure: Comparative State of Expences and Revenue of the Civil Government of the Cape, 1780-1802.
34) G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — H. Dundas, 23/1/1799), p. 343.

STAAT VAN VERNAAMSTE BRONNE VAN REGERINGSINKOMSTE, 1792-1802 (IN RIKSDAALDERS)[55]

Jaar (van Oktober tot September	Belasting op leningsplase	Belasting op oordrag van vaste goed	Belasting op wyn en brandewyn	Tiende op graan	Belasting op verkoop van drank	Seël-belasting	Rente op Lombard Bank	Vendu-belasting	Boetes en verbeurd-verklarings	Wins op handel	Totale inkomste
1792	11,900	10,945	2,238	4,634	59,934	4,846	-	-	-	50,531	167,615
1793	22,188	8,028	2,678	15,478	39,004	30,930	3,965	-	-	43,150	190,098
1794	56,152	10,817	14,807	19,627	41,930	14,377	19,053	9,929	-	60,297	273,440
1795	39,573	20,001	15,668	16,486	16,752	11,296	9,578	9,665	-	-	161,222
1796	13,790	19,090	13,040	6,804	13,700	10,253	11,614	12,375	-	-	125,769
1797	24,122	31,171	14,249	11,722	26,341	13,202	25,240	25,485	-	-	201,893
1798	49,973	42,309	17,489	15,722	36,255	18,403	25,532	48,182	10,182	-	322,512
1799	30,564	72,520	22,529	12,634	51,133	20,348	25,534	61,214	7,584	-	361,795
1800	32,965	51,514	17,454	14,475	62,317	18,751	26,096	58,745	26,572	-	365,987
1801	34,774	72,730	18,509	19,249	93,200	25,641	25,813	85,885	1,136	-	447,263
1802	25,500	49,388	12,858	11,586	87,014	24,310	24,688	71,776	8,000	-	400,183

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

toon het. Dit het nou geblyk dat die beheer wat die Imperiale Regering gehad het oor die uitgawes wat die Goewerneur verlang het om aan te gaan, onvoldoende was.

Macartney het ook aan die administrasie van die distriksfinansies aandag geskenk. Toe die Kaap onder kroonkolonieregering geplaas is, was die finansies van die binnelandse distrikte in 'n benarde toestand. Die Landdros en Heemrade van Stellenbosch het gekla dat die koloniste die distriksbelasting ontduik, of slegs die minimum betaal het, met die gevolg dat die distrikskas in "een aller deplorabelste staat" was. Swellendam kon die rente op 'n lening van 22 000 guldens van die Weeskamer nie betaal nie, en Graaff-Reinet het 'n tekort van 7 255 Rds. op die inkomste- en uitgawerekening gehad, terwyl die meeste drosdygeboue in 'n staat van verval was.[35)]

Macartney het dit duidelik gestel dat die sentrale regering nie van plan was om die distrikte uit hul finansiële verknorsing te help nie. Hy het in stede daarvan sekere administratiewe hervormings deurgevoer wat belastingontduiking aan bande gelê het. Sodoende wou hy die plaaslike besture se finansies verbeter en hulle in staat stel om hul pligte, soos die instandhouding van die distriksgeboue, te verrig. Macartney het verskeie reëlings getref om die administrasie van die jaarlikse opgaaf, wat die grondslag van die distriksbelasting was (koloniste het 16 stuiwers betaal vir elke 10 skape en 1 stuiwer vir elke bees wat hulle opgegee het) onder strenger toesig te laat plaasvind. Hy het bepaal dat die Opgaaf onder eed moes plaasvind en dat ter plaatse ondersoek ingestel moes word wanneer iemand se opgaaf nie vertrou word nie. Voorsiening is gemaak vir swaar boetes op persone wat valse opgawes gemaak het. Macartney het ook bepaal dat landdroste op vasgestelde tye die opgaaflyste en 'n staat van die distriksuitgawes na die Kaap moes opstuur. Danksy al hierdie maatreëls het die finansies van die binnelandse distrikte, en die beheer van die sentrale regering daaroor, baie verbeter.[36)]

Macartney het ook op die Burger-Senaat druk uitgeoefen om voldoende belasting in te samel sodat dié liggaam sy pligte kon nakom. Met verwysing na die Burger-Senaat se plig om die Kaapstadse strate in 'n behoorlike toestand te hou het Macartney vroeg in 1798 die liggaam gemaan om van die "disgraceful and neglected state of the

---

35) B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade — Craig, 1/2/1796, no. 39; B.O. 24 Letters from Swellendam: Landdros en Heemrade — Craig, 1/8/1796, no. 18; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: General State of the Colony of Graaff-Reinet, 9/10/1797, pp. 268-273.

36) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Landdroste, 22/6/1798, no. 173; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Heemrade — Macartney, 6/12/1797, no. 31; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 11/7/1798), pp. 90-91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

streets" werk te maak.[37)]

Die Burger-Senaat wat in daardie stadium besig was met herstelwerk aan die waterleiding en die koringwindmeule waaroor dit beheer gehad het, het Macartney meegedeel dat dit weens 'n gebrek aan fondse onmoontlik was om ook nog herstelwerk aan die strate te onderneem. Die liggaam het aan Macartney voorgestel dat elke ingesetene verplig moes word om die straatgedeelte voor sy erf in stand te hou.

Macartney was nie te vinde hiervoor nie en het in plaas daarvan die Burger-Senaat gemagtig om ten opsigte van die leeu- en tiergeldbelasting die burgers met die helfte meer aan te slaan en die ekstra bedrag in 'n fonds vir die herstel van strate te stort. Die leeu- en tiergeld was 'n kopbelasting wat elke burger ooreenkomstig sy materiële welvaart betaal het en van 5 skellings tot 10 Riksdaalders gewissel het.

Toe die Burger-Senaat egter aantoon dat die straatfonds verreweg nie sterk genoeg sou wees om die strate in 'n behoorlike toestand te bring nie, het Macartney, op voorstel van die Burger-Senaat, bepaal dat die koloniste van die binneland ook tot die fonds moes bydra omdat hul swaarbelaaide waens baie skade aan die strate aangerig het.[38)]

Gevolglik is ten opsigte van die buitedistrikte die skaap- en beesbelasting, wat ooreenkomstig die opgaaf betaal moes word met die helfte vermeerder. Die bykomstige gedeelte het, soos in die geval van die Kaapse distrik, bekend gestaan as straatbelasting. In die geval van die buitedistrikte was hierdie sogenaamde straatbelasting 'n addisionele belasting.[39)]

In die binneland was daar groot ontevredenheid oor hierdie addisionele belasting en veral vir die doel waarvoor dit gebruik sou word. Sommige koloniste het net een keer per jaar, of selfs een keer elke tweede jaar, die Kaap besoek. Macartney was egter van oordeel dat die koloniste só verheug moes wees oor die welvaart wat die Britse bewind vir hulle gebring het en oor die agterstallige rekognisiegeld wat in 1795 vrygeskeld is, dat hulle met bly-

---

37) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 107; B.O. 51 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 10/2/1798, no. 42.

38) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: nos. 46, 66, 70, 79; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 5/3/1798, 7/4/1798, pp. 127-128, 131-132.

39) Vgl. M.H. de Kock: Selected Subjects in the Economic History of S.A., pp. 83-84; V.C. 104 Een Generale Beschrijwing van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, p. 32; V.C. 105 Een Generale Beschrijwing van de Kolonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 188, 192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moedigheid die straatbelasting behoort te betaal.[40)]

Dit het spoedig geblyk dat die straatbelasting wat ingevorder is, nie voldoende was om die strate behoorlik te herstel nie. Die koste daaraan verbonde is in elk geval heeltemal onderskat.[41)] In 1798 en 1799 wou die Burger-Senaat die werk aan die strate verminder, en dit selfs staak, maar die versoek om dit te doen, is deur die bewindhebbers geweier.

Die finansies van die Burger-Senaat het alhoemeer benard geword. Teen Maart 1801 was die tekort van die straatfonds meer as 36 000 Riksdaalders, en die strate was nog nie halfpad klaar nie.[42)] Die koloniste het al hoe onwilliger geword om by te dra. Druk het nie meer gehelp nie, want daar was soveel persone wat geweier het of nagelaat het om te betaal dat vervolgings die werksaamhede van die Raad van Justisie ontwrig het en dié liggaam genoop het om voor te stel dat die Burger-Senaat voortaan self sy skulde invorder.

Uiteindelik het generaal Dundas besef dat dit gebiedend noodsaaklik was dat die sentrale regering moet ingryp en die Burger-Senaat moet help. Toe in die begin van 1802 die bedrag papiergeld in omloop vermeerder is, het generaal Dundas beveel dat die rente op die bedrag van 165 000 Riksdaalders, wat aan die Lombard Bank beskikbaar gestel is, aan die Burger-Senaat uitbetaal moes word om dit in staat te stel om sy werk aan die strate voort te sit.

Die hele aangeleentheid was 'n aanduiding dat, ten spyte van die druk wat die sentrale regering op die plaaslike owerhede uitgeoefen het om belastings in te vorder en hul bestuurspligte na te kom, daar perke was aan die belastings wat die koloniste wóú of kón betaal.[43)]

---

40) B.O. 51 Letters Despatched: Macartney — Landdroste, 7/4/1798, nos. 109-111.
41) In 1798 het Van Ryneveld bereken dat dit 30 000 Rds. sou kos; teen 1801 was dit duidelik dat die koste ver oor die 100 000 Rds. sou wees.
42) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Dundas, 24/11/1801, nos. 129, 135.
43) Vgl. B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Dundas, 24/11/1801, no. 129. 'n Uitvoerige korrespondensie is oor die Kaapse strate gevoer. Die vernaamste briewe is: B.O. 51 Letters Despatched: nos. 239, 259, 286, 325; B.O. 2 Letters from Burgher Senate, no. 28; B.O. 3 Letters from Burgher Senate: nos. 116-117; B.O. 4 Letters from Burgher Senate: no. 28; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: nos. 79, 87, 121, 125; B.O. 52 Letters Despatched: no. 168; B.O. 54 Letters Despatched: no. 441; B.O. 22 Letters from Stellenbosch, no. 45; B.O. 23 Letters from Stellenbosch, no. 44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gebreke van die plaaslike bestuurstelsel het nie net die invordering van die belastings geraak nie, maar het ook meegebring dat die administratiewe maatreëls van die regering in die buitedistrikte nie doeltreffend uitgevoer is nie.

Dit was byvoorbeeld die geval met die maatreël wat Macartney met betrekking tot die grense van die kolonie getref het.

Die noordgrens van die kolonie is vir die eerste keer in 'n proklamasie, gedateer 14 Junie 1798, neergelê. Die grens het 'gestrek van die Koussie(Buffels)rivier se monding in die Atlantiese Oseaan, tot die noordelike hoek van die Kamiesberge, daarvandaan na die Langeberg, Kabiskow en Spioenberg. Van hierdie berg het die grens geloop na 'n punt aan die Visrivier wat nie omskryf is nie. Dit het 'n paar myl suidwaarts met Visrivier gegaan tot waar die Rietrivier in die Visrivier vloei. Die grens het dan langs die Rietrivier gegaan tot waar die rivier in die Nieuweveldberge ontspring. Dit het al langs die Nieuweveldberge gegaan en van die oostelike punt van die reeks tot by Groot Tafelberg en daarvandaan tot by Edele Heersbaken (Plettenbergsbaken). In dieselfde proklamasie is die oosgrens ook neergelê. Dit het geloop van Plettenbergsbaken tot by die Suurberg en daarvandaan langs Bamboesberg, Tarkaberg, Kaggaberg, Esterhuyzespoort aan die Kaggastert en daarvandaan langs die loop van die Visrivier tot by die see.[44] Die koloniste is gewaarsky om nie hul vee anderkant die grens te laat wei of die grens te oorskry nie.[45] Daar was egter geen geskikte administratiewe masjinerie om hierdie maatreël te implementeer nie. Die gevolg was dat hierdie proklamasie 'n dooie letter gebly het en dat die grens feitlik net 'n grens op papier gebly het.

Ook die poging om die koloniste se optrede teenoor die Hottentotte deur middel van die wet te reguleer, het nie veel sukses gehad nie. Uit die oostelike deel van die kolonie is daar getuienis dat sommige koloniste voortgegaan het om arbitrêr teenoor Hottentotte op te tree. Hulle het nie hul lone betaal nie en het hulle verhinder om weg te gaan nadat hul dienstydperk verstryk het.[46]

---

44) Vgl. kaart van die Kaapkolonie.
45) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/7/1798, pp. 138-139.
46) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April, 1802), pp. 288-294; SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 4/12/1797; H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, p. 624; G.M. Theal: Records of the C.C., VIII (Journal of a Tour by Collins, 28/7/1809), p. 111; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 70-77.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Kolleges van Landdros en Heemrade het nie voldoende beskerming vir Hottentotte gebied nie. Die heemrade van Stellenbosch het in 1797 dit byvoorbeeld betwyfel of 'n Hottentot die reg het om by die Kollege van Landdros en Heemrade 'n klagte teen sy werkgeefster wat hom nie betaal het nie.[47] Die veldwagmeesters het selde in geskille tussen koloniste en Hottentotte ingemeng. Van Ryneveld was van oordeel dat al wat hulle gedoen het was om die koloniste se heerskappy oor die Hottentotte te bevestig.[48]

Die wyse waarop die regeringsbesluite oor die onwettige gebruik van grond skipbreuk gely het, is 'n ander voorbeeld van die gebreke van die plaaslike bestuurstelsel. Macartney het, nadat die kroonkolonieregering ingestel is, besluit om die uitreiking van leningsplase stop te sit tot tyd en wyl daar na die stelsel van grondbesit ondersoek ingestel kon word en die nodige hervormings aangebring is.[49] Daar was egter weinig wat die koloniste verhoed het om grond in gebruik te neem sonder dat dit deur die regering aan hulle uitgegee was, met ander woorde: om daarop te gaan "plak". En wanneer 'n kollege van Landdros en Heemrade, soos dié van Stellenbosch, self verklaar het dat hy die "noodsakelijkheid dat er meerder Landerijen word uitgegeeven", insien, het die regeringsbesluite oor die onwettige gebruik van grond in die praktyk weinig uitwerking gehad. Aan die begin van 1799 het die poshouer van Outeniekwaland berig dat "several persons have occupied lands in his neighbourhood without licence or grant."[50] Ná die Britse besetting het dit ook aan die lig gekom dat die Stellenbosse Kollege van Landdros en Heemrade aan koloniste wie se versoeke om grond hy nie wou weier nie, verlof verleen het om daarop te saai en te plant met die vooruitsig dat grond aan hulle toegeken sou word as die Kaap weer in Nederlandse hande oorgaan.[51]

Yonge wou werk daarvan maak om die gebrekkige plaaslike bestuur te hervorm sodat daar aan die regeringsbesluite ten opsigte van die buitedistrikte doeltreffend uitvoering gegee kon word. Met die oog hierop het hy samesprekings gevoer met Van Ryneveld wat in Oktober 1801 "A plan for amending the interior Police in the Colony of the Cape of Good Hope" voorgelê het.[52] In dié verslag

---

47) B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade — Craig, 6/2/1797, pp. 501-502.
48) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (A Plan for Amending the Interior Police by W.S. van Ryneveld, 31/10/1801), p. 92.
49) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Van der Riet, 4/4/1798, Macartney — Baumgardt, 18/7/1798, nos. 103, 203.
50) B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Barrow, 29/3/1799, no. 150.
51) P.J. Venter: Landdros en Heemrade, p. 78.
52) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 29/3/1800), pp. 90-91.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het Van Ryneveld veral klem gelê op die uitoefening van wet en orde in die binneland en op die posisie van die Hottentotte in die koloniale samelewing.

Hy het ingesien dat die veldkornette in hul wyke nie almal geskik en die landdroste in hul uitgestrekte distrikte nie in staat was om toe te sien dat reg en geregtigheid aan almal geskied nie. Hy het gevolglik voorgestel dat drie adjunk-landdroste vir die distrik Stellenbosch, vier vir Swellendam en vier vir Graaff-Reinet aangestel word om te sorg dat al die regeringsbevele in hul onderskeie gebiede stiptelik nagekom word. Hulle moes die diensregister van Hottentotte in hul gebiede hou, kleinere geskille tussen Hottentotte en koloniste besleg, rekognisiepenninge en distriksbelasting invorder en toesien dat daar nie met die Opgaaf gekul word nie.

As sluitsteen vir sy plan het Van Ryneveld aanbeveel dat 'n rondgaande kommissie van die Raad van Justisie, naas die uitoefening van sy regtelike pligte, ook ondersoek moes instel na toestande in die algemeen in die binneland en veral moes let op die wyse waarop die landdroste en adjunk-landdroste hul pligte uitoefen. In die laaste instansie sou almal wat hulle veronreg voel, hul toevlug tot hierdie kommissie kon neem.[53)]

Van Ryneveld se planne sou ongetwyfeld 'n effektiewer administrasie van die binneland tot gevolg gehad het. Dit was egter reeds teen die middel van 1800 duidelik dat Henry Dundas nie ten gunste was van hervorming van die administrasie van die binneland gedurende die besetting nie. Moontlik is hy afgeskrik deur die opstand wat in 1799 in Graaff-Reinet uitgebreek het. Met verwysing na die koloniste in die binneland het hy geskryf dat "any attempts to introduce Civilization and a strict Administration of Justice will be slow in their progress, and likely, if not proceeded upon with caution and management, rather to create a spirit of resistance or a disposition to migrate still further from the seat of Government than to answer the beneficent views in which they might be undertaken. In fact ... the proper system of policy to observe towards these Persons would be to interfere as little as possible in their domestic Concerns and interior economy, and to consider them rather as distant Tribes dependent upon His Majesty's Government than as Subjects necessarily amenable to all the laws and Regulations established within the immediate Precints of that

---

53) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Plan for Amending the Interior Police, 31/10/1801), pp. 88-96.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Government."[54]

Die doeltreffende funksionering van die regeringstelsel het in 'n groot mate van die persoon van die Goewerneur afgehang. Wanneer hy, soos in die geval van Macartney, onkreukbaar was en aansien onder die amptenare geniet het, het die stelsel goed gewerk. Wanneer hy egter korrup en onbekwaam was, is die swakhede van die stelsel aan die kaak gestel.[55]

Na Macartney op 21 November 1798 weens swak gesondheid na Engeland teruggekeer het en terwyl generaal Dundas as Goewerneur waargeneem het, is sir George Yonge as Goewerneur aangestel. Hy het op 10 Desember 1799 diens aanvaar. Yonge, wat voorheen as kabinetslid en Meester van die Munt diens gedoen het, se gebrek aan bekwaamheid taamlik algemeen bekend. Daar is gefluister dat hy sy aanstelling hoofsaaklik aan sy vriendskap met die Britse koning te danke gehad het en dat hy dit aanvaar het omdat hy diep in die skuld was en sy finansiële posisie wou verbeter.[56]

Yonge, in teenstelling met generaal Dundas en Macartney, het die Kaap meer as bloot 'n strategies waardevolle basis vir Brittanje beskou. Vir hom was dit 'n potensiële vestigingskolonie waarheen hy immigrante en geskoolde vakmanne wou lok. Hy het dit gesien as 'n bron van grondstowwe vir Britse fabrieke en 'n afsetgebied vir Britse fabrieksprodukte. Anders as Macartney, wie se belangstelling vir die landbou bloot tot voedselvoorsiening vir die verbygaande skepe beperk was, wou hy die landboumetodes verbeter en die landbouprodukte veredel. Hy wou die administratiewe en finansiële stelsel van die kolonie hervorm. Ten slotte wou hy die aansien en luister van die Britse gesag in die kolonie verhoog deur waar nodig die vervalle regeringsgeboue te herstel en die goewerneurswoning op te knap.[57]

Baie van Yonge se ideë met betrekking tot die administrasie en finansiewese was progressief en getuig van insig en begrip. Die probleem met die voorstelle was egter dat Brittanje ná die verlies van sy Amerikaanse kolonies 'n afkeer in vestigingskolonies

---

54) G.M. Theal: Records of the C.C., III (H. Dundas -- Yonge, 28/7/1800), pp. 199-200.
55) (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld -- Nederburgh 16/7/1801, no. 533.
56) Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard -- Macartney, 9/1/1800), pp. 133-134; W.H. Wilkins: S.A. a century ago (Anne Barnard -- H. Dundas, 16/2/1801), p. 307; (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard -- H. Dundas, 12/9/1799.
57) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- Huskisson, 12/1/1800, Yonge -- H. Dundas, 29/3/1700), pp. 28-30, 90-91, 96-98 (P.R.O.) W.O. 1/332 Correspondence, In-Letters: Yonge -- Huskisson, 10/2/1800, p. 74.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehad het. Die Imperiale Regering wou voorts geen ingrypende hervormingskemas aanpak voordat die besit van die Kaap verseker was nie. Die Imperiale Regering het veral sterk beswaar gemaak teen enige hervormings wat uitgawes meegebring het. Daar was 'n tekort van £19 000 000 op die begroting wat Pitt teen die einde van 1797 in die Britse Parlement ingedien het.[58] Engeland het elke pennie benodig vir sy worsteling met Frankryk, en kon dit gevolglik nie bekostig om tekorte op begrotings van kolonies aan te suiwer nie.

Yonge het in sy ywer om van die Kaap 'n bloeiende kolonie te maak in die moeilikheid by Henry Dundas beland. Hy het spesifieke instruksies van Henry Dundas met betrekking tot uitgawes ontvang. Hy was gelas om hom te hou aan die reëlings wat Macartney getref het met betrekking tot die "Management of the Civil Revenue of the Colony, the mode of collecting it and accounting for the same to their Lordships as well as with respect to the appropriation of any surplus that may remain ..."[60] Macartney se beleid was om vóór vredesluiting sover as moontlik uitgawes met betrekking tot die staatshuishouding en die regeringsgeboue te vermy, en hy het hom in die algemeen ten doel gestel om so spaarsaam as moontlik te werk te gaan. Die Imperiale Regering het hiermee saamgestem en Yonge moes nie van hierdie beleid afwyk vóór hy nuwe instruksies ontvang het nie.

Yonge is ook deur sy instruksies verbied om enige buitengewone uitgawes aan te gaan deur byvoorbeeld nuwe geboue op te rig of aan bestaande geboue uitgebreide herstelwerk en veranderings te onderneem alvorens hy 'n plan met 'n beraming van koste en 'n verslag na die Imperiale Regering gestuur het en goedkeuring verkry het nie.[61]

Die Imperiale Regering het egter versuim om 'n liggaam soos 'n Raad van Advies daar te stel wat kon verhoed dat die Goewerneur van sy instruksies afwyk en wat spesifiek kon verhinder dat hy onnodige uitgawes aangaan. Daar is wel bepaal dat Andrew Barnard as sekretaris en generaal Dundas as luitenant-goewerneur opmerkings oor alle buitengewone uitgawes op skrif mag stel en dat die Goewerneur 'n afskrif daarvan na Londen moes stuur. In die praktyk het hierdie beheermaatreël egter misluk deurdat die uitgawes alreeds

---

58) A. Bryant: The Years of Endurance, 1793-1802, p. 217.
59) G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office — Yonge, 30/5/1799, p. 435.
60) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800), p. 202.
61) B.O. 47 Letters and Annexures: Instructions to Yonge, 22/7/1799, p. 218; G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800), p. 202.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangegaan was voordat Barnard of genl. Dundas hulle besware daarteen kon lug. Barnard het reeds in Maart 1800 aan Henry Dundas met betrekking tot sy reg om opmerkings te maak, geskryf: "they must be too late to prevent, or remedy the evil and cannot well be made without giving in some degree offence to the Governor."[62)]

Yonge het hom nie aan generaal Dundas en Barnard se proteste gesteur nie. Hy het ook versuim om gereeld die state van die regeringsinkomstes en -uitgawes na Londen op te stuur.[63)] Dit het duidelik geword dat die beheer oor die uitgawes wat die Goewerneur verlang het om aan te gaan, onvoldoende was.

Slegs 'n week na sy aankoms het Yonge beveel dat die goewerneurswoning in die Kompanjiestuin opgeknap moes word sodat dit die goewerneur van so 'n uitgestrekte kolonie waardig kon wees. Uitgebreide veranderings is ook in die tuin onderneem. Terselfdertyd het hy beplan om die regeringsgeboue te laat herstel en die argitek Thibault teen 'n salaris van 5 Riksdaalders per dag aangestel om van die werk 'n opname te maak. Uiteindelik het die werk aan die siviele regeringsgeboue hoofsaaklik beperk gebly tot dié van die goewerneurswoning en die Tuine, waarvoor die messelwerk alleen 50 000 Riksdaalders beloop het. Wat die militêre geboue betref, is 'n kontrak vir 58 000 Riksdaalders gesluit vir herstelwerk aan die Kasteel en die barakke. 'n Kommissie van Ondersoek wat aangestel is om sekere klagtes met betrekking tot Yonge se administrasie te ondersoek, het bevind dat alhoewel enorme bedrae bestee is, die meeste geboue na 'n jaar in dieselfde vervalle toestand was as voor die herstelwerk onderneem is.[64)]

Yonge het ook, sonder dat hy by die Imperiale Regering verlof daartoe ontvang het, 'n uitgawe van £40 000 vir die instelling van 'n kasernedepartement en die uitrusting van barakke aangegaan. Generaal Dundas het onomwonde verklaar dat dit totaal onnodig was om so 'n groot uitgawe aan te gaan.[65)] Buitensporige groot uit-

---

62) Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — H. Dundas, 4/3/1800, p. 113. Vgl. ook D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Andrew Barnard — Macartney, 10/3/1800), p. 176.

63) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard — Macartney, 16/5/1800), p. 210.

64) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 12/1/1800, 8/2/1800), pp. 25, 43-44; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 254-255; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Barnard — Macartney, 9/1/1800, 25/12/1800, 17/2/1801), pp. 140, 240-241, 266-267; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Abstract Account of Public Expenditure, Yonge — H. Dundas, 29/3/1800 en 22/10/1800), pp. 304, 87-88, 319, 304.

65) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 8/2/1800 en 28/7/1800, Additional Appointments, 5/5/1801), pp. 39, 203, 490; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H. Dundas, 23/7/1801, Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 47-48, 254, 260-261.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gawes is ook aangegaan vir die huur van skepe vir die regering en die finansiering van die landboudepartement. Andrew Barnard, wat tevergeefs die uitgawes aan bande probeer lê het, het geskryf: "There is at present an uncommon desire to lay out the Public Money in unnecessary Expences which should not even be thought of until it shall be determined at the Peace who are to be masters of the Colony."[66] Toe Yonge in 1799 die bewind by Dundas oorgeneem het, was daar 144,823 Riksdaalders in die skatkis. Teen die einde van Yonge se ampstermyn was daar minder as 3 000 Riksdaalders in die skatkis oor terwyl die onbetaalde eise teen die skatkis ongeveer 70 000 Riksdaalders beloop het.[67] Yonge se spandabelrigheid en sy oortreding van die instruksies met betrekking tot uitgawes was waarskynlik die belangrikste rede vir sy terugroeping.

Henry Dundas het spoedig onrustig geword oor wat Yonge besig was om in die Kaapkolonie aan te vang.

In sy eerste briewe aan Dundas het Yonge Macartney gekritiseer oor die vervalle staat van die regeringsgeboue en verklaar dat hy nie die moed gehad het om sy plig in dié verband te doen nie. Hy het ook opgemerk dat die bestuurstelsel verbeter kon word.[68] Henry Dundas was ernstig bekommerd oor die moontlikheid dat Yonge besig was om op ongemagtigde wyse op te tree en het, nadat hy hom oor sy versuim om die state van die regeringsinkomstes en -uitgawes aan te stuur, gewaarsku dat "any material deviation from the System of Administration he (Macartney) had established and particularly any Expenditure of the Public Revenue of the Colony (not sanctioned by the most pressing and evident necessity or by express orders from Home) .... would certainly be disallowed."[69]

Intussen het Andrew Barnard op 19 Februarie 1800 aan Macartney geskryf en die wens uitgespreek "that you would hint to Mr. Dundas a few words on the subject of incurring unnecessary expenses."[70] Hy het die kasernedepartement, Thibault se aanstelling, die herstelwerk aan die regeringsgeboue en sekere ander voorbeelde genoem. Toe Henry Dundas besonderhede ontvang oor die

66) (B.M.) Add. Mss. 37308 Wellesley Papers, XXV: Barnard — Wellesley, 16/9/1800, p. 304.
67) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H, Dundas, 23/7/1801), p. 41.
68) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 12/1/1800, 8/2/1800), pp. 25, 43-44.
69) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/4/1800), p. 123.
70) Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Macartney, 19/2/1800, p. 109.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgawes wat Yonge aangegaan het, het hy verskeie daarvan gekritiseer. Hy het Yonge daarop gewys dat hy nie die reg gehad het om enige onkoste aan te gaan vir die bou en herstel van regeringsgeboue alvorens hy toestemming uit Londen ontvang het. Hy het hom ook meegedeel dat die instelling van 'n kasernedepartement teen die bestaande regulasies indruis.[71)]

'n Ander instruksie van Yonge was dat hy geen nuwe regeringsampte mag skep sonder dat eers toestemming van die Imperiale Regering daarvoor ontvang is nie. Die aanstelling van persone in nuwe ampte het ook by die imperiale owerhede berus.[72)]

Gedurende die eerste nege maande van sy administrasietydperk het Yonge verskeie nuwe militêre en siviele ampte geskep en self persone daarin aangestel. Wat militêre ampte betref, het hy na die instelling van die kasernedepartement vir James Cockburn as Adjunk-Barakmeester-generaal aangestel en sy ander aide-de-camp as Cockburn se assistent. Daarbenewens het hy 'n sekretaris vir die departement, twee barakmeesters en een adjunk-barakmeester aangestel. Gedurende dieselfde tydperk het Yonge ook die volgende siviele ampte ingestel en self die aanstellings gemaak: R. Blake as onder-sekretaris en wynproewer; C.D. Wentzel as klerk van die wynproewers en luit. McNab, luit.-kol. Cockburn, luit. Lazenby en luit. Holburn as kantienmeesters. Teen die helfte van 1800 het Henry Dundas in 'n skerp teregwysing Yonge daarop attent gemaak dat hy sy instruksies met betrekking tot nuwe ampte oortree. Yonge het hom egter nie daaraan gesteur nie en in 1801 het hy sonder dat hy daartoe gemagtig was, volgende nuwe ampte geskep en persone daarin aangestel: Lt. Holburn as barakmeester, dr. W. Somerville as adjunk-kommissaris van Graaff-Reinet en S. Daniell as sekretaris van die Graaff-Reinetse kommissarisse; J.H. Greene as inspekteur van die graanskure, A. Fleck as magasynmeester en tesourier van die graanskure, O. Bergh as inspekteur van die graanskure en T. Faire as sekretaris van die graanskure. Die nuwe ampte was feitlik deur die bank sinekure en het 'n addisionele jaarlikse uitgawe aan salarisse van £4,902 beteken.[73)]

Benewens sy verontagsaming van instruksies het Yonge hom ook nie aan die kapitulasievoorwaardes gebonde geag nie. Volgens artikel 7 van die kapitulasievoorwaardes sou die koloniste "alle

71) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800), pp. 201-205.
72) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800), p. 203.
73) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800, Additional Appointments, 6/5/1801), pp. 203, 489-490.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haare Voorregten, welke thands genieten, blyven behouden, zo wel als der presentie Godsdienst, zonder enige Verandering."[74)]

Een van die voorregte van die koloniste wat hulle, soos lady Anne Barnard dit gestel het, vir 150 jaar lank geniet het, was om onder die skaduryke akkerbome in die Kompanjiestuin te wandel. Drie weke na sy aankoms het Yonge blyke gegee van sy voornemens om die tuin in 'n private tuin vir die Goewerneur te omskep. Hy het onder voorwendsel dat herstelwerk onderneem word koloniste verbied om die tuin binne te gaan. Lady Anne Barnard beskryf die koloniste se reaksie soos volg: "Had he torn the Magna Charta of the Cape into a thousand tatters, he could not have put the Dutch into such a alarm ... all ranks of people, the women particularly, were furious."[75)] Andrew Barnard het dadelik Yonge probeer oorreed om die verbod terug te trek. Yonge het ingewillig op voorwaarde dat die koloniste voor hulle die tuin binnegaan hul naam in die waghuis by die hoofingang teken. Selfs dit het die koloniste nie tevrede gestel nie. Sommige het tot twaalf keer per dag die tuin binnegegaan en hulle het dit as onnodige moeite beskou om elke keer hul naam te teken. Die Kommissie van Ondersoek het bevind dat Yonge se optrede in dié verband 'n skending van 'n bestaande voorreg was, maar tog nie as 'n skending van die kapitulasievoorwaardes beskou kon word nie.[76)]

Yonge het die kapitulasievoorwaardes ten opsigte van belastings geskend. Artikel 9 van die kapitulasievoorwaardes het bepaal dat geen nuwe belastings gehef sou word, en dat bestaande belastings sover moontlik verminder ("gemodificeerd") sou word. Yonge het in stryd hiermee verskeie nuwe belastings ingestel. Klubs en sosiëteite moes jaarliks 'n lisensie teen 25 Riksdaalders uitneem, terwyl persone wat 'n openbare biljarttafel aangehou het, jaarliks daarvoor 50 Riksdaalders moes betaal. Koloniste wat op wild jag wou maak, moes jaarliks 'n jaglisensie van 5 Riksdaalders uitneem. Yonge het ook sekere belastings verhoog. In Augustus 1800 het Yonge bepaal dat die tiende op produkte voortaan gehef sou word ooreenkomstig die heersende markprys in plaas van ooreenkomstig die pryse wat in die Kompanjiestyd vasgestel was. Die prysstygings wat sedert die verowering ingetree het, het meegebring dat dit 'n aansienlike belastingverhoging meegebring het. Die belasting op brandewyn is ook van 3 Riksdaalders tot 6 Riks-

---

75) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 5/1/1800.

76) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of Commissioners appointed to investigate Charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 222-223. Vgl. ook B.O. 57 Day Book, 31/12/1799, p. 6.

74) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Articles of Capitulation, 16/9/1795), p. 129.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daalders per lêer verhoog.[77)]

Yonge wou ook in stryd met die kapitulasievoorwaardes optree in sy poging om die landboukundige William Duckitt vir sy dienste te vergoed. Duckitt het die wens uitgespreek om kroongrond in die omgewing van Kaapstad met 'n totale oppervlakte van 1 000 acre en 'n smal stuk grond tussen Simonstad en Kaappunt in eiendom te ontvang. Yonge het sy versoek sterk gesteun, maar die Burger-Senaat het geweier om die gewone kommissie te benoem om na die aansoek ondersoek in te stel. Die liggaam se standpunt was dat die betrokke grond kroongrond was wat volgens artikel 8 van die kapitulasievoorwaardes as dekking vir die papiergeld in omloop gedien het en gevolglik nie vervreem kon word nie. Yonge het dit duidelik laat blyk dat hy hom nie deur die Burger-Senaat se verset sou laat stuit nie. Sy terugroeping het egter sy planne in dié verband laat misluk.

Yonge se skending van die kapitulasievoorwaardes en veral sy verhoging van belastings het groot ontevredenheid verwek. Die Burger-Senaat het by verskeie geleenthede sterk beswaar aangeteken teen Yonge se optrede en genl. Dundas het opgemerk dat die publiek baie ontevrede was oor die heffing van addisionele belastings.[79)]

Yonge het ook afgewyk van bestaande bestuurspraktyke en sy magte misbruik ten einde dit vir vriende en lede van sy staf moontlik te maak om hulle op onreëlmatige wyse te verryk. Onder die persone wat bevoordeel is, was die handelaars Walker en Robertson vir wie Yonge na bewering probeer vergoed het vir meubels wat hy by hulle gekoop het, maar waarvoor hy nie self kon betaal nie,[80)] sy aides-de-camp Cockburn en Tucker, en veral sy privaat sekretaris Richard Blake, wat met 'n familielid van hom getroud was.

Daar bestaan geen bewyse dat Yonge self materiële voordeel getrek het uit die wanpraktyke wat gedurende sy ampstermyn plaasgevind het nie. Die Kommissie van Ondersoek het egter bevind dat daar baie sterk gronde bestaan om te meen dat Yonge die kor-

---

77) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 19/2/1800, 15/7/1800, 14/8/1800), pp. 199-200, 208-212; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 223-226.

78) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge), p. 227-230.

79) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H. Dundas, 23/7/1801), pp. 45-46; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 226-231.

80) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard — Macartney, 27/5/1801), pp. 277, 296.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

rupte praktyke van die lede van sy staf oogluikend toegelaat en bevorder het.[81] Yonge het die weg tot dié wanpraktyke geopen toe hy op 1 Februarie 1800 bekend gemaak het dat hy persoonlik op Woensdae sake rakende die publiek sou afhandel. Vertoë moes tot Blake, Cockburn en Tucker gerig word. Alhoewel bygevoeg is dat roetine-regeringsaangeleenthede nog deur die kantoor van die sekretaris moes gaan, het die proklamasie só 'n groot afwyking van die normale prosedure meegebring dat Andrew Barnard in Maart 1800 opgemerk het: "At present things are done so off hand, through the Private Secretary and the two aides-de-camps, that I seldom hear or know a word about them, or have even a trace of them in my office. It is therefore impossible for me to keep business in its proper Channel, or to prevent many improper things from being done ...."[82] Regeringskontrakte vir werk wat gedoen moes word, is in die grootste geheim in die goewerneurswoning gesluit in plaas van om dit, soos voorheen, publiek bekend te maak en 'n tender daarvoor te aanvaar. Dit was nou moontlik vir Cockburn en Blake om aan sekere persone monopolieë of besonder gunstige regeringskontrakte aan te bied in die verstandhouding dat hulle hiervoor vergoed word. Blake het selfs openlik te kenne gegee "that those expecting to benefit by the Commerce of the Colony must allow him to participate in the profits arising from it, for that in fact nothing could be done or would be allowed without it."[83]

'n Goeie voorbeeld van hoe daar te werk gegaan is, blyk uit die poging om 'n monopolie in verband met die houtvoorsiening aan Kaapstad te skep. In Februarie 1800 het Yonge bekend gemaak dat geen verdere verlof vir die kap van hout in die bosse aan die ooskus verleen sou word nie tot tyd en wyl hy regulasies oor die bosse afgekondig het. Dit is 'n jaar later gedoen in 'n proklamasie gedateer 28 Januarie 1801. In hierdie proklamasie is die skyn gewek of Yonge die bewaring van die houtbosse ten doel gehad het. Dit het egter later geblyk dat die werklike oogmerk was om sake so te reël dat een firma die monopolie sou verkry om die Kaap van hout uit die regeringsbosse aan die ooskus van die kolonie te voorsien. Intussen het Blake vir Michael Hogan, 'n handelaar aan die Kaap, die monopolie aangebied om hout in die bosse te kap

81) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate certain charges against Yonge, 16/3/1802), p. 260.
82) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Andrew Barnard — Macartney, 10/3/1800), pp. 172-173; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 1/2/1800), p. 195.
83) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), p. 260.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en dit in Kaapstad te verkoop op voorwaarde dat hy 'n deel van die winste kry. Blake het nie oor die bevoegdheid beskik om op eie houtjie so 'n aanbod te maak nie en daar kan aangeneem word dat hy dit met die medewete van Yonge gedoen het. Hogan het die aanbod geweier. Die monopolie van die houtvoorsiening is toe aan die firma Walker en Robertson wie se direkteure met die Goewerneur bevriend was, toegeken. Geen ander handelaars kon die toestemming kry om hout te gaan haal nie en die prys van hout het toe met 'n derde gestyg.[84)]

Ook in die geval van die huur van die skip Young Nicholas het Yonge vir Blake en die firma Walker en Robertson dit moontlik gemaak om hulle op onreëlmatige wyse te verryk. In 1799 het die regering 'n skip nodig gekry om troepe na Algoabaai te vervoer en hout van Plettenbergbaai af vir die Burger-Senaat te bring. Toe Yonge teen die einde van 1799 die bestuur oorgeneem het, was daar nog nie 'n skip gehuur nie. Hy het nou besluit om die skip Young Nicholas van die firma Walker en Robertson vir 'n jaar te huur om bogenoemde take en ook ander dienste vir die regering te verrig.

Volgens ooreenkoms het die regering onderneem om vir die huur van die skip aan die firma Walker en Robertson £1 200 per jaar te betaal. Die kontrak is nie soos wat die geval was met alle ander dokumente van dié aard by die kantoor van die kolonniale sekretaris en die akteskantoor ingedien nie. Yonge het dit op 15 Mei 1800 in die Goewerneurswoning onderteken en hy het Andrew Barnard heeltemal in die duister oor die transaksie gehou.

Die Young Nicholas het van Mei 1800 vir 'n jaar in diens van die regering gestaan. Dit is verskillende doeleindes gebruik, maar het nie die hout van die Burger-Senaat gaan haal nie. Die buitensporige huur wat vir die skip betaal is, het baie agterdog gewek en die saak het nog meer suspisieus gelyk toe inligting oor 'n ander bevragtingsooreenkoms bekend geword het. Dit het geblyk dat Walker en Robertson op 14 Mei 1800 'n kontrak met die agent van die Young Nicholas se eienaars aangegaan het waarvolgens die skip vir £591 per maand aan die firma Walker en Robertson verhuur is. Die Kommissie van Ondersoek na die administrasie van Yonge het bewyse gevind dat die firma die skip gehuur het in die wete dat dit die volgende dag die skip aan die regering teen £1 200 per maand kon onderverhuur. Die firma het

84) G.M. Theal: Records of the C.C., (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 238-244.

H. Furber: Henry Dundas, pp. 126-127.

95) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Secretary of War — Halifax, 7/2/1765, pp. 650-651.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevelvoerder van die troepe so kwaai gebots het dat die regering feitlik heeltemal lamgelê is en die geskil slegs opgelos kon word deur albei terug te roep en 'n persoon aan te stel wat as Goewerneur én bevelvoerder van die troepe opgetree het.[96)]

Ook in die Kaapkolonie het in dié opsig probleme ontstaan. Die Goewerneur is ook as opperbevelhebber aangestel en in sy instruksies is hy met al die burgerlike en militêre regeringsmagte beklee. Soos uit lord Halifax se instruksies blyk, was daar egter, hoe teenstrydig dit ook al mag klink, wel beperkings op 'n burgerlike Goewerneur se militêre bevoegdhede. Hierdie beperkings was egter nie so duidelik omskryf dat die Goewerneur en die bevelvoerder van die troepe presies geweet het wat die posisie was nie. Dit het nou geblyk dat dit in 'n belangrike mate van die persoonlike verhouding tussen die persone wat die ampte beklee het, sou afhang of daar botsings sou ontstaan al dan nie. Tussen Macartney en genl. Dundas was daar geen botsings nie, omdat Macartney met sy roemryke loopbaan en sterk persoonlikheid by generaal Dundas ontsag afgedwing het en dié twee het alle militêre aangeleenthede uitvoerig bespreek voor daar tot optrede oorgegaan is.[97)]

Genl. Dundas het in dié verband aan Henry Dundas geskryf: "The private disputes between Governors and Military Commanding Officers which had disquieted sometimes our settlements abroad are not likely to arise here .... and I may assure you that were there a difference of opinion upon a military point the facility I have in communicating with him and his andour and good breeding would prevent any disagreement."[98)]

Met Yonge as Goewerneur was die situasie egter heeltemal anders. Yonge was vóór sy koms na die Kaap by twee geleenthede "Secretary of State at War" en hy het volgens lady Anne Barnard hom verbeel dat hy, net soos in Engeland, beheer oor die leër in die kolonie kon uitoefen. Hy het hom ingemeng in sake wat nog altyd as die prerogatief van die militêre bevelvoerder van die kolonie beskou was. Generaal Dundas, aan die ander kant, het net soos verskeie ander amptenare, weinig respek vir Yonge gehad en sou nie duld dat hy sy militêre bevoegdhede oorskry nie. Daar was weinig onderlinge oorlegpleging tussen Yonge en

---

96) L.A. Mills: Ceylon under British Rule, pp. 47-49.
97) J. Barrow: The Life of the Earl of Macartney, I, p. 360; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard -- Macartney, 31/12/1800), p. 247; (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard (Anne Barnard -- H. Dundas, 14/5/1800).
98) Acc. 455 Melville Papers: F. Dundas -- H. Dundas, 20/7/1797, no. 156.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

generaal Dundas en 'n botsing was feitlik onvermydelik.[99)]

Binne 'n paar weke na Yonge se aankoms het hy vir generaal Dundas 'n hele paar speldeprikke gegee deur hom met die bevordering van militêre offisiere in te meng. Hy het sy aide-de-camp, majoor Cockburn, tot die rang van luitenant-kolonel bevorder en by die Koning aanbevelings vir die promosie van offisiere in ondergeskikte range gedoen. Yonge het hier sy perke oorskry. Soos Henry Dundas dit aan hom gestel het, was sy "mode of creating Military Promotions ... utterly inconsistent with His Majesty's Regulations, subversive of the Authority of the Commander in Chief, and an improper Interference with the Duties of the General Officer commanding at the Cape of Good Hope."[100)]

Yonge het generaal Dundas verder teen hom in die harnas gejaag met sy optrede ten opsigte van die uitgawes wat aangegaan is met die stuur van 'n troepemag na Graaff-Reinet om die opstand wat in 1799 uitgebreek het, te onderdruk. Genl. Dundas het van die standpunt uitgegaan dat dit 'n burgerlike aangeleentheid was en gevolglik gelas dat die onkoste daarvan uit die koloniale skatkis betaal moes word. Yonge het die uitgawes as suiwer militêr beskou en het, nadat hy die bewind by generaal Dundas oorgeneem het, sonder om hom in die saak te ken, die Kwartiermeester-generaal gelas om 'n gelyke bedrag uit die militêre fondse in die koloniale skatkis terug te betaal.[101)]

Die saak waaroor egter die grootste onenigheid ontstaan het, was die instelling deur Yonge van 'n kasernedepartement, weer eens sonder om generaal Dundas te raadpleeg, alhoewel hy dit self as 'n "Office .... attached to the service of Troops" bestempel het. Yonge het gedurende sy termyn as "Secretary of State at War" self die kasernedepartement in die Britse leër ingestel. Daar is toe ooreengekom dat dit onder die burgerlike afdeling van die Departement van Oorlog sou tuishoort. Hy het van die standpunt uitgegaan dat dié departement in die Kaapkolonie burgerlik van aard was en dat die reëlings met betrekking tot die departement gevolglik by hom berus het.[102)] Generaal Dundas het hierin

99) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard — Macartney, 16/5/1800, 31/12/1800), pp. 207, 247; (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Barnard — H. Dundas, 14/5/1800.

100) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/4/1800, F. Dundas — Yonge, 12/4/1800, Yonge — F. Dundas, 13/4/1800, Yonge — H. Dundas, 15/11/1800), pp. 124, 141, 144-146, 360-361.

101) B.O. 53 Letters Despatched: Barnard — Fraser, 18 en 20/2/1800, Barnard — De Waal, 1/3/1800, nos. 257-258, 268; G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 12/4/1800, Yonge — F. Dundas, 13/4/1800), pp. 141-142, 145-146.

102) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 12/4/1800, Yonge — F. Dundas, 13/4/1800, War Office — Yonge, 28/7/1800, Yonge — H. Dundas, 15/11/1800), pp. 141-145, 205, 361.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van Yonge verskil en in elk geval die kasernedepartement op die uitgebreide skaal waarop Yonge dit ingestel het, as oorbodig en 'n geldverkwisting beskou.[103)]

'n Geskil oor die krippe vir die perde, soos lady Anne Barnard dit gestel het, het in April 1800 Dundas se smeulende gevoelens tot uitbarsting laat kom. Vroeg in dié maand het Yonge se aide-de-camp, kaptein Tucker, by generaal Vandeleur wat in bevel van die kavallerie by Stikland was, opgedaag en hom meegedeel dat Yonge van plan was om sommige van die krippe wat op Stikland was, na die kaserne in Kaapstad te verskuif, en gevolglik begerig was dat die soldate wat by Stikland was na 'n ander plek gestuur word. Tucker het later beklemtoon dat hy slegs gesê het dat die Goewerneur versoek het dat die kavallerie van Stikland af verskuif moes word, maar Vandeleur en Dundas het die boodskap vertolk as sou Yonge, sonder Dundas se medewete, 'n bevel uitgereik het vir die verskuiwing van die kavallerie op Stikland, iets wat op 'n regstreekse inmenging in suiwer militêre aangeleenthede neergekom het.

Generaal Dundas het onmiddellik skerp gereageer. Sonder om Yonge te raadpleeg, het hy 'n algemene order ("general order") uitgereik waarin hy bekend gemaak het dat geen verandering ingetree het sedert die bekwame, eerlike en wyse administrasie van Macartney nie. Alle militêre bevele sou nog steeds deur die majoor-generaal, dit wil sê Dundas, uitgereik word, wat nog steeds langs die vasgestelde kanale van die Goewerneur se bevele op hoogte gestel sou word. Hierdie reëling sou nie verander of herroep kan word nie, behalwe op bevel van die opperbevelhebber van die Britse leër.[104)]

Die algemene order was so 'n refleksie op Yonge dat sommige persone vir 'n oomblik gevrees het dat hy generaal Dundas sou laat arresteer. Blykbaar het generaal Dundas dit weer oorweeg om Yonge in hegtenis te neem. Sewe jaar later het Henry Alexander hieroor geskryf: "matters were so strongly pushed between General Dundas and Sir Wm. Young (sic) that the Colony was split into parties and Dundas entertained at times serious thoughts

---

103) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — F. Dundas, 13/4/1800), p. 145; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H. Dundas, 23/7/1801, F. Dundas — Hobart, 12/12/1801), pp. 47-48, 122-123.

104) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 14/5/1800; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard — Macartney, 16/5/1800), pp. 206-207; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Dundas — Huskisson, 10/5/1800 en bylaes), pp. 129-132.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of employing the force he commanded to send Sir William home."[105)]

In die omstandighede het Yonge kalm, maar baie ferm opgetree. Hy het dit as 'n eis gestel dat die indruk wat geskep is deur die algemene order dat hy die reëls van die militêre diens ("rules of service") gewysig het, uit die weg geruim moes word. Hy het ook bepaal dat geen algemene orders in die toekoms sonder sy medewete uitgereik mag word nie. Op 15 April het hy self 'n algemene order uitgereik waarin hy bekend gemaak het dat, behalwe in die geval van roetine militêre sake, geen algemene orders uitgereik mag word vóór hulle aan die Goewerneur voorgelê is nie.[106)]

Die geskil is bygelê deurdat generaal Dundas vir Yonge om verskoning gevra het, maar die meningsverskil tussen hulle oor hul onderskeie magte op militêre gebied het eens so groot gebly. In 'n brief aan Henry Dundas het Yonge die vrees uitgespreek dat hierdie saak weer sy kop mag uitsteek. Generaal Dundas was ook nie bereid om die saak daar te laat nie. Hy het teen die middel van Mei die opperbevelhebber van die Britse leër in kennis gestel dat 'n verandering ingetree het in die wyse waarop militêre aangeleenthede aan die Kaap gereël word deurdat bevele sonder sy medewete in naam van die Goewerneur aan die troepe gegee word. Hy het ook sy aide-de-camp, luitenant Smyth, na Londen gestuur om sý kant van die saak by die owerhede te stel en verdere inligting oor dié aangeleentheid te verskaf.[107)]

Nadat die opperbevelhebber van die Britse leër generaal Dundas se brief ontvang het, het hy Henry Dundas versoek om reëlings te tref "for setting Sir George Yonge right as to the nature and limits of his control over the troops within his Government so that he may not in future interfere in the interior arrangement and economy of the military department which I need not observe to you belongs exclusively to the senior military officer ..."[108)]

Henry Dundas het Yonge dadelik in kennis gestel dat hy onder 'n misverstand verkeer ten opsigte van die militêre magte waarmee hy beklee is. Hy het die sogenaamde Halifax-instruksies, wat 'n onderskeid getref het tussen die militêre magte van 'n burgerlike Goewerneur en dié van die bevelvoerder van die troepe, aan hom

---

105) G.M. Theal: Records of the C.C., VI (Alexander — Stewart, 2/7/1807), p. 164.
106) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — F. Dundas, 13/4/1800, General Orders by His Excellency, the Governor, 15/4/1800), pp. 147, 150.
107) (P.R.O.) W.O. 1/622 Correspondence, In-Letters from War Office: F. Dundas — Commander in Chief, 14/5/1800, pp. 179-180; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — Henry Dundas, 15/5/1800), pp. 182-184.
108) (P.R.O.) W.O. 1/662 Correspondence: In-Letters from War Office: Frederick — H. Dundas, 6/9/1800, p. 175.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gestuur, met die aanbeveling om dit as 'n riglyn te aanvaar sodat geen verdere misverstande kon ontstaan nie.[109)]

Yonge se inmenging in suiwer militêre aangeleenthede asook die berigte oor sy geldverkwisting was daarvoor verantwoordelik dat hy byna in April 1800 teruggeroep is. Die plan is laat vaar, maar dit het spoedig vir Henry Dundas duidelik geword dat sy bedenkings oor Yonge se bevoegdhede as Goewerneur heeltemal gegrond was. Teen September 1800 het Henry Dundas finaal besluit om ander reëlings vir die administrasie van die Kaap te tref. Hy het lord Glenbervie, wat in daardie stadium hoof van die Tesourie was, genader met 'n aanbod om Yonge op te volg. Glenbervie het die aanbod aanvaar, maar voorlopig is geen amptelike verklaring uitgereik nie. Eers op 14 Januarie 1801 het Henry Dundas aan Yonge geskryf dat lord Glenbervie in sy plek aangestel is. Hy is gelas om onmiddellik die regeringsteuels aan generaal Dundas oor te dra en met die eerste geleentheid na Engeland terug te keer. 'n Soortgelyke brief is aan generaal Dundas gestuur.[110)]

Die briewe het die Kaap op 20 April 1801 bereik. Yonge se verhouding met generaal Dundas was so swak dat laasgenoemde nie wou wag dat Yonge by wyse van 'n proklamasie aankondig dat hy die bestuur van die kolonie aan genl. Dundas oorhandig nie, maar 'n militêre bevel uitgereik het waarin hy verklaar het dat hy nou die waarnemende Goewerneur was en as sodanig gehoorsaam moes word. Op Barnard se aandrang het Yonge 'n proklamasie uitgereik waarin hy sy terugkeer aangekondig het en op hierdie wyse is die saak in 'n beter lig gestel.[111)]

Yonge en sy huishouding was verplig om sonder versuim die goewerneurswoning te verlaat. 'n Verdere vernedering het op hom gewag toe vise-admiraal Curtis geweier het om 'n oorlogskip aan hom te verskaf om hom na St. Helena te neem. Hy was genoodsaak om ses weke lank sy intrek in 'n privaat woning te neem totdat hy met 'n private skip na St. Helena kon vertrek. Cockburn en Blake is saam met Yonge teruggeroep. 'n Poging van Yonge om £1 000 vir reis- en verblyfkoste van die Imperiale Regering te verhaal, het misluk. Die Koning het hom egter tegemoet gekom

109) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 26/9/1801), pp. 300-301.
110) G.M. Theal: Records of the C.C., III (H. Dundas — Yonge, 14/1/1800, Hobart — F. Dundas, 2/5/1801), pp. 408-409, 484-485; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Macartney — Anne Barnard, 1/10/1800), p. 255.
111) (B.M.) Add. Mss. 37308 Wellesley Papers: Barnard — Wellesley, 24/4/1801, p. 332; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 20/4/1801), pp. 242-243.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur aan hom woonkwartiere in die Hampton-paleis te verskaf. Yonge is hier in 1812 oorlede.[112)]

Die Imperiale Regering wat intussen verneem het dat gedurende die ampstermyn van Yonge verskeie gevalle voorgekom het van magsmisbruik "tending to the Injury and Vexation of the Inhabitants ... and greatly affecting the honor and character of the British Government"[113)] het generaal Dundas gelas om 'n kommissie van ondersoek na Yonge se administrasie in te stel. Die kommissie wat van Oktober 1801 tot Maart 1802 werksaam was, het bestaan uit brigadier-generaal Vandeleur, John Pringle, W.S. van Ryneveld, E. Buckley en J. Barrow. Dit het bevind dat verskeie van die aanklagte van magsmisbruik wat teen Yonge ingebring is, gegrond was.[114)] Waarskynlik was dit slegs sy vriendskap met die Koning wat verhoed het dat hy op 'n aanklag van korrupsie moes teregstaan. Daar kan nie vasgestel word of Cockburn en Blake aangekla is nie.

Generaal Dundas het so gou as wat dit vir hom moontlik was, begin om Yonge se knoeiery ongedaan te maak. Die addisionele belastings wat deur hom gehef is, is herroep, die wynproewerdepartement is afgeskaf en die uitgawes ten opsigte van die landbou- en kasernedepartemente is beëindig. Ook die regulasies met betrekking tot die kap van hout in die bosse aan die ooskus van die kolonie is herroep.

Daar is ook bevind dat daar onreëlmatighede plaasgevind het met die uitreiking van nuwe papiergeld. Die gewone prosedure was dat die Ontvanger-generaal 'n sekere bedrag ou en verweerde papiergeld in die koloniale skatkis bymekaar gemaak het en die Goewerneur daarvan in kennis gestel het. Die Goewerneur het dan beveel dat dieselfde bedrag nuwe papiergeld gereed gemaak moes word. Die Ontvanger-generaal het die nuwe papiergeld in sy kantoor uitgereik aan twee amptenare wat dit vir die ou papiergeld omgeruil het. Daarna is die ou papiergeld in die openbaar vernietig. Gedurende die ampstermyn van Yonge is daar egter 40 000 nuwe papierriksdaalders in omloop gebring sonder dat dieselfde bedrag ou papiergeld vernietig is. Dit het beteken dat die bedrag

112) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Yonge — Hobart, 21/8/1802, 16/12/1802), pp. 346-349, 462-463; J. Barrow: An Autobiographical Memoir, pp. 238-239.
113) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Hobart — F. Dundas, 2/5/1801), pp. 484-488.
114) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 221-274.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

papiergeld in omloop op 'n onbehoorlike wyse vermeerder het. Generaal Dundas het toe die publiek versoek om alle verweerde papiergeld na die Ontvanger-generaal te bring wat dit vir duidelik leesbare papiergeld van dieselfde waarde sou omruil. Nadat 40 000 Riksdaalders op die wyse ontvang is, is dit vernietig.[115)]

Sodoende is Yonge se skending van die kapitulasievoorwaardes, sy wanpraktyke en administratiewe flaters ongedaan gemaak en die Britse bewind se reputasie in 'n groot mate in ere herstel.

Yonge se plaasvervanger, lord Glenbervie, het nooit in die kolonie aangekom nie. Vroeg in 1801 het die Imperiale Regering, met die oog op vredesonderhandelings, besluit om hom nie meer uit te stuur nie. Generaal Dundas het as Goewerneur waargeneem totdat die Kaap in 1803 in Bataafse hande oorgeneem is.

Gedurende die tydperke toe generaal Dundas as Goewerneur waargeneem het - en dit was meer as 'n derde van die duur van die besettingstyd - is die tydelike aard van die Britse bewind baie skerp beklemtoon. Hy was nie net uit die aard van die posisie wat hy beklee het, verplig om beslissings vir die nuwe bevelvoerder te laat oorstaan nie, maar hy het ook self geglo dat tot tyd en wyl vrede gesluit is dit onwenslik was om enige verandering of hervorming aan te bring behalwe as dit ter wille van die sekuriteit van die Britse bewind was. Sy uitgangspunt ten opsigte van die administrasie van die kolonie blyk duidelik uit 'n brief wat hy aan William Huskisson, agent van die Kaapkolonie in Londen geskryf het: "though the Dutch laws are in force, the Government is ... purely military, and to attempt the introducing a new system under the uncertainty of the times would not be prudent, could not be relished by the people, on the contrary might create disgust and finally fail."[116)]

Dundas het hom daarvan weerhou om enigiets te doen wat teen die kapitulasievoorwaardes ingedruis het en het dit sy beleid gemaak om hom te hou aan die reëls en regulasies wat Macartney vir die administrasie van die kolonie neergelê het.[117)] Die instruksies wat hy van die Imperiale Regering ontvang het, het hy uitgevoer. Toe Lady Anne Barnard, wat een van generaal Dun-

---

115) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 30/4/1801, 11/6/1801, 27/8/1801), pp. 243-244, 246-247, 253-254; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H. Dundas, 23/7/1801), pp. 42-43, 45-48.

116) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Dundas — Huskisson, 31/3/1799), p. 405. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H. Dundas, 23/7/1801), p. 45-46.

117) G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — H. Dundas, 2/12/1798), p. 302.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

das se bitterste kritici was, by Henry Dundas geskimp het dat daar by generaal Dundas, net soos in die geval van Yonge, geen haas was om die rekenings na die Imperiale Regering op te stuur nie,[118] is sy beleef maar ferm tereggewys. Henry Dundas het geantwoord: "His administration when acting as Governor has met with our perfect approbation ... for he has uniformly in point of economy, regularity of accounts and civil government followed without a single variation the footsteps of Lord Macartney."[119]

Macartney het die grondslag van die bestuurstelsel van die Eerste Britse Bewind gelê en sy opvolgers was verplig om hulle daarby te hou. Yonge het daarvan afgewyk en dit was een van die redes waarom hy teruggeroep is. Generaal Dundas, daarenteen, het in Macartney se voetspore gevolg en hy kon die vertroue behou van Henry Dundas, nieteenstaande die kritiek van lady Anne Barnard.

Die administratiewe masjinerie van die kolonie het egter nooit weer, met Dundas aan die hoof, so goed gefunksioneer as toe Macartney Goewerneur was nie. Macartney het goed met sy amptenare saamgewerk en het hulle geraadpleeg voor hy beslissings oor die administrasie geneem het. Dundas se benadering was egter totaal anders. Toe Andrew Barnard by hom gekla het dat hy nie ingelig oor die administrasie van die kolonie was nie, het Dundas geantwoord: "I must confess I have not made it a practise to consult any person whatever on matters of public consideration, though many are better qualified than I am to conduct them, but in transactions respecting which I am solely responsible, it would, I imagine, be not very agreeable to you to share a burthen from which you woud (sic) neither desire Honor nor reward."[120] Omdat Dundas ook nog kort van humeur en taktloos was, het hy op meer as een geleentheid skerp gebots met verskillende amptenare. Lady Anne Barnard het opgemerk dat hy totaal ongeskik was om siviele mag ("civil power") uit te oefen. Hy het eers gedraal voor hy 'n besluit geneem het. Wanneer hy wel besluit het, was dit in drif en dan was dit dikwels die verkeerde besluit.[121]

---

118) (S.A.O.B.) Lady Anne Barnard Letters: Anne Barnard — H. Dundas, 14/5/1800.
119) (S.A.O.B.) Lady Anne Barnard Letters: H. Dundas — Anne Barnard, 11/9/1800.
120) (S.A.O.B.) Lady Anne Barnard Letters: F. Dundas — Barnard, 24/8/1799.
121) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Barnard — Macartney, 16/5/1800), p. 207.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lady Anne se kritiek op generaal Dundas moet met 'n mate van skeptisisme bejeën word, want sy was op 'n slegte voet met hom.[122] Sy weiering om ander amptenare te raadpleeg en sy botsing met regter Holland oor die invoer van Oosterse prysgoedere is egter 'n goeie aanduiding dat Dundas nie al die hoedanighede besit het om oor die uitgebreide magte en bevoegdhede van die Goewerneur te beskik nie.[123]

---

122) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard, pp. 34, 56-58, 74-79, 91, 95.

123) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Andrew Barnard — Macartney, 6/4/1799), pp. 112-113; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Holland — H. Dundas, 5/4/1799), pp. 409-410. Vgl. verder pp. 174-175.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V.
DIE EKONOMIESE BELEID.

In die volgende drie hoofstukke word die ekonomiese lewe aan die Kaap gedurende die besetting bespreek. Tussen die ekonomiese beleid van die regering aan die een kant en die ekonomiese bedrywighede van die bevolking aan die ander kant was steeds 'n wisselwerking aan die gang. Die ekonomiese beleid word eerste bespreek omdat dit in 'n belangrike mate sy stempel op die ekonomiese bedrywighede afgedruk het. Die hoofstukke oor ekonomiese beleid en bedrywighede moet in 'n baie noue verband gesien word.

Teen die einde van die agtiende eeu het in Brittanje 'n beleid van laissez-faire of nie-inmenging in die ekonomie na vore begin tree. Dit was in reaksie teen die merkantilistiese beleid van die voorafgaande twee eeue wat op 'n grootskaalse inmenging van owerheidsweë in die ekonomie neergekom het ten einde aan Brittanje 'n gunstige handelsbalans te besorg en muntmetaal vir die staatskas in te bring. Ten tye van die Britse verowering van die Kaap was merkantilisme en staatsintervensionisme veral as gevolg van die oorlogsomstandighede nog steeds 'n krag en dit sou nog 'n geruime tyd duur voor laissez-faire die finale oorwinning sou behaal.[1)]

Teen hierdie agtergrond kan die volgende vrae gestel word in verband met die ekonomiese beleid wat gedurende die besetting gevolg is: Watter beleid is ten opsigte van produksie gevolg? Was die produksiemiddele gedurende hierdie tydperk in privaat besit, of het die owerheid self alle, of ten minste sekere, produksiemiddele besit en met die koloniste gekompeteer? En was daar produksievryheid, met ander woorde, kon 'n produsent self besluit wát en hoeveel hy wou produseer, en wáár, hóé en wanneer hy dit wou doen? Of is produksie deur die owerheid beheer of andersins doelbewustelik beïnvloed?

In verband met die handelsbeleid wat deur die owerheid gevolg is, moet op die vraag ag gegee word: Was daar vryhandel of owerheidsbeheer? Met ander woorde, is die Kaapse koloniste vry gelaat om van enigiemand te koop of aan enigiemand iets te verkoop, op enige plek, te eniger tyd, in enige hoeveelheid, van enige gehalte, teen enige prys en in enige vorm? Sou pryse volgens die vrye markmeganisme, dit wil sê vrye wisselwerking van vraag en aanbod, bepaal word? Sou daar in al hierdie opsigte 'n vrye kompetisie toegelaat word?

---

1) J.H. Plumb: England in the Eighteenth Century, 1714-1815, pp. 190-192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog 'n vraag wat ten opsigte van die produksie- en handelssektore gestel kan word, is: Het daar in die een of ander opsig monopolistiese toestande bestaan?

I. DIE PRODUKSIEBELEID.

In die kapitulasievoorwaardes is bepaal dat die koloniste al hul bestaande voorregte onveranderd sou behou. Kort na die oorgawe het die Britse bewind, spesifiek met verwysing na die koloniste se slawe, die versekering gegee dat daar nie op die koloniste se eiendomsregte inbreuk gemaak sou word nie. Die Britse bewind het ook onderneem om die waarde van papiergeld te stabiliseer en om geen nuwe belastings te hef nie. Hierdie gesindheid, tesame met die verwydering van die handelsbeperkings en die aanwesigheid van 'n groot militêre mag, het gunstige voorwaardes vir produksie geskep.[2)]

Die meeste boerderygrond was in die koloniste se hande. In die omgewing van Kaapstad was daar eiendomsplase, maar in die buitedistrikte was verreweg die meeste plase in lening vir 'n jaar uitgegee. In 1798 was daar 1 832 geregistreerde leningsplase.[3)] Gedurende die agtiende eeu het die idee by die boere posgevat dat die verlenging van hul leningsplaasordonnansies net van hul eie wil afhanklik is. Die regering het selde leningsplase ingetrek en indien hulle dit wel gedoen het, was dit nooit sonder baie grondige redes en vergoeding nie. Die gevolg was dat die boere volle vertroue in die permanentheid van hul leningsplaasordonnansies gehad het.[4)]

Een van die redes waarom die Britse bewindhebbers besluit het om gedurende die oorlog geen verdere gronduitgifte te maak nie, was omdat die Imperiale Regering 'n hersiening van die stelsel van grondbesit beoog het.[5)] Macartney het geen hervormings voorgestel nie. Yonge, wat oortuig was dat die onsekerheid verbonde aan die leningplaasstelsel in die weg van die verbetering en ontwikkeling van die grond gestaan het, het aan die hand gedoen dat die leningsplaasstelsel vervang word met een waarvolgens grond vir 21 jaar uitgegee word.[6)] Die Imperiale Regering het met Yonge se opmerkings

2) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Articles of Capitulation, 16/9/1795), pp. 129-130; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Brief van 18/9/1795 en Proklamasies, 19/9/1795 en 7/10/1795), pp. 1-6.
3) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 85.
4) P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, pp. 110-123.
5) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), p. 14.
6) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 5/1/1801), pp. 385-386.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor die gebreke van die leningsplaasstelsel saamgestem en het na sy vertrek generaal Dundas gevra om 'n verslag in te dien oor hoe hierdie grond in die toekoms uitgegee moes word. Generaal Dundas, wat nie op 'n goeie voet met Yonge was nie, het geantwoord dat hy nie bewus was van enige euwels verbonde aan die leningsplaasstelsel nie. Volgens hom was die kolonie so uitgestrek en dunbevolk dat die leningsplaasstelsel heeltemal goed gewerk het en moes geen verandering aangebring word nie.[7)]

Nog 'n rede hoekom geen verdere gronduitgifte gemaak is nie, was dat Macartney daarvoor voorsiening wou maak dat indien Brittanje die Kaap behou, grond beskikbaar sou wees vir regeringsdoeleindes of om uitgegee te word aan "British Settlers of more activity and industry than the Dutch."[8)]

Alhoewel die regering plase soos die sogenaamde Groenkloofplase besit het, is dit nie soos in die Kompanjiestyd gebruik deur amptenare wat vir die regering landbouprodukte geproduseer het nie. Ná die aankoms van die landboukundige William Duckitt het die aangeleentheid van boerdery deur amptenare op regeringsgrond weer ter sprake gekom. Yonge het aan Duckitt sekere van die regeringsplase beskikbaar gestel en het hom gesteun in sy versoek dat meer arbeiders aan hom beskikbaar gestel word met die doel om die regering te verseker van "abundant and Certain Supplys of all the Produce this fertile Land can yield."[9)] Daar was in hierdie stadium geen duidelike onderskeid tussen Duckitt se privaat boerdery en die Landboudepartement se bedrywighede nie. Die Imperiale Regering het dit egter duidelik gestel dat Duckitt se enigste taak as staatsamptenaar die verbetering van die landbou was. Hy kon ook privaat boer as hy dit verkies, maar dan moes hy daarvoor van die regering grond huur. Alhoewel daar geen spesifieke beleidsverklaring oor die gebruik van die regeringsplase was nie, wil dit voorkom of die Imperiale Regering se standpunt was dat dit òf verhuur òf vir eksperimentdoeleindes gebruik moes word.[10)]

Die owerheid het in die geval van sekere produkte soos gars, kaf en strooi oor die produksie beheer uitgeoefen. Ten einde te verseker dat die ruitery van hierdie produkte voorsien word, is

---

7) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Hobart — F. Dundas), p. 482; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — Hobart), 12/12/1801), p. 119.
8) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 4: Macartney — H. Dundus, 9/3/1798, p. 66.
9) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 5/1/1801), p. 382.
10) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Huskisson — H. Dundas, 16/3/1801), pp. 442-444.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van 1799 af gars-, kaf en strooikwotas neergelê. Elke boer is in verhouding met sy vorige oes aangeslaan vir die kwota gars, kaf en strooi wat hy aan die regering moes lewer. In die Kaapdistrik moes 84 boere in 1801 in totaal 5 195 mud gars, 209 vragte kaf en 202 vragte strooi vir die regering lewer. In die Stellenbosse distrik moes 186 boere altesame 7 805 mud gars, 141 vragte kaf en 48 vragte strooi lewer. Boere is gewaarsku om genoeg te saai sodat hulle die vereiste hoeveelheid vóór die bestemde datum sou kan lewer.[11] Dit het nietemin dikwels gebeur dat boere minder gelewer het as waarvoor hulle aangeslaan is. Die regering het ferm teen hulle opgetree. Wanneer hul verskonings nie oortuigend was nie, is hulle voor die hof gedaag of het die regering van tugmaatreëls, soos die inkwartiering van soldate, gebruik gemaak om gehoorsaamheid af te dwing.[12]

Die regering het die houtbosse aan die ooskus van die kolonie besit en het lisensies vir die kap van hout uitgereik.[13]

Teen die einde van die agtiende eeu was daar feitlik geen mynbedrywighede in die kolonie nie en gedurende die besetting het daar ook geen nuwe bedrywighede ontstaan nie. Daar kan nie vasgestel word wát die Britse owerheid se beleid in verband met die ontginning van delfstowwe was nie.

Toe die Kaap deur Brittanje verower is, was die posisie dat die vis- en walvisvangs vir almal in die kolonie oop was. Die Britse bewindhebbers het ook die beleid gevolg.

Wat arbeid betref, het die Britse bewindhebbers anders as die Kompanjiesregering perke op die invoer van slawe na die kolonie gelê. Omdat daar by die Imperiale Regering 'n sterk gevoel teen slawehandel bestaan het, het die Britse bewindhebbers aan die Kaap slegs by wyse van hoë uitsondering aan sekere handelaars verlof gegee om 'n vrag slawe te gaan haal. Die gevolg was dat daar 'n groot vraag na slawe bestaan het.[14] Gedurende die besettingstyd het die regering ook die koloniste se gebruik van inboorlingarbeid aan bande gelê. Koloniste was Xhosas in hul diens gehad het, is gelas om hulle binne 'n jaar te laat gaan. Van 1799 moes koloniste aan die oosgrens ook kontrakte sluit met Hottentotte wat deur

---

11) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 22/4/1799), pp. 184-185; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van A. Louw, 30/12/1800, pp. 705-722; B.O. 57 Day Book, 20/6/1800, p. 54.

12) B.O. 54 Letters Despatched: Ross — van der Riet, 8/3/1802 en 9/3/1802, nos. 504, 505. D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 214-216.

13) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 238-244.

14) B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Burger-Senaat, 19/2/1799, 4/3/1799, nos. 59, 94; B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 25/2/1799, no. 63.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle in diens geneem is.[15] Dit is egter te betwyfel of produksie langs hierdie weë noemenswaardig aan bande gelê is omdat die regulasies nie doeltreffend toegepas is nie.

Wat betref die nywerheidslewe was die posisie gedurende die Kompanjiestyd dat die regering nie die verwerking van wol aangemoedig het nie omdat dit nie in die belang van die moederland was nie.[16] In die geval van bier is die reg om bier te produseer aan een man verkoop.[17] Daar was dus hier sprake van 'n merkantilistiese beleid in die eerste geval en 'n monopolie-beleid in die tweede geval. Die Britse bewind het dadelik ná die oorgawe aangekondig dat "all persons so disposed are at liberty to exercise their several trades as best suit their inclinations, all persons desirous of so doing may set up a brewery or any other manufacture not under a general prohibition."[18]

In navolging van hierdie beleid het die Britse bewindhebbers sekere monopolieë afgeskaf. Die monopolie om bier te produseer, is afgeskaf. Die bak van brood, wat voorheen verpag was, is oopgestel aan almal wat onderneem het om dié beroep vir 'n volle jaar lank te beoefen en by die Burger-Senaat 'n lisensie daarvoor uitgeneem het.[19] In sekere gevalle het die Britse bewind egter beperkende maatreëls wat gedurende die Kompanjiesbewind in swang was, behou. Daar is byvoorbeeld voortgegaan om die soutpanne te verpag,[20] en wat betref die maal van koring by die windmeule van die Burger-Senaat is daar selfs téén die wense van dié liggaam met 'n monopolie volhard.

Die Burger-Senaat het twee koringwindmeulens besit wat verpag is. Alle ingesetenes van Kaapstad was verplig om hul koring dáár te laat maal, of indien hulle dit elders laat doen het, was hulle verplig om die huurders van die Burger-Senaat se windmeulens met dieselfde bedrag te verhoed.[21] Toe dit egter in 1797 duidelik

---

15) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 27/6/1797), p. 86; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification of H.C.D. Maynier, April, 1802), p. 294.
16) A.J. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 192.
17) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Van Reenen — Craig, not dated, Petisie van Van Reenen, not dated, pp. 307-321.
18) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 7/10/1795), p. 5.
19) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/9/1796), pp. 50-51.
20) A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 197; B.O. 34 Miscellaneous Documents: De Haan — Craig, 13/4/1796, Voorwaardes i.s. soutpanne, 30/9/1796, pp. 66, 89.
21) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 29/7/1797; Fraser — Burger-Senaat, 23/11/1799, nos. 94, 169.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geword het dat groot uitgawes aangegaan sou moes word vir die instandhouding van die meulens, en dat hulle 'n las in stede van 'n bate geword het, het die Burger-Senaat voorgestel dat die windmeulens verkoop word en die burgers onthef word van die verpligting om hul koring dáár te laat maal.[22)]

Macartney het in Januarie 1798 hierdie versoek geweier op grond daarvan dat dit 'n tekort aan meel sou veroorsaak.[23)] Die Burger-Senaat was genoodsaak om vir die herstelwerk in Plettenbergbaai hout te laat kap. Daar is lank gesloer om die hout van Plettenbergbaai af te vervoer, en dit is eers in 1801 deur Young Nicholas, wat toe in regeringsdiens was, na Kaapstad vervoer. 'n Deel van die hout was toe reeds so beskadig dat dit nie vir herstelwerk gebruik kon word nie.

Die Burger-Senaat het daarop die versoek herhaal om die windmeulens te verkoop, en daarop gewys dat daar intussen drie of vier windmeulens deur privaat persone gebou is, sodat daar geen gevaar was dat 'n tekort aan meel sou ontstaan nie. Die liggaam het ook gevra dat die verpligting om koring by die meulens te laat maal, afgeskaf word.[24)]

Generaal Dundas het die mening van die Opperste Graankommissie hieroor ingewin. Hulle het 'n antwoord gestuur wat op 'n veroordeling van die verbod op die verkoop van die windmeulens neergekom het. Die kommissie was naamlik eenparig van mening "that all Monopolies are prejudicial to the Interests of the Community, and finding no reasons to by urged against the application of this general principle to the particular instance in question they do not hesitate to recommend the measure proposed by the Burger Senate, agreeing fully with them that a very considerable advantage will accrue to the Public from the Mills being sold ....[25)] Daar is voorts aanbeveel dat algemene verlof toegestaan moet word om meulens in enige deel van die kolonie op te rig, want die publiek sou deur onderlinge kompetisie veel beter gedien word as onder die bestaande stelsel.[26)]

---

22) B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 28/9/1797, no. 4.
23) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 21/9/1801, no. 132.
24) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 21/9/1801, no. 132.
25) B.O. 16 Letters from Corn Board: Barrow — F. Dundas, 24/11/1801, pp. 107-108.
26) B.O. 16 Letters from Corn Board: Barrow — F. Dundas, 24/11/1801, pp. 107-108.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierop het Dundas toestemming verleen dat die Burger-Senaat die meulens mag verkoop.[27)]

Gedurende die besetting het die regering op verskillende maniere produksie probeer stimuleer. Ter aanmoediging van graanproduksie in die omgewing van Swellendam is in 1799 aan landdros Faure van Swellendam verlof gegee om teenoor boere te onderneem dat die regering al hul surplus graan sou koop. Dit was nie vir die boere nodig om hul graan na Kaapstad te bring nie, maar Faure sou dit in Mosselbaai teen 'n vasgestelde prys koop.[28)] In 1800 het 'n troepeskip 3 000 mud graan by Mosselbaai ingeskeep.[29)] In 1801 is boere van die Swellendamse en Graaff-Reinetse distrikte aangemoedig om hul koring na Mosselbaai, Plettenbergbaai en Algoabaai te neem, waarvandaan dit per boot na Kaapstad gestuur sou word. Boere sou ook by die baai boerderybenodigdhede, wat deur die vaartuie saamgebring sou word, kon koop. Die boere het egter nie hierop gereageer nie.[30)]

In 'n poging om die landbou te stimuleer en te verbeter, het die Imperiale regering in 1799 op aandrang van sir George Yonge besluit om die Britse landboukundige William Duckitt na die Kaap te stuur. Hy moes hier Britse boerderymetodes bekendstel en voorligting oor produksiemetodes gee.

Duckitt het 'n personeel van 11 saamgebring asook landbouimplemente, hopplantjies en klein hoeveelhede gars, koring en hawer waarmee hy proefnemings wou doen. Ná sy aankoms in September 1800 is die regeringsplaas Klapmuts as regeringsproefplaas aangewys. Geld is voorgeskiet om boerderybenodigdhede aan te skaf en die veronderstelling was dat die koste verbonde aan die landbou-departement, waarvan Duckitt die hoof was, deur die opbrengs van die boerdery gedelg sou word. Voordat dit enige winste opgelewer het, het die uitgawes verbonde daaraan reeds meer as 40 000 Rds. beloop.[31)]

---

27) B.O. 54 Letters Despatched: Barnard — Burger-Senaat, 8/12/1801, no. 347. 'n Uitvoerige korrespondensie is oor die herstel en verkoop van die windmeule gevoer. Vgl. ook B.O. 2 Letters from Burgher Senate: nos. 4, 10, 15, 66, 102, 108, 128; B.O. 4 Letters from Burgher Senate: nos. 20, 24; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: nos. 71, 94, 134; B.O. 54 Letters Despatched: no. 275.

28) B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Faure, 11/2/1799, pp. 257-259.

29) B.O. 31 Letters from Overseers of Bays: Abue — Barnard, 22/8/1800, pp. 567-568.

30) D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 256-257.

31) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Barnard — Buckley, 16/2/1801, no. 31; (P.R.O.) W.O. 1/333 Correspondence, In-Letters: Memo, N.d., p. 417; B.O. 20 Letters from Agriculture Society: Inventory of stock ... taken by Mr. Duckitt, N.d., pp. 53-62; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — H. Dundas, 23/7/1801), p. 45. Sien ook Hfst. VI, pp. 128-135 vir 'n bespreking van die maniere waarop Yonge vir Duckitt bevoordeel het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat Yonge teruggeroep is, het die Waarnemende Goewerneur, genl. Dundas, van hom 'n opgawe van die landbou-departement se inkomste en uitgawes geëis. Hy is verbied om verdere uitgawes aan te gaan sonder die verlof van Dundas wat dit duidelik gestel het dat "no further advance of money can be allowed to defray the expenses of your department until some return is made for what have been already incurred."[32] Die mislukking van Duckitt se oeste in 1801 het sy aansien verswak. Hy het heeltemal by Dundas in onguns geraak, veral nadat daar in April 1802 ontdek is dat hy sonder Dundas se verlof verdere uitgawes aangegaan het.[33] Hy is beveel "only to cultivate such ground as accords with your present means."[34] Dit was duidelik dat die landbou-departement finansieel gesproke geen sukses was nie.

Teen die einde van die besetting was Duckitt 'n verbitterde man[35] en het die toestand ten opsigte van produksiemetodes nie wesenlik verbeter nie. As voorligtingsbeampte was Duckitt nie juis suksesvol nie, veral omdat hy, ondanks al sy moderne gereedskap, nie beter as die ander koringboere kon vaar nie.[36] Sy grootste bydrae was waarskynlik die Duckitt-ploeg wat hy ontwerp het. Dit was ligter en doeltreffender as die tradisionele Kaapse ploeg en is deur 'n aantal vooraanstaande boere aangeskaf. Maar ook die ploeg was nie 'n ongekwalifiseerde sukses nie: dit was duur en skaarpunte het gou afgeslyt. Boere het ook vanweë 'n inherente afkeer aan nuwighede, geweier om dit te gebruik.[37]

Daar is ook geprobeer om die graan- en wynboumetodes te verbeter deur middel van die "Society for the encouragement of Agriculture, Arts and Sciences in the Colony of the Cape of Good Hope" wat op 23 Junie 1800 gestig is. Hierdie vereniging was eweneens 'n breinproduk van Yonge, wat ook as president van die bestuur van 15 lede opgetree het. Fondse is verkry deur middel van vrywillige bydraes en deur lidmaatskapsfooie te hef. Hieruit is pryse uitgeloof aan persone wat die beste gevaar het in kompetisies van die vereniging. So, byvoorbeeld, is 'n prys uitgeloof aan die persoon

---

32) B.O. 54 Letters Despatched: Barnard — Duckitt, Junie 1801, 19/6/1801, 29/9/1801, nos. 141, 145, 247.
33) B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Duckitt, 10/4/1802, 12/4/1802, nos. 39, 41.
34) B.O. 55 Letters Despatched: Ross — Duckitt, 15/4/1802, no. 48.
35) B.O. 19 Letters from Agric. Dept.: Duckitt — Barnard, 3/12/1801, 15/3/1802, 18/10/1802, pp. 73-74, 81-83, 102-103; B.O. 54 Letters Despatched: Ross — Duckitt, 7/11/1801, F. Dundas — Duckitt, 9/11/1801, nos. 293, 299.
36) J. Barrow: An Autobiographical Memoir, p. 237.
37) Gleanings in Africa, p. 279; Acc. 108 The Duckitt Letters; Acc. 393 W. Duckitt's Journal; G.M. Theal: Records of the C.C., III, pp. 305-306, 330-331, 388-389, 442-444, 476; D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 235-239.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat volgens sekere voorskrifte vóór 'n vasgestelde datum die beste lêer wyn produseer. Voorstelle vir die verbetering van die landbou en veeteelt is ook op vergaderings bespreek. Verslae daarvan is gereeld in die Kaapsche Stads Courant gepubliseer.

Die vereniging het aanvanklik gebloei. Teen die einde van 1800 was reeds méér as 4 000 Rds. ten opsigte van subskripsiegeld ontvang en het die ledetal tot óór die honderd aangegroei. Met Yonge se vertrek het die vereniging egter sy stukrag verloor en spoedig vir alle praktiese doeleindes doodgeloop. Alhoewel dit teen die einde van die Britse bewind oor 'n fonds van 3 940 Rds. beskik het, is daar geen aanduiding van enige aktiwiteite gedurende die laaste agtien maande tot twee jaar nie.[38)]

Dit is onwaarskynlik dat die vereniging daarin geslaag het om die graan- en wynboumetodes wesenlik te verbeter.

II. HANDELSBELEID.

Teen 1795 was die Kompanjiesbeleid ten opsigte van buitelandse handel soos volg: Kaapse ingesetenes kon handel dryf met gebiede aan die weskus van Afrika tot 30° S.B., met St. Helena, met gebiede oos van die Kaap wat suid van 30° S.B. gelê het en met die hele oktrooigebied van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie met die uitsondering van die gebiede wat oos van die eiland Java en noord van 30° S.B. gelê het. Die Kompanjie het die monopolie van die invoer van speserye, peper, suiker en koffie behou. Geen Oosterse goedere mag ingevoer en dan weer uitgevoer word nie. Wanneer skepe van Kaapse ingesetenes in Nederland herstelwerk nodig gehad het, kon produkte van die Kaap met die skip na die moederland uitgevoer word en Nederlandse handelsware kon op die terugreis ingevoer word. Geen buitelandse goedere mag aan die Kaap ingevoer word nie behalwe dié wat gebring is met skepe wat aan die N.O.I.K. en die ingesetenes van die Kaap behoort het. Laasgenoemde maatreël wat in 1792 getref is, is in 1793 verslap nadat daar 'n gebrek aan Oosterse goedere ontstaan het. Daar is toe bepaal dat burgers vir twee jaar toegelaat sou word om hulle deur middel van vreemde skepe van Oosterse goedere te voorsien. Vreemde skepe kon voorrade aan die Kaap inneem, maar benewens dit was dit nie toegelaat om Kaapse produkte met hierdie skepe uit te voer nie.[39)]

---

38) Kaapsche Stads Courant, 4 en 6/9/1800, 1/11/1800; (S.A.O.B.) Letters from Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 25/6/1800; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 22/10/1801), p. 337; W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, p. 98.

39) S.D. Naudé: Plakkaatboek, IV (Proklamasie, 21/11/1792), pp. 141-160; A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 168-169, 177-178.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wat betref die binnelandse handel was die beleid ten opsigte van die vernaamste produkte soos volg. Alle kleinhandel in wyn is deur middel van die drankpagstelsel beheer waarvolgens pagters wyn opgekoop en in sekere afgebakende gebiede verkoop het.[40] Koring moes teen vasgestelde pryse by die Kompanjiesmagasyne gelewer word. Die koring in die magasyne is teen 'n vasgestelde prys aan die bakkers verkoop. Die prys van brood was ook vasgestel. Nadat daar aan die behoeftes van die Kompanjie voorsien is, het die regering toegelaat dat koring, wyn en ander landbouprodukte aan verbygaande skepe verkoop word.[41] Slagvee is deur vleispagters teen vasgestelde pryse opgekoop. Hulle moes die Kompanjie en ingesetenes teen vasgestelde pryse van vleis voorsien, maar daar was geen beperking op die prys waarteen hulle vleis aan die verbygaande skepe verkoop het nie.[42]

Die Britse bevelvoerders het voor die oorgawe beloof dat dit die koloniste sou vrystaan om met die "East India Company" (E.I.C.) se besittings én met Engeland handel te dryf. Henry Dundas, die Minister van Kolonies, het vroeg in 1795 sy toestemming verleen dat die bevelvoerders van die Britse mag so 'n belofte mag maak met die doel om vreedsaam in besit van die Kaap te kom.[43]

Daar is dadelik ná die oorgawe aangekondig dat die binnelandse handel vry sou wees. Die Swellendammers is in kennis gestel dat "the monopolies and oppression hitherto practised for the benefit of the India Company are at an end, a free internal trade takes place from this day every man may buy of whom he pleases."[44] Dit is opgevolg deur 'n proklamasie van 7 Oktober 1795 waarin verklaar is dat "in future all restrictions on the internal trade of the Colony shall be taken of (sic) all commodities, the produce of the country, may by brought to public market and be sold as best suits the interest of the owner."[45]

In die instruksies wat Macartney in Desember 1796 van die Imperiale Regering ontvang het, is hierdie beleid grootliks bevestig.

---

40) A. Böeseken: Die Kompanjie aan die Kaap (Van der Walt, Wiid en Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, II, pp. 173-174).
41) S.D. Naudé: Plakkaatboek, IV (Proklamasie, 14/12/1792), pp. 77-78.
42) C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten, p. 86.
43) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone en Craig — Sluysken, 20/6/1795, Elphinstone en Craig — Politieke Raad, 29/6/1795), pp. 68, 94; (P.R.O.) W.O. 6/20 Correspondence, Out-Letters: H. Dundas — Blankett, 16/2/1795, p. 6. Vgl. in teenstelling met lg. bron M. Arkin: John Company at the Cape, p. 192.
44) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Brief van Swellendammers, 18/9/1795), p. 2.
45) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 7/10/1795), p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy is gelas om aan die koloniste verligting te bring deur die afskaffing van monopolieë, uitsonderings, beperkings en privileges ten opsigte van die landbou, nywerheid en binnelandse handel. Waar hierdie beperkings voorheen 'n bron van staatsinkomste was, moes hy in die plek daarvan redelike belastings instel.[46)]

Besondere omstandighede het egter verhoed dat die verklaarde beleid van privaat inisiatief, vrye kompetisie en binnelandse vryhandel toegepas kon word.

1. Buitelandse handel.

A. I n v o e r:

Met die bewindsoorname was daar 'n nypende tekort aan buitelandse artikels soos kledingstowwe, timmerhout en landbou-implemente. Dié probleem is vererger deurdat daar in die twee jaar ná die verowering geen Britse handelskepe opgedaag het wat in die kolonie se behoeftes kon voorsien en uitvoerartikels soos velle, wyn en aalwyn kon wegneem nie. Daar het wel ná die oorgawe talle skepe van neutrale lande en vyandige lande (in laasgenoemde geval onder valse vaandels) in Tafelbaai opgedaag, wat benodigde handelsartikels aan boord gehad het en gretig was om handel te dryf. Die koloniste was óók gretig om handel te dryf. Hulle het gedink dat hulle daarop geregtig was om, net soos onder die Kompanjiesbewind die geval was, in oorlogstyd met skepe van neutrale lande handel te dryf omdat die kapitulasievoorwaardes onder andere bepaal het dat alle voorregte wat hulle ten tye van die oorname besit het, behoue sou bly.[47)]

Hóé graag ook al Craig wou inwillig tot die koloniste se versoeke om met sulke skepe handel te dryf, moes hy daarmee rekening hou dat die Britse Seevaartwette die handel met Britse kolonies tot die skepe van Britse onderdane beperk het,[48)] terwyl alle handel tussen Britse gebiede en die Ooste die monopolie van die E.I.C. was. Daarby sou handel met ander lande se skepe ook in konflik wees met die Britse oorlogstrategie, wat daarop gemik was om die Franse handel lam te lê en veral wou verhoed dat die Franse eilande

---

46) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1796), p. 7.
47) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 12/4/1796, no. 39; B.O. 33 Miscellaneous Documents: Brief aan Craig, 17/11/1795, Van Reenen en Kie — Craig, ongedateer, Heugh en Heuser — Craig, 14/1/1797, Ziervogel — Craig, 10/4/1797, pp. 513-514, 517-524, 541-542, 549.
48) V.T. Harlow: The Founding of the Second British Empire, II, pp. 266-267.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in die Indiese oseaan van lewensbehoeftes voorsien word. Dit was naamlik duidelik dat indien hierdie skepe toegelaat word om met die Kaap handel te dryf, die graan, meel en mondprovisie wat hulle as betaling vir hul handelsartikels sou ontvang, uiteindelik in Mauritius of ander Franse basisse sou beland. Dít wou die bevelvoerders van die Kaapse eskader ten alle koste verhoed en dáárom het hulle 'n wag geplaas aan boord van elke skip van 'n ander land wat by die Kaap opgedaag het.[49)]

Die hele aangeleentheid het in Desember 1795 gelei tot 'n botsing tussen Craig, wat as tydelike bewindhebber gretig was om die koloniste met die Britse bewind te versoen, en Blankett, die bevelvoerder van die Kaapse eskader. Die aanleiding daartoe was die verlof wat Craig verleen het aan die Deense skip Alexander, wat na die Koromandelkus onderweg was, om Europese handelsware in Tafelbaai af te laai en in ruil daarvoor aalwyn, velle en wyn in te skeep. Blankett het onmiddellik vir Craig in kennis gestel dat sy optrede in stryd was met die Seevaartwette én die belange van die E.I.C. en Britse handelaars wie se skepe ter eniger tyd kon opdaag. Craig het skerp gereageer. Hy het Blankett daarop gewys dat daar 'n groot behoefte bestaan aan die artikels wat met sy toestemming ingevoer is. Wat betref sy verlof vir die uitvoer van sekere Kaapse produkte, het hy daarop gewys dat vanweë die gebrek aan voldoende klinkende munt dit noodsaaklik was om produkte as betaalmiddele te gebruik.[50)]

In Maart 1796 was daar weer 'n botsing. Craig het by dié geleentheid verlof gegee dat goedere wat behoort het aan G.F. Goetz - 'n Kaapse handelaar vir wie hy as "a man of considerable dealings and influence" beskryf het - van 'n Deense skip aan land gebring mag word. Blankett het egter 'n wag aan boord van die skip geplaas en verhoed dat dit afgelaai word.[51)]

Alhoewel Craig eers van plan was om in gevalle waar daar 'n groot behoefte aan sekere artikels bestaan het, wél handel met skepe van ander lande toe te laat, het hy ná hierdie insidente sodanige

---

49) (B.M.) Add. Mss. 37876: Windham Papers: Blankett — Windham, 16/5/1796, pp. 110-113; (P.R.O.) Adm. 1/55 In-Letters from Cape of Good Hope: Elphinstone — Nepean, 12/10/1795, Blankett — Nepean, 16/3/1796, ongepag.; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Elphinstone — Nepean, 1/2/1797), pp. 50-51.

50) (P.R.O.) Adm. 1/55 In-Letters from Cape of Good Hope: Blankett — Nepean, 16/3/1796, ongepag.; W.O. 1/324 Correspondence, In-Letters: Blankett - Craig, 12/12/1795, ongepag.; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Instructions to Blankett, 12/11/1795, Blankett — Craig, 16/12/1795, Craig — H. Dundas, 27/12/1795, Blankett — Nepean, 4/3/1796), pp. 227, 252-255; 284-285, 334.

51) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 8/3/1796, no. 38.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handel feitlik heeltemal belet. Talle Sweedse, Deense en Amerikaanse skepe met artikels aan boord waaraan daar 'n groot behoefte was, het gedurende 1795 en 1796 by die Kaap gearriveer, maar Craig het hul versoeke om handel te dryf, geweier. Ook 'n versoek van die Burger-Senaat dat vreemde skepe toegelaat word om skaars artikels, soos landbougereedskap, koffie en klerasie, in te voer tot tyd en wyl die Britse regering vir die voorsiening hiervan reëlings getref het,[52] is deur hom van die hand gewys. Hy het egter aan Henry Dundas, die verantwoordelike minister, geskryf dat "exclusive of the real distress which the Colony experiences from the total want of most European articles and the immoderate value which is set upon the few that are in the Settlement, the uncertain situation with respect to trade, is the source of much uneasiness to the Inhabitants, accustomed at all times, but most particularly during the War, to trade with foreign ships of all nations, they find themselves now debarred from that source without any other being substituted in the room of it."[53] Hy het Dundas gewaarsky dat die hele aangeleentheid die Britse bewind by die Kaapse koloniste in 'n swak lig geplaas het.

In Maart 1796 het ook die waarnemende koloniale sekretaris, Hercules Ross, sy kommer hieroor uitgespreek. Hy het aan 'n vriend in Londen geskryf dat die "Jakobyne" aan die Kaap gerugte versprei dat die groot skaarste aan baie artikels en die totale gebrek aan ander alles aan die Britse bewind toegeskryf moes word. Hy het bygevoeg: "this specious argument at a time when the Colony is really distressed for want of Iron, Coals, Stores, coarse cloth, timber, lead and many other articles, cannot fail of having a considerable influence and is borne with the more impatience on account of the aggravating circumstance of several foreign ships having actually arrived in this bay loaded with these articles, but not permitted to land their cargoes ... In the meanwhile the General was inclined by every means in his power to relieve the distress for Iron and to reconcile the goodwill of the Inhabitants, but found himself counteracted by the Commodore."[54]

Die Imperiale Regering het teen die middel van 1796 geantwoord op die vertoë om oor die kwessie van die handel met skepe van ander lande uitsluitsel te gee. Craig is meegedeel dat spesifieke instruksies hieroor gegee sou word aan die persoon wat die admini-

---

52) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 23/3/1796, no. 8.
53) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 12/4/1796, no. 39.
54) Acc. 455 Mellville Papers: Ross — Scott, 5/3/1796, no. 29. Vgl. ook B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 8/3/1796, 5/10/1796, nos. 38, 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

strasie van die kolonie by hom oorneem. Intussen kon hy sy diskresie gebruik om met betrekking tot skepe van neutrale lande toestemming te verleen dat artikels wat die kolonie nodig gehad het, daarvandaan aan land gebring mag word.[55] Oor uitvoer is niks gesê nie. Vir die res van sy administrasietydperk het Craig homself gebonde gevoel om slegs artikels waaraan daar werklik 'n groot behoefte bestaan het, deur vreemde skepe te laat invoer.[56]

Ten spyte van die antwoord wat deur die Imperiale Regering gegee is, het die stryd tussen die Vloot en Craig voortgeduur. In Oktober 1796 het Elphinstone, ten spyte daarvan dat Craig sy toestemming gegee het, die invoer van tabak, ysterware (wat onder meer gebruik kon word om ploeë te herstel) en timmerhout uit 'n Amerikaanse en 'n Deense skip belet. In 'n brief aan Dundas kon Craig net moedeloos wys op die groot behoefte wat by die Kaap aan hierdie artikels bestaan het.[57] Dit was duidelik dat net 'n definitiewe beslissing van die Imperiale Regering die onenigheid uit die weg sou kan ruim.

Intussen is van verskeie kante pogings aangewend om die nood wat ontstaan het as gevolg van die stremming van handel met vreemde skepe te verlig. John Pringle (die plaaslike agent van die E.I.C.) en Henry Dundas het by die E.I.C. se direkteure daarop aangedring dat skepe van hul maatskappy by die Kaap moes aandoen ten einde in die groot behoefte aan Europese ware te voorsien.[58] Craig het selfs bevel gegee dat sekere artikels uit die pakhuise wat voorheen aan die Kompanjie behoort het, verkoop moes word. Hy het ook gehoop dat private Kaapse handelaars self met verloop van tyd die kolonie van benodigde artikels sou voorsien.[59] Met enkele uitsonderings het die Kaapse handelaars teen die einde van 1796 egter nog nie daarin geslaag om met Engeland handelsbetrekkinge aan te knoop en die Kaap van Europese handelsware te voorsien nie.[60]

In die loop van 1796 is daar in regeringskringe in Londen 'n debat gevoer oor die reëlings wat met betrekking tot die handel van die kolonie getref moes word. Die hele debat het gedraai rond-

55) G.M. Theal: Records of the C.C., I (War Office — Craig, 8/6/1796), p. 385.
56) B.O. 48 Craig's Letter Book: Ross — Brown, 14/11/1796), no. 327.
57) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 5/10/1796, no. 59; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone — Craig, 4/10/1796), p. 467.
58) (I.O.) Cape of Good Hope Factory Records. G. 9/6 Letters from Cape to Court of Directors: Pringle — Directors, E.I.C., 30/7/1796; (P.R.O.) W.O. 6/67 Correspondence, Out-Letters: H. Dundas —Chairman, E.I.C., 2/8/1796, pp. 27-28.
59) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Nota van Craig, ongedateer, p. 3.
60) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 30/9/1796, no. 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om die vraag watter plek hierin aan die E.I.C. toegeken moes word. Aan die een kant is die gedagte gepropageer dat skepe van bevriende en neutrale lande vryelik toegelaat moes word om aan die Kaap handel te dryf. Aan die ander kant het die E.I.C.-direkteure daarop aangedring dat die handel tussen die Kaap en die Ooste die monopolie van hul maatskappy moes wees. Hulle het selfs voorgestel dat alle handelsverkeer tussen die Kaap en gebiede ten weste van die kolonie slegs in Britse skepe moes geskied, sodat die handel met die Ooste op 'n effektiewer wyse beheer kon word. Hiervolgens sou skepe van ander lande nie toegelaat mag word om aan die Kaap goedere van die hand te sit nie behalwe met die doel om vir verversings en herstelwerk aan hul skepe te betaal.[61)]

Alhoewel laasgenoemde voorstel in ooreenstemming met die Seevaartwette was, wou invloedryke lede van die kabinet soos Liverpool en Henry Dundas om politieke redes aan die koloniste 'n groter mate van handelsvryheid toestaan. In Desember 1796 het die "Committee For Trade and Plantations" op Dundas en Liverpool se aansporing voorgestel dat aan die Kaap op handelsgebied 'n buitengewone posisie in die Britse Ryk toegeken moes word deur die Seevaartwette níé daarop van toepassing te maak nie.

Nadat wetgewing spesiaal deur die Britse parlement geloods moes word om dit moontlik te maak,[62)] is op 28 Desember 1796 'n Bevel-in-Rade uitgevaardig wat die handel van die Kaap gereël het. Dit het bepaal dat die handel tussen die Kaap en die Ooste die uitsluitlike voorreg van die E.I.C. en skepe wat deur dié maatskappy gelisensieer is, sou wees. Dít uitgeslote, sou dit Britse skepe en skepe van lande wat met Brittanje in 'n staat van vrede verkeer het, vrystaan om ná of vân die Kaap onderskeidelik goedere in of uit te voer. Goedere uit Britse gebiede sou doeanevry ingevoer word, maar alle ander goedere sou onderhewig wees aan doeanebelasting soos deur die Goewerneur bepaal word. Hy het bepaal dat alle goedere ingevoer deur Britse skepe of skepe van ander lande vanuit enige plek buite die Britse Ryk aan 'n doeanebelasting van 10% onderhewig sou wees. Op Oosterse goedere ingevoer deur Britse skepe

61) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Privy Council — Court of Directors, 23/12/1795, D. Scott — H. Dundas, 3/1/1796, Extracts of Court's Minutes, 10/8/1796, Liverpool — H. Dundas, 27/8/1796, nos. 20, 25, 33, 34. Vgl. ook die bespreking oor die twee alternatiewe in B.O. 85 Sketches of the Political and Commercial History of the Cape of Good Hope, pp. 240-255; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 165-167.

62) (P.R.O.) B.T. 5/10 Minutes: Minutes of Committee for Trade and Plantations, 13/12/1796, 22/12/1796, pp. 284-292; W.O. 1/326 Correspondence, In-Letters: Observations on the Instructions to the Governor of the Cape of Good Hope, ongedateer, pp. 285-287, 299.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is 'n doeanebelasting van 5% gehef. Op alle ingevoerde slawe moes 'n doeanebelasting van 10 Rds. per kop betaal word.[63] Teen die einde van 1801 is bepaal dat 'n doeanebelasting van 5% gehef sou word op alle goedere wat nie in Brittanje vervaardig of geproduseer is nie en uit 'n Britse kolonie ingevoer word.[64]

Macartney het op 5 Mei 1797 by wyse van 'n proklamasie die Bevel-in-Rade van 28 Desember aan die Kaap bekend gemaak.[65] Daar was nou 'n duidelike beleid ten opsigte van handel met vreemde skepe en die buiteland. Die vraagstuk van die voorsiening van die Kaap met benodigdhede uit die buiteland was egter in die praktyk nog glad nie opgelos nie en sou daarna weer kort-kort opduik.

Toe Macartney in Mei 1797 die administrasie oorgeneem het, was daar 'n nypende tekort aan Europese en Oosterse handelsware. Van die einde van 1797 af het Britse en neutrale skepe wel sekere Europese handelsartikels by die Kaap aangebring, maar daar was nog steeds 'n groot tekort veral aan sekere noodsaaklike artikels soos landboubenodigdhede. Ten einde die probleem van onvoldoende voorsiening op te los, het die regering besluit om self die ingesetenes van sekere benodigdhede uit Europa te voorsien. Reeds in Maart 1796 het die Burger-Senaat 'n lys van artikels opgestel wat dringend benodig was en in die verlede steeds deur die Kompanjie aan die koloniste verkoop is. Craig het die Imperiale Regering versoek dat hierdie artikels uit Engeland na die Kaap toe uitgevoer word. Hiervan het egter niks gekom nie. In Augustus 1797 het Macartney wéér die saak opgehaal en voorgestel dat die goedere deur die E.I.C. na die Kaap uitgevoer word waar dit deur sy agent opgeveil moes word. Die E.I.C. was egter nie gretig om hierdie taak te verrig nie, en Henry Dundas het daarop 'n Londense handelaar versoek om 'n voorraad Europese handelsware na die Kaap te stuur. Hy het gehoop dat dit aan die bestaande behoeftes sou voorsien en pryse tot 'n redelike peil sou afbring.[66]

Die goedere wat die handelaar na die Kaap gestuur het, het onder meer uit landbou-implemente, lynolie, timmerhout en 'n verskeidenheid van ysterware bestaan. Die totale waarde het £55 327

---

63) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Macartney — Greene, 14/11/1798, pp. 592-594.
64) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 3/12/1801), pp. 259-260.
65) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 5/5/1797), pp. 78-79.
66) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Burgher Senate — Macartney, 31/7/1798, Macartney — H. Dundas, 23/8/1797, H. Dundas — Macartney, 26/1/1798), pp. 138-139, 155, 226-227; B.O.[48] Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 10/7/1796, no. 46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

beloop. Die goedere het in September 1798 in skepe van die E.I.C. by die Kaap gearriveer. John Pringle het opdrag ontvang om dit vir die regering se rekening teen 'n insitprys van 6% hoër as inkoopsprys en vervoerkoste op te veil.[67)]

Die verkoop van die goedere, wat as die "Colonial Investment" bekend gestaan het, het baie probleme opgelewer. In werklikheid was dit vir die regering 'n bron van verleentheid. Pringle moes soms weens 'n gebrek aan kopers die opveiling van die "Colonial Investment" uitstel. Wanneer daar wel 'n veiling plaasgevind het, kon weinig artikels verkoop word.

Daar was verskillende redes vir die gebrek aan belangstelling. In die eerste plek was dit 'n geval van onoordeelkundige seleksie. Yonge het verklaar dat "the assortment was Improperly made and not well Calculated to their Market."[68)]

In die tweede plek het die wyse waarop die "Colonial Investment" verkoop is, probleme opgelewer. Die goedere, wat veral bestem was vir boere, is nie in winkels verkoop nie, maar periodiek op openbare veilings opgeveil. Boere wat nie digby Kaapstad gewoon het nie, kon moeilik hierdie veilings bywoon. Handelaars het dan dikwels artikels waaraan daar 'n groot behoefte bestaan het, opgekoop en later teen buitensporige pryse aan boere verkoop.[69)]

Die derde en belangrikste faktor was dat handelaars uit Engeland wat hulle sedert die einde van 1797 in Kaapstad gevestig het, in die daaropvolgende jaar op groot skaal goedere uit Engeland ingevoer het. Dit blyk uit die feit dat die totale waarde van goedere wat uit Engeland ingevoer is, gestyg het van 83 751 Riksdaalders in 1797 tot 1,095,929 Riksdaalders in 1798. Toe die "Colonial Investment" in Kaapstad aangekom het, was die Kaapse mark reeds oorlaai van Europese goedere.[70)] Die handelaars het sommige handelsartikels teen laer pryse verkoop as dié waarteen Pringle soortgelyke ware opgeveil het. Hulle wou somsnie op veilings van die "Colonial Investment" bie nie omdat hulle dit as ongewenste mededinging van die kant van die regering beskou het.[71)]

---

67) (P.R.O.) W.O. 1/331 Correspondence, In-Letters: Account by Pringle, 6/4/1799, p. 717; (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Inglis — H. Dundas, 24/2/1799, no. 10; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 10/9/1798), p. 283.
68) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge - Huskisson, 12/1/1800), pp. 28-29.
69) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van boere van Hantam en Bokkeveld, 7/11/1798, p. 291.
70) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Barnard — H. Dundas, 24/9/1798.
71) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Pringle — Huskisson, 6/4/1799), pp. 420-421: Acc. 45 Statement of Revenue and Expenditure: Abstract of Imports, 1797-1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die loop van 1799 was dit duidelik dat die "Colonial Investment" 'n mislukking was. Yonge het later met 'n mate van leedvermaak gewys op die foute wat Macartney in dié verband begaan het. Die kritiek was egter onregverdig, want dit was 'n poging om aanpassingsprobleme op te los - probleme wat voortgevloei het uit die feit dat die Britse bewind in die plek gekom het van 'n handelsmaatskappy wat self die kolonie van alle oorsese handelsware voorsien het. Macartney het hieroor geen kritiek van die Imperiale Regering ontvang nie. Die regering het nou besluit dat die voorsiening van Europese goedere aan die Kaap voortaan net deur private handelaars sou geskied.

Die kompetisie tussen die private handelaars was egter nie groot genoeg om die pryse omlaag te druk nie. Dit het soms gebeur dat twee of drie handelsfirmas sekere goedere opgegaar en hoë pryse daarvoor afgedwing het. Die regering het egter nie sy weg oopgesien om ingevoerde artikels se pryse vas te pen nie.[72] Daar is waarskynlik geoordeel dat so 'n stap privaat inisiatief sou demp.[73]

Daar was ook baie probleme verbonde aan die voorsiening van koffie, tee, suiker en ander goedere uit die Ooste. Die E.I.C. wat die Kaap van Oosterse goedere moes voorsien, was uiters traag om dit te doen en wel om die volgende redes: Die direkteure was baie teleurgesteld oor die besluit om skepe van ander lande toe te laat om aan die Kaap handel te dryf. Hulle was bevrees dat Oosterse goedere wat deur die E.I.C.-agent aan die Kaap ingevoer is deur smokkelhandelaars na ander dele van die wêreld heruitgevoer sou word.[74] Tweedens het die E.I.C. die Kaap as feitlik geen handelsproposie beskou nie. Dit het nie belanggestel in die winste wat hulle daar kon maak nie omdat daar elders winsgewender markte was as dié wat 'n handjievol mense aan die suidpunt van Afrika gebied het.[75]

Teen Julie 1797 moes Macartney aan Henry Dundas in Londen en goewerneur Hobart van Madras rapporteer dat hy nog geen inligting van die E.I.C.-direksie ontvang het oor hóé die maatskappy van plan was om die Kaap met ware uit die Ooste te voorsien nie. Dit het hom in die verleentheid geplaas, want terwyl die tekort aan Oosterse

---

72) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. s. 1 Cape Colony Letters: Barnard — H. Dundas, 20/10/1799, p. 14; (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Huskisson — Pringle, 1/9/1799, no. 26; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 18/9/1798), p. 287; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — Huskisson, 12/1/1800, Yonge — H. Dundas, 29/3/1800, War Office — Yonge, 28/7/1800), pp. 28-30, 86-87, 205-206.

73) Vgl. J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p. 301.

74) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. s. 1 Cape Colony Letters: Barnard — H. Dundas, 20/10/1799, p. 14; Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney — Hobart, 6/1/1798, p. 62; J. Barrow: Travels, II, pp. 165-174.

75) M. Arkin: John Company at the Cape, pp. 197-198.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

handelsware aan die Kaap groot en die pryse hoog was, het talle skepe van ander lande opgedaag wat gretig was om die koffie, tee en Oosterse produkte wat hulle aan boord gehad het, van die hand te sit. Die Burger-Senaat en verskeie koloniste het by Macartney aangedring dat verlof vir die invoer van hierdie goedere toegestaan moet word, maar Macartney was, uit hoofde van die Bevel-in-Rade van 28 Desember 1796, verplig om hierdie versoeke te weier.[76)]

Dit het egter vir Macartney duidelik geword dat, indien die E.I.C. nie daadwerklike stappe doen nie, hy verplig sou wees om van die Bevel-in-Rade af te wyk ten einde die toestand te verhelp. Hy het in die loop van 1797 geprobeer om op verskillende maniere, waarvan sommige met die Bevel-in-Rade in stryd was, in die tekort aan Oosterse ware te voorsien. Offisiere van E.I.C.-skepe is byvoorbeeld oorreed om hul private vrag van die hand te sit en vreemde skepe is toegelaat om koffie en suiker aan wal te sit. In stryd met die Bevel-in-Rade is ook verlof toegestaan dat die goedere van twee privaat skape uit die Ooste ingevoer mag word.[77)]

Alhoewel daar in die laaste vier maande van 1797 Oosterse handelsware ter waarde van 221 237 Rds. ingevoer is, was die vraag nog nie bevredig nie en het die pryse hoog gebly. Sommige dinge is teen profyte van tot 100% van die hand gesit, en Macartney is tot sy ergernis oorval met versoeke van koloniste om Oosterse goedere op skepe wat nie aan die E.I.C. behoort het nie, in te voer.

Toe Macartney teen die begin van 1798 nog geen aanduiding van die E.I.C. oor hul planne ontvang het nie, het hy sake in eie hande geneem en Pringle gelas om bestellings vir die verbruik van een jaar by die E.I.C.-owerhede in Bengale, Madras, Bombaai en Kanton te plaas. Hulle moes òf met hul eie skepe òf met skepe wat deur hulle gelisensieer is, die goedere na die Kaap stuur.

Pringle het, in oorleg met die Burger-Senaat, die bestellingslyste opgestel en dit teen die middel van 1798 afgestuur. Dit was nie 'n nuwigheid nie, want gedurende die Kompanjiesbewind is ook jaarliks bestellingslyste na die Ooste gestuur, waarvandaan elke

---

76) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney — Hobart, 6/9/1797, p. 34; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 10/7/1797, 27/11/1797), pp. 118-119, 205; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 24/5/1797, no. 27; B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 7/6/1797, Ross — Vos en Dietz, 31/5/1797, nos. 96, 72.

77) (I.O.) G. 9/6 Letters from Cape: Pringle — Direksie E.I.C., 13/11/1797, 30/11/1797; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 5/9/1797), p. 103; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 27/11/1797), p. 205.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

jaar 'n voorraadskip uitsluitlik vir die Kaap bestem, uitgestuur is.[78)]

Intussen was Henry Dundas in Londen baie ontevrede toe hy van die E.I.C. se versuim verneem het. Hy het dit aan H. Inglis, die voorsitter van die E.I.C.-direksie, duidelik gestel dat indien sy maatskappy nie van plan was om sy verpligtinge ten opsigte van die Kaap na te kom nie, ondernemers van neutrale lande toegelaat sou word om die Kaap van Oosterse ware te voorsien. Inglis het geprobeer om die E.I.C. se verpligting in dié verband af te skuif deur voor te stel dat daar gebruik gemaak moet word van private Kaapse handelaars wat aan hul korrespondente in Indië bestellingslyste van benodigde artikels moes stuur. Dundas het egter kortaf geantwoord dat die Kaapse handelaars nie oor die kapitaal en ook nie oor die verbintenisse beskik het om só 'n plan te laat slaag nie. Die enigste plan wat vir hom aanvaarbaar was, was dat die direksie vir die maatskappy se amptenare in die Ooste opdrag moes gee om op die maatskappy se rekening dié goedere te stuur wat die Kaapse regering bestel. Indien dít nie gebeur nie, sou hy die E.I.C. se monopolie met betrekking tot die Kaap herroep.[79)]

Die direksie het voor hierdie dreigement geswig. Hulle het Dundas se plan aanvaar en hom meegedeel dat goedere op bestelling in spesiaal gehuurde skepe deur die E.I.C. na die Kaap gestuur sou word, waar dit deur hul agent opgeveil moes word teen 'n insitprys van 6% op inkoopsprys en vervoerkoste.[80)] Ten einde smokkelhandel - die direksie se grootste vrees - te voorkom, is aan Pringle instruksies gegee dat die bestellings tot die Kaap se onmiddellike behoeftes beperk moes word.[81)]

Teen Mei 1798 het die direksiebesluit aan die Kaap bekend geword en Macartney het onmiddellik die E.I.C.-owerhede in die Ooste daarvan in kennis gestel. Kort daarna het Pringle sy bestellingslyste afgestuur. Dit het egter gou duidelik geword dat, wát die direksie of Macartney ook al mag besluit het, die E.I.C. se ampsdraers in die Ooste nie gretig was om self 'n skip te stuur om die

---

78) A.L. Geyer: Das wirtschafliche System der N.O.I.K. am Kap der guten Hoffnung, 1785-1795, p. 33 . Vgl. verder G.M. Theal: Records of the C.C., II (Imports and Exports, ongedateer, Macartney — H. Dundas, 21/2/1798 , Burger-Senaat — Macartney, 15/5/1798), pp. 218, 239, 262-272; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 8/1/1798), pp. 118-120; (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney — Hobart, 6/1/1798, p. 63.

79) (P.R.O.) C.O. 49/9 Letters from Secretary of State: Dundas — Chairman, E.I.C., 17/11/1797, Inglis — H. Dundas, 6/12/1797, pp. 347-349; W.O. 6/67 Correspondence, Out-Letters: H. Dundas — Inglis, 20/12/1797, pp. 58-63.

80) (P.R.O.) C.O. 49/9 Letters from Secretary of State: Inglis — H. Dundas, 16/1/1798.

81) B.O. 9 Letters from Agent, E.I.C.: Pringle — Macartney, 19/5/1798, 16/11/1798, pp. 161-162.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaap te voorsien nie. Sonder om vir Pringle se bestellingslyste te wag, het die Goewerneur-in-Rade by Fort St. George aan privaat handelaars toestemming verleen om 'n skip met Oosterse goedere na die Kaap te stuur. Die Despatch, wat teen Oktober 1798 in Kaapstad gearriveer het, se vrag was só groot dat dit 'n geruime tyd lank vir die E.I.C. onnodig sou wees om self die Kaap te voorsien.

Macartney was baie verontwaardig oor die omverwerping van die reëlings. Die Kaap was nou só goed voorsien van Oosterse ware dat hy Pringle moes gelas om sy bestellings te kanselleer. Terselfdertyd het hy die E.I.C.-direksie gewaarsku dat dit vir die Kaapse regering onmoontlik was om in sulke omstandighede doeltreffende beheer oor die verkoop van Oosterse handelsware uit te oefen en dat die gevaar van smokkelary gevolglik baie groter was.[82)]

Macartney se verontwaardiging het niks gehelp nie. Die E.I.C. het intussen reeds besluit dat dit op die maatskappy 'n té swaar las sou plaas om ook nog die Kaap te voorsien in 'n tyd toe hulle alreeds agterstallig was met die voorrade wat aan Londen gelewer moes word. In September 1798 het die Goewerneur-generaal-in-Rade in Fort William gevolglik die Kaapse regering in kennis gestel dat die E.I.C. nie self die Kaap van Indiese goedere sou voorsien nie, maar dat privaathandelaars aangemoedig sou word om dit onder sekere voorwaardes te doen. Hiervoor sou hulle van die E.I.C. lisensies ontvang. Die voorsiening van Chinese goedere, soos tee, sou egter in die E.I.C. se hande bly en slegs op bestelling van Pringle kan geskied.[83)]

Nadat hierdie nuus die Kaap bereik het, het verskeie Kaapse handelaars van generaal Dundas, wat in November 1798 as Waarnemende Goewerneur die teuels by Macartney oorgeneem het, toestemming gevra om goedere uit die Ooste in te voer. Dundas het hierdie versoeke toegestaan op voorwaarde dat die nodige toestemming van die E.I.C.-owerhede in die Ooste daartoe verkry word.[84)]

Dit wil voorkom of verlof geredelik toegestaan is en of daar in die Ooste en aan die Kaap geen tekort aan handelaars was wat van die geleentheid gebruik gemaak het om die Kaap te voorsien nie.

---

82) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney — Clive e.a., 22/10/1798, Macartney — Chairman, E.I.C., ongedateer, pp. 154-156, 161-163.

83) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Extract of a Minute of the Board of Trade, 19/6/1798, 3/8/1798, pp. 621-627; B.O. 87 Copies of Letters: Goewerneur-generaal-in-Rade, Fort William — Macartney, 17/9/1798, ongepag.; B.O. 9 Letters from Agent, E.I.C.: Pringle — F. Dundas, 11/2/1799, pp. 197-8.

84) G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — Goew.-genl.-in-Rade, Fort St. George, 18/1/1799, 23/1/1799), pp. 338, 344; B.O. 51 Letters Despatched: F. Dundas — Hogan, 20/12/1798, no. 382.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Pringle het hieroor in April 1799 geskryf: "The Town is full of all kinds of Europe (sic) and Indian Commodities, and the Merchants have in general neither inclination nor Capital to purchase faster than they sell."[85] Arkin merk in die verband op: "Having long suffered from a deficiency of Asiatic produce, the local market was now in the throes of a violent glut and this cyclical phenomenon was to repeat itself for as long as the Company exercised control over the settlement's imports from the East."[86]

Die mark is in werklikheid in só 'n mate oorlaai met veral Indiese stukgoedere dat Pringle die E.I.C.-bewindhebbers in die Ooste gevra het dat die voorsiening daarvan stopgesit word. Met die vrees vir smokkelhandel steeds in hul gedagtes, het hierdie owerhede wéér 'n verandering aangebring. Aanvanklik is aangekondig dat privaathandelaars nie meer toegelaat sou word om die Kaap van vervaardigde goedere te voorsien nie, maar dat die invoer van Oosterse produkte soos rys mag voortgaan.[87] Op 5 Junie 1800 is Pringle egter deur die Goewerneur-generaal-in-Rade in kennis gestel dat geen verdere voorrade uit die Ooste na die Kaap toe gestuur sou word nie, behalwe dinge wat deur Pringle bestel is. Hy is gevolglik gelas om wéér bestellingslyste op te stel.[88]

Daar is dus teruggekeer na die stelsel van bestellingslyste wat twee jaar tevore laat vaar is. Die Kaapse Goewerneur het egter nou 'n stok in die wiel van dié stelsel gesteek.

Met die bewindsoorname van goewerneur Yonge het 'n moeilike tydjie vir die E.I.C. se agent in Kaapstad aangebreek. Ten spyte van sy probleme met die E.I.C., het Macartney die maatskappy se regte ywerig gehandhaaf. Hy was selfs ten gunste daarvan dat die administrasie van die Kaap ná vredesluiting op dié liggaam oorgedra word.[89] Yonge, daarenteen, het vuriglik gepleit dat die handelsbande tussen die Kaap en Engeland nouer getrek moes word en dat die Kaap sover moontlik moes probeer om sonder tussenkoms van die E.I.C. klaar te kom.[90]

Dit was van die begin af duidelik dat Yonge hom nie gesteur het aan die E.I.C. se regte aan die Kaap nie en dat hy daarop uit

85) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Pringle — Huskisson, 6/4/1799), p. 420.
86) M. Arkin: John Company at the Cape, p. 199.
87) B.O. 87 Copies of Letters: Duncan — Macartney, 5/2/1799, ongepag.; B.O. 51 Letters Despatched: F. Dundas — Goetz, 2/1/1799, p. 226; B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Hogan, 23/2/1799, no. 67.
88) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Crommelin — Pringle, 5/6/1800), pp. 191-192.
89) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 15/12/1797), pp. 214-215.
90) (B.M.) Add. Mss. 13785 Letters from Yonge — Wellesley, 24/1/1801, pp. 55-58; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 29/3/1800, 15/11/1800), pp. 97-98, 356-358.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was om dié liggaam se handelsbedrywighede aan die Kaap aan die Goewerneur se gesag te onderwerp. Die eienaardige situasie dat die Kaap 'n kroonkolonieregering binne die E.I.C. se oktrooigebied was, het nou probleme opgelewer.[91)]

Die eerste moeilikheid tussen Yonge en die E.I.C. het ontstaan na aanleiding van eersgenoemde se besluit om 'n private Britse handelsskip, die Queen, na die Ooste te stuur. Oënskynlik was die doel hiervan om briewe na Madras te vervoer, maar dit wil voorkom of Yonge in werklikheid die geleentheid wou gebruik om uit China 'n groot voorraad eetgerei vir die Goewerneurswoning te verkry. Pringle het nie geweet wat Yonge se oogmerke was nie. Die stuur van 'n private skip na die Ooste was egter in elk geval 'n skending van die E.I.C. se regte en hy het daarteen beswaar aangeteken. Yonge het hom nie aan Pringle se besware gesteur nie, maar hy is deur lord Wellesley van Fort William daarvoor oor die vingers getik en versoek om hom in alle sake betreffende die handel met die Ooste en die E.I.C. se regte deur Pringle se advies en dié van die E.I.C.-owerhede in die Ooste te laat lei.[92)]

Yonge het nogeens geprobeer om sy gesag ten opsigte van die E.I.C. se handelsbedrywighede aan die Kaap te demonstreer. Toe Pringle hom meedeel dat die Kaap voortaan slegs op sý bestellings van Oosterse ware voorsien sou word, het Yonge daarop aangedring dat Pringle éérs sy toestemming moes verkry vir goedere wat hy bestel.[93)]

Yonge se eis dat die E.I.C. van hóm toestemming moes verkry om goedere in te voer, was totaal ongehoord en 'n klaarblyklike skending van die maatskappy se regte. 'n Botsing het spoedig ontstaan. Teen die einde van 1800 is goedere uit die Ooste wat die E.I.C. vir die Kaap bestem het by St. Helena afgelaai. Toe goewerneur Brooke van dié eiland die Kaap in kennis stel van sy voorneme om die goedere daarheen aan te stuur, het Yonge geantwoord dat niks versend moes word voordat sý toestemming vir die invoer van die goedere in die kolonie ontvang is nie. Brooke het geweier om van Yonge hiervoor 'n lisensie te vra, en die E.I.C. se direksie het onmiddellik by die Imperiale Regering sterk teen Yonge se op-

91) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Pringle — Ramsay, 27/3/1800), p. 84.
92) (B.M.) Add. Mss. 13784 Letters from Wellesley: Wellesley — Yonge, 29/5/1800, Wellesley — Pringle, 15/9/1800, pp. 18-20, 23-25; Add. Mss. 13785 Letters from Yonge - Wellesley: List of articles to be procured from China, 28/1/1800; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Pringle — Ramsay, 27/3/1800), pp. 84-85.
93) (P.R.O.) W.O. 1/334 Correspondence, In-Letters: Extract of Letter by Yonge, 10/1/1801; (P.R.O.) C.O. 49/9 Letters from Secretary of State: Pringle — Yonge, 31/10/1799, Yonge — Pringle, 12/1/1800, pp. 364-365.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

trede beswaar gemaak. Die regering het toe reeds besluit om Yonge terug te roep en hulle het generaal Dundas beveel om die struikelblokke wat Yonge in die weg gelê het, te verwyder. Genl. Dundas het intussen op eie inisiatief vir Pringle in kennis gestel dat 'n lisensie, soos deur Yonge verlang, onnodig was.[94)]

Alhoewel die Kaap ná 1797 veel beter as gedurende die laaste jaar of twee van die Kompanjiesbewind van buitelandse handelsware voorsien was, was daar tog nie so 'n konstante voorsiening soos wat nodig was om pryse oor 'n lang periode op 'n redelike peil te hou nie. Sommige artikels was aan skerp prysskommelings onderhewig en oor die algemeen was buitelandse goedere veel duurder as gedurende die Kompanjiestyd. Dit blyk uit die volgende tabel.[95)]

	Pryse teen einde van Kompanjiestyd			Pryse teen 1798		
	Rds.	sk.	st.	Rds.	sk.	st.
'n Manlike slaaf	250			400-500		
'n Vroulike slaaf	200			350-400		
1 lb. Tee	1			1	2	
1 lb. Suiker		2			5	
1 lb. Koffie		1	2		4	
100 lb. Yster	8			12-14		
Europese skoene	2	2		3		

Die pryse van ingevoerde landboubenodigdhede was gedurende die besetting ongeveer 50 persent hoër as gedurende die Kompanjiestyd.[96)]

B. Uitvoer.

Die uitvoer van Kaapse produkte het aanvanklik net soveel probleme as die invoer van buitelandse goedere opgelewer. Sedert die uitbreek van die oorlog in Europa was daar weinig geleentheid vir die uitvoer van die kolonie se oorskotprodukte. In 1794 is daar nog altesame 491 lêer gewone Kaapse wyn, 60 aam Constantiawyn, 12 264½ mud koring, 39 539 pond botter en 6 061 pond harde vet uitgevoer. In 1795 is daar weens die gebrek aan skepe geen produkte

94) (B.M.) Add. Mss. 13785 Letters from Yonge — Wellesley, 24/1/1801, pp. 55-58; (P.R.O.) C.O. 49/9 Letters from Secretary of State: Brooke — Secret Committee of E.I.C., 24/1/1801, Yonge — Brooke, 13/12/1800, pp. 367-370; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Hobart — F. Dundas, 7/4/1801, F. Dundas — Pringle, 12/5/1801), pp. 466, 491-492.

95) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: List of prices of various articles in Cape Town, n.d., no. 238.

96) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: List of prices, n.d., no. 221.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitgevoer nie.[97] Ná die bewindsoorname het Craig gewag gemaak van die oorvloed velle, harde vet, aalwyn en brandewyn waarmee die koloniste nie raad geweet het nie. Om alles te kroon, was daar in 1795 'n uitstekende wyn- en koringoes. Blankett het opgemerk dat die koloniste "only complain of their over plenty, and look for where to deposit their Store."[98]

Die Seevaartwette het die uitvoer van Kaapse produkte in vreemde skepe verbied. Daar het egter gedurende die eerste twee jaar van die besetting geen Britse handelsskepe aan die Kaap opgedaag nie. Die Kaapse handelaars het weer te min kapitaal gehad om die produkte uit te voer. Daarby was voormalige afsetgebiede soos Mosambiek en die Franse eilande in die Indiese Oseaan nou verbode terrein en het hulle weinig handelskontakte in ander wêreldele gehad.[99] Die Burger-Senaat het gevolglik die Goewerneur versoek om die uitvoer van velle in neutrale skepe toe te laat. Craig was egter verplig om dit te weier.[100]

Die Bevel-in-Rade van 28 Desember 1796 het dit vir neutrale skepe moontlik gemaak om produkte van die kolonie na gebiede ten weste van die Kaap uit te voer. Teen hierdie stadium het die garnisoen en die vlooteskader aan die Kaap, wat albei in die loop van 1796 baie versterk is, egter so 'n groot vraag na Kaapse produkte geskep dat die owerheid, ten einde pryse op 'n redelike peil te hou, uitvoer grootliks aan bande gelê het. In antwoord op verskeie versoeke om Kaapse produkte uit te voer, het Macartney teen die begin van 1798 bepaal dat hy nie sou toelaat dat 'n produk uitgevoer word wanneer die prys op die Kaapse mark vir die produsent 'n genoegsame vergoeding ("competent reward") gebied het nie. Ter uitvoering hiervan het Macartney die Burger-Senaat versoek om 'n lys van pryse waarteen die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie uitvoer toegelaat het, aan hom te stuur. Hy het ook van die liggaam 'n maandelikse lys van die gemiddelde markpryse van die volgende produkte verlang: koring, gars, meel, beskuit, botter, harde vet, kerse, beesvleis, varkvleis, wyn, brandewyn, aalwyn en velle.[102] Die Burger-Senaat het ingewillig om 'n lys van markpryse aan hom

97) B.O. 85 Sketches of the Political and Commercial History of the Cape of Good Hope, p. 433.
98) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 27/12/1795, no. 26; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Blankett — Hawkesbury, 12/1/1796), p. 300.
99) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Tennant, 4/3/1798, no. 75.
100) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 15/4/1797, no. 26; B.O. 50 Letters Despatched: Craig — Burger-Senaat, 7/4/1797, no. 12.
101) B.O. 51 Letters Despatched: Ross — Burger-Senaat, 18/4/1798, Ross — Greene, 29/10/1798, nos. 117, 299; B.O. 52 Letters Despatched: Barnard — Greene, 23/2/1799, no. 69; B.O. 56 Day Book, 3/3/1798, p. 235; B.O. 33 Miscellaneous Documents: Brief van 14/11/1798, pp. 592-594.
102) B.O. 51 Letters Despatched: Ross — Burger-Senaat, 18/4/1798, no. 117.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te stuur, maar terselfdertyd daarop gewys dat uitvoerpryse nooit gedurende die Kompanjiestyd vasgestel was nie. Dit was net wanneer daar 'n tekort in onontbeerlike artikels bestaan het dat die regering die uitvoer van sodanige artikels verbied het.[103] Hieruit is dit duidelik dat die regering selfs meer as die Kompanjie-uitvoere aan bande gelê het. Die uitgangspunt was ongetwyfeld dat as die redelik selfonderhoudende boere net uitvoer en nie op die binnelandse mark hul produkte aanbied nie, die voorsiening van Kaapstad in gevaar gekom het, en dit kon die regering veral met die oog op sy troepe nie toelaat nie.

Wyn was feitlik die enigste Kaapse produk waarvan so 'n hoeveelheid geproduseer is dat daarvan uitgevoer kon word. Daar is egter in feite min wyn uitgevoer. Een van die redes was dat dit op die oorsese markte veral vanweë die hoë vat- en vervoerkoste in 'n swak mededingende posisie gestaan het.[104] 'n Ander rede was die hoë uitvoerbelasting van 5 Rds. op 'n lêer wyn. Craig het gevoel dat die belasting nadelig vir die kolonie was. Hy het opgemerk: "This wine with a little more attention in the making of it, would be an excellent wine, and the quantity being considerable, there is no doubt that it might become an article of great exportation, to such parts as it might be thought proper to be sent to, but I fear that this tax of five dollars, in addition to the great charge of freight and Insurance, will prevent it from being able to bear the competition with foreign wines."[105]

Wat betref die uitvoer van wyn na die Ooste was die regeringsbeleid om aan die E.I.C. die monopolie in die handel tussen die Kaap en die Ooste toe te ken, 'n verdere struikelblok. In 1799 is Andrew Barnard deur goewerneur North van Ceylon versoek om 'n handelaar te vind wat bereid sou wees om die troepe op dié eiland van Kaapse wyn teen 8 pennies per bottel te voorsien. Barnard het daarop gewys dat alhoewel die gewone mense aan die Kaap wyn teen 3½ pennie per bottel gekoop het, die vervoerkoste só hoog is dat wyn nie oorsee teen 'n redelike prys bemark kon word nie. Dit sou vir 'n persoon wat bereid sou wees om na Ceylon wyn uit te voer voordelig gemaak kon word indien hy toegelaat word om 'n vrag hout of rys uit die Ooste terug te bring, maar die Bevel-in-Rade van 28 Desember 1796 (wat die invoer van goedere uit die Ooste verbied

---

103) B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 23/4/1798, no. 5.
104) A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 170; J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p. 298.
105) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 27/12/1795, no. 26.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, behalwe indien dit déúr die E.I.C. of mét sy toestemming geskied) het in die weg hiervan gestaan.[106] Hierdie is 'n goeie voorbeeld van hóé die ekonomiese beleid die ekonomiese ontwikkeling bepaal het.

Die Imperiale Regering het aanvanklik geen aandag daaraan geskenk om die posisie van die Kaapse wyne op die Britse mark te verbeter nie ten spyte daarvan dat die regulasies van so 'n aard was dat, soos Yonge dit gestel het, die uitvoer van Kaapse wyne in Brittanje feitlik verbode was.[107] Eers teen die middel van 1800 het die Britse parlement ter aanmoediging van die Kaapse wynbou die invoertariewe op Kaapse wyn en brandewyn verlaag en dit gelykgestel aan dié op Wes-Indiese brandewyn en Portugese wyn. Yonge het hierdie besluit verwelkom en daar is teen die einde van 1800 'n vergadering belê van die vernaamste wynhandelaars om die regulering van die uitvoer van Kaapse wyn na Brittanje te bespreek.[108] Daar is egter geen aanduiding dat dié toegewing van die Britse Parlement 'n deurbraak vir Kaapse wyne op die Britse mark bewerkstellig het nie, want daar was nog 'n ander rede vir die geringe uitvoer van Kaapse wyne, met die uitsondering van die Constantiawyne wat oorsee gesog was.

E. Bergh, 'n kolonis, het van die ander Kaapse wyne gesê dat dit nie verouder was nie en met water verdun was, met die gevolg dat dit 'n swak reputasie oorsee verwerf het en gevolglik weinig aanvraag geniet het.[109]

Die Imperiale Regering het aanvanklik gehoop om deur middel van groter uitvoer die Kaapse handelsbalans te verbeter. In 'n dokument oor die Kaapkolonie wat in 1796 opgestel is, is die oortuiging uitgespreek dat die kolonie in staat was om sy bevolking te voed en 'n onbeperkte hoeveelheid vir uitvoer te produseer. Daar is veral gedink aan die uitvoer van wyn vir die vloot, velle vir die leervervaardigers en aalwyn vir die brouerye in Engeland.[110] Henry Dundas was van mening dat die Kaap die graanskuur van Europa kon word,[111] terwyl Macartney daarvan oortuig was dat ontsaglike hoeveelhede katoen gekweek sou kan word.[112]

---

106) Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — North, 2/12/1799, Barnard — H. Dundas, 7/12/1799, Barnard — North, 21/12/1799, pp. 93, 97, 104.
107) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 22/10/1800), p. 332.
108) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — Huskisson, 10/1/1801), p. 399; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 26/11/1800), pp. 217-218.
109) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Memorie van E. Bergh, ongedateer), p. 49.
110) B.O. 85 Sketches of the Political and Commercial History of the Cape of Good Hope, pp. 293, 300.
111) (I.O.) G. 9/1 Correspondence: H. Dundas — Lushington, 16/12/1795.
112) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney — Richardson, 28/2/1798, p. 70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen die einde van die besetting was dit egter duidelik dat dit alles ydele hoop was. Wat graan betref, was die Kaap nie eens in staat om altyd in die plaaslike behoeftes te voorsien nie, en die wyne was, behalwe enkele uitsonderings, van 'n té swak gehalte om uit te voer.[113)]

Dit sou nog 'n aantal jare duur voordat die Kaap 'n produk sou produseer waarop die uitvoerhandel sou kan steun.

C. Smokkelhandel.

Smokkelhandel was 'n belangrike vraagstuk in verband met die buitelandse handel. Die probleem is vererger deur die feit dat die Bevel-in-Rade van 28 Desember 1796 skepe van neutrale of bevriende lande toegelaat het om aan die Kaap handel te dryf.

Dit was verbode om goedere aan die Kaap in of uit te voer sonder om doeanebelasting daarop te betaal. Goedere mag slegs in Tafelbaai en Simonsbaai en slegs gedurende die dag aan land gebring of verskeep word. Oosterse goedere mag slegs deur die E.I.C. of met hul verlof ingevoer word. Geen Oosterse goedere wat aan die Kaap ingevoer is, mag weer uitgevoer word nie. Dit was ook verbode om met enige vyandelike gebiede handel te dryf of enigiets te doen wat in stryd met die handelsregulasies van die Britse Ryk was.[114)]

Smokkelhandel het in verskeie vorms voorgekom. In die eerste 18 maande van die besetting toe die Seevaartwette van toepassing was, is goedere van vreemde skepe aan land gesmokkel. Smokkelaars het ook daarin geslaag om die vyandelike Franse basisse in die Indiese Oseaan van voedselvoorrade uit die kolonie te voorsien.[115)] Smokkelaars het veral in 1799 en 1800, toe aan die Kaap 'n oorvloed van Oosterse handelsware was, geprobeer om dit weer na ander wêreldele uit te voer.

Smokkelhandel aan die Kaap het ongetwyfeld aansienlike afmetinge aangeneem. In Julie 1797 het Macartney geskryf: "this Port is often visited by foreign neutral Vessels from Batavia, chiefly Danish, which are many of them Dutch at bottom (possibly English), though so artfully covered that the fraud is not to be detected.

---

113) (S.A.O.B.) Diary of S.E. Hudson, 14/12/1800, p. 62; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 29/3/1800), p. 96.

114) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 5/5/1797, 4/12/1797, 11/4/1798), pp. 78-80, 117-118, 132-135.

115) I.v.m. die Joachim-geval (smokkelhandel met Mosambiek) vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., III (Letters from Captains of the Royal Navy, 7 en 12/3/1800), pp. 79-80. Vir die Fanny-geval (smokkelhandel met die Franse eilande) vgl. B.O. 14 Letters from Customs House: Greene and Maxwell —Barnard, 20/10/1802, Bird — Customs, 17 en 18/11/1802, pp. 151-152, 181-183.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Some of them have attempted to carry on a contraband trade here, but have submitted to the penalties with so little murmering that I am inclined to think the forfeitures were inconsiderable in comparison of the Goods that escaped seizure."[116] Die straf waarna hier verwys word, was 'n boete van driemaal die waarde van die ingesmokkelde goedere.[117] Met die instelling van 'n Vise-Admiraliteitshof en 'n goedgeorganiseerde doeanekantoor in 1797 was die nodige masjinerie vir doeltreffende optrede teen smokkelhandel in werking gestel.[118]

'n Brandende vraagstuk het spoedig ontstaan oor wát gedoen moes word met die vrag van skepe wat deur die Vise-Admiraliteitshof aan die Kaap tot prysskepe verklaar is. 'n Prysskip was 'n skip wat volgens uitspraak van die Vise-Admiraliteitshof aan die vyand behoort het of wat smokkelhandel gedryf het. In sommige gevalle het die hof die vrag en die skip verbeurd verklaar en in sommige gevalle net die vrag. Verskeie partye was betrokke by die geskil oor prysgoedere. Die vernaamste twee was die Kaapse eskader wat geldelik voordeel getrek het uit skepe en skeepsvragte wat tot wettige buit verklaar is en dan die agent van die E.I.C. wat oor sy maatskappy se monopolie ten opsigte van die handel met die Ooste gewaak het.

In 1799 het dit tot 'n botsing gelei tussen die opvlieënde generaal Dundas, wat as Goewerneur waargeneem het, en John Holland, die regter van die Vise-Admiraliteitshof. Vroeg in 1799 is die Deense skip Angelique, met Oosterse stukgoedere aan boord, in Simonsbaai ingebring nadat dit deur die Oiseau tussen Madras en Manilla op smokkelary betrap is. Aangesien die Angelique gelek het en gevaar geloop het om beskadig te raak, het Holland beveel dat die vrag aan wal gesit moes word en dat 'n deel van die vrag, ter waarde van hoogstens £500, verkoop moes word ten einde die verskepings- en hofonkoste te dek. Pringle het onmiddellik by genl. Dundas daarteen geprotesteer dat Oosterse goedere sonder sý medewete en goedkeuring aan land gebring is. Dundas was woedend en het gelas dat die goedere onmiddellik wéér op die Angelique teruggeplaas

---

116) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 10/7/1797), p. 118. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone — H. Dundas, 10/10/1795), p. 185; Records of the C.C., II (Pringle — Nepean, 18 en 24/1/1797), pp. 46-48; Records of the C.C., III (Yonge — Huskisson, 12/1/1800, 29/3/1800, Yonge — H. Dundas, 22/10/1800), pp. 30, 105, 334-336.

117) Vir die strafbepalings vgl. S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 11/4/1798), pp. 132-135.

118) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Greene, 5/11/1798), no. 307. G.M. Theal: Records of the C.C., II (Power to Appoint a Vice Admiral, 6/1/1797), pp. 27-28.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes word. 'n Vurige argument het daarop tussen hom en Holland gevolg oor die vraag of die Vise-Admiraliteitshof die reg het om Oosterse goedere aan die Kaap van die hand te laat sit.

Dundas, gesteun deur Pringle, het aangevoer dat dit 'n skending van die E.I.C. se monopolie was. Dit sou ook die reëlings van die E.I.C.-agent en die gelisensieerde handelaars heeltemal omverwerp indien die regter van die Vise-Admiraliteitshof die reg sou besit om Oosterse goedere van die hand te laat sit.[119] Hy kon byvoorbeeld rys van die hand laat sit en die vraag versadig tot nadeel van 'n handelaar wat rys op bestelling gehad het. Holland en die vlootoffisiere se teenargument was dat die Bevel-in-Rade waarin die monopolie van die E.I.C. neergelê is, nie betrekking gehad het op prysgoedere nie, maar net op gewone handel met die Ooste. Holland het ook daarop gewys dat baie prysgoedere sou bederf indien dit nie aan die Kaap verkoop kan word nie. Daardeur sou die wins van die buiters nadelig geaffekteer word.[120]

Nadat daar oor die saak 'n hewige korrespondensie gevoer is, is dit na die Imperiale Regering verwys, wat beslis het dat Oosterse prysgoedere nie vir plaaslike verbruik aan die Kaap verkoop mag word nie. 'n Uitsondering is gemaak in 'n geval van uiters bederfbare ware wat nie soos ander prysgoedere bewaar en later uitgevoer kon word sonder dat dit ooit ingevoer is nie.[121]

Die Kaapse eskader se offisiere het hulle met moeite by dié uitspraak neergelê. Die bevelvoerder, vise-admiraal Curtis, het teenoor die nuwe Goewerneur, sir George Yonge, sy teleurstelling en ontsteltenis hieroor uitgespreek. Hy het daarop gewys dat die uitspraak meegebring het dat 'n vrag wat tot prysgoedere verklaar is, in sommige gevalle geen wins, en in sommige gevalle selfs finansiële verliese, vir die buiters sou kan meebring.[122]

Ná raadpleging met die verskillende partye het Yonge met 'n reëling voor die dag gekom wat in die omstandighede 'n redelike kompromis was. In 'n proklamasie van 3 Februarie 1800 het hy bepaal dat Oosterse prysgoedere aan die Kaap verkoop mag word op voorwaarde dat die kopers dit binne 'n sekere tyd na Brittanje

---

119) (I.O.) G. 9/6 Letters from Cape: Pringle — E.I.C., 5/4/1799; G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — H. Dundas, 6/4/1799), pp. 416-417; B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Holland, 18/3/1799, no. 138.

120) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Holland — H. Dundas, 5/4/1799), pp. 409-410.

121) Vir die Angelique-aangeleentheid, vgl. D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Andrew Barnard — Macartney, 6/4/1799), pp. 112-113; B.O. 9 Letters from Agent, E.I.C.: Pringle — F. Dundas, 3/4/1799, pp. 201-203; G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office — F. Dundas, 27/8/1799), p. 477. In B.O. 11 Letters from Vice Admiralty Court en B.O. 14 Letters from Customs House is verskeie briewe en verklarings oor die saak.

122) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Curtis — Yonge, 1/1/1800), pp. 9-12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heruitvoer. Indien spesiaal aangestelde amptenare egter bevind dat die goedere van 'n bederfbare aard is, "or liable to be destroyed or to suffer very great injury or damage by being further exported", sou dit vir verbruik aan die Kaap verkoop mag word onderhewig aan 'n invoerbelasting van 10%.[123)]

Die reëling het egter nie een van die partye tevrede gestel nie. Pringle se beswaar was dat hy as die E.I.C. se agent uitgesluit was van seggenskap ten opsigte van die beslissing oor wátter goedere vir die plaaslike verbruik verkoop mag word. Curtis, weer, was ontevrede omdat baie goedere wat vir heruitvoer opgeveil is, veel laer pryse gehaal het in vergelyking met wat dit sou haal indien dit vir die Kaapse verbruik opgeveil is.[124)]

Yonge het verskeie vertoë vir die verslapping van die regulasies ontvang, maar nie sy weg oopgesien om daaraan gehoor te gee nie. Hy, en Dundas ná hom, het soms as 'n uitsondering verlof gegee dat prysgoedere of ander goedere afkomstig uit die Ooste vir plaaslike verbruik verkoop mag word as daar plaaslik 'n groot behoefte daaraan bestaan en Pringle verklaar het daar nie soortgelyke goedere verwag word nie.[125)] Pringle het voorsien dat die hele saak "will prove a source of endless contestation as the navy are highly dissatisfied with the restrictions and have made serious representations on the subject."[126)]

Op die ou end was dit nie die vlootoffisiere wat 'n krisis veroorsaak het nie, maar wel die optrede van Henry Jessup, die hoofinspekteur van die doeane, wat die geldigheid van die proklamasie in twyfel getrek het. Die hele saak het gegaan oor 'n Deense skip, genaamd Christianus Septimus, met Oosterse goedere aan boord, wat in 1798 in Tafelbaai aangekom het. Die goedere is, met die regering se toestemming, vir heruitvoer verkoop, maar net toe die Young Nicholas in April 1800 gereed was om daarmee na Engeland te vertrek, het Jessup daarop beslag gelê. Hy het aangevoer dat die Bevel-in-Rade van 28 Desember 1796 aan die E.I.C. die monopolie verleen het om Oosterse goedere van die Kaap af uit te voer en dat Yonge nie die mag gehad het om in sy proklamasie van 3 Februarie 1800 'n reëling te tref wat in stryd was met die E.I.C. se regte en

---

123) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 3/3/1800), pp. 195-198.
124) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Pringle — Ramsay, 27/3/1800, Curtis — Nepean, 20/10/1800), pp. 85, 316.
125) Vgl. B.O. 53 Letters Despatched: Barnard — Smith en Strombóm, 2/4/1800; B.O. 33 Miscellaneous Documents: Petisie van Vos, 12/6/1800, p. 688.
126) (I.O.) G. 9/6 Letters from the Cape: Pringle — Direksie, E.I.C., 29/3/1800, ongepag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Britse wet nie.

Die vrag op die Young Nicholas was £12 000 werd en dit was uit Jessup se hele optrede duidelik dat dit vir hom gegaan het om die beloning wat aan informante betaal is, te wete 'n derde van die waarde van 'n vrag waarop wettiglik beslag gelê is. Jessup het kwaai die wind van voor gekry. Die Fiskaal het geweier om vervolging in te stel omdat die transaksie mét die regering se wete en goedkeuring plaasgevind het. Yonge was woedend en het Jessup uit sy amp geskors en hom en twee medepligtiges gelas om die kolonie te verlaat.[127)]

Daar kan weinig twyfel bestaan dat Jessup op 'n ongeoorloofde wyse opgetree het en dat Yonge wél die mag besit het om 'n tydelike reëling te tref wat geldig was tot tyd en wyl 'n beslissing uit Londen ontvang is. Die Imperiale Regering het teen die middel van 1800 aan Yonge se proklamasie van 3 Februarie volle goedkeuring verleen en daarmee enige onsekerheid wat nog oor dié aangeleentheid bestaan het, uit die weg geruim.[128)]

Ten tye van die Bataafse bewindsoorname het die Imperiale Regering nog nie 'n beslissing oor Jessup gevel nie. Genl. Dundas het toe reëlings getref dat die skulde van Jessup betaal kon word ten einde hom in staat te stel om die kolonie te verlaat.[129)]

2. Binnelandse handel.

Die Britse besetting het 'n groot vraag na Kaapse produkte meegebring. Benewens die ingesetenes en regeringsamptenare was daar teen 1797 'n Britse militêre mag van meer as 5 000 soldate en amper 3 000 matrose. Die kolonie moes ook voorsien in die mondbehoeftes van skepe wat by die Kaap aangedoen het. Die getal besoekende skepe het gestyg van 75 in 1793 tot 'n gemiddelde van 180 vir die jare 1797 en 1798.[130)] Teen 1797 het die Kaap tweemaal soveel beeste, 30 000 meer skape en amper 20 000 mud gars meer verbruik as wat die geval gedurende die laaste jare van die Kompanjiesbewind was.[131)] Die totale verbruik van die Kaap was nou 11 732 beeste,

127) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 12/5/1800 with enclosures, pp. 152-180; (P.R.O.) W.O. 1/340 Correspondence, In-Letters: Petisie van Jessup, 7/12/1803, p. 14; W.O. 1/334 Correspondence, In-Letters: Report of the Commissioners ... into the Charges against Jessup, ongedateer, pp. 715-735.

128) G.M. Theal: Records of the C.C., III (War Office — Yonge, 28/7/1800), pp. 204-205.

129) G.M. Theal: Records of the C.C., V (F. Dundas — Hobart, 1/3/1803), pp. 167-168.

130) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. s. 1 Cape Colony Letters: Barnard — Macartney, 20/10/1799, pp. 13-14. Vgl. ook M. Arkin: John Company at the Cape, p. 201.

131) V.C. 104 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 26-27.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

161 856 skape, 5 000 lêers wyn, 32 900 mud koring en 29 460 mud gars.[132)]

Die aanbod van Kaapse produkte het teen 1797 nog nie vermeerder nie. In die meeste gevalle het dit in vergelyking met 1795 gedaal. Dit blyk uit die volgende:[133)]

PRODUKTE NA KAAPSTAD GEBRING.

Jaar eindigende Augustus	Lêers wyn	Lêers brandewyn	Mud graan	Mud rog	Mud gars	Mud ertjies	Mud boontjies
1793	3159	Onbekend	63 332	691	11 489	218	79
1795	5510	313	58 893	394	10 491	187	14
1797	4263	253	33 306	441	10 837	569	420

As gevolg van die feit dat die vraag groter was as die aanbod het pryse gestyg. Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die pryse van produkte gedurende die eerste helfte van die besetting.

Produkte	Pryse			
	Einde Kompanjiestyd	1797 (Tweede helfte)	Mei 1798	Julie 1799
10 mud gars	12 Rds.	22 Rds.	30-32 Rds.	60 Rds.
10 mud koring	25 Rds.	60 Rds.	33-35 Rds.	60 Rds.
1 lêer kwaliteitswyn	150 Rds.	Nie vermeld	Nie vermeld	Nie vermeld
1 lêer gewone wyn	25 Rds.	60 Rds.	Nie vermeld.	30 Rds. (prys in Jan. 1799)
1 lêer brandewyn	50 Rds.	130-140 Rds.	100 Rds.	90 Rds.
Kerse per 100 lb.	14 Rds.	25-28 Rds.	24 Rds.	28 Rds.
Meel per 100 lb.	4 Rds.	8 Rds.	5½ Rds.	8 Rds.
Botter per lb.	4-6 stuiwers	10-12 stuiwers	7-8 stuiwers	18 stuiwers
Beesvleis per lb.	1½ stuiwers	2 stuiwers	2½ stuiwers	2½ stuiwers

Die prys van groente en vrugte, asook dié van 'n wavrag hout het in die eerste twee jaar ná die verowering met ongeveer 100% gestyg. Terselfdertyd het die prys van perde van 60 Rds. tot 150 Rds. gestyg, en dié van trekosse van 12-14 Rds., 'n vet os van 10 Rds. tot 20 Rds. en skape van 1 Rds. 4 skellings tot 2 Rds. 3 skellings.

132) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 48-50, 189.
133) (Gubbins) MIC A 735 Account of the Cape of Good Hope by Macartney, 1798. Die syfers verskil enigsins van die syfers vermeld op pp. 210 - 214 omdat verskillende datums geneem is vir die jaar se einde.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ook die pryse van ingevoerde goedere het gestyg. Dit was nie alleen die gevolg van swak voorsiening uit die buiteland en die gebrek aan kompetisie tussen privaat handelaars nie, maar ook van dalende waarde van die riksdaalder in verhouding met klinkende munt. Dit het die handelaars genoodsaak om hoë pryse vir ingevoerde artikels te betaal, maar, soos die landdros en heemrade van Stellenbosch opgemerk het, kon dit 'n handelaar nie skeel as hy ten duurste daarvoor betaal het nie "mits hy dezelve weerom legt, op de voor den Landman onontbeerlijke (tot kleeding en Akkerbouw) nodige goederen."[134)]

'n Pond koffie, wat vóór die verowering 12-14 stuiwers gekos het, het gedurende Macartney se dienstermyn 20 tot 24 stuiwers gekos; die prys van tee het in die ooreenstemmende tydperk van 1 Rds. per pond tot 2½-3 Rds. per pond gestyg; die suikerprys het van 6-8 stuiwers per pond tot 12-14 stuiwers per pond gestyg; en die prys van alle soorte buitelandse wyn was 100-120% hoër.

Die pryse van alle landboubenodigdhede was ongeveer 50% hoër. Die prys van 100 pond yster het gedurende die jare 1795 tot 1798 gestyg van 8 Rds. tot 12-14 Rds. Die prys van 'n manlike slaaf het gestyg van 250 Rds. vóór die verowering tot 400-500 Rds. in 1797-8 en 500-800 Rds. in 1801. Die prys van 'n ossewa het van 150 tot 160 Rds. gedurende die Kompanjiestyd tot 370 Rds. in 1798 gestyg.

Die prysstygings het tot alle vertakkings van die daaglikse lewe deurgewerk. Kos en inwoning by privaat huise het van 1½-2 Rds. per dag in 1795 tot 3 Rds. per dag in 1797 gestyg. Teen die einde van die Britse bewind was dit 5 Rds. Die huur van 'n middelklas huis het van 40 Rds. tot 80-100 Rds. per maand gestyg. Sommige Kapenaars het 'n huis vir soveel as £400 per jaar aan Britse offisiere verhuur. Die maandelikse huur wat aan die eienaar van 'n slaaf betaal is, het van 6 Rds. tot 14 Rds. gestyg; die huur van 'n perdewa het van 6 tot 20 Rds. per dag gestyg; terwyl skrynwerkers en messelaars teen 1798 ongeveer 66% méér vir hul arbeid as drie jaar tevore gevra het.[135)]

---

134) B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade — Craig, 3/12/1795, p. 76. Vgl. verder pp. 237-249.

135) Vgl. (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Return of Produces, 15/7/1797, nos. 101, 221 en 238; W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, p. 40; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 9/5/1798, no. 75; B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 19/7/1799, no. 95; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 2/10/1798), p. 153; R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 259-260, 305; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard — Macartney, 11/1/1800), p. 156. Vgl. ook die pryslys in P.K. Louw: Landbou en Veeteelt, pp. 264-266.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die styging van pryse, en gevolglik ook die lewenskoste, het tot gevolg gehad dat die regering talle versoeke vir salarisverhogings ontvang het van amptenare wie se salarisse dieselfde gebly het as wat dit gedurende die Kompanjiestyd was. Die Landdros van Stellenbosch het in 1798 gekla dat pryse so buitensporig hoog was dat hy nie met die inkomste uit sy amp, wat 2 450 Rds. per jaar beloop het, kon uitkom nie. Volgens hom het sy jaarlikse uitgawe aan lewensonderhoud op 6 000 Rds. te staan gekom en was hy verplig om van sy spaargeld daarvoor te gebruik.[136)]

Dit is moeilik om vas te stel wie uit hierdie toestand van algemene inflasie voordeel getrek het. Al die gegewens is nie beskikbaar nie en gevolglik kan daar nie met sekerheid vasgestel word of die styging van produktepryse tred gehou het met die styging in die lewenskoste en die pryse van ingevoerde goedere nie. Dit wil egter voorkom of die produsente van 1795 tot 1798 redelik goed gevaar het. In dieselfde tydperk het die stedelinge die mas opgekom deur die vergoeding vir hul dienste te verhoog, terwyl die regering vir sy groter uitgawes betaal het deur meer papiergeld uit te gee. Dit is logies dat die salaristrekkers soos Van der Riet hoër salarisse wou hê om die hoër lewenskoste die hoof te bied. Die regering wou egter nie salarisverhogings toestaan nie, want dit sou heelwaarskynlik gepaard moes gaan met belastingsverhogings - wat 'n skending van die kapitulasievoorwaardes sou beteken. Dié koloniste wat slegs van hul salarisse geleef het, moes dus die spit afbyt. Hul posisie het egter verbeter nadat die regering, met die doel om lewenskoste en regeringsuitgawes te verlaag, die pryse van sekere produkte soos byvoorbeeld vleis vasgepen het. Hierdeur is binnelandse vryhandel natuurlik ingeboet.

Craig was aanvanklik vasbeslote om in beginsel binnelandse vryhandel te handhaaf. In Augustus 1796 het hy sy voorneme te kenne gegee om in dié verband geen beperkings op te lê nie "unless in the case where it should appear to be indispensable from circumstances of importance to the public welfare."[137)] Minder as vier maande later het die mislukking van die graanoes hom gedwing om ten opsigte van die koring- en garshandel in te meng.

---

136) B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Macartney, 11/11/1798, no. 37; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van klerke van Raad van Justisie, 16/1/1800, pp. 459-467; G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig — H. Dundas, 18/12/1795), pp. 261-262; (P.R.O.) W.O. 1/324 Correspondence, In-Letters: Bianchi — Pringle, 19/10/1796, pp. 495-496.

137) B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Burger-Senaat, 2/8/1796, no. 237.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat dit duidelik geword het dat 'n graantekort sou ontstaan, het Craig, ten einde vas te stel of daar voldoende gars vir die behoeftes van die 400 regeringsperde was, in Desember 1796 opnames laat maak van hoeveel gars elke graanboer aan die regering sou kan verkoop. Die regering het daarvoor 16 skellings per mud aangebied, maar ná klagtes dat hierdie prys laer as die markprys was, is dit tot 18 skellings opgeskuif.[138)]

Teen Februarie 1797 het dit egter duidelik geword dat die regering nie genoeg gars in die hande sou kry nie. Die regering se garsbehoeftes was 10 000 - 13 000 mud per jaar, terwyl daar in 1797 slegs 6 029 mud na Kaapstad toe gebring is. Die regering het daarop privaat persone verbied om koring, gars of enige ander graan op te koop behalwe dít wat hulle vir huishoudelike verbruik nodig gehad het.[139)]

Later het die regering feitlik geen gars tot die ope mark deurgelaat nie. Slagters kon nie eens genoeg voer in die hande kry om hul knegte na die binneland te stuur om daar slagvee te gaan koop nie.[140)]

As gevolg van die goeie garsoes van 1797 kon die garshandel weer oopgestel word. Die regering het wel nog steeds opnames laat maak om uit te vind hoeveel gars die boere bereid was om aan die regering te verkoop. Die hoër prys wat die boere egter op die ope mark kon kry - in Mei 1798 was dit reeds 3 Rds. (d.w.s. 24 skelling) per mud, teenoor 18 skellings wat die regering aangebied het - het hulle al hoe onwilliger gemaak om 'n deel van hul oes aan die regering te verkoop. Die regering het gevolglik van dwangmaatreëls gebruik gemaak en by geleentheid selfs tot die drastiese stap oorgegaan om alle waens onderweg na die mark voor te keer totdat die benodigde voorraad ingekoop was.[141)]

Met die instelling in 1799 van verpligte garskwotas[142)] het genl. Dundas 'n stap verder gegaan. Boere moes die kwota gars waarvoor hulle aangeslaan is voor 'n vasgestelde tyd teen 18 skellings per mud aan die regering lewer. Nadat hy sy kwota gelewer het, was hy vry om die res van sy oes op die ope mark te verkoop.

---

138) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 17/12/1796), pp. 56-57.
139) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 11/2/1797), pp. 61-62.
140) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 15/4/1797, Burger-Senaat — Macartney, 30/5/1797, 12/7/1797, nos. 26, 30 en 36.
141) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Van der Riet, 19/2/1798, Barnard — C. Brand, 14/1/1799, nos. 380, 418.
142) Vgl. pp. 148-149.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kwotas is teen die middel van 1799 bekend gemaak.[143)]

Daar was verskillende redes waarom die graanboere onwillig was om aan die regering gars te lewer. Gedurende die tweede helfte van die Britse besetting het die graanboere gesukkel om hul produkte winsgewend te bemark en daar was ongetwyfeld boere vir wie dit nie betalend was om gars teen die vasgestelde prys aan die regering te lewer nie.[144)] Daarbenewens het die boere ná 'n swak oes net soveel en selfs meer gars nodig gehad as wat hulle geproduseer het.[145)] Die vernaamste rede was egter dat die graanboer verplig was om sy graan teen 'n veel laer prys aan die regering te verkoop as wat hy op die ope mark kon ontvang. In vergelyking met die regeringsprys van 18 skellings per mud, was die markprys soos volg: in Julie 1799 was dit 48 skellings; in November 1799 het dit op 24 skellings te staan gekom; in Augustus 1800 was dit 28 skellings; en in Februarie 1801 was dit óók 28 skellings.[146)]

Die verskil tussen die markprys van gars en die regering se prys daarvoor kan beskou word as 'n indirekte landboubelasting wat die graanboer moes betaal. Gedurende die besetting moes die graanboere ruim die helfte van die gars wat hulle na die mark gebring het aan die regering lewer.[147)]

Ook in die geval van koring het tekorte die regering verplig om die gedagte van vryhandel te laat vaar en beheermaatreëls toe te pas. Die vraag na koring was in 1797 ongeveer 12 000 mud groter as gedurende die Kompanjiestyd, maar die Kaap het volgens Van Ryneveld ná 1795 minder graan as tevore geproduseer.[148)]

Craig was aanvanklik van mening dat daar aan die Kaap geen gevaar van 'n broodgebrek bestaan het nie.[149)] Ná die verowering het die Britse bewindhebbers meer as 36 000 mud koring in die regeringspakhuise aangetref. Craig het besluit om van die koring

---

143) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 22/4/1799), pp. 184-185; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van A. Louw, 30/12/1800, pp. 705-722.

144) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 206).

145) B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — F. Dundas, 5/3/1799, no. 55.

146) D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou, 1795-1826, p. 273. Die garskwessie was een van die sake waaroor die meeste proklamasies uitgereik en briewe geskryf is. Vgl. S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 2/12/1796, 20/11/1797, 22/1/1798, 22/4/1799, 13/2/1801, 3/2/1802), pp. 55-56, 116-117, 120, 184, 230-232, 270. B.O. 35 Miscellaneous Documents: Petisie van 35 boere, 17/12/1796; B.O. 52 Letters Despatched: nos. 19, 40, 74, 116, 189, 190, 216, 230, 237, 251, 255, 299; B.O. 55 Letters Despatched: nos. 31, 124, 132, 137, 138, 146, 147.

147) Vgl. p. 210.

148) B.O. 6 Letters Received from Fiscal: Van Ryneveld — Craig, 24/4/1797, p. 229; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 117); V.C. 104 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, p.126.

149) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Craig—H.Dundas, 4/10/1796), p. 467.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontslae te raak. Hy wou die pakhuise vir 'n kaserne gebruik en 'n groot deel van die koring was al bederf. Daarbenewens was hy daarvan oortuig dat dit in die graanboere se belang sou wees om van die oorskotkoring ontslae te raak voordat die 1795-oes, wat baie belowend was, inkom. Craig het die Burger-Senaat hieroor geraadpleeg en hulle was van oordeel dat die koring verkoop en die magasynstelsel waar volgens die regering koring opgekoop en geberg het, beëindig moes word.[150] Die stelsel is beëindig en 'n deel van die koring is toe plaaslik verkoop, terwyl die res na Engeland uitgevoer is.

Die swak oes van 1796 het die regering se illusies oor die potensiaal van die Kaapse graanproduksie verwyder. Dit het vroeg in 1797 geblyk dat die boere in die Kaapse distrik 'n derde minder koring as in die vorige jaar sou lewer. Indien dieselfde in die distrikte Stellenbosch en Swallendam gebeur, sou daar gedurende die tweede helfte van die jaar in die kolonie 'n koringtekort ontstaan.[151]

Omdat dit 'n geruime tyd sou duur voordat rys of koring van oorsee sou opdaag, het Craig besluit om noodmaatreëls te tref ten einde 'n broodgebrek te voorkom. Op 30 Januarie 1797 het hy die uitvoer van koring, meel en beskuit verbied. Alle persone is verbied om koring buite die stadsgrense te koop. Koring moes na Kaapstad gebring word waar dit alleenlik deur gelisensieerde bakkers van die produsent aangekoop mag word.[152] Ten einde smokkelhandel te voorkom, het Craig op 11 Februarie bepaal dat persone slegs soveel koring of gars van die gelisensieerde bakkers mag koop as wat hulle vir hul huishoudelike verbruik nodig het.[153]

Teen die helfte van Februarie het dit geblyk dat die kolonie koring vir nog net vier maande gehad het. Die koringprys het mettertyd, as gevolg van die groot vraag, tot 6 Rds. per mud gestyg.[154] Aangesien die koring egter in die vorige dekade by geleentheid 'n prys van 10 Rds. per mud behaal het,[155] het welgestelde boere besluit om te wag totdat die prys verder styg voor

150) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 27/12/1795, no. 23; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 10/10/1795, 23/12/1795, nos. 6, 7.
151) B.O. 1 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 30/1/1797, no. 57.
152) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 30/1/1797), pp. 59-61.
153) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 30/1/1797), p. 61.
154) Vgl. B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Bakkers — Burger-Senaat, 12/7/1797, no. 35.
155) A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 165.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulle hul koring lewer. Toe Craig dít bemerk, het hy gedreig dat hy streng sou optree as daar nie vóór 10 Maart 'n behoorlike hoeveelheid koring in Kaapstad gelewer is nie.[156] Hy het gedreig dat hy by P.A. Myburgh, 'n groot boer van Stellenbosch wat nog geen koring in Kaapstad gelewer het nie, 25 soldate sou inkwartier totdat hy al sy koring daarheen gebring het.[157]

Die regering se volgende stap was om 'n kommissie uit te stuur wie se opdrag was om uit te vind hoeveel koring gesinne in die Kaapse en Stellenbosse distrikte in hul besit gehad het én hoeveel hulle nodig het, bereken teen een skepel per persoon per maand. Alles wat hulle méér as dit in besit gehad het, is beskou as surpluskoring wat hulle verplig was om in Kaapstad te verkoop. Toe die krisis teen die middel van 1797 nog ernstiger afmetings afgeneem het, het Macartney aangekondig dat enige surpluskoring wat teen 1 September in die besit van boere gevind word, verkoop sou word en wel teen 'n prys wat die Goewerneur sou bepaal. By P.A. Myburgh, wat versuim het om sy surpluskoring te lewer, is 'n aantal soldate vir drie maande ingekwartier.[158]

Intussen het die regering ook maatreëls getref wat daarop gemik was om die verbruik te reguleer. Op 10 April is die bak van wit brood en fynmeelbeskuit verbied. Bakkers is verbied om koring te verkoop, en 'n verbod is ook op die gebruik van koring vir perdevoer, die bak van gemmerkoekies en die brou van bier geplaas. Twee maande later, toe dit blyk dat die bakkers 100 000 pond meel opgegaar het, is hierdie proklamasie aangevul. Bakkers is verbied om meer as drie pond meel op dieselfde dag aan dieselfde persoon te verkoop of om meer meel te sif as wat hulle vir die dag nodig gehad het.[159]

Gedurende die tweede helfte van 1797 het die posisie verbeter deurdat die boere méér koring na Kaapstad gebring het en voorrade rys en koring uit die buiteland opgedaag het. Op 25 Augustus is bakkers gevolglik weer toegelaat om wit brood en beskuit te bak.[160] Nadat die goeie oes van 1797 verdere uitkoms gebring het, het Ma-

---

156) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 15/2/1797), p. 64-65.
157) B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Van der Riet, 15/2/1797, no. 435.
158) B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Burger-Senaat, 20/2/1797. Instruksie van Craig, 27/2/1797, nos. 441, 450; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 18/2/1797, 18/2/1797, 24/7/1797), pp. 65-66, 93-94; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 24/5/1797, no. 28; D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 180-185.
159) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 10/4/1797, 6/6/1797), pp. 65-66, 84-85); B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 24/5/1797, no. 28.
160) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 25/8/1797), pp. 97-98.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

cartney sy weg oop gesien om al die beperkings op die koop van graan op te hef. Op 22 Januarie 1798 is die proklamasie van 10 April 1797 herroep en is verklaar dat dit ingesetenes vry staan om alle soorte graan sonder enige beperkings te koop.[161)]

Beheermaatreëls het egter spoedig weer tevoorskyn getree. Vroeg in 1799 het dit geblyk dat persone koring koop om perde en ander vee te voer, wat die vrees laat ontstaan het dat dit die prys van brood sou laat styg. Generaal Dundas het toe op 22 Maart 1799 alle ingesetenes van die Kaapse distrikte behalwe die gelisensieerde bakkers verbied om koring te koop. Die bakkers het egter nie die monopolie gehad nie. Dit blyk uit die regering se antwoord op J. Joubert se vertoë. Joubert, wat gekontrakteer het om die troepe van brood te voorsien, het gekla dat die bakkers al die koring opgekoop het en het versoek dat die boere verplig word om koring teen 'n sekere prys aan hom te verkoop totdat hy 4 000 tot 5 000 mud het. Hy is egter meegedeel dat hy saam met die ander koringkopers 'n gelyke kans het om koring te bekom en dat die regering nie van plan was om in te meng nie.[162)]

Intussen het die Fiskaal en die kommissariaat-generaal, in die vrees dat tekorte wéér sou ontstaan, daarop aangedring dat die regering ná 'n goeie oes koring aankoop en dit in pakhuise opberg.[163)] In Januarie 1800 het hulle dit wéér voorgestel, maar Yonge het nie dadelik daarop gereageer nie, waarskynlik omdat koring na sy mening te duur was. Yonge het ook planne gehad om 'n hoeveelheid koring op te berg, maar die prys van koring het hoog gebly en teen die einde van 1800 was daar nog geen koring deur die regering aangekoop nie.[164)]

Toe dit teen Oktober 1800 blyk dat veel minder koring na Kaapstad gebring is as in die ooreenstemmende tydperk in voorafgaande jare, het Yonge wéér beheermaatreëls aangekondig met die doel om boere te verhoed om koring op te gaar. Hy het gelas dat boere aan die Kaapse kant van die eerste bergreekse voor die einde van November al die koring in hul besit, met uitsondering van die voorraad wat hulle vir drie maande se verbruik nodig sou hê, na die

---

161) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 22/1/1798, p. 120. D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 185-186.
162) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 13/3/1799), p. 182. B.O. 34 Miscellaneous Documents: J. Joubert — Yonge, 19/2/1800, pp. 511-514.
163) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Pringle en Van Ryneveld — Yonge, 20/1/1800, pp. 499-501.
164) D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, p. 189.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kaapse mark moes bring. Persone in Kaapstad en omgewing is verbied om enige koring te koop of op te berg. Soos Yonge dit gestel het, moes "the whole of that necessary article of life ... pass into the hands of the public bakers, or into that of the Government."[165)]

Hierdie maatreëls was blykbaar nie baie suksesvol nie en boonop het in die laaste weke van 1800 daaroor twyfel ontstaan of die koringoes aan die behoeftes sou kan voorsien. Die prys van koring het intussen tot 66 Rds. per 10 mud gestyg met die gevolg dat die kontrakteur J. Joubert in Oktober bekend gemaak het dat hy nie langer sy weg oopgesien het om die troepe van brood te voorsien nie.[166)]

Op 4 Desember het Yonge die beheer oor die koringhandel 'n stap verder gevoer toe hy die magasynstelsel heringevoer het. Yonge se oogmerk was dat die regering ongeveer 40 000 mud koring moes aankoop en opberg as voorsorgmaatreël teen 'n moontlike misoes. Die boere is gelas om al die koring wat hulle na Kaapstad bring by die regeringsmagasyne te lewer, waar hulle ná aftrekking van belasting die bedrag van 40 Rds. per 10 mud daarvoor sou ontvang. Bakkers en die ingesetenes van Kaapstad en omgewing was verplig om al die koring wat hulle nodig gehad het teen 'n prys van 45½ Rds. per 10 mud by die regeringsmagasyne te koop.

Daar is ook bepaal dat persone buite Kaapstad wie se oeste misluk het, of wat geen koring geproduseer het nie, éérs 'n sertifikaat van die Landdros van Stellenbosch of die Burger-Senaat moes verkry voordat hulle koring mag koop. In die sertifikaat moes die getal persone in hul huishouding en die hoeveelheid koring wat hulle tot die nuwe oes nodig sou hê, aangedui word. Daar is ook bepaal dat koringboere teen April 1801 die helfte van hul oes na Kaapstad moes bring. Indien die kommissie wat in daardie maand uitgestuur sou word, vind dat iemand hierdie regulasie oortree het, sou sy koring gekonfiskeer word en 'n boete van 500 Rds. opgelê word. Die uitvoer van koring, meel en beskuit sonder spesiale regeringsverlof is ook verbied. Om die beheer oor die verkoop van brood, meel en beskuit te verbeter, is bakkers gelas om weekliks aan te dui hoeveel van hierdie produkte hulle in die voorafgaande week verbruik of verkoop het. 'n Bakker sou nie toegelaat word om

165) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 31/10/1800), p. 215.
166) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Joubert — Yonge, 31/10/1800, pp. 667-679.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

meer as tien pond fyn meel per week aan één persoon te verkoop nie.[167)]

Op 22 Desember 1800 het Yonge die aanstelling van J.H. Greene en O.M. Bergh as inspekteurs van die magasyne en A. Fleck as tesourier en magasynmeester aangekondig. Hulle sou gesamentlik die Koringkomitee vorm en hul taak sou wees om maatreëls te tref vir die veilige bewaring van die koring en vir die ontvangs en uitreiking daarvan.[168)]

Die vasgestelde prys was vir die boere 'n teleurstelling. 'n Groep koringboere het hieroor 'n petisie na Yonge gestuur. Yonge het in sy antwoord daarop gewys dat die prys ongeveer 100% hoër was as die prys wat boere gedurende die laaste jare van die Kompanjiesbewind ontvang het - wat natuurlik 'n oordrywing was: die nettoprys was ongeveer 60% hoër.[169)] Die prys van 40 Rds. was ongeveer een-derde laer as die prys gedurende die krisis van 1797 en die helfte minder as die markprys in die voorafgaande maand.[170)] Uit gegewens wat W.S. van Ryneveld verskaf, is dit te betwyfel of dit vir boere, behalwe dié in die onmiddellike omgewing van Kaapstad, lonend was om koring teen die vasgestelde prys te lewer.[171)]

Toe die magasynstelsel in Desember 1800 ingestel is, was daar nog geen definitiewe aanduiding dat die koringoes sou misluk nie. In Februarie 1801 is Yonge egter meegedeel dat die oes te swak was en dat noodmaatreëls getref sou moet word. Die Koringkomitee het aanbeveel dat die uiterste spaarsaamheid in die verbruik van koring, brood en rys aan die dag gelê moet word.[172)]

Die regering het dadelik maatreëls getref om die noodtoestand die hoof te bied. Skepe is gestuur om rys uit die buiteland te bring. Op 11 Februarie is maatreëls aangekondig wat daarop gemik was om die verbruik van koring te verminder. Die bak van wit brood is verbied. Bakkers is verbied om sonder die verlof van die Burger-Senaat meel aan enigiemand meer te verkoop. Die rantsoen van die troepe is van 1½ pond per dag tot 1 pond verminder. Op

167) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 4/12/1800), pp. 218-221; D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 189-190; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 23/10/1800, no. 127.
168) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 4/12/1800), p. 222.
169) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Louw en 39 koringboere — Yonge, 30/12/1800, pp. 705-722; B.O. 53 Letters Despatched: Yonge — Louw e.a., 30/12/1800, no. 440.
170) B.O. 3 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 23/12/1801, no. 136.
171) Vgl. pp. 211-212.
172) B.O. 16 Letters from Corn Board: Greene e.a. — Yonge, 14/2/1801, pp. 33-34. D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 191-193.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

13 Februarie 1800 is die garsprys op 3½ Rds. (28 skellings) per mud vasgestel. Dit is gedoen met die doel om te voorkom dat boere gars verkoop en hul koring as veevoer gebruik. Ten einde boere aan te moedig om meer koring te produseer, het Yonge 'n onderneming gegee dat die vasgestelde koringprys van 43 Rds. nie voor Mei 1802 verlaag sou word nie en dat dit selfs verhoog sou word indien die omstandighede dit vereis.[173)]

Die toestand was van so 'n aard dat nóg dringender maatreëls nodig was. Op 26 Februarie het die koloniale sekretaris en die Fiskaal Yonge genader met die versoek dat 'n kommissie aangestel word met volmag om die nodige maatreëls te tref. Yonge het ingestem en dit aan hulle opgedra om 'n kommissie aan te stel. Die kommissie, bekend as die Opperste Graankommissie, wat bestaan het uit luitenant-goewerneur F. Dundas, admiraal Roger Curtis, A. Barnard, O.G. de Wet, wat president van die Raad van Justisie was, W.S. van Ryneveld, J.H. Greene en P.L. Cloete (die laasgenoemde twee was lede van die Koringkomitee) met John Barrow as sekretaris, het die mag ontvang "to take all such steps, and make all such rules, orders or regulations as they .... may judge necessary, or expedient to adopt, in consequence of the present scarcity of grain in the Colony."[174)]

Net na die instelling van dié liggaam het Yonge, met sy voorliefde vir groot en duur skemas, oorweeg om dit af te skaf. In die plek daarvan wou hy 'n Koringraad, bestaande uit nege besoldigde lede, wat tesame 6 040 Rds. per jaar in salarisse sou ontvang, in die lewe roep om oor die opberging en verspreiding van koring toesig te hou. Yonge het die plan laat vaar nadat 'n deputasie van die Opperste Graankommissie hom op die dreigende gevaar van hongersnood gewys het.[175)]

Teen die einde van Februarie was die posisie dat indien elke persoon slegs een pond koring per dag verbruik, die bestaande koringvoorraad na vyf maande gedaan sou wees. Die kommissie het dit as sy taak beskou om vir die verdere vyf maande vóór die volgende oes voorsiening te maak. Die kommissie het dadelik reëlings getref om rys, koring, beskuit en meel in te voer. Ter aanmoediging vir graanboere is kragtens 'n proklamasie van 5 Maart die prys van 60

---

173) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 18/2/1801), pp. 426-427; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 11 en 13/2/1801), pp. 229-231.
174) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 26/2/1801), p. 233.
175) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Proceedings of a Commission relating to the Consumption of Grain, 27/2/1801), pp. 149-151; B.O. 65 Instructions: Establishment of the Corn Board, Maart 1801, pp. 169-174.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rds. per 10 mud aangebied vir koring wat voor die einde van April in Kaapstad gelewer word.[176] Die gewig van brode is op 1 pond vasgestel. Laasgenoemde maatreëls is vyf dae later aangevul deur die instelling van broodrantsoene. Daar is 'n opname gemaak van die broodverbruik van alle huishoudings in Kaapstad en aan elkeen is 'n rantsoen toegeken. Elke gesinshoof het 'n kaart ontvang waarop sy naam en dié van die bakker wat hom van brood moes voorsien, aangedui is. Bakkers is verbied om aan iemand brood te verkoop sonder dat die kaart gewys is, of om aan hom méér brood as sy rantsoen te verkoop. Kennis moes gegee word indien vreemdelinge of besoekers wat by die huishouding bygereken is, vertrek het, of wanneer daar in die huishouding sterfgevalle plaasgevind het. Die doel van hierdie maatreël was om die regverdige verspreiding en die besparing van brood te bewerkstellig.[177]

Nadat die kommissie berig ontvang het dat die oes nóg swakker as die aanvanklike verwagtinge was, is die verbruik van gars gereguleer. Alle ingesetenes van Kaapstad en omgewing is gelas om al die gars wat hulle in hul besit gehad het, na 'n pakhuis te bring waar hulle in ruil vir elke 140 pond gars, 100 pond garssemels waarvan die meel verwyder is en 14 skellings vir die meel sou ontvang. Die plan was om te bespaar deur koringmeel met garsmeel te meng. Geen persoon woonagtig in Kaapstad of binne ses myl van Kaapstad en Stellenbosch sou toegelaat word om sy vee te voer met gars waarvan die meel nog nie verwyder was nie. Persone in Kaapstad en omgewing wat gars gekoop of ontvang het, moes aan die kommissie daarvan verslag doen.[178]

Op 2 April is verdere beperkings op die koringhandel geplaas. Persone in die Kaapse en Stellenbosse distrikte en dié deel van die Swellendamse distrik ten weste van die drosdy is verbied om sonder verlof van die kommissie koring, meel of beskuit aan enigiemand wat in Kaapstad en omgewing woonagtig was, te verkoop. 'n Boete van 500 Rds. sou op oortreders gelê word. Enige bakker wat sonder verlof van die kommissie koring, meel of beskuit verkoop het, sou met 1 000 Rds. vir elke 50 pond wat verkoop is, beboet word.[179]

Danksy dié besparingsmaatreëls het die verbruik van koring en meel skerp gedaal. Daar is byvoorbeeld 339 902 pond brood in

176) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 5/3/1801), pp. 233-234.
177) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 10/3/1801), pp. 234-237.
178) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 31/3/1801), pp. 239-241.
179) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 2/4/1801), p. 241.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

April teenoor 637 174 pond in Januarie, verbruik. Die streng beheermaatreëls, die aankoms van voorrade rys, koring en meel uit die buiteland en die vooruitsigte op 'n goeie oes het die vrees vir 'n hongersnood teen die einde van 1801 laat wyk. Die beheermaatreëls is toe geleidelik opgehef. Op 8 September 1801 is die prysbeheer ten opsigte van gars en alle graangewasse met die uitsondering van koring, opgehef. In Oktober is die beheermaatreëls ook ten opsigte van rys opgehef.[180)]

In Desember 1801 het generaal Dundas dit oorweeg om die magasynstelsel af te skaf omdat daar in die skatkis geen geld was om koring te koop nie. Die Burger-Senaat het egter betoog dat dié stap 'n swaar slag vir die bakkers en die koringprodusente sou wees. Die bakkers het hulle ingerig met die oog op die magasynstelsel en nie oor die kapitaal beskik om groot voorrade koring te koop nie, terwyl die boere vir die grootste deel van hul oes nie 43 Rds. per 10 mud sou ontvang nie. Die indruk sou maklik by hulle kan ontstaan dat die regering in tye van skaarste 'n prys van heelwat laer as die markprys afdwing, maar bereid is om toe te sien dat hulle in tye van oorvloed pryse ontvang wat veel laer was as die pryse wat tevore vasgestel was. Volgens die Burger-Senaat sou die afskaffing van die magasynstelsel op kontrakbreuk deur die regering neerkom.[181)] Veral met die oog op die posisie van die bakkers, het die Opperste Graankommissie hom ook eenparig ten gunste van die behoud van die magasynstelsel en die bestaande vasgestelde prys uitgespreek.[182)]

Dundas het gevolglik op 1 Januarie 1802 aangekondig dat die Koringkomitee, ná die ontbinding van die Opperste Graankommissie op 31 Januarie 1802, sou voortgaan om alle koring wat na Kaapstad gebring word, teen 43 Rds. per 10 mud aan te koop. 'n Bedrag van 100 000 Rds., wat later tot 35 000 Rds. verminder is, is vir hierdie doel beskikbaar gestel.[183)]

Dit wil voorkom of die beperkings wat Yonge in Desember 1800 ten opsigte van die koringhandel ingestel het daarop gemik was om 'n hoë koringprys te bekamp. Die maatreëls wat in 1801 ingestel is, was noodmaatreëls. Wat egter kortsigtig was, was die lae vas-

---

180) Vgl. die verslag van die Opperste Graankommissie in G.M. Theal: Records of the C.C., IV, pp. 149-216. Vgl. ook D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou aan die Kaap, 1795-1826, pp. 190-197.

181) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 23/12/1801, no. 136.

182) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Proceedings of a Commission relating to the Consumption of Grain, 28/12/1801), pp. 213-214.

183) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 1/1/1802, 8/12/1802), pp. 262-263, 286.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gestelde prys. Uit die beskikbare gegewens ontstaan die indruk dat dit die verbruiker bevoordeel het en nie aan die produsent, veral diegene wat groot vervoerkoste gehad het, die nodige aanmoediging gebied het om meer te produseer nie.[184)]

Die Britse bewindhebbers het ook met die handel in 'n ander stapelproduk, te wete vleis, ingemeng. Anders as in die geval van graan, was die besluit om oor die vleishandel owerheidsbeheer uit te oefen aanvanklik nie soseer toe te skryf aan die vrees vir 'n tekort nie, maar aan die begeerte om pryse, en gevolglik ook lewenskoste, laag te hou.

Ná die verowering het die regering die vleispag afgeskaf, en alhoewel vleispryse vanweë die groter vraag skerp gestyg het, het Craig geweier om beheer in te stel omdat, soos hy gesê het, "the butcher cannot be forced to sell at a fixed rate, unless the farmer were equally bound and every article in the colony sold at a fixed maximum.[185)]

Macartney het egter nie met die hoë vleispryse genoeë geneem nie. Hy het van die standpunt uitgegaan dat dit toe te skryf was aan slagters en dat dit die regering se plig was om in te gryp. In 'n proklamasie gedateer 2 Oktober 1798, het hy daarop gewys dat die prys van 'n skaap tussen 1795 en 1798 van 10-12 skellings tot 18-19 skellings en dié van 'n bees van 8 Rds. tot 18 Rds. gestyg het. Vleispryse het in dieselfde tydperk gestyg van 1½ stuiwer per pond tot 2½ stuiwer per pond. Macartney het opgemerk dat, in die "florerende omstandighede" waarin die kolonie toe verkeer het, hy dit as niks meer as billik beskou het om die prys van 'n skaap tot 2 Rds. (dit is 16 skellings) en dié van 'n bees tot 8 Rds. te beperk nie. Sodoende sou dit vir die ingesetenes moontlik wees om vleis teen 2 stuiwers per pond te koop - 'n prys wat deur hom as billik beskou is.

Met die prys van 'n bees is daar òf in die proklamasie 'n fout begaan òf dit is kort daarna gewysig. In antwoord op 'n petisie van 1 Desember 1798 het genl. Dundas verklaar dat die prys van 12 Rds. vir 'n bees as billik beskou word.[186)]

Alhoewel hierdie pryse as "a mere general recommendation" bestempel is, het Macartney dit duidelik gestel dat boere hulle daar-

---

184) Vgl. pp. 211-212.
185) Vgl. B.O. 33 Miscellaneous Documents: Petisie van Van Reenen, 25/9/1795, pp. 823-824; B.O. 49 Letters Despatched: Ross — Stroever, no. 236.
186) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Note by F. Dundas, not dated, pp. 302, 312.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur moes laat lei en versigtig moes wees om nie hul vee moedswillig ("wantonly") terug te hou as hulle 'n redelike aanbod kry nie. Slagters moes ook nie meer as die vasgestelde pryse betaal nie. 'n Slagterskneg is later verban omdat hy vir vee méér betaal het as die prys wat in die proklamasie genoem was.[187)]

Macartney het sy ingryping in die vleishandel geregverdig deur te beweer dat sekere slagters saamgespan het met die doel om 'n vleismonopolie te verkry. Hulle het hul knegte uitgestuur met die opdrag dat hulle mededingers moes oorbie. Landdros Bresler was ook van mening dat die hoë veepryse te wyte was aan slagters wat die pryse opgejaag het. Volgens hom het die boere nie daaraan skuld gehad nie.[188)] Waarskynlik het sekere slagters uitgegaan van die veronderstelling dat 'n vleistekort op hande was en dat hulle op korttermyn hoë pryse sou kan afdwing indien hulle sou saamspan en slaag om die meeste slagvee op te koop. Macartney se optrede het hierdie plan gedwarsboom. Veeboere was egter algemeen gegrief oor die veepryse wat vasgestel is. Hulle was daarvan oortuig dat terwyl hulle sou moet sukkel om teen hierdie pryse 'n bestaan te maak, slagters teen die vasgestelde kleinhandelsprys vir vleis nog 'n goeie wins sou maak.[189)]

Daar is ook teen Oktober 1798 begin om ten opsigte van die koop en verkoop van slagvee beheer in te stel. Boere is gelas om jaarlikse opgawes te maak van die getal skape in hul besit, die getal vee verkoop, en die name van die persone aan wie hulle dit verkoop het. 'n Slagter is verbied om iemand uit te stuur om meer as 300 skape en 100 beeste te koop sonder dat hulle voorsien is van skriftelike instruksies, waarvan die Fiskaal aantekening moes hou. By sy terugkeer moes 'n slagterskneg by die Fiskaal 'n lys inlewer van die getal vee wat hy gekoop het.[190)]

Toe die groot veeverliese wat deur die grensoorlog van 1799 veroorsaak is, die vrees vir 'n vleisskaarste laat ontstaan het, is die beheermaatreëls verskerp. 'n Slagter is verbied om méér vee te

---

187) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 2/10/1798), pp. 152-155; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van J. Menter, 14/12/1802, pp. 903-907, 911-912.

188) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Van Ryneveld, 1/9/1798, pp. 610-611.

189) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van 19 boere van Klein Roggeveld, ongedateer, Petisie van J.G. Louw en boere van Hantam veld, 14/11/1798, Petisie van boere van Namakwaland, 20/11/1798, Petisie van J. Nel en boere van Roggeveld, 1/12/1798, pp. 177-178, 285-293, 297-318; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 3/12/1798, pp. 227-228.

190) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 29/9/1798 en 2/10/1798), pp. 151, 154-155.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koop as wat hy vir die voorsiening van sy slaghuis nodig gehad het of om slagvee van die mark terug te hou met die hoop om die prys daarvan te laat styg. Die prys waarteen vleis in die kleinhandel verkoop mag word, is op 2½ stuiwers per pond vasgepen.[191] Ten einde die owerheid in staat te stel om met die vleisposisie op hoogte te wees, is slagters gelas om maandeliks aan die Burger-Senaat verslag te doen van die hoeveelheid vee wat hulle gedurende die voorafgaande maand ontvang het, die hoeveelheid wat hulle geslag het en die hoeveelheid wat hulle in voorraad gehad het.[192]

Anders as in die geval van koring en vleis, was die ander vername boerderyproduk van die kolonie, te wete wyn, nie 'n onontbeerlike artikel nie. Daar was ook nie 'n tekort aan wyn nie, en 'n mens sou gevolglik verwag dat daar in dié verband vryhandel toegelaat sou word. Dit het nie gebeur nie, wat toegeskryf moet word aan die wanpraktyke wat onder die stelsel van vryhandel plaasgevind het en aan die feit dat die Britse bewind gretig was om die grootste moontlike inkomste uit die wynhandel te verkry.

Craig was gretig om weg te doen met die monopolieë ten opsigte van die binnelandse wynhandel wat deur die pagstelsel teweeg gebring is. Hy het dit bestempel as "a most oppressive monopoly, ... a source of loud complaint, as the poorest Inhabitant was under the necessity of purchasing the wine he wished to drink with his family, from one of those people (dit is die wynpagters) at the price he chose to put on it."[193]

In die plek van die bestaande stelsel, waaronder die wynpag in vier dele opgeveil is en aan die houer van elke pag die reg toegestaan is om in ag taphuise wyn te verkoop, het Craig in Oktober 1795 'n stelsel van wynlisensies ingestel. Hy het beoog om 32 wynlisensies aan verskillende persone uit te reik. Waarskynlik het hierdie lisensies slegs die kerngebied van Kaapstad, te wete Tafelvallei, gedek. Die posisie met betrekking tot die buitewyke van Kaapstad, soos Rondebosch en Simonstad, is nie duidelik nie, maar waarskynlik is lisensies vir die verkoop van wyn in hierdie gebiede aan verskillende persone uitgereik.[194]

Daar kon net 16 persone gevind word wat bereid was om die

---

191) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Barnard — H. Dundas, 13/9/1799), p. 452; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 23/6/1802), p. 207.

192) B.O. 53 Letters Despatched: Barnard — Burger-Senaat, 22/8/1800, no. 373; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 15/8/1800, no. 123; B.O. 3 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 14/10/1800, no. 40; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 21/5/1801), pp. 245-246.

193) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Observations on the Revenue deur Craig, ongedateer, p. 257.

194) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 12 en 15/10/1795), pp. 8-10, 12-13.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hoë prys van 1 500 Rds. - 'n som wat in verhouding was met die bedrag wat die wynpag veronderstel was om in te bring - te betaal. In 1797 het alle lisensiehouers geweier om hul lisensies te hernieu. In November 1797 is daar toe weer teruggeval op die wynpagstelsel. Een persoon, C. Dieleman, het nou die hele wynpag gekoop, wat aan hom die reg verleen het om in Tafelbaai in 32 wynhuise Kaapse wyn brandewyn in hoeveelhede van minder as 19 gelling te verkoop. Daar was ook nog afsonderlike pagte ten opsigte van Kaapse wyn en brandewyn by Rondebosch, Stikland en Rietvlei en daar was 'n pag ten opsigte van dieselfde produkte by Simonstad, Muizenberg en Wynberg en vir Stellenbosch.[195] Voorts was daar 'n pag om buitelandse drank te verkoop.[196]

Dit wil voorkom of dit enigiemand vrygestaan het om op Graaff-Reinet en Swellendam drank te verkoop, maar omdat dit met wanpraktyke gepaard gegaan het, het daar uit Swellendam 'n voorstel gekom dat die verkoop van drank op die dorp tot een persoon beperk word.[197]

Onder die wynpagstelsel het boere hul wyn na die Boerenplein (vandag Groentemarkplein) geneem waar pagters hul benodigde wyn gekoop het. Boere het ook van hul produksie in hoeveelhede van groter as 19 gelling aan privaat persone in Kaapstad verkoop. Hulle kon aan skepe verkoop mits hulle die wyn direk van die plaas na die kaai gebring het. Hulle het ook wyn aan geregistreerde wynkopers verkoop. Laasgenoemde was groothandelaars wat wyn op groot skaal aangekoop het. Hulle het dit verouder en 'n deel daarvan uitgevoer. 'n Ander deel het hulle in hoeveelhede van meer as 19 gelling aan inwoners en wynpagters verkoop.[198] Uit die feit dat die Burger-Senaat in sy lys van markpryse net een prys vir wyn aangee, kan 'n mens aflei dat boere vir hul gewone wyn ongeveer dieselfde prys van die verskillende instansies ontvang het.

Van Ryneveld het verklaar dat daar na die wynpagstelsel terug-

---

195) Die gebiedsafbakening van hierdie pagte het gewissel. Vgl. (R.A.) Collectie Nederburgh: Van Ryneveld — Janssens, 27/2/1804, no. 544.

196) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Aantekeninge van Craig op memo. van Bruce, ongedat., no. 67; V.C. 105 Een Generaale Beschryving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, p. 122; B.O. 56 Day Book, 1/2/1798, p. 217; B.O. 57 Day Book 18/8/1799, 17/8/1801, pp. 64-65, 143-144; B.O. 55 Letters Despatched: Ross — Members, Board of Revenue, 9/11/1797, no. 375; B.O. 51 Letters Despatched: Barnard — Landdros en Heemrade, Stellenbosch, 8/10/1798, no. 280.

197) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 27/7/1798), p. 143.

198) S.D. Naudé: Plakkaatboek, III (Proklamasie, 12/11/1765), p. 61; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 3/8/1797 en 27/7/1798), pp. 96-97, 143-145.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gekeer is om te voorkom dat die regering inkomste uit die drankhandel verloor en om die wanpraktyke ("disorders") te belet wat uit die onbeperkte verkoop van drank kon voortvloei.[199)]

Wat Van Ryneveld se eerste punt betref, blyk uit die syfers dat die wynlisensiestelsel in vergelyking met die wynpagstelsel vir die regering 'n groot verlies beteken het. Waar die inkomste uit dranklisensies in 1796 en 1797 net 13 700 Riksdaalders en 26 341 Riksdaalders onderskeidelik was, het die inkomste uit drankpagte in 1798 op 36 255 Riksdaalders te staan gekom en in 1801 op 93 200 Riksdaalders toe dit die kolonie se vernaamste inkomstebron was. Barrow het daarop gewys dat deur 'n monopolie ten opsigte van die drankhandel te verdra, die staat amper 70 000 Riksdaalders per jaar aan inkomste gewen het.[200)]

'n Ander rede waarom daar na die wynpagstelsel teruggekeer is, was omdat die gehalte van wyn beter deur die stelsel beheer kon word. Kaapse wyne was oor die algemeen van 'n baie swak gehalte. Wynboerdery is beïnvloed deur die feit dat wyn gewoonlik teen vasgestelde pryse opgekoop is. Daar was vir die produsent weinig aansporing om sy wyn te verbeter en hy was geneig om op kwantiteit in plaas van kwaliteit te konsentreer. Die lae gehalte van wyn is ook aan die swak wynmaakmetodes van die produsent toegeskryf. Daar is onder meer daarop gewys dat stingels en suur en vrot trosse nie verwyder is voor daar met die wynmaakproses begin is nie. Daarbenewens is die wyn gedurende die gistingsproses nie lank genoeg aan lig blootgestel nie. 'n Groot deel van die skuld het egter ook by die wynhandelaars gelê. Die meeste boere het by gebrek aan kapitaal en aan vate hul jong wyn aan wynhandelaars verkoop. Die wynhandelaars was in die algemeen nie juis daarop gesteld om steeds wyn van goeie kwaliteit te verkoop nie. In plaas daarvan dat hulle die wyn verouder het, het hulle dit net so verkoop of vervals.[201)] Sommige Kaapse wyne was nie net sleg nie; dit was ook ongesond. W.S. van Ryneveld skryf dat die lewe van 'n gewone man met 'n derde verkort is as gevolg van die verbruik van swak wyn wat hy teen 'n lae prys kon koop.[202)]

---

199) V.C. 104 Een Generaale Beschrijving van De Colonie de Kaap de Goede Hoop, p. 122.

200) G.M. Theal: Records of the C.C., V (Statements of Revenues, 1795-1801), p. 409; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 133, 190.

201) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 318-319; R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 176-178; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt .. (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 44; C.F.J. Muller: Johannes Frederik Kirsten (Memorandum van Kirsten), p. 62; (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Barnard -- H. Dundas, 29/11/1797.

202) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, X, p. 116).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Ryneveld het teen Julie 1796 'n sterk pleidooi gelewer vir die terugkeer na die wynpagstelsel. In plaas van om 'n groot aantal persone toe te laat om in die kleinhandel swak wyn te verkoop, was hy ten gunste daarvan dat die aankoop en die verkoop van wyn beperk moes word tot 'n paar persone wat oor die geldelike vermoë beskik het om 'n groot hoeveelheid wyn op te berg, dit te laat verouder en met die nodige noukeurigheid te behandel. Van Ryneveld was daarvan oortuig dat die terugkeer na die wynpagstelsel 'n veel beter beheer oor die wynhandel sou meebring.[203] Die Burger-Senaat was ook ten gunste daarvan dat daar na die wynpagstelsel teruggekeer word.[204]

Ná die herinstelling van die wynpagstelsel het Macartney 'n verdere poging aangewend om beheer oor die verkoop van wyn te verskerp. Hy het 'n ou proklamasie van 1765 weer uitgereik teen wynkopers wat wyn in klein maat en/of vervalste wyn verkoop het. Dit het bepaal dat wynkopers vir die verkoop van 'n wyn 'n stoor moes hê wat altyd na die straat oop was. Alle wyn moes in die openbaar aan die publiek verkoop word.[205] Hierdie maatreëls was blykbaar nie baie doeltreffend nie en smokkelhandel het daarna nog steeds op groot skaal voorgekom.[206]

Ten slotte het Yonge deur die instelling van 'n wynproewerdepartement in Augustus 1800 geprobeer om die verkoop van slegte en ongesonde wyn te verhoed. Richard Blake, as hoofwynproewer, en Arend de Waal, sy assistent, het volmag ontvang om wyn op enige plek te ondersoek, "onbehoorlike" (vervalste) wyn te vernietig en die verkopers daarvan te beboet. Hulle het ook magtiging ontvang om vate op waens wat wyn en brandewyn na Kaapstad gebring het, oop te maak, die wyn te proe, en indien dit suur of ongeskik vir verbruik was, te weier om dit deur te laat.[207]

Die laasgenoemde deel van die proklamasie het onmiddellik protes uitgelok. Die Burger-Senaat het daarop gewys dat die boere die vate verseël het ten einde te verhoed dat hul slawe en Hottentotte wat die wyn na Kaapstad gebring het daarvan uittap en water byvoeg. Indien die vate by die stadshek oopgemaak word, sou dit

---

203) B.O. 6 Letters from Fiscal: Van Ryneveld — Craig, 23/7/1796, no. 19.
204) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 8/7/1796, p. 67.
205) S.D. Naudé: Plakkaatboek, III (Proklamasie, 3/9/1765), p. 60; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 27/7/1798), p. 143.
206) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Eksteen — F. Dundas, 28/1/1799, pp. 355-357.
207) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 25/8/1800), pp. 213-214.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir die ontvanger van die wyn onmoontlik wees om vas te stel of daar met die wyn gepeuter is.[208)]

Yonge het hom egter nie gesteur aan die versoek dat dié deel van die proklamasie teruggetrek word nie. Eers 'n jaar later het generaal Dundas, wat gewys het op die euwels wat uit die oopmaak van die vate by die stadshekke voortgevloei het, die praktyk beëindig. Na die afskaffing van die wynproewer-departement het die ondersoek na die gehalte van die wyn in wynhuise soos tevore tot die pligte van die Fiskaal behoort.[209)]

Alhoewel Yonge se poging om die gehalte van die wyn te verbeter tekortkominge gehad het en Blake sy posisie as wynproewer gebruik het om homself te verryk,[210)] is dit duidelik dat die daarstelling van strenger beheer oor die verkoop van wyn noodsaaklik was. Alleen op hierdie wyse sou die handelaars afgeskrik word om slegte wyn te verkoop en die boer genoodsaak word om goeie wyn te produseer, wat op sý beurt weer die afsetmoontlikhede oorsee en die kolonie se betalingsbalans sou verbeter.[211)]

Ten opsigte van Constantiawyne, wat verreweg die mees uitstaande wyne van die kolonie was, was daar 'n spesiale beperking. Dit het voortgevloei uit 'n ooreenkoms wat die eienaars van Groot Constantia en Klein Constantia in 1793 met kommissarisse Nederburgh en Frijkenius aangegaan het. Hiervolgens het die eienaars beloof om, as teenprestasie vir die reg om hul wyne binnelands en buitelands vry te verkoop elkeen jaarliks 30 aam Constantiawyn aan die regering te lewer teen 50 Riksdaalders per aam - 'n prys wat ongeveer 'n derde van die markwaarde was. Hierdie wyn is deur die direkteure van die Kompanjie en die hoogste amptenare aan die Kaap gekoop.

Toe die Britse regering in 1797 óók 30 aam Constantiawyn opeis, het H. Cloete, die eienaar van Groot Constantia, daarteen sterk beswaar aangeteken. Hy het in die eerste plek aangevoer dat die ooreenkoms tussen hom en die Kompanjie as 'n private ooreenkoms tussen twee partye beskou moes word en dat die nuwe regering as gevolg daarvan enige regte verwerf het nie. Hy het ook betoog dat

---

208) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 9/9/1800, no. 126.
209) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 27/8/1801), p. 254.
210) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), p. 259.
211) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 9/9/1800, no. 126.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kontrak beëindig is deurdat die Britse bewind ná die oorgawe aangekondig het dat die monopolieë van die Kompanjie beëindig word en dat dit die koloniste sou vrystaan om hul produkte te verkoop aan wie hulle wou. Hy kon nie insien waarom daar in sy geval 'n uitsondering gemaak moes word nie.[212] Ter ondersteuning van Cloete het die Burger-Senaat aangevoer dat dit 'n onredelike verpligting was wat een van die monopolieë was wat die Kompanjie vir sy eie voordeel ingestel het.[213] Die Britse bewindhebbers het egter die pleidooi verwerp en aangevoer dat al die regte en voorregte van die V.O.C. op die nuwe regering oorgegaan het en dat die eienaars van Constantia gevolglik nog steeds onder 'n verpligting gestaan het.[214]

Dit was egter nie die punt wat op die spel was nie, maar wel die feit dat die Britse bewindhebbers téén hul vroeëre beloftes in verband met vryhandel opgetree het. Anders as in die geval van ander produkte wat aan beheermaatreëls onderwerp is, het die regeringsoptrede in die verband nie die staatskas of die verbruikers bevoordeel nie, maar net die paar hoë amptenare wat die wyn teen veel laer pryse kon koop.

Wat die verkoop van bier betref, het die Britse owerheid in 1795 spesifiek beloof dat dit enigiemand sou vrystaan om bier te brou en dit self te verkoop.[215] Net soos die wynhandel, sou ook die bierhandel nie meer 'n monopolie wees nie. Hiermee het D.G. van Reenen die alleenreg om bier te brou en te verkoop - 'n reg wat hy in 1784 teen 110 000 gulde gekoop het - verloor. Twee nuwe bierbrouers, te wete J. Smith en vennote en F. Herwich, het nou na vore getree en hul eie bier verkoop. Tot die wynboere se ontsteltenis het die getal plèkke waar bier verkoop is, vinnig toegeneem.

Gaandeweg het daar ten opsigte van die brou en verkoop van bier verandering ingetree. Die volgende omstandighede was daarvoor verantwoordelik:

In 1797 het die tekort aan gars, wat gebruik is by die brou

212) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: H. Cloete — Macartney, 12/5/1797, Cloete — Burgerraad, 27/5/1797, nos. 60 en bylae tot 50.
213) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 6/9/1797, no. 50.
214) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Burger-Senaat, 22/9/1797, no. 304; (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 4 Macartney Letter Book: Macartney — H. Dundas, 7/5/1798. Vgl. ook S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 24/4/1797), p. 77; C. de Jongh: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ..., I, p. 81: A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 171.
215) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 7/10/1795), p. 5.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van bier, die regering genoodsaak om bierbrouery vir daardie jaar te verbied. Van Reenen het egter oor 'n aansienlike hoeveelheid mout beskik, en hy is gevolglik toegelaat om met sy brouery voort te gaan. Alhoewel ander persone daarna wéér die reg verkry het om bier te brou, wil dit voorkom of Van Reenen tot die einde van die Britse bewind vir alle praktiese doeleindes die enigste bierbrouer was.

Macartney het, ter vergoeding vir Van Reenen se verlies van die biermonopolie, die reg om bier in ag kroeë ("taphuise") te verkoop aan sý brouery toegestaan. Die reg om bier in die orige kroeë te verkoop, is van die einde van 1797 af verpag. Hierdie pag was egter verreweg die kleinste van al die drankpagte, en 'n mens kan aanneem dat Van Reenen ook 'n baie groot aandeel in die bierhandel gehad het.[216)]

Naas die bogenoemde beheermaatreëls in verband met die binnelandse handel ten opsigte van gars, koring, vleis, wyn en brandewyn, was daar nog verdere beperking op die bemarking van botter, groente, droë vrugte en ander lewensmiddele. Na vertoë van die Burger-Senaat in verband met die gevaar van monopolistiese praktyke, het Macartney bepaal dat voorrade lewensmiddele wat boere na Kaapstad gebring het, na die Boerenplein geneem moes word waar dit op sekere tye verkoop moes word. Voor 'n produk nie eers op die mark te koop aangebied is nie, mag geen produkte in die strate van Kaapstad van die hand gesit word nie. Die Burger-Senaat het gevra dat wyn en koring van die verbod uitgesluit word, maar in die proklamasie kom die woorde "indeed any other article" voor.[217)]

Yonge het ook 'n poging aangewend om beheer oor die pryse van alle lewensmiddele en lewende hawe daar te stel. Hy het in Desember 1800 die Burger-Senaat versoek om redelike pryse vas te stel vir alle lewensmiddele en lewende hawe wat deur die boere na Kaapstad gebring is. Hy was van voorneme om hierdie pryse tot verdere kennisgewing te laat geld.[218)]

Die Burger-Senaat het geweier om saam te werk. Die liggaam

---

216) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Van Reenen — Craig, ongedateer, Petisie van Van Reenen, ongedateer, Smith — Macartney, 13/6/1797, Smith — F. Dundas, 28/6/1799, Kannemeyer — Yonge, 7/4/1801, Board of Revenue — Craig, 30/11/1795, pp. 307-321, 325-329, 347-350, 359-361, 363-366, 897-900; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies 10/4/1797, 21/4/1797), pp. 75-76.

217) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 3/8/1797), pp. 96-97.

218) B.O. 53 Letters Despatched: Yonge — Burger-Senaat, 2/12/1800, no. 422.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se argument was dat aangesien dit buite die mag van die Burger-Senaat was om die pryse van boere se benodigdhede, soos landbou-implemente te beheer, dit onbillik sou wees om voorstelle te maak wat die vaspenning van die boere se produktepryse ten doel het.[219)]

Hiermee het die Burger-Senaat die vinger op die regering se beleid van prysbeheer gelê, naamlik dat die regering bereid was om op die pryse van boere se produkte 'n plafon te plaas, maar nie die pryse van boerderybenodigdhede wat ingevoer moes word, gereguleer het nie en toegelaat dat dit die hoogte inskiet. Vanweë die gevare verbonde aan prysbeheer ten opsigte van ingevoerde goedere, was dit vir die regering moeilik om iets daaraan te doen. 'n Moontlike oplossing sou wees om aan 'n voorstel van Van Ryneveld gehoor te gee dat die regering self sekere onontbeerlike benodigdhede in 'n pakhuis aanhou en verkoop. Die regering se uitgangspunt in dié geval moes nie wees om handel te dryf nie, maar om in 'n behoefte te voorsien en boere teen 'n matige wins weg te help.[220)]

Die ekonomiese beleid wat gedurende die besetting deur die regering gevolg is, kan soos volg opgesom word: die ideaal was produksievryheid en vryhandel, maar indien omstandighede dit noodsaaklik gemaak het, moes daar owerheidsbeheer wees.

Die ekonomiese lewe sou veral deur middel van die handel gereguleer word. Beheer is hoofsaaklik ten opsigte van bemarking toegepas. Daar was byvoorbeeld beheer teen watter prys verkoop moes word, byvoorbeeld in die geval van brood en vleis. Daar was ook beheer aan wie verkoop moes word, byvoorbeeld in die geval van gars. In die geval van wyn was daar gehaltebeheer.

Soms is beheermaatreëls toegepas met die doel om hongersnood te voorkom; soms met die doel om die lewenskoste laag te hou; en soms met die doel om kwaliteit te verhoog en daardeur onder andere uitvoer te stimuleer, waardeur die kolonie se betalingsbalans verbeter sou word.

Beheermaatreëls is nie net ten opsigte van sekere sektore van die ekonomiese lewe toegepas nie; wáár ook al die noodsaaklikheid daarvoor opgeduik het, is dit ingestel, en sodra die noodsaaklikheid daarvoor verdwyn het, is dit weer afgeskaf. Sommige beheermaatreëls is egter gedurende die hele besettingstyd gehandhaaf.

---

219) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 8/12/1800, nos. 93, 128.
220) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 383).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit blyk ook dat alle regeringshoofde aan die Kaap hulle nie ewe sterk op die beginsel van owerheidsbeheer gestel het nie. Craig, byvoorbeeld, het hom ten sterkste vir vryhandel op alle terreine beywer, terwyl Macartney in die algemeen 'n voorstander van owerheidsbeheer was.

Twee faktore, tewete die feit dat die Engelse Oos-Indiese Kompanjie se oktrooi aan hom onder andere in die Ooste 'n handelsmonopolie verleen het, en die feit dat Brittanje gedurende die hele tydperk wat hier bespreek word, in oorlog verkeer het, het owerheidsbeheer in die hand gewerk.

Die Britse owerheid het in sekere gevalle Kaapse koloniste bygehaal om hom in verband met die ekonomiese beleid van advies te voorsien. Sodoende sou die wense van die plaaslike bevolking verneem word en sou die beheermaatreëls hopelik vir hulle meer aanvaarbaar wees.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VI

EKONOMIESE BEDRYWIGHEDE.

Die ekonomiese bedrywighede is in 'n belangrike mate beinvloed deur die ekonomiese beleid en ekonomiese toestande. Wat eersgenoemde faktor betref, het byvoorbeeld die monopolie wat aan die E.I.C, toegeken is ten opsigte van handel met die Ooste, handelaars se aktiwiteite in 'n belangrike mate geraak. Dit het ook die uitvoer van wyn nadelig beïnvloed. Die streng beheermaatreëls ten opsigte van die afset van graan en vee het weer verhoed dat die produsent die beste mark vir sy produkte vind.

Die ekonomiese toestande het in nog belangriker mate ekonomiese bedrywighede bepaal. Gedurende die eerste helfte van die besetting het die sterk Britse militêre mag 'n groot vraag na produkte geskep en dit het die ekonomiese bedrywighede gestimuleer. In die tweede helfte van die besetting was daar 'n ekonomiese insinking. Dit is in die eerste plek veroorsaak deur die feit dat twee Britse regimente verplaas is wat tot gevolg gehad het dat die troepemag se sterkte van ongeveer 8 000 man tot onder 5 000 man gedaal het. Voorts het die getal skepe van gemiddeld 173 per jaar vir die tydperk 1796-1798 tot gemiddeld 112 per jaar vir die periode 1799-1801 afgeneem. Die onrus wat in die oostelike distrikte geheers het, het meegebring dat baie koloniste uit hierdie dele nie Kaapstad besoek het nie. Die vraag na Kaapse produkte het sterk afgeneem. Dit het die ekonomiese bedrywighede gedemp en ontwikkeling gestrem.[1)]

In die standaardliteratuur word die ekonomiese bedrywighede van 'n land gewoonlik ingedeel in die aktiwiteite van die primêre sektor (landbou, bosbou en mynbou), die sekondêre sektor (nywerhede) en die tersiêre of dienstesektor (handel, professionele dienste, owerheidsdienste ensovoorts). Met die oog op die beperkte omvang en die geringe mate van gedifferensieerdheid van die Kaapse ekonomie word so 'n indeling nie hier gevolg nie. Die destydse ekonomie is oorheers deur die landbou en die veeteelt met slegs enkele aanvullende produksiebedrywighede enersyds en die handel andersyds. In die hoofstuk word

---

1) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Dielman — F. Dundas, 11/8/1799, pp. 447-450; J. Arkin: John Company at the Cape, p. 201. Vir die verswakking van die militêre mag vgl. pp. 68-69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

agtereenvolgens die ekonomiese bedrywighede van die bevolking onder verskillende hoofde bespreek. Die monetêre beleid en bedrywighede wat in 'n belangrike mate saamgehang het met die finansiering van die owerheidsektor, algemene ekonomiese beleid en die betalingsbalans word in 'n afsonderlike hoofstuk behandel. Die invloed daarvan op die ekonomiese bedrywighede sal egter in ag geneem word.

Daar was aan die Kaap die volgende ekonomiese bedrywighede onder die bevolking:

1. Landbou.

Teen die einde van die agtiende eeu is landbou in al vier distrikte beoefen en oral is graan en wyn - die twee vernaamste produkte - geproduseer. Die grootste produksie was in die Kaapse distrik en die suidelike deel van die Stellenbosse distrik, en slegs hier was produksie op bemarking toegespits.

Oor die algemeen het Blankes, wat gedurende die agtiende eeu redelik maklik grond kon bekom om selfstandig te boer, hulself nie as landbou-arbeiders uitgehuur nie, en diegene wat dit wel gedoen het, was nie bereid om vir 'n loon van minder as 8 tot 10 Rds. per maand te werk nie. Min boere, indien enige, kon dit bekostig om arbeiders teen hierdie prys in diens te neem. Volgens Van Ryneveld het 'n gemiddelde koringboer 30 arbeiders nodig gehad. Indien hy Blankes teen die bogenoemde loon sou huur, sou sy jaarlikse uitgawe aan arbeid op 2 880 Rds. te staan kom, terwyl sy inkomste uit sy oes ongeveer 2 300 Rds. sou beloop.[2)]

Teen die einde van die agtiende eeu het uiters min inboorlinge hulle aan landbouers in die suidwestelike deel van die kolonie verhuur. Boesmans en Bantoes het in daardie stadium begin om hulle as veewagters aan boere in die noordelike en oostelike dele van die kolonie te verhuur. Die oorgrote meerderheid Hottentotte was as veewagters by koloniste werksaam, maar min was landbou-arbeiders. Die rede was dat die Hottentotte hoofsaaklik in die noordelike deel van die Stellenbosse distrik en in die Graaff-Reinetse distrik gewoon het. (In die Opgaaf van die Kaapse distrik word geen Hottentot aangegee nie). Dit is ook algemeen aanvaar dat, alhoewel die Hottentotte uitstekende veewagters was, hulle fisies te swak was om die swaar werk op

2) Acc. 455 Melville Papers: W.S. van Ryneveld's Replies to the Questions on the Importation of Slaves, 29/11/1797, no. 10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

koring- en wynplase te verrig. Die landbou was dus hoofsaaklik op slawe-arbeid aangewese.[3)]

Gedurende die Britse bewind was 'n arbeidstekort (tesame met 'n vervoervraagstuk) die vernaamste probleme van die landbouer en veral van die graanboer.

Die arbeidstekort is teweeggebring deur die toenemende vraag na binnelands-geproduseerde goedere enersyds en die beëindiging van die slawe-invoer andersyds. Die stroom van ongeveer 600 slawe per jaar wat die Kaap binnegevloei het, het gedurende die laaste jare van die Kompanjiesbewind opgedroog. Reeds sedert 1788 het die Kompanjie nie meer jaarliks twee skepe na Mosambiek en Madagaskar gestuur om slawe te gaan haal nie, en die oorlog wat in 1793 uitgebreek het, het verhoed dat slawe langs ander kanale die kolonie binnekom.[4)]

In Brittanje het daar in die laaste dekade of twee 'n sterk gevoel teen slawerny ontstaan. In 1792 het die Britse parlement 'n wet aangeneem wat slawehandel in die Britse Ryk verbied het, en alhoewel die wet eers in 1807 in werking getree het,[5)] was die Britse bevelvoerders aan die Kaap in die afwesigheid van instruksies uit Engeland nie geneë om verlof vir die invoer van slawe te verleen nie. In antwoord op versoeke dat slawe ingevoer mag word, het die regering aangevoer dat "the too great facility of acquiring slaves may check the industry of which the natives of the Colony are capable; and which they ought to be excited to exert, as the true means of promoting the .... prosperity of the colony."[6)]

Die koloniste het egter daarop aangedring dat genoeg slawe ingevoer word om aan die kolonie se behoeftes te voorsien. Die Burger-Senaat het daarop gewys dat slawe so skaars was dat graan- en wynboere nie in staat was om hul boerdery uit te brei nie en dat jong mans verhinder is om te begin boer omdat daar geen

---

3) Vgl. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 100-102, 373-374; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 49; B.F. von Bouchenroeder: Beknopt Berigt nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop, pp. 56, 58-60; V.C. 138 Janssens Dokumente: Brief van 10/12/1804, p. 83; B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Macartney, 30/1/1798, no. 16.

4) B.O. 1 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 3/12/1796, no. 48; Acc. 455 Melville Papers: W.S. van Ryneveld's Replies to Questions on the Importation of Slaves, 29/11/1797, no. 10; V.C. 104 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 30-31.

5) S.W. Jackson: The English Reform Tradition, p. 12.

6) B.O. 5 Letters Despatched: Ross — Burger-Senaat, 2/12/1797, no. 407.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geleentheid was om werkslui te kry nie.[7] W.S. van Ryneveld het in antwoord op vrae van die regering daarop gewys dat slawearbeid in die landbou noodsaaklik was. Hy het ingesien dat slawerny 'n euwel was, maar nie die onmiddellike stopsetting van die invoer van slawe as wenslik beskou nie. In stede daarvan het hy maatreëls voorgestaan wat die verkryging van grond moeiliker sou maak. Langs dié weg moes koloniste wat nie grond besit het nie, verplig word om by ander koloniste in diens te tree.[8]

Aangespoor deur die Burger-Senaat en Van Ryneveld het die regering mettertyd daartoe oorgegaan om in 'n beperkte mate slaweinvoer toe te laat. Craig het in Desember 1795 verlof toegestaan dat 'n vrag slawe van 'n Portugese skip aan land gebring mag word. Macartney het in 1797 aan die handelaar I. Strombom verlof verleen om 'n vrag slawe in Mosambiek te gaan haal. Daar is gedink dat Strombom se skip, die Good Hope, minstens 400 slawe sou bring, maar die skip het aan die begin van 1798 met slegs 150 slawe aan boord teruggekeer.

Teen ongeveer die middel van 1798 het 605 slawe die kolonie binnegekom.[9] Die vraag na slawe was nog geensins bevredig nie en Macartney het bekend gemaak dat hy sou toelaat dat 'n vrag van 400 slawe van Angola, Kongo of Calabar gebring word. Die handelaars Tennant en Hogan het besluit om die onderneming aan te pak. Teen Maart 1799 het hul skip nog nie teruggekeer nie en hulle het ook nie verwag dat die skip meer as 40 slawe sou terugbring nie. Juis op daardie oomblik het 'n Portugese skip, die Joachim, met ongeveer 400 slawe van Mosambiek aan boord by die Kaap opgedaag. Generaal Dundas, wat intussen talle versoeke vir die invoer van slawe ontvang het, het nou besluit om aan Hogan en Tennant verlof toe te staan om 425 slawe van die Joachim in te voer.[10] Die Burger-Senaat het dit verwelkom maar terselfdertyd gevra dat jaarliks 1 000 slawe ingevoer word ten einde die arbeidstekort en die buitensporig hoë pryse van slawe (600 - 800 Rds. teenoor 150 - 200 Rds. voor 1795) te bekamp. Genl.

---

7) B.O. 1 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Craig, 31/12/1796, Burger-Senaat — Macartney, 29/11/1797, nos. 48, 160.

8) Acc. 455 Melville Papers: W.S. van Ryneveld's Replies to Questions on the Importation of Slaves, 29/11/1797, no. 10.

9) V.C. 104 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 30-31; B.O. 49 Letters Despatched: Ross — Burger-Senaat, 9/12/1796, no. 30; (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 4 Macartney Letter Book: Macartney — H. Dundas, 24/7/1797, 9/5/1798, pp. 11-12, 76; B.O. 56 Day Book, 18/5/1797, 24/5/1798, pp. 89, 264.

10) Vgl. B.O. 32 Miscellaneous Documents (Memorials); (Gubbins) A.88 Macartney Papers: Tennant -- Macartney, 20/3/1798, no. 270; B.O. 56 Day Book, 24/5/1798, 8/3/1799, pp. 264, 396.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dundas het egter geweier om verdere invoer toe te laat alvorens hy oor dié "delikate" aangeleentheid van die Imperiale Regering instruksies ontvang het [11)]

Gedurende die bewindstydperk van Yonge het die regering wéér verlof verleen vir die invoer van 'n paar honderd slawe.[12)] Dundas het ook in 1802 toegelaat dat 300 slawe ingevoer word.[13)]

Alhoewel daar van 1795 af tot 1802 na berekening ongeveer 2 000 slawe die kolonie binnegekom het, is dit te betwyfel of dit die arbeidstekort in die landbou wesenlik verlig het. Baie ingesetenes van Kaapstad het slawe gekoop met die doel om hulle as ambagsmanne op te lei en uit te huur. Van Ryneveld het later verklaar dat die meeste van die slawe wat gedurende die Britse bewind ingevoer is, in die besit van Kapenaars gekom het. Volgens hom het die getal werksmense in die landbou teen die einde van die agtiende eeu verminder, en het die landbou, in plaas van om vordering te maak, eerder agteruitgegaan.[14)] Van Reenen het ook daarop gewys dat die landbouers nie genoeg hande-arbeiders gehad het nie.[15)]

Daar was geen korttermyn-oplossing vir die arbeidstekort in die landbousektor nie. Die gevoel téén slawerny as instelling was besig om al sterker te word, inboorlingarbeiders was nie beskikbaar nie, en daar het geen blanke arbeidersklas ontstaan nie.

Die ander groot vraagstuk waarmee die landbou te kampe gehad het, was die vervoerprobleem. Kaapstad, die enigste mark vir primêre produkte, kon, vanweë die afwesigheid van bevaarbare riviere, oor land slegs langs uiters swak paaie bereik word. Vir die graan- en wynboere wat nie naby Kaapstad gewoon het nie, het die vervoerkoste dikwels meer beloop as die bedrag wat hul produkte op die mark behaal het.[16)]

Dit wil voorkom of daar vir 'n regering wat werklik die kolonie se belange op die hart gedra het twee moontlike oplossings vir die vraagstuk was. Hy kon doelgerig die paaie probeer verbeter, of in die binneland bergplekke oprig waarvandaan produkte

11) B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Burger-Senaat, 19/2/1799, 4/3/1799, nos. 59, 94; B.O. 2 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 25/2/1799, no. 63.
12) Vgl. pp.132-134vir die invoer van slawe gedurende die ampstermyn van Yonge.
13) B.O. 54 Letters Despatched: Ross — Van Ryneveld, 2/1/1802, no. 437.
14) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 117). Vgl. ook J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 91-92.
15) D.G. van Reenen: Joernaal, p. 286. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 22/10/1800), p. 331.
16) J.A. de Mist: Memorandum ..., pp. 19-20; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 295-301).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deur kontrakteurs na Kaapstad vervoer kon word. Vanweë die tydelike aard van die besetting wou die Britse bewind egter nie groot langtermyn kapitale uitgawes maak nie en is daar gevolglik weinig gedoen om die vervoerprobleem op te los. Die gevolg was dat boere van Swellendam en selfs van die graanstreke in die Wes-Kaap opgehou het om koring te saai en met vee begin boer het.[17)]

Wat die graanboerdery in die besonder betref, was daar, benewens die arbeidsvraagstuk en vervoervraagstuk, ook ander stremmende faktore. In 1796 en 1800 het droogtes misoeste veroorsaak. Die droogte wat in die laasgenoemde jaar en in die begin van 1801 geheers het, het 223 graanboere in totaal 2 859 trekosse laat verloor. Die Opperste Graankommissie was ernstig besorg oor die uitwerking wat dit op die landbou sou hê. Daar is gevrees dat die verlies van die trekosse groot probleme in die weg sou lê van die boer wat sy produkte na die mark wou bring.[18)] Op aanbeveling van die kommissie het die regering 'n ekspedisie onder leiding van P.J. Truter en W. Somerville uitgestuur met die opdrag om van die Briekwas anderkant die Oranjerivier vee te ruil. Die ekspedisie was nie baie suksesvol nie en het teen die middel van 1802 met 50 skape en 212 beeste teruggekeer.[19)]

Benewens droogtes moes graanboere ook soms storm- of windskade verduur. Plae soos springkane het graanboerdery in die oostelike deel van die kolonie bemoeilik, terwyl kalanders elders periodiek verliese veroorsaak het.[20)]

'n Besondere vraagstuk van die graanboere gedurende die Britse besetting was die tekort aan landboubenodigdhede. Van Ryneveld het in 1797 in dié verband geskryf: "The high price of every necessary .... is here an additional burthen to the tillage. Portugal, Spain, Poland, Russia, etc., have all the said necessaries for their peasants and labourers, either from themselves or from their neighbours, at a very low price. And here in this country, the said necessaries cannot be obtained, but at a very exorbitant rate; altho' the produce scarcely yields as much money as in Europe."[21)]

---

17) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 319; G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten, III, (Memorie van E. Bergh, ongedateer), pp. 47-48; Gleanings in Africa, p. 301.
18) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Proceedings of a Commission relating to the Consumption of Grain, 7/9/1801, 15/9/1801), pp. 195-205.
19) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Journal of the Expedition to Bechuanaland under Truter and Somerville, 31/8/1802), pp. 434-435.
20) D.J. van Zyl: Die Geskiedenis van die Graanbou, 1795-1826, pp. 234-235.
21) Acc. 455 Melville Papers: W.S. van Ryneveld's Replies to the Questions on the Importation of Slaves, 29/11/1797, no. 10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gedurende die eerste twee tot drie jaar van die besetting was landboubenodigdhede feitlik onverkrygbaar of so duur dat die boer dit nie kon bekostig nie. Op versoek van die Burger-Senaat het die regering daartoe oorgegaan om landbou-implemente en ander benodigdhede in te voer.[22] Hierdie poging om die probleem op te los, was nie heeltemal suksesvol nie, veral omdat die boere probleme ondervind het om in Kaapstad te wees wanneer die goedere opgeveil is.[23]

Nog 'n stremmende faktor was swak boerderymetodes. Barrow het opgemerk: "The Colonists of the Cape are miserable agriculturists, and may be said to owe their crops more to the native goodness of the soil and favorable climate, than to any exertions of skill or industry."[24] Kritiek is in die eerste plek uitgespreek op die groot, lomp houtploeg wat hulle gebruik het. Dit het baie vlak geploeg en soms nie eens die grond gebreek nie. Die graanboere is ook gekritiseer omdat hulle nie die grond bemes het nie. Barrow het verklaar dat die graanboere net saai en geen poging aanwend om die grond deeglik voor te berei nie.[25] Ook die metode van dors deur perde of beeste die graan op 'n dorsvloer te laat uittrap, het kritiek uitgelok. Volgens waarnemers het baie graankorrels en strooi langs hierdie weg verlore gegaan.

Die swak boerderymetodes was in 'n belangrike mate daaraan toe te skryf dat die Kaapse graanboer, in vergelyking met sy Europese eweknie, meer grond beskikbaar gehad het en nie deur kompetisie en goeie afsetmoontlikhede aangespoor is om so doeltreffend as moontlik te boer nie.[26]

Die poging van die regering om die graanboumetodes te verbeter deur middel van voorligting van die landboukundige William Duckitt, was 'n stap in die regte rigting. Uit die aard van die saak was dit 'n langtermyn projek waarvan die sukses nie tydens die kort duur van die besetting gemeet kon word nie.[27]

---

22) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 2/10/1798), pp. 152-153.
23) Vgl. pp. 161-163. Sien verder B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van J.G. Louw e.a. — F. Dundas, November 1798, p. 291; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt, Landbouw ... in 1805 (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 381-383).
24) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 114-115.
25) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 35.
26) R. Percival: Account of the Cape of Good Hope, p. 227; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Duckitt — Huskisson, 6/1/1801, Duckitt — H. Dundas, 26/4/1801), pp. 389, 475-476; Notes on the Cape of Good Hope made ... in 1820, p. 61. Acc.393 W. Duckitt's Journal, 2/11/1800, p. 39.
27) Vir Duckitt vgl. pp. 128, 135, 148, 152, 153.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die arbeids- en vervoervraagstuk, tesame met die verouderde landboumetodes, was in 'n belangrike mate daarvoor verantwoordelik dat die graanbou nie kon voorsien aan die vergrote vraag wat gedurende die besetting ontstaan het nie.

Die Britse bevelvoerders het aanvanklik onder 'n wanindruk verkeer in verband met die potensiaal van die Kaapse graanproduksie. Die misoes van 1796 het egter alle illusies verwyder. Die Britse bewindhebbers het nou 'n graantekort, en selfs 'n grootskaalse broodgebrek, die hoof probeer bied deur onder andere die produksie buite die tradisionele koringstreke aan te moedig. Die Burger-Senaat het aanbeveel dat veral boere in die omgewing van Mosselbaai aangemoedig moes word om hul graanproduksie te verhoog. Vanweë die vervoerprobleem sou dit noodsaaklik wees dat die regering teenoor hierdie boere moes onderneem om die graan per skip van Mosselbaai na Kaapstad te vervoer.

Die plan het byval gevind en die regering het toe vir dié doel die graanskuur by Mosselbaai laat herstel. Die boere het egter in die eerste jare van die Britse bewind min oorskotkoring geproduseer en die regering wou om daardie rede nie 'n skip na Mosselbaai stuur nie. In 1799 het landdros Faure van Swellendam met verskillende boere in die omgewing van Mosselbaai kontrakte aangegaan vir die lewering van 'n totaal van 3 000 mud gars en koring ná die volgende oes. In Augustus 1800 het die Young Nicholas in Mosselbaai aangekom en begin om die koring en gars na Kaapstad te verskeep. Ná die misoes van 1800 het 'n uitstekende oes in 1801 gevolg. Daar is geen aanduiding dat die regering 'n skip gestuur het om koring in Mosselbaai te gaan haal nie, maar dit is moontlik dat 'n handelaar soos Murray van die koring opgekoop en na Kaapstad gebring het.[28)]

Die besetting was te kort van duur om 'n skema op die been te kry om die voorraad koring en ander graangewasse uit gebiede buite die suidwestelike deel van die kolonie aan te vul.

Die Opperste Graankommissie het bereken dat gedurende die besetting die jaarlikse koringverbruik van Kaapstad alleen (insluitende dié van die eskader en die garnisoen), 40 000 mud beloop het.[29)]

---

28) B.O. 52 Letters Despatched: Ross — Faure, 29/5/1799, no. 237; B.O. 31 Letters from Overseers of Bays: Abue — Barnard, 22/8/1800, pp. 567-568; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — F. Dundas, 27/10/1801, no. 118.

29) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Proceedings of a Commission relating to the Consumption of Grain, 8/5/1801), p. 184.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die produksiesyfers van graan is baie onvolledig. Die enigste aanduiding daarvan kan uit die bemarkingsyfers verkry word. Hierdie syfers was soos volg:

Koring na Kaapstad gebring, 1795 - 1802.

Jaar	Hoeveelheid	Jaar	Hoeveelheid
1795	58 893 mud	1799	34 099 mud
1796	19 397 mud	1800	34 761 mud
1797	35 464 mud	1801	25 688 mud
1798	43 765 mud	1802	39 783 mud

Die totale koringproduksie vir die jaar 1798 is bekend. In daardie jaar is 138 028 mud geproduseer, waarvan 32 962 mud geproduseer is in die Kaapse distrik, 16 720 mud in die Swellendamse distrik, 77 063 mud in die Stellenbosse distrik en 11 283 in die Graaff-Reinetse distrik.

Wat gars betref, het die regering alleen tussen 10 000 en 13 000 mud per jaar benodig. Die hoeveelheid wat deur die ingesetenes na Kaapstad gebring is, was soos volg:

Gars na Kaapstad gebring, 1795 - 1802.

Jaar	Hoeveelheid	Jaar	Hoeveelheid
1795	10 491 mud	1799	19 363 mud
1796	17 226 mud	1800	23 746 mud
1797	6 029 mud	1801	12 475 mud
1798	22 738 mud	1802	20 270 mud

Die totale garsproduksie vir 1798 was 67 438 mud, waarvan 18 819 mud in die Kaapse distrik, 10 554 in die Swellendamse distrik, 32 872 in die Stellenbosse distrik en 5 193 in die Graaff-Reinetse distrik geproduseer is.

Die volgende hoeveelhede rog is na die Kaap gebring.

Rog na Kaapstad gebring, 1795 - 1802.

Jaar	Hoeveelheid	Jaar	Hoeveelheid
1795	394 mud	1799	212 mud
1796	178 mud	1800	453 mud
1797	417 mud	1801	904 mud
1798	512 mud	1802	372 mud

In 1798 is in die kolonie 2 582 mud rog geproduseer, waarvan 2 053 mud in die Stellenbosse distrik en 529 mud in die Kaapse distrik geproduseer is.[30)]

---

30) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 83; T.T.D. 27: Ontfangst der Tiendens, 1795-1803. Vir die doel van die tabelle is T.T.D. 27 as bron gebruik. Dit verskil enigsins van Barrow se syfers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die Blanke koloniste was die graanboere waarskynlik dié groep wat die swakste daaraan toe was. Die prys van koring het wel, in vergelyking met pryse in die Kompanjiestyd skerp gestyg, maar vanweë stygende produksiekoste kon 'n boer teen die prys van 4 Riksdaalders per mud, wat gedurende die laaste paar jaar van die besetting betaal is, moeilik sy koring winsgewend bemark. Van Ryneveld was van mening dat teen die bogenoemde prys alle koringboere wat langer as drie dae na die mark moes reis teen 'n verlies koring bemark het.[31] Hy het bereken dat 'n boer wat 500 mud koring bemark, vanweë die feit dat hy genoodsaak was om al die koring binne drie maande na die mark toe te bring, vyf waens en 150 osse nodig gehad het vir die vervoer daarvan. 'n Wa het 400 Riksdaalders gekos, 'n slaaf wat as drywer gebruik is 600 Riksdaalders, 'n slaaf wat as touleier gebruik is 400 Riksdaalders, 'n span osse 600 Riksdaalders en 10 sakke 25 Riksdaalders, wat in totaal 2 025 Riksdaalders beloop het. Die boer het 5 waens met drywers, touleiers, osse en sakke nodig gehad, en dit het sy totale kapitale uitleg op 10 125 Riksdaalders te staan laat kom. Vir die 500 mud wat hy na die mark gebring het, het hy teen 4 Riksdaalders per mud die som van 2 000 Riksdaalders ontvang. Net sy vervoerkoste het dus byna dieselfde bedrag beloop. Volgens Van Ryneveld het die jaarlikse rente op 10 125 Riksdaalders op 607 Riksdaalders te staan gekom, terwyl die slytasie aan waens jaarliks 200 Riksdaalders was. Die risiko en verlies ten opsigte van slawe wat vir die vervoer benodig is, bereken teen 6 persent het jaarliks 300 Riksdaalders beloop, en in die geval van die osse was dit ook 300 Riksdaalders. Die sakke het 12 Riksdaalders gekos. Dit het die totale vervoerkoste op 1 419 Riksdaalders te staan gebring. Uit die 581 Riksdaalders wat die boer oorgehou het, moes hy nog onder andere die rente op sy kapitaal, asook klere en voedsel vir sy huishouding en landbou-implemente koop. Van Ryneveld het tot die gevolgtrekking gekom: "een korenbouwer kan, om het zwaar transport alleen, niet bestaan; - hy moet dus ophouden, - hy moet uitscheiden, - of hij geraakt binnen weinig jaren aan de Desolate Boedelkamer."[32]

Dit is moontlik dat Van Ryneveld se beeld van die koringboere se finansiële posisie te ongunstig is. Barrow het bereken

31) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 293).
32) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 293-295).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat koringboere 'n jaarlikse uitgawe van 1 423 Riksdaalders gehad het, terwyl hulle uit die verkoop van 300 mud koring, 100 mud gars, ses vragte kaf, 1 000 pond botter en vyf perde 'n inkomste van 2 142 Riksdaalders gehad het wat 'n balans van 718 Riksdaalders verteenwoordig.[33] Dit lyk egter of Barrow die vervoerkoste heeltemal onderskat het. Toe die koringprys in Desember 1800 vasgepen is, het 'n aantal koringboere in 'n petisie aan Yonge dit duidelik gestel dat 'n prys van 4 Riksdaalders per mud nie voldoende vergoeding vir hul arbeid en onkoste was nie.[34] Uit die gegewens van Van Ryneveld wil dit beslis voorkom of boere veral gedurende die tweede helfte van die besetting te min in verhouding met hul onkoste betaal is, sodat hul lae winsgrens dit onbetalend gemaak het om met koring alleen te boer. Koringboere het egter ook dikwels met vee geboer en kon sodoende beter 'n bestaan maak.

Net soos die graanboere het die wynboere ook met vervoer- en arbeidsvraagstukke te kampe gehad. Omdat die wynboere egter veel nader aan die mark was, was hul vervoerprobleem nie so groot nie. Hulle was ook oor die algemeen welgestelder as die graanboere[35] en kon gevolglik duur slawe-arbeid beter bekostig.

Daar is druiwe van goeie gehalte op die wynplase geproduseer. Die wingerdstokke is gereeld gesnoei en tot op 'n maksimumhoogte van drie voet ontwikkel. Daar is bereken dat 'n acre onder wingerd 5 000 stokke bevat het waarvan ongeveer 7 000 gelling wyn geproduseer kon word. Percival was van mening dat die wingerdbou verbeter kon word deur die stokke hoër op te lei. Dit sou volgens hom 'n beter kwaliteit druiwe en 'n groter produksie tot gevolg hê.[36]

Wyn is op die plase gemaak. In die meeste gevalle is die jong wyn aan die wynhandelaars verkoop wat dit òf net so verkoop het, òf verdun en dan verkoop het òf verouder het voor hulle dit verkoop het. Kaapse wyne is onder meer onder die volgende name bemark: Constantia-, Muskadel-, Moselle-, Kaapse Madeira-, Vin de Grave-wyn en Kaapse hock-wyn. Die Constantia-wyne was van die hoogste gehalte en was alom bekend. Op Groot- en Klein-Constantia is gesamentlik jaarliks ongeveer 75 lêers wyn gemaak.

---

33) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 116-117.
34) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van 40 boere, 30/12/1800, pp. 705-720.
35) Mening van Koloniale Rekenkamer gedurende Bataafse Bewind, aangehaal deur P.K. Louw: Landbou en Veeteelt, 1795 - 1806, p. 175.
36) R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 176-178.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bekendste Constantiawyne was die wit en rooi Muskadelwyne onder die naam Constantia bemark. Beide wyne was swaar en soet en is veral as dessertwyn gebruik.[37)]

Daar was meningsverskil oor die rede vir die hoë gehalte van die Constantiawyne. Een waarnemer het dit toegeskryf aan 'n familiegeheim ten opsigte van die maak van wyn, en 'n ander, te wete G. Paterson, aan die besondere grond. Barrow het 'n gebalanseerde oordeel gevel toe hy die hoë gehalte toegeskryf het aan die grond, die ligging (Constantia het 'n gunstige ligging ten opsigte van die see) en die sorg wat aan die bereiding van die wyn bestee is.[38)]

Ná Constantiawyn het Kaapse Madeirawyn die grootste aansien geniet. Dit was 'n swaar soetwyn. Feitlik al die ander Kaapse wyn was van 'n baie lae gehalte en party was amper ondrinkbaar.[39)] Daar het gedurende die besetting geen noemenswaardige verbetering in die gehalte van die Kaapse wyne plaasgevind nie.

Net soos wyn is ook brandewyn op plase gemaak - en was dit oor die algemeen van 'n lae gehalte. Daar was in die kolonie nie behoorlike distilleerapparate nie en daar was nie genoeg kennis van die distillasieproses nie. Dit wil ook voorkom of daar baie min sorg bestee was aan die maak van brandewyn. Volgens Percival is brandewyn gemaak deur distillasie van doppe en stingels van gepersde druiwe. Die Kaapse brandewyn was 'n baie sterk en wilde ("fiery") drank. Die beter klas mense aan die Kaap het dit nie gedrink nie. Dit is hoofsaaklik deur die laer klasse en Nie-Blankes verbruik.[40)]

Teen die einde van die negentiende eeu was die wynboere se grootste probleem dat hulle meer wyn geproduseer het as waarvoor daar aan die Kaap 'n mark bestaan het. Reeds in 1779 was daar 'n oorskot van 3 947 lêers waarvoor die koloniste 'n mark moes vind. Tussen 1776 en 1786 het die produksie verdubbel, maar die vraag het nie na verhouding gestyg nie.[41)]

---

37) R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 182-183.
38) Gleanings in Africa, p. 206; W. Paterson: A Narrative of Four Journeys, p. 206; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 32.
39) R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 178, 187. Vgl. ook pp. 195-196.
40) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 319-320; R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 189.
41) C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 139; A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, p. 170.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ná die Britse verowering van die Kaap het daar 'n veel groter vraag na wyn ontstaan. Pryse het skerp gestyg en as gevolg daarvan het heelwat meer mense wyn geproduseer.[42] Daar is geen definitiewe aanduiding van hoe groot die styging in produksie was nie. Daar is wel syfers bekend waaruit 'n afleiding met betrekking tot produksie gemaak kon word, te wete die getal wingerdstokke. Dit het gestyg van 9 972 410 in 1795 tot 13 060 109 in 1798 en 22 041 960 in 1804.[43]

'n Ander aanduiding van hoe dit met die wynboerdery gesteld was, is die hoeveelheid wyn en brandewyn bemark. Gedurende die besetting was die posisie soos volg:[44]

Hoeveelheid wyn en brandewyn bemark, 1795 - 1802.

Jaar.	Lêers wyn.	Lêers brandewyn.
1796	4 310¾	267⅛
1797	5 426	342¼
1798	6 790 5/16	503 1/16
1799	5 197 7/8	594 5/8
1800	5 998 7/8	401¼
1801	3 430	385 5/16
1802	3 198 5/8	171 7/8

Hieruit blyk dat van 1796 tot 1798 die hoeveelheid wyn wat bemark is met 'n derde gestyg het. Van 1798 tot 1802 het die hoeveelheid wyn bemark egter weer met 'n derde gedaal.

Wynboere het ook rosyntjies geproduseer. Volgens Barrow is daar weinig sorg en arbeid aan die produksie van rosyntjies bestee. Gedurende die besetting was daar 'n groot vraag na rosyntjies en die prys wat gedurende die Kompanjiestyd 2 tot 3 pennies per pond was, het tot 6 pennies per pond gestyg.[45]

Met die wynboere het dit aanvanklik, danksy die groot vraag, voorspoedig gegaan. Van 1795 tot 1797 het die prys van wyn meer as verdubbel, van 30 Riksdaalders tot 60 Riksdaalders. Van 1798 af het die wynboere 'n moeilike tyd binnegegaan. Die vraag het verminder, veral as gevolg van die verswakking van die Britse militêre mag en, om die posisie te vererger, was daar nou te veel mense wat wyn geproduseer het ná die aanvanklike prysstygings.[46]

---

42) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. s 1 Cape Colony Letters: Barnard — H. Dundas, 20/10/1799, p. 14.
43) V.C. 38 Janssens Dokumente: Opgaafsyfers, p. 94; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 83; B.O. 47 Letters and Annexures: Opgaafsyfers, p. 75.
44) T.T.D. 27 Ontfangst der Tiendens, 1795 - 1802. Die syfers verskil enigsins van dié aangegee in J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 321.
45) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 327-328.
46) Vgl. B.O. 34 Miscellaneous Documents: Dieleman — F. Dundas, 11/8/1799, pp. 447-450.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die gevolg was dat die wynprys in 1799 tot 30 Riksdaalders gedaal het. Volgens die Burger-Senaat was die wynprys teen die einde van 1800 so laag dat baie wynboere nie 'n bestaan kon maak nie.[47] Dit is egter duidelik dat nie al die wynboere in 'n finansiële krisis gedompel was nie. Barrow verskaf 'n staat van inkomste en uitgawes van 'n welgestelde wynboer. Hy het 100 lêers wyn teen 30 Riksdaalders per lêer en 20 lêers brandewyn teen 50 Riksdaalders per lêer bemark wat aan hom 'n inkomste van 4 000 Riksdaalders besorg het. Hierteenoor was sy uitgawes, insluitende die rente op sy kapitale belegging, kos en klere vir sy huishouding, belasting en slytasie 3 212 Riksdaalders. Die balans was dus 788 Riksdaalders. Die boere het daarbenewens ook nog 'n inkomste gehad uit verkoop van wyn en brandewyn aan boere in die binneland en die verkoop van vrugte en pluimvee op die Kaapse mark. Barrow kom tot die gevolgtrekking dat die boer se inkomste meer as voldoende was om sy uitgawes die hoof te bied.[48] Dit is egter moontlik dat Barrow se syfers nie 'n getroue beeld gee van die finansiële posisie van die wynboere in die algemeen nie. P.J. Viljoen wat die inkomste en uitgawe van 'n ander welgestelde boer bereken het, het bevind dat sy balans slegs 151 Riksdaalders was.[49]

Oor die algemeen was ekonomiese toestande vir die wynboere gunstiger gedurende die besetting as die Kompanjiestyd.[50]

Daar is voorts aan die Kaap ook amandels, droë perskes, appelkose en appels van goeie gehalte geproduseer. Veral amandels het 'n goeie vraag geniet. Die prys het van 12 tot 18 pennies per duisend tot 30 pennies per duisend gestyg.[51]

In die omgewing van Kaapstad is daar ook groenboontjies en groen ertjies geproduseer. Daar was egter nie 'n groot vraag hierna nie.

Gedurende die jare 1796 tot 1802 is die volgende hoeveelhede droë ertjies en boontjies bemark:[52]

---

47) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, 8/12/1800, no. 128.
48) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 112-113.
49) P.J. Viljoen: Barrow en die Kaapse koloniste, pp. 73-74.
50) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 118).
51) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 327-328.
52) T.T.D. 27 Ontfangst der Tiendens, 1795 - 1803.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Droë groente bemark, 1796 - 1802.

Jaar	Ertjies (mud)	Boontjies (mud)
1796	370	320
1797	446	324
1798	571	408
1799	504	369
1800	535	372½
1801	439½	492
1802	616¾	330

Daar is ook in die kolonie klein hoeveelhede hennep, vlas en tabak verbou en plaaslik bemark.

In die omgewing van Mosselbaai is aalwyn geproduseer uit plante wat natuurlik in die omgewing gegroei het. Aalwyn het 'n prys van 3 pennies per pond behaal. Dit was nie 'n hoë prys nie aangesien een persoon op 'n dag nie meer as drie of vier pond kon produseer nie.[53)]

2. Veeteelt.

'n Ander belangrike ekonomiese bedrywigheid was die veeteelt. Volgens die opgaaf van 1798 was die veegetalle soos volg:[54)]

Getal vee aan die Kaap, 1798.

Veesoort	Kaap	Stellenbosch	Swellendam	Graaff-Reinet
Perde	8 344	22 661	9 049	7 392
Beeste	20 957	59 567	52 376	118 306
Skape	61 575	451 695	154 992	780 274

Totaal

Perde	47 436
Beeste	251 206
Skape	1 448 536

Die Opgaaf van 1798 was die betroubaarste tot in daardie stadium, maar dit is moontlik dat die getalle nóg hoër kon gewees het omdat die koloniste ooreenkomstig die getal vee wat hulle besit het, distrikbelasting betaal het en soms getalle laer as wat dit in werklikheid was, opgegee het.

Die groter verbruik van vleis wat deur die besetting meege-

53) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 323-333.
54) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 83.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bring is, het die vrees laat ontstaan dat die veestapel te klein mag wees. Teen 1798 het dit duidelik geword dat die boere jong skape verkoop. Landdros Bresler het in dié jaar gerapporteer: "the number of cattle is certainly decreasing, the grown up lambs being often sold as sheep."[55] Ook in Kaapstad is opgemerk dat waar slagskape voorheen 2-3 jaar oud was en 60-70 pond geweeg het, baie wat teen 1799 die hoofstad bereik het, skaars een jaar oud was en nie meer as 35-40 pond geweeg het nie.

Hierdie verskynsel het Van Ryneveld genoop om sy verbasing daaroor uit te spreek dat daar sprake kon wees van 'n tekort, terwyl daar volgens die Opgaaf net minder as 1½ miljoen skape in die kolonie was en die jaarlikse verbruik nie meer as 150 000 beloop het nie. Hy was daarvan oortuig dat die boere te veel vee aangehou het waardeur die weiveld verniel is, en waardeur baie lammers as gevolg van verwaarlosing en gebrek gevrek het. Met die doel om 'n vleistekort te voorkom,het hy aan die hand gedoen dat boere met meer as 1 000 skape verplig word om een-vyfde van hul ooie van die ramme weg te hou. Blykbaar wou Van Ryneveld nie hê dat hulle vir aanteeldoeleindes gebruik moes word nie, maar as slagvee verkoop moes word.[56] Van Ryneveld se voorstel was moeilik uitvoerbaar en daar het niks van gekom nie.

Van 1799 tot die einde van 1802 is groot getalle vee deur die Xhosas en Hottentotte weggevoer en het die koloniste feitlik die hele suidelike deel van Graaff-Reinet ontruim. Groepe vluchtelinge het in veiliger dele saamgetrek, waardeur 'n ernstige tekort aan weiveld veroorsaak is. Terselfdertyd het 'n groot getal Hottentotarbeiders die koloniste se diens verlaat. Vanselfsprekend het hierdie moeilikhede die aanbod van slagvee ingrypend verminder.

Dit het teen die einde van die agtiende eeu duidelik geword dat die weiveld binne die koloniale grense volgens die begrippe van die tyd onvoldoende geraak het. Daar was koloniste wat versoeke aan die owerheid gerig het om weiveld anderkant die oosgrens in gebruik te neem, terwyl uitbreiding reeds plaasgevind het anderkant die noordgrens wat in 1798 neergelê is.[57]

55) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Van Ryneveld, 1/9/1798, no. 72. Vgl. ook B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig — H. Dundas, 30/9/1796, no. 58.
56) B.O. 6 Letters from Fiscal: Consideratien nopens de presente omstandigheeden der Colonie aangaande het slagtvee, deur W.S. van Ryneveld, 8/9/1799, no. 75.
57) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: H. Klopper e.a. — Craig, 12/11/1796, p. 51; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van A. Kraay en 18 boere van Namakwaland, 20/11/1798, Petisie van J. Nel en 20 boere van Roggeveld, 1/12/1798, pp. 306-308, 317-318.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

W.S. van Ryneveld was van mening dat die toekoms van veeboerdery nie daarin geleë was om nuwe weivelde te beset of om die veestapel te vermeerder nie. Hy wou eerder die getal vee verminder en die gehalte van die veekuddes verbeter.[58)]

Die inheemse skaap wat oorspronklik deur die koloniste aangeskaf is, was nie woldraend nie, maar 'n harige dier. Die uitstaande kenmerk was die betreklike lang stert wat byna abnormaal breed en vet was. Teen die einde van die sewentiende en begin van die agtiende eeu is woldraende Hollandse skape op redelike groot skaal met die inheemse skape gekruis. In die loop van die agtiende eeu het die inheemse skape in 'n baie hoë mate die oorhand in die verbasteringsproses gekry.[59)] Teen die einde van die agtiende eeu was die sogenaamde Kaapse skaap gekenmerk deur 'n klein liggaamsbou, stekerige hare, lang bene en 'n vet stert. Die skaap is in die eerste plek vir slagdoeleindes gebruik en die hare daarvan kon net gebruik word om kussings en matrasse op te stop.[60)]

Van Ryneveld wou die koloniste oorreed om die Kaapse skaap met die Spaanse wolskaap te vervang. 'n Spaanse hamel het ná 'n jaar op dieselfde weiveld 50 pond teenoor die 30 pond van 'n Kaapse hamel geweeg.[61)] Daarbenewens het die Spaanse skaap ook 'n groot hoeveelheid wol van goeie gehalte opgelewer en Van Ryneveld het dit gesien as 'n uitvoerproduk - iets waaraan die kolonie 'n groot behoefte gehad het.[62)]

Kolonel Gordon het in 1789 die eerste Spaanse wolskape uit Holland ontvang. Hy het in 1792 aan die gebroeders Van Reenen drie ramme en twee ooie afgestaan wat hulle met 300 Kaapse ooie begin kruis het. Toe die maatskappy van die Van Reenens in 1795 ontbind het, het Johannes Gysbertus as sy deel 150 baster Spaanse ooie en twee ramme ontvang.[63)] In 1797 is in 'n memorandum verklaar dat ene mnr. Van Reenen - wat in alle waarskynlikheid Johannes Gysbertus was - sy kudde van hierdie soort skape tot meer as 500 vermeerder het, en in 1804 het hy 2 700 skape

---

58) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 113.
59) H.B. Thom: Die Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika, pp. 234, 244-253.
60) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 67-68.
61) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, p62.
62) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 40-61.
63) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over het Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 56-57; B.V. von Bouchenröder: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, pp. 22-32.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besit. In daardie stadium was daar al meer as 8 000 Spaanse wolskape in die kolonie en het, behalwe die Van Reenen-broers, het ook landdros Faure, wat in 1801 ongeveer 1 000 wolskape besit het, Leopold Huizer, Servaas en Michiel van Breda, J.P. Eksteen, J.A. Horak en W. Basson wolskape besit. Hulle was egter die vooruitstrewendste boere. Verreweg die meerderheid veeboere was toe nog bevooroordeeld teen die Spaanse wolskaap omdat dit vir hulle lelik was en 'n klein stert het.[64)]

Dit was uit die staanspoor duidelik dat die Spaanse skape nie verswak het as gevolg van hul kruising met die inheemse Kaapse skaap nie. Craig het opgemerk dat die wol pragtig was "and little if at all inferior to the Spanish wool."[65)] 'n Monster is in 1796 of 1797 na Londen gestuur, waar dit 3/8d per pond behaal het.[66)]

Duckitt het die wolboerdery 'n goeie stoot gegee. Hyself het beoog om 500 ooie met 'n Spaanse ram te kruis en het waardevolle inligting verskaf aan boere wat wolskape aangehou het.[67)] Barrow beweer dat die boere nie geweet het hóé om hul skape te versorg of te skeer voordat Duckitt hulle onderrig het nie.[68)]

J.G. van Reenen het later verklaar dat hy eers teen 1800 begin skeer het. In 1804 het hy reeds 4 000 pond wol aan 'n handelaar verkoop. Handelaars was gretig om wol uit te voer. Aan die begin van die negentiende eeu was dit vir waarnemers duidelik dat wol 'n belangrike bron van inkomste vir die kolonie sou word.[69)]

Daar is ook op grootskaal met beeste geboer. Na die stigting van die volksplanting is beeste in die hande gekry deur hulle van die Hottentotte te ruil. Vir meer as 'n eeu lank het koloniste net met hierdie inheemse beesras geboer. Van Ryneveld het na hierdie beeste as Kaapse beeste verwys.[70)] Volgens Mentzel was die beeste kleiner as Duitse beeste. Hul horings was groot en uitgesprei. Hulle het 'n wilde geaardheid en 'n

---

64) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Onondertekende Memorandum, 19/5/1797, no. 69B; W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over het Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 72-81.
65) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Aantekening van Craig, 18/5/1797, no. 67.
66) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Onondertekende Memorandum, 19/5/1797, no. 69B.
67) B.O. 32 Miscellaneous Documents: Duckitt — F. Dundas, 11/11/1801, pp. 295-297; B.F. von Bouchenröder: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, p. 160.
68) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 332.
69) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over het Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 158-161; Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 112-113); J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 322-323.
70) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, p. 108.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

swak melkproduksie gehad.[71)]

Teen 1780 is 'n Friesbul en 'n Frieskoei ingevoer en daar is toe daartoe oorgegaan om hulle met Kaapse beeste te kruis. Hierdie proefneming was suksesvol en daarna het verskeie persone Friesbeeste ingevoer. Die verbastering van beeste het groot navolging in veral die Kaapse distrik gevind. Teen 1795 was daar in die kolonie 'n beperkte aantal opregte Friesbeeste, 'n groter aantal basterbeeste, terwyl die oorgrote meerderheid Kaapse beeste was. Gedurende die besetting het William Duckitt 'n Devonbul en twee verse ingevoer.[72)]

Dit was spoedig duidelik dat die basterbeeste minder weiveld as Kaapse beeste nodig gehad het en vyf- tot sesmaal soveel melk en veel meer botter en kaas geproduseer het. Volgens sekere boere was basterosse geskikter vir werk deurdat hulle harder en taaier was. Daar is bevind dat 'n span van baster Friesosse op die duur die werk van twee spanne Kaapse osse kon doen.[73)]

Daar het desnieteenstaande by die koloniste nog heelwat bevooroordeeldheid ten opsigte van die basterbeeste bestaan. W.S. van Ryneveld vertel van die boer Jacob Laubscher van die plaas Patrysberg wat aan hom gesê het dat hy "nooit van de verbastering van zijn Vee willen hooren; het was hetzelfde ras, dat zijn Vader zo lange met zegen en voordeel had bezeeten, en hij hield van geen vreemde zaaken."[74)] Hy het in sy teenstand volhard selfs nadat Van Ryneveld hom daarop gewys het dat in plaas van die ses emmers melk wat sy 57 Kaapse koeie hom daagliks gegee het, hy 25 tot 30 emmers van dieselfde getal baster Frieskoeie kon kry en dat die markwaarde van 'n basterkoei viermaal dié van 'n Kaapse koei was. Later het hy egter wel tot ander insigte gekom. Teen die einde van die besetting het die meeste boere in die suidwestelike deel van die kolonie al met die kruising van Kaapse beeste met Friesbulle begin.[75)] In ander dele van die land wou die boere egter nie daarvan hoor om hul beeste te verbaster nie.[76]

---

71) O.F. Mentzel: Vollständige und zuverlässige Geographische und Topographische Beschreibung ... des Afrikanischen Vorgebirges des Guten Hoffnung, II, pp. 329-342.
72) P.J. Venter: Oor die Oorsprong van die Afrikanerbees (H.B.K. Opperman: Die Afrikanerbees en sy Telersgenootskap, pp. 30-32).
73) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 103-115, 167-169, 172-181.
74) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, p. 110.
75) W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 110-112.
76) Kaapsche Stads Courant en Africaansche Berigter, 21/11/1801

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Daar was ook teenkanting by koloniste om deur middel van kruisteelt 'n beter perderas tot stand te bring. Die eerste perde in die kolonie is deur Jan van Riebeeck uit Java ingevoer. Hierdie Javaanse ponies was van gemengde Arabiese en Mongoolse oorsprong. Die eerste volbloed Arabiese perde is in 1689 uit Persië ingevoer. Gedurende die laaste twintig jaar van die Kompanjiestyd is heelwat volbloedperde uit Persië, Suid-Amerika en Engeland ingevoer en met die Kaapse perd gekruis.[77] Volgens Lichtenstein was koloniste in die buitedistrikte daarteen gekant dat hul Kaapse perde wat sterk en mooi gebou was met volbloedperde uit Engeland of met Arabiese perde gekruis word.[78]

Daar was egter ook koloniste wat vooruitstrewend was en die Kaapse perd deur middel van kruisteelt probeer verbeter het. Daar was byvoorbeeld die Van Reenen-broers wat 'n groot getal aanteelperde van die beste Arabiese en Engelse bloed in hul besit gehad het.[79] J.F. Kirsten, wat getroud was met die weduwee van Marthinus Melck en in 1792 die eerste volbloedperde uit Engeland ingevoer het, was besig om die grondslag te lê van die Melckstoetery wat in die negentiende eeu beroemd geword het. Die perdewedrenbyeenkomste wat gedurende die besetting vir die eerste keer in die kolonie plaasgevind het, was 'n spoorslag om resiesperde te teel. Dit het bygedra tot 'n verbetering in die perderasse in die algemeen.

Perde is gebruik om op te ry, perdekarre te trek en graan uit te trap. Die Kaapse perd was nie as trekperde geskik nie. Volgens Kirsten was hulle so swak dat om 'n vrag van 1 800 pond te vervoer ag tot tien perde nodig was.[80]

Daar was heelwat kritiek op die veeteeltmetodes van die koloniste. Daar is daarop gewys dat hulle weinig sorg aan hul vee bestee het. Die gebrek aan kunsweidings waarop vee vet gevoer kon word, is gekritiseer.[81] Daar moet egter in dié verband daarop gewys word dat die gebrek aan water in die binneland in baie gevalle kunsweiding buite die kwessie gemaak het.

---

77) D. Child: Saga of the South African Horse, p. 15; H.A. Wyndham: The Early History of the Thoroughbred Horse in South Africa, hoofstuk I.
78) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, I, p. 166.
79) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten, III (Dagverhaal van die ... Kommissie van Veeteelt en Landbou, 20/11/1805), p. 379.
80) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Duckitt — Huskisson, 8/1/1801), p. 390; C.F.J. Muller: J.F. Kirsten, p. 38; D. Child: Saga of the South African Horse, pp. 18-19.
81) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 119-120; R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 163.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lichtenstein skryf dat boere in die buitedistrikte eerder op sekere tye met hul vee rondgetrek het. Die vee, veral die skape, het groot voordeel uit hierdie verandering van weiveld getrek.[82] Ook was die afstand van die mark en die bemarkingstelsel geen aansporing vir boere om hul veeteeltmetodes te verbeter. Die vee is op die boer se plaas opgekoop deur slagtersknegte wat die vee die groot afstand na Kaapstad gejaag het. Na die lang tog was die vee uitgeput en feitlik sonder enige vet. In Kaapstad is hulle dadelik doodgemaak met die gevolg dat die vleis droog en taai was.[83] Hierdie ongunstige faktore was egter nie altyd 'n voldoende verskoning vir swak veeteeltmetodes nie en Van Ryneveld het gemeen dat boere wel geleer kon word hul kuddes "met meerder zorg en oplettendheid te behandel" en "... de veeweide te verbeteren."[84]

Veeboere het hul skape en beeste in die eerste plek as slagvee bemark. Hulle het ook skape, beeste en perde bemark, wat vir ander doeleindes soos teeldoeleindes gebruik is. Telers het soveel as 1 200 Riksdaalders vir 'n perd, 900 Riksdaalders vir 'n koei en 325 Riksdaalders vir 'n bulkalf betaal. Trekosse was ook in groot aanvraag. Die prys van trekosse het gedurende die besetting gestyg van 6 - 8 Riksdaalders tot 25 Riksdaalders.[85] Veeboere het ook sekere dierlike produkte bemark. Byna almal het seep gemaak. Dit is onder andere gemaak deur vet saam met loog, wat van 'n gannabos verkry is, te kook. Boere het dikwels ook gesoute botter na die mark gebring. Uitstekende botter is deur die koloniste van Sneeuberg geproduseer. Daar was 'n groot vraag na botter in Kaapstad. Op een stadium gedurende die besetting was die verbruikersprys daarvan 1/- per pond wat twee- tot driemaal hoër was as gedurende die Kompanjiestyd. Veeboere het egter nie ryk geword uit die verkoop van botter en seep nie. 'n Boer het vir 'n vrag van 1 500 pond botter en seep wat hy gewoonlik eenmaal per jaar self na Kaapstad gebring het, nie meer as £37-10/- ontvang nie en die reis met die ossewa was baie duur. Die vraag na velle op die plaaslike mark het ook skerp gestyg en saam daarmee die prys. Die prys van 'n beesvel het byvoorbeeld van 'n halwe riksdaalder tot 2 Riksdaalders gestyg.[86]

---

82) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, I, p. 167. Vgl. ook P.J. van der Merwe: Trek, pp. 125-146.
83) R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 163.
84) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 113).
85) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 120); G.M. Theal: Records of the C.C., III (W. Duckitt — Huskisson, 6/1/1801), p. 390.
86) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 323-324, 330-332.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die veeboere was oor 'n groot deel van die kolonie versprei en die omvang van hul boerdery asook hul ekonomiese omstandighede het gewissel. Barrow het op grond van die Opgaaf van 1798 bereken dat daar in die Graaff-Reinetse distrik gemiddeld 170 beeste en 1 115 skape per familie was.[87] Daar was in die distrik ook boere wat minder vee besit het of meer vee soos B.J. Burger van Sneeuberg wat in 1800 verklaar het dat hy 355 beeste en 10 611 skape besit het.[88]

Barrow verskaf die volgende inkomste en uitgawes van 'n gemiddelde veeboer:[89]

Inkomste:

150 beeste @ 12 Riksdaalders elk	=	180 Riksdaalders
220 skape @ 2 Riksdaalders elk	=	440 Riksdaalders
'n Wavrag botter en seep (1 200 pond) @ 1 skelling per pond	=	300 Riksdaalders
TOTAAL	=	920 Riksdaalders

Uitgawes:

Rente op twee waens @ 800 Riksdaalders elk	=	48 Riksdaalders
Klere vir ag persone @ 15 Riksdaalders elk	=	120 Riksdaalders
Tee, suiker, tabak en drank	=	150 Riksdaalders
Kruit en ammunisie	=	20 Riksdaalders
Rekognisiegeld en belastings	=	33 Riksdaalders
Onvoorsiene uitgawes, vee aan Hottentotte, ens.	=	80 Riksdaalders
TOTAAL	=	451 Riksdaalders
BALANS	=	469 Riksdaalders

P.J. Viljoen wat Barrow se gegewens ontleed het, is dit met hom eens dat veeboere oor die algemeen onder normale omstandighede goed en goedkoop kon leef en nie nodig gehad het om gebrek te ly nie.[90]

Toestande was egter gedurende die besetting selde normaal. Gedurende die eerste helfte daarvan het die veeboere 'n bloeitydperk beleef. Daar was so 'n groot vraag na vleis dat Craig

87) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 122.
88) P.J. Viljoen: Barrow en die Kaapse koloniste, p. 89.
89) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 122.
90) P.J. Viljoen: Barrow en die Kaapse koloniste, p. 94.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevrees het dat die voorraad nie voldoende sou wees nie. Terwyl daar in hierdie omstandighede vryhandel in vleis was, het pryse skerp gestyg. Van 1795 tot 1798 het die prys van 'n slagskaap van 10-12 skellings tot 18-19 skellings gestyg en dié van 'n slagbees van 8 Riksdaalders tot 18-19 Riksdaalders. Teen 1798 het Van Ryneveld geskryf dat die veeboere sedert die bewindsoorname aansienlik ryker geword het.[91)]

Gedurende die tweede helfte van die besetting het die veeboere relatief swakker gevaar. Die vraag was kleiner en boonop is veepryse vasgestel op 14 skellings vir 'n skaap en 12 Riksdaalders vir 'n bees.[92)] Die prys van hul benodigdhede soos byvoorbeeld yster, teer en 'n ossewa het egter hoog gebly.[93)] Vir die veeboere was die grootste enkele nadelige faktor die veediefstalle. In die noordoostelike deel van die kolonie het veeboere van 1799 af enorme verliese in hul botsings met die Xhosas en Hottentotte gely. Waarnemers was van oordeel dat dit baie jare sou duur voordat boere in die oostelike deel van die kolonie weer voorspoed sou beleef. Die veeboere in hierdie deel was in 1803 beslis swakker daaraan toe as in 1795.[94)]

3. J a g.

Gedurende die eerste Britse besetting het jagters min artikels bemark. Uit die omgewing van die noordgrens het twee of drie "baster"-families klein hoeveelhede ivoor gebring.[95)]

4. Bosbou.

Die kolonie het oor groot houtbronne beskik. In die houtbosse wat geleë was aan die ooskus van die kolonie tussen Mosselbaai en Tsitsikamma was daar 'n verskeidenheid van houtsoorte soos geelhout, stinkhout, assegaaihout, elshout, boekenhout, kamassiehout, ysterhout en ander. Hout is onder meer gebruik vir meubels, deure, kosyne, vloere, plafonne, balke en waens. Die ontginning van die houtbronne was nie in 'n baie gevorderde stadium nie. Van Ryneveld het opgemerk: "Men heeft het zelfs nog zoo ver niet gebragt om een enkele zaagmolen in de kolonie te hebben."[96)]

---

91) V.C. 104 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 17, 97.
92) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 2/10/1798), pp. 153-154.
93) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Jacobs e.a. — Macartney, 14/11/1798, pp. 298-299.
94) D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., p. 274; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 120).
95) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 334-335.
96) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 44).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Groot struikelblok vir die houtvoorsiening van Kaapstad was die vervoerprobleem. Dit het meegebring dat daar steeds 'n gebrek aan hout was. Hout is selfs ten duurste ingevoer. Van uitvoer van hout was daar nie sprake nie.[97)]

In 1798 het die regering vir James Callender, 'n skeepsboumeester, uitgestuur om na die kolonie se bosboupotensiaal ondersoek in te stel. Sy opdrag was om te rapporteer oor die verskillende houtsoorte wat aangetref word, die kwaliteit daarvan en die gebruik wat daarvan gemaak sou kan word. Hy moes ook inligting verskaf oor die goedkoopste manier waarop die hout per skip na Kaapstad vervoer kon word.[98)]

In sy rapporte het Callender vir die houtnywerheid in die Kaapkolonie 'n groot toekoms voorspel. Hy het Saldanhabaai beskou as 'n plek waar bou- en herstelwerk ten opsigte van skepe onderneem sou kan word, en aan die hand gedoen dat die regering 'n spesiale skip aanskaf om hout van die Plettenbergbaaibosse na Kaapstad en Saldanhabaai te vervoer. Hy was ook van mening dat dit vir Engeland veel beter sou wees om hout uit die Kaapkolonie in te voer as uit Europa waar die hawens dikwels in die winter verys was.[99)]

Die regering het nie positief op Callender se voorstelle gereageer nie, maar was verontrus oor sy mededeling, en ook dié van Barrow, dat groot verwoesting deur die onoordeelkundige kap van bome aangerig word. Callender het die noodsaaklikheid beklemtoon om maatreëls te tref vir die bewaring van die bosse.[100)] Goewerneur Yonge se verbod op die kap van bosse aan die ooskus het voorgegee om die bewaring van die bosse ten doel te hê, maar was in werklikheid net 'n dekmantel vir die skepping van 'n monopolie in die Kaapstadse houtvoorsiening.[101)]

---

97) B.O. 51 Letters Despatched: F. Dundas — Hogan, 20/12/1798, no. 382; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 83; A. Appel: Die Geskiedenis van die Houtvoorsiening aan die Kaap, pp. 2-33, 90-116; J.A. de Mist: Memorandum, pp. 63-65.

98) B.O. 51 Letters Despatched: F. Dundas — Callender, 27/11/1799, no. 344; W. Tapson: Timber and Tides, pp. 3-4.

99) Vir die rapporte van Callender vgl. B.O. 92 Private Diary of James Callender, 1798-1800, ongepag; sy briewe is vervat in B.O. 31 Letters from Overseers of Bays, pp. 323-329, 377-381, 390, 401, 527-532.

100) B.O. 92 Private Diary of James Callender, February 1799; B.F. von Bouchenröeder: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, p. 154; B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas — Barrow, 29/3/1799, no. 150.

101) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 26/1/1801), pp. 224-225; G.M. Theal: Records of the C.C. (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 238-243. Vgl. verder pp. 129-130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Yonge se verbod het die bou- en wamakersbedrywe voor 'n nypende tekort aan hout te staan gebring. Die werk aan halfvoltooide geboue moes gestaak word, en die skip van die maatskappy Onkruijdt en Kie. wat aan die kusvaart deelgeneem het, het nege maande lank stil gelê. Vertoë deur dié maatskappy en die Burger-Senaat dat die verbod op die kap van hout opgehef moet word, het op dowe ore geval. Eers ná Yonge se terugroeping is dit opgehef.[102)]

5. Vis- en walvisvangs.

Oor die visvangs aan die Kaapse kuste is baie min gegewens beskikbaar. Barrow verklaar dat die mark voortdurend van verskillende soorte vis voorsien was. Twee soorte - snoek en Hottentotvis - is ingesout en gedroog en is veral deur slawe, maar ook deur Blankes, geëet. Volgens Theal is karvragte gedroogde vis na die binneland geneem waar dit teen 'n hoë prys vir skape verruil is.[103)]

Alhoewel Nederburgh eers in 1792 die walvisvangs vir alle Kapenaars oopgestel het, het die Kaapse burger H.J. Fehrzen al in 1789 begin om walvisse te vang. Hy het 'n maatskappy gestig waarin hy en 'n aantal Kapenaars vennote was. Buitelandse harponiers is in diens geneem en die hoop het bestaan dat die maatskappy goeie winste sou oplewer. Fehrzen en Kie. was weldra in die posisie om al die traan te lewer wat die Nederlandse besittings in die Ooste nodig gehad het.

In 1795 het die Britse regering aan die Kaap die walvisvangs vir alle Britse onderdane oopgestel. Daar was egter gedurende die besetting slegs een maatskappy op 'n keer daarmee besig.[104)]

Een van die vernaamste probleme was kompetisie van die buitelanders. Sedert die jare tagtig van die agtiende eeu was verskeie Britse en Amerikaanse walvisskepe aan die suidkus van Afrika bedrywig. In 1795 was daar tussen 20 en 30 Amerikaanse skepe wat in Walvisbaai walvisse gevang en traan gebrand het.

---

102) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — Yonge, no. 126.

103) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 37-39, 329-330; G.M. Theal: The History of Africa south of the Zambesi from 1505 to 1795, III, p. 295; G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten, III (Memorie van E. Bergh, ongedateer), p. 58.

104) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ..., I, pp. 159-160; C. de Jong: Walvisvangst bij de Kaap de Goede Hoop tijdens de Bataafse Republiek (Historia, XII, Sept. 1967, pp. 173-174); S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 7/10/1795, 5/5/1797), pp. 5, 79. J.A. de Mist: Memorandum, pp. 53-54; A. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 193-194.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elphinstone het dit teen die einde van 1795 verbied en daarheen 'n skip gestuur om walvisskepe wat nie aan Britse onderdane behoort het nie, te verjaag. Aan Londen is gerapporteer dat verskeie ingesetenes van die kolonie gretig was om tot dié bedryf toe te tree.[105)]

Tot die uitbreek van die oorlog was Fehrzen en Kie. redelik welvarend. 'n Paar van hul skepe het egter in die eerste jare van die oorlog verlore gegaan, onder andere die Hersteller wat teen die middel van 1795 deur Britse skepe buitgemaak is, terwyl dit, belaai met walvistraan en ander Kaapse produkte, na Europa onderweg was. Toe die direkteure 'n jaar later by die Britse bewind hiervoor skadevergoeding aanvra, het Craig op simpatieke wyse die versoek aan Henry Dundas oorgedra. Daar is egter geen aanduiding dat die Imperiale Regering hierop gunstig gereageer het nie.[106)]

Fehrzen en Kie. het sy bedrywighede voortgesit, maar weldra gevind dat alhoewel hulle teen 'n klein onkoste soveel walvistraan kon produseer as wat hulle kon hanteer, hulle nogtans verliese gely het. In die kolonie was die mark vir walvistraan immers baie klein en die maatskappy het geen skepe gehad om dit self na Engeland te neem, of vate om dit met ander skepe te vervoer nie.

Te midde van die probleme om 'n afset vir walvistraan te vind, het die maatskappy 'n poging aangewend om daarvan seep te maak. Die eksperiment het gefaal, want alhoewel 'n goeie gehalte seep vervaardig is, was die reuk daarvan só afstootlik dat niemand dit wou koop nie. Toe daar boonop by die Kaap 'n besending seep arriveer wat nie net meer welriekend was nie, maar ook minder as die produksieprys van walvistraan gekos het, het die poging in duie gestort. Blykbaar het dit die deurslag gegee tot die likwidasie van die maatskappy in 1798.[107)]

Die walvisvangs en traankokery is voortgesit deur die Britse handelaar John Murray wat op 'n openbare veiling die walvisvangs- en traanbranderygereedskap van die gelikwideerde maatskappy gekoop het. Murray se maatskappy het gemiddeld 15 tot 30 walvisse per seisoen gevang. In 1802 het die maatskappy 43

---

105) (P.R.O.) Adm. 1/55 In-Letters from Cape of G.H.: Elphinstone — Nepean, 12/10/1795.
106) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Blankett — H. Dundas, 23/12/1795, Fehrzen en Kie. — Craig, Julie 1796, Craig — H. Dundas, 28/7/1796), pp. 266, 408-411.
107) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 325-326.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

walvisse gevang en die spek daarvan gekook. Die traan is grotendeels deur die garnisoen vir beligtingsdoeleindes gebruik. Volgens Barrow was Murray se onderneming redelik winsgewend.

Nadat die Kaap in Bataafse hande oorgegaan het, was Murray verplig om sy bedrywighede te staak omdat die nuwe bewind aan die "Geoctroyeerde Africaansche Visscherij Societeit", wat in 1802 in Nederland opgerig is, die alleenreg toegeken het om aan die Kaap walvisse te vang.[108)]

6. Ander produksiebedrywighede.

Benewens die ekonomiese aktiwiteite hierbo genoem, was daar ook nog 'n aantal ander produksiebedrywighede. In Kaapstad was daar onder meer wamakerye, saalmakerye, leerlooierye, kalkbranderye, steenbakkerye, pottebakkerye, bierbroueryeen bakkerye. Dan was daar die boubedryf wat aan verskillende ambagslui werk verskaf het. Daar was ook kleremakers, skoenmakers en hoedemakers. Daar was persone wat lewensmiddele ingesout het. Op Genadendal is messe vervaardig.[109)]

Die ingesetenes van Kaapstad het deel gehad aan die lewering van verskillende soorte dienste. Met enkele uitsonderings het alle Kapenaars losies verskaf. Baie het slawe-arbeiders uitgehuur. Sommige van die slawe wat uitgehuur is, was as ambagsmanne opgelei.[110)]

7. H a n d e l.

Wat handelsbedrywighede betref, was daar benewens die binnelandse handel ook buitelandse handel. Daar is in die eerste plek produkte uitgevoer.

Die waarde van die totale uitvoer van Kaapse produkte gedurende die laaste vier jaar van die besetting was soos volg:

---

108) G.M. Theal: Records of the C.C., VI (Caledon — Wyndham, 15/6/1797, onondertekende memo. oor walvisvangs, Caledon — Castlereagh, 25/6/1805), pp. 152-156, 366-367; J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, pp. 293-294.

109) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 316-336; R.F.M. Immelman: Men of Good Hope, pp. 10-11; P.W. Laidler: The Growth and Government of Cape Town, pp. 154, 160-161, [illegible]

110) C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, I, p. 148.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Totale Kaapse Uitvoere, 1799-1802.[111)]

Jaar	Bedrag
1799	108 160 Rds.
1800	85 049 Rds.
1801	50 519 Rds.
1802	57 196 Rds.

Die waarde van die gemiddelde jaarliks wynuitvoer was 50 000 Riksdaalders, waaruit blyk dat wyn verreweg die vernaamste uitvoerartikel was. Hiervan was die syfers vir Constantiawyn soos volg:[112)]

Uitvoer van Constantiawyn.

Jaar	Hoeveelheid	Waarde
1799	157 halfaam (19 7/8 lêers)	11 752 Rds.
1800	188 halfaam (23½ lêers)	14 070 Rds.
1801	173 halfaam (21 5/8 lêers)	13 007 Rds.
1802	210 halfaam (26¼ lêers)	15 745 Rds.

Benewens Constantiawyn is nog 400 tot 800 lêers wyn en 30 tot 100 lêers brandewyn jaarliks uitgevoer.

Daar is tussen 2 000 en 3 000 huide en velle ter waarde van tussen 5 000 en 6 000 Rds. uitgevoer. Droë vrugte is ook uitgevoer en in 1802 het die totale waarde van die uitvoer 2 542 Rds. beloop.

Die volgende hoeveelhede gestolde aalwynsap, wat veral gebruik is vir die brou van porter-bier, is uitgevoer:

Uitvoer van aalwyn.

Jaar	Gewig	Waarde
1799	126 684 pond	9 361 Rds.
1800	71 843 pond	5 217 Rds.
1801	52 181 pond	4 258 Rds.
1802	91 219 pond	6 829 Rds.

Oor 'n periode van vier jaar is in totaal 5 981 pond ivoor ter waarde van 6 340 Rds. uitgevoer. Klein hoeveelhede gesoute provisie en ook walvisolie teen 40 Riksdaalders per lêer is uitgevoer.[113)]

---

111) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 334.
112) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 318.
113) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 321-335.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

'n Belangrike uitvoerartikel was handelsware wat deel uitgemaak het van die vrag van prysskepe of skepe wat in die moeilikheid beland het en by die Kaap uitgekom het. Van 1799 tot 1802 is Europese en Oosterse prysgoedere ter waarde van 850 000 Rds. uitgevoer sonder dat dit eers ingevoer is. Dit is egter nie saam met die Kaapse produkte wat uitgevoer is, gereken nie.[114)]

Daar was ook 'n omvangryke invoer. Dit blyk uit die tabel op p. 231[115)]

Terwyl die gemiddelde jaarlikse invoer (insluitend slawe) op 1 494 384 Riksdaalders te staan gekom het, het die gemiddelde jaarlikse uitvoer van Kaapse produkte gedurende die laaste vier jaar van die besetting 75 231 Riksdaalders beloop.[116)] Dit het dus 'n jaarlikse ongunstige handelsbalans van gemiddeld 1 419 153 Riksdaalders beteken.[117)]

In Kaapstad het feitlik alle Blankes en ook sommige Nie-Blankes aan die handel deelgeneem. In die eerste plek was daar die aantal buitelandse handelaars wat na die verowering hulle aan die Kaap gevestig het en begin handel dryf het. Een van hulle was die Brit, Michael Hogan. Hy het op groot skaal Europese goedere ingevoer, met sy eie skepe rys en timmerhout van die Ooste aangebring, prysgoedere heruitgevoer en tussen 1799 en 1801 vir minstens ses van sy skepe kaperbriewe aangevra. Dit is duidelik dat Hogan kapitaalkragtig was en oorsee goeie handelskontakte gehad het. Hy het ook by die regering in goeie guns gestaan en tydens die bewind van Yonge 'n paar voordelige kontrakte gekry.[118)]

Twee ander Britte, Walker en Robertson, het op net so 'n groot skaal soos Hogan handel gedryf. Hulle het onder meer goedere ingevoer en uitgevoer, skepe verhuur en drukwerk gedoen.[119)]

---

114) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 338.
115) Acc. 45 Statements of Revenue and Expenditure: Table of Imports.
116) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 338.
117) Die handel van die Kaapkolonie het baie ongunstig vergelyk met dié van ander Britse kolonies, soos blyk uit die 1801-syfers vir hul uitvoere na Brittanje en hul invoer van Britse goedere onderskeidelik: Die Kaapkolonie £14 274 en £60 340; Kanada £231 394 en £385 995; Newfoundland £74 028 en £126 185; Nova Scotia £32 089 en £155 996. Vgl. (B.M.) Add. Mss. 38356 Liverpool Papers, CLXVII, An Account of the Imports, 14/9/1800, p. 74.
118) (P.R.O.) W.O. 1/330 Correspondence: Quarterly account of goods landed, 1/10/1798-31/12/1798, ongepag. B.O. 56 Day Book, 14/8/1799, p. 475; 31/10/1799, p. 507; B.O. 57 Day Book, 12/12/1799, p. 1.
119) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), pp. 238-274; B.O. 90 Declaration on Ships: Walker en Robertson — Barnard, 14/12/1801; ongepag.; B.O. 57 Day Book, pp. 87, 105, 116, 121, 135.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INVOERE AAN DIE KAAP, 1797-1802.

Jaar	Britse goedere	Buitelandse goedere	Oosterse goedere	Oosterse prysgoedere	Europese prysgoedere	Slawe	Prysslawe	Totale waarde van handelsware en slawe
1797	83 751	38 593	295 524	-	-	800	-	418 668
1798	1 095 929	112 430	388 734	14 851	105 200	60 400	103 600	1 791 946
1799	674 009	118 244	168 343	100 487	71 423	194 800	508 000	1 327 308
1800	474 706	51 258	321 936	45 335	20 197	160 000	2 400	1 095 032
1801	587 023	136 394	293 454	129 638	639 623	200 000	71 200	1 986 136
1802	532 366	142 684	471 289	130 720	149 288	142 700	55 500	1 569 050
Totaal	3 447 786	599 606	1 939 282	421 032	1 021 734	758 700	305 100	8 188 142

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog 'n groot handelaar was die Brit John Murray, wat finansieel sterk genoeg was om gedurende die tweede kwartaal van 1798 goedere ter waarde van ongeveer 75 000 Riksdaalders in te voer. Sy brik, Alert, het verskeie handelsvaarte na die hawens aan die suid- en ooskuste van die Kaapkolonie onderneem en Murray het mettertyd by Mosselbaai 'n winkeltjie opgerig.[120)]

Nog 'n belangrike handelaar was Alexander Farquhar, wat in 1799 verlof ontvang het om met sy vaartuig Hope Kaapse wyn en droë vrugte na Indië uit te voer.

Die Amerikaner John Elmslie kan ook in dié verband vermeld word.[121)] Hy is in 1799 as konsul van die Verenigde State by die Kaap aangestel met die doel om die sake van die talle Amerikaanse skepe wat daar aangedoen het, te behartig.[122)]

Die vernaamste Kaapse handelaar van dié tyd was waarskynlik C. van Nuldt Onkruijdt, wat saam met D.H. Dietz en P. van Breda vennote in die firma Onkruijdt en Kie. was.

Hierdie firma het teen die begin van 1799 'n Spaanse prysskip van 138 ton gekoop en dit tot De Goede Trouw verdoop. Net soos Murray, het die firma aan die kusvaart deelgeneem. De Goede Trouw het verskeie kere na Mosselbaai en Plettenbergbaai gevaar met handelsware wat by die binnelandse koloniste in aanvraag was en op die terugreis seep, botter en hout saamgebring. Yonge se verbod op die kap van hout in die bosse aan die ooskus was vir die firma 'n kwaai terugslag. Na Yonge se vertrek is die firma weer toegelaat om aan die houthandel deel te neem, maar teen die middel van 1801 het nog 'n slag hulle getref toe die skip Eensgezindheid, wat kort tevore teen 4 500 Riksdaalders gekoop is, in Tafelbaai vergaan het. Teen die einde van 1801 het hulle 'n prysskip vir 7 800 Riksdaalders gekoop, maar 'n versoek om dit op 'n handelsvaart na die Ooste te stuur, is deur die regering geweier.[123)]

---

120) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Petisie van Murray — F. Dundas, 24/3/1799, pp. 637-640; (P.R.O.) W.O. 1/328 Correspondence, ongedateerde verklaring, p. 218; B.O. 36 Memorials: Murray — Fraser, 16/11/1799, no. 165.

121) B.O. 9 Letters from Agent, E.I.C.: Pringle — Frazer, 8/10/1799, p. 231.

122) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Advertensie, 28/4/1801), p. 243.

123) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Onkruijdt e.a. — F. Dundas, 7/3/1799, Petisie van Dietz, 2/9/1800, pp. 633-636, 695-697; B.O. 38 Memorials: Dietz — Yonge, 2/9/1800, Onkruijdt e.a. — Yonge, 3/12/1800, nos. 63, 93; B.O. 90 Declaration of Ships: Verklaring van Onkruijdt e.a., 9 en 10/7/1801, ongepag.; B.O. 57 Day Book, pp. 145, 224.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ander vername handelaars onder die Kaapse koloniste was G.F. Goetz en J.J. Vos wat as vennote die brik Two Friends besit het. Goetz was 'n ondernemende persoon en het in 1798 met 'n firma in Madras 'n kontrak aangegaan vir die lewering van Oosterse ware vir die Kaap. In 1798 het hy verlof ontvang om 'n vrag rys uit Indië in te voer.[124] Daar was ook die Sweedsgebore Isaac Strombom wat in 1797 'n goeie slag geslaan het toe die regering aan hom verlof toegestaan het om 'n skip te stuur om in Wes-Afrika slawe te gaan haal.[125]

Op 22 Augustus 1800 is 'n poging aangewend om 'n organisasie van handelaars te stig. Hierdie poging, sowel as een in 1801 om 'n "Commercial Coffee House" te stig, het misluk. Dit wil egter voorkom of daar 'n komitee van handelaars gefunksioneer het tussen 1801 en 1804 toe De Mist die "Kamer van Commercie" in die lewe geroep het.[126]

Die handel was egter nie beperk tot die voltydse handelaars, sommige van wie se name hierbo genoem is nie. Verreweg die meeste Kapenaars het aan die handel deelgeneem en in feitlik elke huis is handelsware te koop aangebied. Mense het handelsware laat opveil op openbare veilings wat dikwels gehou is. R. Wilson het in dié verband opgemerk: "Public Auctions supply the articles that in Europe are at any moment to be obtained in shops."[127] En Barrow het geskryf: "Not a day passes without several of these auctions being held in the town both before and after dinner. And it is no uncommon thing to see the same identical articles at two different sales on the same day. In fact a vendue is a kind of lottery. A man buys a set of goods in the morning, which he again exposes to sale in the evening .... Yet all moveable property on sale by public auction is liable to a duty [vendubelasting] of 5 per cent; 3½ of which the auctioneer is accountable for to Government; the remainder is for himself. I can not give a stronger instance of the rage for vendues than by observing that in four successive months of the year 1801, the amount of property sold by public auction was 1 500 000 rixdollars a sum equal to the whole quantity of paper money in circulation .."[128]

---

124) B.O. 33 Miscellaneous Documents: Goetz — F. Dundas, 28/12/1798, pp. 601-604; B.O. 51 Letters Despatched: F. Dundas — Goetz, 2/1/1799, no. 400.
125) B.O. 56 Day Book, 8/8/1797.
126) R.F.M. Immelman: Men of Good Hope, pp. 16-17.
127) (B.M.) Add. Mss. 30097 Journal of R. Wilson, p. 53.
128) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 96-97. Vgl. ook W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 376); B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat — F. Dundas, 24/1/180, p. 565.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die jare 1795 tot 1798 was 'n voorspoedige tydperk vir handelaars. Met die groot vraag na binnelandse en buitelandse artikels waarin voorsien moes word, was daar volop geleentheid vir geld maak. Die relatiewe ekonomiese insinking wat na 1798 ingetree het, het 'n moeilike tydperk vir handelaars ingelui. Die vraag was kleiner en bowendien het dit geblyk dat die Kaapse mark in werklikheid nie baie groot was nie en dat dit maklik oorlaai kon word. Baie handelaars het opgeskeep bly sit met die goedere wat hulle op groot skaal ingevoer het. Handelaars aan die Kaap het in 1805 nog enorme bedrae geskuld - skulde wat gedurende die besetting aangegaan is.[129)]

Die handelaar wat in hierdie ekonomiese klimaat sukses wou behaal, moes oor kapitaal, kennis en konneksies beskik. Dit blyk dat dit die Britse handelaars soos Hogan, Murray, Walker en Robertson was wat die werklike groot winste gemaak het. In vergelyking met die handelaars wat aan die Kaap groot geword het, was hulle meer geskool in internasionale handel, het hulle veel beter handelskontakte oorsee gehad en was ook meer kapitaalkragtig. Macartney het in dié verband gesê: "The Dutch Merchants [being] ... chiefly confined to this spot from their Birth, they have had little opportunity of improvement from education or travel, and consequently almost ignorant of foreign trade ... Tho' in general very avid of sure profit, they are averse of transactions of risk or circuity."[130)]

Die Kaapse handelaars het ook 'n agterstand gehad ten opsigte van konsessies, lisensies en kontrakte. Onkruijdt en sy vennote het in 'n petisie aan Yonge baie diplomaties opgemerk dat die Britse handelaars "generaal door hunne goede Vrienden (het geen zeer natuurlijk is, en ons in't minste niet tot jaloesij verstrekt) gebenificeerd werden met de administratie over de inkoomende prijsscheepen, leverantie, etc."[131)] Een van Walker en Robertson se handlangers het aan Onkruijdt gesê dat die "ongelukkige Ingezeetenen altoos agter het Net vissen."[132)] Van Ryneveld het met betrekking tot die handel met die Ooste opgemerk dat

---

129) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 377); G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — Huskisson, 19/3/1800), p. 105.

130) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 4 Macartney Letter Book: Macartney — H. Dundas, 24/10/1797, p. 39.

131) B.O. 38 Memorials: Onkruijdt e.a. — Yonge, 3/12/1800, no. 93.

132) B.O. 40 Letters from various Individuals: Onkruijdt — Barnard, 7/3/1801, pp. 7-8. Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Report of the Commissioners appointed to investigate charges against Yonge, 16/3/1802), p. 241; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 452-453).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit beperk was tot persone wat daarvoor 'n lisensie kon verkry. Hulle het "met veel voordeel" daaraan deelgeneem, terwyl verskeie ander handelaars daarvan uitgesluit was.[133)]

Op veel kleiner skaal het die Kapenaars met hul handel- en dienstebedrywighede goed gevaar gedurende die besetting. Daar was 'n groot vraag na die dienste wat hulle gelewer het en hulle het voordeel getrek uit die oplewing van die handel.[134)]

Daar is nie veel bekend van die Nie-Blanke bevolkingsgroepe se ekonomiese posisie nie. Die arbeidsskaarste het moontlik hoër lone tot gevolg gehad vir diegene wat in die omgewing van Kaapstad gewoon het. Volgens die sendeling Kicherer het hulle 5 tot 8 Riksdaalders ontvang om 'n reis na Kaapstad te onderneem. In die afgeleë dele van die kolonie het hulle egter baie lae lone ontvang. Sommige aan die oosgrens het so min as 6 tot 8 skape per jaar verdien.[135)]

Die £1 789 181-9-3d wat gedurende die besetting uit imperiale fondse aan die Kaap bestee is, en die skerp toename in die besoeke van vreemde skape, was 'n inspuiting vir al die vertakkings van die ekonomie.

Gedurende die eerste helfte van die besetting het die koloniste in die algemeen baie gebaat by die groter handelsvryheid en afsetmoontlikhede. Gedurende die tweede helfte van die besetting het die verminderde vraag na landbouprodukte tesame met die beheermaatreëls van die regering die posisie van die persone wat in die landbou en die veeteelt bedrywig was, laat verswak. In Kaapstad het die handel in artikels soos gereedskap en luukse goedere wat nie aan beheermaatreëls onderhewig was nie, voortgegaan om te bloei.

In die geheel gesien, het hierdie vermeerdering van handelsbedrywighede wat gedurende die besetting plaasgevind het, nie werklike groei teweeg gebring nie. Dit het feitlik al die interne beleggingskapitaal getrek en het nie produksiemiddele teen redelike pryse in die hande van die koloniste geplaas nie. Die landbou en nywerheid, wat aan 'n gebrek aan kapitaal en arbeid gely het, was nie in staat om vir uitvoer te produseer nie.

---

133) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 452-453).
134) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, I, pp. 67-68; W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, p. 376).
135) J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer, p. 20. Vgl. ook G.R. 15/43 Contracts of Service, Hottentots or Free Persons of Colour.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vanweë die gebrek aan uitvoere was daar 'n baie groot nadelige handelsbalans. Werklike groei sou slegs kan plaasvind indien die Kaap op groot skaal 'n produk kon uitvoer. In hierdie verband was die voortgesette ontwikkeling van wolboerdery 'n stap in die regte rigting.[136)]

136) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Landbouw ... (Z.A. Tijdschrift, VIII, pp. 375-383); W.S. van Ryneveld: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, pp. 34-53.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK VII.

MONETêRE BELEID EN BEDRYWIGHEDE.

Tot en met 1782 was slegs klinkende munt aan die Kaap in omloop. Daar was Hollandse munte soos die silwer dukaton en ook 'n verskeidenheid van vreemde munte soos die Spaanse dollar of reaal en Franse en Engelse krone. Feitlik al die munte was silwer en daar was weinig goue munte in omloop. Die geld was gedek deur die feit dat die munte intrinsieke waarde gehad het, dit wil sê die metaalwaarde van 'n munt was ongeveer gelyk aan die monetêre waarde waarteen dit gesirkuleer het.[1)]

In 1782 het die Kompanjie vir die eerste keer aan die Kaap papiergeld, te wete papierriksdaalders, uitgereik. Die rede hiervoor was dat die oorlog tussen Nederland en Engeland die toevoer van klinkende munt uit Nederland ontwrig het. Die papierriksdaalders het anders as in die geval van klinkende munt nie intrinsieke waarde gehad nie, en kon nie onmiddellik in klinkende munt omgewissel word nie. Die koloniste het egter vertrou dat die Kompanjie sy belofte gestand sou doen om die papiergeld in klinkende munt te omskep sodra 'n besending klinkende munt uit Holland opdaag. Gedurende die tweede helfte van die jare tagtig is daar ver gevorder met die omskepping van die papiergeld. In 1788, voor die omskepping voltooi was, is daar egter weer papiergeld uitgereik en vir die res van die Kompanjiestyd is papiergeld nie meer in klinkende munt omskep nie. Toe daar teen die einde van die Kompanjiestyd 'n groot tekort aan geld in omloop ontstaan het, het Nederburgh en Frykenius 'n leningsbank, genaamd die Lombard Bank, gestig. Die regering het addisionele papiergeld gedruk en as leningskapitaal aan die Lombard Bank beskikbaar gestel. Teen die einde van die Kompanjiestyd was die kapitaal van die bank 680 000 Riksdaalders.[2)]

Gedurende die laaste jare van die Kompanjiesbewind het klinkende munt ten spyte van 'n verbod op die uitvoer daarvan feitlik heeltemal uit sirkulasie verdwyn. Die rede hiervoor was dat die papierriksdaalder slegs in binnelandse handelstransaksies waarde gehad het. Benewens ruilhandel is transaksies met verbygaande skepe slegs in klinkende munt gedoen. Die koloniste het hul klinkende munt op buitelandse goedere bestee en vanweë die gebrek aan uitvoerprodukte het klinkende munt nie weer die kolonie binnegevloei nie.

---

1) J.A. de Mist: Memorandum, pp. 278-280.
2) M.H. de Kock: Selected Subjects in the Economic History of South Africa, pp. 70-73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Kompanjie het die riksdaalderwaarde van klinkende munt by wyse van proklamasie vasgestel. Dit het egter gou geblyk dat klinkende munt in die praktyk groter waarde gehad het as die vasgestelde nominale waarde. Veral vanweë die waarde daarvan in buitelandse handel was mense bereid om meer vir klinkende munt te betaal as die vasgestelde nominale waarde. Dit het beteken dat papiergeld in terme van klinkende munt gedepresieer het. Teen die einde van die Kompanjiestyd is die depresiasie van papiergeld op 30 persent gestel.[3)]

Toe die Kaap in 1795 deur Brittanje verower is, het die bedrag papiergeld wat deur die Kompanjiesbewind uitgereik was 1 291 276 Rds. beloop. Klinkende munt het heeltemal uit omloop verdwyn[4)] en daar was 'n algehele gebrek aan vertroue in papiergeld.[5)]

Die bevelvoerders van die Britse aanvalsmag was bewus van die grootskaalse ontevredenheid onder die koloniste oor die papiergeld en het ook met hul beleid ten opsigte van die geldstelsel hulle probeer konsilieer. By meer as een geleentheid is die vervanging van al die papiergeld of 'n deel daarvan met klinkende munt deur hulle in die vooruitsig gestel.[6)] Die Britse regering aan die Kaap het die papierriksdaalders in omloop behou en wel teen dieselfde waarde as wat die geval gedurende die Kompanjiestyd was. In die kapitulasievoorwaardes het dit onderneem om die waarde van papiergeld te beskerm en om met die oog daarop die voormalige eiendom van die Kompanjie te laat dien as sekuriteit vir daardie deel van die papiergeld (613, 910 Riksdaalders) wat nie deur die Lombard Bank aan die ingesetenes uitgeleen was nie.[7)] Die riksdaalderwaarde van die verskillende buitelandse munte wat ook as wettige betaalmiddele aanvaar is, is in 'n proklamasie vasgelê.[8)]

---

3) R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, p. 304; C.F.J. Muller: J.F. Kirsten, pp. 62, 87: B. Kantor: The Rixdollar and the Foreign Exchange (S.A. Journal of Economics, 38, 1, 1970, pp. 68-69): E.H.D. Arndt: Banking and Currency Developments in South Africa, pp. 10-14.
4) 698 Brieven van Sluysken: Brief van 12/4/1795, p. 272.
5) C.F.J. Muller: J.F. Kirsten (memorandum deur Kirsten, ongedateer), pp. 62-63; B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade - Craig, 3/12/1795, no. 27: C. de Jong: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop ...., 1, p. 161.
6) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig - H. Dundas, 16/6/1795, no. 2: G.M. Theal: Records of the C.C., I (Elphinstone en Craig - Sluysken, 20/6/1795), pp. 69.
7) G.M. Theal: Records of the C.C., I (Articles of Capitulation, 16/9/1795), p. 130.
8) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 1/10/1795), p. 1.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Een van die vernaamste probleme van die Britse regering aan die Kaap was die finansiering van die besoldiging en onderhoud van die troepe. Hierdie uitgawe is nie deur die skatkis van die kolonie nie, maar deur die Britse skatkis bestry. Dit is gedoen deur middel van wissels. Die regering aan die Kaap het die bevoegdheid gehad om wissels op die Tesourie in Londen te trek. Wanneer die regering byvoorbeeld £1000 nodig gehad het, het dit 'n wissel vir die bedrag op die Tesourie in Londen getrek. Dit was 'n skriftelike opdrag van die regering aan die Kaap, gerig aan die Tesourie, om 'n derde instansie (die Nemer) 'n vasgestelde som geld te betaal. Wissels is gewoonlik gekoop deur handelaars wat sterling nodig gehad het om vir invoere uit Brittanje te betaal. Die handelaar (of Nemer) het die wissel gestuur na die persoon of firma in Londen of waar ook al hy goedere gekoop het en dit aan hierdie verkoper geëndosseer. Hierdie verkoper kon die wissel verdiskonteer of verder vir betaling van sy skulde aanwend.

Na die verowering het die regering aangekondig dat dit alle uitbetalings (hiermee is bedoel militêre uitgawes) in klinkende munt sou maak.[9] Die Britte het egter geen klinkende munt uit Engeland saamgebring nie en aan die Kaap was dit moeilik verkrygbaar. Daar is egter wel in geslaag om aan die Kaap deur middel van wissels in sterling klinkende munt soos byvoorbeeld Spaanse dollars te koop. Daarbenewens het vroeg in 1796 die eerste besending klinkende munt van die Imperiale Regering in Kaapstad aangekom. Daarna het die Britse regering nog besendings klinkende munt na die Kaap gestuur. Dit het egter baie ongereeld gebeur en die regering aan die Kaap was in die meeste gevalle verplig om klinkende munt van persone aan die Kaap deur middel van wissels op die Tesourie in Londen te koop.[10]

Die klinkende munt waarmee die regering sy uitbetalings gemaak het, het feitlik dadelik uit sirkulasie verdwyn. Craig het die Burger-Senaat daarop gewys dat van 'n bedrag van £75,000 sterling wat die regering binne die bestek van 16 maande in omloop gebring het, nie meer 'n stuiwer te sien was nie.[11]

Die regering het voortgegaan om die troepe in klinkende munt te betaal, maar daar is reeds teen die einde van 1795 besluit om die ander militêre uitgawes nie in klinkende munt nie, maar in

---

9) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Letter to the Inhabitants of Zwellendam, 18/9/1795), p. 2.

10) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig - H. Dundas, 14/12/1795, no. 31 Vgl. ook G.M. Theal: Records of the C.C., 11 (Macartney - H. Dundas, 9/5/1797, 10/7/1797, 20/10/1797, 26/11/1797, 26/1/1798, 18/6/1798, 18/6/1798, 24/12/1798), pp. 84, 117, 189-191, 203-204, 225-226, 28,-288, 319-320.

11) B.O. 50 Letters Despatched: Craig - Burger-Senaat, 6/4/1797, no. 11.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

papiergeld te vergoed. Craig het naamlik tot die slotsom gekom dat dit uiters absurd was dat die regering hom tekort doen deur vir alles in klinkende munt teen die bestaande wisselkoers te betaal terwyl papiergeld in die praktyk met ongeveer 30 persent gedepresieer was. Hy het die Betaalmeester-generaal opdrag gegee om deur middel van wissels op die Tesourie in Londen die bedrag wat hy nodig gehad het teen 30 persent premie te verkry en dit aan die Kommissariaat-generaal te voorsien wat sover moontlik uitbetalings in papiergeld moes maak.[12] Die 30 persent premie op dié wissels het daarop neergekom dat die Betaalmeester-generaal moes probeer om nie 'n regeringswissel van £20 te verkoop vir 100 Riksdaalders soos die koers bepaal het nie (£1 = 5 Riksdaalders), maar wel teen 30 persent meer, te wete 130 Riksdaalders. Indien hy daarin slaag, verteenwoordig die 30 persent premie die effektiewe depresiasie van papiergeld in terme van die betrokke munt.[13]

In 1796 het die Betaalmeester-generaal daarin geslaag om aan die Kaap papiergeld in die hande te kry deur die uitskryf van wissels op die Tesourie in Londen. Gedurende die tweede helfte van 1796 het die vraag na hierdie wissels egter begin daal. Daar is teen die einde van 1796 nog nie daarin geslaag om handelsbetrekkinge met Brittanje aan te knoop nie en gevolglik was persone aan die Kaap al hoe minder geneë om wissels op Londen te koop.[14]

Die verminderde vraag na wissels op Londen word goed weerspieël deur die dalende premie daarop. In Julie 1796 was die premie nog 25 persent. Drie maande later het dit gedaal tot 10 persent en in April 1797 kon daar slefs teen pari geen papiergeld verkry word nie.[15]

Dit was op daardie stadium vir die regering onmoontlik om verder die militêre uitgawes te finansier. Teen Maart 1797 het Craig tot die slotsom gekom dat die regering nie langer sy geldelike verpligtinge sou kon nakom indien hy nie dadelik 'n groot bedrag geld in die hande kry nie. Hy het die toestand soos volg geskets: "The Commissary General's Credit has been stretched to the utmost but it has at length failed, and our Contractors both for bread and meat, to whom very considerable sums are due, have formally notified their utter unability to furnish us any more. The Troops are without subsistence, the Officers are unable to supply them with neces-

---

12) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 27/12/1795 en 10/7/1796, no. 23, 45.
13) B. Kantor: The Rixdollar and the Foreign Exchange (S.A. Journal of Economics, 38, 1, 1970, p. 70).
14) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 2/4/1797, no. 79.
15) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 10/7/1796 en 30/9/1796, nos. 45, 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

saries for want of money, the Public Works are at a stand, and it is even offered in excuse for non-payment of debts in the Court of Justice, that it proceeds from Government not discharging theirs."[16)]

In hierdie omstandighede het Craig op 21 Maart 1797 teensinnig oorgegaan tot die skepping van 250 000 Rds. papiergeld en dit vir die bestryding van die militêre uitgawes aangewend.[17)]

Die skepping van 'n addisionele bedrag papiergeld het sterk protes van die Burger-Senaat uitgelok. Die liggaam het verwag dat dit tot 'n groter verskil in die werklike waarde van klinkende munt en papiergeld en gevolglik tot prysstygings sou lei.[18)]

Craig het die maatreël verdedig deur daarop te wys dat daar nie genoeg geld in omloop was om aan die behoeftes te voldoen nie. Hy het bygevoeg: "the fact is that all money is at present in the hands of the peasants, who, having received it for their cattle, their wine and their corn, have had no means of returning it into circulation, as the Merchants have been entirely destitute of those articles of supply, in which the peasants used to spend their money ...."[19)]

Die vermeerdering van die bedrag papiergeld met amper 'n vyfde ten einde die regering in staat te stel om sy verpligtinge na te kom, was tot nadeel van die Kolonie.[20)] In die eerste plek het die koopkrag van papiergeld aan die Kaap gedaal. Terwyl daar 'n groot vraag na Kaapse produkte was, het daar meer geld in omloop gekom sonder dat die aanbod van goedere vermeerder het. Dit het 'n inflasionistiese toestand geskep en gelei tot prysstygings.[21)]

In die tweede plek het dit daartoe meegewerk dat die waarde van papiergeld in terme van klinkende munt gedaal het. Die premie op wissels op die tesourie in Londen het gestyg van pari (vroeg in 1797) tot 20 persent (teen die einde van 1798).

---

16) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 2/4/1797, no. 79; (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Aantekeninge van Craig, 18/5/1797, no. 67.

17) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 21/3/1797), pp. 70-72; B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 2/4/1797, no. 79; G.M. Theal: Records of the C.C., V (F. Dundas -- Hobart, 1/3/1803), p. 172.

18) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat -- Craig, 27/3/1797, no. 21.

19) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 2/4/1797, no. 79.

20) Vgl. in die verband W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, IX, pp. 197-203).

21) H.L.G. Swart: Die Ontwikkeling van die Handel aan die Kaap, 1795-1806, p. 163; M.H. de Kock: Selected Subjects in the Economic History of South Africa, p. 357.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Burger-Senaat het teen die hoë premies op wissels beswaar gemaak en daarop gewys dat die premie op wissels van die Kompanjie - die sogenaamde assinjate - nooit hoër as 8 persent was nie.[23] Die regering het egter heeltemal tereg daarop geantwoord dat wissels handelsartikels is waarvan die prys deur die vraag en aanbod bepaal word. Die premie op wissels op Londen het nie net gestyg omdat daar meer papiergeld in omloop was nie, maar ook omdat daar vanweë die toename in handel met Brittanje 'n groot vraag na wissels op Londen in die afwesigheid van ander betaalmiddele was. Daar was ook weinig wat die regering met betrekking tot die hoë premie op wissels kon doen. Macartney het die premie op wissels wat deur die regering op die Tesourie in Londen uitgeskryf is op 20% vasgestel, maar wat toe gebeur het, was dat die wissels op die mark teen 'n premie van tot 15 persent van eienaar verwissel het.[24]

Die Imperiale Regering het in die wete dat die depresiasie van papiergeld in terme van klinkende munt tot groot ontevredenheid onder die koloniste aanleiding gegee het, Macartney gelas om 'n deurtastende ondersoek na die aangeleentheid van papiergeld in te stel. Die Imperiale Regering was ten gunste daarvan dat al die bestaande papiergeld uit sirkulasie onttrek word. Hulle wou 'n deel daarvan intrek deur van staatsgeboue en staatsgrond wat as sekuriteit daarvoor gedien het, te verkoop. Die ander deel sou vervang word deur Engelse muntstukke en deur papiergeld wat in Engeland gedruk is.[25]

Daar het van hierdie plan niks gekom nie. Macartney het tot die slotsom gekom dat dit 'n illusie was dat die staatsgeboue en grond, soos deur die kapitulasievoorwaardes bepaal as dekking vir 'n deel van 'n papiergeld gedien het. Volgens hom was die sekuriteit nie omskepbaar in onmiddellike waarde nie, want die vestingwerke kon vir niks anders gebruik word nie. Daarby was die barakke en magasyne so vervalle dat dit duur sou kos om dit te herstel en die staatsgrond wat die regering kon verkoop, sou nie naastenby die bedrag oplewer waarvoor dit as dekking gedien het nie. Macartney se standpunt was dat die papiergeld in werklikheid deur die kredietwaardigheid en stabiliteit van die regering gedek is. Die addisionele 250,000 Riksdaalders papiergeld wat deur Craig geskep is, het hy heeltemal tereg gesien as 'n lening aan die Britse skat-

---

22) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Onondertekende memo., 19/5/1797, no. 69A; G.M. Theal: Records of the C.C., 11 (Macartney - H. Dundas, 20/10/1797 en 18/9/1798), pp. 194, 286-287; J. Barrow: Travels into the Interior of S.A., 11, p. 190-192.

23) B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burgher Senate - Craig, 27/3/1797, no. 21.

24) B.O. 50 Letters Despatched: Craig - Burgher Senate, 6/4/1797, no. 11; G.M. Theal: Records of the C.C., 1X (Dashwood - Cradock, 5/4/1815), p. 480.

25) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Macartney, 30/12/1797), pp. 8-10.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kis (die geld is gebruik vir militêre uitgawes - 'n item wat uit die Britse skatkis betaal moes word). Macartney het egter nie gedink dat dit raadsaam was om die lening terug te betaal nie. Dit sou 'n las op die Britse skatkis plaas en bowendien was die bestaande bedrag papiergeld in omloop net mooi voldoende. Indien die lening afbetaal word en 'n deel van die 250 000 Riksdaalders ingetrek word, mag die regering spoedig genoodsaak word om weer addisionele papiergeld uit te reik. Macartney was wel ten gunste daarvan om die bestaande papiergeld uit sirkulasie te onttrek en met nuwe papiergeld te vervang wat nie so maklik soos die oue vervals kon word nie.[26)]

Macartney het hom in sy verslag oor toestande op monetêre gebied sterk teen die Lombard Bank uitgespreek. Die Lombard Bank was 'n staatsbank wat papiergeld op kort termyn teen 5 persent uitgeleen het teen sekuriteit van grond, geboue, goud, silwer, juwele, meubels. Lenings is beperk tot 50 persent van die waarde van eiendom in Kaapstad, 66$^{2}/_{3}$ persent van die waarde van eiendom buite Kaapstad, 85 persent van die waarde van goud en silwer en 50 persent van die waarde van roerende goed wat as sekuriteit gedien het. Lenings op vaste goedere moes binne twee jaar terugbetaal word, maar dit is aan die kommissarisse van die bank oorgelaat om ná die tydperk verstryk het die lening te hernieu. Die Lombard Bank was net 'n leningsbank, nie ook 'n depositobank nie. Al die kapitaal was afkomstig van die regering wat 4 persent ontvang het op die bedrae wat deur die bank uitgeleen is. (Die regeringsinkomste hieruit het ongeveer 25 000 Riksdaalders per jaar beloop).[27)]

Macartney se kritiek teen die Lombard Bank was dat waar dit oral as gesonde beleid aanvaar is om die regering debiteur van die onderdaan te maak sodat hy 'n gevestigde belang in die welvaart van die regering kon hê, die funksionering van die Lombard Bank meegebring het dat die burgers debiteurs van die regering geword het. Dit was volgens Macartney die rede waarom so baie koloniste Jakobyne beginsels aangehang het en die omverwerping van die regering sou verwelkom.[28)] Dáárom was hy ten gunste daarvan dat daar geleidelik van dié bank ontslae geraak moes word deur die Weeskamer en ander instellings wat geld geadministreer het, te magtig om van die bank verbande af te koop.[29)]

---

26) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney -- H. Dundas, 20/10/1797), pp. 189-191.
27) No. 282 van 1827: Reports of the Commissionary of Inquiry ... upon the Finances of the Cape of Good Hope, p. 60.
28) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney -- H. Dundas, 20/10/1797), p. 191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Geyer wys tereg daarop dat Macartney se opmerkings oor Jakobinisme gesien moet word teen die agtergrond van sy groot vrees en haat vir alles wat hom in die geringste mate daaraan herinner het.[30] Die Lombard Bank wás soos Van Ryneveld dit uitgedruk het "een noodzakelijk kwaad". Hy voeg by: "Door buitenlandsche handel, en gebrek aan genoegzame produkten ter voortzetting van dien, wordt al dat specie is, uit die kolonie gevoerd. Er zou derhalve geen inwendigen omloop - geen handel tusschen ingezeten en ingezetenen kunnen geschieden, wanneer niet voor de eigendommen een representatief van papieren geld, door middel van de Bank van Leening werd in omloop gebragt."[31]

Nadat die Imperiale Regering Macartney se verslae oor dié aangeleentheid ontvang het, is daar na sorgvuldige oorweging in Junie 1798 besluit om die geldstelsel van die kolonie onveranderd te laat totdat daar by die vredesluiting duidelikheid gekom het oor die Britse besit van die Kaap.[32]

Ten spyte van hierdie beslissing het Yonge teen die begin van 1801 weer 'n voorstel gemaak wat daarop gemik was om 'n bevredigender geldstelsel te skep. Hy was ten gunste daarvan om in plek van die Lombard Bank, 'n koloniale bank daar te stel op die prinsiep van die Bank van Engeland met bankeffekte ("Bank Stock") vir die sekuriteit waarvan die regering self ingestaan het. Fondse van instellings soos die Weeskamer en die Kerk kon in die bank as kapitaal gestort word en trustees van die fondse sou dan eienaars van bankeffekte word. Hierdie bank moes gemagtig word om kredietwaardige wissels te verdiskonteer en papiergeld uit te reik wat by die bank vir klinkende munt verwisselbaar moes wees. Alle persone wat klinkende munt in die bank deponeer, moes daarop rente of bankeffekte ontvang.[33]

Yonge se voorstel het die oplossing aangedui vir een van die groot probleme van die kolonie se geldstelsel. Nadat papierriksdaalders in omloop gekom het, was dit voordeliger om klinkende munt in die buitelandse handel te gebruik as om dit teen die vasgestelde koers binnelands te gebruik.[34] Klinkende munt was egter noodsaaklik vir die vertroue in en stabiliteit van die geldstelsel.

---

29) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney -- H. Dundas, 20/10/1797), pp. 191-192.
30) A.L. Geyer: Das wirtschafliche System der N.O.I.K. am Kap der Guten Hoffnung, 1785-1795, p. 87.
31) W.S. van Ryneveld: Beschouwing over de Veeteelt ... (Z.A. Tijdschrift, IX, pp. 199-200).
32) G.M. Theal: Records of the C.C., II (War Office -- Macartney, 18/6/1798), pp. 258-259; (P.R.O.) W.O. 6/176 Correspondence, Out-Letters to Various Public Departments: H. Dundas -- Liverpool, 11/1/1798, p. 99.
33) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 10/1/1801), p. 395.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om slegs meer en meer papiergeld uit te reik wat in terme van klinkende munt gedepresieerd was, het daartoe gelei dat die koloniste hul vertroue in die papiergeld verloor het.

Die Imperiale Regering het egter reeds besluit om Yonge terug te roep en op die ou end het daar niks van sy voorstel gekom nie.

'n Aangeleentheid wat intussen die Britse bewindhebbers se aandag getrek het, was die kleingeldprobleem. In die eerste plek is baie ongerief veroorsaak deur die feit dat die skelling (dit is 6 stuiwers of pennies - die terme is as sinonieme gebruik) die laagste eenheid in omloop was. In die tweede plek was daar 'n groot tekort aan kleingeld. Die rede hiervoor was dat die kleiner eenhede van die papiergeld baie gehanteer is en só verslete geraak het dat dit onbruikbaar was. Alhoewel die regering by verskeie geleenthede van die kleingeld uit omloop onttrek het en in die plek daarvan nuwes uitgereik het, het die nuwes gou weer onbruikbaar geraak. Soms was die tekort aan kleingeld so groot dat sommige persone en firmas gebruik gemaak het van kaartjies ("tickets") wat hulle self uitgereik het om die plek van die ondereenhede van die riksdaalder te neem. Dit was gedek deur die vertroue dat die persoon wat dit uitgereik het, of ook ander persone, dit as betaalmiddel sou aanvaar. Daar was egter persone wat dit vervals het en dit het bygedra tot die ontevredenheid oor die kleingeldaangeleentheid.[35)]

In 'n poging om die probleem van kleingeld op te los, het die Imperiale Regering, op voorstel van Macartney, koperpennies ter waarde van £4 000 na die Kaap gestuur.[36)] Hierdie geld, wat in Januarie 1800 by die Kaap aangekom het, is aan die troepe uitgereik. Yonge het aan die koperpennies 'n waarde van 2 Kaapse pennies gegee - 'n premie dus van 100 persent in terme van die wisselkoers. Ten spyte van hierdie hoë premie het die koperpennies na 'n jaar in 'n groot mate uit sirkulasie verdwyn. Yonge het gerapporteer dat daar waarskynlik ander gebruike daarvoor was wat vir spekulante voordeliger was.[37)] Hierdie poging om die kleingeld-probleem op te los, was dus nie baie geslaag nie.

---

34) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 10/1/1801), pp. 392, 395.

35) B.O. 48 Craig's Letter Book: Craig -- H. Dundas, 27/12/1795, no. 18. Sien ook S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 20/4/1796), pp. 36-37, 54-55; B.O. 5 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat -- Craig, 23/3/1796, 30/1/1797, Burger-Senaat -- Macartney, 25/7/1797, 20/1/1798, nos. 8, 61, 39, 65.

36) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney -- H. Dundas, 15/12/1797, p. 214; War Office -- Macartney, 18/6/1798, p. 259; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 193.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van die middel van 1798 af het daar weer 'n tekort aan geld in omloop ontstaan. Dit was aan verskeie faktore toe te skryf. In die eerste plek was daar die minder belangrike faktor dat 'n deel van die geld nie in omloop was nie deurdat dit gelê het by instansies soos die Weeskamer waarvan 'n deel van die kapitaal soms nie belê of uitgeleen kon word nie, en by persone soos veeboere wat die geld opgegaar het in plaas van om dit op rente te belê of daarmee goedere te koop. Lichtenstein vertel dat daar byvoorbeeld 25 000 gesteelde papierriksdaalders by die moordenaars van ene Coetzee, 'n boer van die Roggeveld wat in 1801 of 1802 vermoor is, gevind is.[38] Gedurende die tweede helfte van die besetting is op veel groter skaal goedere ingevoer as gedurende die eerste helfte. In Kaapstad het besigheidsaktiwiteite skerp toegeneem. Dit blyk onder meer uit die feit dat die inkomste wat die regering verkry het uit oordragbelasting gestyg het van 31 171 Riksdaalders in 1797 tot 72 730 Riksdaalders in 1801. Die inkomste uit vendubelasting het gestyg van 25 485 Riksdaalders in 1797 tot 61 214 Riksdaalders in 1799 en 85 885 Riksdaalders in 1801. Die toename in die besigheidsbedrywighede het 'n groter vraag na geld meegebring. Omdat daar aan die Kaap waarskynlik 'n relatief lae omloopsnelheid van geld was waarvan die afwesigheid van 'n depositobank 'n belangrike oorsaak kon wees, het daar 'n tekort aan geld ontstaan.

Teen die middel van 1799 was die tekort aan geld in omloop akuut. Landdros Van der Riet het opgemerk dat in die dorp Stellenbosch nie 50 Riksdaalders byeengebring sou kon word nie.[39] Die regering moes geld leen by die Weeskamer, wat weer 'n uiterse poging aangewend het om die geld terug te kry ten einde sy eie verpligtinge na te kom. Die Lombard Bank het feitlik geen fondse meer gehad om uit te leen nie.[40]

Alhoewel Yonge dit in Oktober 1800 oorweeg het om 'n halfmiljoen papierriksdaalders uit te reik, het hy nie opgetree nie.[41] Die nood het al hoe erger geword. Welgestelde inwoners is voor die Raad van Justisie gedaag om hulle te dwing om hul verpligtinge na te kom. Selfs vriende en familie was genoodsaak om teen mekaar

---

37) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 10/1/1801), p. 394; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/1/1801), pp. 193-194.

38) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, 1, p. 162. The Cape Town Gazette, 16/1/1802; B.O. 3 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat -- F. Dundas, 24/11/1801, pp. 563-565.

39) B.O. 10 Letters from Orphan Chambers: Weeskamer -- F. Dundas, 25/4/1799 en 3/7/1799, Weeskamer -- Yonge, 22/10/1800, pp. 469, 643-660, 761-762; B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas -- Weeskamer, 28/6/1799, no. 272; D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Andrew Barnard -- Macartney, 29/3/1800), p. 178.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eise in te stel. Teen die einde van 1801 moes die regering 35 000 Riksdaalders by die Vise-Admiraliteitshof leen.[42)]

In hierdie stadium het die Burger-Senaat die regering dringend versoek om in te gryp. Daar is voorgestel dat die regering 300 000 Riksdaalders papiergeld uitreik en aan die Lombard Bank oordra om op goeie sekuriteit aan Kaapse ingesetenes uit te leen. Die Burger-Senaat het ook voorgestel dat as die rente op dié bedrag vir die herstel van die Kaapstadse strate aangewend word.[43)]

Ongeveer dieselfde tyd het die Burger-Senaat en die Opperste Graankommissie voorgestel dat die regering deur die Koringkomitee wat die Opperste Graankomitee sou vervang, moes voortgaan om koring teen 'n vasgestelde prys aan te koop.[44)] Hiervoor sou die regering ook fondse nodig hê.

Generaal Dundas, die Waarnemende Goewerneur, het besluit om albei voorstelle te implementeer. Op 1 Januarie 1802 het hy die uitreiking van 280 000 Riksdaalders papiergeld by wyse van proklamasie bekend gemaak. Hiervan sou die Koringkomitee 100 000 Riksdaalders ontvang om vir die aankoop van koring te gebruik, terwyl 'n verdere 80 000 Riksdaalders gebruik sou word om vir 'n besending rys wat kort tevore in die kolonie aangekom het, te betaal. Die regering het verklaar dat hierdie twee bedrae nie permanent tot die bedrag geld in omloop gevoeg sou word nie, maar dat dit ingetrek sou word nadat die koring en rys verkoop is. Vervolgens sou die regering 100 000 Riksdaalders aan die Lombard Bank oorhandig om aan ingesetenes uitgeleen te word. Die rente op dié bedrag is vir herstelwerk aan die strate van Kaapstad gestem.[45)]

Die uitnodiging om aansoek te doen vir lenings by die Lombard Bank het 'n oorweldigende reaksie uitgelok. Aansoeke om lenings vir meer as 600 000 Riksdaalders is ontvang, maar uiteindelik is lenings vir 'n gesamentlike bedrag van 165 000 Riksdaalders toegeken. Daarna is 65 000 Riksdaalders van die bedrag wat na die Koringkomitee vir koringaankope sou gaan, geneem en aan die Lombard Bank oorhandig.[46)]

Die Koringkomitee het toe die 35 000 Riksdaalders gebruik om koring te koop. Nadat die koringkomitee die koring weer uit die

41) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 22/10/1800), p. 323.
42) B.O. 3 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat -- F. Dundas, 24/11/1801, pp. 565-566; B.O. 54 Letters Despatched: Ross -- De Waal, 27/11/1801, no. 340.
43) B.O. 3 Letters from Burgher Senate: Burger-Senaat -- F. Dundas, 24/11/1801, pp. 567-574.
44) Vgl. p. 190.
45) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 1/1/1802), pp. 263-265; B.O. 54 Letters Despatched: Ross - Burger-Senaat, 4/2/1802, no. 442.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

magasyne verkoop het, is die geld wat daarvoor ontvang is, ingetrek. Teen Desember 1802 was al 35 000 Riksdaalders vernietig.[47] Die 80 000 Riksdaalders wat die Koringkomitee vir die aankoop van rys ontvang het, is vir die doel aangewend. By die Bataafse bewindsoorname was 'n groot deel van die rys nog nie verkoop nie en daar kan aangeneem word dat die grootste gedeelte van dié 80 000 Riksdaalders nog in omloop was.[48]

Aan die einde van die Britse besetting was daar dus die volgende bedrae papiergeld meer in omloop as in 1795: die 165 000 Riksdaalders wat by die kapitaal van die Lombard Bank gevoeg is, die 80 000 Riksdaalders (of 'n baie groot deel daarvan) wat vir die koop van rys uitgegee is en die 250 000 Riksdaalders wat in 1797 deur Craig uitgegee is. Laasgenoemde bedrag is by die bewindsoordrag as 'n debiet van die Britse skatkis aan die kolonie beskou. Om die skuld te delg, het genl. Dundas Britse regeringseiendom soos slawe en krygsmateriaal aan die nuwe bewindhebbers oorgedra.[49]

Die Betaalmeester-generaal het van 1795 tot die helfte van 1802 wissels op die Tesourie in Londen ter waarde van £1 045 388-12-9d uitgeskryf, terwyl ingevoerde klinkende munt ter waarde van £103 426-18-3d deur die regering in omloop gebring is.[50]

Die Britse regering aan die Kaap het 'n profyt gemaak op die wissels wat dit plaaslik uitgeskryf het en die klinkende munt wat ingevoer is soos byvoorbeeld blyk uit die feit dat die kopermuntstukke teen 'n premie van 100 persent in omloop gebring is.[51]

Handelaars het die premie wat hulle op wissels of klinkende munt betaal het, verhaal deur die prys van sy ingevoerde goedere proporsioneel te verhoog. Met verwysing na die voordeel wat die regering uit die premie getrek het, het Barrow verklaar: "the exchange might operate as a trifling indirect tax on the consumer of foreign articles, which the increased prosperity of the Colony very well enable them to pay."[52]

Die kolonie se nadelige handelsbalans was grootliks verant-

---

46) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Advertensie, 2/1/1802, 28/1/1802), pp. 268-269.
47) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 8, 16 en 24/12/1802), pp. 286-290.
48) G.M. Theal: Records of the C.C., V (Instructions to British Agent, 19/2/1803), p. 153; G.M. Theal: Records of the C.C., IX (Memorandum by Dashwood, not dated), pp. 473-474; J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p. 341.
49) G.M. Theal: Records of the C.C., V (F. Dundas -- Hobart, 1/3/1803), p. 172.
50) Acc. 45 Statement of Revenue and Expenditure: Amount of Money imported from Britain, 1795-1803.
51) Vgl. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 190-194.
52) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 192.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

woordelik vir sy monetêre probleme. Die besetting was te kort van duur om enige hervormings aan te bring en die Britse bewind was uiteindelik deur omstandighede genoodsaak om die papiergeld wat die heeltemal wou intrek, te vermeerder.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK V111

GODSDIENS EN ONDERWYS.

Ten tye van die bewindsoorname en ook daarna was die Calvinisme die gevestigde godsdiens van die kolonie en die Gereformeerde Kerk die gevestigde Kerk. Gedurende die Kompanjiesbewind is ander denominasies, sektes en godsdienste verdra, maar hulle is nie aangemoedig nie. Koloniste van Duitse afkoms, wat meestal Lutherane was, het teen die einde van die agtiende eeu verlof ontvang om 'n kerk te bou, maar selfs tóé is hulle nie toegelaat om 'n toring en 'n klok op te rig nie. Onder die Maleise slawe het die Islam groot aanhang geniet. Hulle kon nie verlof kry om 'n moskee te bou nie het gevolglik in 'n steengroef buite Kaapstad dienste gehou.[1)]

In die kapitulasievoorwaardes is die waarborg aan die koloniste gegee dat hulle hul bestaande godsdiens onveranderd mag behou. Die Britse bewind het ook voortgegaan om amptenare van die Gereformeerde Kerk te besoldig. In die instruksies wat Macartney ontvang het, is hy daarop gewys dat die reëling van kerklike aangeleenthede 'n saak van die grootste belang was. Waar die godsdienstige regte van die koloniste geraak word, moes hy geen reëling tref wat nie tot hul bevrediging strek nie. Hy moes gewetensvryheid en vryheid van aanbidding toelaat vir alle ingesetenes op voorwaarde dat dit nie vir die regering aanstoot gee nie.[2)]

Die Britse bewindhebbers het uit die staanspoor aktief belang gestel in wat op kerklike gebied aangaan. Hulle was bewus van die belangrike plek wat die Kerk by die Kaapse koloniste ingeneem het, en hulle wou, net soos in Engeland, van die godsdiens en die Kerk 'n steunpilaar vir die owerheidsgesag maak. Hulle het derhalwe van die begin af tussen die regering en die Kerk 'n gevoel van solidariteit probeer kweek. Die Britse vyand, Frankryk, is steeds as 'n teenstander van die godsdiens, deug en goeie orde voorgestel.[3)] 'n Opstand was volgens die Britse bewindhebbers nie net 'n misdaad teen die landsgesag nie, maar ook 'n sonde in die oë van God. Craig het in 'n proklamasie wat na aanleiding van die Graaff-Reinetse opstand van 1795-1796 uitgereik is, verklaar dat hy staat maak op dié koloniste wat gelei word deur beginsels van godsdiens en moraliteit om die vrede te verdedig teen diegene wat dit op 'n

---

1) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, 11, p. 146.
2) G.M. Theal: Records of the C.C., 1 (Articles of Capitulation, 16/9/1795), p. 129; G.M. Theal: Records of the C.C., 11 (Instructions to Macartney, 30/12/1796), p. 15; B.R. 33 Bijlagen: Lyst der Civiele Coloniale Bediendes van het Engelsche Gouvernement, pp. 60-63.
3) B.O. 53 Letters Despatched: F. Dundas - Burger-kolleges, 21/6/1799, no. 266.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

diaboliese wyse wou versteur.[4] 'n Predikant soos Ds. M.C. Vos het in dieselfde gees en gesindheid gepraat. Na Lucas se oorgawe in Saldanhabaai het hy in 'n kerkdiens die gemeente opgeroep om God te dank vir die wyse daarop by die geleentheid hul godsdiens, lewe en eiedom beskerm is.[5]

Die Britse bewindhebbers het ná die verowering dadelik geprobeer om die guns te wen van die predikante wat hulle beskou het as mense met groot invloed oor die burgers. Dit was regeringsbeleid om niemand toe te laat om leerstellinge te verkondig wat in stryd met dié van die gevestigde Kerk was nie.[6] Daar is ook dadelik opgetree teen iemand wat op die gebied van die Gereformeerde Kerk oortree het of sy gesag ondergrawe het. Elphinstone het byvoorbeeld dadelik opgetree toe 'n kapelaan 'n paartjie in die huwelik bevestig het aan wie verlof om te trou deur die plaaslike predikante geweier is.[7] Kort daarna het 'n vlootoffisier, kaptein H.E. Stanhope, wat nie geordend was nie, die sakrament van die doop in Kaapstad bedien. Elphinstone was daaroor baie ontsteld en wou Stanhope voor 'n krygshof daag, maar hy het toe alreeds sy skip verlaat.[8] Aan die sendelinge is streng opdrag gegee om nie sonder verlof van die plaaslike predikant en kerkraad vir kerklidmate te preek nie.[9]

Daar het egter mettertyd probleme ontstaan. Dit wil voorkom of die Britse bewindhebbers, nadat die Britse gesag stewig gevestig was, hom minder gesteur het aan wat Moorrees "die regte van die gevestigde Kerk" noem. Toe dié Kerk geweier het om sekere vry gekleurdes en vrygestelde slawe te doop, het die regering toestemming verleen dat die militêre kapelaan aan hulle die sakrament bedien.[10] In 1799 het die militêre kapelaan, eerwaarde T. Tringham, 'n buiteegtelike kind van 'n vrou uit die Stellenbosse gemeente gedoop. Die kerkraad het dadelik beswaar aangeteken omdat die vrou nog onder sensuur was en die Goewerneur versoek "dat tot bewaring van de

---

4) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 7/10/1795 en 14/3/1796), pp. 4-5, 30-33; B.O. 50 Letters Despatched: Macartney-Vos, 22/9/1797, no. 305.
5) G.M. Theal: Records of the C.C., 1 (Craig- H. Dundas, 29/8/1796), pp. 447-448.
6) Vgl. B.O. 53 Letters Despatched: F. Dundas - Kerkraad van Stellenbosch, 21/7/1799, no. 25.
7) G.M. Theal: Records of the C.C., 1 (Bevel deur Elphinstone, 4/10/1795), p. 178.
8) G.M. Theal: Records of the C.C., 1 (Elphinstone-Nepean, 15/10/1795), pp. 196-197.
9) B.O. 54 Letters Despatched: Ross-Serrurier, 7/1/1802 no. 393.
10) A. Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, p. 433; B.O. 56 Day Book, 15/4/1798, 10/5/1798, 12/11/1798, pp. 239, 258, 321.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

goede orde in het kerklijke voortaan elk in zijn districht mogte blijven."[11] Op bevel van die Goewerneur het Tringham n verduideliking aan die kerkraad gegee. Dit het die kerkraad nie bevredig nie, maar hulle het besluit om die saak daar te laat.

Die kerkraad van Kaapstad was intussen baie ontstig oor "het willekeurig gedrag van den Engelschen garnizoens-predicant, welke, voor betaling van wijnig geld, Jooden en Heidenen, die zich maar aanbooden, doopten."[12]

Net ná die Britse verowering het dit duidelik geword dat die Lutherane hulle nie langer gebonde geag het aan die beperkinge wat die vorige regering hulle opgelê het nie. Gedurende die Kompanjiesbewind was ds. Kolver van die Lutherse Kerk verbied om die kinders van Gereformeerde moeders wat met Lutherse mans getroud was, te doop. Toe die Gereformeerde kerkraad in 1796 verneem het dat ds. Kolver dogters van Gereformeerde moeders gedoop het, het diè liggaam nie die vrymoedigheid gehad om by die regering daarteen protes aan te teken nie. Daar is wel besluit om die voorsitter af te vaardig om met ds. Kolver oor die saak te praat, maar laasgenoemde het verklaar dat hy hom nie meer aan die ou bepalinge omtrent die doop steur nie. Die Gereformeerde Kerkraad het hulle daarby berus.[13]

n Besonder netelige probleem wat gedurende die Britse bewind opgeduik het, was die posisie van sendelinge. Die vraag het byvoorbeeld ontstaan of hulle die sakramente mag bedien. Ds. Borcherds het hom op die standpunt gestel dat sendelinge van die Londense en Nederlandse Sendinggenootskappe nie as geordendes beskou kan word nie aangesien ordening net deur n klassis kon geskied. In 1801 het die Kaapse kerkraad bepaal dat niemand die reg het om in n gemeente sonder die predikant se verlof eredienste te hou nie.[14]

Alhoewel die Kerk daarin geslaag het om die bediening van die sakramente deur sendelinge, wat hulle as ongeorden beskou het, te voorkom, het die sendelinge tog al hoe meer die bearbeiding van die

---

11) W.B. van der Vyver: Die Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente, 1800-1830, p. 238.
12) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, I (Brief van Kerkraad van Kaapstad, 8/6/1803), p. 591.
13) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, II (Notule van Kaapse Kerkraad, 2/5/1796, 6/6/1796), p. 354; J. Hoge: Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap, p. 150.
14) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, II (Notule van Kerkraad van Kaapstad, 28/6/1801), p. 360. Vgl. hierin ook Notule van Kerkraad van Stellenbosch, 28/6/1801, Notule van Drakenstein, 25/6/1803, pp. 416-417, 481.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

heidene op hulle geneem, selfs binne die grense van bestaande gemeentes. Hulle het ook vir Christene gepreek en op Stellenbosch wou die sendeling Bakker sy godsdiensoefeninge gelyktydig met die erediens hou. Dit het die Kerk baie verontrus. Die aangeleentheid word in die hoofstuk oor sending uitvoeriger bespreek.[15)]

Oor die algemeen kan gesê word dat die oorheersende posisie van die Gereformeerde Kerk gedurende die Britse besetting aansienlik verswak is. Die Britse owerheid het dit nie doelbewus probeer bewerkstellig nie, maar dit het voortgespruit uit die feit dat die intieme band tussen die Gereformeerde Kerk en die owerheid nie meer bestaan het nie en dat die Britse bewind meer verdraagsaam was teenoor ander Kerke.

Die bewindsoorname in 1795 het formeel nie veel verandering teweeggebring in die verhouding tussen die Kerk en die owerheid nie. Die Britse owerheid het eenvoudig die plek van die Kompanjiesowerheid ingeneem. Generaal Dundas het by geleentheid daarop gewys dat hý die hoof van die kerk was en ten opsigte van alle aangeleenthede rakende "that sacred Department" volmag besit. In ŉ geskil wat in 1801 ontstaan het tussen ouderling Brink en J.I. Rhenius, die Kommissaris-politiek, wat soos in die Kompanjiestyd namens die regering sittings van die kerkraad van Kaapstad bygewoon het, het generaal Dundas gevra dat al die feite aan hom voorgelê word sodat hy ŉ finale beslissing kon vel.[16)]

Net soos in die Kompanjiestyd het die Britse regering ook oor die kerkfondse beheer uitgeoefen. Predikante moes aan die regering verslag doen oor die administrasie van hul gemeentes se fondse. Die kerkraad van Stellenbosch is byvoorbeeld in 1799 verbied om ŉ orrel te koop of te bestel voordat hulle die fondse daarvoor verkry het.[17)]

Die regering het ook beheer uitgeoefen oor die plasing van predikante wat, soos in die Kompanjiestyd, regeringsamptenare was.

---

15) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 1 (Excerpten uit vir vermiste brievin), pp. 589-593.

16) B.O. 54 Letters Despatched: F. Dundas - Kerkraad van Kaapstad, 11/9/1801, 3/10/1801, nrs. 229, 257; (Kerkargief) G.1 5/3 Gemeente Kaapstad Inkomende Briewe: Brink - Kerkraad, 18/8/1801, p. 19; B. Booyens: Kerk en Staat, 1795-1843, pp. 40-41.

17) B.O. 51 Letters Despatched: Barnard-Vos, 25/1/1798, no. 24; B.O. 53 Letters Despatched: Ross - Kerkraad van Stellenbosch, 7/12/1799, no. 193.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die regering het van hierdie mag gebruik gemaak om die gemeentes van Graaff-Reinet en Swellendam te dwing om kerkgeboue op te rig. Toe die Graaff-Reinetters in 1797 Macartney om n predikant versoek het, het hy beloof dat hy een sou stuur sodra hy verneem dat die gemeente n kerkgebou en n pastorie opgerig het. Nadat die Graaff-Reinetters hul bereidwilligheid te kenne gegee het om uit hul eie sak n behoorlike kerkgebou en pastorie op te rig, is Ds. Ballot in 1798 as predikant vir Graaff-Reinet aangestel.[18] Dit sou hom egter vry staan om ná twee jaar terug te keer indien daar teen daardie tyd nog nie n behoorlike kerkgebou bestaan nie. Aanvanklik is besluit om die ou kerk van Graaff-Reinet te herstel, maar vroeg in 1799 het die kerkraad besluit om liewer die fondse wat ingekom het aan die bou van n nuwe kerk te bestee. In September 1800 is die halfvoltooide kerkgebou, opgerig met die fondse van die gemeente, ingewy. Kort daarna het die regering Ds. Ballot verplaas ter beloning vir sy pogings om gedurende die opstand van 1799 die orde te herstel.[19] Dit is nie bekend wanneer die kerkgebou voltooi is nie.

Die regering het dieselfde metode gebruik in die geval van die gemeente Swellendam wat in 1798 gestig is. Op 3 Mei 1798 het Macartney Ds. Von Manger as predikant op Swellendam aangestel op voorwaarde dat n kerk daar binne twee jaar gebou word. Dit was n opdraende stryd om die nodige fondse bymekaar te maak. n Lening van 12,000 guldens is by die kerkraad van Kaapstad aangegaan en Ds. Von Manger het van die regering verlof ontvang om die ingesetenes vir bydraes tot die kerkboufonds aan te slaan. Vroeg in 1801 het die landdros en heemrade van Swellendam egter gevra dat die fondsinsameling tydelik gestaak word omdat die ingesetenes as gevolg van die grensoorlog en die droogte baie verarm was. Yonge het die versoek toegestaan, maar genl. Dundas, wat in April 1801 die bewind oorgeneem het, het die wens uitgespreek dat die kerkgebou so gou moontlik voltooi moet word. Verdere lenings is waarskynlik toe aangegaan, en die regering het self hout geskenk. In November 1801 kon die kerkraad berig dat die kerk so pas voltooi was. Daar het egter n skuld van 22,624 guldens op die gemeente

---

18) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney-Bresler, 6/10/1797, no. 324; B.O. 27 Letters from Graaff Reinet: Bresler-Macartney, 26/1/1798, no. 361; B.O. 51 Letters Despatched: Barnard-Ballot, 2/2/1798, no. 35.

19) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Graaff-Reinetse Kerkraad, 1798-1800), pp. 515-520.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gerus.[20)]

Die Britse bewind is in n moeilike posisie geplaas deur die verpligting wat op die regering gerus het om die Gereformeerde Kerk van predikante uit die buiteland te voorsien. Gedurende die Kompanjiestyd het die klassis van Amsterdam predikante gewerf, geordeen en by die regering aanbeveel. Ná die bewindsoorname het die band met die klassis in teorie bly voortbestaan, maar die oorlog het in die praktyk kontak onmoontlik gemaak. Daar was geen ander instansie wat die plek van die klassis kon inneem nie.[21)]

Toe die kerkraad van Kaapstad in 1798 generaal Dundas versoek om so spoedig moontlik die vakature te vul wat deur die afsterwe van een van die predikante veroorsaak is, het hy die Imperiale Regering hieroor ingelig, maar teen 1800 was daar nog niks uit Engeland verneem nie.[22)] Waarskynlik was dit vanweë die oorlog nie moontlik om Gereformeerde predikante te vind nie.

Gedurende die Britse bewind is die getal Gereformeerde predikante met slegs een aangevul, te wete ds. H.W. Ballot, n Nederlander, wat in 1797 uit die Ooste aangekom het.

Anders as in die geval van die Gereformeerde Kerk, was die regering nie daarvoor verantwoordelik om die Lutherse Kerk van predikante te voorsien nie. Sowel Yonge as Macartney het hulle egter ingespan om vir die Lutherse gemeente in Kaapstad n predikant in Europa te vind nadat ds. Kolver oorlede is. Danksy die pogings van Yonge het ds. C.H.F. Hesse in Oktober 1800 in die kolonie gearriveer, nadat die Imperiale Regering vir hom n voorskot van £150 vir reiskoste gegee het wat die Lutherse Kerk aan die Kaap moes terugbetaal.[23)] Intussen het die Lutherse kerkraad generaal Dundas versoek dat ds. Johannes Haas wat in Januarie 1799 by die Kaap aangekom het onderweg na Europa as predikant mag waarneem totdat n ander predikant uit Europa arriveer. Haas het nie die vreemdelingsertifikaat van die Imperiale Regering in Londen gehad nie, maar op aandrang van die Lutherse kerkraad het Dundas ingewillig dat Haas teen n borgtog van 5,000 Rds. aan die Kaap mag bly en as predikant

---

20) B.O. 51 Letters Despatched: Ross - Landdros en Heemrade van Swellendam, 3/5/1798 en F. Dundas - Kerkraad Swellendam, 31/12/1799, nos. 127, 396; B.O. 53 Letters Despatched: Barnard-Manger, 16/5/1800, no. 314; B.O. 54 Letters Despatched: Barnard-Faure, 21/3/1801 en Barnard-Manger, 28/5/1801, nos. 53, 117; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure-Yonge, 2/3/1801, no. 110; B.O. 34 Miscellaneous Documents: Kerkraad van Swellendam - F. Dundas, 7/11/1801, pp. 811-814.

21) B. Booyens: Kerk en Staat, 1795-1843, p. 66; C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 1, pp. 587-588.

22) G.M. Theal: Records of the C.C., 11 (Kerkraad - F. Dundas, 7/1/1799 en F. Dundas - H. Dundas, 23/1/1799), pp. 334-335, 343.

23) J. Hoge: Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap, p. 157.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waarneem. Ná Hesse se koms het Haas na Duitsland teruggekeer.[24)]

Die Lutherse Kerk het gedurende die Britse besetting gestadige groei ondervind. Hesse het aangaande sy gemeente gerapporteer dat dit nie 'n ryk gemeente is nie en dat dit in morele opsig só goed is "als men by eene uit individus van bykans alle natien bestaande kerk waarvan veele buiten de stad woonen, by de verdeeldheyd der familien in twee gezindheden, by gebrek aan doelmatige en genoegzaam onderwys der jeugd slechts verwachten kan."[25)]

Die Gereformeerde Kerk het teen 1795 uit die volgende gemeentes bestaan: Kaap, Stellenbosch, Drakenstein, Land van Waveren (Roodezand), Swartland en Graaff-Reinet. Swellendam het nie 'n aparte gemeente gevorm nie. Dit het in 1795 nog onder Tulbagh geval. In 1798 is in Swellendam 'n gemeente gestig. In die bestaande dokumente kon geen brief gevind word oor die datum van die stigting en die redes vir stigting nie. Die eerste brief is een van 3 Mei 1798 waarin Macartney aan die landdros en heemrade van Swellendam skryf dat hy ds. Von Manger as predikant van die nuwe gemeente aanstel. Die eerste kerkraadsvergadering het op 23 Julie 1798 plaasgevind.[26)]

Die Gereformeerde Kerk het gedurende die besettingstyd bestendig gegroei. Daar is ook by Paarl, in die gemeente Drakenstein, 'n kerk gebou. In 1799 is met die fondsinsameling begin en in 1800 het die bouwerk 'n aanvang geneem. Teen die einde van die besetting was die gebou feitlik voltooi.[27)]

Die tekort aan predikante was egter 'n stremmende faktor. Die gemeentes Waveren, Drakenstein en Graaff-Reinet was elkeen vir lang rukke sonder 'n predikant. Die regering was veral gretig dat in die opstandige Graaff-Reinet 'n predikant moes wees om die lidmate oor hul „heilige plig" van gehoorsaamheid aan die owerheid te onderrig. Daarom het die regering dankbaar van ds. Vos se aanbod om

---

24) G.M. Theal: Records of the C.C., 11 (Yonge-H. Dundas, 24/4/1799 pp. 422-423; G.M. Theal: Records of the C.C., 111 (Yonge-H. Dundas, 25/10/1800), p. 351; B.O. 51 Letters Despatched: Barnard - Lutherse gemeente, 8/1/1799, no. 409; B.O. 52 Letters Despatched: F. Dundas - Lutherse gemeente, 5/2/1799 en Ross - Lutherse gemeente, 11/2/1799, nos. 21, 34; J. Hoge: Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap, pp. 151-155.

25) Aangehaal deur J. Hoge: Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap, p. 157.

26) B.O. 51 Letters Despatched: Ross - Landdros en Heemrade van Swellendam, 3/5/1798, no. 127; W.A. Alheit: Gedankboek van die N.G. gemeente Swellendam, pp. 28-30.

27) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Drakensteinse Kerkraad), pp. 473-475, 482.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tydelik daar waar te neem, gebruik gemaak. In 1801 is selfs daaraan gedink om al die predikante in rotasie in Graaff-Reinet diens te laat doen totdat die Imperiale Regering 'n predikant vind wat permanent daar aangestel kon word.[28)]

In 1803, ná die besetting, is die volgende gegewens oor die kerklike lewe gedurende die besetting na die klassis van Amsterdam gestuur: In die gemeente Kaap het daar 703 lidmate bygekom, 2,132 is gedoop en 1,692 pare het in die huwelik getree. In Swartland het 287 lidmate bygekom en 566 is gedoop. In Waveren was die getalle onderskeidelik 419 en 1,071; in Stellenbosch was dit 336 en 665; en in Drakenstein was dit 333 en 838. Daar bestaan nie dergelike gegewens oor die gemeentes Swellendam en Graaff-Reinet nie.[29)]

In feitlik elke huis was 'n Bybel; daar is moeite gedoen om kinders te laat doop en te laat aanneem; baie waarde is aan die kerklike huwelik geheg; en groot afstande is afgelê om kerkdienste en Nagmaalvierings by te woon.[30)]

Die geskiedskrywer S.F.N. Gie het die godsdiens van die koloniste beskryf as 'n "somewhat frigid eighteenth century Calvinism ... an austere creed in which missionary zeal had no place."[31)] Die reisiger Lichtenstein, wat gedurende die Bataafse bewind aan die Kaap was, het opgemerk dat hy by die koloniste die deugde van naasteliefde en verdraagsaamheid gemis het,[32)] terwyl Semple, wat gedurende die eerste Britse besetting die Kaap besoek het, beweer het dat "they do not seem to perceive the admirable adaptation of the precepts of Christianity to every situation of common life."[33)] Hul houding en optrede teenoor die Nie-Blankes is veral aan die Oosgrens dikwels nie soseer deur die Nuwe Testamentiese gebooie van broederskap en naasteliefde bepaal nie, maar deur 'n opvatting, gebaseer op 'n vertolking van die Ou Testament, waarvolgens die Nie-Blankes vervloekte kinders van Gam is en gevolglik minderwaardig en onderhorig aan die Blankes sou wees.[34)]

---

28) B.O. 54 Letters Despatched: Ross - Kerkraad van Kaapstad, 5/11/1801, no. 289.
29) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 1 (Excerpten uit Vier Vermiste Brieven), p. 589.
30) V.C. 105 Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop, pp. 149-151, S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, 11, pp. 24-30; P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, pp. 56, 171-172.
31) S.F.N. Gie: The Cape Colony under Company Rule (Cambridge History of the British Empire, V111, p. 165).
32) E.C. Godle-Molsbergen (red.): Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd, 11 (Reis van Van de Graaff), p. 267.
33) R. Semple: Walks and Sketches at the Cape of Good Hope, p. 32.
34) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, 111 (Janssens - De Mist, 12/5/1803), p. 219; M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 128; B.R. 68 Bijlagen: Alberti-Janssens, 12/6/1805, p. 281.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ten slotte moet melding gemaak word van die Evangeliebediening aan die Engelssprekendes aan die Kaap. Die enigste Britse geestelikes wat gedurende die besetting aan die Kaap werksaam was, was militêre kapelane en vlootkapelane wat almal net 'n kort tydjie vertoef het. Hinchliff wys daarop dat die gevoel ongetwyfeld bestaan het dat dit nie die moeite werd was om 'n persoon aan te stel wat op 'n permanente grondslag die Britte geestelik kon bearbei nie.[35)]

Die kapelane was veronderstel om hul werksaamhede streng tot die garnisoen en die Britse inwoners te beperk. Soos hierbo geblyk het, het hulle hulle nie hierby gehou nie en soms heidene gedoop - tot die misnoeë van die Gevestigde Kerk.

Teen die einde van die agtiende eeu het onder die koloniste 'n noue verband tussen kerk en onderwys bestaan. Die onderwys was hoofsaaklik daarop gerig om leerlinge vir kerklidmaatskap voor te berei en die Kerk het 'n belangrike rol in die keuring van onderwysers gespeel.[36)]

Ten tye van die Britse verowering was daar die volgende opvoedkundige inrigtings in die kolonie: In Kaapstad was die openbare laerskole waar kinders in die Christelike leer onderrig is en ook geleer is om te lees, te skryf en te reken. Daar was ongeveer agt van hierdie skole, met 'n gesamentlike leerlingtal van tussen 700 en 800. Die skole was vir hul bestaan aangewese op skoolgelde wat deur leerlinge betaal is, en het geen finansiële hulp van die regering ontvang nie. Die Lutherse Kerk en die Gereformeerde Kerk het ook elkeen 'n kerkskool gehad waar 'n kerklike amptenaar of 'n lidmaat van die kerk hoofsaaklik aan behoeftige kinders en weeskinders onderrig gegee het. Daar het ook 'n skool vir regeringslawe bestaan. Op 'n heelwat hoër peil was die Latynse skool wat in 1793 tot stand gekom het. Hier is meer gevorderde onderrig, onder andere in Frans en Latyn, gegee. Daar was ook 'n aantal privaatskole, terwyl 'n paar ingesetenes hul kinders oorsee gestuur het vir hul opvoeding.[37)]

In die binneland was op Stellenbosch, Drakenstein, Roodezand, Swartland, Graaff-Reinet en Swellendam, voorleserskole waar elementêre onderwys gegee is.[38)] Die ouers wat te ver van die skole af

---

35) P. Hinchliff: The Anglican Church in South Africa, p.4.
36) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, pp. 86-91; G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, 111 (Memorie van E. Bergh, ongedateer, Janssens - De Mist, 16/4/1803), pp. 114-116, 212.
37) F. le Vaillant: Reizen in de Binnenlanden van Afrika, 1, p. 126; R. Percival: An Account of the Cape of Good Hope, pp. 112-113; (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. t. 3 Macartney Letter Book: Macartney-H. Dundas, 15/12/1797, pp. 53-54; P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, pp. 243-256.
38) Vir 'n beskrywing van een van hierdie skole vgl. P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, pp. 18-22.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gewoon het, het gewoonlik huisonderwysers gehuur om hul kinders te onderrig. Hierdie sogenaamde "boereskoolmeesters" was dikwels oud-matrose of oud-soldate wat self nie oor n goeie opvoeding beskik het nie. Regeringsamptenare het hulle daarvan verdink dat hulle in die binneland rewolusionêre beginsels versprei en die koloniste teen die regering aangehits het.[39] Goewerneur Janssens het hulle "meest waanwijs, en selden wijs" genoem.[40] Hoe dit ook al sy: hulle het, in die afwesigheid van skole en opgeleide onderwysers, daarvoor gesorg dat die koloniste oor die algemeen wel geletterd was.[41]

Aan die begin van die negentigerjare van die agtiende eeu is in Kaapstad n vasberade poging van stapel gestuur om die onderwys te verbeter. Onder leiding van die Raad van Skolarge, aan wie se toesig die onderwys toevertrou was, is n skoolfonds gestig. Daar is beplan om met hierdie fonds drie verskillende soorte skole op te rig en om bekwame leerkragte van Europa te lok om die poste te vul. Ongeveer 70 000 guldens in kontant en obligasies is deur die ingesetenes van Kaapstad tot die fonds bygedra, en dit was met n deel van hierdie geld dat die Latynse skool - die hoogste klas skool - in 1793 tot stand gekom het.[42] Kort daarna is die Kaap verower en die vraag was toe: Hoe sou die Raad van Skolarge se planne deur die bewindsverandering geraak word?

In Mei 1796 het die Skolarge aan Craig n staat van die skoolfonds gestuur.[43] n Paar maande later het hulle die dringende behoefte aan onderwysers uit Europa beklemtoon en Craig versoek om tot die Imperiale Regering vertoë te rig om Nederlandse onderwysers wat gewillig was om in die kolonie onderwys te gee, in Britse skepe uit te bring.

Craig het gevoel dat die saak liewer moes oorstaan tot tyd en wyl die Imperiale regering se voornemens oor die bestuur van die

---

39) B.R. 68 Bijlagen: Alberti-Janssens, 12/6/1805, p. 285; G.R. 16/1 Letters Despatched: Barnard-Bresler, 14/12/1798, p. 342.
40) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Janssens-De Mist, 16/3/1803), p. 212.
41) J. Hoge: Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die Agtiende Eeu; P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, pp. 123-140.
42) G. 24-63 Report of the Commission to inquire into the Government Educational System, pp. ix-x; P.S. du Toit: Onderwys onder die Kompanjie, pp. 202-206; A.J. Böeseken: Die Nederlandse Kommissarisse, pp. 53-54.
43) B.O. 29 Letters from Churches: Kollege van Skolarge - Craig, 18/5/1796 en 24/1/1797, nos. 20, 36. Die staat kon nie opgespoor word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kolonie bekend was.[44)]

Teen die einde van 1796 het Macartney sy instruksies as Goewerneur ontvang. Onder andere moes hy aan die Imperiale Regering verslag doen oor die stappe wat nodig was vir die oprigting en instandhouding van skole in die kolonie waar die jeug 'n behoorlike opvoeding kon ontvang en in die beginsels van die Christelike godsdiens onderrig kon word. Niemand mag 'n skool aangehou het sonder 'n lisensie van die Goewerneur nie. Die Goewerneur moes voor hy 'n lisensie uitgereik het eers sorgvuldig die karakter en kwalifikasies van die aansoeker in oorweging neem.[45)]

Macartney het veel minder uitvoerig oor die onderwys as oor ander aangeleenthede van die administrasie gerapporteer. Al wat in dié verband gevind kan word, is 'n konsep van 'n brief gedateer 27 April 1798. Hierin meld hy dat hy, in nakoming van sy instruksies, met die verskillende predikante oor die opvoeding van die jeug beraadslaag het. Omdat hy gevoel het dat so 'n belangrike saak nie aan hulle alleen toevertrou moes word nie, het hy die fiskaal, W.S. van Ryneveld, wat volgens hom die kolonis was wat die beste ingelig is, gevra om 'n memorandum oor dié onderwerp op te stel. Macartney het die memorandum na die Imperiale Regering deurgestuur. Hy het opgemerk dat die gedagtes wat hierin uitgespreek word, weloorwoë was en met dié van die predikante ooreenstem.[46)]

Volgens Macartney was daar ten opsigte van die onderwys twee struikelblokke. Een daarvan was 'n gebrek aan fondse. Dit is nie heeltemal duidelik wat die posisie met betrekking tot fondse vir die onderwys was nie. Volgens die historikus P.S. du Toit is van die einde van 1792 tot die einde van 1794 die volgende tot die skoolfonds bygedra: in kontant 24,800 guldens en in obligasies 46,375 guldens. (Die obligasies was 'n verpligting wat 'n skenker aangegaan het om op die tydstip wanneer dit hom pas 'n sekere bedrag tot die skoolfonds by te dra. Intussen sou hy jaarliks die gewone rente op daardie bedrag by die skoolfonds inbetaal). In dieselfde tydperk was die vernaamste uitgawes wat die Skolarge aangegaan het

---

44) B.O. 29 Letters from Churches: Serrurier e.a. Craig, 20/9/1796, no. 21; B.O. 49 Letters Despatched: Ross-Serrurier e.a., 24/9/1796, no. 268.

45) G.M. Theal: Records, 11 (Instructions to Macartney, 30/12/1796) p. 15.

46) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Konsep-brief van Macartney, 27/4/1798, no. 474. Die konsep is nie as 'n brief in een van Macartney se brieweboeke opgeneem nie en die memorandum het verlore gegaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

15,200 guldens vir die koop van 'n huis en 5,669 guldens vir werk daaraan. Teen die einde van 1794 was daar nog net 439 guldens aan kontant oor. Du Toit verklaar nou: „Teen die begin van 1795 ..... [het] 'n Latynse skool ..... bestaan en 'n aansienlike som geld was tot die beskikking van die Skolarge. Dit is dan ook sonder twyfel gedeeltelik toe te skryf aan die skommelinge op politieke gebied en die feit dat die Kaap kort hierna van eienaar(sic) verander het, dat verdere uitvoering van die grootse plan van die Skolarge 'n dooie letter gebly het."[47)]

Dit wil egter voorkom of daar ná die verowering nie veel geld tot beskikking van die Raad van Skolarge was nie. Barrow skryf dat almal beloof het om by te dra, maar dat min met geld na vore gekom het. Waarskynlik was die politieke onsekerheid daarvoor verantwoordelik. Dit lyk beslis of na die verowering baie koloniste wat obligasies geteken het nie die kapitaal gestort of die rente op die obligasies betaal het nie. In 1802, nadat die nuus van die teruggawe van die Kaap ontvang is, het in die Cape Town Gazette 'n kennisgewing verskyn waarin koloniste versoek is om hul verpligtinge teenoor die skoolfonds na te kom, en daar is bygevoeg: "It is hoped that the respective subscribers will more readily comply with this request, as in the present circumstances of a general peace, there will be no hindrance to affect entirely the intended scheme planned for the most desirable object in this colony, the Education of [the] Youth ...."[48)]

Volgens Macartney was die tweede vername struikelblok in die weg van die verbetering van die onderwys die gebrek aan geskikte onderwysers. Macartney het aan Henry Dundas voorgestel dat twee of drie bevoegde persone wat Engels en Hollands volkome magtig is, na die Kaap uitgestuur word.[49)] Vanweë die oorlog was sulke persone moeilik om te vind, en gevolglik het hiervan niks gekom nie.

In 1800 het Yonge weer die saak aangeroer. Hy het na Londen geskryf dat sterk vertoë tot hom gerig is om as 'n saak van dringende belang die kwessie van onderwys aan die Imperiale Regering voor te lê. Yonge, wat self oor die onderwys bekommerd was, het voorgestel dat drie of vier predikante met 'n opleiding in die Klassieke deur die regering as skoolmeesters in diens geneem word. Hulle moes in die posisie gestel word om hul salaris met die skoolgeld van leer-

---

47) P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, p. 226.
48) The Cape Town Gazette, 11/9/1802.
49) (Gubbins) A.88 Macartney Papers: Konsep-brief van Macartney, 27/4/1798, no. 474.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

linge aan te vul.[50)]

Ook op hierdie voorstel het die Imperiale Regering nie geantwoord nie, en Yonge en generaal Dundas het die saak nie verder gevoer nie. Die gevolg was dat die onderwys van die Blankes[51)] gedurende die Britse besetting nie veel vordering gemaak het nie. Die regering het verlof toegestaan dat 'n tweede skoolmeester in die dorpskool van Swellendam aangestel word,[52)] en dat 'n tweede skool op Stellenbosch tot stand kom.[53)]

Hierdie tweede skool het baie moeilikheid veroorsaak. Na die dood in 1800 van die bekende skoolmeester George Knoop, is Jan Frijling in sy plek aangestel. Kort daarna het die kerkraad besluit om 'n tweede skool met ene Storm as skoolmeester te stig, en daar is bepaal na watter skool ouers hul kinders mag stuur. Moeilikheid het ontstaan omdat Storm nie die grensreëling eerbiedig het nie, en toe Storm later bedank, het Frijling die kerkraad versoek om die tweede skool tot niet te maak, maar sy versoek is tot sy bittere verontwaardiging geweier en die twee skole het teen die einde van besetting nog naas mekaar bestaan.[54)]

In Kaapstad het die regering, ná oorleg met die Raad van Skolarge, in 1801 'n versoek van ene Rouxbaix en B. de la Motte goedgekeur om 'n akademie op te rig "for instructing 40 Young Ladies and Gentlemen in the English and French and Dutch languages as well as in Morality, Arithmetic and Composition of all kinds of Letters."[55] Dit is nie bekend of die skool wel opgerig is nie.

Daar kan aangeneem word dat terwyl Brittanje nog nie van die permanente besit van die Kaap verseker was nie nòg die Imperiale Regering nòg die Kaapse regering daadwerklik die onderwys sou probeer hervorm. 'n Kommissie van Ondersoek van die Kaapse Parlement het in 1863 tot die gevolgtrekking gekom dat die skema ter verbete-

---

50) G.M. Theal: Records of the C.C., 111 (Yonge- H. Dundas, 29/3/1800), pp. 90-91.
51) Die onderwys van die Nie-Blankes word onder Kerk en Sending bespreek.
52) B.O. 51 Letters Despatched: Sekretaris - Manger en Kerkraad, 28/2/1798, no. 392.
53) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Kerkraad van Stellenbosch - Yonge, 13/5/1800, no. 392.
54) W.B. van der Vyver: Die Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente, pp. 276-277.
55) B.O. 34 Miscellaneous Documents: Petisie van La Motte en Rouxbaix, 26/9/1801, pp. 791-794; B.O. 57 Day Book, 15/10/1801, p. 164; J.A. de Mist: Memorandum, p. 48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ring van die onderwys wat gedurende die laaste jare van die Kompanjiesbewind gebore is, deur die Britse verowering onmoontlik gemaak is. Daar word bygevoeg: "The difficulties consequent on the introduction of a new language and submission to new authorities provisionally undertaking the government were not favourable to the progress of the educational work which had just been commenced."[56)]

Vordering is egter nie soseer deur die bewindsverandering en die nuwe taal gedwarsboom nie, maar deur die gebrek aan fondse en ook die tekort aan bevoegde onderwysers, wat deur die oorlog veroorsaak is.

---

56) G. '24 -63 Report of Commission to inquire into the Government Educational System, pp. x-xi.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK IX

DIE SENDING.

Die sendingywer wat gedurende die laaste dekades van die agtiende eeu in Europa posgevat het, het by die Kaapse koloniste wisselende reaksies uitgelok. Aan die een kant was daar koloniste, veral in Graaff-Reinet en ook in die omgewing van Baviaanskloof, wat teen sendingwerk beswaar gemaak het uit vrees dat dit tot gelykstelling tussen Blank en Nie-Blank en tot die ondergrawing van Blankes se gesag sou lei.[1)]

Daar was ook koloniste wie se verset teen sendingwerk 'n ekonomiese motief gehad het. Die koloniste was veral sterk gekant teen sendinginstitute,wat anders as die sogenaamde sendingstasies, oor grond vir die verblyf van en gebruik deur inboorlinge beskik het.[2)] Die arbeidstekort wat daar in die kolonie geheers het, is vererger deur Hottentotte wat hulle op sendinginstitute gevestig het. Die institute was vir die Hottentotte 'n toevlugsoord waar hulle 'n sekere mate van onafhanklikheid kon geniet. Daaroor was sommige koloniste ontevrede.

Voorts was daar teenkanting van die kant van sommige Gereformeerde predikante oor die wyse waarop sendingwerk in sekere gevalle aangepak is. Een van hulle was ds. Borcherds van Stellenbosch, wat 'n voorstander was van slegs een kerk - die Gereformeerde Kerk - in die kolonie. Hy was bevrees dat sendinggenootskappe wat onafhanklik van dié Kerk bestaan tot afwykings ten opsigte van die kerkleer en uiteindelik selfs verbrokkeling op kerklike gebied sou lei. Om die rede was hy ten gunste daarvan dat net dié Kerk binne die grense van bestaande gemeentes sendingwerk onderneem.[3)]

Die sendingaksie het egter ook onder die koloniste ondersteuners gehad. Daar was baie koloniste wat hulle bediendes saam met die gesin vir huisgodsdiens laat vergader het en sendingwerk onder hulle gedoen het. Daar was ook predikante soos ds. M.C. Vos van Roodezand en Ds. H.R. van Lier van Kaapstad wat hulle vir die sending beywer het.[4)]

---

1) Transactions of the Missionary Society, 1, p.482; M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 109; J.W. Moodie: Ten Years in South Africa, 1, p. 158; Gleanings in Africa, pp. 239-240.

2) P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh 1799-1830, p. 14.

3) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch - Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 8/6/180, 8/3/1803), pp. 417-419; J. du Plessis; A History of Christian Missions in S.A., pp. 65-66, 75.

4) W.B. van der Vyver: Die Geskiedenis van die Stellenbosse gemeente. 1800-1830. p. 320.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit was deels op aansporing van Ds. van Lier dat die sinode van die Unitas Fratum (ook genoem Morawiese Broederskap) te Herrnhut in Duitsland besluit het om sendingwerk onder die Hottentotte te hervat amper 50 jaar nadat n poging deur Georg Schmidt doodgeloop het. In 1792 het drie sendelinge, te wete H. Marsveld, D. Schwinn en C. Kühnel, na die Kaap vertrek. Die regering het Baviaanskloof aangewys as die plek waar hulle hulle kon vestig.[5)]

In Baviaanskloof het reeds 200 Hottentotte gewoon, en ná die koms van die sendelinge het Hottentotte en gekleurdes uit alle oorde gekom om hulle daar te vestig. Die sendelinge het slegs na sorgvuldige oorweging volgelinge gedoop en in die gemeente opgeneem. Teen die einde van 1794 was daar vier Nagmaalgangers, ses katkisante, nege gedooptes en 17 kandidate vir die doop.[6)]

Teenstand teen die sendelinge se werksaamhede op die Baviaanskloof-instituut het egter begin oplaai. Veral Ds. Borcherds en sekere lede van die Stellenbosse kerkraad was sterk gekant daarteen. Hul houding het Sluysken genoop om aan die sendelinge verlof vir die bou van n kerk te weier. Boere in die omgewing was vyandiggesind omdat hulle beginselbesware teen sendingwerk gehad het en of omdat baie van hul werksvolk hul diens verlaat en hulle op Baviaanskloof gevestig het. Gedurende die Swellendamse opstand van 1795 het n groep "Nasionales" gedreig om die sendingstasie te verwoes. In n petisies aan die regering het die "Nasionales" verklaar dat hulle nie langer die Morawiërs sou toelaat om die Hottentotte te onderrig nie.[7)]

Ná n eis van Louis A. Pisani, die "Tweede Nasionale Kommandant", te wete dat die sendelinge Baviaanskloof binne drie dae moes verlaat, het hulle na Kaapstad gevlug, waar hulle op 3 Augustus 1795 aangekom het. Hier het hulle gevind dat die "Nasionales", waarskynlik onder druk van die Kapenaars, hul houding ten opsigte van Baviaanskloof verander het. n Leier van die "Nasionales" het hulle verseker dat hulle geen leed aangedoen sou word as hulle terugkeer nie. Op 7 Augustus het die sendelinge teruggekeer en hulle werksaamhede hervat.[8)]

---

5) B. Krüger: The Pear Tree Blossoms, pp. 47-53; T.N. Hanekom: Helperus Ritzema van Lier, pp. 203-204.
6) B. Krüger: The Pear Tree Blossoms, pp. 53-60.
7) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 6, 15; W.B. van der Vyver: Die Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente, 1800-1830, p. 320.
8) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 6-15, 26-42; B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Theunissen-Van der Riet, 1/3/1796, no. 53.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die bewindsverandering was tot voordeel van die werk op Baviaanskloof. Die Kompanjie het teen die einde toegegee aan die eise van die teenstanders van sendingwerk en dit was ook nie in staat om aan die sendelinge die nodige beskerming te verleen nie. Terwyl Sluysken verlof vir die bou van 'n kerk op Baviaanskloof geweier het, het Craig sodanige verlof toegestaan en die kerk is toe gebou. Craig het ook onderneem om die sendelinge en die Hottentotte wat hulle op Baviaanskloof wou vestig, te beskerm.[9)]

In Februarie 1796 het 'n groep koloniste egter weer gedreig om Baviaanskloof aan te val. In die voorafgaande weke het talle klagtes die Stellenbosse landdros, Van der Riet, bereik oor Hottentotte wat hulle op Baviaanskloof gevestig het terwyl hulle nog onder verpligting by die koloniste gestaan het.[10)] In Januarie 1796 het gerugte die rondte gedoen dat die Hottentotte van Baviaanskloof verjaag sou word.[11)] In Februarie was daar weer eens sprake van 'n aanval. Op 20 Februarie het die sendelinge na "Baas" Theunissen, die poshouer van die nabygeleë regeringspos Soetmelksvlei, oorgery om te verneem wat aan die gang was. Theunissen was vol verontskuldigings, maar het later erken dat 'n kommando van 100 koloniste op pad was. Volgens hom het die sendelinge niks te vrees gehad nie, maar wou die koloniste net die Hottentotte wat by hulle in die skuld was, kom haal en na hul plase terugneem.[12)]

Dit is nie bekend of die koloniste ook ander oogmerke gehad het nie en daar is geen bewys vir Barrow se bewering dat die koloniste die sendelinge wou vermoor nie.[13)] Die bedreiging was vir 'n aantal Hottentotte so groot dat hulle na Stellenbosch gevlug het, waar hulle aan Van der Riet gerapporteer het dat 39 gewapende koloniste by Soetmelksvlei opgedaag het met die doel om Hottentotte wat by hulle in die skuld was, met geweld van Baviaanskloof te verwyder. Nadat Craig van Van der Riet hiervan verslag ontvang het, het hy hom beveel om die koloniste mee te deel dat die regering van voorneme was om die strengste strafmaatreëls te tref indien Hottentotte enige leed aangedoen word. Die regering sou selfs aan die Hottentotte wapens en ammunisie verskaf om hulle in staat te stel om hulself teen verontregting te verdedig.[14)]

---

9) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 45-51.
10) (Genadendal) Briewe Britse Periode: Van der Riet - Sendelinge, Baviaanskloof, 12/2/1796.
11) (Genadendal) Briewe Britse Periode: Van der Riet - Sendelinge, Baviaanskloof, 20/1/1796.
12) (Genadendal) Diarum, 11, 20 en 21/12/1796, ongepag.
13) Vgl. J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, 1, pp. 311-312. Vgl. in teenstelling hiermee H. Lichtenstein: Reisen in südlichen Africa, 1, p. 246.
14) STB. 10/9 Inkomende Briewe: Craig-Van der Riet, 18/2/1796.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van der Riet het n afskrif van dié brief aan Theunissen gestuur en hom gevra om alles in sy vermoë te doen om moeilikheid te voorkom. Craig en Van der Riet se briewe het die gewenste uitwerking gehad, en die groep koloniste het uiteen gegaan. Craig het Van der Riet daarna beveel om die Hottentotte in kennis te stel dat hulle na Baviaanskloof kon terugkeer. Hulle moes egter hul skulde aan koloniste betaal, terwyl laasgenoemde onder die besef gebring moes word dat geskille oor geld geen regverdiging vir geweld teenoor Hottentotte was nie.[15)]

Na hierdie voorval het die koloniste se teenstand teen Baviaanskloof geleidelik afgeneem. Hulle het besef dat die werk aldaar ongeag hul teenstand sou voortgaan. Later het hulle ook die waarde van sendingwerk begin insien, en baie het verkies om gekerstende Hottentotte in diens te neem. Die boere van die omliggende plase het hul weiering om lewensmiddele aan Baviaanskloof te verkoop, laat vaar en ook kerkdienste op die instituut begin bywoon. Die kerkdiens op Kersfees 1797 is byvoorbeeld deur 150 Blankes bygewoon.[16)] Daar word ongelukkig nie vermeld hoeveel koloniste was en hoeveel soldate wat op Soetmelksvlei gestationeer was nie.

Geskille met die koloniste van buurplase oor die grense van die sendinginstituut het egter nog n geruime tyd voortgeduur. Die sendelinge was daarvan oortuig dat hul twee bure aan die suidelike en die oostelike kante op Baviaanskloof se grond oortree het. Na herhaalde klagtes van albei partye het genl. Dundas in 1802 n deeglike ondersoek na dié aangeleentheid gelas. Daar is toe bevind dat een buurman, W. Morkel, wel op die grond van Baviaanskloof oortree het. Hy is gevolglik streng verbied om sy vee oorkant die Sonderendrivier te laat wei. Die kommissie het egter bevind dat die plaas Oude Bakoven, ánders as wat die sendelinge gemeen het, wel tot anderkant die Sonderendrivier gestrek het. Omdat die eienaars geweier het om die grond oorkant die rivier af te staan, kon dit nie by die instituut gevoeg word nie. Ten einde Baviaanskloof se beboubare oppervlakte te vergroot, het die regering voorgestel dat n moerasagtige gebied naby die kerk drooggelê word.

---

15) STB. 20/30 Uitgaande Briewe: Van der Riet-Theunissen, 24/2/1799; B.O. 49 Letters Despatched: Craig-Van der Riet, 23/2/1796, no. 2; B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Theunissen-Van der Riet, 19/2/1796 en 21/2/1796, nos. 46 and 48.

16) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), p. 185.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie onderneming, wat die grawe van twee diep kanale genoodsaak het waarvan een amper drie myl lank was, is in 1802 aangepak maar eers verskeie jare later voltooi.[17)]

Daar is goeie vordering gemaak met die werk onder die Hottentotte op Baviaanskloof. In Mei 1798 was daar al 114 gedoopte volwassenes, 35 gedoopte kinders, 51 kandidate vir die doop, 100 mans en 200 vroue in die katkisasieklasse en 250 kinders in die skool. n Jaar later het die sendelinge vasgestel dat 1,234 persone in 228 huise op die instituut woonagtig was. Daarna het die getalle, weens sterfgevalle en n ernstige droogte, verminder en teen die einde van 1801 was daar net ongeveer 1,000 Hottentotte op die instituut. Die sendelinge het intussen tot tien aangegroei. J.P. Kohrhammer en sy vrou het in 1798 aangekom, en in 1800 het Schwinn, ná n reis oorsee, met n eggenote en met bruide vir Marsveld en Kühnel teruggekeer. Saam met hulle het gekom Christian Ludwig Rose, wat ook getroud was en hoof van die sendinginstituut geword het.[18)]

Intussen is n nuwe kerkgebou opgerig. In Augustus 1798 het die sendelinge n versoek tot Macartney gerig om op die instituut n groter kerk te bou en die bestaande kerkgebou, wat te klein geword het, in n woonhuis vir die sendelinge te omskep. Verlof is toegestaan en teen die einde van 1798 het die sendelinge besluit om n kerk van 60 by 40 voet te bou. Teen die begin van Januarie 1800 was die gebou reeds feitlik voltooi en dit is op 8 Januarie ingewy. Dit het onderdak aan ongeveer 1,000 persone verskaf.[19)]

Die sendelinge het n ewewigtige benadering in hul bearbeiding van hul volgelinge aan die dag gelê. Daar is baie aandag aan die geestelike aspek gegee. Klasse in godsdiensonderrig, Bybelstudie en bidure is gereeld gehou. Kort, kragtige en eenvoudige dienste is feitlik elke dag gehou. Die sendelinge het hulle nie net tot die kerstening van hul volgelinge beperk nie.

---

17) n Uitvoerige korrespondensie is hieroor gevoer. Vgl. o.m. Genadendal: Inkomende Briewe, Engelse Periode: Brief van Van der Riet, 22/9/1796 en 1/6/1799, Marsveld-Van der Riet 17/7/1798; B.O. 54 Letters Despatched: Ross-Baumgardt, 13/2/1802, no. 466; B.O. 55 Letters Despatched: Barnard - Morawiese Sendelinge, 15/3/1802, no. 11; Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 241, 273, 279; Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 111 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 85, 98, 100, 155-156.

18) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 183, 185, 188-190, 230, 245, 317, 372; Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 111 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), p. 91.

19) B. Krüger: The Pear Tree Blossoms, pp. 82, 84; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 149-153; Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof) pp. 280, 375-378.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Lichtenstein het opgemerk dat die sukses van die Morawiërs daaraan toe te skryf was dat hulle éérs die Hottentotte probeer beskaaf het voordat hulle 'n poging aangewend het om hulle te kersten.[20] Op sekere dae is onderwys gegee. Hier is leerlinge geleer lees en skryf, en meisies is ook geleer om te naai, te brei en om ander huislike take te verrig. Sommige het matte en besems gemaak en dit op naburige plase verkoop. 'n Smidswinkel is opgerig en daar is met die vervaardiging van messe begin. Daar is ook 'n korinmeul opgerig. Elke inwoner het 'n stukkie grond gehad waar groente en vrugte verbou is, terwyl almal tesame die landerye van die instituut bewerk het. Baie mense het periodiek op die omliggende plase gewerk.[21]

Die sendelinge het baie klem op die deugde van sindelikheid en arbeidsaamheid gelê. Die dissipline was streng, en strawwe het gewissel van verbanning of uitlewering aan die owerheid tot uitsluiting van die klasse en dienste. Dit was 'n ordelike gemeenskap. W.S. van Ryneveld in 1802 het opgemerk dat in die tien jaar wat die instituut bestaan het, hy nooit enige klagtes oor die ongeveer duisend Hottentotte wat daar gewoon het, ontvang het nie.[22] Die grootste klagte van die sendelinge was dat hulle moeite ondervind het om hul volgelinge tot groter hardwerkendheid aan te spoor.[23]

Baviaanskloof, wat gedurende die Bataafse bewind tot Genadendal verdoop is, het 'n goeie indruk gemaak op die meeste reisigers wat daar aangedoen het.[24] 'n Uitsondering was D.G. van Reenen wat dit in 1803 besoek het en teenoor Janssens opgemerk het dat die Hottentotte van die instituut vóór die oprigting daarvan van veel groter nut vir die land was toe hulle in die landbou en veeteelt bedrywig was.[25]

---

20) E.C. Godée-Molsbergen: Reizen in Zuid Afrika in de Hollandse Tyd, IV (Reis van De Mist), pp. 221-222.

21) W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlanden van Zuid Afrika, pp. 8-9; B.F. von Bouchenröder: Reize in de Binnenlanden van Zuid Afrika, pp. 90-96; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 308-312: H. Lichtenstein: Reisen in südlichen Afrika, I, pp. 246-254; Periodical Accounts, II (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 177, 184, 188, 276, 371.

22) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, III (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), p. 99; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 140-142.

23) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, III (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), p. 84; H. Lichtenstein: Reisen in südlichen Afrika, I, p. 253; J. Campbell: Travels in South Africa, pp. 94-95.

24) Vgl. o.m. J.A. Uitenhage de Mist: Diary of a Journey to the Cape of Good Hope, pp. 39-41; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 308-312; W.J. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa, I, pp. 77, 84.

25) D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., p. 20; Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, II (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), p. 188.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Van Reenen, as vooruitstrewende boer, was klaarblyklik besorgd oor die heersende arbeidstekort wat deur die totstandkoming van Baviaanskloof en die stigting van die Hottentotkorps vererger is. Baviaanskloof het 'n waardevolle rol in die opheffing van die Hottentotte gespeel het. Die sendelinge het ook opgetree as kampvegters vir die regte van die Hottentotte en het hulle teen verontregting probeer beskerm.[26)]

Gedurende die besetting was die regering deurgaans die sendinginstituut op Baviaanskloof goedgesind. Dit het goed ingepas by hul beleid om Hottentotte wat nie by die regering of die boere in diens wou tree nie, op nedersettings te vestig. Benewens 'n bydrae van 2,000 Riksdaalders vir die drooglegginggsprojek, het die generaal Dundas aan die sendelinge verlof toegestaan om 20 wavragte hout vir die kerk wat in 1799 gebou is, gratis te kap. Die sendelinge het hierdie hulp baie nodig gehad. Hulle het in die eerste elf jaar na die stigting van die sendingstasie 25,000 Riksdaalders uit Europa ontvang en hul owerhede het op besparing aangedring.[27)]

Benewens die werk op Baviaanskloof is gedurende die laaste dekade van die agtiende eeu op verskeie ander plekke in die westelike distrikte sendingwerk gedoen. In Kaapstad het 'n groep Christene die heidene bearbei en op sekere dae vir hulle dienste gehou. Op Stellenbosch het J.N. Desch en M.J. Bakker slawe onderrig, terwyl J.J. van Zulch dieselfde in Wagenmakersvallei gedoen het. Verskeie koloniste het op 'n ongeorganiseerde grondslag op plase en dorpe sendingwerk gedoen.[28)] Die Gereformeerde Kerk het self ook onder die Nie-Blankes gearbei. Volgens Hanekom is tussen 1665 en 1832 'n totaal van 3,086 slawe deur die Kerk gedoop.[29)] Van der Kemp het opgemerk dat die kerkgeboue van Kaapstad en omgewing vir die heidene oopgestaan het en dat daar vir hulle voldoende geleentheid was om in die Christelike leer onderrig te word en te leer lees.[30)] In Kaapstad het die kerk-

---

26) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, 11 (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), pp. 180-181.
27) B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Rose en Kühnel — F. Dundas, 28/3/1802, no. 92; H. Lichtenstein: Reisen in Südlichen Afrika, 1, p. 254.
28) M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en Lotgevallen van Michiel Christian Vos, pp. 118-126.
29) T.N. Hanekom: Helperus Ritzema van Lier, pp. 197-198.
30) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket C: Van der Kemp - London Missionary Society, 29/7/1801.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

raad byvoorbeeld 'n skoolmeester aangestel om slawe en ander heidene te onderrig. Slawekinders het, benewens die skool in die slawelosie, ook tot die gewone skole in Kaapstad toegang gehad. In 1782 was daar 82 slawekinders uit 'n totaal van 696 in hierdie skole wat hoofsaaklik onder die beheer van die Gereformeerde Kerk gestaan het.[31)]

Van 1799 af het die Londense Sendinggenootskap en ook die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap sendingwerk op 'n genootskaplike grondslag aangepak.

Die Londense Sendinggenootskap is in 1795 gestig. Dit was interdenominasionaal en ná die stigting het die genootskap omsendbriewe na Protestantse kerke in Europa gestuur waarin hul doelstellings bekend gemaak is. In Nederland het een van hierdie geskrifte in die hande gekom van dr. J.T. van der Kemp wat hom vroeër aan die Universiteit van Edinburg as mediese dokter bekwaam het.[32)] Sy aanbod om in diens van die Genootskap sendingwerk te gaan doen, is eenparig aanvaar deur die direksie wat hom na Londen ontbied het, waar hy ook as predikant geordend is. Die direksie het besluit dat hy die aangewese persoon was om as leier van die genootskap se beoogde sending in suidelike Afrika op te tree, maar dat hy éérs 'n sendinggenootskap in Holland moes stig.

Onder leiding van Van der Kemp het 40 persone toe op 19 Desember 1797 in Holland byeengekom en die Rotterdamse Sendinggenootskap, ook genoem Nederlandse Sendinggenootskap, gestig wat 'n filiaal van die Londense Sendinggenootskap was. Die eersgenoemde genootskap het twee weke ná sy stigting aan die moedergenootskap geskryf dat hulle 'n baie geskikte kandidaat vir sendingwerk gevind het, te wete die vier-en-twintigjarige J.J. Kicherer.[33)]

Op 31 Maart 1799 het Kicherer en Van der Kemp, tesame met twee ander sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, te wete W. Edwards en J. Edmonds, in Kaapstad gearriveer. Een van hul eerste take was om 'n plaaslike (dit wil sê inheemse) sendinggenootskap te stig. In 'n brief wat hulle saamgebring het, en wat van die kansels in die gemeentes Kaapstad en Roodezand afgelees is, is die plaaslike Christene gevra om met die Londense en Nederlandse Sendinggenootskappe saam te werk. Op 'n vergadering,

31) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, II (Resolusies Kaapse Kerkraad, 4/1/1802, 5/7/1804), pp. 361, 364, 366; P.S. du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795, pp. 183, 253.

32) Vir die vroeë lewe van Van der Kemp vgl. A.D. Martin: Doctor van der Kemp, pp. 12-63.

33) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 1, Jacket A: Van der Kemp -- Directors London Missionary Society, 26/7/1797; Hardcastle -- Van der Kemp, 18/9/1797; Instructions to Van der Kemp, ongedateer, Van der Kemp -- Haweis, 21/12/1797; Box 1, Folder 1, Jacket C: Nederlandse Sendinggenootskap -- London Missionary Society, 1/1/1798; R. Lovett: The History of the London Missionary Society, 1, pp. 5-42; Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 351-359.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gehou op 22 April 1799, is die "Zuid-Africaans Genoodschap ter bevordering van de Uitbreiding van Christus Rijk" gestig, waarvan al die direkteure Kaapse burgers was.[34] Een van die belangrikste take van die Suid-Afrikaanse genootskap was om as saakgelastigde vir die Londense en Nederlandse Sendinggenootskappe op te tree. Hulle het die sàlarisse van dié genootskappe se sendelinge uitbetaal, hul probleme probeer uitstryk, hul klagtes aangehoor en waar moontlik aan hulle hulp verleen.[35]

Oorspronklik het die vier sendelinge beplan om sendingwerk in Kafferland en onder die Namakwas te gaan doen. Nadat daar verneem is dat die Namakwas in 'n staat van oorlog verkeer, is besluit om gehoor te gee aan 'n versoek van die Boesmans aan die noordwestelike grens van die kolonie dat sendelinge na hulle uitgestuur word.[36] Kicherer en Edwards het gevolglik daarnatoe vertrek, terwyl Van der Kemp en Edmonds na die Bantoes anderkant die oosgrens van die kolonie vertrek het.[37]

Met ses waens vol lewensmiddele, 6o osse en 200 skape wat deur koloniste aan die sendelinge geskenk is, het Kicherer en Edwards op 6 Augustus 1799 by 'n plek naby die Sakrivier aangekom waar hulle hulle gevestig het tesame met C. Kramer, 'n kolonis wat, met die steun van die Suid-Afrikaanse genootskap, hom aan sendingwerk gewy het. Op "Blyde Vooruitzichtsfontein" het die sendelinge die moeilike taak om die Boesmans te kersten en te beskaaf, aangepak. Hulle het hulle met geskenke gelok en daarmee beloon wannneer hulle die erediens bygewoon en belydenis gedoen of gebid het. Kicherer het egter weldra begin twyfel of daar werklik met die werk onder die Boesmans vordering gemaak word.

---

34) Transactions of the Missionary Society, 1 (Van der Kemp - London Missionary Society, 13/5/1799), pp. 368-369: (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 22-23/4/1799, pp. 1-11.

35) Vgl. art. 14 van die grondwet van S.A. Genootskap in (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 1, Jacket D: Ontwerp van't Z.A. Genoodschap. Vgl. ook Box 1, Folder 3, Jacket D: Hardcastle-Van der Kemp, 3/11/1800 waar Van der Kemp aangeraai word om met die S.A. Genootskap te skakel. Vgl. ook Z.J. Lazarus: Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 92-94.

36) (Genadendal) Inkomende Briewe Britse Periode: Baviaanskloof Sendelinge-F. Dundas, 20/12/1798; Transactions of the Missionary Society, 1 (Van der Kemp -London Missionary Society, 13/5/1799), pp. 368-369.

37) J.J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen, pp. 10-12.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die taalprobleem was 'n struikelblok en die indruk het ook soms ontstaan dat die Boesmans slegs in die geskenke belanggestel het. Kort na Kicherer se terugkoms in Maart 1800 van 'n besoek aan Kaapstad, waar hy lewensmiddele gekoop en finansiële ondersteuning gaan soek het (by welke geleentheid hy 100 Riksdaalders van die Suid-Afrikaanse Genootskap en 136 skape en 4 koeie van die koloniste ontvang het), het Kicherer saam met J. Scholtz, 'n kolonis wat hom aan sendingwerk gewy het, na die suidelike oewers van die Sakrivier verhuis. Hul Boesman-leerlinge het hulle gevolg en 'n groot aantal Hottentotte en Baster-Hottentotte het hulle later by die sendeling gevoeg.[38)]

Enige maande later het 'n aantal Korannas daar opgedaag met die versoek dat sendelinge onder hulle by die Oranjerivier kom werk, Kicherer het ingestem omdat hy gemeen het dat sendingwerk onder die Korannas vanweë hul groter getalle en groter beskaafdheid, meer vrug sou afwerp as die werk onder die Boesmans en Hottentotte van die Sakrivier. Vergesel van Kramer, Scholtz, ongeveer 40 Hottentotte van die Sakriviergemeente en die sendeling W. Anderson, wat in 1800 deur die Londense Sendinggenootskap uitgestuur is, het Kicherer teen die helfte van 1801 na die Oranjerivier verhuis. Hulle het hulle by 'n plek genaamd Rietfontein (ook genoem Aakaap) gevestig, waar hulle onder Korannas, Basters, Hottentotte, Namakwas en ook 'n paar Boesmans gewerk het. Die getalle het tussen 300 en 600 gewissel. Elke oggend was daar skriflesing en gebed, daarna is skool gehou, en saans is op een plek vir die Korannas deur middel van 'n tolk en op 'n ander plek vir die Baster-Hottentotte gepreek. 'n Gebou van 60 voet by 20 voet groot is opgerig, wat as woning vir die sendelinge en as bymekaarkomplek gedien het.[39)]

Aanvanklik het die sendelinge heelwat mededinging ondervind van Stephanus, 'n ontsnapte bandiet, wat hom as 'n profeet voorgedoen het en 'n groep Basters van die kraal van Cornelis Kok heeltemal onder sy invloed gehad het.

---

38) J.J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen, pp. 13-21, 30-36, 41-59; (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 3/5/1800, p. 48; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 256-262.

39) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket D: London Missionary Society - Suid-Afrikaanse Genootskap, Oktober, 1801; (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/10/1802, p. 156; Transactions of the Missionary Society, 1 (Brief van Anderson, 6/12/1801), pp. 346-348; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 262-263; J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen, pp. 51-70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Na 'n ruk het Kicherer, met die hulp van 'n aantal van sy volgelinge, Stephanus in hegtenis geneem, maar hom weer vrygelaat nadat Stephanus teenoor sy volgelinge erken het dat hy hulle mislei het.[40)]

Na 'n verblyf van ongeveer tien maande by die Oranjerivier het Kicherer vanweë gesondheidsredes en op aandrang van die lede van die Sakrivier-gemeente, wat nie lus was om langer aan die Oranjerivier te bly nie, na die Sakrivier teruggekeer. Hier het hy en Scholtz hulle volgelinge aangespoor om 'n kerk te bou. Die gebou het na voltooiing sitplek vir ongeveer 800 persone gehad. Hul volgelinge het ook huise en hutte opgerig, tuine uitgelê en koring gesaai. 'n Hele aantal Hottentotte is gedoop en as lidmate tot die gemeente toegelaat. Volgens Kicherer was daar teen die begin van 1803 ongeveer 600 mense op die instituut woonagtig, van wie 83 gedoop was.[41)]

In Januarie 1803 het Kicherer en Scholtz die Sakrivierinstituut verlaat en dit in die sorg gelaat van Christiaan Botma, 'n kolonis wat hom aan sendingwerk gewy het en 'n groot deel van sy besittings vir die onderhoud van die instituut afgestaan het. Kicherer het in die loop van 1803 met drie bekeerlinge na Europa vertrek om finansiële steun vir die instituut te gaan soek.[42)]

Lichtenstein, wat die instituut besoek het, het 'n baie swak indruk daarvan gekry. Volgens hom het die aantal leerlinge alreeds voor Kicherer se vertrek sterk afgeneem en was daar ten tyde van sy besoek slegs 40. Hy het Kicherer skerp gekritiseer oor die feit dat sommige van sy leerlinge nie 'n woord verstaan het van die gebed wat hulle geleer is om op te sê nie, en dat Kicherer, net soos Van der Kemp, vergeet dat die mens bestem is om te werk sowel as om te bid. Sy grootste beswaar was dat die mense vir 'n groot deel van die dag leeggelê het en nie geleer het om die lande te bewerk of vee te teel en langs dié weg die instituut te help om selfonderhoudend te word nie.[43)] Barrow, daarenteen, het met veel lof van Kicherer se werk gepraat.[44)] Miskien is dit enigsins onbillik om, soos Lichtenstein gedoen het, die werk op Baviaanskloof met díe by Sakrivier te vergelyk.

---

40) J.J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen, pp. 65-68, 87-92; P.B. Borcherds: Autobiographical Memoir, p. 121.
41) J.J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen, pp. 95-134.
42) P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, p. 271.
43) H. Lichtenstein: Reisen in südlichen Afrika, 11, pp. 300-307.
44) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, 11, pp. 376-377. Vir 'n bespreking van die werk op Sakrivier vgl. P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 262-271.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op laasgenoemde instituut was die Hottentotte waarskynlik "wilder" of minder verwesters, en die klimaat en grondgesteldheid was ook ongunstiger as dié op Baviaanskloof.

Daar moet ook nog gelet word op die wedervaringe van die ander sendelinge wat, net soos Kicherer, ten noorde van die koloniale grense werksaam was.

Edwards het nie goed met Kicherer klaargekom nie en het reeds op Blyde Vooruitzichtsfontein 'n end weg van Kicherer af gaan woon en die heidene bearbei. Vroeg in 1801 het hy by die Suid-Afrikaanse Genootskap 'n klag van onsedelikheid teen Kicherer gelê. Die Genootskap het Kicherer egter onskuldig bevind. Die Londense Sendinggenootskap het hul steun aan Edwards onttrek en hom uit die Genootskap se diensgeskors.[45)]

Edwards het nog 'n ruk lank sy werksaamhede op Blyde Vooruitzichtsfontein voortgesit, waar J.M. Kok, 'n kolonis, en J.C.L. Maij, 'n Duitse skoolmeester, in Julie 1801 by hom aangedoen het onderweg op hul reis na die land van die Briekwas (Betsjoeanas) om dáár die Evangelie te verkondig. Omdat hy geen vordering met sy werk onder die Boesmans gemaak het nie, het Edwards besluit om hom by hulle aan te sluit. Na 'n besoek aan Kaapstad het hy teen die einde van 1801 saam met Kok aan die oewers van die Kurumanrivier begin werk.[46)]

Kok, wat materiële steun van die Suid-Afrikaanse Genootskap ontvang het,[47)] en Edwards se werk onder die Briekwas was nie baie suksesvol nie. Aan die een kant was daar teenstand of onverskilligheid by die inboorlinge, en aan die ander kant het Kok en Edwards onder mekaar getwis en later selfs uitmekaar gegaan. Hulle het later ook meer energie aan handel met die inboorlinge as aan sendingwerk bestee.[48)]

---

45) (Kerkargief) V. 1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 24/1/1801 en 3/11/1802, pp. 171-172; (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket A: S.A. Genootskap - London Missionary Society, 16/2/1801; Box 1, Folder 4, Jacket D: London Missionary Society - Edwards, October 1801.

46) P.B. Borcherds: Autobiographical Memoir, pp. 61, 78-89; (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket A: Edwards - London Missionary Society, 22/7/1802; Box 1, Folder 4, Jacket D: Brief van Edwards, 20/11/1801.

47) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 4/9/1802, 8/10/1802, pp. 150, 172-4.

48) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket D: S.A. Genootskap - London Missionary Society, 26/11/1802; (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 1/12/1802, pp. 177-182; J. du Plessis: A History of Christian Missions in S.A., pp. 110-112, 154-164.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nadat Kicherer teen die begin vna 1802 sy medesendelinge op Rietfontein aan die Oranjerivier verlaat het, het Anderson en Kramer die werk daar voortgesit. Hulle het nou onder ongeveer 200 mense, bestaande uit Baster-Hottentotte, wat in die meerderheid was, asook Korannas en Namakwas gewerk. Teen die middel van 1802 het Anderson en Kramer, op versoek van n kraal Basters onder Cornelis Kok, weswaarts getrek. Nadat Kramer en Anderson se volgelinge en die kraal se mense op n plek genaamd Zandkraal aan die Oranjerivier by mekaar aangesluit het, was daar tussen 700 en 800 siele van wie ongeveer 150 Hollands kon praat. Die sendelinge het aan hulle godsdienson derrig en letteronderwys gegee. Teen die middel van 1802 was daar ongeveer 20 leerlinge wat kon lees.

Kramer en Anderson se "gemeente" het nie op een plek gebly nie, maar agter water en weiveld rondgetrek. Teen die einde van 1802 het Anderson, in oorleg met die Suid-Afrikaanse Genootskap, n wa gekoop en besluit om tussen vyf verskillende plekke rond te reis.[49)]

Baie struikelblokke het in die weg gelê van Van der Kemp en Edmonds se poging om onder die Bantoes anderkant die Visrivier sendingwerk te doen. Toe die sendelinge op 29 Junie 1799 op Graaff-Reinet aankom, het landdros Bresler hulle gewaarsku dat dit vanweë die grensoorlog lewensgevaarlik was om die grens oor te steek. Van der Kemp was vasbeslote om hom nie te laat afskrik nie en het daarop gewys dat hy en Read in die stryd neutraal gestaan het. Dit het egter spoedig geblyk dat dit baie moeilik was om nie in die stryd betrokke te raak nie. Dit was ook duidelik dat Gaika nie gretig was om die sendelinge in sy land te ontvang nie.[50)]

Nadat Gaika in Augustus 1799 die koloniste verseker het dat hy gretig was om met hulle in vrede te leef, het Van der Kemp die tyd as geleë beskou om sy sendingopdrag uit te voer. Op 20 September het hy en Edmonds by die Gaika-kraal opgedaag. Tot hul teleurstelling wou Gaika egter glad nie n antwoord gee op Van der Kemp se versoek om onder sy mense sendingwerk te doen nie.

---

49) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket B: Anderson - London Missionary Society, 13/9/1802; (Kerkargief) V. 1 1/1 S.A.S.G. Notule, 4/9/1802, pp. 148-149 en 5/10/1802, pp. 152-153, 155-162; J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen, p. 93.

50) Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 379-388.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Later het dit geblyk dat Piet Prinsloo, 'n kolonis wat sterk teen sendingwerk gekant was, hom onder die indruk gebring het dat die sendelinge spioene was.

Die sendelinge het egter 'n belangrike deurbraak gemaak toe Coenraad de Buys, wat 'n invloedryke persoon in Gaika se kraal was, sy steun aan hulle toegesê het. Op aandrang van De Buys het Gaika uiteindelik toestemming gegee dat Van der Kemp en Edmonds hulle by De Buys op 'n stuk grond anderkant die Keiskammarivier mag vestig.[51)]

Teen die einde van Oktober het die sendelinge by die aangewese plek aangekom. Van der Kemp en De Buys het 'n stuk grond tussen hulle verdeel en die sendelinge het dadelik 'n tuin aangelê. Hulle het ook begin om vir die Hottentotte in hul diens, 'n Engelsman wat uit die leër gedros en 'n Tamboekie, huisgodsdiens te hou. Teen die einde van die jaar het hulle aan 11 leerlinge van uiteenlopende herkoms geleer lees en skryf. De Buys en sy mense het Van der Kemp gehelp om vir hom 'n hut op te rig, en die sendeling het gebid dat vanuit hierdie woning die Evangelie noordwaarts oor die hele Afrika mag versprei.

Van der Kemp was vasbeslote om sy werk in Kafferland voort te sit. 'n Aanbod van genl. Dundas om ter wille van sy eie veiligheid liewer onder die volgelinge van Cungwa in die Suurveld te kom werk, is van die hand gewys en so ook 'n versoek van die ingesetenes van Sneeuberg, wat 'n gemeente wou vorm, dat hy hul predikant word. Edmonds kon dit egter nie langer uithou in Kafferland nie, waar hy hom konstant bedreig gevoel het. Hy het dus Van der Kemp op 1 Januarie 1800 verlaat en 'n paar maande later na Indië vertrek.[52)]

Van der Kemp het gedurende 1800 weinig vordering met sy werk in Kafferland gemaak. Dit is bemoeilik deur die politieke onstabiliteit in die gebied. Daar het tussen Gaika en Ndlambe twis ontstaan, waarna 'n groot getal van Gaika se volgelinge van hom weggebreek het. Hy was nou nie meer in staat om orde in sy land te handhaaf nie. Teenoor Van der Kemp het hy 'n tweeslagtige houding ingeneem. Soms het hy planne beraam om Van der Kemp om die lewe te bring, maar dan weer het hy gevra om deur hom onderrig te word.

---

51) Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 390-400, 413.
52) Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 408-412.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kort-kort het hy bevel gegee dat Van der Kemp en die koloniste hul verblyfplek na elders moet verskuif.

'n Nóg groter struikelblok was dat die Xhosas feitlik geen belangstelling getoon het om in die Christelike godsdiens onderrig te word nie.

Teen Augustus 1800 het Van der Kemp besluit dat indien geen verandering kom nie hy verplig sou wees om die land te verlaat. Teen hierdie tyd was sy werk beperk tot die onderrig van vyf Hottentotvroue (een van hulle was Sarah, vir wie hy in Oktober saam met haar kinders gedoop het), twee Hottentotkinders, een Bantoeman, twee Bantoekinders en sewe Basters. Hy het ook vir die uitgeweke koloniste dienste gehou.[53)]

Teen die einde van 1800 het die toestand gevaarlik geword en het die uitgeweke koloniste besluit om Kafferland te verlaat. Dit het Van der Kemp in 'n moeilike posisie geplaas, want sy lotgevalle het ten nouste met dié van hulle saamgehang. Hy was gewillig om sy poging tot sendingwerk onder die Xhosas voort te sit, maar indien hy agterbly, sou hy moes afskeid neem van gemeentelede wat tot die koloniste se huishoudinge behoort het. Die Hottentot-„suster", Leentjie, was byvoorbeeld die vrou van die kolonis Cornelis Faber.[54)]

Teen die einde van 1800 het Van der Kemp saam met die koloniste Kafferland verlaat en in 'n noordwestelike rigting getrek. Nege-en-vyftig persone het met drie waens, 300 stuks vee en 25 perde getrek. Onderweg het Van der Kemp onderrig gegee aan 'n Engelse droster, drie Hottentot-"susters" (hulle is almal deur hom gedoop), twee Hottentotvroue, twee blanke seuns, ses Basterkinders, twee Bantoekinders en vier Hottentotkinders. Teen die begin van Mei 1801 het Van der Kemp in die Tarka aangekom en daarvandaan na Graaff-Reinet gegaan waar hy op 14 Mei gearriveer het.[55)]

Op Graaff-Reinet het Van der Kemp vir 'n tweede keer 'n versoek geweier om predikant van die plaaslike gemeente te word. Hy het op die dorp die sendelinge James Read, 'n Brit, en Van der Lingen, 'n Nederlander, aangetref.

---

53) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 3, Jacket C: Van der Kemp, Haweis, 14/5/1800, Van der Kemp - Vriend, Kaapstad, 11/8/1800; Box 1, Folder 3, Jacket D: Journal of Van der Kemp, July - September 1800.

54) Transactions of the Missionary Society, 1, p. 473.

55) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1 Folder 3, Jacket D: Van der Kemp-Schonken, 28/12/1800; Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 428-430, 469-479.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hulle het in Augustus 1800 in die kolonie gearriveer en ná n kort verblyf op Wagenmakersvallij, op 7 April 1801 op Graaff-Reinet aangekom en daar begin om die Hottentotte te bearbei. Van der Kemp het sy gewig by hulle ingegooi en meer en meer tot die oortuiging gekom dat die sending onder die Hottentotte in die Kolonie sy roeping was.

Die nuus van die sendelinge se werk op Graaff-Reinet het vinnig versprei. Van alle kante af het Hottentotte daarheen gestroom om onderrig te word. Teen die einde van Mei het Van der Kemp elke aand aan tussen 150 en 200 Hottentotte die Evangelie verkondig. n Paar weke later was die program dat Read en Van der Kemp (Van der Lingen het intussen die Blankes bearbei) bedags skool gehou het vir ongeveer 40 Hottentotkinders, saans die volwasse Hottentotte in die Christelike leer onderrig het, en Saterdae en Sondae eredienste gehou het.[56)]

In Junie en Julie het n groot getal koloniste teen Maynier in opstand gekom. Verset teen sendingwerk onder die Hottentotte[57)] en Maynier se verlof dat hulle die kerkgebou kon gebruik, het hierin n belangrike rol gespeel.[58)] In die eerste konfrontasie tussen die opstandiges en Maynier het die kwessie van die kerkgebou wéér ter sprake gekom. Toe Maynier teen die opstandiges onderneem het dat die Hottentotte uit die gebou gehou sou word, het Van der Kemp dit duidelik gestel dat hy nooit weer n diens in die kerk sou hou indien die Hottentotgemeente uitgesluit word nie.[59)]

Van der Kemp het gedurende die opstand sy bes geprobeer om neutraal te bly en as vredemaker op te tree, maar die opstandiges het hom al hoe meer as n bondgenoot van Maynier en as hul vyand beskou.[60)]

Teen die einde van Oktober het die rebelle weer Graaff-Reinet aangeval. By hierdie geleentheid het hulle ook skote op Van der Kemp gevuur.

In hierdie omstandighede het Read en Van der Kemp hul posisie heroorweeg. Hulle was van plan om n klein sendingstasie op Graaff-Reinet tot stand te bring op n stuk grond 2,660 voet lank en 537 voet breed aan die Sondagsrivier wat deur Maynier aan hulle gegee is.

---

56) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket C: Van der Kemp - London Missionary Society, 29/7/1801; Box 1, Folder 4, Jacket B: Brief van Van der Kemp, 27/5/1801; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 479-480, 482-483.
57) Transactions of the Missionary Society, 1, p. 480.
58) Vgl. hoofstuk XII.
59) Transactions of the Missionary Society, 11, pp. 483, 487-492.
60) Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 487-492.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In die loop vna 1801 het talle Hottentotte wat op plase werksaam was op Graaff-Reinet 'n toevlug kom soek, en teen die einde van die jaar was daar ongeveer 900 op die dorp versamel, wat heeltemal te veel vir die beoogde sendingstasie was.[61)]

Van der Kemp was geensins van plan om hierdie Hottentotte weg te stuur nie. Hy het nou sterk na vore getree as kampvegter van die Hottentotte se materiële belange. Teenoor Maynier het hy die oortuiging uitgespreek "that the Hottentots should be perfectly free, upon an equal footing in every respect with the Colonists and by no sort of compulsion brought under a necessity to enter into their service, but have a piece of ground given to them by Government as their own."[62)] Aan generaal Dundas het hy geskryf dat die Hottentotte in hul jammerlike toestand verval het vanweë gebrek aan kos, opleiding, vryheid, nuttige werk en 'n plek wat hulle hul eie kon noem.[63)]

Generaal Dundas het intussen reeds besluit om Van der Kemp 'n stuk grond aan te bied waar die Hottentotte in die Christelike leer onderrig kon word. In antwoord op genl. Dundas se uitnodiging om sy ideë vir 'n sendinginstituut op skrif te stel, het Van der Kemp gesê dat hy soos Paulus geglo het dat dié wat nie werk nie ook nie behoort te eet nie. Dáárom wou die sendelinge hule volgelinge leer om sover as moontlik in die landbou, veeteelt en verskillende ambagte werksaam te wees.[64)]

In oorleg met Read het die regering nou Bothasplaas - die plaas van die rebel Theunis Botha, sewe myl van Fort Frederick af - vir die doel van 'n sendinginstituut aangebied. Generaal Dundas het alle redelike hulp beloof en ook onderneem om vir 'n jaar lank die instituut van lewensmiddele te voorsien. Maynier, wat na Kaapstad teruggeroep is, het sy hele koringoes aan die sendelinge geskenk.[65)]

Nadat Dundas die nuus verneem het dat die Kaap moontlik aan Nederland teruggegee sou word, het hy in 'n brief aan Van der Kemp die mening uitgespreek dat die stigting van die sendinginstituut uitgestel moes word, maar dat sendingwerk op Graaff-Reinet intussen moes voortgaan. Van der Kemp het egter geantwoord dat die

61) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 1, Jacket C: Van der Lingen - London Missionary Society, 5/2/1802.
62) Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 490-1, 494.
63) Transactions of the Missionary Society, 1 (Van der Kemp - F. Dundas, 11/11/1801), pp. 495-499.
64) Transactions of the Missionary Society, 1 (Brief deur F. Dundas, ongedateer), p. 499.
65) Transactions of the Missionary Society, 1, pp. 500, 502-503; B.O. 54 Letters Despatched: Ross-Bresler, 21/12/1801, no. 374.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skandalige wyse waarop die Engelse soldate op die dorp teenoor die Hottentotte opgetree het die sendelinge vasbeslote gemaak het om met hul volgelinge na Algoabaai te verhuis. Hulle het ook besluit dat Van der Lingen op die dorp sou agterbly om diegene te onderrig wat nie kón of wóú saamgaan nie. Hy moes ook die grond wat Maynier geskenk het onder hulle verdeel.[66)]

Van die ongeveer 800 Hottentotte wat teen Februarie 1802 op Graaff-Reinet versamel was, het 66 besluit om by Van der Lingen te bly, terwyl 301 verkies het om saam met Van der Kemp en Read te verhuis. Uiteindelik het slegs 109 Hottentotte op 20 Februarie saam met Read en Van der Kemp na Algoabaai vertrek. Onderweg het die getalle aangegroei tot 221, maar by Swartkopsrivier het 100 by Klaas Stuurman aangesluit nadat hy hulle gewaarsku het dat die geselskap deur 'n groep gewapende koloniste bedreig word. By Algoabaai het daar weer 'n aantal Hottentotte by die sendelinge aangesluit, en uiteindelik het die sendelinge op 7 Maart met 160 Hottentotte op Bothasplaas aangekom.[67)]

Op Bothasplaas was 'n woonhuis en 'n ander gebou wat vir 'n kerk en 'n skool onderskeidelik gebruik kon word. Daar is besluit om aan elke Hottentotgesin 800 vierkante tree grond te gee. Twee keer per dag is leerlinge in lees en skryf onderrig vir welke doel die sendelinge 'n spelboekie van 3,138 eenlettergrepige woorde gedruk het. Op Woensdae en Saterdae is katkisasieklasse gehou, en op Sondae kerkdienste.

Van der Kemp het net na sy aankoms siek geword. Hy was 11 maande lank bedlêend. Al die geestelike pligte het toe op Read se skouers geval.[68)]

Die hernieude botsings wat teen die einde van 1801 tussen die Blankes en Hottentotte ontstaan het, het ook Bothasplaas in die gedrang gebring. Tjaart van der Walt het teenoor Dundas die suspisie uitgespreek dat die gewapende Hottentotte deur Van der Kemp se volgelinge van ammunisie voorsien was.[69)] Bothasplaas is ook beskuldig as 'n toevlugsoord vir moordenaars en diewe.

---

66) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 1, Jacket D: Yearly Account of Van der Kemp, 1802.
67) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 1, Jacket B: Yearly account of Van der Kemp and Read, 1802; Van Ryneveld - Van der Kemp, 13/2/1802; Transactions of the Missionary Society, 1 (Brief van Read, 18/3/1802), pp. 502-504.
68) Transactions of the Missionary Society, 11 (Extracts of Journals of Van der Kemp), pp. 82-83.
69) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Van der Walt - F. Dundas, 26/4/1802, no. 14.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op 3 Augustus 1802 het die sendelinge van die regering 'n bevel ontvang waarin hulle verbied is om nog Hottentotte op te neem of met die gewapende Hottentotte enige kontak te maak. Die regering het egter voortgegaan om Bothasplaas van lewensmiddele, saad en gereedskap te voorsien. Toe Dundas in September 1802 Algoabaai besoek het om die garnisoen te onttrek, het hy aan die instituut 6,000 pond rys, 6 vate gesoute vleis, 200 skape, 59 trekosse, 11 melkkoeie, 96 stuks vee, 3 waens en verskillende landbou-implemente geskenk.[70)]

Die ontruiming van Fort Frederick deur die Britse troepe het die sendinginstituut geheel onbeskerm gelaat. Ag dae ná die troepe se vertrek is dit in die nag deur 'n groep gewapende Hottentotte onder Andries Stuurman, 'n broer van Klaas, aangeval. Hul oogmerk was ongetwyfeld om die vee weg te voer. Die aanval is deur die Hottentotte van die instituut, van wie sommige met gewere gewapen was, afgeslaan, en Andries Stuurman is in die skermutseling gedood. Twee dae later was daar wéér 'n poging om die vee weg te voer. Van der Kemp se volgelinge het met soveel woede die aanvallers op die vlug gejaag dat hy met leedwese opgemerk het: "they showed too plainly that they had obtained a certain pleasure in fighting."[71)]

Alhoewel die aanvalle afgeslaan is, het Van der Kemp gevoel dat dit nie veilig sou wees om langer daar te vertoef nie. Hy het gevolglik besluit om gebruik te maak van generaal Dundas se aanbod om met sy volgelinge tydelik na Fort Frederick te verhuis.

Die trek het op 1 Oktober plaasgevind. In Fort Frederick het hulle die gebruik van die militêre pos se geboue gedeel met 'n groep koloniste onder leiding van Thomas Ferreira wat ook van generaal Dundas verlof ontvang het om daar te vertoef.[72)]

Die sendelinge het tot die einde van die Britse bewind in Fort Frederick gebly. Alhoewel daar 'n gespanne verhouding tussen die sendelinge en hul volgelinge aan die een kant en die koloniste aan die ander kant geheers het, was daar nie aan te dink om in die chaotiese omstandighede wat aan die oosgrens geheers

---

70) Transactions of the Missionary Society, 11 (Extracts of Journals of Van der Kemp), pp. 84-87.
71) Transactions of the Missionary Society, 11 (Extracts of Journals of Van der Kemp), p. 89.
72) Transactions of the Missionary Society, 11 (Extracts of Journals of Van der Kemp), pp. 87-89; B.O. 24 Letters from Swellendam: Ferreira - F. Dundas, 4/11/1802, no. 157.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het, na Bothasplaas terug te keer nie. Die geboue op die plaas was in elk geval afgebrand.[73)]

Nadat die Kaap in Bataafse hande oorgegaan het, het Van der Kemp n ander plaas aanvaar wat deur die bemiddeling van generaal Janssens aan die sendelinge vir n instituut beskikbaar gestel is. Van der Kemp het daaraan die naam Bethelsdorp gegee.[74)]

Van der Kemp het gedurende die eerste vier jaar na sy aankoms aan die Kaap onder moeilike omstandighede met sendingwerk volhard. Hy het in 1801 sy roeping in die sending onder die Hottentotte aan die oosgrens gevind. Hy het onverskrokke op die gelyke behandeling van Hottentotte met Blankes aangedring en wou geen kompromie aanvaar nie. Dit was die vernaamste rede waarom hy met die oorgrote meerderheid koloniste oorhoops was. Daarbenewens het hy met sendingvriende soos ds. Vos en die direkteure van die Suid-Afrikaanse Genootskap gebots. Die rede vir hierdie botsing is nie bekend nie. Ds. Vos en die Graaff-Reinetse kerkraad het ook daaroor gekla dat Van der Kemp op n onstigtelike wyse opgetree het.[75)] Daar word nie gemeld wat Van der Kemp gedoen het nie.

Read en Van der Kemp het waardevolle werk ten opsigte van die opheffing en kerstening van die Hottentotte aan die oosgrens verrig. Hul metodes het egter van persone soos Collins en Lichtenstein kritiek uitgelok.[76)]

Naas die buitelandse sendinggenootskappe het gedurende die besetting ook sekere binnelandse sendinggenootskappe in die kolonie sendingwerk gedoen.[77)]

Die "Zuid Africaans Genoodschap", wat op 22 April 1799 gestig is, het homself ten doel gestel om "de Uijtbreiding van Christus Rijk alhier onder de onverlichten in deze Colonie, en Heidenen, zoo binnen als buijten den zelven zijn ... te bevorderen." Daar is daarna gestreef om die genootskap op n landswye grondslag te

---

73) Transactions of the Missionary Society, 11 (Extracts of Journals of Van der Kemp), pp. 89-90, 158.

74) G.M. Theal: Bel. Hist. Dok., 111 (Janssens - Van der Kemp, 31/3/1803, Van der Kemp - Janssens, 31/5/1803), pp. 235-239; Transactions of the Missionary Society, 11 pp. 161-162.

75) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Kaapse Kerkraad, 1/3/1802), pp. 362-363. Vgl. ook (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket C: Van der Kemp - London Missionary Society, 29/7/1801; M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 143.

76) H. Lichtenstein: Reisen in südlichen Afrika, 1, pp. 382-389; G.M. Theal: Records of the C.C., V11 (Collins - Caledon, 6/8/1809), pp. 109-112.

77) Die sending deur die inheemse genootskappe word uitvoerig bespreek deur P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830 en Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vestig. Persone in die buitedistrikte wat aangesluit het, is "contribueerende" lede genoem. Wanneer daar in n bepaalde streek of afdeling genoeg lede was, kon hulle n persoon tot die direksie van die Suid-Afrikaanse Genootskap aanwys, en tot die verkiesing oorgaan van n sekretaris om korrespondensie te behartig, en n tesourier om na die genootskap in Kaapstad fondse op te stuur en van die sentrale tesourier geld te ontvang.[78)]

Met verloop van tyd het die lede in die buitedistrikte afsonderlike belange ontwikkel en téén die sin van die Suid-Afrikaanse Genootskap onafhanklike genootskappe, wat deur hulle medewerkende genootskappe genoem is, gestig.[79)]

Ná die stigting van die Zuid-Afrikaans Genoodschap (hierna aangedui as Z.A.G.) het die direksie dadelik n geldinsamelings- en werwingsveldtog van stapel gestuur. n Bydrae van 15,000 Kaapse gulde deur die weduwee M. Möller het grootliks daartoe bygedra om die genootskap op n gesonde finansiële voet te plaas.[80)] Kontribuerende lede is in verskillende dele van die kolonie gewerf en, benewens in Kaapstad, het op plekke soos Roodezand, Stellenbosch, Wagenmakersvallei, Outeniekwaland en Graaff-Reinet takke tot stand gekom. In Desember 1800 is die ledetal soos volg aangegee: Kaapstad 48, Stellenbosch 16, Swellendam 18, Roodezand 119, Agter-Sneeuberg 28 - n totaal van 229.[81)]

Die Z.A.G. se werksaamhede het uit die volgende bestaan: Dit het vir die Londense en Nederlandse Sendinggenootskappe as saakgelastigde opgetree en waar moontlik aan hul sendelinge raad gegee en steun verleen. Volgens Z.J. Lazarus was die Londense Sendinggenootskap egter verkeerdelik onder die indruk dat die Z.A.G. onder hom gestaan het.[82)] Die Z.A.G. het ook sendingwerk onder die heidene in Kaapstad gereël. Ten slotte het dit beheer uitgeoefen oor die sendingwerk wat in die binneland gedoen is deur hul lede en deur die sendelinge wat deur die Genootskap onderhou is. Die Z.A.G. het soveel as drie sendelinge (Manenberg,

---

78) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 1, Jacket D: Ontwerp van't Zuidafrikaansch Genoodschap, geformeerd op den 22 en 23/4/1799.

79) Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 140-141.

80) Transactions of the Missionary Society, 1 (Van der Kemp - London Missionary Society, 13/5/1799), pp. 367-371; Kerkargief V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 8/5/1799, p. 25.

81) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor.: Box 1, Folder 3, Jacket D: Schoonberg - L.M.S., 23/12/1800; Box 2, Folder 2, Jacket D: Direksie Roodezand - Z.A.G., 16/7/1802.

82) Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 59-60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vorster en Tromp) op een slag onderhou. Die genootskap het ook op verskillende geleenthede steun verleen aan die koloniste C. Kramer en J.M. Kok wat hulle aan sendingwerk gewy het. Toe Kok aangebied het om vir die Z.A.G. sendingwerk te gaan doen, het die direksie éérs gemeen dat die genootskap nie bevoeg was om deur sendelinge te arbei nie. Hulle het egter later van die regering toestemming gevra en dit ontvang.[83)]

Die direksie het sendingwerk in Kaapstad in twee verdeel, naamlik godsdienstige arbeid en die sogenaamde letteronderwys.

Wat die eersgenoemde aspek betref, het die direksie Pieter Kuÿper, wat alreeds vóór die stigting van die Z.A.G. 'n aantal heidene in 'n kamer naby die hawe onderrig het, 'n vergoeding betaal om sy werk voort te sit. Toe hy teen die helfte van 1800 ongesteld geraak het, het die direkteure om die beurt die werk waargeneem. Nadat Kuÿper bedank het, het drie lede van die Z.A.G. op verskillende tye in die week aan die slawe onderwys gegee. Die getal leerlinge het so vinnig gegroei dat 'n nuwe lokaal gevind moes word. Teen die einde van die besetting het ongeveer 280 slawe die spel- en leesklasse bygewoon.[84)]

Wat die godsdienstige arbeid betref, is teen Maart 1800 elke week deur die Z.A.G. drie godsdiensoefeninge vir slawe en "minderverligte" Christene en drie vir die "godsdienst-lievende" ingesetenes van Kaapstad gehou.[85)] (Dit is nie duidelik hoe daar tussen die groepe onderskei is nie).

Die direksie het gedurende die eerste jare na die stigting van die Z.A.G. veral met twee probleme geworstel. Die eerste was om 'n geskikte persoon te vind om voltyds aan die Kaap sendingwerk te behartig. Die sendelinge wat in 1799 aangekom het, het dadelik na die binneland vertrek, met die gevolg dat die grootste deel van die sendingarbeid op die direkteure se skouers geval het.

---

83) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/6/1799, 26/4/1800, 7/5/1800, 5/10/1802, pp. 27, 52-53, 165.

84) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/2/1800, 5/3/1800, 12/3/1800, 2/4/1800, 7/5/1800, 4/6/1800, 8/9/1801, pp. 45-46, 49-50, 52-54, 97: Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 59-70, 82-87. (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket D: Suid-Afrikaanse Genootskap - London Missionary Society, 26/11/1802.

85) (Kerkargief) V. 1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 12/3/1800, p. 50.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die sendeling Bastiaan Tromp teen die middel van 1800 uit Nederland by die Kaap aangekom het, het die direksie besluit dat hy in Kaapstad moes aanbly. Van Augustus 1800 af tot Mei 1801 het hy in Kaapstad onder die "onverligte" Christene (waarskynlik was dit Nie-Blankes wat nog min van die Evangelie geweet het) en die heidene gewerk en ook rondgereis om op plekke in die omgewing te preek.[86] In die eerste helfte van 1801 het drie sendelinge, naamlik H. Manenberg, M.J. Bakker en H. Vorster by die Kaap aangekom. Bakker en Vorster is op bevel van die Londense Sendinggenootskap, wat hulle besoldig het, in die gemeentes Stellenbosch en Roodezand onderskeidelik gestasioneer,[87] terwyl die Z.A.G., wat Tromp en Manenberg vir hul rekening geneem het, besluit het om eersgenoemde na die werkkring Wagenmakersvalleij, Paarl en Drakenstein te verplaas en Manenberg in Kaapstad aan te stel.[88] Van 1801 tot 1803 toe Manenberg weens swak gesondheid moes bedank, het hy die leiding van die Z.A.G. geneem. Hy was 'n direkteur van dié liggaam en later het hy ook as president gedien. Hy het die administratiewe werk verrig, en ook as sendeling gearbei.[89]

Die ander probleem van die Z.A.G. was om 'n geskikte plek te kry waar die genootskap se werksaamhede sou kan plaasvind. Aanvanklik is dienste gehou aan huis van privaat persone soos die heer Wÿdeman, die heer Schoonberg en die weduwee C.M. Heysse. Godsdiensoefeninge is ook gehou in die sogenaamde "kleine Oefeningshuÿs", geleë op die hoek van die huidige Hout- en Langstraat, terwyl in 'n klein kamertjie by die hawe letteronderwys gegee is. Hierdie plekke was egter spoedig te klein.

Onder leiding van Manenberg is in 1801 begin met die insameling van fondse vir die oprigting van 'n oefeningshuis wat as plek van samekoms kon dien. Teen Julie van daardie jaar het generaal Dundas verlof toegestaan vir die oprigting van 'n plek waar slawe in die Christelike godsdiens onderrig kon word.[90] Die koste van die gebou is op 27,000 Riksdaalders geraam, en in 1802 het die

---

86) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 26-27/8/1801, pp. 90-91.
87) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 3, Jacket D: Hardcastle - Van der Kemp, 3/11/1800.
88) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/10/1802, p. 165.
89) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket C: Tromp - L.M.S., 15/10/1802. Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 49-50.
90) (Kerkargief) V.1 2/5 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Barnard - Directors of Society of Missionaries, 28/7/1801; Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, p. 48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

fondse reeds tot byna 13,000 Riksdaalders gestyg. 'n Kontrak vir die bouwerk is reeds in Oktober 1801 gesluit en daar is teen die einde van 1801 met die bouwerk begin. Op 15 Mei 1804 het Ds. J. P. Serrurier van die Gereformeerde Kerk die "Zuijd Afrikaansche Gesticht" ingewy. Lazarus merk tereg op dat die voltooiing van 'n onderneming soos hierdie binne die eerste vyf jaar van die genootskap se bestaan 'n groot prestasie was en 'n duidelike bewys van die besondere sendingywer wat op daardie tydstip onder die inwoners van Kaapstad bestaan het.[91)]

Die Gereformeerde Kerk het steeds daarteen gewaak dat die sendinggenootskappe op sy terrein oortree.[92)] Om dié rede was dit daarteen gekant dat sendelinge binne bestaande gemeentegrense sakramente bedien of enigiets doen wat die indruk kon laat ontstaan dat die genootskappe die werk van 'n ware Kerk doen.[93)] Dit was vanweë hierdie houding dat die Z.A.G. die gestig nie 'n „kerk" genoem het nie en slegs godsdiensoefeninge gehou het en nie eredienste nie. 'n Godsdiensoefening was 'n godsdienstige byeenkoms waar onderrig in die godsdiens deur lekepredikers gegee is.[94)]

Omdat die Kerk nie daarvan gehou het dat die bywoning van sy eredienste enigsins nadelig geraak word nie, was dit ook daarteen gekant dat die godsdiensoefeninge gelyktydig met die eredienste plaasvind. Hierdie teenkanting het waarskynlik sterker geword nadat dit geblyk het dat Blankes ook die godsdiensoefeninge bygewoon het. Om botsings te voorkom, het die Direksie van die Z.A.G. in 1802 besluit om die oefeninge Sondagoggende van agtuur tot nege-uur te hou sodat dit nie met die eredienste bots nie.[95)]

---

91) Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 47-58; Transactions of the Missionary Society, 1, p. 430; (Kerkargief) V. 1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/2/1800, 15/6/1801, 5/8/1801, 18/10/1801, 4/8/1802, 25/8/1802, 14/10/1802, pp. 46, 82, 86, 100-101, 128-129, 146, 167-168; V.1 6/7 S.A.S.G. Bijdrages tot het Stigting van Een Oeffeningshuis, 1798-1801; Cassa Boek weegens ontfangst der Liberale Giften, 1800-1802.

92) W.B. van der Vyver: Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente, 1800-1830, p. 320.

93) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Kaapse Kerkraad , 3/8/1801), pp. 360-361.

94) P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 43-45; W.B. van der Vyver; Geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente, 1800-1830, p. 306.

95) Z.J. Lazarus: Die Stigting en Vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830, pp. 69-70.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op Stellenbosch het hieroor n botsing tussen Ds. Borcherds en die sendeling Bakker ontstaan.[96)]

Na die Z.A.G. se stigting het n aantal sendingvriende van Stellenbosch daarby aangesluit. Onder hulle was J.N. Desch, n ouderling van die plaaslike Gereformeerde gemeente, wat Sondae aan sy huis slawe onderrig het. Desch het Ds. Borcherds genader om ook lid te word van die Z.A.G., maar hy het geweier.[97)]

Ds. Borcherds het besef dat sy teenkanting teen sendingwerk deur buitekerklike genootskappe die Kerk onder die verpligting plaas om self in die gemeente sendingwerk te onderneem. Die kerkraad het gevolglik besluit om twee persone aan te stel tot "onderwijs van minkundigen en heidenen" en het n aanbod van J. Frieling aanvaar om op sekere Sondae vir "onkundige" Christene in Overberg godsdiensoefeninge te hou. Die kerkraad het ook besluit om steun te verleen aan M.J. Bakker wat in 1798 of 1799 die werk onder die slawe op Stellenbosch oorgeneem het. Terselfdertyd sou privaat skoolmeesters gevra word om slawekinders in die beginsels van die Christelike godsdiens te onderrig.[98)]

Intussen het Desch, net soos Bakker, hul lidmaatskap van die Z.A.G. behou. Hulle is as korrespondente van die genootskap aangewys en is later in 1799 as Stellenbosse direkteure van die genootskap aangestel. J. Frieling het toe korrespondent geword. Teen die einde van 1799 het die Stellenbosse lede amper 236 Riksdaalders vir die Z.A.G. ingesamel en na Kaapstad opgestuur,[99)] en volgens alle aanduidings was die samewerking goed. n Versoek dat n slaweonderwyser na Stellenbosch uitgestuur word, is egter deur die direksie van die Z.A.G. geweier.[100)] Waarskynlik was dit een van die redes vir die latere verwydering tussen die Stellenbosse lede en die direksie.

In 1800 het Bakker, wat tot in daardie stadium op Sondae godsdiensoefeninge waargeneem het, en in die week slawe leer lees en

---

96) Vir die houding van ds. Borcherds oor Sendingwerk vgl. p. 264.

97) (Kerkargief) V. 2/1 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Desch - Z.A.G., 12/8/1799.

98) (Kerkargief) V.1 2/1 Inkomende Briewe: Desch - Z.A.G., 12/8/1799; C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies Stellenbosch Kerkraad, 12/7/1799, 8/8/1799), pp. 412-415; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 51-54.

99) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 23/8/1799, p. 33; 2/1 Inkomende Briewe: Desch-Z.A.G., 12/8/1799; C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies Stellenbosch Kerkraad, 28/11/1799), p. 415.

100) (Kerkargief) V.1 2/1 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Bakker - Z.A.G., 19/10/1799.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spel het, na Holland vertrek om dáár as sendeling geordend te word. Desch, wat hom beywer het vir die voortsetting van die slaweskool, het spoedig met die kerkraad gebots. Sonder om hulle te raadpleeg, maar met die toestemming van landdros Van der Riet, het hy 'n lys rondgestuur waarop hy bydraes vir die voortsetting van Bakker se werk tydens sy afwesigheid gevra het. Nadat Desch genoeg fondse ingesamel het, het hy die skool heropen, met die weduwee Cornelissen as onderwyseres. Die kerkraad was erg ontstig deur Desch se handelswyse omdat hulle van mening was dat Desch vir die uitstuur van die kollektelys en die oprigting van die skool die toestemming van die kerkraad moes gekry het.

Die kerkraad het eers besluit om ter wille van die vrede die saak daar te laat, maar toe Desch begin om bidure en godsdiensoefeninge te hou, het Ds. Borcherds met hom gaan praat in 'n poging om die saak te skik. Hy het by die godsdiensoefening die seën oor die verrigtinge afgevra, maar Desch en sy volgelinge versoek om hulle nie langer te onttrek aan die erediens op Sondae nie. Ds. Borcherds se poging tot versoening was egter vrugteloos en die dominee het met leedwese tot die gevolgtrekking gekom dat die onderrig van die heidene van die kerk afgeskeur was.[101)]

Ds. Borcherds was klaarblyklik begaan oor die kerklike orde, maar dit wil voorkom of die kerk in Stellenbosch só passief ten opsigte van sendingwerk gestaan het dat sendingyweraars soos Desch besluit het om hul eie weg in te slaan. Hulle het gereken dat hulle óór die hoof van die kerkraad kon gaan omdat die Z.A.G. van die regering verlof ontvang het om onder die heidene te arbei.[102)]

Bakker se terugkeer na Stellenbosch as 'n geordende sendeling het verdere probleme geskep. Hy wou die sakramente bedien en ook gelyktydig met die openbare eredienste godsdiensoefeninge hou. Die Stellenbosse kerkraad was sterk daarteen gekant en het die mening van die Kaapse kerkraad ingewin. Laasgenoemde het verklaar dat niemand die reg het om in 'n gevestigde gemeente sonder die verlof van die plaaslike predikant "zig met eenige deelen van de heyligen dienst te occupeeren".[103)] Bakker is nie toegelaat om die doop of die Nagmaal te bedien nie. Hierdie saak sou 'n twispunt tussen

---

101) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Stellenbosch Kerkraad - F. Dundas, 19/7/1799, Notule Stellenbosch Kerkraad, 23/3/1800, Verslag van Borcherds, 8/3/1803), pp. 413, 417-422; (Kerkargief) V.1 2/1 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Desch - Z.A.G. 23/1/1800, 27/2/1800.

102) (Kerkargief) V.1 2/1 Inkomende Briewe: Desch - Direksie, Z.A.G., 23/1/1800, Frijlink - Z.A.G., 17/2/1800.

103) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Kaapstadse Kerkraad, 3/8/1801), pp. 360-361.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hom en Ds. Borcherds bly totdat hy in 1820 verlof ontvang het om slawekinders te doop.

Die Kaapse kerkraad was ook van mening dat dit strydig met die openbare orde sou wees indien Bakker godsdiensoefeninge gelyktydig met die erediens hou.[104] Tussen Bakker en Borcherds het toe 'n toutrekkery ontstaan oor wanneer Bakker sy oefeninge mag hou. Bakker wou Sondagoggende 'n halfuur nadat die kerkklok gelui het met sy godsdiensoefeninge begin, maar ds. Borcherds, wat wou hê dat Bakker die eredienste moes bywoon, het voorgestel dat die godsdiensoefeninge op Sondagnamiddae en gedurende die week moes plaasvind. Uiteindelik het landdros van der Riet beslis dat Bakker op Sondagoggende slegs vir heidene godsdiensoefeninge mag hou, terwyl alle Christene, ook Bakker se gesin, aangemaan moes word om die dienste in die kerk by te woon.[105]

Net nadat hierdie kompromie met die kerkraad bereik is, het daar moeilikheid in die verhouding tussen die Stellenbosse lede van die Z.A.G. en dié liggaam se direksie ontstaan. In Julie 1801 het die Z.A.G. besluit om op Stellenbosch, Roodezand en Wagenmakersvalleij hulpdireksies in te stel.

Die Stellenbosse lede was egter in hierdie stadium nie meer gewillig om onder die jurisdiksie van die Z.A.G. te staan nie. Op 21 November 1801 het hulle toe formeel 'n genootskap gestig wat onafhanklik van die Z.A.G. sou wees. Dit is die Stellenbosche Medewerkende Genoodschap genoem, en J.N. Desch, J.M. Morel en J. Hamman was die direkteure.

Die belangrikste rede vir die afskeiding was ongetwyfeld die behoefte by die Stellenbossers om self oor hul eie sake te beskik. Hulle was nie meer geneë om bydraes na Kaapstad te stuur nie en hulle het ook die Z.A.G. se leiding bevraagteken. Hulle het dié liggaam gekritiseer oor sy plasing van sendelinge, en hier was dit veral die besluit om vir Tromp en toe ook vir Manenberg in Kaapstad te hou wat ontevredenheid veroorsaak het. Die eerste rede wat die Stellenbossers vir hul afskeiding aangegee het, was die willekeurige optrede van die Z.A.G. "met de uit Europa komende Zende-

---

104) P.S. de Jongh: Sendingwerk in die landdrosditrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 77-80; C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Kaapstadse Kerkraad, 3/8/1801), pp. 360-361.

105) P.S. de Jongh: Sendingwerk in die landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 60-61; (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 27/7/1801, pp. 75-76; V.1 2/2 Inkomende Briewe: Bakker - Schonken, 15/6/1801.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

lingen, dat zommige derselven aan de Caap, en dus van hunne roepinge onder de Vergeleegen Heidenen, en van hunnen regten post worden afgehouden."[106)]

Die plasing van sendelinge deur die Z.A.G. is ook deur Van der Kemp gekritiseer. Volgens hom was dit onnodig om sendelinge te stationeer op plekke soos Kaapstad, Wagenmakersvalleij, Roodezand en Stellenbosch waar voldoende geleentheid vir die heidene was om onderrig te word, terwyl aan die grense van die kolonie 'n magdom heidene was wat niemand gehad het om hulle te onderrig nie. In briewe aan direksies van die Z.A.G. en die Londense Sendinggenootskap het hy daarop gewys dat deur só op te tree, die direkteur van die Z.A.G. hulself tot vyande van die sendingsaak gemaak het. Hy het by die Europese Sendinggenootskappe ds. Vos aanbeveel as 'n iemand wat uitnemend geskik was om vir hulle raad te gee oor wáár om hul sendinge te plaas.[107)]

Die direksie van die Z.A.G. se verweer teen die kritiek insake die plasing van sendinge was dat hulle alle sendingwerk lief het. Die heidene bý hulle was vir hulle egter die naaste aan die hart omdat hulle, soos die direksie dit gestel het, naaste aan die fontein van genade was, maar heeltemal vergete skyn te gewees het.[108)] Die direksie van die Londense Sendinggenootskap het die direksie van die Z.A.G. in hul standpunt gesteun. Hulle het geskryf dat hulle verneem het dat die regering begerig wat dat die heidene binne die kolonie deur die sendelinge bearbei word en dat hulle in die omstandighede die reëlings wat die direksie van die Z.A.G. met betrekking tot Manenberg en Tromp getref het, sterk steun.[109)]

Nóg 'n beswaar van die Stellenbosse lede was dat die Z.A.G. se direksie geld in die kas gehou het in stede van om die Europese genootskappe behulpsaam te wees.

Die direksie se antwoord hierop was dat die Z.A.G. die sendelinge Manenberg, Tromp en H. Vorster vir hul rekening geneem het

---

106) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 26/8/1801, 16/12/1801, 4/2/1802, 23/2/1802, pp. 90, 103, 112-114; V.1 2/1 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Desch - Z.A.G., 6/9/1802.

107) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket D: Brief van Van der Kemp, 27/5/1801; (Kerkargief) V.1 2/3 Inkomende Briewe: Van der Kemp - Z.A.G., 12/9/1801.

108) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket D: Z.A.G. - London Missionary Society, 26/11/1802. Vgl. ook (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 2/10/1799, p. 38; V.1 2/2 Inkomende Briewe: Bakker - Z.A.G., 19/10/1799.

109) (Kerkargief) V.1 2/1 Inkomende Briewe; Desch - Z.A.G. 6/9/1802; V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/10/1802, pp. 163-166.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en op verskeie maniere gehelp het om die ander genootskappe se uitgawes te bestry.

Die Stellenbossers het ook by die direksie van die Z.A.G. oor die bou van Sendinggestig beswaar gemaak. Hulle het blykbaar van die standpunt uitgegaan dat die Genootskap nog nie in die finansiële posisie was om so 'n duur onderneming aan te durf nie. Dit wil ook voorkom of die Stellenbosse lede gedink het dat húlle bydraes daarvoor gebruik is. Dit was egter nie die geval nie: die gestig is gebou met vrywillige bydraes vir die boufonds en sonder dat aan die lede se gewone bydraes geraak is.[110)]

Alhoewel die Z.A.G. se direksie hul bes geprobeer het om die Stellenbossers tot samewerking te oorreed, het hulle volhard met hul besluit om onafhanklik te wees.[111)] Bakker het as direkteur van die Z.A.G. bedank en sy salaris is nie langer deur dié liggaam op rekening van die Londense Sendinggenootskap uitbetaal nie. In Augustus 1802 het die direksie van die Stellenbosse Medewerkende Sendinggenootskap gerapporteer dat hulle Bakker teen 'n salaris van £75 per jaar onderhou.[112)] Dit het ook nou regstreeks met die Europese genootskappe gekorrespondeer.

Die sendingaksie op Stellenbosch het dus binne 'n paar jaar uitgegroei tot die totstandkoming van 'n onafhanklike sendinggenootskap. Sy sendeling, M.J. Bakker, het Sondae godsdiensoefeninge gehou en in die week die heidene geleer spel en lees.[113)]

Die stigting van die Z.A.G. het in die gemeente Roodezand 'n geesdriftige reaksie uitgelok waar ds. M.C. Vos hom sedert sy aankoms in 1794 met hart en siel vir sendingwerk beywer het. Op 'n vergadering, gehou in Oktober 1799 en bygewoon deur 47 lede van die Z.A.G., is ds. Vos tot voorsitter van die Tulbaghse tak van Z.A.G. verkies, terwyl P.F. Theron as korrespondent en J. de Bruijn as tesourier aangewys is.[114)] 'n Aantal korrespondente is ook be-

---

110) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 3, Jacket A: Stellenbosche M.S.G. - London Missionary Society, 15/2/1803, Z.A.G. - London Missionary Society, 26/11/1802; (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/10/1802, pp. 163-166; 2/1 Inkomende Briewe: Desch - Z.A.G., 6/9/1801.

111) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, pp. 102-103, 110.

112) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G., Notule van Direksie Vergaderings, 5/10/1802, p. 165.

113) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 1, Jacket A: Bakker - London Missionary Society, 2/1/1802; Desch - London Missionary Society, 8/1/1802; Box 2, Folder 2, Jacket A: Desch en Hamman - London Missionary Society, 12/8/1802.

114) (Kerkargief) V.1 2/1 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Akte van die Eerste Vergadering van lede van Z.A.G. in Land van Waveren, 1/10/1799; V.1 2/3 Inkomende Briewe: Vos - Direkteure Z.A.G., 4/10/1799; V.1 1/1 Notule Direksie Vergadering, 6/11/1799, p. 40.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

noem om gereeld oor die sendingaktiwiteite in hul onderskeie wyke verslag te doen.[115] Op besluit van die Z.A.G. se direksie het teen die helfte van 1801 'n hulpgenootskap op Roodezand ontstaan, waaruit 'n dekade later die onafhanklike Tulbaghse Sendinggenootskap ontwikkel het.

Aanvanklik was die verhouding tussen die Roodezand-lede en die Z.A.G.-direksie baie goed, maar net soos in die geval van Stellenbosch het die kwessie van finansiëls verdeling in die hand gewerk. Die bou van die Gestig in Kaapstad het ook in Roodezand ontevredenheid verwek. Die lede was nie langer geneë om hul fondse na Kaapstad op te stuur nie en het op die jaarvergadering van 1801 besluit om dit liewer in hul eie kas te hou en vir sendingwerk in die gemeente te gebruik. Die hoofdireksie het hierteen beswaar gemaak maar die hulpgenootskap was vasbeslote om, wat die finansies betref, onafhanklik te bly. Van afskeiding was daar in hierdie stadium egter nog nie sprake nie.[116]

Die sendingaksie in die gemeente Roodezand was goed georganiseer. Op die dorpie (later genoem Tulbagh) het ds. Vos elke tweede Sondag vir meer as 100 heidene gepreek en elke eerste Maandag van die maand vir die heidene 'n biduur gehou. In sy afwesigheid het mevrou Mathilda Smit, wie se huis vir die byeenkomste gebruik is, die godsdiensoefeninge waargeneem. Die sendeling Vorster het ná sy aankoms in die gebied Bosjesveld (in die omgewing van die huidige Villiersdorp) gaan werk, waar hy van plaas tot plaas gegaan en vir Christene en heidene godsdiensoefeninge gehou en onderwys gegee het.[117] In die wyk Bokkeveld is deur talle families huisgodsdiens gehou, sodat langs hierdie weg 'n totaal van 317 heidene onderrig is. In die wyk Roggeveld is Sondae deur C.F.N. Hennop dienste, éérs vir die Christene en daarna vir die heidene, gehou. Die suster Cloje Burger het in die wyk Vier-en-twintig Riviere heidenvroue onderrig, terwyl die korrespondent L. Bothma van Heuningberg berig het dat verskeie families die heidene in hul diens met die Christelike godsdiens bekend gemaak het. Uit Piketberg het die korrespondent J.L. Visagie in 1802 gerapporteer dat 59 heidene uit 'n totaal van 256 in dié wyk onderrig word. In Winterhoek het die korrespondent

---

115) (Kerkargief) G.4 12/1 Tulbaghse Sendinggenootskap: Onondertekende brief van 1/1/1800.

116) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 4/11/1801, 23/2/1802, 25/8/1802, pp. 101, 114-118, 147; V.1 2/1 Inkomende Briewe: Broodrijk - Z.A.G., 16/2/1802, Akte Derde Vergadering, 5/10/1801, Vierde Vergadering, 11/10/1802.

117) (Kerkargief) V.1 2/3 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Vorster - Z.A.G., 13/4/1802, 19/6/1803.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

P.F. Theron tussen 20 en 25 heidene bearbei; in Heksrivier het P. de Vos en J. Jordaan die leiding in sendingwerk geneem, terwyl in Agter-Breërivier ongeveer vyf families gereeld die heidene wat by hulle in diens was, onderrig het. Aan die Olifantsrivier en Sederberge was dit in 1799 J.M. Kok wat met ywer aan Blank sowel as Nie-Blank die Evangelie verkondig het voordat hy na die land van die Brickwas vertrek het.[118)]

Op Wagenmakersvalleij was dit J. van Zulch wat van 1796 tot 1800 leiding in sendingwerk geneem het. Op sy aansporing is 'n oefeningshuis opgerig waar hy godsdiensoefeninge vir die Blankes gehou en die heidene onderrig het.[119)] 'n Tak van die Z.A.G. het ontstaan, en in Augustus 1801 is die Wagenmakersvalleijsche Hulpgenootskap gestig. Intussen het Van Zulch se kragte begin afneem met die gevolg dat 'n groot behoefte aan 'n sendeling dáár ontstaan het.

'n Paar maande later teen die einde van 1800 en in die begin van 1801 het die sendelinge Read en Van der Kemp daar onder alle rasse gewerk, en in Julie 1801 is Bastiaan Tromp van Kaapstad af daarheen verplaas. Tromp het sy taak in die nuwe werkkring met ywer aangepak. Hy het twee dae van die week godsdiensoefeninge vir tussen 40 en 60 persone gehou, op twee ander dae het hy die heidene in die Evangelie onderrig en een aand per week het hy letteronderwys gegee.[120)]

Tromp het spoedig in botsing met die kerkraad van Drakenstein gekom, wat waarskynlik ontevrede daaroor was dat hy sonder hul medewete vir slawe en Christene binne die grense van die gemeente godsdiensoefeninge gehou het. Hulle het hom ook daarvan verdink dat hy oor die begrippe "wedergeboorte", "natuurlike mens" en die toepassing van die "Heiland se verdienste" (genadeleer) opvattings verkondig het wat in stryd is met die kerklike leer. Die kerkraad, onder voorsitterskap van ds. Borcherds, het aan generaal

---

118) (Kerkargief) G.4 12/1 Tulbaghse Sendinggenootskap Briewe: verslae van geestelike werk in Waveren, 1/1/1800, 11/10/1802; (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket B: Direksie, Roodezand - Z.A.G., 16/7/1802; P.S. de Jongh: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh, 1799-1830, pp. 223-235.

119) J. du Plessis: A history of Christian Missons in South Africa, pp. 419-420; C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Kerkraad van Drakenstein 25/6/1803), p. 481.

120) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket C: Tromp - London Missionary Society, 15/10/1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

undas gerapporteer dat daar slegs twee oplossings was: òf die lagte teen Tromp oor die verkondiging van n valse leer moes onersoek word, òf hy moes na n afgeleë plek buit die gemeente getuur word. Die kerkraad het daarop gewys dat in die eersgenoeme geval moontlik slapende geloofsgeskille[121] wakker gemaak kon ord en dit is duidelik dat hulle dit verkies het dat generaal undas op die laasgenoemde uitweg moes besluit.[122]

Generaal Dundas het die aangeleentheid na die Z.A.G. se direkie verwys, wat ter wille van die vrede besluit het om Tromp as ondreisende sendeling in die gemeente Roodezand aan te stel. O ersoek van die direksie van die Wagenmakersvalleijsche Hulpgenootchap, wat Tromp se dienste wou behou, het Dundas, in oorleg met ie Kaapse predikante, besluit dat Tromp in sy werkkring mag aanly op voorwaarde dat hy slegs Nie-Blankes bearbei.[123]

Tromp het gevolglik sy werk dáár voortgesit, en dit het volgns die kerkraad van Drakenstein groot verbittering verwek. Die erkraad is deur 71 lidmate meegedeel dat hulle verlang het dat ul slawe in die suiwere Gereformeerde leer onderrig word.[124] ie kerkraad het nou besluit dat die taak om heidene wat in gevesigde gemeentes woonagtig was, te onderrig liewer aan die kerkraad an elke gemeente oorgelaat moes word as aan die direksies van verkillende sendinggenootskappe.[125]

In ooreenstemming met hierdie besluit is Daniël le Roux as lawe-oefenmeester aangestel. Die kerkraad het hom die gebruik an die oefeningshuis op sekere dae toegesê en Tromp versoek om om op daardie dae nie te hinder nie.[126]

Daar het dus gedurende die laaste jaar van die Britse bewind wee persone op Wagenmakersvalleij sendingwerk gedoen, te wete Le oux, wat in diens van die kerkraad was en Tromp, wat in diens van

---

21) Vgl. C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, pp. 118-125 vir n bespreking van die godsdiensgeskille wat 25 jaar tevore in die gemeente Drakenstein gewoed het.

22) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 16/12/1801, 12/1/1802, pp. 103-104, 106-110; C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies, Kerkraad van Drakenstein, 6/12/1801), pp. 476-478.

23) Kerkargief V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/5/1802, p. 124; V.1 3/2 Uitgaande Briewe: Overbeek - Wagenmakersvalleijsche Direksie, 12/1/1802, Overbeek - Rotterdamse S.G., 13/3/1802.

24) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Verslag oor die jare, 1797-1802), p. 482.

25) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Verslag oor die jare 1794-1802), p. 482.

26) C. Spoelstra: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, 11 (Resolusies van Kerkraad van Drakenstein, 23/2/1802, 25/6/1803), pp. 478-482.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die Wagenmakersvalleijsche Hulpgenoodschap gestaan het. In 1803 kon die lede van die genootskap nie langer daarin slaag om met hul bydraes vir Tromp se onderhoud vol te hou nie en het hulle die direksie van die Z.A.G. versoek om hom te verplaas.[127)]

Ook in ander dele van die kolonie was daar georganiseerde sendingwerksaamhede. In Overberg, waar die lede nie saam met die Stellenbosse lede aan die Z.A.G. afgeskei het nie, het W. Wessels afsonderlik vir Christene en heidene godsdiensoefeninge gehou en aan 25 heidene letteronderwys gegee, terwyl A.S. le Roux katkisasieklasse gegee het.[128)] In die noordwestelike deel van die distrik Stellenbosch het die skoolmeester J.C.L. Maij Blankes en Nie-Blankes in die Christelike godsdiens en letteronderwys onderrig. Die Z.A.G. het hom aanvanklik gesteun deur aan hom klere en skoolboeke te stuur. In 1804 het hulle hom as sendeling aanvaar en hy het toe onder hul toesig in Klein-Namakwaland gewerk.[129)]

In Outeniekwaland in die gemeente Swellendam was ook 'n tak van die Z.A.G. In 1802 het die vier direkteure berig dat verskeie koloniste elke aand hul bediendes onderrig. Hul versoek dat 'n sendeling na hulle uitgestuur word, is deur die Z.A.G. toegestaan, maar gedurende die Britse bewind daaraan nie uitvoering gegee nie.[130)]

Teen 1800 was daar in Agter-Sneeuberg 28 lede van die Z.A.G.. Van der Kemp maak melding van ene C. van Niekerk wat geseënde werk onder heidene en Christene aan die voet van die Sneeuberge gedoen het.[131)]

Op die dorp Graaff-Reinet was daar teen die einde van 1802 slegs twee lede. Een van hulle, P.L. Maré, het in 1802 gekla oor die swak vordering wat die sendelinge daar gemaak het. Ná Read en Van der Kemp se vertrek in Februarie van dié jaar het Van der Lingen die sendingwerk op die dorp voortgesit. Hy het egter in

---

127) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket B: Verslag van Tromp, 2/8/1802; (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/10/1802, pp. 165-166.

128) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 5/11/1802, pp. 162-163), V.1 2/5 Inkomende Briewe: Wessels - Frijlinck, 25/7/1800.

129) (Kerkargief) V.1 2/3 S.A.S.G. Inkomende Briewe: Maij - Z.A.G., 19/4/1800, 26/5/1800, Bothma - Z.A.G., 29/5/1803.

130) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 6/11/1799, p. 40; (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 1, Jacket C: Manenberg - London Missionary Society, 14/4/1802; Box 2, Folder 2, Jacket B: Z.A.G. - London Missionary Society, 25/8/1802.

131) Transactions of the Missionary Society, 1, p. 479.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1803 Graaff-Reinet verlaat omdat hy gevoel het dat hy weens die teenstand van Blankes geen vordering kon maak nie.[132)]

Sendingwerk aan die Kaap het gedurende die besetting aansienlike vordering gemaak. Baviaanskloof is teen die einde daarvan algemeen aanvaar as 'n instelling waar nuttige werk verrig is. Tussen 1799 en 1803 het 11 sendelinge van die Nederlandse en Londense Sendinggenootskappe tot die veld toegetree (een, te wete Edmonds, het in dié tyd weer vertrek), en daar was vier koloniste, te wete Kramer, Scholtz, Kok en Bothma, wat hulle voltyds aan die sending gewy het. Daarbenewens is ook deur die lede van die Z.A.G. sendingwerk gedoen. Die Z.A.G. het bereken dat deur die medewerking van hierdie lede in Augustus 1800 'n totaal van 1,900 heidene onderrig ontvang het.[133)]

Die verset teen sendingwerk wat aanvanklik onder sekere koloniste bestaan het, het in die laaste jare van die agtiende eeu beslis in die westelike deel van die kolonie afgeneem. Kircherer het opgemerk dat die werklik gelowige Christene waar moontlik die sending bevorder het en self hul diensbodes onderrig het. Daarteenoor was diegene wat sendingwerk teengestaan het van 'n swakker klas.[134)]

Daar was egter nog baie probleme vir die sendingyweraars. Die wet wat dit verbied het dat 'n gedoopte slaaf verkoop of aan iemand anders oorgemaak mag word, was 'n groot hindernis. Persone soos Van der Kemp en Ds. M.C. Vos het hulle vir die afskaffing daarvan beywer.[135)] Die teenstand van sekere predikante teen sendingwerk deur buitekerklike genootskappe binne die grense van bestaande gemeentes was ook nog eens so groot. Daar is verwys na die optrede van ds. Borcherds, maar Manenberg het in 1802 ook oor die vyandigheid van die Kaapstadse predikante in die verband gekla.[136)] Baie koloniste aan die oosgrens het hulle ook nog teen sendingwerk

---

132) (Kerkargief) V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 3/2/1802, p. 111; V.1 2/5 Inkomende Briewe: Maré - Z.A.G., 23/12/1801.

133) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 3, Jacket D: Schoonberg - London Missionary Society, 23/12/1800.

134) J. Kicherer: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zÿne Zending tot de Heidenen: pp. 119-120.

135) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 1, Folder 4, Jacket D: Van der Kemp - London Missionary Society, 4/10/1801; M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, p. 109.

136) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket B: Manenberg - London Missionary Society, 25/9/1802. Vgl. ook M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, pp. 117-118.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verset. Sekere vooraanstaande koloniste, soos C.D. Gerotz en Johannes van der Walt, was wel die sending goedgesind, maar hulle was eerder die uitsondering van die reël. Van der Lingen sê dat hy in 1803 Graaff-Reinet verlaat het omdat hy gevoel het dat hy niks sou uitrig terwyl die Christene van dié distrik met soveel "haat omtrent de heidenen" vervul was nie.[137)]

Die Britse regering aan die Kaap was oor die algemeen die sendingsaak goedgesind, maar Yonge het by tye die vrees gekoester dat die sendelinge Jakobynse beginsels gehuldig het en, onder die dekmantel van godsdiens, met ondermynende bedrywighede besig was.[138)] Alhoewel generaal Dundas versigtig was om nie die Kerk teen die regering in die harnas te jaag nie, het hy sover moontlik die sendingaksie ondersteun en beskerm.[139)] Manenberg het in 1802 die mening uitgespreek dat indien dit nie was vir die beskerming wat die regering verleen het nie "our labours would be in vain".[140)]

---

137) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 1, Jacket D: Van der Lingen - L.M.S., 5/2/1802; Box 2, Folder 3, Jacket C: Gerotz - Van der Kemp, 21/12/1802; (Kerkargief) V.1 2/5 Inkomende Briewe: Maré - Z.A.G., 15/8/1801, 23/12/1801, 13/7/1803.

138) G.M. Theal: Records of the C.C., 111 (Yonge - H. Dundas, 7/4/1800, 22/10/1800 en 8/1/1801), pp. 113-119, 336-340, 391.

139) Vgl. B.O. 53 Letters Despatched: F. Dundas - Kerkraad van Stellenbosch, 21/7/1799, no. 25.

140) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. Box 2, Folder 2, Jacket B: Manenberg - London Missionary Society, 25/9/1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK X.

DIE VERHOUDING TUSSEN DIE RASSE (1795-1799).

Gedurende die Britse bewind was die slawe en in 'n mindere mate die Hottentotte nog steeds die kolonie se vernaamste arbeidsbron. In die grensdistrikte is Boesmans en Bantoes in toenemende mate deur die koloniste as veewagters gebruik. Baie van hulle het op koloniale grondgebied gewoon, maar die regering het hulle beskou as afsonderlike volke wat buite die koloniale grense tuisgehoort het teenoor wie 'n beleid van segregasie toegepas moes word.[1)]

Oor die algemeen het tydgenootlike waarnemers geoordeel dat slawe, veral in die westelike deel van die kolonie, goed behandel is.[2)] Tog was die lot van 'n slaaf bejammerenswaardig, en aan die Kaap, soos elders ter wêreld, het slawe gedroom van die dag wanneer hulle vry sou wees. Volgens Barrow het slawe teen die einde van die Kompanjiesbewind gehoor hoe hul eienaars die rewolusionêre idees van vryheid, gelykheid en die onvervreembare regte van die mens bespreek en het dit hulle laat hoop dat die dag van hul vrystelling nie meer ver was nie. Hulle het selfs vergaderings gehou om die lot van hul base te bespreek wanneer dié dag aanbreek.[3)]

Toe die Britse troepe in 1795 by die Kaap aan wal gestap het, het verskeie slawe hulle by die Britse militêre mag gevoeg. Die veroweraars het egter by die eerste en beste geleentheid laat blyk dat hulle nie van voorneme was om as slawebevryders op te tree nie. Drie dae ná die verowering het die Britse bewindhebbers bekend gemaak dat hulle nie op die koloniste se eiendom inbreuk sou maak nie. Slawe wat by die Britse troepemag opgedaag het, sou aan hul eienaars uitgelewer word op voorwaarde dat sulke slawe nie gestraf word nie.[4)]

Gedurende die eerste Britse besetting van die Kaap het die beperkings waaronder slawe gebuk gegaan het, behoue gebly en ander is bygevoeg. So, byvoorbeeld, moes 'n slaaf wat êrens gestuur is, voorsien wees van 'n pas waarin sy eienaar sy bestemming aangedui het. Britse bewindhebbers het geen aanduiding gegee dat hulle

---

1) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Bresler by Macartney, 20/6/1797), pp. 95-101; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 27/6/1797), p. 86; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 17-18.
2) J.A. de Mist: Memorandum, pp. 110-111.
3) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 163-164.
4) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 19/9/1795), p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarna gestreef het om vir slawe beter behandeling te bewerkstellig nie. Dit het wel gebeur dat Hottentotte en ander Nie-Blankes aan dieselfde beperkings as slawe onderhewig gemaak is. Die Kolleges van Landdros en Heemrade in Swellendam en Graaff-Reinet het in 1797 en 1798 bepaal dat Hottentotte, net soos slawe, passe moes dra wanneer hulle van een plek na 'n ander gaan, sodat almal kon weet dat hulle nie weggeloop of gedros het nie. In Graaff-Reinet is bepaal dat niemand 'n Hottentot of slaaf sonder pas mag herberg nie.[5] Net soos die slawe, kon Hottentotte nie op Swellendam sonder toestemming van hul eienaar drank koop nie,[6] en 'n proklamasie wat generaal Dundas in 1801 uitgevaardig het, het bepaal dat dit vir slawe of gekleurde persone verbode was om saans ná negeuur sonder 'n opgesteekte lantern op straat te verskyn.[7]

Teen die einde van die agtiende eeu was die verhouding tussen Blankes en Hottentotte swak. Hottentotte was gegrief oor werklike of vermeende onreg wat Blankes hulle aangedoen het. Blankes was weer bevrees dat die Hottentotte teen hul base in opstand sou kom.[8]

Craig het dit van die staanspoor regeringsbeleid gemaak om die Hottentotte se regte te handhaaf.[9] Toe 'n kolonis by hom kom kla het dat 'n Hottentot sy diens verlaat het, het Craig geantwoord: "The Hottentots are a free people, if he likes you he may stay with you, ... but if he wishes to quit your service, he is at liberty to do it."[10]

Craig het ook daarop aangedring dat Hottentotte beskerming deur die koloniale howe moes geniet. Waar nodig, moes regshulp aan Hottentotte verleen word. By een geleentheid is aan landdros Faure van Swellendam opdrag gegee om vier Hottentotte wat hul werkgeefster van weerhouding van lone aangekla het, pro deo by te staan wanneer die saak deur die Kollege van Landdros en Heemrade verhoor word.[11]

Craig se besluit om 300 tot 400 Hottentotte as soldate in diens te neem, het 'n verreikende invloed op die verhouding tussen

---

5) SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 4/12/1797, p. 330; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 2/1/1798, p. 174.
6) SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 3/12/1798, pp. 374-376.
7) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 4/9/1801), p. 255. Vgl. ook die beperkings op slawe gelê in 1794 in S.D. Naudé: Plakkaatboek, IV, pp. 244-250.
8) SWM. 12/91 Inkomende briewe van Nasionale Landdros: Brief van C. Lotter, 18/9/1795; G.R. 9/68 Military Papers: Heemrade en Krygsrade van Graaff-Reinet — Sluysken, 27/8/1795. J.S.Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 22, 55, 62-63.
9) Vir 'n bespreking van die regsposisie van Hottentotte, vgl. p. 9.
10) Periodical Accounts of the Church of the United Brethern, II (Diary of the Missionaries at Bavians Kloof), p. 74.
11) B.O. 49 Letters Despatched: Ross — Bresler, 26/3/1796, no. 57; SWM. 11/26 Briewe van Fiskaal: Van Ryneveld — Van der Riet, 11/11/1796.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Blankes en Hottentotte gehad.[12] Dit het aan Hottentotte 'n bestaansmoontlikheid buite die diens van die koloniste gebied. Die feit dat Hottentotsoldate saam met Britse soldate teen opstandige koloniste gebruik is, het ook by Hottentotte die gedagte laat posvat dat hulle die Britse regering aan die Kaap se bondgenote was. Dit het 'n belangrike rol gespeel in die uitbreek van die onluste aan die oosgrens wat in die volgende hoofstuk bespreek word.

In die noordwestelike deel van die kolonie het daar gedurende die eerste Britse besetting 'n gespanne verhouding bestaan tussen die koloniste en die Hottentotte wat voor die koms van die Blankes met groot getalle vee daar gewoon het. Een van die belangrikste redes hiervoor was dat koloniste Hottentotte uit hul woonplekke gedruk het. Die koloniste het vanaf ongeveer die helfte van die agtiende eeu die Olifantsrivier oorgesteek en in die sogenaamde Klein Namakwaland grond in gebruik begin neem. Teen die einde van die agtiende eeu was daar nog net enkele dele tussen die Olifantsrivier in die suide en die 1798-Noordgrens van die kolonie wat nog nie deur die Blankes beset was nie.[13]

Een van die dele was Doringkraal (later genoem Ebeneser) wat langs die Olifantsrivier ongeveer 10 myl van die mond daarvan gelê het. Hier het 'n aantal Hottentotte onder kaptein Louis 'n bestaan gemaak van veeboerdery, visvang en 'n bietjie saaiery. Die veldkornet het hulle beskerm teen koloniste wat hulle probeer verdryf het. Vroeg in die negentiende eeu het die regering hul besitreg bevestig. Ebeneser is vandag 'n landelike Kleurlinggebied met 'n oppervlakte van 21 350 morge.

'n Ander deel binne die koloniale grense waar Hottentotte 'n min of meer onafhanklike bestaan gevoer het, was Leliefontein by die Kamiesberge in die noordwestelike hoek van die kolonie. Daar kon nie vasgestel word wat die oppervlakte van Leliefontein teen 1795 was nie, maar toe die sendeling B. Shaw in 1816 daar 'n sendinginstituut gestig het, het die instituut bestaan uit twee plase, te wete Leliefontein en Langfontein.[14]

Kommagas (oppervlakte teen die einde van die negentiende eeu: 69 123 morge) naby die huidige Springbok val ook binne die destydse koloniale grense. Dit is

12) Vgl. die mening van Janssens aangehaal in P.J. Idenburg: De Kaap de Goede Hoop, p. 104.
13) J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1837, pp. 6-8; P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp. 143-144; G.W. Stow: The Native Races of South Africa, pp. 249-256.
14) P.L. Scholtz: Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902, p. 120; U.G. 33/1947: Verslag van die Interdepartementele Komitee betreffende Kleurlingaangeleenthede op Kleurlingsendingstasies, -reserwes en -nedersettings, pp. 35-53; M.J. van Schalkwyk: Die Werk van die Wesleyaanse Metodiste Sendinggenootskap in Klein- en Groot-Namakwaland vanaf 1816 tot 1850, p. 60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

in 1810 deur die Londense Sendinggenootskap in gebruik geneem en was waarskynlik ten tye van die eerste Britse besetting ook in Hottentothande.[15)]

Met so weinig dele oor waar Hottentotte 'n onafhanklike bestaan kon voer, was die meeste van hulle wat hulle binne die koloniale grense bevind het feitlik verplig om by die koloniste in diens te tree.[16)] Groepe Nie-Blankes het nou in verset gekom teen die Blanke heerskappy in die gebied.

Onder leiding van ene Piet Baster het 'n bende Boesmans en Hottentotte in Namakwaland die wêreld vir die Blankes moeilik gemaak. Teen 1796 het hulle in totaal 500 stuks vee gesteel, huise van Blankes aan die brand gesteek en gedreig om hulle tot so ver as die Olifantsrivier terug te dryf. Craig het toestemming verleen dat 'n kommando teen Baster en sy mense mag uittrek op voorwaarde dat daar êérs 'n poging aangewend word om vrede sonder bloedvergieting te bewerkstellig.[17)]

Teen die einde van 1798 het sommige Hottentotte in Namakwaland met 'n opstand gedreig. Die aanleiding daartoe was blykbaar 'n regeringsbesluit dat die Opgaaf ook onder die Hottentotte moes plaasvind. Hierdie besluit het 'n beroering in 'n Hottentotkraal veroorsaak. Die Hottentotte het aan 'n veldwagmeester verklaar dat hulle gehoor het "dat als eerste alle haare Naamen opgesckreeven sijnde sij in alvernij sullen getrokken worden, en die wijl sy eene vrygebooren Natie syn soo willen se zig lievers tot het laatste verdeedigen en vlugten als een slaaf te sijn."[18)]

Veldmagmeester J.C. van der Westhuizen van Klein Namakwaland het in Desember van dié jaar berig dat 'n paar honderd Hottentotte saamgetrek het. Hulle het vyf plase geplunder, een man doodgemaak en 21 gewere, benewens ammunisie en vee, gebuit. Hulle het ook gedreig om die Blankes oor die Olifantsrivier terug te dryf. Hy het bygevoeg dat die koloniste bevrees was dat die Hottentotte wat by hulle in diens was ook in opstand sou kom - iets wat ernstige gevolge sou hê.[19)]

---

15) J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, pp. 74-75, 109. Vgl. ook G. Thompson: Travels and Adventures in Southern Africa, pp. 301-303; L. von Rohden: Geschichte der Rheinischen Missions Gesellschaft, pp. 178-179.
16) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 340-341.
17) B.O. 21 Letters from Stellenbosch: Van der Westhuizen — Van der Riet, 8/7/1796, no. 72; B.O. 49 Letters Despatched: Instruksies van Craig, 5/8/1796, no. 204.
18) Vgl. STB. 10/151 Inkomende Briewe van Veldkornette: Van der Westhuizen — Van der Riet, 10/12/1798, ongepag.
19) STB. 10/151 Inkomende Briewe van Veldkornette: Van der Westhuizen — Van der Riet, 10/12/1798, ongepag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel Van der Westhuizen dringend by landdros Van der Riet van Stellenbosch hulp aangevra het, het dit nie dadelik opgedaag nie. Die volgende paar weke was 'n kommervolle tyd vir die Blankes in Klein Namakwaland. Dit was duidelik dat veral die sogenaamde oorlamse Boesmans in bendes nie van vrede wou hoor nie.[20)]

In die tweede helfte van Februarie 1799 het drie veldwagmeesters van Piketberg met 18 Blankes, twee Basters en 'n Hottentot vir Van der Westhuizen te hulp gekom wat self 19 Blankes, 18 Basters en sewe Hottentotte opgekommandeer het. Tesame het hulle op 22 Februarie uitgetrek. Onderweg na die Koussierivier het hulle op 'n groot getal Hottentotte in 'n kloof afgekom. Gerrit Ovies (of Owies) het na hulle toe gegaan met die voorstel dat vrede gesluit word. Hy is egter deur 'n Boesman met 'n assegaai gesteek en is kort daarna oorlede. Ten spyte van hierdie voorval is vrede gesluit, waarna die Hottentotte 'n deel van die buit teruggegee het en na hul vorige woonplekke teruggekeer het. 'n Aantal van die bendeleiers het na die Oranjerivier gevlug.[21)]

Kort hierna is die vrede in dié geweste weereens versteur - hierdie keur deur Jager Afrikaner en sy bende. Volgens oorleweringe het die Afrikaner-familie oor die hele Hantam geheers voordat Blankes dié gebied binnegekom het. Jager en sy seuns het teen die einde van die agtiende eeu by veldwagmeester Petrus Pienaar van die plaas Groot Doornberg naby die huidige Calvinia in diens getree. Hy het hulle op kommando's teen die Boesmans uitgestuur en jagtogte in die binneland laat onderneem. Vroeg in 1796 het Jager en sy seuns vir Pienaar en lede van sy gesin vermoor.[22)] Ná 'n moord het hulle inderhaas met die Pienaars se vee noordwaarts gevlug. Hulle het later op 'n eiland in die Oranjerivier gaan woon waar hulle 'n bende opgebou het wat die lewens en eiendom van Blank en Nie-Blank binne 'n straal van 200 tot 300 myl bedreig het.[23)]

In Mei 1799 het Afrikaner en 'n bende van ongeveer 100 man 'n inval in die Hantam onderneem. Hulle het een Blanke en vier diensbodes vermoor, 3 700 skape en bokke, 446 beeste, ag perde en drie gewere gebuit. 'n Kommando wat hulle agterna gesit het, kon hulle

---

20) STB. 10/151 Inkomende Briewe van Veldkornette: Van der Westhuizen — Van der Riet, 4/1/1799, ongepag.; B.O. 51 Letters Despatched: F. Dundas — Landdros en Heemrade van Stellenbosch, 22/1/1798, no. 388.

21) STB. 10/151 Inkomende Briewe van Veldkornette: Van der Westhuizen — Van der Riet, 7/3/1799, ongepag.

22) Oor die motief van die moord bestaan groot meningsverskil. Vir verskillende weergawes vgl. F. en J.M. Duminy: Duminy Dagboeke, pp. 215-228.

23) J. Campbell: Travels in South Africa, pp. 376-377.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie inhaal nie. 'n Dringende versoek is tot Van der Riet gerig om hulp uit die suidelike wyke van die distrik Stellenbosch asook ammunisie te stuur. Dit het ook nou geblyk dat sommige Hottentotte van die wyk Bokkeveld, saamgesweer het om die Blankes in dié wyk uit te moor en dan by Afrikaner aan te sluit.[24)]

Die regering het besluit om ferm op te tree. Generaal Dundas het teen die helfte van Junie 1799 'n voorraad ammunisie uitgereik met die doel om 'n kommando in staat te stel om Afrikaner en sy bende gevange te neem of op 'n ander wyse onskadelik te stel.[25)]

In die argiefstukke is nie 'n aanduiding te vind van wanneer die kommando uitgetrek het en hóé dit afgeloop het nie. Daar is slegs 'n mededeling van die Stellenbosse landdros en heemrade, gedateer 26 Augustus 1799 dat 200 man uit die Roggeveld, Hantam, Namakwaland, Olifantsrivier, Kamiesberge, Sederberge, Piketberg en Vier-en-Twintigriviere teen Afrikaner en sy bende uitgetrek het.[26)] Dit is egter duidelik dat die kommando nie die bedreiging beëindig het nie;[27)] Borcherds verklaar dat die ingesetenes van die Roggeveld daarna nog voortdurend in vrees vir Afrikaner en sy bende verkeer het. Teen 1802 was die bende nog 68 man sterk, van wie sommige met gewere gewapen was.[28)]

Die tweede helfte van die Britse besetting was 'n tydperk van vrees en kommer vir die koloniste in die noordwestelike deel van die kolonie. Hulle was bang dat hul slawe of Hottentotdiensbodes in opstand mag kom. Hierdie vrees is vergroot deur berigte wat teen die einde van 1801 ontvang is dat twee families in die Roggeveld en die Koup onderskeidelik deur Hottentotte en slawe vermoor is. In sommige dele van die distrik Stellenbosch het Hottentotte openlik vir koloniste beledigings toegeslinger en gedreig dat die dag van afrekening naby was.[29)]

Die koloniste se geestestoestand word goed geïllustreer deur 'n voorval wat op 18 April 1802 op Roodezand gebeur het. Die koloniste van daardie gebied was in die voorafgaande paar weke ernstig

---

24) B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — F. Dundas, 21/6/1799, Van Wyk — Van der Riet, 4/6/1799, Engelbrecht — Van Wyk, 11/5/1799, nos. 68, 70-71; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Botha — Van Wyk, 14/5/1799), pp. 423-424.
25) B.O. 52 Letters Despatched: Dundas — Van der Riet, 22/6/1799, no. 269.
26) B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Landdros en Heemrade — Frazer, 26/8/1799, no. 87.
27) Vir die poging om d.m.v. 'n tussenganger, Kobus Booij, vrede te bewerkstellig, vgl. B.O. 22 Letters from Stellenbosch, 28/12/1799, no. 117; B.O. 56 Day Book, 12/11/1800, p. 76.
28) P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, p. 169.
29) P.B. Borcherds: An Autobiographical Memoir, pp. 169-170; B.O. 22 Letters from Stellenbosch, nos. 62-67; B.O.23 Letters from Stellenbosch: Lindenberg — Van der Riet, 23/12/1802, no. 130.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verontrus vanweë gerugte dat Hottentotte, aangehits deur Maynier, op die punt gestaan het om al die Blanke mans uit te moor en hul vrouens en plase in besit te neem. Hul kommer is verhoog deur die feit dat Hottentotsoldate deur die distrik rondgedwaal het op soek na makkers wat gedros het. Volgens Van der Riet het die koloniste die Hottentotsoldate altyd as hul vyande beskou en was vyf van hulle genoeg om 'n Blanke gesin op loop te jaag omdat daar gewoonlik net een volwasse Blanke man op elke plaas was.[30)]

Op Sondag 18 April het ongeveer 500 koloniste op Roodezand 'n afskeidsdiens van ds. M.C. Vos bygewoon. Tydens die diens het kaptein Cambell aan die hoof van 'n klein afdeling troepe, waaronder daar Hottentotsoldate was, die kerkgebou genader. Toe die gemeentelede die soldate gewaar, het pandemonium ontstaan. Hulle was daarvan oortuig dat die Hottentotte hulle wou uitmoor en het in die grootste haas uit die kerk gevlug - sommige het selfs by die vensters uitgespring. Slegs 150 gemeentelede kon oorreed word om na die kerk terug te keer; die ander het weggejaag.[31)]

Streng maatreëls is getref om die paniektoestand te beëindig. Die koloniste is gewaarsku om teen gerugte op hul hoede te wees en 'n paar burgers wat daarvan verdink is dat hulle aan die verspreiding van gerugte aandadig was, is in hegtenis geneem. Daar is ook streng opgetree teen veldkornet Jan Swanevelder en die burger Isaac Minnaar wat sonder magtiging Hottentotsoldate aangehou en ondervra het.[32)]

Vir die Hottentotte, veral dié wat in regeringsdiens was, was die teruggawe van die Kaap aan Nederland 'n ramp. 'n Bataafse amptenaar, kapt. F.S.V. le Sueur het tot die gevolgtrekking gekom dat as gevolg van die feit dat die Engelse wegloper-Hottentotte onder beskerming geneem en onderhou het, daar by die Hottentotte 'n groot vertroue in en gehegtheid aan die Engelse ontstaan het. Hulle het die koloniste gehaat en het nie meer die koloniste soos voorheen "baas" of "seur" genoem nie, maar "Dutsman" of "Dem Dutsman."[33)]

---

30) B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Dundas, 15/4/1802, nos. 94 en 97; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Ondervraging van Lourens en Moolman, 17/5/1802, Benecke — Dundas, 2/5/1802, pp. 793-796, 801-802.

31) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vos — Dundas, 18/4/1802, pp. 781-783.

32) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 16/4/1802 en 19/4/1802), pp. 273-274; B.O. 55 Letters Despatched: Dundas — Vos, 21/4/1802, Ross — Van der Riet, 23/4/1802 en 28/4/1802, Barnard — Landdros en Heemrade van Stellenbosch, 19/5/1802, nos. 59, 60, 62, 84; B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Dundas, 22/4/1802 en 23/4/1802, nos. 100, 111; J. de Villiers: Hottentot-regimente aan die Kaap, 1781-1806, pp. 129-144.

33) J.P. van der Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, p. 243. Vgl. ook L. Alberti: De Kaffers aan de zuidkust van Afrika, p. 218.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen 1795 het 'n fel stryd tussen die Boesmans en die koloniste in die noordwestelike en noordelike dele van die kolonie gewoed. Veral in die distrik Graaff-Reinet was die stryd besonder heftig. Die Boesmans het plase in die noordelike wyke geplunder, vee in groot getalle buitgemaak en die koloniste genoodsaak om die Tarka en dele van die Sneeuberg, Renosterberg en Nuweveldberge te ontruim. Van hul kant het die koloniste strafekspedisies teen die Boesmans onderneem en geprobeer om hulle buite staat te stel om met die rooftogte voort te gaan.[34)]

Die Graaff-Reinetse opstand en die stopsetting van die ammunisievoorsiening het die Graaff-Reinetters se optrede teen die Boesmans in die wiele gery. Nadat hulle hulle in Augustus 1796 aan die Britse gesag onderwerp het, was een van hul eerste versoeke aan die regering dat hulle van ammunisie voorsien word om die stryd te kan voortsit teen die Boesmans wat volgens hulle by die dag bloeddorstiger geword het.[35)]

Craig het aan die Graaff-Reinetters 300 pond kruit en 300 pond lood verskaf, maar daar was by hom 'n ongeneentheid om die gewapende optrede teen die Boesmans voort te sit. Hy het aan landdros Gerotz en die heemrade geskryf dat dit onprakties is om die Boesmans te probeer uitwis en voorgestel dat Boesmangevangenes liewer vriendelik behandel moet word en toegelaat moet word om na hul landgenote terug te keer. Op hierdie wyse moes die Boesmans geleidelik van hul plunder- en roofneigings genees word.[36)]

Die Graaff-Reinetters was nie baie ontvanklik vir hierdie raad nie. Hulle het geglo dat dit nie moontlik was om die Boesmans deur middel van 'n mensliewender behandeling van hul barbaarse lewenswyse te laat afsien nie. Die ondervinding het hulle geleer dat Boesmangevangenes wat goed behandel word, later wegloop, en nadat hulle na hul mense teruggekeer het, weer baie kwaad aanrig. Veral Boesmans wat gewere gehad het wat hulle gesteel het toe hulle van die plase weggeloop het, was nou 'n groot bedreiging.[37)]

---

34) G.R. 13 Letters Received from Private Individuals: Rapport van J.H. Viljoen, 30/1/1796; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 13/10/1797, Bresler — Van Ryneveld, 1/9/1798, Landdros en Heemrade — Macartney, 6/8/1798, nos. 29, 72, 73; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 29/6/1796, 20/5/1797, 24/7/1798), pp. 42, 81-82, 140-143; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Bresler by Macartney, 20/6/1797), pp. 99-101; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 188-190.

35) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 28/10/1796, pp. 82-83; B.O. 27 Letters from G.R.: Gerotz e.a. — Craig, 13/11/1796, p. 64.

36) B.O. 49 Letters Despatched: Craig — Landdros en Heemrade, 2/1/1797, no. 390.

37) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Landdros en Heemrade — Craig, 20/2/1797, pp. 107-109.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Toe die Kaap in 1797 onder kroonkoloniebestuur gekom het, is die Boesmanbeleid weer in oorweging geneem. Van Ryneveld het Macartney meegedeel dat die Boesmans se land anderkant die Seekoeirivier is en dat hulle op elke moontlike manier verplig moes word om daarheen terug te keer. Verkieslik moes dit met geweldlose middele, soos oorreding of onderlinge ooreenkoms, bewerkstellig word, maar in die laaste instansie was gewelddadige optrede onvermydelik.[38] Bresler, wat op die punt gestaan het om as landdros na Graaff-Reinet te vertrek, het die mening uitgespreek dat die Boesmans 'n roofsugtige nasie was met wie moeilik vrede gesluit kon word. Volgens hom sou die enigste oplossing wees om hulle met gereelde kommando's geheel, of ten minste ten dele, tot bedaring te bring.[39]

In ooreenstemming met Van Ryneveld se aanbeveling het Macartney aan Bresler opdrag gegee dat indien vreedsame metodes nie wou help nie, die Boesmans met geweld na hul land teruggedryf moes word. In 'n poging om die koloniste wat voor die Boesmans die wyk geneem het, na hul verlate plase te laat terugkeer, het hy, op voorstel van Van Ryneveld, bepaal dat boere van die wyke Tarka, Swagershoek, Sneeuberg en Nuweveldberge wat binne vier maande ná landdros Bresler se aankoms na hul plase terugkeer, vir die volgende ses jaar van rekognisiegeld vrygestel sou wees. Indien 'n boer egter nie terugkeer nie, sou hy sy aanspraak op die plaas verloor en sou dit aan iemand anders uitgegee kon word.[40]

Nadat Bresler, vergesel van John Barrow, op Graaff-Reinet aangekom het, het hulle 'n reis onderneem deur dié dele van die distrik wat die meeste deur Boesmanaanvalle geteister is.[41] Barrow beskryf dit as 'n poging "to bring about a conversation with some of the chiefs of this people; to try if, by presents and persuasion, they could be prevailed upon to quit their present wild and marauding way of life ...."[42] Die reis het deur die Sneeuberge gegaan tot by die Seekoeirivier, en daarvandaan al met die rivier langs tot by die Oranjerivier. Die geselskap het daarna ooswaarts gereis en toe deur die wyke Tarka en Bruintjieshoogte na Graaff-Reinet teruggekeer. Hulle het min Boesmans teëgekom. Die enkeles

---

38) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Van Ryneveld — Macartney, 24/5/1797, no. 73.
39) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 1/6/1797, pp. 152-159.
40) B.O. 50 Letters Despatched: Instructions to Bresler by Macartney, 20/6/1797, no. 126.
41) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 188.
42) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 191.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met wie hulle gepraat het, het verklaar dat hulle geen kaptein het nie. Dit was duidelik dat deur middel van onderhandelings nie ver op die weg tot 'n skikking met die Boesmans gevorder sou word nie.[43)]

Die betekenisvolste aspek van die reis was ongetwyfeld die indrukke wat deur Barrow opgedoen is, omdat sy mening by Macartney groot gewig gedra het. Hy het die Boesmans as "mild and manageable in the highest degree" beskryf. Omdat hulle egter uit hul land verdryf is deur boere wat hul kinders gevange geneem en verslaaf het, het hulle elke geleentheid gebruik om hulle op die boere te wreek. Hy het aanbeveel dat geen kommando's meer teen Boesmans toegelaat moes word nie omdat dit slegs hul bitterheid sou vermeerder en die koloniste in hul kwaad sou sterk.[44)] Toe Macartney in 1798 net na Barrow se terugkeer 'n noord- en oosgrens geproklameer het, het hy aangevoer dat die koloniste die land van die Xhosas en die land van die Boesmans binnegedring het en die ingesetenes in ellende en gebrek gedompel het. Dit het die Boesmans verplig om te roof ten einde aan die lewe te bly.[45)]

Hierdie grensreëling het weinig of geen invloed op die konflik tussen die Boesmans en die koloniste gehad nie. In die noordoostelike deel van die kolonie het die stryd voortgeduur. Veral Sneeuberg het kwaai onder Boesman-invalle deurgeloop. Volgens opgawes is in die laaste helfte van 1797 en die eerste helfte van 1798 in die distrik Graaff-Reinet 4 066 skape, 880 beeste en 30 perde deur Boesmans weggevoer. In dieselfde tyd het die koloniste weinig sukses met hul kommando's teen Boesmans behaal. 'n Kommandotjie wat in Februarie 1798 'n bende van ongeveer 300 Boesmans wat op 'n plaas in Voor-Sneeuberg 44 beeste en 1 000 skape geroof het, agterna gesit het, moes voor die Boesmans die wyk neem. 'n Groter kommando van 47 koloniste en 13 Hottentotte wat in Maart 1798 uitgegaan het, was ook nie baie suksesvol nie. Verskeie koloniste het gereed gestaan om hul plase te verlaat. In Augustus 1798 het 'n nóg groter kommando, onder leiding van veldkommandant J. Strydom, 'n poging aangewend om die Tarka van Boesmans te suiwer. Die kommando, wat twee weke lank in die veld was, het drie Boesmans doodgemaak en nog een gevange geneem.[46)]

---

43) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 188-284.
44) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 195-196, 241, 247-248.
45) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 14/7/1798), pp. 138-139.
46) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Landdros en Heemrade — Macartney, 2/4/1798 en 6/8/1798, Rapporte van Veldwagmeesters, Specificatie van Buskruijt, 6/8/1798, Bresler — Macartney, 1/9/1798, pp. 405-412, 623, 638-643, 655-658, 664-665, 587-590; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 9/7/1798, 1/10/1798, pp. 178-179, 206-208.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit het nou begin duidelik word dat ander metodes gevind moes word om die Boesmanprobleem te bekamp. Aan die een kant was die owerhede onwillig om soveel ammunisie as wat die koloniste verlang het vir kommando's te verskaf;[47] aan die ander kant het sommige koloniste, net soos die owerhede, bedenkings oor die kommando's begin koester. Veldkommandant J.P. van der Walt het byvoorbeeld die landdros gevra om nie gehoor te gee aan die koloniste se versoeke om 'n kommando uit te stuur om die Boesmans te verdryf en hul kinders gevange te neem nie, want, net soos die Boesmans, sou die koloniste ook alles in die stryd werp as hulle van hul kinders beroof word.[48] Die tyd vir 'n konsiliasiebeleid was dus ryp.

Intussen het in die noordwestelike deel van die kolonie, waar die stryd tussen kolonis en Boesman nooit so fel gewoed het nie, 'n beleid van konsiliasie inslag begin vind. Veldwagmeester Floris Visser van Midde-Roggeveld en veldwagmeester J.G. Louw van Hantam en Onder-Bokkeveld het vroeg in 1798 Macartney genader met voorstelle om die Boesmans deur middel van geskenke te versoen. Macartney het dié voorstelle geesdriftig ontvang en dit die grondslag gemaak van sy konsiliasiebeleid teenoor die Boesmans - 'n beleid wat in 'n proklamasie gedateer 24 Julie 1798 uiteengesit is.

Die uitgangspunt van dié beleid was dat indien die Boesmans self vee besit, hulle nie meer sou probeer om van steel en roof te lewe nie. Louw en Visser is gemagtig om onder die ingesetenes van Roggeveld, Hantam en Onder-Bokkeveld skape te kollekteer om onder Boesmans uitgedeel te word. Ander veldwagmeesters en landdroste moes hiervan op hoogte gestel word, sodat hulle óók kan meewerk in die plan om rus en vrede te bewerkstellig. Terselfdertyd is veldwagmeesters verbied om, behalwe in die geval van noodsaaklike selfverdediging, kommando's teen Boesmans te organiseer. Hy het ook 'n "tuisland" vir die Boesmans anderkant die Sakrivier, waar hulle ongehinderd sou kan leef, in die vooruitsig gestel. Teen die einde van 1798 het drie Boesmans, op aansporing van veldwagmeester Visser, in Kaapstad opgedaag met die versoek dat sendelinge van die Morawiese Sendinggenootskap gestuur moes word om onder hulle te werk.[49]

Macartney se proklamasie was die begin van die konsiliasiebe-

---

47) B.O. 51 Letters Despatched: Ross — Landdros en Heemrade van Graaff-Reinet, 15/5/1798, no. 137; B.O. 66 Instructions: Instructions to Bresler, 6/8/1798, p. 187.
48) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Van der Walt — Bresler, 3/10/1798, p. 221.
49) S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 24/7/1798), pp. 140-143. Acc. 1415 (74) (C) Andrew Barnard Letters: Barnard — Macartney, 10/12/1798, p. 8. Vgl. verder pp. 272-276.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leid teenoor die Boesmans wat gedurende die volgende eeu méér sukses sou hê as wat die kommando-stelsel gedurende die agtiende eeu gehad het. Vóór die einde van 1798 het veldwagmeester Louw 460 stuks kleinvee van ingesetenes van die Onder-Bokkeveld ontvang en aan naburige Boesmans oorhandig. In Roggeveld het veldwagmeester Visser dieselfde gedoen. Die boere het ruim bygedra - sommige selfs soveel as 20 skape.[50)]

Die poging om die Boesmans te konsilieer, het ook in die wyke Tarka, Renosterberg en Seekoeirivier in die noordoostelike deel van die kolonie navolging gevind. Die persoon wat hier die leiding geneem het, was J.P. van der Walt van Tarka. Hy het aan Boesmans wat op sy plaas gekom het, geskenke gegee en hulle versoek om hul mense te oorreed om onder die koloniste te kom bly. Sy voorbeeld is deur ander koloniste gevolg, met bemoedigende resultate. In Oktober 1798 het meer as 100 wilde Boesmans aan koloniste van die wyk Agter-Renosterberg te kenne gegee dat hulle met hulle in vrede wou leef. Gedurende die volgende maand het koloniste 283 skape bygedra om aan Boesmans wat gretig was om vrede te maak, te skenk. Krale en tabak is ook aan hulle uitgedeel. Baie Boesmans het nou by koloniste kom woon. Teen die einde van 1799 het die meeste Boesmans egter al weer die plase waar hulle gaan woon het, verlaat.[51)]

Die konsiliasiepogings van 1798 het in sekere dele groot sukses behaal. In Onder-Bokkeveld, Seekoeirivier en Renosterberg is gedurende die Britse bewind nie weer las van Boesmans ondervind nie. Daarteenoor is die vrede in die Roggeveld gou weer versteur en was daar weldra by die koloniste die begeerte dat kommando's weer uitgestuur moes word.[52)] In ander dele het die stryd egter onverpoos voortgeduur. Vroeg in 1799 het 'n veldwagmeester van Nuweveld byvoorbeeld gewaarsku dat die koloniste dáár nie in staat was om hulle te verdedig teen die groot getal Boesmans wat daar bedrywig was nie. Indien 'n Algemene Kommando (bestaande uit burgers van 'n hele aantal wyke) nie dadelik uittrek nie, sou die koloniste genoodsaak wees om die landstreek te verlaat. In die Koup

---

50) P.J. van der Merwe: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, 1770-1842, pp. 69-70.

51) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal of Tour by Collins, 28/7/1809), p. 23; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 29/10/1798, pp. 686-692; G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Van der Walt — Bresler, 3/10/1798, 13/11/1798, Venter — Bresler, 28/12/1798, pp. 221, 233, 247. G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 1/10/1798, 5/11/1798, pp. 206-208, 216.

52) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Reis van Kommissie van Veeteelt, 1805), pp. 393-394.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

was daar teen April 1799, vanweë die Boesmangevaar, geen boere meer op hul plase nie,[53] en ook Nuweveld is vroeg in die negentiende eeu 'n keer heeltemal ontruim. Dit was eweneens die geval met die Tarka waar die Boesmans 'n geruime tyd lank voortgegaan het om rooftogte te onderneem. Ook in Sneeuberg was die Boesmans gedurende die hele Britse besetting baie lastig. In 1803 het Lichtenstein berig dat die boere van Sneeuberg as gevolg van Boesmanrooftogte op elke 100 stuks vee 'n verlies van vyf stuks per jaar kon reken.[54]

Vanweë hierdie toedrag van sake het daar gedurende 1799 wéér verskeie kommando's langs die noordgrens uitgegaan om gesteelde vee te probeer opspoor en die rowers dood te skiet.[55] Gedurende die laaste paar jaar van die Britse besetting het die stryd op die oosgrens tussen die Blankes enersyds en die Xhosas en Hottentotte andersyds die Boesmangevaar op die agtergrond gedruk. Die ingesetenes van die noordelike wyke van Graaff-Reinet was nou verplig om aan die ingesetenes van die suidoostelike wyke bystand te verleen, al het hul afwesigheid van hul plase 'n risiko ten opsigte van die Boesmans ingehou.

Teen die einde van die agtiende eeu het die Boesmans nie net met die Blankes nie, maar ook met die ander rasse op 'n oorlogsvoet verkeer. Barrow merk in dié verband op dat die Boesmans geweet het dat die hele mensdom hulle haat en dat elke nasie rondom hulle beplan om hulle uit te wis.[56] Konflikte, wat moontlik deur oorbevolking veroorsaak is, het tussen Boesmans en Xhosas ontstaan. Boesmans het Xhosas se vee gesteel, wat daartoe gelei het dat Xhosas die Boesmans probeer uitroei het.[57] Die Boesmans was ook met sommige Hottentotstamme op 'n vyandige voet. Barrow het opgemerk dat Namakwas uit vrees vir Boesmans huiwerig was om ver na wild te gaan soek.[58]

---

53) G.R. 21/1 Letters from Field Cornets: De Klerk — Bresler, 21/4/1799.

54) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, II, pp. 8-9; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 62-64, 77-81; G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal of a Tour by Collins, 28/7/1809), p. 23; G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Oberholster — Van Heerden, 13/11/1798, Gerotz — Bresler, 7/12/1798, Rapport van De Beer, 12/3/1799, Rapport van N. Roets, 15/3/1799, Rapport van Venter, 20/6/1799, pp. 230, 241 en verder ongepagineerd.

55) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: De Beer — Bresler, 20/1/1799; Verslag van W. van Heerden, 9/3/1799; Joernaal van Booysen, 10/1/1799; Joernaal van J.S. van Heerden, 11/1/1799; Van Wyk — Bresler, 27/1/1799; S.W. Burger — Bresler, Februarie 1799, almal ongepagineerd; G.R. 14/85 Arms and Ammunition: Ammunisie uitgereik, ongedateer.

56) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 195-196.

57) M. Wilson: The Nguni People (M. Wilson and L. Thompson: Oxford History of S.A., I, pp. 105-107).

58) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 345.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tog was daar ook 'n mate van toenadering tussen Boesman en Hottentot en het vermenging plaasgevind. Onder die Hottentotte wat teen die einde van die agtiende eeu in Klein-Namakwaland in bendes teen die Blankes saamgeskool het, was daar baie wat met Boesmans vermeng was. Veldwagmeester J.C. van der Westhuizen het in 1799 in dié verband geskryf: "Wie betrouwt (sic) die schelme dat is al een vermengde Natie met de bosjemans en andere oorlamse en niet als de Namk. op de Camis [Namakwas op die Kamies] daar wiltschut kapitein van is."[59)]

Baie min is bekend oor die verhouding tussen die Blankes en die Xhosas gedurende die eerste agtien maande van die Britse bewind. Daar kan aangeneem word dat die koloniste van die suidoostelike deel van Graaff-Reinet verbitterd was oor die afloop van die oorlog van 1793. Hulle sou ongetwyfeld graag die vee wat Xhosas gebuit het, wou terugneem en die Xhosas oor die Visrivier wou dryf.[60)] Hul planne is egter gekortwiek deur die ammunisietekort en die besef dat weinig hulp uit die Boesmangeteisterde noordelike wyke verwag kon word. Hulle sou ook nie kan aanvoer dat die Xhosaprobleem in die jare 1795 en 1796 meer akuut geword het nie. In die stukke van Graaff-Reinet word nie melding gemaak van enige veediefstalle wat deur Xhosas in hierdie tyd gepleeg is nie. Die enigste verwysing na die Xhosas is 'n besluit deur die Graaff-Reinetse bestuurskollege teen die einde van 1795. Hiervolgens moes die koloniste met die rondswerwende Xhosas vir lief neem totdat C.J. Tregard terugkeer van sy onderhandelings met Ndlambe oor 'n aantal van sy volgelinge wat onder die koloniste ingetrek het. Terselfdertyd is 'n veldwagmeester beveel om die Xhosas in sý wyk "in der Minne uit te lyden."[61)] Hiermee is waarskynlik bedoel dat hulle op 'n vriendelike manier beweeg moes word om die koloniale grondgebied te verlaat.

In 1796 was alles nog rustig aan die oosgrens. Feitlik die hele Suurveld - die gebied tussen die Boesmans- en Visrivier - was ontruim en die meeste koloniste van dié deel het na die distrik Swellendam teruggetrek. Marthinus Prinsloo en dertig ander ingesetenes van die suidoostelike deel van Graaff-Reinet het Craig om verlof gevra om gesteelde vee van koloniste in Kafferland te gaan terughaal. Craig het die versoek ferm van die hand gewys.

---

59) Stb. 10/151 Inkomende Briewe van Veldkornette: Van der Westhuizen — Van der Riet, 7/3/1799.
60) Vgl. pp. 17, 23-25.
61) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 7/5/1795, 15/9/1795, pp. 10, 49-50.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hy het hulle gewaarsku dat die regering enige daad van aggressie teenoor die Xhosas swaar sou straf en hulle versoek om op elke moontlike wyse die harmonie tussen die rasse te bevorder.[62)]

Vroeg in 1797 het die verhouding tussen die grenskoloniste en die Xhosas skielik verander as gevolg van 'n grootskaalse migrasie van Xhosas. Op 20 Februarie 1797 het die distriksbestuur van Graaff-Reinet aan Craig gerapporteer dat Xhosas by die honderde, vergesel van duisende stuks vee, hul land verlaat het en die Visrivier oorgesteek het. Op 5 Junie het die bestuurskollege berig ontvang dat 'n menigte Bantoes die streek Nautoe aan die Kariegarivier binnegetrek het, en op 3 Julie het 'n burger gerapporteer dat 'n groot getal Xhosas tot só ver wes as die Sondagsrivier en die Winterhoekberge binnegedring het.[63)] Op 20 Julie is 'n noodvergadering van die heem- en krygsrade van Graaff-Reinet gehou waarop Gerotz, die provisionele landdros, bekend gemaak het dat die Xhosas se indringing in die kolonie daagliks groter afmetings afneem. Die vergadering het besluit om te wag tot die aankoms van landdros Bresler voordat opgetree word teen die Xhosas wie se gedrag na hul mening niks goeds ingehou het nie.[64)]

Die grootskaalse migrasie van die Xhosas in 1797 was die gevolg van 'n stamoorlog wat uitgebreek het nadat Ndlambe, wat as regent oor die Amararabes geregeer het, geweier het om by Gaika se mondigwording die opperhoofskap aan hom af te staan. Die uiteinde was dat Gaika vir Ndlambe verslaan het en hom in hegtenis geneem het. Tydens die oorlog en ná Ndlambe se nederlaag het die lede van sy stam en die stamme wat saam met hom teen Gaika geveg het, oor die Visrivier na die Suurveld uitgewyk. Hulle het hulle gevoeg by die Gqunukhwebes onder Cungwa wat, net soos sy vader Sakka, (ook Chakka gespel) op 'n deel van die Suurveld aanspraak gemaak het.[65)] Die Gqunukhwebes het alreeds sedert vroeg in die jare tagtig in die Suurveld gewoon en dit wil voorkom of hulle nie in die oorlog van 1793 uit dié gebied verdryf is nie.[66)]

Daar was nou verskillende kapteins met hul volgelinge en vee in die Suurveld. Benewens die Gqunukhwebes onder Cungwa, was daar

62) G.M. Theal: Records of the C.C., I (H. Klopper e.a. — Craig, 12/11/1796), p. 480.
63) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 2/1/1797, 5/6/1797, 3/7/1797, pp. 84, 95, 102; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Gerotz en Heemrade — Craig, 20/2/1797, p. 113.
64) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 5/6/1797, 20/7/1797, pp. 94-95, 103-104.
65) P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, pp. 301-302, 309-310.
66) Vgl. J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 49.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onder meer die Amambalustam onder Umlao en Tholie, die seuns van Langa, asook die Amantindestam, die Imidangestam (gewoonlik genoem Mandankees) en die Amagwalistam. Ander kapteins in die geledere was onder meer Jalusa (die broef van Ndlambe), Tsatsoe, Kamma, Hambona en Etonie. Feitlik almal was op 'n oorlogsvoet met Gaika en het dit as rede aangevoer waarom hulle nie hul weg oopgesien het om oor die Visrivier terug te keer nie.[67)]

Hierdie grensprobleem het op Macartney gewag toe hy in die kolonie aangekom het. Kort na sy aankoms het hy 'n brief van Bresler oor dié vraagstuk ontvang. Bresler het gedink dat deur middel van geskenke aan die Xhosakapteins 'n bestendige vrede bewerkstellig en die Xhosas oorreed sou kan word om na hul land terug te keer.[68)] Van Ryneveld het verklaar dat die eerste plig van die landdros sou wees om deur onderhandelings die bestaande grensooreenkomste met die Xhosas te hernieu "and to compel, if possible by gentle means, all those who reside on this side of the Great Fish River to retreat."[69)] Dit was egter uiters belangrik dat vrede bewaar word met die Xhosas "who, upon any rupture with the Inhabitants are able to overrun a great part of our best pastures ..."[70)] Ten einde die koloniste in die Suurveld wat hul plase ontruim het, te oorreed om terug te keer, het hy voorgestel dat hulle voorlopig van alle rekognisiegeld vrygeskeld word, op voorwaarde dat hulle binne 'n vasgestelde tyd na hul plase terugkeer. Indien hulle versuim om dit te doen sou hul plase daarna aan ander persone uitgegee kan word.[71)]

Hierdie voorstelle van Bresler en Van Ryneveld het nie verskil van die beleid wat gedurende die Kompanjiestyd gevolg is nie. Daar was weinig redes waarom die Britse bewindhebbers dié beleid sou verander. Net soos die Kompanjie, was hulle in die eerste plek geïnteresseerd in die strategiese suidpunt van die kolonie en het hulle hulle slegs oor die oosgrens bekommer omdat die vleisvoorsiening daarvandaan belangrik was. Die Britse bewind sou gevolglik net so gretig wees soos die Kompanjie om teen feitlik enige koste vrede met die Xhosas te handhaaf.

---

67) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 63, 122, 131, 146-147, 150-151; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 12/10/1797, pp. 235-248; (Gubgins) A. 88 Macartney Papers: Barrow — Macartney, 13/10/1797, no. 171.

68) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 1/6/1797, pp. 152-159.

69) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Macartney — Van Ryneveld, 24/5/1797, no. 73.

70) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Macartney — Van Ryneveld, 24/5/1797, no. 73.

71) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Macartney — Van Ryneveld, 24/5/1797, no. 73.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In sy instruksies aan Bresler vóór laasgenoemde se vertrek na Graaff-Reinet gee Macartney blyke van hierdie gesindheid. Hy het daarop gewys dat die Visrivier as grens tussen die koloniste en die Xhosas neergelê is en as vanselfsprekend bygevoeg: "There being a Boundary so duly established, it will not be attended with much trouble for the landdrost to maintain the same."[72] Die landdros moes sorg dra dat die koloniste wat anderkant die koloniale grens is, terugkeer en dat Xhosas nie die grens oorsteek nie. Die Xhosas in die Suurveld moes met geweldlose middele oorreed word om die kolonie te verlaat. Ten einde alle aanraking tussen die koloniste en die Xhosas te beëindig, is eersgenoemde gelas om binne 'n jaar al hul Xhosa-werknemers te ontslaan. Ten slotte is bepaal dat koloniste wat binne vier maande na landdros Bresler se aankoms na hul plase in die Suurveld terugkeer, ses jaar lank van rekognisiegeld vrygeskeld sou word. Indien hulle egter versuim om terug te keer, sou hulle hul aanspraak op hul plase verloor.[73]

Macartney se instruksies kom dus grootliks ooreen met die voorstelle wat Van Ryneveld gemaak het. Hy was egter gretig om self beter op hoogte met die grenssituasie te kom. Om hierdie rede het hy sy privaatsekretaris, John Barrow, gevra om saam met Bresler te vertrek en oor toestande in die binneland en aan die grens aan hom verslag te doen.[74]

Bresler en Barrow het op 30 Julie 1797 op Graaff-Reinet aangekom. Hulle was net betyds om vyandelikhede tussen die Xhosas en die koloniste te voorkom. Planne was reeds beraam om met 'n kommando onder Carolus Tregard die Xhosas met geweld oor die Visrivier te verdryf. Bresler het onmiddellik aan hierdie planne 'n einde gemaak. Daarna het hy, vergesel van Barrow en twee gekomitteerde heemrade, op 'n reis deur die oosgrensgebied vertrek met die doel om die Xhosakapteins te oorreed om vreedsaam oor die Visrivier terug te trek.[75]

In die Suurveld het die geselskap bevind dat die kapteins Umlao, Tholie, Tsatsoe, Jalusa en ander, ondanks die geskenke wat aan hulle gegee is, nie geneë was om oor die Visrivier te trek nie. Hulle het volgehou dat hulle bevrees was dat Gaika met hulle oorlog

---

72) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Instructions to Bresler, 20/6/1797), p. 98.
73) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Landdros en Heemrade van Graaff-Reinet, 20/6/1797, Instructions to Bresler, 20/6/1797, nos. 125-126; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasie, 27/6/1797), p. 86.
74) B.O. 50 Letters Despatched: Macartney — Barrow, 30/6/1797, no. 162; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. v-xiii, 1-2.
75) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Barrow — Macartney, 10/8/1797, no. 126; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 8/8/1797, pp. 188-190.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sou maak indien hulle terugkeer. Volgens Barrow het die geselskap 'n belofte van die kapteins verkry dat hulle na hul land sou terugkeer as Gaika geen struikelblokke in die weg lê nie.[76)]

Bresler het daarop besluit om Gaika, wat hy bestempel het as die "hoofd dier natie", te gaan spreek met die doel om die geskil tussen hom en die kapteins wat in die Suurveld was, by te lê. Gaika was baie inskiklik. Hy het hom bereid verklaar om die Xhosas wat in die Suurveld vertoef, in vrede te laat terugtrek. Hy het ook onderneem dat geeneen van sy onderdane die koloniale grens sou oorsteek nie.[77)]

Dit wil voorkom of Bresler en Barrow gedink het dat hulle deur hierdie ooreenkoms met Gaika die terugkeer van die Xhosas in die Suurveld verseker het. Hulle het egter onder 'n misverstand verkeer. In die eerste plek het Gaika nie oor die Xhosastamme ten weste van die Visrivier gesag uitgeoefen nie. Hy self het hulle nie as sy onderdane beskou nie en die kapteins van die gebied was feitlik heeltemal onafhanklik van hom.[78)] In die tweede plek wil dit voorkom of die Xhosas wat in 1796 en 1797 die grens oorgesteek het, hul sogenaamde vrees vir Gaika slegs as 'n voorwendsel gebruik het om in die Suurveld te vertoef. Gaika het in 1809 teenoor die reisiger Collins verklaar dat dit die geval was en dat dié Xhosas nooit die kolonie sou verlaat behalwe as hulle gedwing word nie.[79)] Dit was ook die indruk wat Bresler later gekry het. Selfs toe Gaika se mag baie swak was, het die Xhosas in die Suurveld geen aanstaltes gemaak om oor die Visrivier terug te keer nie.[80)]

Op sy terugreis het Bresler dadelik die kapteins wat in die Suurveld was, ontbied met die doel om hulle in kennis te stel van die ooreenkoms met Gaika, te wete dat hy hulle in vrede sou laat terugkeer. 'n Ontnugtering het op hom gewag: nie een kaptein het opgedaag nie! Omdat Bresler haastig was om by die drosdy te kom, het hy twee koloniste, oud-kaptein J. du Plessis en oud-veldwagmeester H. Jansen van Rensburg, beveel om die betrokke kapteins te besoek en hulle oor die ooreenkoms met Gaika in te lig. Daarna

---

76) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Barrow — Macartney, 13/10/1797), no. 171.
77) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 7/9/1797 en 12/10/1797, pp. 207-211, 235-242; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 66-187.
78) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. s. 1 Cape Colony Letters: Barnard — H. Dundas, 20/10/1799, ongepag.; J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 146.
79) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal of a Tour by Collins, 28/7/1809), p. 78.
80) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 12/10/1797, pp. 244-245.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moes die Xhosas in naam van die regering beveel word om teen die eerste volmaan met hul vee oor die Visrivier terug te trek. Indien hulle weier, sou hulle gevaar loop dat die regering met geweld teen hulle optree en hulle al hul beeste verloor.[81)]

Du Plessis en Van Rensburg se sending was 'n mislukking. Die Xhosas was agterdogtig en weinig bereid tot samesprekings. Umlao het verklaar dat hy éérs klaar wou jag voordat hy terugtrek. Cungwa het verder gegaan. Hy het verklaar dat die landdros nie weet hóé om tussen Xhosas vrede te maak nie, en niks daarmee te doen het nie. Hy het dit duidelik gestel dat hy nie sou teruggaan nie en nie verder daaroor wou praat nie.[82)]

Cungwa was die kern van die probleem met betrekking tot die Xhosas in die Suurveld. Anders as die ander kapteins ten weste van die Visrivier, het hy, net soos sy vader Sakka, op die Suurveld aanspraak gemaak en om daardie rede geweier om te trek.[83)] Toe Umlae en Tholie teen die einde van 1797 hulle gereed gemaak het om oor die Visrivier te trek, het Cungwa op hul vee beslag gelê ten einde hulle te dwing om saam met hom in die Suurveld te bly. Hy was bang dat, indien hulle sou weggaan, hy te swak sou wees om sy aanspraak op die gebied te handhaaf.[84)] Bresler was daarvan oortuig dat een van die redes waarom die Xhosas in die kolonie wou bly, was omdat dit vir hulle 'n geskikte geleentheid gebied het om van die koloniste se vee wat weggeraak het, vir hulself toe te eien. In die bosryke Suurveld was hulle ook beter as in hul eie land teen aanvalle deur hul vyande beskerm.[85)]

Barrow het egter 'n ander storie aan Macartney vertel. Volgens hóm het koloniste soos Coenraad Bezuidenhout, Frederik Bezuidenhout en Coenraad de Buys die Xhosas aangehits. Laasgenoemde is, ná klagtes dat hy slawe en Hottentotte geherberg het, deur Bresler gelas om die distrik te verlaat.[86)] Barrow vermeld nie wat dié koloniste se motiewe was nie, maar maak net die stelling dat niks meer in die weg van rus en vrede sou staan nadat hulle verwyder is nie.[87)]

---

81) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 12/10/1797; Bevele van Bresler, 21/9/1797, pp. 235-242, 251-253.
82) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Dagregister van Du Plessis en Van Rensburg, 27/9/1797, pp. 255-258.
83) Vgl. pp. 16-17.
84) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Verklaring van Bresler, 3/12/1797, p. 306.
85) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 12/10/1797, pp. 242-247.
86) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 7/9/1797, p. 212.
87) (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Barrow — Bresler, 13/10/1797, no. 171.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel Bresler ná sy terugkeer oor die Xhosas onthuts was, en Macartney gewaarsku het dat 'n onbegrensde toegeeflikheid baie skadelik sal wees, was hy nie ten gunste van daadwerklike optrede teen hulle nie. Hy het voorgestel dat die Xhosas 'n tyd lank toegelaat word om op hul woonplekke te bly met dien verstande dat hulle nie verder weswaarts trek nie. As rede hiervoor is aangevoer dat die Xhosas nog nie tot vyandelikhede oorgegaan het nie en dat dit in die bejammerenswaardige toestand van die distrik nie raadsaam sou wees om geweld te gebruik nie. Om vrede te bewaar, moes die koloniste die middele ontneem word om aggressief teen Xhosas te kan optree. Daar moes byvoorbeeld verhoed word dat hulle 'n ammunisievoorraad opbou. Terselfdertyd moes aanraking tussen Blank en Bantoe vermy word en moes die koloniste aangesê word om hul Xhosa-werknemers te ontslaan.[88)]

Uit dokumentêre getuienis blyk dit duidelik dat die koloniste op die oosgrens, anders as Bresler, ernstig besorg was oor die teenwoordigheid van die Xhosas in die Suurveld. In hierdie omstandighede het baie van hulle nie kans gesien om op hul plase te bly nie.[89)] Teen die begin van 1798 was die gebied tussen die Visrivier en die Sondagsrivier in die woorde van Bresler heeltemal onbewoond. Die mense van die streek het na die Langkloof uitgewyk. Gedurende die eerste paar weke van 1798 het Xhosas nóg verder weswaarts beweeg en selfs die oostelike deel van die distrik Swellendam binnegetrek. Hulle krale is by Kouga, Winterhoek en die Baviaanskloofberge opgemerk. Sommige krale was só geleë dat dit die driwwe van die Gamtoosrivier, Sondagsrivier en Van Stadensrivier beheer het. Heemraad Salomon Ferreira het gerapporteer dat die uitkoms droewig lyk as hulp nie spoedig opdaag nie. Landdros Faure het Macartney onmiddellik hieroor ingelig en bygevoeg dat die koloniste baie onrustig en beangs was.[90)]

Waarskynlik onder die invloed van Barrow, wat hom meegedeel het dat niks vir die koloniste méér plesier sou verskaf as om toegelaat te word om teen die Xhosas oorlog te maak nie, was Macartney se eerste begeerte "to prevent such mischief as otherwise might arise from too rash and violet a conduct on the part of the pea-

---

88) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 12/10/1797, pp. 242-247.
89) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Dagregister van Du Plessis en Van Rensburg, 27/9/1797, p. 258.
90) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 27/1/1798, p. 371; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Macartney, 6/2/1798, Ferreira — Faura, 29/1/1798, nos. 44 en 58.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sants."[91] Hy het Bresler en Faure gelas om die Xhosas op vriendelike wyse te versoek om na hul eie land terug te keer, maar om hulle ook te waarsku dat die regering teen hulle geweld sou gebruik as hulle nie aan dié versoek voldoen nie.[92] Macartney het dus wéér op die onderhandelingsbeleid teruggeval, alhoewel die Xhosas reeds sulke toenaderings afgewys het. Die posisie het nietemin teen die einde van Februarie 1798 effens verbeter toe Xhosas die distrik Swellendam begin verlaat het nadat die kapteins aan die Visrivier hulle beveel het om terug te keer.[93]

Daar is feitlik geen rapporte oor die Xhosas se bewegings gedurende die winter van 1798 nie, maar teen die begin van die lente het twee-derdes van die 148 Suurveldse Boeregesinne nog nie na hul plase teruggekeer nie. Umlao en een of twee ondergeskikte kapteins het oor die Visrivier teruggetrek, maar Cungwa en sy volgelinge het tussen die Sondags- en Gamtoosriviere rondgeswerf en gejag.[94] Teen Oktober het Bresler gerapporteer dat Cungwa, ten spyte van herhaalde aansporings, steeds weier om oor die Visrivier terug te trek.[95] Nader aan die Visrivier het Jalusa met ruim honderd van sy volgelinge gelê. Veldkommandant H.J. van Rensburg het in Desember 1798 van sy plaas aan die Boesmansrivier gerapporteer dat dit vir hom lyk of daar 'n inval van Xhosas in die kolonie aan die gang is. Hy was bevrees dat hy weereens al sy besittings sou verloor.[96] Teen die einde van dié jaar het die Xhosas ook weer die distrik Swellendam binnegetrek. Hulle is in die Langkloof, Outeniekwaland en Gamtoosrivier opgemerk. Ook in die wyk Gamka, in die westelike uithoek van Graaff-Reinet, was Xhosas bedrywig.[97]

---

91) B.O. 51 Letters Despatched: Macartney — Faure, 9/2/1798, no. 41. Vgl. ook (Gubbins) A. 88 Macartney Papers: Brief aan Macartney, 13/10/1797, no. 171.
92) B.O. 51 Letters Despatched: Macartney — Faure, 9/2/1798, no. 41; B.O. 66 Instructions: Instructions to Bresler, 14/2/1798, pp. 81-83.
93) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Macartney, 21/2/1798, no. 46.
94) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 21/4/1798, Bresler — Van Ryneveld, 1/9/1798, Bresler — Macartney, 1/9/1798, pp. 418, 609, 617, 590-592; G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Van Rooyen — Bresler, 3/4/1798, Van Rensburg — Bresler, 5/6/1798, pp. 199, 205.
95) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 1/9/1798 en 29/10/1798, pp. 591, 690.
96) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Van Rensburg — Bresler, 13/12/1798 en 18/12/1798, pp. 242, 245.
97) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: De Beer — Bresler, 10/6/1798, Verklaring van Ferreira, 14/9/1798, Callender — F. Dundas, 28/12/1799, pp. 93, 99-100, 132-133.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit is duidelik dat die grenskoloniste in die Xhosas as groep 'n bedreiging gesien het en begeer het dat hulle verwyder moes word, alhoewel hulle self traag was om individuele Bantoes uit hul diens te ontslaan.[98] Die koloniste was nie soseer gegrief oor die vee wat die Xhosas gesteel het nie - daar is tussen Julie 1797 en 31 Maart 1799 maar ongeveer 400 stuks vee deur Xhosas gesteel[99] - maar wel oor die vee wat die Xhosas by hulle gehad het en die weiveld vertrap het. In Oktober 1797 het Du Plessis en Van Rensburg gerapporteer dat die Xhosas na die Sondagsrivier beweeg het met 'n menigte beeste wat sou meebring dat koloniste daar nie met hul vee 'n bestaan sou kon maak nie.[100] Twee maande daarna het die veldwagmeester van Swartkopsrivier gerapporteer dat die Xhosas met hul vee onder die koloniste intrek. "Wey zal gerenewwerd worden en onse plase daarbij," het hy gewaarsku.[101]

In die tweede plek was die groot getalle Xhosas tussen hulle vir die koloniste 'n bron van kommer. Hulle was bang vir die Swartman wat blykbaar nie meer vir die Witman bang was nie.[102] Uit Gamka het veldkommandant De Beer in Junie 1798 berig dat Xhosas daar rondswerf en weier om bevele te gehoorsaam. Hy het gedink dat dit beter sou wees om hulle dood te skiet voor hulle in groot getalle versamel en begin moor.[103]

Uit Swellendam-distrik het heemraad Ferreira gerapporteer dat die koloniste maar die Xhosas laat begaan, en dat laasgenoemde doen wat hulle lus het. Die mans wou nie hul plase verlaat nie omdat hulle bang was dat die Xhosas 'n aanval sou maak en hul vroue sou vermoor.[104]

---

98) Veral die Gqunukenebes het in diens van die koloniste gestaan. Vgl. J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 17-18; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Instructions to Vandeleur, 21/4/1799, p. 217.

99) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 97-98; B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Macartney, 12/10/1797, J. van Rensburg — H. van Rensburg, 23/9/1798, Rapporten der Veldwagmeesters, 6/8/1798, pp. 242-249, 219, 659. G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Rapport van Geere, 3/12/1798, p. 248; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 1/10/1798, 5/11/1798, 3/12/1798, pp. 208-209, 218-219, 224-225.

100) B.O. 27 Letters from Graaff-Reinet: Dagregister van Du Plessis en Van Rensburg, 27/9/1797, p. 258.

101) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Van Rooyen — Bresler, 24/11/1797, p. 191.

102) Vgl. G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Van Rensburg — Bresler, 18/12/1798, Van Rooyen — Bresler, 24/11/1797, 3/4/1798, pp. 245, 191, 199.

103) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: De Beer — Bresler, 10/6/1798, p. 93.

104) B.O. 24 Letters from Swellendam: Ferreira — Faure, 29/1/1798, no. 58; G.R. 13/1 Letters from Private Individuals: Botha — Bresler, 3/5/1798.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Xhosa-"besoeke" aan koloniste was ook 'n bron van ergernis. Lichtenstein stel dit soos volg: "What makes the neighbourhood of these savages extremely irksome is, that in peace they expect as a sort of tribute what in war they seize by force. They often come in large bodies, and will stay several days or even weeks, scarcely thinking themselves obliged, even though they are entertained all the time without cost; and this the inhabitants do, to obviate, if possible, any cause of trouble with them. .... they rove in little troops all over the Colony, coming sometimes even to the Cape Town, to the no little injury of the colonists, over whose properties they travel. Their importunity, their numbers and the fear of quarrelling with them .... commonly secure them good entertainment.[105)]

In 1798 het Macartney laat blyk dat hy nie van plan was om die Xhosas te dwing om oor die Visrivier terug te keer nie, alhoewel dit reeds klinkklaar was dat hulle nie oorreed kon word om dit te doen nie. Die konsiliasiebeleid is egter voortgesit. Bresler en Faure is nog steeds beveel om te sorg dat geen vyandige dade teenoor Xhosas gepleeg word nie. In Desember 1798 is Bresler in verband met Cungwa beveel "(to) continue by friendly exertions to persuade him to retreat, and you will of course represent his conduct to Chyka [Gaika]."[106)]

Die onderhandelingsbeleid se mislukking is gerasionaliseer deur die skuld daarvoor te pak op Blankes wat die Britse regering kwaadgesind sou gewees het en die Xhosas sou weerhou het om te trek. Die regering het Coenraad de Buys as die vernaamste sondebok beskou en het 'n prys van 100 Riksdaalders op sy kop geplaas.[107)]

Intussen het die koloniste al hoe ongeduldiger geraak oor die groot getalle Xhosas wat hulle wes van die Visrivier bevind het. Ontevredenheid met die Xhosabeleid was ongetwyfeld 'n belangrike oorsaak van die opstand wat vroeg in 1799 in Graaff-Reinet uitgebreek het en waarin die koloniste van Bruintjieshoogte en Suurveld 'n leidende rol gespeel het.[108)]

---

105) H. Lichtenstein: Travels in Southern Africa, I, pp. 268-269. Vgl. die Duitse weergawe in Reisen im südlichen Afrika, I, pp. 353-354.

106) B.O. 51 Letters Despatched: Sekretaris — Bresler, 6/12/1798, no. 359. Vgl. ook hierin Barnard — Faure, 12/9/1798, no. 257.

107) B.O. 51 Letters Despatched: Sekretaris — Bresler, 6/12/1798, no. 359; G.R. 14/4 Publications: Bekendmaking, ongedateer (waarsk. September 1798). Vgl. ook A.E. Schoeman: Coenraad de Buys.

108) Vir 'n bespreking van die Van Jaarsveld-opstand vgl. pp. 71-81.



Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK XI.

DIE OOSGRENSOORLOG VAN 1799.

Die Van Jaarsveld-opstand wat vroeg in 1799 uitgebreek het, was die vonk wat 'n oorlog tussen Blank en Nie-Blank aan die oosgrens laat ontstaan het.

Nadat Vandeleur in Algoabaai toegesien het dat die leiers van die rebellie wat in hegtenis geneem is, na Kaapstad vertrek het, het hy hom gereed gemaak om sy oorblywende take aan die grens af te handel. Hy het aan die hoof van 'n afdeling noordwaarts gemarsjeer met die doel om die oorblywende soldate wat oor die hele distrik versprei was, bymekaar te maak en die Xhosas uit die Suurveld te verdryf. Daarna sou die troepe na Kaapstad teruggestuur word.

Terwyl Vandeleur en sy afdeling van Algoabaai na Graaff-Reinet onderweg was, het 'n groot groep Hottentotte, uitgedos in klere en gewapen met gewere wat hulle van koloniste gebuit het, by die troepe aangesluit. Hul leier, Klaas Stuurman, het uitgewei oor hul onderdrukking deur koloniste wat hul land afgevat en hul kinders verslaaf het. Omdat hulle hul mishandeling nie langer kon verduur nie, het hulle besluit om herstel van hul griewe te verkry voordat die Engelse troepe terugtrek. Hulle het 'n sterk genoeg mag bymekaar gemaak om die koloniste se gewere af te vat en het hierin geslaag by elke huis waar hulle aangedoen het. Hulle het ook, wat hulle bestempel het as oorbodige klere, geneem ter vergoeding vir lone wat die boere aan hulle verskuldig was. Stuurman het versoek dat die Hottentotte die land van hul vaders, waarvan hulle deur die koloniste beroof is, moes terugkry.

Vir Vandeleur was die groot getal Hottentotte wat by die troepe wou aansluit 'n bron van verleentheid. Op die ou end is hulle oorreed om hul wapens neer te lê en die troepe te volg tot tyd en wyl verdere reëlings getref kon word.[1)]

Ietwat verder noord, langs die bosbegroeide oewers van die Sondagsrivier, het nog 'n netelige vraagstuk op Vandeleur gewag. Hier het volgens Barrow 'n enorme aantal Xhosas met hul vee gelê. Dit was die Gqunukwebes onder leiding van hul kaptein Cungwa.

Waar Cungwa se vader, Sakka, 'n bietjie meer as tien jaar tevore net op die gebied tussen die Vis- en die Kowieriviere

---

1) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 392-393, 403.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanspraak gemaak het, het Cungwa in die loop van die jare negentig steeds verder weswaarts beweeg. Teen die einde daarvan was hy alreeds by die Sondagsrivier wat hy en sommige ander kapteins nou as die grens tussen die koloniste en die Xhosas beskou het.[2)]

Omdat Cungwa, soos Barrow dit gestel het, nie net op die koloniale grondgebied oortree het nie, maar ook tussen die koloniste gewoon het, is hy deur Vandeleur versoek om verder ooswaarts terug te gaan. Cungwa het geantwoord dat hy die grond waarop hy was, geërf het. Hy was bereid om uit vriendskap met die Engelse binne drie dae ooswaarts te trek, maar hy het vanweë die vyandskap tussen hom en Gaika nie kans gesien om oor die Visrivier te gaan nie. Op die ou end het hy teensinnig ingestem om met sy mense die oewers van die Sondagsrivier te verlaat.[3)]

Nadat Vandeleur die troepe wat aan die Visrivier was, bymekaar gemaak het en terug was op pad na Algoabaai, het hy bemerk dat Cungwa nog geen aanstaltes gemaak het om terug te trek nie. Barrow gee nou die volgende weergawe van die verloop van gebeure: 'n Boodskapper wat gestuur is om Cungwa te herinner aan sy belofte om terug te trek, het onverrigter sake teruggekeer. Heeltemal onverwags het Cungwa die troepemag in 'n smal poort aangeval. Na 'n paar kanonskote is die aanval egter afgeslaan. Daar is nou besluit dat Barrow die Hottentotte wat by die troepemag aangesluit het, na Algoabaai moes neem. Vandeleur sou intussen na die Suurveld gaan om daar 'n afdeling infanterie te gaan haal. Naby die Boesmansrivier is Vandeleur deur Xhosas aangeval. Die aanval is maklik afgeslaan, maar 'n afdeling wat van die hoofmag afgesny was, is oorval en 16 manskappe sowel as die bevelvoerder, luitenant Chumney, het gesneuwel.

In Algoabaai het Barrow ongeveer 150 koloniste, wie se plase deur Hottentotte geplunder was, aangetref. Met hul waens, vee en oorblywende besittings het hulle die troepe ingewag met die doel om by hulle beskerming teen die Hottentotte en Xhosas te verkry. In Algoabaai was daar ook ongeveer 500 Hottentotte wat eweneens op beskerming deur die troepemag staatgemaak het.

Die probleem was eers om die Hottentotte en koloniste uit-

---

2) P.J. van der Merwe: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842, p. 309; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 17-19; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 466-467.
3) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 404-405.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

mekaar te hou. Daarná was die vraag wát met hierdie Hottentotte gemaak moes word. Volgens Dundas het ongeveer 100 Hottentotmans by die Hottentotkorps aangesluit,[4] maar daar was nog talle ander Hottentotte vir wie daar nie 'n heenkome was nie. Skielik het 'n groot getal Hottentotte een nag hul kamp verlaat en by die Xhosas in die Suurveld aangesluit. 'n Gesamentlike mag van Xhosas en Hottentotte het nou begin om op groot skaal plase in die suidoostelike deel van die kolonie te plunder en opstalle af te brand. Tot sover Barrow se relaas van die gebeure wat die voorspel was van die sogenaamde Derde Grensoorlog.[5]

Daar is 'n aantal vrae in dié verband waarop Barrow nie voldoende lig werp nie. Die eerste is: Het die Britse troepe die Hottentotte aangehits om koloniste te plunder? Barrow skryf in 'n brief van 15 April dat die koloniste die lot wat hulle getref het, toeskryf aan "the encouragement given to the Hottentots by the English troops."[6] Dit sou nie verbasend gewees het as die Britse troepe vanaf hul aankoms in Graaff-Reinet pogings aangewend het om die Hottentotte se guns te probeer wen en teen die koloniste aan te hits nie. Daar was immers by die Britte steeds die vrees dat die opstandige koloniste die Xhosas sou oorhaal om met hulle te verenig teen die Engelse,[7] en dit sou dus in hul belang gewees het om die Hottentotte aan húlle kant te kry. Daar is geen bewyse van aanhitsing nie.[8] Die feit dat daar Hottentotsoldate was in 'n mag wat teen koloniste moes optree, kon egter voldoende aanleiding gewees het om die oosgrens-Hottentotte te laat glo dat hulle 'n magtige bondgenoot gekry het wat nie net aan hulle reg sou laat geskied nie, maar hulle ook sou toelaat om die koloniste te plunder. Hierdie opvatting het blykbaar ook onder die koloniste inslag gevind, en dit is versterk deur die feit dat Hottentotte dikwels voorgegee het dat die regering hul strooptogte goedge-

---

4) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Dundas — Yonge, 24/2/1800), p. 59.
5) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 412-416.
6) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Barrow — Dundas, 15/4/1799, pp. 203-204.
7) (S.A.O.B.) Diary of S.E. Hudson, 29/3/1799, 6/4/1799, pp. 31-32.
8) Vir die mening van Bataafse amptenare oor die Britse houding teenoor die Hottentotte, vgl. L. Alberti: De Kaffers aan de Zuidkust van Afrika, pp. 217-218 en die mening van Janssens in S. Bannister: Humane Policy, p. clxxxii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

keur het.[9)]

'n Tweede vraag wat ontstaan is: Het 'n Xhosa-inval in die kolonie die strooptogte voorafgegaan? Dit is belangrik vanweë die besondere beeld wat Theal van die oorlog geskep het. Volgens Theal is die onsekere balans wat teen die einde van 1798 tussen die koloniste en die Xhosas bestaan het, radikaal versteur deur die ontsnapping in Februarie 1799 van Ndlambe uit Gaika se kraal en die feit dat hy en 'n groot aantal volgelinge na die Suurveld gevlug het. Theal vervolg: "As the horde under Ndlambe advanced, all who were in or near the line of march took to flight, some losing all they had, others who could gather their cattle driving them off and abandoning everything else."[10)]

In die bronne word geen melding gemaak van 'n inval nie, behalwe in 'n brief van Vandeleur wat hy in Maart vanaf Algoabaai geskryf het. Daarin sê hy: "the Caffres, with what intentions I know not, are coming over the Fish River in great numbers."[11)] Dit is moontlik dat daar in 1799 Xhosas oor die Visrivier gekom het, maar daar kan weinig twyfel bestaan dat die werklike groot instroming van Xhosas reeds in 1797 plaasgevind het toe Jalusa, Umlao, Tholie en ander kapteins met hul volgelinge hulle in die Suurveld by die Gqunukwebes gevoeg het. Ndlambe se ontsnapping het in elk geval nie in 1799 nie, maar in 1800 plaasgevind. Toe Van der Kemp in die tweede helfte van 1799 by Gaika se kraal gekom het, was Ndlambe nog daar. In Februarie 1800 maak Van der Kemp melding van 'n geskil tussen Gaika en Ndlambe en op die 24ste van dié maand skryf hy dat Coenraad de Buys hom vertel het dat Ndlambe, tesame met 'n paar ander kapteins en feitlik al Gaika se volgelinge, Gaika verlaat het.[12)] Anders as wat Theal beweer, ontstaan die indruk dat die oorlog van 1799 gevoer is deur die Xhosastamme wat al vóór daardie jaar in die Suurveld gewoon het, bygestaan deur die Hottentotte onder Klaas Stuurman, Bovenland en Boezak.

---

9) G.R. 3/32 Verklarings en Insinuatiën: Verklaring, 8/5/1803; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Botha — Dundas, 5/7/1799, pp. 256-257; G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Rapporte van Van Rooyen en Scheepers, 6/4/1799; B.O. 24 Letters from Swellendam: Beck — Van der Walt, 24/10/1801, no. 173; G.R. 3/18 Judicial Declarations: Declaration, 13/11/1799, no. 143; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 4/11/1799, pp. 296-302.

10) G.M. Theal: History of S.A. from 1795 to 1872, I, p. 57.

11) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vandeleur — Dundas, ongedateer (waarskynlik eerste helfte van Maart).

12) Transactions of the Missionary Society, I, pp. 395-397, 415.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog twee vrae in dié verband wat ondersoek moet word, is: Waarom het Cungwa die troepemag aangeval? en: Waarom het die Hottentotte die kamp by Algoabaai verlaat en by die Xhosas in die Suurveld aangesluit? Dit is belangrik uit hoofde van Barrow se verklaring dat "the malicious and ill-judged conduct of the boors was the cause of all the subsequent misfortunes that befell themselves and their countrymen, and ultimately brought on their own destruction."[13)]

Wat Cungwa se aanval betref, sê Barrow dat nadat dié kaptein vir 'n tweede maal deur Vandeleur beveel is om die Suurveld te verlaat, hy, na aanhitsing van sommige opstandige koloniste ("rebel boors") besluit het om die troepemag aan te val.[14)]

Dit is moontlik dat Cungwa aangehits kon gewees het, maar dit is baie onwaarskynlik dat hy tot hierdie stap sou oorgegaan het net om 'n aantal koloniste te behaag. Dit wil eerder voorkom of Cungwa se aanval 'n reaksie was op 'n poging van die troepemag om hom te verdryf uit 'n gebied waarop hy aanspraak gemaak het.

Macartney het 'n beleid van "moenie-die-byenes-versteurnie" ten opsigte van die Xhosas in die Suurveld gevolg. Daar is egter heelwat getuienis dat generaal Dundas in 1799 besluit het om, terwyl 'n troepemag in elk geval aan die oosgrens was, die Xhosas oor die Visrivier te dryf. Vandeleur het teenoor Lady Anne Barnard opgemerk dat hy "pointedly followed his instructions during the first part of the war by attacking them."[15)] In 'n brief aan Henry Dundas verskaf Lady Anne meer besonderhede oor Vandeleur se optrede. Sy skryf dat Vandeleur in opdrag van generaal Dundas daarop aangedring het dat die Xhosas terugtrek "and to force them to do so General V[andeleur] drove away their cattle to its (d.i. die Visrivier se) banks, knowing they must follow for subsistence. How far it was well to enforce the old, old policy on this occasion you will best judge. It seems natural, however, to expect that the Kaffirs would resist for had they been compelled to cross thar river they must have found death from their countrymen on the other side who are numerous. They of course refused and hostilities began."[16)]

---

13) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, p. 416.
14) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 411-412.
15) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Barnard — H. Dundas, 7/2/1800.
16) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 12/9/1799, p. 223.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Andrew Barnard verwys ook na die onsuksesvolle pogings van Vandeleur en daarna na 'n latere een deur die boere-kommando om die Xhosas terug te dryf,[17] terwyl generaal Dundas later teenoor Yonge verklaar het dat dit 'n ernstige flater was om Cungwa en sy volgelinge in die Suurveld aan te val. Hy het verduidelik dat 'n groep Xhosas wat aan die oewers van die Sondags- en Boesmansriviere gebly het ná die vasstelling van die Visrivier se oosgrens nie gedwing is om die betrokke gebied te verlaat nie. Hy is egter onder die indruk gebring dat hulle van Gaika weggedros het of gevlug het. Volgens hom was die uitbreek van die oorlog toe te skryf aan die misverstand wat oor die posisie van hierdie Xhosas bestaan het en aan die gewelddadige en onverstandige pogings wat aangewend is om hulle oor die Visrivier terug te dryf.[18]

Hieruit wil dit dus voorkom of, ánders as wat Barrow wil voorgee, Cungwa se aanval gevolg het op 'n poging van Vandeleur se troepemag om hom en sy volgelinge oor die Visrivier te dryf.

In verband met die vraag: Waarom het die Hottentotte die kamp by Algoabaai verlaat en by die Xhosas in die Suurveld aangesluit? sê Barrow dat hul optrede teweeggebring is deur 'n gerug wat die opstandige koloniste wat hulle onder die Xhosas bevind het, versprei het dat die Engelse van plan was om hulle op 'n skip te laai en na Kaapstad te stuur. Dit het paniek veroorsaak en daarom het hulle gevlug.[19]

Die verslag wat generaal Dundas nege maande later aan Yonge oor hierdie gebeurtenis gedoen het, verskil van dié van Barrow. Hy sê dat toe die Hottentotte besef het dat die troepe van plan was om te vertrek en hulle aan die genade van die koloniste oor te laat, hulle besluit het om die Xhosas se beskerming te gaan opsoek.[20]

Wanneer Barrow en Dundas se getuienis ontleed word, moet in ag geneem word dat Barrow 'n ooggetuie was en Dundas nie. Dundas het egter ongetwyfeld vir Barrow en Vandeleur hieroor ondervra. Hy maak geen melding van 'n gerug deur die opstandige koloniste ("rebel boors") nie, maar verklaar dat die Hottentotte onverwags gevlug het omdat hulle gevrees het dat hulle deur die

---

17) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Barnard — H. Dundas, 13/9/1800), p. 481.
18) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 20/2/1800, 24/2/1800, 4/3/1800), pp. 50-51, 59, 72.
19) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, I, pp. 415-416. Vgl. ook D.F.C. Moodie: History of the Battles, I, p. 180.
20) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 24/2/1800), pp. 59-60.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Engelse gedwing sou word om na die koloniste terug te keer.[21] Lady Anne Barnard, wat offisiere wat teenwoordig was, uitgevra het, sê dat nadat die Hottentotte bemerk het dat die Engelse nie van plan was om die onreg wat hulle van koloniste moes verduur uit die weg te ruim nie, hulle besluit het om self tot optrede oor te gaan en by die Xhosas aan te sluit.[22]

Samevattend kan die uitbreek van die oorlog soos volg gerekonstrueer word: Die Hottentotte het die regeringstroepe wat in 1799 in Graaff-Reinet aangekom en die rebellie onderdruk het as bondgenote verwelkom. Hulle het in groot getalle by die troepemag aangesluit nadat sommige hul base se gewere gesteel het. Die troepe het hierdie Hottentotte ontwapen, en dit was 'n daad wat die Hottentotte se suspisie gewek het. Die troepe het daarna 'n poging aangewend om die Gqunukwebes uit die Suurveld te verdryf. Dit het misluk en die Gqunukwebes het begin om vee te steel op plase wat as gevolg van die opstand verlate was.[23] Die troepe het intussen na Algoabaai teruggekeer en gereed gemaak om na Kaapstad te vertrek. Toe die Hottentotte dít bemerk, het hulle, eerder as om alleen aan die koloniste se genade oorgelaat te word, die beskerming van die Xhosas in die Suurveld opgesoek. Die Gqunukwebes het die versterkings verwelkom. Hulle het met die Hottentotte 'n bondgenootskap gesluit en plase in die suidoostelike deel van Graaff-Reinet aangeval. Op hul strooptogte het hulle huise afgebrand en vee geroof.[24] Ná die sukses van die eerste strooptogte, waaraan blykbaar hoofsaaklik Gqunukwebes onder Cungwa en Hottentotte onder Klaas Stuurman deelgeneem het, het ander Xhosas in die Suurveld en Hottentotte by hulle aangesluit. Uiteindelik was die Hottentotmag ongeveer 700 man sterk, met 300 perde en 150 gewere tot hul beskikking. Die Xhosas in die Suurveld is deur Barnard op ongeveer 3 000 gestel. Hierteenoor was daar volgens die Opgaaf van 1798 in totaal 1 062 Blanke mans in die distrik Graaff-Reinet.[25]

Die strooptogte deur die gekombineerde mag van Hottentotte

---

21) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas -- Yonge, 20/2/1800), p. 51. Theal en Cory het die weergawe van Dundas oor die vlug van die Hottentotte gevolg, maar Marais verkies in sy werk oor Maynier om dié van Barrow te volg. Vgl. J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 107.
22) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 12/9/1799.
23) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Ross — H. Dundas, 14/9/1799), p. 485.
24) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 24/2/1800), p. 59.
25) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Barnard — H. Dundas, 13/9/1799), pp. 480-481; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, April 1802, p. 21; G.R. 14/105 Opgaaf Returns: Somarium, 1798.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en Xhosas het paniek onder die koloniste in die suidoostelike deel van die kolonie veroorsaak. Baie koloniste was sonder ammunisie en het na hulle verneem het van die strooptogte skrikbevange weswaarts gevlug en hul plase en besittings aan die stropers se genade oorgelaat.[26] Daar wás egter koloniste wat bereid was om hul besittings te verdedig en teen die aanvallers op te trek. Ná die eerste aanvalle het hulle desperaat geprobeer om ammunisie in die hande te kry. In die drosdye van Graaff-Reinet en Swellendam was egter hoegenaamd geen ammunisie nie. Dundas het geweier om enige ammunisie in Kaapstad uit te reik, maar aan Vandeleur opdrag gegee om in verdienstelike gevalle aan koloniste ammunisie te verskaf.[27]

Vandeleur, wat die erns van die posisie besef het, het in die begin van Mei in samewerking met Bresler die koloniste van Graaff-Reinet en die oostelike deel van Swellendam vir 'n kommando teen die Xhosa- en Hottentotstropers opgeroep. Die burgers is beveel om ammunisie en mondprovisie vir minstens twee maande saam te bring. Burgers wat gestuur is om by die drosdy ammunisie te gaan haal, het egter met leë hande teruggekeer. Sommige veldwagmeesters het toe verklaar dat dit vir die burgers onmoontlik was om sonder ammunisie uit te trek. Hierdie ammunisiegebrek het ongetwyfeld 'n nadelige uitwerking op die sterkte van die kommando gehad.[28]

Op 24 Mei 1799 het veldkommandant Hendrik Jansen van Rensburg Vandeleur se instruksies vir die kommando ontvang. Hulle moes die Xhosas stelselmatig oor die Visrivier verdryf. Slegs soveel vee as wat van koloniste geroof is, mag afgeneem word.[29] Genl. Dundas het Vandeleur se planne in verband met 'n kommando om die Xhosas oor die grens te dryf, goedgekeur, maar bygevoeg dat daar terselfdertyd met die ander Xhosas ten ooste van die grens 'n goeie verstandhouding opgebou moes word. Om dít te bewerkstellig, moes Gaika, wat hy beskryf het as die koning of opperhoof van die "Kaffernasie", met beloftes en geskenke oortuig word dat die koloniale regering met hom in vrede wou leef.[30]

26) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Botha — Van Rensburg, 24/4/1799; Labuschagne — Van Rensburg, 21/4/1799.
27) B.O. 52 Letters Despatched: Dundas — Vandeleur, 17/4/1799, no. 169.
28) B.O. 24 Letters from Swellendam: De Beer — Dundas, 7/5/1799, Faure — Dundas, 26/5/1799, nos. 71 en 75. Vgl. verder nos. 76-79; B.O. 88 Portions of Journals: Joernaal van Graaff-Reinet, 2/5/1799; G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Roets — Grobler, 17/5/1799; G.R. 13/1 Letters from Private Individuals: Erlank — Bresler, 20/5/1799.
29) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vandeleur — Van Rensburg, 24/5/1799, pp. 223-225.
30) B.O. 52 Letters Despatched: Dundas — Vandeleur, 7/6/1799, no. 248.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Theal skryf dat Vandeleur na ontvangs van hierdie brief met onderhandelings met Gaika begin het. Die onderhandelings het egter misluk. (Theal dink blykbaar daar is onderhandel oor die terugtrekking van die Xhosas op koloniale grondgebied). Hy voeg by: "The Commandos, however, were dispirited by being kept waiting, and the Xosas came to believe that the white men were afraid to atack them."[31)]

Daar kan geen dokumentêre stawing vir Theal se stellings gevind word nie. Dundas het wel op 13 Julie Vandeleur beveel om met Cungwa vrede te sluit, maar hierdie brief het Vandeleur eers teen die begin van Augustus bereik.[32)]

Dit wil voorkom of die koloniste nie ontmoedig is deur hul gewag op die uitslag van die onderhandelings nie, maar wel deur 'n rampspoedige nederlaag wat hulle teen die stropers gely het. In Junie is 'n kommando van ongeveer 300 man onder Van Rensburg ten ooste van die Sondagsrivier deur 'n mag van 150 Xhosas en Hottentotte verslaan. Vyf koloniste het gesneuwel en die Hottentotte het ongeveer 50 saals en 100 perde van die kommando buitgemaak. Maynier voeg by dat die kommando daarna op die vlug geslaan het. Dit is nie bekend in watter omstandighede die geveg plaasgevind het nie, behalwe dat die koloniste in die nag aangeval is.[33)]

Ross, die assistent-koloniale sekretaris, skryf dat dié gebeure die vyand aangespoor het en 'n algemene gevoel van ontsteltenis ("universal consternation") onder die koloniste veroorsaak het.[34)] In Julie en Augustus het in Graaff-Reinet en die oostelike deel van Swellendam groot wanorde geheers. Aangevuur deur hul suksesse, het die Xhosas en Hottentotte ver en wyd vee buitgemaak en plaasopstalle afgebrand. Gekortwiek deur die gebrek aan ammunisie en paniekbevange as gevolg van gerugte oor die wreedhede van die vyand, het die koloniste van hul plase gevlug en op veiliger plekke in laers saamgetrek.

Die suidelike deel van Graaff-Reinet is eerste ontruim. Teen die einde van Julie is, met een of twee uitsonderings, al

---

31) G.M. Theal: History of S.A. from 1795 to 1872, I, p. 59.
32) B.O. 53 Letters Despatched: Dundas — Vandeleur, 13/7/1799, no. 18; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur — Dundas, 3/8/1799), p. 457.
33) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, April 1802, Notule, 3/5/1802, pp. 21, 46; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Barnard — Dundas, 13/9/1799, Ross — Dundas, 14/9/1799), pp. 481, 486; B.O. 24 Letters from Swellendam: Van Rooyen — Faure, 31/7/1799, no. 85; Transactions of the Missionary Society, I, p. 378.
34) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Ross— Dundas, 14/9/1799), p. 486.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die plase in die wyke Boesmansrivier, Suurveld en Swartkopsrivier verlaat. Oor Swartkopsrivier het Vandeleur geskryf dat dié wyk wat nog onlangs so florerend en vrugbaar was, verwoes was. Vandeleur is self met ongeveer 200 troepe in Algoabaai vasgekeer. Hy het die regering dringend versoek om daarheen voorrade per skip te stuur.[35)]

Met die gewapende Hottentotte te perd aan die voorpunt, het die stropers weswaarts gestroom, die Gamtoosrivier oorgesteek en in die oostelike deel van Swellendam binnegeval. Aan die voet van die Winterhoekberge het hulle op 22 Julie op die plaas van die families Scheepers en Strydom 15 koloniste doodgemaak. Twaalf vrouens en kinders is gevange geneem, maar hulle is een nag toegelaat om weg te kom en het na twee weke se omswerwing weer veiligheid bereik.[36)]

Die nuus van die moorde het die paniek verder weswaarts laat uitkring. In die wyk Baviaanskloof het al die koloniste gevlug. Teen die einde van Julie het die stropers Langkloof binnegeval. Hulle het plaasopstalle afgebrand en vee buitgemaak.[37)] Sommige Hottentotte hier het van hul base weggehardloop en by die stropers aangesluit. Bevrees dat hulle omsingel en vermoor sou word, het die koloniste die oostelike deel van Langkloof begin ontruim. B. Lindeque het hiervandaan geskryf dat as "wij geen hulpt krijg dan verspeelt wij ons land en ook ons leven."[38)] Gedurende Augustus was die hele Langkloof in 'n toestand van verwarring. Selfs die bewoners van die westelikste plaas was teen die helfte van die maand volgens Dundas op die punt om te vlug.[39)]

---

35) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, pp. 48-49; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler — Dundas, 29/7/1799, pp. 297-302; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur — Dundas, 31/7/1799 en 3/8/1799), pp. 453-458; B.O. 86 Copies of Correspondence: Bresler — Dundas, 24/7/1799, ongepag.; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 382-386.

36) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Van Rooyen — Fourie e.a., 31/7/1797), p. 451.

37) G.M. Theal: Records of the C.C., II, pp. 445-451; B.O. 24 Letters from Swellendam: Van Rooyen — Fourie e.a., 31/7/1799, no. 87; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony, Lys van onmenslike moorde, ongedateer, De Jager -- Bresler, 21/7/1799, pp. 289-290, 300.

38) B.O. 24 Letters from Swellendam: Lindeque — Van Rooyen, 31/7/1799, no. 90.

39) B.O. 24 Letters from Swellendam: Van Rooyen — Faure, 31/7/1799, Ferreira — Veldkornette van Oudeveld, ens., 31/7/1799, Oosthuizen — Van Rooyen, ongedateer; Faure — Dundas, 7/8/1799, nos. 85, 86, 89, 92; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur — Dundas, 3/8/1799, Dundas — Ross, 13/8/1799), pp. 457, 467; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, pp. 44-46.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In Augustus was daar egter ook die eerste tekens van suksesvolle weerstand deur koloniste. Alhoewel daar ten suide van Langkloof, in die Tsitsikammabosse, 'n sterk bende was, was die koloniste hier, ten spyte van 'n ammunisietekort, vasbeslote om te verhoed dat die aanvallers nie die Knysna- en Keurboomsriviere oorsteek nie. Op Tjaart van der Walt se plaas aan die Olifantsrivier het hy en 'n aantal burgers 'n bende gestuit.[40)]

Intussen was die posisie in Graaff-Reinet haglik. Die suidelike wyke was reeds in die begin van Julie ontruim, en teen die einde van dié maand was daar nog net twee of drie families wat nog nie uit die wyke Swartruggens, Swagershoek en Bruintjieshoogte in die suidooste gevlug het nie. Diegene wat gevlug het, het saam met sommige ingesetenes van die suidelike wyke naby die drosdy laer getrek of die Tarka ingetrek. Maar selfs in die Tarka het die koloniste hul plase verlaat. Veldwagmeester Jacob Venter het op 12 Augustus hiervandaan gerapporteer dat die hele Visrivier ooplê. Die Sneeubergers het egter verhoed dat die stropers verder weswaarts vorder.[41)]

Dit is nie bekend hóé groot die Graaff-Reinet se verliese gedurende Julie en Augustus was nie. Landdros Faure van Swellendam het op 13 Augustus berig ontvang dat 50 koloniste om die lewe gebring is waar hulle op 'n plaas van die Swartkopsrivier, slegs twee uur van Algoabaai, saamgetrek het.[42)] Daar is geen verdere verwysing hierna nie, en dit is moontlik dat die berig vals was. Dit is wel duidelik dat die stropers wáár hulle gegaan het, 'n spoor van verwoesting gelaat het en groot getalle vee buitgemaak het.[43)]

Bresler het in Augustus maatreëls getref om die koloniste tot bedaring te bring. Aanvanklik het hy hulle toegelaat om in groepe vir gemeenskaplike beskerming saam te trek. Teen die middel van Augustus het hy koloniste gelas om na hul wyke terug

---

40) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Callender — Dundas, 5/8/1799, p. 305; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Faure — Van der Riet, 13/8/1799, Dundas — Ross, 20/8/1799), pp. 469, 472.

41) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur — Dundas, 3/8/1799), p. 456; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler — Dundas, 6/8/1799, A.E. Olivier — Eggenote, 5/8/1799, pp. 309-310, 311-312; B.O. 86 Copies of Correspondence: Bresler — Dundas, 24/7/1799, ongepag.; G.R. 12/1 Letters from Field Cornet: Venter — Bresler, 10/8/1799, ongepag.

42) B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Faure — Van der Riet, 13/8/1799, no. 78.

43) G.M. Theal: Records of the C.C., XXI (Maynier — Commissioners of Enquiry, 25/4/1825), p. 391; B.O. 26 Disturbances: Joernaal gehou vir P.H. van Rooyen, 20/8/1799 - 2/10/1799, pp. 382-393; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 18/9/1799, pp. 289-290.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te keer. Geen Graaff-Reinetter sou in 'n poging om verder te vlug toegelaat word om die distrik te verlaat, of na Kaapstad te gaan, of weswaarts verby die drosdy te trek nie. Oortreders sou ten strengste gestraf word. Sommige koloniste het selfs gedink dat oortreders met die dood gestraf sou word.

Hierdie bevele het waarskynlik nie veel uitwerking gehad nie, behalwe om die paniek te vergroot. Teen die einde van Augustus het Bresler in 'n brief aan Andrew Barnard melding gemaak van die "inconsiderate and wild flying" van die koloniste.[44)]

Die vlug van die koloniste moet in 'n belangrike mate aan die ammunisietekort toegeskryf word. Bresler skryf dat die koloniste se enigste voorwendsel daarvoor 'n gebrek aan ammunisie is.[45)] Die ammunisievoorsiening aan Graaff-Reinet is in Februarie ná die uitbreek van die Van Jaarsveld-rebellie stopgesit. Vandeleur het in Mei of Junie, met die oog op die kommando en ook in ander verdienstelike gevalle, ammunisie uitgereik, maar ná die mislukking van die kommando kon daar nie weer by hom ammunisie verkry word nie aangesien hy in Algoabaai van die binneland afgesny was. Sover vasgestel kan word, het ook geen ammunisie die drosdye op Graaff-Reinet en Swellendam bereik nie.[46)]

Die landdros en heemrade van Graaff-Reinet het teen die middel van Julie Dundas dringend versoek om ammunisie te stuur sodat die kommando's verdere aanvalle die hoof kon bied.[47)] Ook in Swellendam was daar 'n kritieke ammunisietekort.[48)] Hierteenoor was baie van die Hottentot-aanvallers goed voorsien van gewere en ammunisie.[49)]

Dundas en Vandeleur was vol minagting vir die beweerde lafhartige wyse waarop die koloniste weerstand gebied het en hul

---

44) B.O. 86 Copies of Correspondence: Bresler -- Barnard, 26/8/1799, ongepag.; G.R. 14/4 Publications, 15/7/1799 en 15/8/1799, ongepag.; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler -- Dundas, 7/10/1799, Myburg -- Yonge, 6/6/1800, Myburg -- Dundas, 12/12/1801, pp. 352, 517-520, 666.

45) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler -- Dundas, 29/7/1799, p. 298.

46) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., II (Ross -- Dundas, 14/9/1799), p. 486.

47) G.R. 16/1 Letters Despatched: Bresler e.a. -- Dundas, 19/7/1799, pp. 347-349; Vgl. ook B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Ferreira -- Ferreira, 29/7/1799, Roets -- Bresler, 4/8/1799, pp. 296, 311.

48) B.O. 24 Letters from Swellendam: Ferreira -- Faure, 31/7/1799, Van Rooyen -- Faure, 31/7/1799, nos. 88, 85; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Callender -- Dundas, 5/8/1799, pp. 305-307.

49) Vgl. B.O. 24 Letters from Swellendam: Van Rooyen -- Fourie, 31/7/1799, no. 87.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vlugtery.[50] Dit is moeilik om vas te stel op watter gronde hierdie oordeel gebaseer is. Vandeleur het hom immers met 200 gewapende troepe in Algoabaai in 'n "staat van beleg" laat hou, soos hy dit uitgedruk het. Dundas, met 'n groot en goedgewapende mag tot sy beskikking, het nie kans gesien om die vyand met enige hoop op sukses aan te val nie.[51]

Ook Bresler was verontwaardig oor die "voorbarig vlugten" van die Graaff-Reinetters. Hy was egter self geensins op die voorpunt van die distrik se verdediging nie. Hy het op 11 Augustus aan veldwagmeester Venter van Tarka magtiging verleen om 'n kommando, bestaande uit ingesetenes van Tarka en vlugtelinge uit Swagershoek en Bruintjieshoogte, op die been te bring met die doel om die noordoostelike deel van die distrik te dek. Hyself het egter in die drosdy gebly en daar is geen aanduiding dat hy geprobeer het om self 'n kommando op die been te bring nie. Vandeleur het opgemerk dat die ramp wat die oostelike distrikte getref het, in 'n belangrike mate aan Bresler en Faure se traagheid toegeskryf moet word.[52]

In Kaapstad het Dundas eers gedurende Augustus die erns van die toestand besef. Hy het dadelik beveel dat 1 600 pond kruit, 800 "hot balls" (dit was kanonkoeëls wat warm gemaak kon word 100 vuurstene na Graaff-Reinet en Swellendam gestuur moet word.[53] Op 6 Augustus het hy aan die hoof van 'n troepemag van ongeveer 500 man na die oosgrens vertrek. Terselfdertyd is die Camel met troepe, voorrade en materiaal vir 'n blokhuis aan boord na Algoabaai gestuur. Die idee was dat Vandeleur deur hierdie versterkings in staat gestel moes word om aanvallend te kan optree en by Dundas en sy troepe aan te sluit. Dundas se oogmerk was "[to relieve] by a vigorous effort the sufferings of the defenceless Inhabitants in the distant parts of this Colony,"[54] en om die kolonie van elke rondloper en barbaar te suiwer. Hy het dit egter 'n paar dae later gekwalifiseer met die opmerking

---

50) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur — Dundas, 31/7/1799 en 22/8/1799, Dundas —Ross, 23/8/1799), pp. 454-455, 474-476; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Dundas — Yonge, 20/2/1800), p. 52.
51) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur — Dundas, 3/8/1799), pp. 456-458; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, April 1802, p. 22.
52) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Bresler — Venter, 11/8/1799; G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur -- Dundas, 3/8/1799), p. 457.
53) B.O. 53 Letters Despatched: Ross -- Faure, 4/8/1799, no. 40.
54) B.O. 53 Letters Despatched: Dundas — Raad van Justisie, 6/8/1799, no. 44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"should the amicable measures which it is first my intention to try prove ineffectual."[55]

Dit is duidelik dat Dundas in die eerste gedeelte van Augustus gewik en geweeg het tussen kragdadige maatreëls en vriendskaplike maatreëls. Hy sou uiteindelik op laasgenoemde uitweg besluit. Dit is moeilik om vas te stel wat Dundas hiertoe beweeg het. Dit is moontlik dat hy hom laat beïnvloed het deur sekere oud-Kompanjiesamptenare soos O.G. de Wet wat in hierdie tyd verklaar het dat ondervinding geleer het dat niks uitgerig kon word deur geweld teen die Xhosas te gebruik nie omdat hulle in die boswêreld skuilgehou het en gesorg het dat geen gevegte in die daglig plaasvind nie. Volgens hom sou 1 000 Riksdaalders (£200) aan presente bestee, méér uitrig om die Xhosakapteins op vrede te laat besluit as £100 000 wat aan 'n troepemag bestee word.[56] 'n Nog sterker moontlikheid is dat Dundas, nadat hy onder die indruk van die mag van die vyand gekom het, besef het dat 'n grootskaalse militêre operasie nodig sou wees om die invallers tot onderwerping te dwing. Vir iemand soos Dundas aan wie die taak opgedra is om die Kaap te beveilig - en dan is daar in die eerste instansie gedink aan die gevaar van 'n buitelandse inval - was die vooruitsig om 400 - 500 myl van Kaapstad in 'n volskaalse oorlog met die Hottentotte en Xhosas betrokke te raak, beslis nie aangenaam nie. Die versoeking was baie groot om so spoedig en bloedloos moontlik tot 'n vergelyk te kom, al het dit ten koste van die koloniste geskied.

Op 9 Augustus het Dundas beveel dat oud-landdros Maynier versoek moes word om onmiddellik by hom aan te sluit.[57] Vir 'n poging om deur middel van onderhandelinge met die Xhosas vrede te sluit, sou Maynier se kennis en ervaring van groot waarde wees. Dundas het ook geglo dat Maynier in vredesonderhandelinge met die Hottentotte nuttig te pas sou kom omdat hy hulle vertroue geniet het. Maynier, wat in daardie stadium op die plaas Burgerspos in Groenkloof gebly het, het onmiddellik vertrek en op 16 Augustus op Swellendam by Dundas aangesluit. Tesame het hulle verder ooswaarts gereis.[58]

Alhoewel Dundas nou vir Maynier by hom gehad het, wou hy tog 'n sterk burgerkommando by hom hê vir ingeval die vriendskaplike maatreëls misluk. Teen die helfte van Augustus het hy gevolglik opdrag gegee dat burgerkommando's in die distrikte Swellendam, Stellenbosch en Graaff-Reinet uitgeroep moes word om in samewerking met die troepe onder sý bevel op te tree.[59]

---

55) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Dundas -- Ross, 10/8/1799), p. 463.
56) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: (Anne Barnard -- H. Dundas, 12/9/1799.
57) No. 50 van 1835: Papers Relative to the Condition and Treatment of Native Inhabitants of Southern Africa, I (McNab -- Van Ryneveld, 9/8/1799), p. 34.
58) G.R. 9/3 Letters from Maynier: Van Ryneveld -- Maynier, 10/8/1799; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, April 1802, pp. 19-20.
59) B.O. 56 Day Book, 16, 17 en 23/7/1799, pp. 477-484.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In plaas van drie kommando's uit drie distrikte, was dit op die ou end net Tjaart van der Walt se kommando Swellendammers, later aangevul deur ongeveer 60 burgers en Hottentotte van Graaff-Reinet, wat gewillig was om die troepe teen die stropers by te staan.

Die Stellenbossers was onwillig om na die oosgrens te gaan. Ná 'n groot gesukkel en gemor het 230 burgers uit dié distrik onder leiding van kaptein J.G. Cloete vanaf 24 Augustus Stellenbosch verlaat.[60] Hulle het in die begin van September Swellendam bereik. Hier het hulle gekla dat daar nie genoeg kos en voer was nie. Dertig lede van die kommando onder leiding van Tielman Roos, het sonder verlof na Stellenbosch teruggekeer, waar Roos later in hegtenis geneem is.[61] Die res het geweier om 'n bevel van Dundas om na Graaff-Reinet te gaan, te gehoorsaam omdat hulle van mening was dat hulle te min ammunisie gehad het. Nadat die kommando byna drie weke op Swellendam op ammunisie gewag het, het hy hom op 23 September gereed gemaak om na Graaff-Reinet te vertrek. Sewe weke nadat Stellenbosch verlaat is, is die Valsrivier, ongeveer 100 myl anderkant Swellendam, bereik. Hier is die kommando ontbind. Andries Stockenström, sekretaris van die drosdy op Swellendam, het later spottenderwyse gesê dat die kommando minder dae nodig gehad het om na Stellenbosch terug te keer as die getal weke wat dit gebruik het om van Stellenbosch tot by die Valsrivier te kom.[62]

Net soos Stockenström, was ook Faure en Van der Riet baie krities oor die kommando se optrede. Kaptein Cloete het ter verdediging aangevoer dat 91 van die manskappe baie min ammunisie besit het, terwyl 140 niks gehad het nie. Die manskappe was ook volgens Cloete baie ongerus nadat hulle berigte oor die toestand dieper in die binneland ontvang het. Hierteenoor het Van der Riet opgemerk dat hy aan elke man ½ pond kruit gegee het.[63]

---

60) B.O. 53 Letters Despatched: Ross and Fraser — Van der Riet, 17, 20 en 22/8/1799, nos. 63, 66, 69; B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Fraser, 17, 21, 22, 24 en 26/8/1799, nos. 78-82; Stb. 1/23 Notule van Landdros en Heemrade, 17/8/1799-18/8/1799, pp. 377-379; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Pringle — Fraser, ongedateer, Bresler — Fraser, 16/10/1799, pp. 321-323, 371-372.

61) B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Yonge, 24/1/1800, no. 5.

62) B.O. 24 Letters from Swellendam: Stockenström — Faure, 18/12/1799, no. 102; B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Kibourg — Van der Riet, 3/9/1799, Cloete — Van der Riet, 5/9/1799, Cloete — Fraser, 12/9/1799, 23/9/1799, nos. 94, 96, 102, 109.

63) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — F. Dundas, 28/12/1799, no. 101; B.O. 22 Letters from Stellenbosch: Cloete — Van der Riet, 16/9/1799, Cloete — Fraser, 23/9/1799, Van der Riet — Fraser, 12/9/1799, nos. 106, 109, 100.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoe dit ook al sy, dit is duidelik dat die Stellenbossers baie traag was om hul geteisterde mede-burgers te gaan help.

Baie min is bekend van die kommando wat uit Graaff-Reinet moes kom. Bresler het teen die einde van Augustus of aan die begin van September veldkommandante Van Rensburg en Strydom van die suidoostelike deel van Graaff-Reinet na Swellendam ontbied om met hulle samesprekings te voer oor die reëlings vir die kommando. Hulle het egter laat weet dat hulle vanweë 'n gebrek aan ammunisie nie kans gesien het om te kom nie. Nadat daar teen die begin van September ammunisie opgedaag het, het Bresler onmiddellik daarvan uitgereik, en toe Tjaart van der Walt en sy Swellendamse kommando op 20 September in Graaff-Reinet aankom, het 50 tot 60 man by hom aangesluit. Bresler het intussen herhaaldelik Van Rensburg en Strydom beveel om hulle met hul manskappe by Van der Walt te voeg. Hulle het hom in een stadium in kennis gestel dat hulle op 23 September sou uittrek. Teen 7 Oktober het daarvan egter nog niks gekom nie.[64)]

Die toestand van onrus en die wanorde in die suidoostelike deel van die distrik, waaruit die kommandolede moes kom, was waarskynlik in 'n belangrike mate daarvoor verantwoordelik dat Van Rensburg en Strydom nie 'n kommando op die been gebring het nie. Bresler het wel die koloniste verbied om te vlug, maar hy was nie in staat om hul veiligheid te waarborg op die plase waarheen hy hulle beveel het om terug te keer nie. Twee blankes, J. Mauer en P. Boele, wat deur Bresler verbied is om hul werkgewer se plaas aan die Vogelrivier, in die omgewing van Bruintjieshoogte, te verlaat, is op 17 September doodgemaak deur 'n bende van 50 gewapende Hottentotte en ongeveer 100 Xhosas wat ook 1 300 beeste, 4 000 skape en 25 perde weggevoer het. L. Kotzé, 'n boer wat daar naby met sy vee gelê het, het geskryf: "min (dit is: men) heeft nooit zo een tyd in ons land beleeft, wand min hoorde dagelyks van moorden, branden en rooven."[65)]

Daar bestaan ook 'n moontlikheid dat Van Rensburg en Strydom nie 'n kommando op die been kon bring nie omdat hulle en die ingesetenes van hul wyke laks of onwillig was om op kommando te

---

64) G.R. 14/4 Publications: Bekendmaking, 13/10/1799; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 9/9/1799, pp. 286-287; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler — Fraser, 9/9/1799, Bresler — Fraser, 7/10/1799, pp. 329-330, 353-354.

65) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler — Dundas, 7/10/1799, Myburg — Yonge, 6/6/1800, Myburg — Dundas, 12/12/1801, Hurter — Yonge, 13/1/1801, pp. 352, 517-520, 666, 685-690; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 18/9/1799, 4/11/1799, pp. 289-290, 296-302.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gaan en dit aan ander wou oorlaat om die stropers te beveg. Dundas se indruk was dat die Graaff-Reinetters hulle verset het teen enige maatreëls wat die regering vir die distrik se verdediging getref het.[66)]

In die noordelike deel van die Graaff-Reinetse distrik, waar die wanorde en paniek nie so groot was nie, was daar egter 'n veel beter reaksie. 'n Kommando onder veld-kommandant Gerotz was teen die middel van September gereed om al langs die Visrivier af te trek en by Dundas aan te sluit. Hierdie kommando moes egter ontbind word sodat die manskappe hul aandag kon gee aan die Boesmans wat weer baie bedrywig in die Sneeuberg geword het.[67)]

Terselfdertyd het 'n kommando'tjie van Camdeboo onder veldkornet Barend van Blerck duidelik getoon dat hulle nie bang was om die stropers aan te durf nie. Hulle het die bende wat Mauer en Boele om die lewe gebring het, in die omgewing van die Blyderivier teëgekom en in 'n skermutseling 15 Hottentotte en drie Xhosas doodgeskiet. Vanweë die oormag kon hulle egter nie die vee wat buitgemaak is, terugneem nie.[68)]

In teenstelling met die Stellenbossers en Graaff-Reinetters, het die burgers van Swellendam goed gereageer op die oproep om op kommando uit te gaan. Hulle het vanaf ongeveer 20 Augustus onder leiding van komamdante Van der Walt en Lombaard begin byeenkom. Gedurende die laaste dae van Augustus en in die begin van September het die kommando in samewerking met soldate die oostelike deel van die distrik Swellendam verken en gesteelde vee teruggeneem. In skermutselings is klein getalle Hottentotte en Xhosas doodgeskiet. Op 20 September het 'n kommando onder Tjaart van der Walt op Graaff-Reinet aangekom.[69)]

Terwyl Dundas nog met sy troepemag oorland onderweg was, het die Hottentot- en Xhosabedreiging, veral in die Swellendamse distrik, begin afneem. Die koloniste het hulleself beter begin organiseer en op plekke die stropers gestuit. Die strooptogte het verder momentum verloor omdat die Hottentotte en die Xhosas

---

66) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, p. 47.
67) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 9/9/1799, 18/9/1799, pp. 287, 289.
68) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Bresler -- Dundas, 7/10/1799, p. 352; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 18/9/1799, pp. 289-290.
69) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, p. 46; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Joernaal gehou vir P.H. van Rooyen, 20/8/1799-2/10/1799, pp. 377-396.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oor die verdeling van die buit onder mekaar begin twis het.[70] Hul ammunisie het ook begin opraak. Laasgenoemde was waarskynlik die rede vir hul aanval op 10 Augustus op Vandeleur se kamp in Algoabaai. Omdat die Rattlesnake die vorige dag met ammunisie, kanonne en troepeversterkings aangekom het, kon die aanval met gemak afgeslaan word.[71]

Dundas en sy troepemag is lank deur die Gamtoosrivier, wat vol was, vertraag. Eers op 16 September kon hulle dit oorsteek. Alhoewel Vandeleur gewaarsku het dat daar tussen die Van Stadens- en Gamtoosriviere bendes stropers was, het die troepemag onderweg na Algoabaai geen weerstand ondervind nie.[72]

In Algoabaai het Vandeleur en Dundas kwaai met mekaar gebots. Lady Anne Barnard skryf dat generaal Dundas baie ontevrede was omdat Vandeleur nie 'n aantal maande tevore die oorlog beëindig het deur die Xhosas na hul land terug te dryf nie.[73] Vandeleur het waarskynlik teenoor Dundas die standpunt herhaal wat hy in briewe aan hom gestel het,[74] naamlik dat dit onraadsaam was om die oorlog deur middel van vreedsame metodes te beëindig omdat die vyand dit as 'n teken van swakheid sou beskou. Hulle moes 'n deeglike loesing toegedien word en hy was daarvan oortuig dat Dundas, met 800 manskappe tot sy beskikking, met veiligheid die stropers in die suidelike deel van Graaff-Reinet kon onderwerp.[75]

Dundas het egter ander planne gehad. Hy het vroeg in Oktober beveel dat alle vyandelikhede gestaak moes word en dat die Xhosas en Hottentotte in geen omstandighede aangeval moes word nie. Hy het geglo of het verkies om te glo dat die gesamentlike magte van Hottentotte en Xhosas te sterk vir die koloniste was en dat dit vir die troepe onmoontlik sou wees om in die bosagtige terrein die stropers te agtervolg. Daarom was dit die verstandigste om vrede te sluit en 'n einde te maak aan die bondgenootskap tussen die Hottentotte en die

---

70) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur -- Dundas, 22/8/1799), p. 475. Vgl. ook L. Alberti: De Kaffers aan de Zuidkust van Afrika, pp. 243-244.
71) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur -- Dundas, 13/8/1799, 22/8/1799), pp. 467-468, 473-375.
72) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. s. 1 Cape Colony Letters: Barnard -- H. Dundas, 20/10/1799), pp. 474-475.
73) D. Fairbridge: Lady Anne Barnard (Anne Barnard -- Macartney, 9/1/1800), p. 132.
74) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Vandeleur -- F. Dundas, 22/8/1799), p. 474.
75) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard -- H. Dundas, 7/2/1800.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Xhosas.[76]

Afgesien van die militêre oorwegings het Dundas intussen oor die aard van die stryd tot ander insigte gekom of in elk geval hierdie indruk gewek. Op 6 Augustus was hy nog vasbeslote om, soos hy dit gestel het, die lyding van die weerlose koloniste te verlig. Teen 21 September het hy egter vanaf Algoabaai geskryf: "I believe the intention of the Caffres and the Hottentots is merely to possess themselves of as many cattle and destroy as many habitations as possible."[77] (My kursivering). Teenoor Yonge het hy later verduidelik dat die koloniste self verantwoordelik was vir die ramp wat hulle getref het. Die Xhosas se optrede het hy toegeskryf aan onvoordelige veeruiltransaksies wat koloniste met hulle gesluit het, terwyl die Hottentotte na sy mening wraak wou neem vir die mishandeling wat hulle verduur het.[78]

In die vredesonderhandelings wat in Oktober begin het, het Maynier 'n sleutelrol gespeel.[79] Vergesel van slegs een Hottentot, het hy met groot moed die gebied tussen die Boesmans- en Sondagsriviere waar die meeste stropers versamel was, binnegegaan en éérs Klaas Stuurman oorreed om vrede te maak. Van sý kant het Stuurman namens die Hottentotte onderneem om van die Xhosas te skei, hul vuurwapens uit te lewer en hulle aan die gesag van die Britse regering te onderwerp. Maynier het van sý kant die versekering gegee dat die regering die Hottentotte sou beskerm en sou sorg dra dat hulle deur die koloniste goed behandel en besoldig word. Hierna het Stuurman en 'n paar ander kapteins met Dundas by Algoabaai vrede gesluit.[80]

Maynier het ook Cungwa besoek en 'n ontmoetig tussen hom en Dundas gereël. By hierdie geleentheid is 'n vrede gesluit wat daarop neergekom het dat die Xhosas toegelaat sou word om in hul krale aan die Boesmans- en Sondagsriviere te bly op voorwaarde dat hulle nie die koloniste van die omgewing molesteer

---

76) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, B.O. 91 Correspondence: Smyth -- Maynier, Oktober 1799, Dundas -- Maynier, 6/10/1799.

77) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Dundas -- Ross, 21/9/1799), p. 498.

78) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas -- Yonge, 20/2/1800 en 24/2/1800), pp. 52, 57-58; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Dundas -- Myburgh, 9/1/1801, p. 674.

79) Vir Yonge se opmerkings oor die onderhandelings, vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 29/3/1800), p. 89.

80) Moodie Afschriften: Kommentaar van Maynier op rapport van Collins, aangeteken deur Buchenroder, 25/9/1841; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, April 1802, Notule, 3/5/1802, pp. 23, 48.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie.[81] Maynier het opdrag ontvang om deur middel van onderhandelings vee wat deur Hottentotte en Xhosas gesteel is, te probeer terugkry.

Op 16 Oktober is die beëindiging van die vyandelikhede aangekondig. Die kommando's is reeds drie dae tevore ontbind. As beloning vir hul dienste het Dundas aan kommandante Van Rensburg, Lombaard en Tjaart van der Walt gewere geskenk.[82]

Nadat Dundas hom vergewis het dat die rus in die suidoostelike deel van die kolonie teruggekeer het, het hy na Graaff-Reinet gereis waar hy in November aangekom het. Hy was gretig om Gaika van die regering se welwillendheid jeens hom te verseker. Hy was bevrees dat Gaika, as gevolg van moontlike aanhitsing deur Coenraad de Buys en die ander nege of tien rebelle wat in Kafferland was, teen die Britse regering bevooroordeeld geraak het en moontlik selfs 'n inval in die kolonie beplan het. Maynier is gevolglik gestuur om met Gaika te onderhandel.

Vergesel van dr. Somerville, het Maynier in November Gaika besoek. Hy het egter geen sukses behaal nie en is amper deur Gaika vermoor. 'n Latere poging deur Tjaart van der Walt om die bogenoemde rebelle na die kolonie te laat terugkeer, het ook misluk.[83]

Maynier het teen die middel van Desember op Graaff-Reinet aangekom. Hy was gretig om so spoedig moontlik na Kaapstad te vertrek waar Dundas hom, ter beloning vir sy dienste, as lid van die Raad van Justisie en boekhouer van die Lombard Bank aangestel het. Dundas het hom egter oorreed om nog 'n paar maande lank aan die grens te vertoef en hom op 25 Desember 1799 as resident-kommissaris van die grensdistrikte aangestel met volmag om die vredesplan vir Graaff-Reinet uit te voer.[84]

Wat hierdie vredesplan behels het, blyk uit die instruksies wat Maynier van Dundas ontvang het voordat laasgenoemde vroeg in Januarie 1800 na Kaapstad vertrek het. Met die Xhosas aan

---

81) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Dundas — Yonge, 20/2/1800), p. 54; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, April 1802, pp. 23-24.
82) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Dundas — Huskisson, 24/11/1799), p. 503.
83) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie, Notule, 3/5/1802, pp. 24-25, 49-50; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Maynier en Somerville — Yonge, 14/8/1800), p. 213; Transactions of the Missionary Society, I, p. 409; B.O. 91 Correspondence: Dundas — Maynier, 28/11/1799 en 5/12/1799.
84) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification, April 1802), p. 293; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, pp. 51-52.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weerskante van die Visrivier moes vriendskaplike betrekkinge bewaar word. Die Hottentotte moes oorreed word om by koloniste in diens te tree en, om te verseker dat hulle nie mishandel word nie, moes 'n register van hul diensvoorwaardes by die drosdy gehou word. 'n Bedrag van ongeveer 10 000 Rds., wat hoofsaaklik bestaan het uit boetes wat van medepligtiges aan die Van Jaarsveld-rebellie ingevorder is, moes deur Maynier aangewend word as kompensasie vir die verliese van koloniste wat spesiale oorweging verdien het.

Ten einde die amptenare aan die grens se hande te sterk, is tussen 300 en 400 troepe onder leiding van majoor Lemoyne by die militêre pos genaamd Fort Frederick in Algoabaai gestasioneer.[85)]

Die vrede wat in 1799 gesluit is, was bloot 'n tydelike staking van vyandelikhede in die konflik tussen die Blanke en Nie-Blanke bevolkingsgroepe aan die oosgrens. Dundas het volgens Yonge later self verklaar dat dit méér 'n geval was van "abandoning the War than concluding the Peace."[86)]

Hierdie konflik het om verskillende redes ontstaan en, soos Dundas geglo het, was die onreg wat die koloniste die Hottentotte en Xhosas aangedoen het, een van die oorsake daarvan. Andrew Barnard het egter tereg opgemerk dat generaal Dundas van homself vergeet wanneer hy ander vir die toestand aan die oosgrens blameer. Hy het bygevoeg dat Dundas se instruksies aan Vandeleur om, nadat hy die opstandige koloniste tot onderwerping gedwing het, te probeer om met die mag tot sy beskikking die Xhosas ten weste van die Visrivier te verplig om na hul eie land terug te keer, dié maatreël was wat in 'n groot mate die oorsprong ("source") was van die oorlog.[87)]

In die oorlog het die Hottentotte en Xhosas die koloniste geweldige verliese toegedien voordat daar met hulle vrede gesluit is.[88)] Vandeleur het die vrede wat gesluit is beskryf as "peace made before they (die Xhosas) were conquered after

---

85) G.M. Theal: Records of the C.C., III (F. Dundas — Yonge, 20/2/1800, 24/2/1800), pp. 53-56, 61-64.
86) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 22/10/1800), p. 326.
87) Acc. 1415 (74) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Macartney, 21/9/1799.
88) Vgl. No. 50 van 1835: Papers Relative to the Conditions and Treatment of the Native Inhabitants of S.A., I, p. 33; B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Verklaring van Maynier, 12/8/1802, pp. 83-88, B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Dundas — Myburgh, 9/1/1801, pp. 673-675; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Maynier — F. Dundas, 26/3/1800), p. 109.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

having been roused",[89] terwyl Barnard verklaar het dat Dundas met 'n duisend man tot sy beskikking die geleentheid gehad het om kragdadiglik die rooftogte van die Hottentotte stop te sit. In plaas daarvan het hy toegelaat dat die Hottentotte hul wapens behou asook alles wat hulle op hul strooptogte van die koloniste gebuit het.[90] (Vroeg in 1800 het Maynier ook alle pogings om die Xhosas die gesteelde vee te laat uitlewer, laat vaar.[91] Die gevolg was dus dat, soos Andrew Barnard dit uitgedruk het, "the Caffres and Hottentots have found out that the English government are not invulnerable, they have likewise tasted the sweets of plunder and have learnt to despise the Dutch Boors who formerly kept them in subjection."[92] Hy het bygevoeg dat hy om die rede vrees dat die vrede nie blywend sou wees nie behalwe as 'n sterk troepemag aan die grens gehou word.

Daar was egter min wat die Xhosas en Hottentotte afgeskrik het om wéér strooptogte te onderneem, en weinig voorsorgmaatreëls is getref om dit te voorkom. Volgens Dundas sou die garnisoen by Algoabaai in die geval van 'n inval weinig beskerming of geen beskerming nie kon bied. Hy het geglo dat die Xhosas hul ooreenkomste sou nakom, en dat as die Xhosas in die Suurveld nie aangeval word nie, daar geen rede was om van hulle 'n hervatting van die vyandelikhede te verwag nie. Eintlik was Dundas slegs daarin geïnteresseerd om die lastige ("troublesome"), ontroue en losbandige ("licentious") koloniste, soos hy hulle genoem het, in bedwang te hou.[93]

Die vrede het in feite daarop neergekom dat die Suurveld, wat éérs dig deur koloniste bewoon was, aan die Hottentotte en Xhosas prysgegee is. Strydende partye, wat mekaar ná die oorlog met haat en suspisie bejeën het, het betreklik naby aan mekaar en sonder 'n definitiewe grenslyn tussen hulle gewoon. Die gevaar het bestaan dat die geringste vonkie wéér die stryd sou kan laat ontvlam.

---

89) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 7/2/1800.
90) Acc. 1415 (75) (A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Macartney, 29/4/1802, p. 145.
91) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Maynier — F. Dundas, ongedateer), pp. 108-109.
92) (Rh. H. Lib.) Mss. Afr. S. 1 Cape Colony Letters: Barnard — H. Dundas, 20/10/1799.
93) G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — Yonge, 20/2/1800, 24/2/1800), pp. 54, 64, 66-67.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Aan die hoof van die administrasie is iemand geplaas wat geglo het dat hy deur middel van onderhandelings en met weinig moeite vrede met die Hottentotte en die Xhosas sou kan bewaar,[94] maar in wie die Blanke ingesetenes van die deel van die distrik naaste aan die Suurveld geen vertroue gehad het nie. Maynier het egter so vas geglo dat hy op eie houtjie rus en orde sou kan bewerkstellig dat hy in die loop van 1800 'n aanbod deur Yonge van 1 000 troepe om hom by te staan, van die hand gewys het.[95]

Ses weke nadat Maynier as resident-kommissaris diens aanvaar het, het lady Anne Barnard geskryf dat Vandeleur van mening was dat vrede met die Xhosas nie blywend sou wees nie. Niemand dink so nie, het sy bygevoeg.[96]

---

94) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification, April 1802), p. 327.
95) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Verklaring van Maynier, 28/5/1801, p. 683.
96) (S.A.O.B.) Letters of Lady Anne Barnard: Anne Barnard — H. Dundas, 7/2/1800.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK XII

DIE OOSGRENS: MAYNIER EN DAARNA (1800-1803).

Toe Maynier teen die einde van 1799 sy amp as Resident-Kommissaris aanvaar het, was die distrik Graaff-Reinet in 'n beklaenswaardige toestand. Baie boere het nog nie na hul plase teruggekeer nie. Die wyke Suurveld, Boesmansrivier en Sondagsrivier in die suidoostelike deel van die distrik was heeltemal deur die koloniste ontruim. Dit was hier waar Cungwa, Jaloesa en ander kapteins met hul volgelinge hulle bevind het en waarheen Ndlambe vroeg in 1800 gegaan het. Die Hottentotte onder Klaas Stuurman wat nie by die koloniste in diens wou tree nie, het in krale aan die oewers van die Sondagsrivier gewoon. Baie van hulle het later op die dorp Graaff-Reinet gaan bly.[1)]

As Resident-Kommissaris het Maynier oor die hoogste gesag in die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet beskik. Dit wil voorkom of hy nie juis in die praktyk veel gesag oor die distrik Swellendam uitgeoefen het nie, alhoewel hy daarop aangedring het dat Faure aan hom verslag doen. In Graaff-Reinet was hy heeltemal in beheer van sake. Gedurende die twee jaar wat hy Resident-Kommissaris was, het geen vergaderings van die kollege van Landdros en Heemrade plaasgevind nie. Vir die res van die besettingstyd is Bresler op die agtergrond geskuif.[2)]

Maynier het in die eerste plek geprobeer om soveel koloniste as moontlik op hul plase terug te kry omdat hy daarvan oortuig was dat die gebied anders aan strooptogte deur rondloper-Xhosas en -Hottentotte blootgestel sou wees.[3)] Met hierdie doel voor oë het hy aan landdros Faure van Swellendam en die veldwagmeesters van die noordelike en westelike wyke van Graaff-Reinet, waar talle vlugtelinge hulle bevind het, opdrag gegee om onmiddellik hierdie mense aan te sê om na hul plase terug te keer. Die name van diegene wat nie die bevel gehoorsaam nie, moes dadelik aan hom gerapporteer word.[4)]

---

1) No. 50 van 1835: Papers Relative to the Condition and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa, I, pp. 30-34; C.J. 653 Stukke rè saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, 5/5/1802, pp. 48-49, 56; G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier — Gouwsch, 21/3/1800.

2) G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade: Notule, 25/12/1801, p. 317; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 29/3/1800, Maynier — F. Dundas, 26/3/1800), pp. 89, 109; B.O. 92 Correspondence: Dundas — Maynier, 6/7/1801.

3) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), p. 326.

4) G.R. 9/3 Letters from Maynier: Bevel van Maynier — Onderskeie veldwagmeesters, Februarie 1800, Oertel — Faure, 28/2/1800.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maynier het die koloniste op hul plase probeer hou deur onder andere te dreig dat hy vlugtelinge se vee sou konfiskeer en hul plase aan ander persone sou uitgee. Hy het egter ook van sagte middele gebruik gemaak. Uit die fonds wat aan hom beskikbaar gestel is, het hy aan boere vir die verliese wat hulle in 1799 gely het, kompensasie uitbetaal.[5] Toe gerugte van 'n Xhosa-inval by geleentheid die rondte doen, het hy, ten spyte van swak gesondheid, by verskillende geleenthede na die Tarka en Bruintjieshoogte gegaan met die doel om die koloniste dáár gerus te stel en te oorreed om nie te vlug nie.[6]

Daar kan nie met sekerheid vasgestel word hóé suksesvol hierdie pogings was nie. Goewerneur Yonge, wat geneig was om 'n óór-optimistiese prentjie te skilder, het vroeg in 1801 verklaar dat feitlik al die koloniste na hul plase teruggekeer het. Uit die dokumentêre getuienis blyk dit dat sommige koloniste inderdaad weer op hul plase in die wyke Bruintjieshoogte en Swagershoek gaan woon het, maar dit is te betwyfel of daar koloniste was wat na die wyke Suurveld, Boesmansrivier en Swartkopsrivier teruggekeer het.[7]

Die tweede aspek van Maynier se vredesplan was sy Hottentotbeleid wat daarop gemik was om die bondgenootskap tussen die Hottentotte en die Xhosas te verbreek en eersgenoemde oor te haal om hulle aan die kant van die Blankes te skaar.[8] Maynier het daarin geslaag om die meeste Hottentotte te oorreed om weer by die koloniste in diens te tree. Hy het ook maatreëls getref om te verseker dat die Hottentotte behoorlik deur hul werkgewers behandel word. Met hierdie doel voor oë is by die drosdy op Graaff-Reinet 'n register gehou waarin die werkgewer en werknemer se name, asook die loon en die dienstydperk aangeteken is. Wanneer 'n Hottentot se dienstydperk verstryk het, moes hy met 'n sertifikaat van sy werkgewer na die drosdy gaan, waar hy van Maynier 'n sertifikaat ontvang het wat gemeld het dat hy vry was om hom aan iemand anders te verhuur. Indien daar oor die diensvoorwaardes geskille ontstaan het, het dit enigeen van die partye vryge-

---

5) (R.A.) Kolleksie B. v. Blokland 30 (n) Saak van Maynier: W.S. van Ryneveld -- Maynier, 22/4/1801.
6) G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier -- De Jager, 16/3/1801, Maynier -- Van Deventer, 30/4/1800, Maynier -- Stroo en Hamel, 30/4/1800; G.R. 16/1 Letters Despatched: Oertel -- De Kiork, 24/2/1800, p. 369; C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, pp. 29-30.
7) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge -- H. Dundas, 5/1/1801), p. 369; G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier -- Dreyer, 5/2/1800, C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Notule, 3/5/1802, p. 49.
8) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence In-Letters: Verklaring van Somerville, 5/5/1802, p. 310.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

staan om uit die registerboek daaroor uitsluitsel te verkry.[9)]

Die registrasiestelsel was blykbaar aanvanklik net van toepassing op Hottentotte wat ná die "oorlog" na hul base teruggekeer het. In 1801 is egter bepaal dat koloniste wat hul Hottentotdiensbodes vir 'n verdere termyn in diens wou neem, hulle éérs na die drosdy moes bring sodat die diensvoorwaardes op skrif gestel kan word.[10)]

Sowel Generaal Dundas as Yonge was daarvan oortuig dat die registrasiestelsel die beste metode was om Hottentotarbeiders te beskerm. Yonge het aan die ander landdroste opdrag gegee om óók registers van Hottentotdiensbodes in hul onderskeie drosdye te hou.[11)]

Benewens hierdie poging om oor die nakoming van diensvoorwaardes beheer uit te oefen, het Maynier ook opgetree wanneer hy vermoed het dat Hottentotte op enige ander wyse veronreg of mishandel word. Hy het 'n kolonis wat aan 'n Hottentotvrou in sy diens geen loon betaal het nie, beveel om haar iets te betaal of anders te ontslaan.[12)] Koloniste wat vee teruggehou het van Hottentotte wat hul diens verlaat het, is beveel om die vee onmiddellik af te gee.[13)] Gevalle van mishandeling van Hottentotte deur koloniste is ondersoek en die skuldiges is gestraf.[14)]

Maynier het egter nie net die Hottentotte beskerm nie, maar dit duidelik gestel dat hy sou optree teen Hottentotte wat nie hul verpligtinge teenoor hul werkgewers nagekom het nie. Hy het gevra dat koloniste hom onmiddellik in kennis moet stel as hul Hottentotte of slawe dros. 'n Kolonis wat oor 'n Hottentot in sy diens ontevrede was, moes hom na die drosdy toe bring sodat hy daar gestraf kan word indien hy skuldig was.[15)] Maynier wou die drosdy die plek maak waar geskille uitgestryk moes word in plaas daarvan dat een van die partye die wet in eie hande neem.

---

9) In G.R. 15/43 Lists of Hottentots, their masters and wages, verskyn oor die 400 inskrywings van Hottentotmans, -vrouens en -kinders. Vgl. ook C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, April 1802, p. 27.

10) G.R. 14/4 Publications: Bekendmaking, 26/4/1801.

11) B.O. 53 Letters Despatched: Yonge — Landdroste van Stellenbosch, Swellendam en Graaff-Reinet, 15/2/1800, no. 253; B.O. 91 Correspondence: Dundas — Maynier, 29/1/1800; G.R. 9/3 Letters from Maynier: Yonge — Maynier, 16/2/1800.

12) G.R. 16/1 Letters Despatched: Oertel — Greyling, 24/2/1800, p. 363.

13) G.R. 13/1 Letters from Private Individuals: Viljoen — Beetge, 26/8/1800, Van der Berg — Bresler, 21/8/1800, De Beer — Bresler, 10/9/1800; G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier — Viljoen, 6/5/1800.

14) Vgl. G.R. 3/18 Judicial Declarations in Criminal Cases waarin 'n hele aantal verklarings in die verband voorkom (o.a. Verklaring, 12/9/1800, no. 161.

15) G.R. 14/4 Publications: Bekendmaking, 6/3/1800; G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier — Pretorius, 24/3/1801.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Generaal Janssens het die beskerming van Hottentotte teen mishandeling as 'n voorvereiste vir die bewaring van rassevrede gesien. Ook Maynier het dit besef. Marais noem sý pogings om die verhouding tussen heer en die diensbode te reël, die begin van arbeidswetgewing in Suid-Afrika.[16)]

Die Hottentotte se posisie was egter nog ver van benydenswaardig. Die uitgestrektheid van die distrikte, tesame met die swak administratiewe masjinerie, het 'n geruime tyd lank nog in die weg van doeltreffende beskerming gestaan. In één opsig het die posisie van die Hottentotte nie verbeter nie. Daar was nog geen voorsiening gemaak vir reservate waar Hottentotte wat nie by koloniste in diens wou tree nie, kon gaan woon nie.

Generaal Dundas was self begerig om die Hottentotte wat aan die Sondagsrivier was, na 'n geskikter plek weg van die Xhosas af te verskuif. Op 29 Januarie 1800 het hy Maynier versoek om aan hom 'n lys van plase te stuur wat nie deur koloniste beset was nie sodat hulle in die naam van Hottentotte geregistreer kon word. Die regering was gewillig om Hottentotte wat wou boer van saadkoring, gereedskap en vee te voorsien. Daarbenewens het Dundas ook daaraan gedink om nóg 'n instituut soos dié te Baviaanskloof op te rig.[17)]

Benewens sy pogings om die koloniste na hul plase terug te bring, die bondgenootskap tussen die Hottentotte en Xhosas te verbreek en die Hottentot-werknemers beter te beskerm, het Maynier se vredesplan die gedagte ingesluit dat daar deur middel van onderhandelings met die Xhosas ten ooste en ten weste van die Visrivier vrede bewaar moes word. Deur middel van gesante het hy met Gaika, Cungwa, Jalusa en die ander kapteins in verbinding gebly. Hy en dr. W. Somerville, wat in April 1800 as sy assistent na die grens gestuur is, het met Cungwa samesprekinge gehou waartydens laasgenoemde 'n vriendelike gesindheid aan die dag gelê het. Hy het egter geweier om enige buit uit te lewer.[18)]

Maynier het aanvanklik in sy onderhandelings met Gaika baie probleme ondervind. Die groot struikelblok was blykbaar Coenraad

16) J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, p. 115; G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Janssens — De Mist, 12/5/1803), pp. 219-222; S.D. Naudé: Plakkaatboek, VI (Proklamasie, 10/5/1803), pp. 24-25; D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., p. 113; W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, pp. 18-19.

17) B.O. 91 Correspondence: Dundas — Maynier, 29/1/1800 en 17/4/1800; No. 50 van 1835: Papers relative to the Condition and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa, I, pp. 30-34.

18) B.O. 91 Correspondence: Yonge — Fiscal, 30/12/1800; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 5/1/1801), pp. 370-371.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

de Buys, wat die Britse bewind gehaat het en op 'n slegte voet met Maynier was. Hy het deur sy "huwelik" met Gaika se moeder by die jong Gaika invloed verwerf. Gaika het hom teen Maynier gekeer en met De Buys as raadgewer as voorwaarde vir vrede geëis dat Adriaan van Jaarsveld en sy mederebelle wat in die Kasteel was, vrygelaat word.[19] Teen die middel van 1800 was daar selfs 'n poging deur De Buys en die rebelle, bygestaan deur 'n aantal van Gaika se volgelinge, om die kolonie binne te val, die Engelse uit die land te dryf en De Buys tot regeerder uit te roep. 'n Deel van die strategie was om Maynier en Somerville gevange te neem en, soos Maynier dit gestel het, op dieselfde wyse te behandel as wat Van Jaarsveld en die ander gevangenes deur die regering in die Kasteel behandel is. Die invallers is egter by die Baviaansrivier teruggedryf deur Cungwa wat verklaar het dat hy nie wou hê dat die vrede verbreek moes word nie. Maynier het intussen 'n mag van 500 man, bestaande uit Britse soldate, koloniste en Hottentotte, opgeroep om die kolonie teen die inval te verdedig.[20]

Gerugte oor die inval het onder die grenskoloniste groot paniek veroorsaak. Ten spyte van 'n ernstige siekte waaraan hy gedurende die eerste deel van 1800 gely het, het Maynier die wyke aan die oosgrens besoek en daarin geslaag om die koloniste te kalmeer.[21]

Ná hierdie mislukte inval het die betrekkinge tussen Maynier en Gaika gaandeweg verbeter. Maynier het later beweer dat dit deur sý toedoen was dat Gaika vir De Buys verjaag het. De Buys en die ander rebelle het op die laaste dag van 1800 Gaika se gebied verlaat en die noordoostelike deel van die kolonie binnegetrek.[22]

Met De Buys uit die weg, het Gaika in 1801 selfs 'n poging aangewend om Maynier te besoek. Maynier was nou op vriendskaplike voet met al die vernaamste Xhosakapteins. Hy en Somerville het intussen, met die oog op die bewaring van vrede, ook Hottentot- en Boesmankrale besoek. Wanneer hy berigte ontvang het van

19) G.M. Theal: Records of the C.C., III (Maynier and Somerville — Yonge, 14/8/1800), pp. 212-213.
20) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, pp. 28-29; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 22/10/1800 en 5/1/1801), pp. 327,369.
21) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, April 1802, Notule, 5/5/1802, pp. 28-30, 58.
22) Vir Coenraad de Buys se doen en late gedurende die res van die besetting, vgl. Transactions of the Missionary Society, I, pp. 469-479; A.E. Schoeman: Coenraad de Buys, pp. 62-69.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afsonderlike Hottentotte of Xhosas wat rondgeswerf en diefstalle gepleeg het, het hy dadelik na die verskillende Xhosa- en Hottentotkrale boodskappers gestuur om inligting in te win en te waarsku dat op die rondlopers gevuur sou word. Terselfdertyd is die veldkornette en veldkommandante gewaarsku om op hul hoede te wees en, indien nodig, patrollies te laat uitgaan om die wyke te bewaak en teen die rondlopers op te tree.[23)]

Die patrollie-stelsel was die fondament waarop Maynier se hele vredesplan gerus het. Hy het van die standpunt uitgegaan dat indien rondloper-Hottentotte en -Xhosas vee gesteel het, dit nog geen regverdiging was om, soos veral die koloniste van Bruintjieshoogte verlang het, 'n Algemene Kommando (genaamd "Groot Kommando") bestaande uit 'n groot aantal burgers van verskillende wyke, uit te roep om Hottentot- en Xhosakrale voor die voet aan te val in 'n poging om hulle oor die grens te verdryf nie. Maynier was bitter gekant teen Algemene Kommando's omdat hy gevrees het dat onskuldige vroue en kinders aangeval sou word wat dan, soos in die geval van die Boesmans gebeur het, tot 'n onversoenlike vyandskap sou lei. Bowendien het hy weinig geloof gehad in die doeltreffendheid van kommando's.[24)] In stede hiervan is patrollies, bestaande uit ses tot ag jong boere, in die verskillende grenswyke op die been gebring. Wanneer daar aanduidings was dat Xhosas of Hottentotte op roof uit was, moes hulle die wyk deurkruis. Wanneer 'n spoor gevind is, moes hulle dit volg en veediewe aankeer of, indien die omstandighede dit vereis, hulle selfs doodskiet. Hulle is egter ten strengste verbied om inboorlingkrale aan te val.[25)] Maynier, wat 'n hoë dunk gehad het van die dapperheid wat die Hottentotte op kommando aan die dag gelê het,[26)] het mettertyd die patrollies met 'n soort Hottentot-"polisiemag" aangevul. In April 1801 het hy veldkornette beveel om die vyf bekwaamste Hottentotte in hul onderskeie wyke van gewere en mondprovisie vir twee maande te voorsien en hulle na die drosdy te stuur. Hulle is dan uitgestuur na koloniste wat hulp nodig gehad het, as-

23) B.O. 91 Correspondence: Yonge — Fiscal, 30/12/1800: Transactions of the Missionary Society, I, pp. 487-490; G.M.Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 295-296, 326.

24) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 327-328; No. 50 van 1835: Papers relative to the Condition and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa, I, pp. 28-29; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Getuienis van Somerville, 5/5/1802, p. 310.

25) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Manier, April 1802), pp. 295-296, 317; G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier — Smit, 21/3/1800, Maynier — Gouwsch, 21/3/1800, Maynier — Venter, 26/4/1800, Maynier — Strydom, 17/5/1800.

26) Vir Maynier se mening oor die rol wat die Hottentotte op die kommando's gespeel het, vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., IV, p. 328.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ook om die spoor van gesteelde vee te volg en die buit terug te neem. By minstens twee geleenthede in 1801 het hierdie "polisiemag" gesteelde vee na Graaff-Reinet teruggebring.[27)]

Maynier het dit sterk oorweeg om sy Hottentot-"polisiemag" uit te brei tot 'n korps van ongeveer 400 gewapende Hottentotte aan wie die taak opgedra sou word om die kolonie teen die Xhosas, Boesmans en rondloper-Hottentotte te beskerm. Hy was oortuig dat hulle die taak beter as gewapende burgers of soldate sou verrig. Hulle moes op vier poste in die distrik gestasioneer word, waar gefortifiseerde barakke vir hulle opgerig moes word. Maynier het vroeg in 1801 hierdie plan vir die verdediging van die distrik aan generaal Dundas voorgelê. Dundas het dit in beginsel goedgekeur, maar Yonge was daarteen gekant en dit is nooit in werking gestel nie.[28)]

Gedurende 1800 was daar redelike rus en vrede in die Graaff-Reinetse distrik. In Julie en Oktober 1801 het die Graaff-Reinetters egter teen Maynier se administrasie van die distrik in opstand gekom en het wet en orde in duie gestort. Daar moet nou ondersoek ingestel word na die vraag wat die opstandiges se beweegredes was en of die vredesplan nie geslaagd was nie.

Om dié vrae te beantwoord, moet allereers die toestand ten opsigte van veediefstalle ondersoek word.

Met die uitsondering van rapporte oor perde wat in April en Mei in Bruintjieshoogte en die omgewing van Swartkopsrivier gesteel is,[29)] is daar vir die eerste helfte van 1800 geen getuienis in verband met veediefstalle nie. In die tweede helfte van 1800 het die posisie egter begin versleg. Veldkommandant H.J. van Rensburg het uit Bruintjieshoogte berig dat vanaf Julie 1800 tot Januarie 1801 in totaal 28 perde, 342 beeste en 14 skape gesteel is. Daarbenewens het drie koloniste in een enkele nag al die beeste wat hulle besit het, verloor.[30)] In Januarie 1801 het P.R. Botha van Bruintjieshoogte laat weet dat hy nie van sy plaas durf weggaan nie en dat die Xhosas weer 45 beeste van hom

---

27) G.R. 9/3 Letters from Maynier: Maynier — Veldkornette, 1801; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), p. 318; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Naudé — Dundas, 28/11/1801, pp. 733-737.

28) G.M. Theal: Records of the C.C., XVI (Evidence by Maynier before Commissioners of Enquiry, 25/4/1825), p. 392. Sien ook (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Evidence by F. Dundas, 3/5/1802, Evidence by Hottentot Captains, 5/5/1802, Evidence by J. Campbell, 19/5/1802, pp. 295, 404-405.

29) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Strydom e.a. — De Buys, 7/4/1800, p. 513; Moodie Afschriften: Maynier — Smit, 19/5/1800.

30) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Van Rensburg — Van Reenen, 2/2/1801, pp. 677-681.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weggeneem het.[31] Op 22 Maart het B. Greyling berig dat die Xhosas ook Piet Nel van al sy vee beroof het en die plaas van C. Lotter drie keer in een nag aangeval het.[32] Dit was waarskynlik dieselfde Lotter wat die veldkornet van die wyk Camdebo kort tevore in kennis gestel het dat hy so erg deur Hottentotte gepla word dat hy verplig sou wees om te vlug indien hy nie hulp ontvang nie.[33] Uit die wyk Swartkopsrivier het veldkornet C.J. van Rooyen vroeg in 1801 berig dat die Hottentotte en Xhosas 1 500 stuks vee van hom gesteel het. Hierdie vee is darem teen die einde van April deur Cungwa terugbesorg. Van Diemen, sekretaris van die drosdy, het opgemerk dat vóór Junie 1801 die mense voortdurend oor diefstalle gekla het.[35]

J.S. Marais kom ná 'n bespreking van die diefstalle tot die gevolgtrekking dat indien die bestaande dokumente 'n volledige weergawe van die koloniste se verliese verskaf, die situasie kwalik ernstig genoeg was om hulle opstand teen Maynier, wat in Julie 1801 tot uitbarsting gekom het, te regverdig.[36]

Hierdie veediefstalle moet egter nie geïsoleerd beskou word nie. Die strooptogte van 1799 moes ongetwyfeld by die grensboere die vrees agtergelaat het dat so iets weer kon gebeur. Die diefstalle was vir hulle 'n aanduiding dat, ondanks Maynier en Dundas se grensreëlings, alles nog nie pluis was nie. Uit vrees dat hul besittings en lewe wéér in gevaar was, het sommige koloniste in die eerste drie maande van 1801 na veiliger dele uitgewyk. Uit Bruintjieshoogte het koloniste na Sneeuberg gevlug, terwyl sommige ingesetenes van Swartkopsrivier na die oostelike deel van Swellendam gegaan het.[37]

Nóg 'n maatstaf vir die vraag of Maynier se vredesplan geslaag het, is die vraag of sy Hottentotbeleid die vrede versteur het, al dan nie. Ten spyte van generaal Dundas se herhaalde aanmanings dat hy vir die Hottentotte aan die Sondagsrivier, wat nie by die koloniste in diens wou tree nie, 'n geskikte woonplek moes vind, het Maynier teen Junie 1801 nog geen reëlings in dié

31) G.R. 12/1 Letters from Field Cornets: Botha — Maynier, 5/1/1801.
32) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Van Ryneveld — Maynier, 22/4/1801, p. 580.
33) Moodie Afschriften: Lotter — Van Blerk, 1/2/1801.
34) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 123.
35) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Getuienis van Van Diemen, 8/2/1802, p. 164.
36) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 123.
37) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Van Rensburg — Van Reenen, 2/2/1801, p. 677; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Yonge, 3/4/1801, pp. 626-627; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Van Ryneveld — Maynier, 22/4/1801, p. 2.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verband getref nie. Miskien was dit nie moontlik om so 'n plek te vind nie, maar Dundas het gereken dat die posisie van hierdie Hottentotte nie Maynier se behoorlike aandag geniet het nie.[38] Die aanwesigheid van 'n groot getal Hottentotte in die distrik Graaff-Reinet sonder 'n vaste woonplek was uiteindelik 'n belangrike faktor in die versteuring van die onsekere balans wat ná die oorlog van 1799 teweeggebring is.

Daar was op die dorp Graaff-Reinet 'n aantal Hottentotte wat deur die regering van lewensmiddele voorsien is. In 1801, en veral vanaf Mei 1801 nadat Read, Van der Lingen en in die besonder Van der Kemp op die dorp met sendingwerk begin het, het baie Hottentotte daarheen gestroom. Op 19 Mei het 200 'n kerkdiens bygewoon en die meerderheid van hulle het waarskynlik op die dorp gebly. In die loop van 1801 het Klaas Stuurman óók op Graaff-Reinet kom bly, waar Maynier hom gebruik het as opsigter oor die mense wat aan die barakke gewerk het.[39]

Die teenwoordigheid van hierdie Hottentotte op die dorp, sommige van wie in die 1799-oorlog hul vyande was, was vir die koloniste 'n doring in die vlees. Vir hulle was die dorp nou niks meer as 'n Hottentotkraal nie. In die loop van 1801, namate meer en meer Hottentotte op die dorp vergader het, het die vrees opgelaai dat hiervandaan hernieude strooptogte onderneem sou word. Dit is duidelik dat die koloniste Maynier tussen so 'n groot getal Hottentotte nie net gewantrou het nie, maar ook gevrees het. Gerugte dat hy die Hottentotte aanhits om die koloniste te besteel en te vermoor, het die rondte begin doen. Aan die grens was die wildste gerugte altyd volop, maar wat belangrik was, was dat die koloniste ook buite die suidoostelike wyke hierdie gerugte geglo het en daardeur tot optrede aangespoor is. Maynier self het geglo dat hy met die uitvoering van die vredesplan geslaag het totdat die koloniste gerugte begin glo het dat hy die Hottentotte bymekaar gemaak het om teen hulle op te tree en die Hottentotte aangemoedig het om hulle uit te delg.[40]

---

38) B.O. 91 Correspondence: Dundas — Maynier, 17/3/1800.

39) No. 50 van 1835: Papers Relative to the Condition and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa, I, pp. 30-31; G.M. Theal: Records of the C.C., XXI (Evidence by Maynier before Commissioners of Enquiry, 25/4/1825), p. 392; Moodie Afschriften: Van Rensburg — Van der Walt, 23/5/1801; Transactions of the Missionary Society, I, p. 480; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Ondervraging van Bresler, 10/5/1802, p. 428.

40) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 317, 320, 326. Vgl. ook B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vos — Dundas, 8/12/1801, p. 747; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 481-482.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maynier het nooit soos Van der Kemp te kenne gegee dat die Hottentotte in elke opsig met die koloniste op gelyke voet behandel moes word nie. Daar is ook geen aanduidings dat hy, soos Theal beweer, onder die invloed van die Franse filosowe, 'n geloof in die onskuld van die inboorlinge gehad het nie.[41] Dit is egter duidelik dat hy in sy beleid ten opsigte van die Hottentotte hom nie aan die koloniste se sienswyses gesteur het nie. Veral in 1801 het hy in meer as één opsig teenoor die Hottentotte opgetree op 'n wyse wat gebots het met die sienswyses van die koloniste. Dit het daartoe aanleiding gegee dat hulle hom begin wantrou het.

Daar is in die eerste plek die kwessie van sy Hottentot-"polisiemag". J.S. Marais sê dat die patrollie-stelsel aan die koloniste eise gestel het waarteen die luiheid van baie in opstand moes gekom het. Dáárom het Maynier besluit om van gewapende Hottentotte gebruik te maak om die burgers op patrollie aan te vul, of miskien selfs te vervang.[42] Gesien los van die rasseverhoudinge wat aan die oosgrens bestaan het, lyk dit na 'n verstandige besluit om eerder Hottentotte, wat perde en gewere goed kon hanteer, op patrollies te gebruik as koloniste wat na hul plase moes omsien. Maynier moes egter geweet het watter geweldige ontsteltenis die totstandkoming van die Hottentotkorps en die gebruik daarvan om die Britse gesag binnelands te handhaaf, onder die koloniste verwek het.[43] In dié omstandighede was die gebruik van Hottentotte op patrollies onwys, om die minste daarvan te sê.[44]

Luitenant Lyndon, een van die Britse offisiere op Graaff-Reinet, het later verklaar dat teen die helfte van 1801 daar ongeveer 20 van hierdie Hottentot-"polisiemanne" was wat teen plunderende Hottentotte en Xhosas opgetree het. Nadat hulle weer aan hul werkgewers terugbesorg is, is sommige van hulle na bewering vermoor. Lyndon voeg by: "Those Hottentots were armed and doing duty as the Hottentot corps do, therefore the boors because they served under the English might have taken umbrage."[45]

---

41) G.M. Theal: History of Africa South of the Zambesi from 1505 to 1795, III, pp. 243, 280.
42) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 120-121.
43) Vgl. pp. 48-50, 78.
44) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Evidence by Bresler, 15/3/1802, p. 239.
45) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Evidence by Lyndon, 2/3/1802, p. 217.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Maynier het egter voortgegaan om van Hottentotpatrollies gebruik te maak. In die laaste twee of drie maande van 1801 het Maynier by twee geleenthede gewapende Hottentotte van Graaff-Reinet gestuur om gesteelde vee van veediewe af te vat. Hulle het altesame 224 stuks vee teruggebring. Nadat Maynier die Hottentotte uit sy eie sak beloon het, het hy 'n kennisgewing uitgestuur dat die eienaars hul vee moes kom haal, maar op één uitsondering na was daar geen reaksie nie. Die koloniste was so vol agterdog oor die feit dat die spore van gesteelde vee na die dorp gelei het dat hulle Maynier daarvan aangekla het dat hy die Hottentotte aangemoedig het om vee na die drosdy te bring.[46)]

Nog 'n saak wat oor Maynier 'n skadu van verdenking gewerp het, was sy optrede in gevalle van Hottentotte wat deur koloniste van oortredings beskuldig is en veral teenoor die beskuldigdes in verband met die Prinsloo-moord.

Volgens Somerville het elke kolonis in die eerste plek verlang om self sy diensbodes te mag straf. Indien hulle wel 'n Hottentot na die drosdy gestuur het om daar gestraf te word, moes dit geskied sonder dat die kolonis bewyse van wangedrag hoef te lewer. Maynier het egter hieraan 'n einde gemaak deur te beveel dat enigiemand wat 'n klagte indien, met die beskuldigde gekonfronteer moes word. Hottentotte wat beskuldig is, is by die drosdy aangehou totdat hul base opgedaag het, en dan het daar 'n ondersoek plaasgevind. Volgens Somerville het die prosedure aanstoot gegee vir die koloniste wat gesê het dat hul getuienis as Christene méér gewig behoort te dra as dié van heidene.[47)]

Hierdie bewering slaan onder meer op die gebeure wat ná die Prinsloo-moord afgespeel het. In hooftrekke was dit soos volg:

Die burger Niklaas Prinsloo is op 14 November 1800 vermoor. In die daaropvolgende maand het 'n aantal koloniste drie Hottentotte, genaamd Ruiter, Kar en Wildeman, geboeid na Maynier gebring. Maynier het ook 'n brief van die veldkornet van die betrokke wyk, N.J. Roets, ontvang, waarin meegedeel is dat hy 'n Hottentotjie wat na bewering 'n ooggetuie van die moord was, ondervra het. Die kind wou egter niks sê nie, en nadat Roets 'n halfuur lank op 'n billike manier ("with fair means") met hom

---

46) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 317-318; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Interrogation of Hottentot Captains, 5/5/1802, Evidence by Moore, 2/6/1802, pp. 404-405, 636. Vgl. ook p. 366 hierdie hoofstuk.

47) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Verklaring van Somerville, ongedateer, pp. 381-383.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

besig was, het hy hom drie houe met die sambok gegee, waarop die seuntjie die bogenoemde drie Hottentotte as die skuldiges aangewys het.[48] Maynier het die Hottentotjie se liggaam ondersoek en gevind dat in plaas van drie merke, daar 36 merke op sy liggaam was. Die seuntjie het ook nou gesê dat sy verklaring aan Roets met geweld afgedwing is en dat sover sý kennis gestrek het, die drie Hottentotte onskuldig was.

Bresler het hier in opdrag van Maynier getuies opgeroep, maar geen kolonis het opgedaag nie. Toe Maynier vroeg in 1801 met besoek aan Kaapstad afwesig was, het Somerville die Hottentotte in 'n verswakte toestand in die tronk gevind. Hy het hulle vrygelaat, waarna hulle sonder bewaking op die dorp rondbeweeg het. Op 8 April 1801 het Maynier, wat intussen na Graaff-Reinet teruggekeer het, ene Hendrik Prinsloo beveel om so gou as moontlik by die drosdy teen die beskuldigdes getuienis te kom aflê en om ander persone wat oor inligting in verband met die saak beskik, aan te sê om dieselfde te doen. Moontlik was dit in hierdie stadium dat 'n persoon na wie Van Diemen, die sekretaris van die drosdy, verwys,[49] opgedaag en 'n verklaring afgelê het. Maynier het egter nie die saak verder gevoer nie en die Hottentotte het op vrye voet gebly. In Julie 1801 het hy onderneem om die Hottentotte te arresteer en deur die Raad van Justisie te laat verhoor. Teen die einde van 1801 was hierdie Hottentotte nog steeds vry op Graaff-Reinet, alhoewel daar verskeie geleenthede was om hulle na Kaapstad te stuur.[50]

Ook in hierdie geval het Maynier se optrede wantroue verwek. Die koloniste het hom daarvan verdink dat hy, soos hulle dit gestel het, elke beginsel van die regspleging verkrag het deurdat hy die Hottentotte vrygelaat het in plaas van om hulle te laat teregstaan.[51]

In verband met Maynier se Hottentotbeleid was daar nog iets wat tussen hom en die Graaff-Reinetters 'n verwydering teweeg gebring het. Op 18 Mei 1801 is die groot getal Hottentotte wat toe reeds op die dorp was, met Maynier se verlof genooi om elke aand in die kerk byeen te kom met die doel om daar te aanbid en

---

48) (P.R.O.) W.O. 1/339 Correspondence, In-Letters: Roets — Maynier, 18/11/1800, pp. 133-136.
49) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Declaration by Van Diemen, 8/2/1802, pp. 181-184.
50) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Declaration by Somerville, ongedateer; Declaration by Bresler, 15/3/1802, pp. 363-372, 239-244. Transactions of the Missionary Society, I, p. 483.
51) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 323-324.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onderrig te word. Die eerste aand het 200 Hottentotte opgedaag.

Luitenant J.C. Smyth, generaal Dundas se aide-de-camp, wat Graaff-Reinet in 1801 besoek het, het in dié verband verklaar: "(it was) an unpolitic thing to bring the Hottentots into the church of the boors."[52] Dit is moontlik dat Maynier, wat meer as 30 jaar van sy lewe in die Wes-Kaap deurgebring het en vir wie die aanbidding van Nie-Blankes in kerkgeboue nie vreemd was nie, nie besef het watter reaksie sy optrede sou uitlok nie. Dit is egter ook moontlik dat hy hom 66k in hierdie geval voorgeneem het om hom nie aan die koloniste se sienswyses te steur nie.

Vir baie grenskoloniste was Blank en Christen identiese begrippe. Daarom het hulle in die kerstening van Hottentotte 'n poging gesien om hulle met die "Christene" gelyk te stel. Hul aanwesigheid in die kerk was vir hulle heiligskennis. Die teenstand teen die Hottentotte se gebruik van die kerkgebou blyk uit 'n sendingbiduur wat op 1 Junie gehou is en wat deur sowel Blankes as Hottentotte bygewoon is. Die Hottentotte het die verrigtinge geopen deur Psalm 134 te sing, waarop die Blankes met Psalm 74 verse 4-10 geantwoord het.[53] In laasgenoemde psalm kom die volgende strofes voor: "Uw vijand heeft, ter plaatse van 't gebed/Gelijk een leeu gebruld, by't zegevieren .../Hun wreede vuist heeft al de godsgestichten/U naam ten hoon verbijzeld of verbrand .../Hoe lang, O God, zal, in dit zwaar verdriet/De vijand ons zijne wreede trotscheid toonen."

Van der Kemp het later na aanleiding van die koloniste se griewe geskryf: "They complained that the government protected the Hottentots and Caffrees, and encouraged them to rob and murder the colonists; that they were instructed by us (dit is: die sendelinge) in reading, writing and religion, and thereby put upon an equal footing with the Christians; especially that they were admitted in the church of Graaff Reinet, and that we kept meetings with them every evening in that place; that they intended to fall upon Graaff Reinet, and to force the Commissioner to put a stop to these proceedings."[54] Die gebruik van die kerkgebou vir Hottentot-dienste het groot ontevredenheid onder die koloniste veroorsaak.

(Theal'het later beweer dat die gebruik van die kerk as 'n

---

52) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Evidence by Smyth, 7/5/1802, p. 420.
53) Transactions of the Missionary Society, I, p. 480.
54) Transactions of the Missionary Society, I, pp. 481-482.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kaserne vir Hottentotsoldate tydens Maynier se ampstermyn die koloniste baie gegrief het.[55] Marais het die bewering verwerp.[56] 'n Polemiek het later oor die aangeleentheid ontstaan.[57] Daar kan geen twyfel bestaan dat Theal 'n fout begaan het nie. Hy het waarskynlik sy stelling gebaseer op 'n brief wat die Graaff-Reinetse kerkraad vroeg in 1802 oor die skending van hul kerk geskryf het. Hierdie klag slaan egter op die gebruik van die kerk deur Sherlock se troepe (onder wie ook Hottentotsoldate was) wat in November 1801 in Graaff-Reinet aangekom het nadat die koloniste reeds 'n tweede keer in opstand gekom het. Maynier het 'n paar dae ná hul aankoms vertrek).

In Mei 1801 het 'n gerug in Graaff-Reinet die rondte gedoen met betrekking tot die volgende Opgaaf. Die koloniste moes jaarliks by die drosdy hul name en besonderhede oor hul gesinne, besittings en boerdery verstrek. Hulle het ongeveer drie weke vanaf 'n sekere aanvangsdatum kans gehad om aan hierdie verpligting te voldoen. In Graaff-Reinet was 15 Junie as aanvangsdatum vir die Opgaaf van 1800 vasgestel. Volgens die gerug sou die koloniste wat op hierdie datum opgedaag het, gevang en as soldate in Britse diens gedwing word.[58]

Hierdie gerug het, net soos Maynier se Hottentotbeleid, die koloniste in beroering gebring. Dit het die persone wat die leiding in die beweging teen Maynier geneem het, in staat gestel om die koloniste te mobiliseer. Daar was egter ook nog 'n ander oorsaak van die opstand, en wat die opstandsleiers betref, was dit waarskynlik die vernaamste beweegrede. Dit was die ontevredenheid oor die afloop van die oorlog van 1799 en oor die feit dat die Hottentotte en Xhosas toegelaat is om in die Suurveld te bly. Hier bied die geval van Hendrik Jansen van Rensburg 'n goeie illustrasie.

Van Rensburg, wat hom vroeg in 1799 nog aan Bresler se kant teen Van Jaarsveld en die ander rebelle geskaar het, het deur die strooptogte van die Xhosas en die Hottentotte veeverliese gely. In 1798 het hy 9 perde, 580 beeste en 1 954 skape opge-

---

55) G.M. Theal: History of South Africa from 1795 to 1872, I, p. 87.
56) J.S. Marais: The Cape Coloured People, 1652-1937, p. 113.
57) A. Böeseken: Theal en sy Bronne (Historia, IX, pp. 48-52). M. Babrow: A Reply to Dr. Böeseken (Historia, IX, pp. 252-260).
58) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Getuienis van P.E. Kruger, 8/4/1802, p. 257.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gee, en in 1800 was die getalle onderskeidelik 3 409 en 1 316.[59] Hy het wel na die onderdrukking van die rebelle uit die kompensasiefonds 50 Riksdaalders en van Vandeleur 500 Riksdaalders ontvang, maar dit kon nie vir die ontwrigting wat die oorlog meegebring het, vergoed nie. Hy het dit onveilig geag om langer op sy plaas De Hoeko aan die Boesmansrivier te bly en toe op een van sy plase in die omgewing van Bruintjieshoogte gaan woon. Hy het hiervandaan aan Coenraad de Buys geskryf dat hy sonder 'n perd is en dat dit met hom sleg gaan. In Desember 1800 het hy in 'n klagskrif wat hy in Kaapstad aan goewerneur Yonge oorhandig het, gekla oor die ontberings wat hy moes verduur. Die weiveld in Bruintjieshoogte was ook te min vir al die koloniste wat daar saamgetrek het. Omdat hy, vanweë die nabyheid van die Xhosas, nie kans gesien het om na sy plaas in die Suurveld terug te keer nie, het hy verlang dat aan die koloniste magtiging verleen word en ammunisie verskaf word om met 'n Algemene Kommando teen die Xhosas en Hottentotte uit te trek met die doel om hulle oor die Visrivier te verdryf.

Maynier het hieroor opgemerk: "This has been the object in view these Ten Years past, and this is yet at present the principal aim of Henrick Rensburg as Commandant, who has placed himself at the head of the Rebels."[60]

Alhoewel Maynier hom lynreg teen die plan gekeer het, het hy, toe hy verneem dat Van Rensburg aan kommandant Van der Walt (waarskynlik J.P., nie Tjaart van der Walt nie) voorgestel het dat daar tot "oorlog" oorgegaan word, die vier kommandante van die distrik byeengeroep en gevra of hulle gereed was om op te trek. Die kommandante het almal ontkennend geantwoord en verklaar dat oorlog vermy moes word. Volgens Somerville het hulle ook verklaar dat dit onmoontlik was om méér te doen as wat reeds gedoen is om die vrede te bewaar.[61]

Van Rensburg se klagte dat Maynier nie die koloniste wou toelaat om op 'n kommando teen die Xhosas en Hottentotte uit te trek nie, asook sy versoek dat vir dié doel ammunisie verskaf word, het weinig simpatie by die owerheid in Kaapstad gevind.

Van Rensburg het egter wéér van hom laat hoor. In Maart

---

59) J. 86 Opgaaf van 1798, p. 3; J. 87 Opgaaf van 1800, p. 18.
60) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 319. Vgl. ook pp. 297-298; B.O. 91 Correspondence: Yonge — Maynier, 17/3/1801; B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Sherlock — Burger, 23/1/1802, p. 35; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Verklaring van Somerville, 4/1/1801, pp. 331-353.
61) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Verklaring van Somerville, 4/1/1801, pp. 350-351.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die groep koloniste wat van die suidoostelike wyke uitgewyk het, het intussen in Tarka aangekom. In die noordwestelike deel van die distrik het veldkommandant J.P. van der Walt en die veldkornette N. Roets, T. Dreyer en J. Potgieter hulle by Van Rensburg en sy mense aangesluit. Verskeie koloniste is gedwing om die wapens op te neem. 'n Brief is ook aan veldkommandant Gerotz en veldkornet S.W. Burgers van Sneeuberg gerig waarin hulle gevra is om saam met hulle teen Graaff-Reinet op te trek. Gerotz het later saam met die opstandiges na Graaff-Reinet gegaan, waar hy as bemiddelaar probeer optree het. Burgers het Maynier van die opstandiges se oogmerke in kennis gestel.

Op 9 Julie 1801 het 'n afdeling van ongeveer 200 burgers naby Graaff-Reinet verskyn. Op die dorp is verneem dat hulle van plan was om die drosdy tot op die grond af te brand en die bevoorregting van Hottentotte en Xhosas, soos hulle dit genoem het, te beëindig. Maynier was gereed om met die mag tot sy beskikking, wat uit 22 Britse soldate, 19 Hottentotsoldate, nog 80 gewapende Hottentotte en 'n aantal burgers bestaan het, die drosdy te verdedig. Die opstandiges het egter nie tot die aanval oorgegaan nie, maar 'n ent buite die dorp gewag, terwyl verskillende gesante, onder andere J.P. van der Walt, Van Rensburg en Erasmus, met Maynier onderhandel het. Hulle het versoek dat die Hottentotte wat van die moord op Prinsloo verdink is, aan hulle uitgelewer word en dat die gebruik van die kerk vir die onderrig van Hottentotte gestaak word. Maynier het tot laasgenoemde versoek toegestem en beloof dat die Hottentotte voortaan in 'n private huis onderrig sou ontvang. Hy het egter geweier om enige Hottentot uit te lewer, maar beloof om hulle in Kaapstad te laat teregstaan. Die opstandiges het toe teruggegaan, maar het verklaar dat hulle oor drie dae sou terugkeer.[66)]

Op 13 Julie het 'n groep van ongeveer 300 burgers wéér die dorp genader. Maynier het die Hottentotte in 'n hinderlaag buite die dorp opgestel en die res van sy mag voor die kerk laat stelling inneem, gereed om 'n aanval die hoof te bied. Die burgers het egter 'n halfuur te perd buite die dorp stilgehou. Van der Kemp het na hulle gery en hul leiers oorreed om met Maynier te onderhandel. J.P, van der Walt, H.J. van Rensburg, P. Erasmus, C.D. Gerotz en C. Smith het toe die dorp binnegery, hul vorige eise herhaal en nog 'n paar bygevoeg. Onder meer is gevra dat

---

66) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification, April 1802), p. 319. (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Deposition of Van Diemen, ongedateer, pp. 559-575; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Maynier — Dundas, Julie 1801), pp. 26-31.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die veldkornette in plaas van die Kommissaris, die registrasie van Hottentotarbeiders moes waarneem en geskille tussen hulle en hul base moes besleg.[67] Daarna het Van Rensburg en Erasmus vir Maynier versoek om aan hulle soveel ammunisie as wat hulle nodig gehad het, te verskaf en om verlof te gee dat die Xhosas aangeval mag word.

Maynier het verklaar dat hy oor alles éérs met die Goewerneur wou oorleg pleeg en dat hy in elk geval geen toegewings sou maak alvorens hulle uiteengaan nie. Hy het dit egter duidelik gestel dat Dundas geen voorneme het om teen die Xhosas oorlog te maak nie. Dit wil voorkom of Maynier egter wel, op die voorwaarde dat die koloniste na hul plase terugkeer, twee beloftes gemaak het: hy sou aan Dundas voorstel dat die hoeveelheid ammunisie wat die koloniste gewoonlik ontvang het, vermeerder word en hy het onderneem om die Hottentot-beskuldigdes na Kaapstad te stuur om dáár verhoor te word. Wat die eersgenoemde belofte betref, was Van Rensburg onder die indruk dat Maynier aan hul ammunisie beloof het, en 'n paar dae later het hy 'n wa gestuur om die "beloofde" ammunisie af te haal. Die wa het egter leeg teruggekom.[68]

Maynier het gehoop dat dit die einde van die saak was. Hy het die opstandiges beloof dat hulle nie vir hul optrede gestraf sou word nie. In sy verslag van die gebeure het hy Dundas versoek om bekend te maak dat die koloniste deur die gerug oor die Opgaaf mislei is en dat dit die enigste rede is waarom daar nie teen hulle opgetree word nie. Dundas het hieraan gehoor gegee, alhoewel hy eers baie lus was om die opstandiges volgens krygswet te straf.[69]

Teen die begin van Augustus het die opstandiges egter nog nie na hul plase teruggekeer nie. Ongeveer 400 koloniste was agter Bamboesberg byeen. Maynier het teenoor Smyth, Dundas se aide-de-camp wat na Graaff-Reinet gestuur is om die gebeure te ondersoek, opgemerk dat hy oortuig was dat hulle vreedsaam uit mekaar sou gaan omdat hulle nie daarin geslaag het om in Sneeuberg of ander dele, rekrute te werf nie.

---

67) Vgl. die kommentaar hierop deur J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 126.
68) Oor Maynier se beloftes vgl. (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Deposition of Van Diemen, Desember 1801; Evidence by Lyndon, 2/3/1802, Deposition of Bresler, 15/3/1802, pp. 713-714, 215, 237-238.
69) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Maynier — Dundas, Julie 1801), pp. 31-36; B.O. 57 Day Book, 30/7/1801, pp. 138-139; S.D. Naudé: Plakkaatboek, V (Proklamasies, 30 en 31/7/1801), pp. 251-252.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Smyth het Maynier se optimisme betwyfel toe 'n brief van Van Rensburg op die dorp opdaag waarin hy die ammunisie eis wat Maynier aan hom sou beloof het. Vir Smyth het dit glad nie gelyk na die brief van 'n man wat van sy dwalings oortuig was nie. Hy het besef dat 'n tweede aanval op die drosdy 'n besliste moontlikheid was en het aan Maynier voorgestel dat 'n blokhuis opgerig moet word. Luitenant Lyndon het ook daarop aangedring dat troepeversterkings na Graaff-Reinet ontbied moes word.

Maynier was egter sterk gekant teen die gedagte van 'n blokhuis en troepeversterkings. In 1800 het hy Yonge se aanbod van 1 000 troepe om die rus in Graaff-Reinet te verseker, van die hand gewys. Hy het ook 21 van die 34 soldate wat Lyndon tydens die Julie-opstand van Fort Frederick af ontbied het, teruggestuur. As redes het hy aangevoer dat troepeversterkings groot onkoste sou meebring. Dit kon ook moontlik die koloniste so onrustig stem dat hulle die wapens sou opneem as voorsorg teen die strafmaatreëls wat hulle van die regering verwag het. Dit wil voorkom of Maynier ook ander redes gehad het waarvan hy nie melding gemaak het nie. Hy het blykbaar steeds geglo dat hy in staat was om deur middel van oorreding die gewenste resultate te bereik. Ook sou troepeversterkings sy plan om 'n korps van ongeveer 400 Hottentotte in die lewe te roep om die grens te bewaak, in gevaar stel.

Maynier se volgehoue verset teen troepeversterkings het hom die Britse offisiere in Graaff-Reinet se onguns op die hals gehaal.[70] Tussen Augustus en Oktober 1801 het luit. Lyndon byvoorbeeld in afwagting van 'n tweede aanval, verskeie kere Maynier versoek om die regering van die toestand in kennis te stel.[71] Maynier het egter geweier omdat hy geglo het dat alles nog sou regkom.[72]

Gedurende die tweede helfte van 1801 het die toestand in die oostelike dele van die kolonie vinnig versleg. Terwyl Maynier al hoe meer beheer oor die situasie verloor het, het die verskillende rasse mekaar met steeds groter suspisie bejeën. Ontstel deur gerugte dat die koloniste planne beraam om die drosdy te oorval en al die Hottentotte in die distrik dood te maak, het

---

70) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Maynier — Dundas, Julie 1801, Smyth — Dundas, 10/8/1801, Vrae aan Maynier, 27/8/1801, Provisional Justification of Maynier, April 1802), pp. 32-35, 53-54, 59-62, 306; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Deposition of Smyth, 16/2/1802, Van Diemen — Van Ryneveld, 22/7/1801, Deposition of Maynier, 28/5/1801, pp. 171-198, 555-558, 683.

71) Vgl. die eerste klag teen Maynier en sy verweer daarop in G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 302-308.

72) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Verklaring van Lyndon, 2/3/1802, pp. 211-212.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groot groepe Hottentotte in Augustus en September na die drosdy toe gestroom. Teen die begin van 1802 was daar alreeds ongeveer 900 Hottentotte - mans, vrouens en kinders - op die dorp.[73] Onder hulle was gewapende persone wat deur Maynier opgekommandeer is om patrolliediens te doen en daarna geweier het om na hul base terug te gaan.[74]

Die koloniste was weer verontrus deur die samedromming van die Hottentotte op die dorp, asook deur gerugte dat die inboorlinge al die blanke mans sou vermoor en dat hul vrouens binne 'n jaar swart kinders sou hê. Hulle het geglo dat al die stories hul oorsprong by Maynier gehad het. Uit vrees dat die gewapende Hottentotte uit Graaff-Reinet sou optrek en die omliggende plase sou aanval,[75] het baie koloniste hul plase verlaat. Teen die einde van 1801 was groot dele van die distrik ontruim. Blykbaar het die ingesetenes van Bruintjieshoogte en Suurveld ná die Julie-opstand nie na hul plase teruggekeer nie. In die maande ná die opstand was daar 'n skerp toename in veediefstalle deels as gevolg van die koloniste se ontruiming van hul plase. Ook die ingesetenes van die wyke Camdeboo, Swagershoek en Baviaansrivier het nou hul plase verlaat en hulle by die uitgewekenes in die noordwestelike deel van die distrik gevoeg. In die suide was bendes Hottentotte, wat soms vergesel was van rondloper-Xhosas, veral in Augustus en November baie bedrywig. Hulle het plase aangeval en vee gebuit. Sommige koloniste het begin vlug, en teen die einde van November was die landstreek tussen die drosdy en Algoabaai verlate. Intussen het die ingesetenes van die oostelike wyke van Swellendam ook gevlug, of gedreig om te vlug indien hulle nie dadelik van voldoende ammunisie voorsien word om teen die bendes wat daar rondgeswerf het, op te tree nie.[76]

Die uitgewekenes in die noordwestelike deel van Graaff-Reinet was nog steeds vasbeslote om ontslae te raak van Maynier vir wie hulle nou heeltemal gewantrou het. In Augustus en Sep-

---

73) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), p. 298; (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. B. 1 F. 2 J.A.: Van der Lingen — L.M.S., 29/3/1802; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Evidence by Bresler, 10/5/1802, pp. 447-449.

74) C.T.M. 1/1/10 Resolusies van Burger-Senaat, 27/2/1802, pp. 40-43.

75) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vos — Dundas, 8/12/1801, pp. 745-756.

76) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Liebenberg e.a. — Dundas, 21/11/1801, Naudé — Dundas, 28/11/1801, pp. 725-729, 734-735; B.O. 24 Letters from Swellendam: Van der Walt — Faure, 29/9/1801, Faure — Dundas, 29/11/1801, nos. 115, 172; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Sherlock — Dundas, 30/11/1801, Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 98, 317-318. G.R. 16/1 Letters Despatched: Maynier — Van Rooyen, 12/11/1801.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tember het Van Rensburg en sy volgelinge vir hul aksie teen Maynier steun gewerf. Hulle het beweer dat hy nie sy belofte om aan die koloniste ammunisie te verskaf, nagekom het nie. Nadat Van der Kemp en Read in Augustus vir Gaika besoek het met die doel om tussen hom en Maynier 'n ontmoeting te reël, is gerugte versprei dat die sendelinge Gaika teen die koloniste probeer aanhits het. 'n Brief is aan die Sneeubergers gestuur waarin hulle dit meegedeel is en hulle versoek is om saam teen Graaff-Reinet op te trek.[77)]

Teen die middel van Oktober was dit duidelik dat 'n opstand enige oomblik kon uitbreek. Op 13 Oktober het Maynier ernstig teen die gevolge van 'n opstand gewaarsku en dit duidelik gestel dat hy geweld met geweld sou beantwoord. Dit was egter tevergeefs. Nadat Maynier sekere eise van die opstandiges in verband met die Hottentotte verwerp het, het hulle hulle gereed gemaak om die drosdy aan te val.[78)] Hendrik Jansen van Rensburg was nog steeds hul leier, maar kommandant J.P. van der Walt het hom nou onttrek en hom aan Maynier se kant geskaar. As gevolg hiervan het Van der Walt en Van Rensburg geswore vyande geword.[79)]

Die aanval het op 23 Oktober plaasgevind. Vroeg dié oggend is bemerk dat koloniste die drosdy omsingel het en vinnig besig was om op te ruk. Dwarsdeur die dag is tussen die verdedigers van die drosdy en die opstandiges skote gewissel. Die burgers het ook op Van der Kemp, teenoor wie hulle gedurende die vorige opstand geen kwade gevoelens gekoester het nie, gevuur.[80)] Die skote was egter nie akkuraat nie en geen bloed is vergiet nie. In die nag van 23 op 24 Oktober het die aanvallers teruggetrek sonder dat hulle daarin kon slaag om die drosdy in te neem.[81)]

Volgens Bresler se getuienis het Maynier ná die aanval verklaar dat die distrik in 'n kritieke toestand was, maar hy het geen poging aangewend om die regering daarvan in kennis te stel nie. Maynier het egter die aanklag dat hy die inligting oor die

---

77) Transactions of the Missionary Society, I, pp. 488-490, 492; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Deposition of Van Diemen, Desember 1801, Getuienis van Smyth, 16/2/1802, pp. 713-714, 191-198.
78) Transactions of the Missionary Society, I, pp. 493-494.
79) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 23; W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, p. 153-154; G.R. 14/4 Publications: Waarschuwing, 13/10/1801; D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., pp. 204-206.
80) Transactions of the Missionary Society, I, pp. 485, 494.
81) C.J. 653: Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, pp. 36-37; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 485, 493-494.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opstand van die regering weerhou het, heftig ontken.[82] Wát ook al die geval mag wees, genl. Dundas het nie van Maynier nie, maar uit briewe van luitenante Blaney, Stewart en Lyndon - drie Britse offisiere op Graaff-Reinet - vir die eerste keer van die toestand in Graaff-Reinet verneem.[83]

Ná die opstand het die toestand in Graaff-Reinet verder verswak. Die kloof tussen die koloniste en Maynier het selfs nóg groter geword. 'n Aantal vooraanstaande koloniste het generaal Dundas meegedeel dat die spore van vee wat gedurende November gesteel is, in byna alle gevalle na die dorp gelei het.[84] Maynier is algemeen daarvan verdink dat hy die Xhosas en die Hottentotte aangemoedig het om vee na die dorp te bring.[85] Om verder die suspisie te voed, het Hottentot- en Xhosa-diewe beweer dat Maynier hulle gestuur het om die koloniste se vee te steel.[86]

Die moorde op drie persone in die loop van November het Graaff-Reinet diep geskok. In die nag van 6 op 7 November is die heemraad Stephanus Naudé en sy vrou twee uur te perd van die drosdy deur 'n bende Xhosas en Hottentotte vermoor terwyl hulle besig was om te vlug,[87] en in die nag van 21 op 22 November is veldkornet C.J. van Rooyen van Swartkopsrivier doodgeskiet toe hy sy voordeur vir 'n bende rondswerwende Hottentotte oopgemaak het.[88]

Maynier het in die geval van die Naudé-moord weer eens onder 'n wolk van suspisie te staan gekom. Gerugte is versprei wat die indruk gewek het dat hy Naudé laat vermoor het omdat hy téén sy bevele in gevlug het. 'n Skoonseun van Naudé het formeel 'n klag teen Maynier gelê dat hy aan die moord aandadig was. Maynier was baie ontsteld oor hierdie beskuldiging en het verklaar

---

82) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Deposition of Bresler, 11/3/1802, p. 220. Vgl. Maynier se verduideliking in G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification, April 1802), pp. 307-308.
83) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Deposition of F. Dundas, 16/2/1802, p. 198.
84) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Liebenberg e.a. — Dundas, 21/11/1801, pp. 727-729.
85) Vgl. p. 355 vir 'n bespreking van die agterdog oor die spore na die dorp.
86) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 302-303; B.O. 24 Letters from Swellendam: Van der Walt — Dundas, 29/11/1801, Beck — Van der Walt, 24/11/1801, nos. 172, 173.
87) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Naudé e.a. — Dundas, 28/11/1801, p. 736.
88) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Van Nieuwkerk — Dundas, ongedateer, pp. 469-471.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat dit volkome ongegrond was.[89] Dit is nietemin baie duidelik dat daar teen die einde van 1801 algemeen in Graaff-Reinet en daarbuite geglo is dat Maynier in die rooftogte en moorde 'n hand gehad het.[90]

Ná die moord op die Naudés wou geen kolonis dit meer waag om die dorp binne te kom nie. Gerugte dat die Xhosas en Hottentotte enige oomblik 'n aanval kon loods, het permanente onrus veroorsaak. Die koloniste was in groot groepe in die noordelike deel van die distrik bymekaar. Die weiding het vinnig uitgetrap geraak en vee het begin vrek. Die koloniste het aan ds. M.C. Vos wat in November in die noordelike deel van die distrik aangekom het om die koloniste geestelik te bearbei , gesê dat hulle hul lewens sou waag om hulle te verlos van die tirannie waaronder hulle verkeer het. Volgens Vos was die drosdy beleër deur burgers wat slegs op versterkings gewag het voordat hulle dit aanval.[91]

Teen die middel van November het genl. Dundas van die Britse offisiere op Graaff-Reinet van die laaste opstand berig ontvang. Ongeveer dieselfde tyd het klagskrifte, onderteken deur ingesetenes van Sneeuberg, Koup en Nuweveld die Burger-Senaat bereik. Hierdie liggaam, wat bevind het dat sommige ondertekenaars van die vreedsaamste ingesetenes van die distrik was, het die klagskrifte na Dundas deurgestuur met die versoek om 'n onpartydige ondersoek te laat instel. Toe die lede verneem dat troepe na Graaff-Reinet op pad is, het hulle na genl. Dundas 'n afvaardiging gestuur.[92] Van hom is die versekering ontvang dat die troepe nie uitgestuur word om teen die koloniste op te tree nie, maar wel teen die "skelm" Hottentotte en sodoende 'n herhaling van die onheil wat die voorafgaande twee jaar plaasgevind het, te voorkom. Aan die Minister van Oorlog het Dundas egter geskryf dat die troepe gestuur is om die boere aan te val of uit te wis indien hulle met hul opstand teen die gesagsdraers van die distrik sou volhard.[93]

Op 27 November het maj. F. Sherlock met 'n afdeling van 300 troepe op Graaff-Reinet aangekom, en gevind dat al die inwoners

---

89) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), pp. 321-323.
90) Vgl. W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Getuienis van Vos, 14/5/1802), pp. 543-548).
91) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vos — Dundas, 8/12/1801, pp. 745-749; (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Evidence by Vos, 14/5/1802, pp. 532-535; M.C. Vos: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos, pp. 140-143.
92) C.T.M. 1/1/9 Resolusies van die Burger-Senaat, 17/11/1801, 20/11/1801, pp. 403-406, 411.
93) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Dundas — Hobart, 12/12/1801), p. 123; B.O. 54 Letters Despatched: Barnard — Inhabitants Sneeuberg, Koup en Nuweveld, 19/11/1801, no. 315.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

van die gebied onder die wapen was. Hy het dit oorweeg om die opstandige burgers se kamp net buite die dorp aan te val, maar tog daarteen besluit en op 29 November vergiffenis belowe aan almal wat hulle aan die regeringsgesag onderwerp. Hy het ook beloof dat al die onreg wat koloniste aangedoen is, reggestel sou word. Die burgers het die aanbod aanvaar en na hul plase teruggekeer. Die opstand was verby.[94)]

Maynier se rol was nou uitgespeel. Hy het self besef dat die oorgrote meerderheid van die koloniste teen hom gedraai het. Ds. Vos het opgemerk dat niemand enige woord van lof vir hom gehad het nie, "maar wel alle't teegendeel.". Die Britse offisiere op die dorp het hom verag. Generaal Dundas was ontevrede omdat hy hom nie van die dreigende opstand in kennis gestel het nie.[95)]

Onmiddelik nadat Sherlock op Graaff-Reinet aangekom het, het hy aan Maynier 'n regeringsbevel oorhandig waarin hy beveel is om dadelik na Kaapstad te gaan. Op 3 Desember het Maynier afskeid geneem van Graaff-Reinet - die plek waarvan hy, soos hy self gesê het, twee jaar lank gewalg het.[96)] Sy "ballingskap" op Graaff-Reinet, soos hy dit bestempel het, was verby.[97)] In Kaapstad aangekom, is hy meegedeel dat verskeie ernstige klagtes teen hom ingebring is en dat hy voorlopig uit alle openbare ampte geskors is. Sherlock het in sy plek resident-kommissaris geword.[98)]

In die eerste helfte van 1802 het 'n kommissie na Maynier se administrasie van die distrik ondersoek ingestel. Maynier is onder meer daarvan aangekla dat hy versuim het om die regering in kennis te stel van die toestand van oproer wat in Graaff-Reinet geheers het; dat hy die koloniste verhinder het om gesteelde vee terug te kry, maar skynbaar die inboorlinge aangemoedig het ("seeming to encourage") om na die drosdy vee te bring; dat hy beloftes verbreek het wat hy aan koloniste gemaak het (dit

---

94) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Proklamasie van Sherlock, 29/11/1801, Sherlock — Dundas, 30/11/1801), pp. 97-99; Transactions of the Missionary Society, I, p. 500. B.O. 64 Proclamations: Proklamasie, 13/11/1801, p. 342.

95) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Vos — Dundas, 8/12/1801, pp. 745-749; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Sherlock — Dundas, 30/11/1801), p. 100. (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Van Ryneveld — Maynier, 13/11/1801, p. 595; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 133.

96) B.O. 91 Correspondence: Dundas — Maynier, 25/5/1800, ongedateer.

97) (P.R.O.) W.O. 1/338 Correspondence, In-Letters: Van Ryneveld — Maynier, 7/9/1801, p. 584.

98) C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier: Provisionele Justificatie van Maynier, April 1802, pp. 37-38. Vgl. ook C.T.M. 1/1/9 Resolusies van Burger-Senaat, 17/12/1801, pp. 469-470; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Burger — Dundas, 21/11/1801, pp. 717-723.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bosse gedryf en die soldate het gevolglik nie veel uitgerig nie.[102)]

Sherlock moes ook op Graaff-Reinet sake reël. Een van sy vernaamste probleme was om vir sy soldate huisvesting te vind. Hy het onder sy bevel die 91ste regiment gehad, asook 'n hele aantal Hottentotsoldate van wie 147 ná sy aankoms gewerf is.[103)]

Op die dorp was 'n kaserne, maar dit was nie voldoende nie. Sherlock het gevolglik besluit om die kerkgebou as kaserne te gebruik. Die soldate het skade ten bedrae van 1 000 Rds. aan dié gebou aangerig. Die kerkraad het hieroor gekla en gesê dat die kerk "thans beter naar een paardenstal, ja, wij durven zeggen H(oerhui)s[104)] dan naar een Godshuis gelijkt, en al wat er in is, zoo van stoelen enz. als wel de boeken en bybels, aan ontheiliging en oorzaak van laster alsmede der ruïne onderworpen zijn."[105)]

Benewens die beskadiging van hul kerkgebou was die koloniste ook verbitterd oor die feit dat tesame met die Britse troepe ook Hottentot-soldate in die kerkgebou gehuisves is.[106)] Die kerkraad het verklaar dat die kerkgebou 'n huisvesting geword het "van die, welke euveldaden begaan hebben, om zich zelven daarin, ter verdediging van hunne onregtvaardige zaak, te beveiligen ..."[107)]

Die regering het baie onsimpatiek gestaan teenoor die Graaff-Reinetters se gegriefdheid. Genl. Dundas het verklaar dat die soldate nie op 'n ander plek gehuisves kon word nie en bygevoeg dat die troepe buitendien as gevolg van die koloniste se wangedrag na Graaff-Reinet gestuur is.[108)]

---

102) J.A. Shipp: Memoirs of the Extraordinary Career of John Shipp, pp. 86-90.
103) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Sherlock — Dundas, 30/11/1801), p. 99.
104) Die woord "brothel" word in die Engelse vertaling gebruik.
105) G.R. 14/120 Letters from Churches: Kerkraad van Graaff-Reinet-Heemrade van Graaff-Reinet, 27/9/1802; Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, III, 1826 (Kerkraad van Graaff-Reinet-Kerkraad van Kaapstad, ongedateer), p. 371. Laasgenoemde brief in 'n Engelse vertaling is in B.O. 33 Miscellaneous Documents, p. 165.
106) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Janssens — De Mist, 7/6/1803), pp. 241-242; J.A. Shipp: Memoirs of the Extraordinary Career of John Shipp, pp. 84-85.
107) Het Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift, III, 1826 (Kerkraad van Graaff-Reinet — Kerkraad van Kaapstad, ongedateer), pp. 370-374.
108) B.O. 55 Letters Despatched: Ross — Kerkraad van Kaapstad, 15/3/1802, no. 7.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog 'n probleem wat Sherlock onder die oë moes sien, was die groot getal Hottentotte wat op die dorp versamel was. Teen die einde van 1801 was daar tussen 800 en 900 Hottentotte. Almal kon nie daar 'n behoorlike bestaan maak nie en die gevaar het bestaan dat sommige by die rondswerwende stropers sou aansluit. Vroeg in 1802 is die 147 man wat Sherlock vir die Hottentotregiment gewerf het met hul gesinne na Rietvlei by Kaapstad gestuur. Volgens Van der Kemp het 356 Hottentotte (die getal sluit waarskynlik vrouens en kinders in) na Kaapstad vertrek.[109)]

Daar het egter nog steeds die behoefte bestaan aan 'n reservaat waarin van die ander Hottentotte opgeneem kon word. Sedert Dundas in Januarie 1800 in 'n brief aan Maynier die noodsaaklikheid beklemtoon het dat Hottentotte wat nie by koloniste in diens wou tree nie, in reservate geplaas moes word, is niks in dié verband gedoen nie.

Na vertoë deur Van der Kemp het genl. Dundas teen die einde van 1801 aan hom 'n stuk grond aangebied waar hy 'n sendinginstituut kon stig. Op 7 Maart het Van der Kemp en Read met ongeveer 160 Hottentotte op Bothasplaas, sewe myl van Algoabaai aangekom en hulle daar gevestig.[110)]

Die verskuiwing van 'n groot getal Hottentotte van Graaff-Reinet na Rietvlei en Bothasplaas het egter nie beteken dat die Hottentotprobleem op die oosgrens opgelos was nie. Daar was nog baie Hottentotte wat in krale aan die Sondagsrivier gewoon het of tussen die Gamtoosrivier en Algoabaai rondgeswerf het. Volgens veldkornet Van Nieuwkerk het 'n bende Hottentotte ná die moord op Van Rooyen verklaar dat hulle nooit sou vrede maak nie, maar sou moor, steel en brand stig so ver as wat hulle gaan.[111)]

Teen die einde van 1801 en die begin van 1802 het dit gelyk asof hulle die daad by die woord wou voeg. 'n Bende gewapende Hottentotte, gesteun deur Xhosas, het in November en Desember groot getalle vee in die oostelike wyke van Swellendam buitgemaak. Van Winterberg af het Tjaart van der Walt berig dat dit in sý omgewing hoe "langer hoe doller gaan."[112)] Vroeg in 1802 was

---

109) B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Veldkornette van Stellenbosch, ongedateer, no. 97b; S. Bannister: Humane Policy (Van der Kemp — Dundas, 10/12/1801, Van der Kemp — Fiscal, 25/12/1801), pp. CXXXV-CXXXVI; J. de Villiers: Hottentotregimente aan die Kaap, 1781-1806, pp. 132-142; (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. B. 2 F. 1 J.B.: Yearly Account of Van der Kemp and Read.

110) Vgl. pp. 281-282 vir 'n uitvoeriger bespreking.

111) B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Van Niekerk — Dundas, ongedateer, p. 469.

112) B.O. 24 Letters from Swellendam: Van der Walt — Faure, 29/11/1802, Rademeyer — Van der Walt, 3/1/1802, Faure — Dundas, nos. 175, 166 en 129; B.O. 54 Letters Despatched: Ross — Faure, 17/12/1801, no. 369.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daar wéér 'n vlaag rooftogte en 'n aantal plaasopstalle is afgebrand.[113)]

By Klaas Stuurman en sy Hottentotte aan die een kant en regeringsamptenare aan die ander kant was verskillende voorstellings van die hernieude rooftogte. Klaas Stuurman en ander Hottentotkapteins het teen die einde van 1801 aan Van der Kemp gesê dat hulle nie daarvoor kon instaan dat hul mense hulle stil gedra voordat die regering aan hul versoeke gehoor gee nie. Hulle het verlang dat die regering aan hulle 'n stuk grond gee en dat Hottentot-werknemers behoorlik beskerm word. Volgens hulle was die Hottentotte nog steeds die prooi van die koloniste wat hulle wreed mishandel het en daarvoor ongestraf gebly het. Van der Kemp het opgemerk dat so lank as wat dít die geval was, daar steeds bendes vlugtelinge sou wees wat gretig sou wees om wraak te neem.[114)]

Die regeringsamptenare in Kaapstad het egter nie met Van der Kemp se standpunt dat die Hottentotte regverdiglik in opstand gekom het, saamgestem nie. Van Ryneveld byvoorbeeld het aan hom geskryf dat elke onpartydige persoon Klaas Stuurman as 'n rower en moordenaar beskou. Dit was die regering se plig om die belange van die Hottentotte <u>en</u> die koloniste te beskerm. Die rooftogte moes dus beëindig word en die vee wat van koloniste gesteel is, moes aan hulle terugbesorg word.[115)]

Genl. Dundas het intussen reeds besluit om teen die veediewe op te tree en die orde te herstel. Hy het besluit dat die Hottentotte wat tussen die Gamtoos- en Sondagsriviere is, uitmekaar gejaag moes word. Met dié doel voor oë was hy vir die eerste keer sedert die middel van 1799 daarvoor te vinde dat 'n Algemene Kommando teen die stropers uitgaan.[116)] Teen die einde van 1801 en die begin van 1802 is aan veldkornette in die oostelike wyke ammunisie uitgereik en die burgers is aangesê om hulle gereed te hou om onmiddellik nadat die oes ingesamel is, op kommando te gaan. Op 23 Januarie 1802 het 'n kommando Swellendammers onder

---

113) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Van der Walt — Dundas, 26/4/1802, Van der Walt — Dundas, 20/4/1802, pp. 44-45, 50.
114) S. Bannister: Humane Policy (Van der Kemp — Fiscal, 25/12/1801, Brief van Van der Kemp, 27/7/1802), p. clxxi; J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 139-140.
115) S. Bannister: Humane Policy (Fiscal — Van der Kemp, 12/4/1802), p. cxlv; B.O. 55 Letters Despatched: Ross - Van der Kemp, 12/4/1802, no. 43.
116) Vir 'n moontlike verklaring vir Dundas se beleidsverandering vgl. pp. 81-82.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leiding van Tjaart van der Walt uitgetrek.[117)]

Met Van der Walt se kommando het dinge uit die staanspoor verkeerd geloop. Weens die nalatigheid van die veldkornette en die onwilligheid van die burgers het slegs 88 van die 200 man wat verwag is, opgedaag. Van hierdie 88 het Van der Walt 16 by die kamp in Winterhoek agtergelaat. Hy het toe na die Sondagsrivier opgetrek, waar ses man gedros het. Van der Walt het besef dat die kommando te swak was om al die Hottentotte in die bosryke en heuwelagtige gebied aan te val en uitmekaar te dryf. Hy het gevolglik besluit om die Hottentot-kraal wat die meeste gewere besit, aan te val. Op 13 Februarie het die kommando 'n kraal anderkant die Sondagsrivier aangeval, 'n aantal Hottentotte doodgeskiet en 200 stuks vee sowel as 12 gewere buitgemaak. Van der Walt se seun het egter in die geveg gesneuwel. Op die terugtog is die kommando deur die vol Sondagsrivier gestuit. Dit het aan die Hottentotte die geleentheid gegee om, versterk deur 'n aantal Xhosas, 'n teenaanval te loods. Nadat daar 36 uur lank geveg is, was Van der Walt verplig om die buit terug te gee. Klaas Stuurman het namens die Hottentotte onderneem om self die diewe onder hulle uit te roei. Oënskynlik was vrede gesluit, maar 'n uur later, terwyl die kommando tussen digte bosse deur getrek het, is hulle wéér deur Hottentotte aangeval. Een man het gesneuwel en die pragtige geweer wat generaal Dundas aan Van der Walt geskenk het, is ook buitgemaak. Op 17 Februarie het die kommando sonder enige buit in die kamp teruggekeer. Amper elke man het ook 'n perd weens perdesiekte verloor, en Van der Walt was gevolglik verplig om die kommando te ontbind.[118)]

Hierdie kommando was dus 'n mislukking. Dit was waarskynlik net die verbete vasberandenheid van die kommandant wat verhoed het dat dit op 'n algehele fiasko uitgeloop het.

Net soos in die geval van Van Rensburg se kommando in 1799, het die nederlaag die Hottentotte se moed laat styg. In Maart 1802 het die Hottentotkapteins Bovenland en Boezak laat weet dat húlle geensins met Van der Walt vrede gesluit het nie.[119)] Dit was klaarblyklik 'n verwysing na die vrede wat Van der Walt en Stuurman gesluit het en 'n aanduiding dat Stuurman nie onbetwiste

---

117) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 9/2/1802, Rademeyer — Van der Walt, 3/1/1802, Van der Walt — Faure, 29/11/1802, no. 175; B.O. 54 Letters Despatched: Ross — Faure, 17/12/1801, no. 369.

118) B.O. 24 Letters from Swellendam: Van der Walt — Faure en Dundas, 27/12/1802, no. 129; B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Van der Walt — Sherlock, 24/2/1802, no. 9; J. Campbell: Travels in South Africa, II, p. 353.

119) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Van der Walt — Dundas, 26/3/1802, p. 61.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesag oor die Hottentotte gehad het nie.

In Maart en April het bendes wéér in die oostelike wyke van Swellendam strooptogte onderneem. Die gevolg hiervan was dat die ingesetenes van hierdie wyke gevlug het of in groepe saamgetrek het. In April 1802 het Tjaart van der Walt geskryf dat dit vir hom swaar was om te sien hoe die koloniste van alles ontbloot in die veld moes woon. Dit wil voorkom of groot dele van die suidelike helfte van die Graaff-Reinetse distrik teen Maart óók ontruim was. In die omgewing van Algoabaai was daar net die aantal koloniste wat op Thomas Ferreira se plaas saamgetrek was.[120)]

Generaal Dundas was vasbeslote om weer 'n kommando uit te stuur indien die rooftogte nie gestaak word nie. Teen die helfte van Maart het hy Faure beveel om al die veldkornette aan te sê om hulle gereed te hou om met hul manskappe onder leiding van Tjaart van der Walt uit te trek. Die veldtog sou in Mei plaasvind. In Graaff-Reinet het Sherlock dieselfde instruksie aan die veldkornette van die distrik gegee.[121)]

Dundas het egter in die loop van April en Mei éérs 'n poging aangewend om met die Hottentotte tot 'n vreedsame skikking te kom. Hy het Van der Kemp versoek om Klaas Stuurman en sy mense te oorreed om hulle op Bothasplaas te vestig. Die regering sou hulle daar beskerm en vir 'n jaar lank onderhou. Hulle sou ook voorsien word van saad en gereedskap met die doel om hulle in staat te stel om self in hul lewensonderhoud te voorsien. Dundas het egter sekere voorwaardes gestel: Hulle moes al die gesteelde vee, asook die wapens en ammunisie wat hulle gebuit het, uitlewer. Hulle moes ook die omgewing van die Sondagsrivier ontruim en hulle op Bothasplaas vestig, of aan koloniste verhuur, of by die Hottentot-regiment aansluit. Al hul vorige oortredings sou vergewe word, maar die persone wat Van Rooyen en die Naudés vermoor het, moes uitgelewer word.[122)]

Van der Kemp het in die begin van Mei gerapporteer dat Klaas Stuurman hierdie aanbod en voorwaardes aanvaar het en sy volgelinge beveel het om alle vyandelikhede teen die koloniste te staak. Later het hy egter berig dat Stuurman hierin teengestaan

120) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Van der Walt — Dundas, 26/3/1802, Van der Walt — Dundas, 20/4/1802, pp. 44-45, 50; Transactions of the Missionary Society, I, pp. 503-504.
121) B.O. 55 Letters Despatched: Ross — Faure, 16/3/1802, Ross — Faure, 2/4/1802, nos. 13, 27.
122) (L.M.S.) S.A. Inc. Cor. B. 2 F. 1 J.C.: Van Ryneveld — Van der Kemp, 18/4/1802, Ross — Van der Kemp, 28/5/1802; B.O. 55 Letters Despatched: Sekretaris — Van der Kemp, 24/7/1802, no. 144; S. Bannister: Humane Policy (Fiscal — Van der Kemp, 12/4/1802), p. cxlv.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is deur die kapteins Boezak, Bovenland en Trompetter. Hulle sou hom verhoed het om die gesteelde vee terug te gee en die Stuurmanbroers van hul wapens, klere en vee beroof het. Klaas Stuurman het daarop na Cungwa se kraal by die kus gevlug en volgens Van der Kemp dáár vreedsaam gebly.[123)]

Die vee is nie teruggegee nie en die vredesaanbod het dus verval. Daar sou gevolglik voortgegaan word met die plan om 'n kommando teen die Hottentot-bendes te laat uittrek. In die praktyk het dit daarop neergekom dat die kommando sou optree teen alle Hottentotte wat nie by koloniste in diens was nie of hulle nie op Graaff-Reinet, op Bothasplaas of by Fort Frederick bevind het nie. Dundas het ook beveel dat die Xhosas wat saam met die Hottentotte vee gesteel het, óók aangeval moes word. Die Xhosas op koloniale grondgebied wat rustig onder hul kapteins gewoon het, moes egter nie aangeval word nie. Ongetwyfeld het Dundas hier iemand soos Cungwa in gedagte gehad. Cungwa het volgens sekere getuienis nie deel gehad aan die rooftogte in Graaff-Reinet teen die einde van 1801 nie[124)] en die regering het geglo dat hy begerig was om met die koloniste in vrede te leef.[125)]

Op 31 Mei het Tjaart van der Walt met sy kommando uitgetrek. Op 14 Junie het die Graaff-Reinetse kommando daarby aangesluit. Op sy sterkste het die gesamentlike kommando bestaan uit 568 burgers en 132 Hottentotskuts met 182 waens tot hul beskikking. Die kommando het van die helfte van Junie tot middel Augustus die gebied tussen die Sondags- en Boesmansriviere vir stropers en gesteelde vee gefynkam.[126)]

Daar bestaan twee verslae oor hoe die kommando te werk gegaan het. Veldkornet P. Erasmus se joernaal skep die indruk dat die kommando feitlik net Xhosa-krale aangeval en van hulle vee afgeneem het. Aan die einde van die joernaal word aangedui dat daar op 25 geleenthede altesame 18 087 beeste van die Xhosas

---

123) S. Bannister: Humane Policy (Van der Kemp — Ross, 10/5/1802 en 24/5/1802), pp. cxlvii-cxlviii; B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Van der Kemp, 16/8/1802, no. 173; Transactions of the Missionary Society, II, p. 85. Vgl. ook J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, pp. 138-139.

124) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Sherlock — Dundas, 30/11/1801), p. 100.

125) S. Bannister: Humane Policy (Barnard — Van der Kemp, 23/7/1802), p. clxii; B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Van der Walt, 19/4/1802, Ross — Faure, 28/4/1802, nos. 57, 65; B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Sherlock — Dundas, 27/8/1802, pp. 197-200.

126) SWM. 11/43a Joernaal van veldkornet P. Erasmus, 14/6/1802, 18/7/1802 en 20/7/1802; B.O. 24 Letters from Swellendam: Van der Walt — Dundas, 18/7/1802, no. 161.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

afgeneem is.[127)]

Hierteenoor ontstaan uit 'n brief van Thaart van der Walt die indruk dat die kommando op Hottentotte gekonsentreer het, maar genoodsaak was om Xhosas aan te val omdat laasgenoemde hulle nie van die Hottentotte wou losmaak nie. Volgens hom het hulle tot en met 18 Julie 200 Xhosas en Hottentotte doodgeskiet. Wat die buit betref, meld hy dat die kommando 12 600 stuks vee uit 'n spelonk geneem het.[128)]

Op die oog af lyk dit of Van der Walt en Erasmus se verslae met mekaar bots. J.S. Marais noem as 'n moontlike verklaring hiervoor dat Erasmus feite aangeteken het wat nie vir die oë van die regering bedoel was nie.[129)]

Die punt waarom dit hier gaan, is of die kommando, in weerwil van Dundas se opdrag, Xhosas ten weste van die Visrivier voor die voet aangeval het en van hulle vee afgevat het, en of Van der Walt, indien dit wel die geval was, hierdie feit in sy brief aan Dundas verbloem het.

Wat die aanvalle op Xhosas betref, wil dit voorkom of die kommando Xhosakrale voor die voet aangeval het. Kommandant Botha het later geskryf dat die kommando gesteelde vee gevind het in elke Hottentot- en Xhosakraal wat aangeval is. Daar was, met ander woorde, geen "onskuldige" krale nie en dit was dus nodig om die krale die een na die ander aan te val en te deursoek. Alhoewel Van der Walt, ánders as Erasmus, die klem geplaas het op die optrede teen Hottentot-veediewe, wil dit tog voorkom of hy die Hottentot- en Xhosa-veediewe as eenheid beskou het. Hy praat byvoorbeeld van die "natie" en sluit dan klaarblyklik daarby Hottentotte én Xhosas in.[130)]

Dit is ook moontlik dat Van der Walt en Erasmus se verslae nie met mekaar bots vir soverre dit besonderhede oor die getal gebuite vee betref nie. Van der Walt kon tog nie, soos J.S. Marais, voorgee, letterlik bedoel het dat die kommando 12 600 beeste uit een plek, te wete 'n spelonk, gehaal het nie. Dit is baie waarskynlik dat Van der Walt die woord spelonk hier in 'n figuurlike sin gebruik het en daarmee "'n nes van diewe" bedoel het. Dit is ook opvallend dat die kommando volgens Erasmus se opgawe

127) SWM. 11/43a Joernaal van P. Erasmus, 17/6/1802-12/8/1802.
128) B.O. 24 Letters from Swellendam: Van der Walt — Dundas, 18/7/1802, no. 161.
129) J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 141.
130) Vgl. J.S. Marais: Maynier and the First Boer Republic, p. 141.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot en met 17 Julie op 15 verskillende geleenthede 12 328 beeste afgevat het - 'n syfer wat feitlik ooreenstem met Van der Walt se 12 600. Van der Walt het dus blykbaar net die totale buit vermeld.

Nadat die kommando ongeveer ag weke lank in die veld was, het dit op 28 Julie nuus ontvang wat die verdere verloop van gebeure ingrypend beïnvloed het. 'n Bende van ongeveer 26 Hottentotte en 17 Xhosas het daarin geslaag om die kommando te ontwyk en het agter sy rug in die oostelike wyke van Swellendam plase begin aanval. Teen die helfte van Julie het hulle 'n plaas in die wyk Baviaanskloof aangeval, drie Blankes doodgemaak, wapens en ammunisie buitgemaak en al die vee weggevoer. 'n Vrou wat die aanval oorleef het, het een van die aanvallers as Klaas Stuurman herken. Hierdie inligting is van belang, want indien dit waar is, was Van der Kemp verkeerdelik onder die indruk dat Stuurman al die tyd vreedsaam saam met Cungwa aan die kus gebly het.[131)]

Op 24 Julie het die bende in die wyk Kromrivier toegeslaan, drie lede van die Scheepers-familie om die lewe gebring, hul huis afgebrand en 480 stuks vee weggevoer. Die volgende dag het hulle D. Keyter se plaas aangeval en twee Hottentot-diensbodes doodgemaak voordat die aanval afgeslaan is. Lede van die bende sou ook gesê het dat solank as wat Van der Walt voortgaan met sy optrede hulle die wêreld vir die Blankes sou warm maak.[132)]

Van der Walt het, nadat hy die nuus verneem het, onmiddellik met 'n afdeling Swellendammers vertrek om die bende te probeer opspoor en verdere aanvalle deur hulle te verhoed. Voordat hy vertrek het, het hy aan kommandant Van Rensburg en veldkornet Erasmus opdrag gegee om die werk van die kommando voort te sit.[133)]

Op 2 Augustus het Van der Walt en sy afdeling afgekom op 'n deel van die bende wat uit 17 Xhosas en 10 Hottentotte bestaan het. Hulle het ongeveer 500 stuks gesteelde vee en vyf gewere by hulle gehad. Die kommando het almal doodgeskiet. Op 8 Augustus het die kommando die res van die bende, wat uit 16 ge-

---

131) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 1/8/1802, no. 160; S. Bannister: Humane Policy, pp. clxxii, clxxiv; Transactions of the Missionary Society, II, p. 85.
132) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 1/8/1802, no. 160: Swm. 11/43a Joernaal van Erasmus, 22-28/7/1802.
133) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 1/8/1802, Botha — Dundas, 4/8/1802, nos. 160, 162; Swm. 11/43a Joernaal van Erasmus, 30/6/1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wapende Hottentotte bestaan het, gevind waar hulle in 'n kraal tussen Baviaanskloof en Kouga gelê het.[134] Terwyl die kommandolede besig was om die kraal te omsingel, het van die offisiere, in weerwil van Van der Walt se opdrag, vóór dagbreek op die kraal gevuur. Dit het die bende kans gegee om terug te skiet. Hulle het Tjaart van der Walt doodgeskiet en 'n broerskind van hom, Andries van der Walt,[135] swaar gewond. Te midde van die verwarring wat hierna ontstaan het, het 8 van die 16 Hottentotte ontsnap. Die origes, onder wie kaptein Bovenland, het gesneuwel.[136]

Van der Walt se dood was die grootste slag wat die kommando kon tref. Hy het by burgers en vyande ontsag afgedwing.[137] Volgens provisionele kommandant Nortman het die Hottentotte ná sy dood van die heuwels af geskreeu: "Kyk, daar lê julle mag! Op wié sal julle nou vertrou? Ons sal julle nou maklik oorwin! Vlug maar met die vee! Ons sal dit gou weer afvat!"[138]

Van der Walt was die enigste persoon wat die kommando bymekaar kon hou. Net na sy dood het die burgers onder mekaar begin twis - "every person wishing to direct but no one to obey", soos Sherlock dit gestel het.[139]

Na van der Walt se dood het P.R. Botha, wat 'n week later deur Dundas as hoofbevelvoerder van die kommando aangestel is, met die afdeling na die Boesmansrivier teruggekeer, waar die laer was. Hulle het dit op 12 Augustus bereik. Op dieselfde dag het 'n ander afdeling onder leiding van Hendrik Jansen van Rensburg teen die Xhosas uitgetrek en 3 208 beeste afgeneem. Dit wil voorkom of Cungwa se kraal ook aangeval is. Sherlock het

---

134) B.O. 24 Letters from Swellendam: Botha — Dundas, 4/8/1802, nos. 133 en 162. Vgl. die polemiek tussen J.A. Coffee (Die Huisgenoot, 6/4/1951, p. 63) en H.C. Hopkins (Die Huisgenoot, 18/1/1952, p. 63) oor die plek waar die slag plaasgevind het.

135) Vgl. W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, p. 153.

136) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 14/8/1802, Nortman — Dundas, 12/8/1802, nos. 134 en 144; Swm. 11/43a Joernaal van P. Erasmus, 12/8/1802. J.A. Coffee gee in Die Huisgenoot van 6/4/1951, p. 63 'n verslag van Tjaart van der Walt se dood wat blykbaar op oorlewering berus en in baie opsigte met die dokumentêre getuienis bots.

137) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: S. de Beer — Bresler, 1/11/1802, p. 123; B.O. 55 Letters Despatched: Ross — Nortman, Faure en Botha, 16/8/1802, nos. 169-172; L. Alberti: De Kaffers aan de Zuidkust van Afrika, p. 220.

138) B.O. 24 Letters from Swellendam: Nortman — Dundas, 15/8/1802, no. 145.

139) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Sherlock — Dundas, 27/8/1802, p. 197; B.O. 24 Letters from Swellendam: Nortman — Dundas, 15/8/1802, no. 145; G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 50.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

later geskryf dat Van Rensburg die Xhosas aangeval het met die doel om die beeste wat hulle in Bruintjieshoogte gesteel het, terug te kry. Sherlock was bevrees dat Cungwa, wat volgens hom tot in daardie stadium begerig was om met die koloniste in vrede te leef, ten gevolge van dié aanval van gesindheid kon verander.[140)]

Dit is 'n vraag of Cungwa en sy mense so onskuldig ten opsigte van veediefstalle was soos wat die regering geglo het. Hulle was aan die voorpunt van 1799 se strooptogte en Cungwa het daarna geweier om buit uit te lewer. Dit kon hom die gramskap van 'n man soos Van Rensburg op die hals gehaal het. Collins beweer ook dat Cungwa een van die leiers van dié Xhosas was wat gedurende Maynier se administrasie geroof en geplunder het. Hierteenoor was veldkornet C.J. van Rooyen teen die einde van 1801 nog oortuig van Cungwa se vreedsame bedoelings.[141)]

Op 14 Augustus het die kommandolede begin terugkeer. Hul perde was in hierdie stadium al uitgeput en daarby wou die Graaff-Reinetse offisiere nie na kommandant Botha, 'n Swellendammer, se bevele luister nie.[142)] Op 20 en 21 Augustus het onenigheid ontstaan toe die vee wat die kommando afgeneem het, verdeel is. Op die eerste dag is 1 763 osse verdeel. Elke Hottentot sou een os en elke burger twee osse ontvang. Vir die koloniste wat beroof is, sou 544 osse oorbly. Veldkornet Petrus Erasmus beweer egter dat daar soveel onreëlmatighede was dat hy en sy manskappe niks gekry het nie. Op die volgende dag is 9 937 beeste verdeel. Volgens Erasmus sou elke man 13 beeste ontvang en dan sou daar nog vir die beroofde koloniste beeste oorbly. Volgens hom het sake egter net soos die vorige dag verloop, en die indruk ontstaan dat hy sonder beeste daar weg is.[143)]

Sherlock, wat teen die einde van Augustus oor die kommando verslag gedoen het, maak geen melding van onenigheid oor die buitverdeling nie. Hy skryf dat van die 12 000 beeste wat verdeel is, 4 000 na die beroofde mense gegaan het, terwyl 25 beeste aan elke kommandant, 20 aan elke veldkornet en 15 aan elke manskap uitgedeel is.

---

140) B.O. Letters from Graaff-Reinet: Sherlock — Dundas, 27/8/1802, pp. 197-200; Swm. 11/43a Joernaal van Erasmus, 12/8/1802; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 14/8/1802, no. 134.

141) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 49; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Sherlock — Dundas, 30/11/1801), p. 100.

142) B.O. 24 Letters from Swellendam: Botha — Faure, 10/9/1802, no. 138.

143) SWM. 11/43a Joernaal van Erasmus, 20-21/8/1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die kommando het slegs beperkte sukses gehad. Daar is wel daarin geslaag om 'n redelike getal beeste af te neem, maar die kommando het nie daarin geslaag om die bendes wat vir die diefstalle verantwoordelik was, uitmekaar te jaag of hulle te dwing om hul bedrywighede te staak en sodoende rus en vrede teweeg te bring nie. Die belangrikste rede vir hierdie mislukking was waarskynlik dat die kommando die terugvind van gesteelde vee as sy belangrikste oogmerk beskou het.[144)]

'n Kommando wat sy taak half verrig het, het op die lang duur net die toestand vererger. Volgens Maynier en Van der Kemp het die kommando's onder die inboorlinge groot verbittering nagelaat. Uit die instruksies wat Faure opgestel het vir 'n kommando wat in Desember 1802 sou uittrek, wil dit voorkom of op vorige kommando's wanpraktyke voorgekom het. Hy het byvoorbeeld opdrag gegee dat geen wreedhede teenoor Xhosas gepleeg mag word nie, dat hul vrouens en kinders nie mishandel of weggevoer mag word nie, dat hul hutte nie aan die brand gesteek mag word nie, dat lyke nie soos tevore deur kwaadwilligers geskend mag word nie, en dat die kommando hom moes beperk tot die terugneem van vee wat inderdaad van koloniste gesteel is en sodoende toon dat buit nie hul hoofdoel is nie. Faure, wat self van kommando's ervaring gehad het, het bygevoeg dat hy dit al herhaaldelik nodig gevind het om hierop die aandag te vestig.[145)]

Dit is moontlik dat die burgers só verbitterd was deur die plundery, diefstalle en moorde dat hulle weerwraak wou neem. Wát ook al die geval mag wees, die kommando wat van Junie tot Augustus 1802 in die veld was, se taak was in die eerste plek om aan die grens rus en vrede te bewerkstellig, en hierin is nie geslaag nie.

Nadat die kommando teruggekeer het, was daar nog talle Hottentotte en Xhosas wat gretig was om teenaanvalle te loods. Hulle het openlik gedreig dat hulle almal sou vermoor wat van hulle vee gevat het.[146)] Die gevolg hiervan was dat die onsekerheid en spanning wat onder die koloniste geheers het voordat die kommando uitgetrek het, nie na afloop daarvan verdwyn het nie, maar eerder toegeneem het. Baie mense het besluit om liewers te vlug

---

144) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 99.

145) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Provisional Justification by Maynier, April 1802), p. 327; S. Bannister: Humane Policy (Van der Kemp — Fiscal, 19/7/1802), pp. clxvi-clxviii; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 21/11/1802, no. 156.

146) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: A. de Beer — S. de Beer, 11/10/1802, p. 167; B.O. 24 Letters from Swellendam: Nortman — Dundas, 15/8/1802, no. 145.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as om op nog 'n inval te wag. Hulle was nie verniet bevrees nie, want gedurende die laaste vier of vyf maande van 1802 is die oostelike wyke van Swellendam en groot dele van Graaff-Reinet deur bendes Hottentotte en Xhosas geteister wat verwoesting gesaai en groot getalle vee buitgemaak het. In Graaff-Reinet het die wet en orde feitlik heeltemal in duie gestort.

Intussen was generaal Dundas, met die oog op die oorhandiging van die Kaap aan die Bataafse Republiek, verplig om reëlings te tref vir die onttrekking van die Britse troepe aan die oosgrens. Hy het die bevelvoerder van sekere Bataafse troepe wat na die Ooste onderweg was, versoek dat hierdie troepe die Britse troepe aan die grens vervang, maar dit is geweier.

Op 31 Augustus het genl. Dundas na Algoabaai vertrek. Op 10 September het hy met Sherlock, Faure en Bresler oor die toestand in die grensdistrikte samesprekings gevoer. Theal merk op dat niemand blykbaar met 'n ander plan voor die dag kon kom as dat 'n burgerkommando weer eens uitgeroep moet word om die kritieke toestand die hoof te bied nie. Hy voeg by dat genl. Dundas vir Maynier saamgeneem het en dat laasgenoemde daarin geslaag het om met sewe Hottentotkapteins vrede te sluit.[147] Daar kon egter geen dokumentêre bewys hiervoor gevind word nie, en dit is nie bekend waar Theal hierdie inligting gekry het nie. In September het Dundas al die Britse troepe met die uitsondering van 'n aantal wat op Hagelkraal gestasioneer was, uit die binneland onttrek. Sherlock en landdros Bresler het teen die einde van dié maand saam met Dundas en die troepe na Kaapstad vertrek.[148]

Die ontrekking van dié troepe het veroorsaak dat in die oostelike deel van die kolonie 'n magsvakuum ontstaan het. Ná Sherlock en Bresler se vertrek het Gerotz en 'n aantal manskappe na die drosdy gegaan en tot die einde van die Britse besetting daar gebly. Hulle was egter magteloos om rus en vrede te bewerkstellig. Groot dele van die distrik was nou in die beheer van Hottentotte en Xhosas. In die suidelike deel tussen die Visrivier en die Gamtoosrivier was daar slegs die klompie koloniste onder Thomas Ferreira wat hulle in die geboue van Fort Frederick ge-

---

147) G.M. Theal: History of S.A. from 1795 to 1872, I, p. 96.
148) B.O. 57 Day Book, 31/8/1802, p. 316; B.O. 55 Letters Despatched: Ross — Bresler, 23/8/180, no. 176; G.R. 16/1 Letters Despatched: Bresler — Heemrade, 11/9/1802, Heemrade — Bresler, 17/9/1802, pp. 386-389; G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — Hobart, Augustus 1802), pp. 355-356.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vestig het. Volgens Ferreira het hulle die buitepos van die kolonie gevorm. Nadat die sendinginstituut Bothasplaas teen die einde van September deur 'n bende Hottentotte aangeval is, het die sendelinge en hul gemeentelede hulle ook in die fort gevestig.[149)]

Verder noordwaarts was die posisie nie veel beter nie. Bruintjieshoogte was volgens alle aanduidings sedert die helfte van 1801 heeltemal deur koloniste ontruim. Meer as 60 families onder leiding van Hendrik Jansen van Rensburg het anderkant die kolonie se grens in die Tarka en die Bamboesberge veiligheid gaan soek. In die wyk Tarka het gedurende die laaste maande van 1802 groot getalle Xhosas opgedaag wat vee buitgemaak het.[150)]

Ten weste van Tarka, in die Sneeuberg, het berigte die rondte gedoen dat die Boesmans van Jan Blom[151)] se kraal van plan was om al die vee van die koloniste in dié deel weg te voer. Die onrus wat hieroor ontstaan het, het veroorsaak dat die Sneeubergse burgers nie in ander dele van die distrik kon gaan help nie.[152)]

Ten suide van Sneeuberg, in die wyk Camdebo, was die Xhosas baie lastig. Verskeie koloniste het hiervandaan gevlug. Selfs in die wyk Swartberg, aan die westelike punt van die distrik Graaff-Reinet, het die koloniste in vrees geleef vir Xhosas wat daar rondgeswerf het. Hul gemoedstoestand spreek duidelik uit 'n opmerking in 'n brief wat veldkornet S. de Beer se vrou op 15 Oktober aan haar man geskryf het: "ik rust geen uur des nagts, de vyand is ons op de hiele."[153)]

Dwarsdeur die distrik was die verdediging suiwer op plaaslike vlak. Klein kommando's het in die verskillende wyke uit-

149) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Bresler — Ingesetenes op plaas van Ferreira, 17/9/1802, Van der Kemp — Van Ryneveld, 28/9/1802, pp. 105-107, 111-112. B.O. 24 Letters from Swellendam: Ferreira — Dundas, 4/11/1802, no. 157; Transactions of the Missionary Society, II, pp. 87-89, 158-159.

150) Moodie Afschriften: W. van Heerden — J. van der Walt, 29/10/1802, C. van Niekerk — J. van der Walt, 28/12/1802; G.R. 12/1 Letters Received from Field Cornets: J. van der Walt — Liebenberg e.a., 7/9/1802, W. van Heerden — J. van der Walt, 4/9/1802; W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, pp. 16, 18, 83, 143-144; G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Janssens — De Mist, 31/5/1803), p. 229; Acc. 1415 (74)(A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Mornington, 13/9/1799, p. 76.

151) Vir Jan Blom (ook Jan Bloem) vgl. W. Burchell: Travels in the Interior of Southern Africa, II, pp. 6, 154, 177.

152) B.O. 24 Letters from Swellendam: Burger — Dundas, 27/11/1802, no. 171.

153) B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: A. de Beer — S. de Beer, 15/10/1802, p. 168.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gegaan om gesteelde vee en veediewe te probeer opspoor. Die toestand was egter so benard dat nòg kommandant Gerotz nòg kommandant Van Rensburg daarvoor kans gesien het om genoeg manskappe bymekaar te maak om die roofbendes uit die distrik te verdryf.[154)]

In die distrik Swellendam was die toestand ewe benard. Bendes Hottentotte en Xhosas het in September en Oktober die oostelike wyke binnegeval en groot verwoesting aangerig. Die eerste aanvalle het reeds in die eerste week van September, minder as twee weke ná die kommando se terugkeer, plaasgevind. 'n Bende rowers het Olifantsrivier in die noordoostelike deel van die distrik binnegeval en die burger Willem Beck en twee Hottentotdiensbodes doodgemaak. Teen 21 September het 'n sterk groep invallers, onder wie meer as 50 gewapende Hottentotte was, onder leiding van kaptein Boezak dié wyk binnegeval. In hierdie stadium was die meeste koloniste al by Scheepersdrift in 'n laer saamgetrek. Kommandant Botha het met al die manskappe wat hy bymekaar kon maak by die laer aangesluit. Met ongeveer 100 man onder hom het hy begin om die invallers terug te dryf.[155)]

Ook uit die Kromriviergebied, in die suidoostelike deel van Swellendam, het die koloniste gevlug. Teen 19 September was slegs drie plase ten ooste van die Kromrivier nog bewoon. Minder as twee maande later was net een plaas tussen die Krom- en Gamtoosriviere nog nie ontruim nie. Veertien huisgesinne onder leiding van D. Potgieter het daar saamgetrek.[156)]

In die tweede helfte van September het meer as 100 invallers onder leiding van David Stuurman Langkloof binnegedring, vee gebuit en plaashuise afgebrand. Talle koloniste het gevlug of laer getrek. Veldkornet P.H. van Rooyen, wat hier bevel gevoer het, het ongeveer 100 man tot sy beskikking gehad. Hy het in Oktober dringend versoek dat hulp gestuur word, anders sou die oorblywende koloniste óók die gebied moes verlaat.[157)]

---

154) G.R. 16/1 Letters Despatched: Liebenberg e.a. — Burger, 31/11/1802, ongepag.; B.O. 28 Letters from Graaff-Reinet: Van der Walt — Heemrade, 7/9/1802, no. 39; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 13/12/1802, p. 329.

155) B.O. 24 Letters from Swellendam: Botha — Faure, 10/9/1802, Faure — Dundas, 1/8/1802, Nortman — Dundas, 12/8/1802 en 14/9/1802, Brief van Botha, 21/9/1802, Botha — Dundas, 3/10/1802, nos. 138, 160, 144, 146, 147, 151; G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 50.

156) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 9/10/1802, S. Ferreira — Nortman, 19/9/1802, T. Ferreira — Dundas, 4/11/1802, nos. 135, 148, 157.

157) W.B.E. Paravicini di Capelli: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika, p. 48; G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 50; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Van Rooyen — Faure, 19/10/1802, pp. 809-811; B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 9/10/1802, Van Rooyen — Van Staden, 20/9/1802, nos. 135, 149.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Teen die middel van Oktober het die toestand in die oostelike wyke van Swellendam verder verswak. David Stuurman se bende het die berge na Plettenbergbaai oorgesteek, die regeringspos by Plettenbergbaai bedreig en daarna die wyk Outenikwaland binnegedring. Orals langs die pad is plaasopstalle verwoes. Op 15 Oktober het hulle 'n geselskap koloniste wat besig was om na Mosselbaai te vlug, in die Poort naby Plettenbergbaai oorval en drie blanke mans en dieselfde getal nie-blanke diensbodes vermoor. Hulle het die vrouens en kinders 'n paar dae lank in die bosse aangehou, maar later weer vrygelaat. Ná hierdie gebeure het koloniste uit die omgewing van Plettenbergbaai by die regeringspos saamgetrek. 'n Aantal burgers het die pos bewaak, terwyl ander na die bendes gesoek het.[158)]

Gedurende September en Oktober het verreweg die meeste ingesetenes van die oostelike wyke van Swellendam by Scheepersdrift, in Kromrivier, in Langkloof en by Plettenbergbaai laer getrek. Hiervandaan het klein kommando's uitgegaan om die aanvallers te probeer opspoor en gesteelde vee terug te neem. In die loop van Oktober het die posisie by Scheepersdrift sodanig verbeter dat kommandante Botha en Nortman met 40 man by Plettenbergbaai kon gaan hulp verleen.[159)]

Intussen het Faure reëlings begin tref om die invallers met 'n kommando te verdryf. Hy het die Swellendamse burgers opgekommandeer en op 18 Oktober Dundas versoek om uit Stellenbosch versterkings te stuur.[160)]

Uit die ongeveer 300 man tot sy beskikking het Faure 'n kommando saamgestel en na die suide van die distrik gestuur. Hierdie kommando het vroeg in November die invallers in Outenikwaland en Plettenbergbaai verdryf. Die bendes het teruggeval en hulle by die Gamtoosrivier en in Winterhoek en Baviaanskloof gaan skuilhou.[161)]

Daar is nie onmiddellik daartoe oorgegaan om hulle hiervan-

---

158) B.O. 31 Letters from Overseers of Bays: Meeding — Barnard, 13/10/1802, pp. 642-643; B.O. 24 Letters from Swellendam: Meeding — Barnard, 31/10/1802, Botha — Dundas, 3/11/1802, Faure — Dundas, nos. 155, 154, 152; B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony: Van Rooyen — Faure, 19/10/1802, pp. 809-811; E.C. Godée Molsbergen: Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd, IV (Reis van Janssens), pp. 116-118.

159) B.O. 24 Letters from Swellendam: Meeding — Barnard, 31/10/1802, no. 155.

160) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 9/10/1802, 18/10/1802, 27/10/1802, 9/11/1802, nos. 135, 137, 152, 153; B.O. 23 Letters from Stellenbosch: Van der Riet — Dundas, 13/11/1802, no. 129; Stb. 1/25 Notule van Landdros en Heemrade, 1/11/1802, pp. 177-179.

161) B.O. 24 Letters from Swellendam: Faure — Dundas, 9/11/1802, 9/12/1802, nos. 153 en 158; B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Faure, 22/12/1802, no. 294.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daan te verdryf nie. 'n Verdere poging is eers aangewend om soveel moontlik manskappe in die veld te stoot. Op 13 November het genl. Dundas kommandante Linde en Kruger van Stellenbosch, kommandante Botha en Van Rooyen van Swellendam, en kommandante Van Rensburg, Erasmus en De Klerk van Graaff-Reinet beveel om met al die manskappe wat hulle bymekaar kon maak na Wolve Fonteyn te gaan. Op 20 Desember sou dié Algemene Kommando onder bevel van kommandant Botha hiervandaan uittrek. Hulle moes die wyke Gamtoosrivier, Winterhoek en Baviaanskloof van rowerbendes suiwer en daarna, indien moontlik, met die Xhosas vrede sluit. Die kommando moes ook 'n poging aanwend om aan die koloniste onder Ferreira by Fort Frederick hulp te verleen.[162)]

Theal skryf dat "in January 1803 a large burgher force took the field."[163)] In die beskikbare bronne kan egter nie hiervoor stawing gevind word nie. Uit Stellenbosch was die reaksie weer eens swak, en teen 7 November het net 30 van die 300 man wat opgeroep is, die geval gehoorsaam. Andrew Barnard het op 16 November landdros Van der Riet meegedeel dat Dundas geen vertroue meer gehad het in die "reluctant services of the Stellenbosch boors who, if permitted to proceed into the District of Swellendam would probably create more trouble than would compensate for any good to be expected from their exertions."[164)] Op 13 Desember het kommandant Linde uit die oostelike wyke van Stellenbosch gerapporteer dat net 50 burgers vir kommando opgedaag het alhoewel hy alle weerbare manne opgeroep het.[165)]

Uit Graaff-Reinet was die reaksie nóg swakker. 'n Gesamentlike vergadering van heemrade en kommandante van die distrik het op 13 Desember besluit dat die toestand dáár só gevaarlik was dat geen manskappe na Wolve Fonteyn gestuur kon word nie. Botha het blykbaar nie van hierdie besluit verneem nie, want hy het tevergeefs op hulp uit Graaff-Reinet gewag.[166)] Dit was ook 'n gesukkel om genoeg manskappe uit Swellendam byeen te kry. Op 12 Desember het Botha gevolglik genl. Dundas versoek dat ver-

---

162) B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Verskillende Kommandante, 13/11/1802, Barnard — Faure, 22/12/1802, nos. 259, 294.
163) G.M. Theal: History of S.A. from 1795 to 1872, I, p. 97.
164) B.O. 55 Letters Despatched: Barnard — Landdros en Heemrade Stellenbosch, 16/11/1802, no. 269.
165) B.R. 107 Notule van De Mist: Linde — Dundas, 12/12/1802, pp. 96-97.
166) G.R. 16/1 Letters Despatched: Gerotz — Botha, 26/1/1803, pp. 402-403; G.R. 1/2 Notule van Landdros en Heemrade, 13/12/1802, p. 329.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

soek dat versterkings gestuur word.[167)]

Op die ou end het van die beplande kommando weinig teruggekom. Die Kaap was op die punt om in Bataafse hande oor te gaan en kommandant Botha was gretig om te weet hóé sake ten opsigte van die bewindsoordrag staan. Om dit uit te vind, het hy kommandante Pieter Lombard en Stephanus Ferreira na Kaapstad gestuur waar hulle op 26 Desember aangekom het. De Mist het op dié dag 'n brief aan hulle oorhandig waarin hy beveel het dat alle vyandelikhede gestaak moes word. Daar moes met die Xhosas onderhandelinge aangeknoop word met die oog op die terugbesorging van die vee wat hulle van koloniste geroof het en die herbevestiging van die Visrivier as "eeuwige grensscheiding tusschen de beide volken."[168)]

Volgens Collins het genl. Dundas in hierdie stadium beveel dat 'n kommissie, bestaande uit veldkornette en veldkommandante, met die Xhosas en Hottentotte moes vrede sluit. Dié kommissie het vroeg in 1803 uitgegaan en bevind dat die Hottentotte en Xhosas geneë was om vrede te maak. Op 20 Februarie 1803[169)] het die Hottentot- en Xhosakapteins en die kommissielede vrede gesluit - 'n vrede wat later deur verteenwoordigers van die Bataafse regering bevestig is. Volgens Collins is vrede gesluit "on the sole condition ... that each party should retain possession of the cattle that had fallen into his hands."[170)] Collins se woorde is belangrik, want Saxe Bannister het later, met verwysing na dokumente wat hy nie gespesifiseer het nie, beweer dat met die Hottentotte en met die Gqunukwebes onder Cungwa vrede gesluit is, "leaving the natives in actual possession ... of an extensive tract west of the Great Fish River." Volgens hom is die grens wat in 1799 neergelê is, nou weswaarts verskuif na 'n lyn "running from Algoa Bay towards the head of the Bosjesman's River."[171)] Daar kon egter geen dokumentêre getuienis gevind word wat hierdie bewering staaf nie.

Toe die Kaap op 22 Februarie 1803 in Bataafse hande oorgegaan het, was die oostelike deel van die kolonie feitlik in 'n

167) B.R. 107 Notule van De Mist: Botha — Dundas, 12/12/1802, pp. 95-96.
168) B.R. 107 Notule van De Mist: 26/12/1802, pp. 11-12. Vgl. hierin ook De Mist — Ingesetenes van die Buitedistrikte, 26/12/1802, pp. 312-313.
169) G.M. Theal: History of S.A. from 1795 to 1872, I, p. 98.
170) G.M. Theal: Records of the C.C., VII (Journal by Collins, 28/7/1809), p. 51. Vgl. Transactions of the Missionary Society, II, p. 160; B.R. 109 Notule van De Mist: Faure — Dundas, 22/2/1803, pp. 73-74.
171) S. Bannister: Humane Policy, p. clxxx.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

chaotiese toestand. Generaal Janssens het dit soos volg beskryf: "alomme plaatsen afgebrand en verlaten; die ingezeetenen zwervende van den eene op den andere ... men vraagd hier niet meer waar woond die of die? maar waar legd thans die of die? legt dat klompje menschen nog daar of daar?"[172] D.G. van Reenen het bereken dat in die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet 470 plase "verbrand, vernield en verlaaten" was.[173] Barrow sê dat daar in 1798 in die distrikte Swellendam 541 leningsplase en in Graaff-Reinet 492 leningsplase was.[174] Dit beteken dus dat ongeveer 45% van die plase in dié twee distrikte geplunder is.

Die totale verliese van die koloniste is nie bekend nie. Lichtenstein verklaar dat nadat twee-derdes van die ingesetenes van Graaff-Reinet hul verliese ten gevolge van die "oorlog" ingelewer het, die syfers op die volgende te staan gekom het: 858 perde, 4 475 osse, 35 474 koeie en kalwers, 34 023 skape en 2 480 bokke.[175] Volgens Van Reenen was die veeverliese in Graaff-Reinet só enorm dat selfs al sou daar gedurende die volgende 15 jaar nie weer onluste uitbreek nie, die distrik nie tot "prosperiteit" sou kom nie.[176]

Andrew Barnard het in November 1802 geskryf dat die Graaff-Reinetse distrik in 'n verskriklike toestand verkeer. Hy het bygevoeg: ".... fortunately we are leaving the Colony else we should feel most severely the bad effects of the very improper (way) in which Genl. Dundas has of late conducted the affairs of that once flourishing district."[177]

Barnard was op 'n slegte voet met Dundas en sy kritiek moet dus met versigtigheid bejeën word. Daar moet onthou word dat aan Dundas - die enigste bewindhebber wat hom werklik met die grensvraagstuk bemoei het - die taak opgedra was om die Britse besit van die Kaap te beveilig. Generaal Dundas, wat 'n soldaat by uitstek was, het heeltemal tereg die verdediging van Kaapstad

---

172) G.M. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, III (Janssens — De Mist, 12/5/1803), p. 218.
173) D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., p. 152.
174) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, p. 85.
175) H. Lichtenstein: Reisen im südlichen Afrika, II, p. 633.
176) D.G. van Reenen: Die Joernaal van ..., p. 274.
177) Acc. 1415 (74)(A) Andrew Barnard Letters: Barnard — Macartney, 18/11/1802, p. 146.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as sy vernaamste taak beskou. Met dít as uitgangspunt het hy nie die Oosgrensvraagstuk as 'n vraagstuk in eie reg beskou nie, maar slegs as deel van en ondergeskik aan die kwessie van Kaapstad se sekuriteit. So het hy tydens die oorlog van 1799 geskryf: ".... the safety of the Fleet, the Army and the Colony, with perhaps eventually our possession of it, may possibly be at stake if we do not secure a permanent establishment for the protection of the Frontier of this too extensive Colony."[178)]

'n Ander faktor wat ook in aanmerking geneem moet word voor enige oordeel oor Dundas uitgespreek word, is die ingewikkeldheid van die grensvraagstuk. Daar was geen maklike oplossing vir dié vraagstuk nie. Vincent Harlow het tereg in dié verband opgemerk: "An extensive frontier thinly held by a handful of landhungry squatters against a numerous population of warlike natives presents a problem which can only be solved by intensive colonisation or by the presence of a defensive system as elaborate as the Roman wall."[179)]

Hierdie faktore in ag genome moet genl. Dundas nogtans 'n deel van die blaam dra vir die toestand waarin Graaff-Reinet teen die einde van die besetting verkeer het. Hy het baie weifelend opgetree teenoor die Xhosas in die Suurveld. Eers is die ou onderhandelingsbeleid gevolg en is daar probeer om hulle te oorreed om oor die grens terug te trek. In 1799 het hy Vandeleur gelas om hulle met geweld oor die grens te verdryf en sodoende skeiding tussen die rasse te bewerkstellig. Ná die poging musluk het, het Dundas met 'n sterk troepemag aan die oosgrens verskyn. Hy het die geleentheid gehad om dié oogmerk te verwesenlik, maar hy het nou sy hoop Maynier gevestig om deur middel van onderhandelings vrede aan die grens te bewerkstellig. Maynier se vredesplan was nie sonder meriete nie; dit was egter kortsigtig van genl. Dundas om die handhawing van wet en orde in Graaff-Reinet aan een man te toevertrou. Maynier het geen troepe om hom te ondersteun, verlang nie, maar Dundas moes daarop aangedring het dat hy genoeg troepe het, want die aanwesigheid van 300 of 400 troepe wat as 'n soort polisiemag opgetree het, sou sekuriteit aan die verskillende partye gebring het en sou baie kon doen om die versteuring van die vrede te voorkom. Op die ou end is dié getal troepe in Algoabaai gestasioneer,

---

178) Vgl. G.M. Theal: Records of the C.C., II (F. Dundas — Ross, 10/8/1799, p. 463.
179) V.T. Harlow: The British Occupations (Cambridge History of the British Empire, VIII, p. 184).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

waar hulle passiewe toeskouers was van wat in Graaff-Reinet gebeur het. Nadat die orde in duie gestort het, het genl. Dundas wéér van beleid verander en aan 'n boerekommando opdrag gegee om deur middel van geweld die strooptogte te beëindig. Ook die wysheid van hierdie stap moet bevraagteken word. Die mislukking van die 1799-kommando was 'n aanduiding dat 'n kommando nie in staat was om op eie houtjie die Xhosas en Hottentotte die stryd aan te sê en 'n reëling af te dwing wat blywende vrede aan die grens sou teweegbring nie.

Met betrekking tot die Hottentotte was die hoeksteen van generaal Dundas asook Craig, Macartney en Yonge se beleid om hulle teen veronregting deur koloniste te beskerm. Die bestuursmasjinerie was egter só swak dat die beskerming onvoldoende was. Weinig is gedoen om die Hottentotte se sosiale en ekonomiese posisie te verbeter, en daar is veral nagelaat om te voorsien in die dringende behoefte aan 'n afsonderlike woonplek vir Hottentotte wat nie by koloniste in diens wou tree nie. Uiteindelik het die rooftogte van rondloper-Hottentotte en die samedromming van ander Hottentotte op Graaff-Reinet tot die versteuring van die wankele balans op die oosgrens gelei.

Ná die Britse besettingstyd was die verhoudingsvraagstuk nóg ingewikkelder as tevore. Cungwa is gesterk in sy aanspraak op die Suurveld, terwyl die koloniste nog steeds gretig was om hom te verdryf en die vee wat hy gebuit het, terug te neem. Die kloof tussen Hottentot en kolonis was ook groter as tevore. Die Engelse het die Hottentotte soos bondgenote behandel, en die Hottentotte het gehoop dat, soos Alberti dit stel, "men hen op nieuw in de land en de bezittingen hunner Voorvaderen wilde herstellen."[180] Dit het nie gebeur nie en hulle moes weer op die ou grondslag saamleef met die koloniste wat verbitterd was dat die Hottentotte gedurende die besetting téén hulle gedraai het.

---

180) L. Alberti: De Kaffers aan de Zuidkust van Afrika, p. 218. Vgl. ook mening van Janssens aangehaal in S. Bannister: Humane Policy, pp. clxxxii - clxxxiii.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK XIII.

DIE TERUGGAWE VAN DIE KAAP.

Toe die Pitt-kabinet in Maart 1801 deur die Addington-ministerie vervang is, het daar 'n verandering in die houding teenoor die Kaap ingetree. Henry Dundas, wat so vasbeslote was om ten alle koste die Kaap vir Brittanje te behou, is as Minister van Kolonies vervang deur lord Hobart wat baie skepties oor die waarde van die Kaap was. Sy mening is deur ander lede van die kabinet gedeel. Toe die Addington-kabinet kort na sy inswering vredesonderhandelings aangeknoop het, was dit spoedig duidelik dat Brittanje bereid was om die Kaap prys te gee.

Wat was verantwoordelik vir die ommeswaai in die Britse houding ten opsigte van die Kaap tussen 1795, toe dit algemeen as 'n uiters waardevolle besitting beskou is, en 1801toe lord Hobart verklaar het dat "he had scarcely met with one person who did not consider the Cape a burden rather than an advantage to this Country."?[1)]

Teenstanders van die gedagte dat die Kaap behou moes word het aangevoer dat die waarde daarvan grootliks oorskat is. Hulle het daarop gewys dat die Kaap 'n groot uitgawe vir Brittanje was wat geensins vergoed is deur die voordele wat die besit daarvan meegebring het nie. In die eerste plek het dit as verversingspos ernstige tekortkominge geopenbaar. Die koring-krisisse het die imperiale owerhede met 'n skok laat besef dat die Kaap by tye nie eens genoeg koring geproduseer het om sy eie bevolking te voed nie. Daar was ook 'n tekort aan vars groente, en gesoute provisie moes van oorsee ingevoer word.[2)]

In die tweede plek is bedenkinge uitgespreek oor die waarde van die Kaap as 'n strategiese basis. 'n Gevoel het ontstaan dat Engeland in die oorlog soseer die oorhand op see verkry het dat basisse soos die Kaap oorbodig was.[3)] Voorts is aangevoer, onder meer deur die gevierde lord Nelson, dat die ontwikkeling van die skeepvaart dit moontlik gemaak het om na Indië te vaar

1) Aangehaal deur L.C.F. Turner: The Cape of Good Hope and the Anglo-French Conflict (Historical Studies, Australia and New Zealand, May, 1961, p. 371).
2) G.M. Theal: Records of the C.C., II (Macartney — H. Dundas, 10/7/1797), pp. 119-120; G.M. Theal: Records of the C.C., III (Yonge — H. Dundas, 8/2/1800, Curtis — Nepean, 23/4/1801, Curtis — Wellesley, 17/5/1801), pp. 40, 471-472, 503.
3) L.C.F. Turner: The Cape of Good Hope and the Anglo-French Conflict (Historical Studies, Australia and New Zealand, May, 1961, p. 372).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sonder om onderweg by 'n hawe aan te doen. Indien nodig kon water en verversings by St. Helena of Madeira of Madagaskar ingeneem word.[4)]

Ook is twyfel uitgespreek oor die waarde van die Kaap as 'n handelsbasis. Die direkteure van die E.I.C. het openlik te kenne gegee dat die Kaap van geen nut hoegenaamd vir hul handel en hul belange in Indië was nie. Hulle het trouens die standpunt gehuldig dat die talle skepe van vreemde lande wat by die Kaap aangedoen het die handelsbelange van die E.I.C. skade berokken het.[5)]

Daar is nog steeds mense soos Henry Dundas en Grenville wat hul geloof in die waarde van die Kaap as 'n strategiese basis behou het, maar hulle was in die minderheid. In die voorlopige vredesverdrag wat in Oktober 1801 in Londen gesluit is, het Brittanje onderneem om al sy verowerings, met die uitsondering van Trinidad en Ceylon, prys te gee. Die Kaap sou weer aan Nederland teruggegee word. Ten spyte van proteste deur Grenville en Henry Dundas is die Kaap in die finale vredesverdrag, wat op 27 Maart 1802 te Amiens gesluit is, aan die Bataafse Republiek afgestaan.[6)]

Die nuus van die voorlopige vredesvoorwaardes het die Kaap op 14 Desember 1801 bereik en dit is die volgende dag in 'n proklamasie bekend gemaak. Volgens generaal Dundas was die reaksie "considerable agitation ... in consequence of which there is at present an almost total stagnation in the usual transactions as well amongst Individuals and the public affairs."[7)]

Behalwe die onsekerheid wat handelstransaksies nadelig geraak het, het die nuus van die beoogde bewindsoordrag nie veel uitwerking gehad nie. Die Burger-Senaat het onmiddellik aan die ingesetenes van die buitedistrikte 'n brief gestuur om hulle teen enige voorbarige handelswyse te waarsku. In die brief is daarop gewys dat dit die burgers se plig was om die regering te

---

4) L.C.F. Turner: The Cape of Good Hope and the Anglo-French Conflict (Historical Studies, Australia and New Zealand, May, 1961, p. 372).
5) J. Barrow: Travels into the Interior of Southern Africa, II, pp. 273-274.
6) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Government Notice, 2/10/1801), Definitive Treaty of Peace), pp. 76, 274-275.
7) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — Hobart, 20/12/1801), p. 129.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bly gehoorsaam totdat die Kaap in Hollandse hande oorgaan. Die koloniste in die binneland het egter, met 'n vrees vir 'n Hottentot-opstand steeds voor oë, so 'n kommervolle tyd beleef dat die Burger-Senaat verniet bevrees was dat hulle die Britse gesag sou uittart.[8)]

Op 12 Augustus 1802 het Dundas en Hobart bevel ontvang om so gou moontlik die bestuur van die Kaap aan 'n verteenwoordiger van die Bataafse Republiek oor te dra. Op dieselfde dag het drie kommissarisse wat uit Nederland in opdrag van die "Raad van Aziatische Zaken en Bezittingen"[9)] gestuur is om reëlings te tref vir die huisvesting van die Bataafse amptenare en troepe aan die Kaap gearriveer. Met behulp van 42 300 Rds. wat aan hulle uit die koloniale skatkis voorgeskiet is, kon hulle onmiddellik aan die werk spring.[10)] Kommissaris-generaal J.A. de Mist en Goewerneur J.W. Janssens het eers op 24 Desember 1802 aan wal gestap. Ná onderhandelings is ooreengekom dat die bewindsoordrag op 1 Januarie 1803 sou geskied.[11)]

Verwikkelinge in Europa het 'n dramatiese naspel aan die Kaap tot gevolg gehad. Die Vrede van Amiens was in werklikheid geen vrede nie, maar slegs 'n staking van vyandelikhede. Pitt, wat nog nie tot die regering teruggekeer het nie, maar verwag het om in die nabye toekoms aan die hoof van 'n nuwe koalisie te staan, het gevrees dat oorlog met Frankryk enige oomblik weer sou uitbreek. Op sý versoek het die Addington-kabinet besluit om die ontruiming van Alexandrië en die Kaap uit te stel. Bevele in dié verband is in 'n brief gedateer 17 Oktober 1802 deur Hobart aan generaal Dundas gegee. Die brief het die Kaap bereik op 31 Desember, enkele ure voordat die bewindsoordrag sou plaasvind.[12)]

Genl. Dundas het sy bevele aan die Bataafse bevelvoerders bekendgemaak nadat die Britse troepe wat reeds skeepgegaan het, in die geheim aan land gebring is. De Mist het sterk protes aangeteken teen die opheffing van die bewindsoordrag. Daar was egter

---

8) C.T.M. 1/1/9 Resolusies van Burger-Senaat: Burger-Senaat -- Ingesetenes van Buitedistrikte, 24/12/1801, pp. 483-485.

9) Na die ontbinding van die N.O.I.K. is sake m.b.t. Oos-Indiese handel deur 'n komitee van die State-generaal - "Committé tot den Oost-Indischen Handel en Bezittengen" - behartig. Dit is in 1800 deur bogenoemde raad vervang.

10) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Benaij, Muller en Dibbetz — Barrow en Maxwell, 27/8/1802, 8/9/1802, 4/10/1802, 11/10/1802, 25/10/1802, 2/12/1802), pp. 357-359, 436-437, 439, 443-446, 448, 454-455.

11) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — De Mist, 25/12/1802, 2/12/1802), pp. 448, 466.

12) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Hobart — F. Dundas, 17/10/1802), p. 447; J. Barrow: Autobiographical Memoir, pp. 239-241.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

weinig wat hy aan die saak kon doen: Dundas het onder hom meer as 2 000 gewapende troepe gehad wat in beheer van die vestings was, terwyl die Bataafse bevelvoerders net 1 450 swak toegeruste manskappe tot hul beskikking gehad het. Die Britse eskader was ook veel sterker. De Mist was dus verplig om hom in dié vernederende posisie te berus. Saam met Dundas het hy 'n proklamasie uitgereik waarin die opheffing van die bewindsoordrag bekend gemaak is en alle persone gewaarsku is om nie die goeie verhouding wat tussen die magte geheers het, te versteur nie. Dundas het krygswet afgekondig en koloniste is gelas om nie in groepe byeen te kom nie. Wagte is by die ingang na die stad geplaas ten einde alle verbinding tussen die stad en die binneland af te sny.

Die skorsing van die bewindsoordrag het 'n baie plofbare situasie laat ontstaan. Die koloniste was volgens Dundas baie ontsteld en teleurgesteld, en die Bataafse troepe wat in Wynberg tuisgegaan het, was woedend. Geskille tussen Dundas en De Mist het kort-kort opgeduik, maar gesonde verstand het geseëvier en die vrede is bewaar.[13)]

Intussen het die betrekkinge tussen Frankryk en Brittanje sodanig verbeter dat die gevaar van 'n oorlog aansienlik afgeneem het. Pitt het gevolglik aanbeveel dat Alexandrië en die Kaap ontruim word en sy advies is weereens deur die regering aanvaar. Op 19 Februarie het generaal Dundas 'n brief van lord Hobart ontvang waarin hy beveel is om onmiddellik die Kaap te ontruim.[14)] Die koloniste is op 20 Februarie van hul eed van getrouheid aan die Britse koning onthef. Op 21 Februarie is die Bataafse vlag oor die Kasteel gehys. Die Britse troepe wat vir Indië bestem was, het op 23 Februarie vertrek.

Generaal Dundas het nog 'n paar dae lank vertoef om oor die finansiële eise van die onderskeie partye te onderhandel. De Mist se vernaamste eis namens die Bataafse owerheid was die bedrag van 250 000 Riksdaalders papiergeld wat deur Craig uitgereik is om militêre uitgawes te bestry. De Mist het ook 75 000 Rds. geëis as skadevergoeding vir die ekstra onkoste wat die skorsing van die bewindsoordrag meegebring het. Van sý

---

13) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (F. Dundas — Hobart, 3/1/1801, Substance of what has been treated), pp. 485, 496-498.
14) G.M. Theal: Records of the C.C., IV (Hobart — F. Dundas, 16/11/1802, p. 450.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Nog 'n rede vir Macartney se gebrek aan optrede was dat vir hóm die Kaap slegs waarde gehad het omdat die besit daarvan belangrik was vir die beveiliging van die Britse besittings in die Ooste. Om dié rede was hy ook ten gunste daarvan dat die bestuur van die Kaap, nadat vrede gesluit is, aan die "East India Company" oorgedra word. Hy wou nie die reëlings wat dié maatskappy ten opsigte van die kolonie sou mag tref, vooruitloop nie.

Anders as Macartney, het Yonge die Kaap beskou as 'n besitting wat nie net strategiese waarde gehad het nie, maar intrinsiek belangrik was en 'n bevolkingskolonie sou kan word. Hy wou gevolglik die stelsel van grondbesit en die monetêre stelsel hervorm, die landbou en veeteelt verbeter en die administrasie van die binneland opknap. Daar het egter weinig van Yonge se voorstelle tereggekom, want Brittanje was nie geïnteresseerd in die vestigingskolonies nie. Bowendien het die Imperiale Regering nie dieselfde hoë dunk van hom as van Macartney gehad nie en gevolglik het sy voorstelle nie by hulle dieselfde gewig gedra nie.

Yonge se ervaring onderstreep die feit dat alhoewel die Goewerneur gedurende die Britse bewind in teorie baie mag gehad het, vir hom moeilik was om hervormings wat hy as belangrik beskou het, deur te voer. Hy moes eers die toestemming van die Imperiale Regering vir belangrike hervormings en buitengewone uitgawes verkry, en al was daar geen Raad van Advies wat hom aan bande kon lê wanneer hy op eie houtjie wou optree nie, was daar mense soos die Barnards wat gesorg het dat die Kinister van Kolonies daarvan te hore kom.

Wat die plaaslike bestuur betref, het die Kaap min verander sedert dit in 1795 in Britse hande oorgegaan het. Daar was nog dieselfde getal distrikte en dieselfde bestuursmasjinerie. Ten opsigte van hulle daaglikse doen en late is die koloniste nog steeds bestuur deur mede-koloniste wat sitting gehad het op plaaslike besture wat in die praktyk grootliks van die sentrale regering onafhanklik was. Dit was een van die redes waarom, uit die oogpunt van die binnelandse koloniste gesien, die Britse bewind nie juis op 'n groot verandering ten opsigte van die Kompanjiesbewind neergekom het nie. Dit het ook meegebring dat die Britse bewind se besluite net so oneffektief soos dié van die Kompanjiesbewind geïmplementeer is. In die laaste instansie het dit van die plaaslike landdros afgehang hóé regeringsbesluite in sake die besetting van grond en die koloniste se optrede teenoor Nie-Blankes in werking gestel sou word. En al was hy ook hóé ywerig om dit uit te voer, het die uitgestrektheid van die distrikte dit 'n onbegonne taak gemaak om te verseker dat dié bevele orals gehoorsaam word.

Die gebreke van die plaaslike bestuursmasjinerie was só opvallend dat dit moeilik misgekyk kon word. Dat die Britse be-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LITERATUUR EN BRONNE.

1. Literatuur

(a) Werke

APPEL, A.: Die Geskiedenis van Houtvoorsiening aan die Kaap, 1652-1795 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1966).

ARKIN, M.: John Company at the Cape. A History of the Agency under Pringle, 1795-1815 (Archives Year Book for South African History, 1960, II). Cape Town, 1961.

ARNDT, E.H.D.: Banking and Currency Developments in South Africa, 1652-1795. Cape Town, 1928.

BARNARD, C.J.: Robert Jacob Gordon se Loopbaan aan die Kaap (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, I). Kaapstad, geen datum.

BARNES, D.G.: George III and William Pitt, 1783-1806. Stanford, 1939.

BEYERS, C.: Die Groot Trek met betrekking tot ons Nasiegroei (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1941, I). Kaapstad, 1941.

BEYERS, C.: Die Kaapse Patriotte gedurende die laaste kwart van die agtiende eeu en die voortlewing van hul denkbeelde. Pretoria, 1967.

BöESEKEN, A.J.: Die Nederlandse Kommissarisse en die 18de Eeuse Samelewing aan die Kaap (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1944). Kaapstad, 1945.

BOOYENS, B.: Kerk en Staat, 1795-1843 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1965, II). Kaapstad, 1965.

BOXER, C.R.: The Dutch Seaborne Empire. London, 1965.

BOSMAN, F.C.L.: Drama en Toneel in Suid-Afrika, I, 1652. Amsterdam, 1928.

BOTHA, C.G.: General History and Social Life of the Cape of Good Hope. Cape Town, 1962.

BRUGMANS, H.: Geschiedenis van Nederland, VI. Amsterdam, 1937.

BRYANT, A.: The Years of Endurance, 1793-1802. London, 1942.

BURROWS, E.H.: Overberg Outspan - a chronicle of peoples and places in the south western districts of the Cape. Cape Town, 1952.

CHILD, D.: Saga of the South African Horse. Cape Town, 1967.

COLENBRANDER, H.T.: De Bataafsche Republiek. Amsterdam, 1908.

CONRADIE, E.: Hollandse skrywers uit Suid-Afrika, vol. I. Kaapstad, 1933.

CORY, G.E.: The Rise of South Africa, vol. I. London, 1910.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DE JONGH, P.S.: Sendingwerk in die Landdrosdistrikte Stellenbosch en Tulbagh (Sedert 1822 Worcester) 1799-1830 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1968).

DE KIEWIET, C.W.: A History of South Africa, social and economic. Oxford, 1954.

DE KOCK, M.H.: Selected Subjects in the Economic History of South Africa. Cape Town, 1924.

DE KOCK, W.J. (red.): Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, vol. I. Kaapstad, 1968.

DE KOCK, V.: Those in Bondage - an account of the slave at the Cape in the Days of the Dutch East India Company. Pretoria, 1963.

DE VILLIERS, C.J.: Die Britse Vloot aan die Kaap, 1795-1803 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1967).

DE VILLIERS, J.: Hottentot-Regimente aan die Kaap, 1781-1806 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1969).

DE WIT, C.H.E.: De Strijd tussen Aristocratie en Democratie in Nederland, 1780-1848. Haarlem, 1965.

DICTIONARY OF NATIONAL BIOGRAPHY, vols. 3, 12, 16, 17. London, 1908-1909.

DOMINICUS, F.C.: Het Huiselik en Maatschappelik Leven van de Zuid-Afrikaner in de eerste helft der 18de eeu. Den Haag, 1919.

DREYER, A.: Geschiedenis van de Gemeente Swellendam. Kaapstad, 1899.

DU PLESSIS, J.: A History of Christian Missions in South Africa. Cape Town, 1911. (Facsimile Reprint, C. Struik, Cape Town, 1965).

DULY, L.C.: British Land Policy at the Cape, 1795-1844. Durham, 1968.

DU PLESSIS, J.H.: Die Afrikaanse Pers, vol. I (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1943).

DU TOIT, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795. Kaapstad, 1937.

DU TOIT, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806. Pretoria, 1944.

EGERTON, H.E.: A Short History of British Colonial Policy. London, 1932.

ENGELBRECHT, J.A.: The Korana. Cape Town, 1936.

FAIRBRIDGE, D.: Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope. Oxford, 1924.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

FORBES, V.S.: Pioneer Travellers of South Africa. Cape Town, 1965.

FOSTER, W.: John Company. London, 1926.

FURBER, H.: Henry Dundas, first Viscount Melville, 1742-1811. Oxford, 1931.

GARRATY, J.A. (ed.): Interpreting American History, vol. I. No place, 1970.

GEYER, A.L.: Das wirtschafliche System der niederländischen ostindischen Kompanie am Kap der guten Hoffnung, 1785-1795. München, 1923.

GIE, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, II. Stellenbosch, 1928.

GILIOMEE, H.B.: Die Administrasietydperk van lord Caledon, 1807-1811 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1966, II). Kaapstad, 1966.

GOSSES, I.H. EN JAPIKSE, N.: Handboek tot de Staatkundige Geschiedenis van Nederland. Den Haag, 1947.

HAHN, C.H.L., VEDDER, H. AND FOURIE, L. The Native Tribes of South West Africa. London, 1966.

HANEKOM, T.N.: Helperus Ritzema van Lier. Kaapstad, 1959.

HARLOW, V.T. AND MADDEN, F.: British Colonial Developments, 1774-1834: Selected Documents. Oxford, 1953.

HARLOW, V.T.: The Founding of the Second British Empire, 1763-1793, 2 vols. London, 1952 and 1964.

HEERES, J.E.: De overgang der Kaapkolonie van Nederlands in Engelands Bezit. Toespraak van 29/10/1901 (In S.A. Openbare Biblioteek S.A. Bound Pamphlets, no. 117).

HEESE, J.A.: Onderwys in Namakwaland, 1750-1940 (Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 1942).

HINCHLIFF, P.: The Anglican Church in South Africa. London, 1963.

HOGE, J.: Privaatskoolmeesters aan die Kaap in die 18de eeu (Annale van Universiteit van Stellenbosch, XII, B. 1 Julie 1934, B. 2, Junie 1937).

HOGE, J.: Die Geskiedenis van die Lutherse Kerk aan die Kaap (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1938, II). Kaapstad, 1938.

HOOK, T.: The Life of General, the Right Honourable Sir David Baird, vol. I. London, 1833.

HUTTENBACK, R.A.: The British Imperial Experience, 1774-1834. New York, 1966.

IDENBURG, P.: The Cape of Good Hope at the turn of the eighteenth century. Leiden, 1963.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

IMMELMAN, R.F.M.: Men of Good Hope - The Romantic Story of the Cape Town Chamber of Commerce, 1804-1954. Cape Town, 1955.

JACKSON, S.W. (ed.): The English Reform Tradition, 1790-1910. New Jersey, 1965.

KOTZé, D.J.: Positiewe Nasionalisme. Kaapstad, 1968.

KRITZINGER, A.D.: Die Inboorlingbeleid van die Eerste Engelse Regering aan die Kaap (1795-1803). (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1939).

KRüGER, B.: The Pear Tree Blossoms - A history of the Moravian Mission Stations in South Africa, 1737-1869. Genadendal, 1966.

LAIDLER, P.W.: The Growth and Government of Cape Town. Cape Town, 1939.

LAZARUS, Z.J.: Die Stigting en vroeë Jare van die Suid-Afrikaanse Sendinggenootskappe, 1799-1830 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1949).

LE ROUX, J.S.: Die Sending van die Kommissarisse-generaal Nederburgh en Frijkenius en die toestand in die Volksplanting aan die Kaap tydens die verval van die N.O.I.K. (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1932).

LEVERTON, B.J.T.: Government Financement and Political Development in the Cape, 1806-1834 (Archives Year Book for South African History, 1961). Cape Town, 1963.

LIEBENBERG, B.A.: Die Kaapse Hottentotte, 1795-1806 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1941).

LINDSAY, LORD.: Lives of the Lindsays, vol. III. London, 1849.

LLOYD, C.: Mr. Barrow of the Admiralty. London, 1970.

LOUW, P.K.: Landbou en Veeteelt in die Kaapkolonie, 1795-1806 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1949).

LOVETT, R.: The History of the London Missionary Society, vol. I. London, 1899.

MacCRONE, I.D.: Race Attitudes in South Africa. Johannesburg, 1957.

MacLEOD, W.C.: The American Indian Frontier. London, 1928.

MacMILLAN, W.M.: The Cape Colour Question. London, 1927.

MANNING, H.T.: British Colonial Government after the American Revolution, 1782-1820. London, 1933.

MARAIS, J.S.: The Cape Coloured People, 1652-1937. Johannesburg, 1957.

MARAIS, J.S.: Maynier and the First Boer Republic. Cape Town, 1962.

MARTIN, A.D.: Doctor Van der Kemp. London, no date.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

MASSON, M.: Lady Anne Barnard. London, 1948.

MATHESON, C.: The Life of Henry Dundas, First Viscount Melville, 1743-1811. London, 1833.

MILO, T.H.: De geheime Onderhandelingen tusschen de Bataafsche en Fransche Republieken van 1795-1797 in verband met de Expeditie van Schout bij Nacht E. Lucas naar de Kaap de Goede Hoop. Den Helder, 1942.

MILLS, L.A.: Ceylon under British Rule, 1795-1932. London, 1964.

MOLEMA, S.M.: The Bantu, Past and Present. Edinburg, 1920.

MOLEMA, J.C.: Geschiedenis van Nederland ter Zee, vol. III. Amsterdam, 1941.

MOODIE, D.F.C.: The History of the Battles and Adventures of the British, the Boers and the Zulus etc. in Southern Africa, vol. I. Cape Town, 1888.

MOORREES, A.: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873. Kaapstad, 1937.

MULLER, C.F.J. (red.): Vyfhonderd Jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis. Pretoria, 1968.

MULLER, C.F.J.: Die Britse Owerheid en die Groot Trek. Johannesburg, 1963.

MULLER, C.F.J.: Johannes Frederik Kirsten oor die toestand van die Kaapkolonie in 1795. Pretoria, 1960.

MULLER, C.F.J.: Waarom die Groot Trek geslaag het (Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika, B. 12, 1960).

NEL, H.F.: Die Britse Verowering van die Kaap in 1795 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1967).

NEUMARK, S.D.: Economic Influences on the South African Frontier, 1652-1836. Stanford, 1957.

NOBBS, E.A.: William Duckitt's Diary (Archives Year Book for South African History, 1942, II). Cape Town, 1943.

OBERHOLSTER, J.J.: Die Burger-Senaat, 1795-1828 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1936).

OBERHOLSTER, G.J. e.a.: Kwartmillenium-gedenkboek van die Nederduitse Gereformeerde gemeente, Paarl ... 1691-1941. Paarl, 1941.

ODENDAAL, B.J.: Die Kerklike Betrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland, 1652-1952. Amsterdam, 1957.

OPPERMAN, H.B.K. (red.): Die Afrikaner Bees en sy Telersgenootskap. Pretoria, 1962.

PHILIPS, C.H.: The East India Company. Manchester, 1961.

PLUMB, J.H.: England in the Eighteenth Century, 1714-1815. London, 1961.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

REINER, G.J.: The Dutch Nation. London, 1944.

ROBBINS, H.H.: Our First Ambassador to China - an Account of the Life of George, Earl of Macartney. London, 1908.

ROSE, J.E. e.a. (ed.): The Cambridge History of the British Empire, vol. II - The Growth of the New Empire, 1783-1870. Cambridge, 1940.

ROSE, J.H. e.a. (ed.): The Cambridge History of the British Empire, vol. VIII - South Africa, Rhodesia and the Protectorates. Cambridge, 1936.

ROUX, P.E.: Die Geskiedenis van die Burger-Kommando's in die Kaapkolonie (Ongepubliseerde D.Phil.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 1946).

SCHAPERA, I. (ed.): The Bantu-speaking tribes of South Africa. London, 1937.

SCHAPERA, I.: The Khoisan Peoples of South Africa. London, 1951.

SCHOEMAN, A.E.: Coenraad de Buys, the first Transvaler, Pretoria, 1938.

SCHOLTZ, G.D.: Die Ontwikkeling van die Politieke Denke van die Afrikaner, deel I, 1652-1806. Johannesburg, 1967.

SCHOLTZ, P.L.: Die Historiese Ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis). Kaapstad, 1966.

SCHOLTZ, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, 1806-1875. Tweede Uitgawe, Kaapstad, 1965.

SOGA, J.H.: The South-Eastern Bantu. Johannesburg, 1930.

SPILHAUS, M.W.: South Africa in the Making, 1652-1806. Cape Town, 1966.

STOW, G.W.: The Native Races of South Africa - a history of the intrusion of Hottentots and Bantu into the hunting grounds of the Bushmen, the aborigines of the country. London, 1905.

SWART, H.L.G.: Die Ontwikkeling van Handel aan die Kaap tussen die Jare 1795 en 1806 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Kaapstad, 1949).

TALMON, J.L.: Romanticism and Revolt. London, 1967.

TAPSON, W.: Timber and Tides - The Story of Knysna and Plettenberg Bay. Cape Town, 1961.

THEAL, G.M.: History of Africa South of the Zambesi from the Settlement of the Portuguese at Sofala in September 1505 to the Conquest of the Cape Colony by the British in September 1795, vol. III. London, 1922.

THEAL, G.M.: History of South Africa from 1795 to 1872, vol. I. London, 1927.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

THOM, H.B.: Die Geskiedenis van Skaapboerdery in Suid-Afrika. Amsterdam, 1936.

THOMPSON, W.W.: The Sea Fisheries of the Cape Colony from Van Riebeeck's day to the eve of Union. Cape Town, 1913.

TREVELYAN, G.M.: History of England. London, 1926.

TURNER, F.J.: The Frontier in American History. New York, 1926.

TURNER, F.J.: Selected Essays of Frederick Jackson Turner - Frontier and Section. Eaglewood Cliffs, 1961.

TURNER, L.C.F.: The Cape of Good Hope and the Trafalgar Campaign (Unpublished M.A. thesis, University of Witwatersrand, 1939).

VAN DER MERWE, J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803-1806. Amsterdam, 1926.

VAN DER MERWE, P.J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek (1770-1842). Den Haag, 1937.

VAN DER MERWE, P.J.: Die Trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie. Kaapstad, 1938.

VAN DER MERWE, P.J.: Die Kafferoorlog van 1793. Kaapstad, 1940.

VAN DER MERWE, P.J.: Trek. Kaapstad, 1945.

VAN DER VYVER, W.B.: Die geskiedenis van die Stellenbosse Gemeente, 1800-1830 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1958, I). Kaapstad, 1959.

VAN DER WALT, A.J.H., WIID, J.A. EN GEYER, A.L. (reds.): Geskiedenis van Suid-Afrika, twee dele. Kaapstad, 1955.

VAN JAARSVELD, F.A.: Die Veldkornet en sy aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot 1870 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1950, II). Kaapstad, geen datum.

VAN JAARSVELD, F.A.: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn. Johannesburg, 1959.

VAN SCHALKWYK, M.J.: Die Werk van die Wesleyaanse Metodiste Sendinggenootskap in Klein- en Groot-Namakwaland vanaf 1816 tot 1850 met besondere verwysing na die stasie Leliefontein en die werk van Barnabas Shaw aldaar (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Suid-Afrika, 1963).

VAN ZYL, D.J.: Die Geskiedenis van Graanbou aan die Kaap, 1795-1826 (Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1968, I). Kaapstad, 1969.

VAN ZIJL, H.E.: Bestuurlike Organisasie aan die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind, 1795-1803 (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1936).

VENTER, P.J.: Landdros en Heemrade, 1682-1827 (Argief-jaarboek

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1940, II). Kaapstad, 1940.

VILJOEN, P.J.: Barrow en die Kaapse koloniste (Ongepubliseerde M.A.-skripsie, Universiteit van Stellenbosch, 1937).

VISAGIE, G.C.: Regspleging en Reg aan die Kaap van 1652 tot 1806. Kaapstad, 1969.

VOIGT, J.C.: Fifty Years of the History of the Republic of South Africa, 1795-1845, vol. I. London, 1899.

VORSTER, J.D.: Die Kerkregtelike Ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie, 1652-1795. Potchefstroom, 1956.

WALKER, E.A.: A History of South Africa. London, 1957.

WALKER, E.A.: The Frontier Tradition in South Africa. Oxford, 1930.

WALKER, E.A.: The British Empire. Cambridge, 1953.

WARD, A.W. AND GOOCH, G.P. (eds.): The Cambridge History of British Foreign Policy, vol. I. Cambridge, 1922.

WIERENGA, P.A.C.: Die oudste Boere-Republieken Graaff-Reinet en Zwellendam van 1795-1806. Den Haag, 1921.

WIGHT, M.: British Colonial Constitutions. Oxford, 1952.

WILKIN, W.H.: The Life of Sir David Baird, London, 1912.

WILSON, M. AND THOMPSON, L. (eds.): The Oxford History of South Africa. Oxford, 1969.

WYNDHAM, H.A.: The Early History of the Thoroughbred Horse in South Africa. London, 1924.

(b) Artikels

BABROW, M.: A Reply to Dr. Böeseken (Historia, 9, no. 4, Desember 1964).

BöESEKEN, A.J.: Theal en sy Bronne (Historia, 9, no. 1, Maart 1964).

BöESEKEN, A.J.: In Defence of Dr. George McCall Theal (Historia, 10, no. 1, Maart 1965).

COFFEE, J.A.: Selfs sy Hart is verwyder - Wrede Verminking van Boerekommandant (Die Huisgenoot, 6/4/1951).

DE JONG, C.: Walvisvangst bij de Kaap de Goede Hoop tijdens de Bataafse Republiek (Historia, 12, no. 3, September 1967).

HAMMOND-TOOKE, J.: Segmentation and Fission in Cape Nguni Political Units (Africa, 35, no. 3, 1965).

HODGSON, M.L.: The Hottentot in South Africa (The South African Journal of Science, XXI, 1924).

HOPKINS, H.C.: Waar het Tjaart van der Walt gesneuwel? (Die Huisgenoot, 18/1/1952).

KANNEMEYER, M. AND ROBINSON, A.M.L.: The Lady Anne Barnard Letters in the South African Library (Quarterly Bulletin of the South African Library, 4, no. 1, September 1949).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

KANTOR, B.: The Rixdollar and the Foreign Exchange (The South African Journal of Economics, 38, no. 1, March, 1970).

MAINGARD, L.F.: The Lost Tribes of the Cape (The South African Journal of Science, 28, November 1931).

MALAN, G.F.: Waar het Tjaart van der Walt gesneuwel? (Die Huisgenoot, 6/4/1951).

MARKS, S.: African and Afrikaner History (Journal of African History, XI, 1970).

REYBURN, H.A.: Studies in Cape Frontier History (The Critic, III, nos. 1 and 2, October 1934 and January 1935).

ROBERTSON, H.M.: 150 Years of Economic Contact between white and black (South African Journal of Economics, II, no. 4, 1934).

ROBINSON, A.M.L.: The Baviaans Kloof Mission at the Time of the Capture of the Cape in 1795 (Quarterly Bulletin of the South African Library, VIII, no. 2, Desember 1953).

ROBINSON, A.M.L.: Diary of the Missionaries at Baviaans Kloof, Cape of Good Hope at the time of the Capture of the Cape in 1795 (Quarterly Bulletin of the South African Library, VIII, nos. 3 and 4, March and June 1954).

SCHOLTZ, J. DU P.: Die Groei van Afrikaans (Die Burger, 8/9/1969).

THOMPSON, L.M.: Afrikaner Nationalist Historiography and the Policy of Apartheid (Journal of African History, III, 1962).

TURNER, L.C.F.: The Cape of Good Hope and the Anglo French Conflict, 1797-1806 (Historial Studies: Australia and New Zealand, IX, May 1961).

TURNER, L.C.F.: The Cape of Good Hope and the Anglo French Conflict, 1778-1796 (Historical Studies: Australia and New Zealand, XIV, April, 1966).

VAN JAARSVELD, F.A.: Verguisde of Vertekende Beeld (Standpunte, XXII, no. 6, Augustus 1969).

VENTER, P.J.: Die Inboekstelsel (Die Huisgenoot, 1/6/1934).

WATERMEYER, F.S.: The Cape of the Cape in 1795 (The Cape Monthly Magazine, III, 1858).

WILSON, M.: The Early History of the Transkei and the Ciskei (African Studies, 18, no. 4, 1959).

2. Letterkundige Bronne

A CIVIL CERVANT OF THE COLONY [BIRD, W.W.]: State of the Cape of Good Hope in 1822. London, 1823.

ALBERTI, L.: De Kaffers aan de Zuidkust van Afrika. Amsterdam, 1810.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ANONYMOUS: Notes on the Cape of Good Hope made during an excursion in that Colony in the year 1820. London, 1821.

ANONYMOUS: Gleanings in Africa - A Series of Letters from an English Officer during the period in which that colony was under the Protection of the British Government. London, 1806.

ANDERSON, H.J. (ed.): South Africa a century ago. Letters written from the Cape of Good Hope and extracts from a Journal by Lady Anne Barnard. Cape Town, 1924.

BANNISTER, S.: Humane Policy or Justice to the Aborigines of New Settlements. London, 1830.

BARRINGTON, G.: An Account of a Voyage to New South Wales, I. London, 1810.

BARROW, J.: A Voyage to Cochinchina ... to which is annexed an account of a journey made in the years 1801 and 1802 to the residence of the Chief of the Booshuana Nation. London, 1806.

BARROW, J.: An Autobiographical Memoir. London, 1847.

BARROW, J.: Some Account of the Public Life and a selection from the unpublished writings of the Earl of Macartney, two volumes. London, 1807.

BARROW, J.: Travels into the Interior of Southern Africa, two volumes. London, 1806.

BORCHERDS, P.B.: An Autobiographical Memoir of Petrus Borchardus Borcherds. Cape Town, 1861.

BURCHELL, W.J.: Travels into the Interior of Southern Africa, two volumes. Reprint of the 1822-'24 edition, London, 1953.

CAMPBELL, J.: Travels in South Africa. London, 1815.

CAMPBELL, J.: Travels in South Africa, undertaken at the Request of the London Missionary Society being the Narrative of a Second Journey in the Interior of that country, two volumes. London, 1822.

CARTER, G. AND VAN REENEN, J.: The Wreck of the Grosvenor, Van Riebeeck Society, 8. Cape Town 1927.

DAUMBERGER, C.F.: Travels in the Interior of Africa from the Cape of Good Hope to Morocco from the years 1781 to 1797. London, 1801.

DE MIST, J.A.: The Memorandum of Commissionary J.A. de Mist (introduction by S.F.N. Gie), Van Riebeeck Society, no. 3. Cape Town, 1920.

DE JONG, C.: Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 to 1797, vols. I en II. Haarlem, 1802.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DUMINY, F. EN J.M.: Duminy-Dagboeke (redakteur J.L.M. Franken), Van Riebeeck-Vereniging, no. 19. Kaapstad, 1938.

FISHER, R.B.: The Importance of the Cape of Good Hope as a colony to Great Britain. London, 1816.

FRENCH OFFICER [DE SAINT PIERRE, J.H.B.]: A Voyage to the Island of Mauritius - ... the Isle of Bourbon, the Cape of Good Hope, etc. London, 1775.

GRAHAM, M.: Journal of a Residence in India. Edinburgh, 1812.

GRANT, P.W.: Considerations on the State of the Colonial Currency and foreign exchange at the Cape of Good Hope. Cape Town, 1825.

GODéE-MOLSBERGEN, E.C. (red.): Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd, vols. II, IV. Den Haag, 1916, 1932.

KHAN, MIRZA ABU TALEB.: The Travels of Mirza Abu Taleb Khan in Asia, Africa and Europe during the years 1799, 1800, 1801, 1802 and 1803, two volumes. London, 1810.

KINDERSLEY, N.E.: Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies. London, 1777.

KICHERER, J.J.: Berichten van den Predikant Kicherer aangaande zijne zending tot de Heidenen. Amsterdam, 1805.

KIRBY, P.R. (ed.): A Source Book on the Wreck of the Grosvenor, Van Riebeeck Society, no. 34. Cape Town, 1953.

LE VAILLANT, F.: Reize in de Binnenlanden van Afrika langs de Kaap de Goede Hoop, in de Jaaren 1780 tot 1785, vyf delen. Leyden, 1791-1798.

LICHTENSTEIN, H.: Reisen im südlichen Afrika in den Jahren 1803, 1804, 1805 und 1806, 2 bänden. Stuttgart, 1967.

LICHTENSTEIN, H.: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, two volumes, Van Riebeeck Society, nos. 10 and 11. Cape Town, 1928, 1930.

MENTZEL, O.F.: A Geographical and Topographical Description of the Cape of Good Hope, three volumes (edited by H.J. Mandelbrote), Van Riebeeck Society, nos. 2, 4, 6, 25. London, 1919, 1921, 1925, 1944.

MOODIE, J.W.D.: Ten Years in South Africa, Vol. I. London, 1835.

NEETHLING, C.L.: Onderzoek van 't Verbaal van A.J. Sluysken. Plek nie vermeld, 1797.

PARAVICINI DI CAPELLI, W.B.E.: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika (redakteur W.J. de Kock), Van Riebeeck-Vereniging, no. 46. Kaapstad, 1965.

PATERSON, W.: A Narrative of Four Journeys into the country of the Hottentots and Caffraria in the years 1777, 1778, 1779 and 1780. London, 1790.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PENNY, J.: The Life and Adventures of Joshua Penny, an impressed sailor. New York, 1815.

PERCIVAL, R.: An Account of the Cape of Good Hope. London, 1804.

PHILIP, J.: Researches in South Africa, two volumes. London, 1828.

PRIOR, J.: Narrative of a Voyage in the Indian Seas in the Nisus Frigate to the Cape of Good Hope ... London, 1820.

REDELINGHUYS, J.H.: De Eerloosheid Ontmaskerd. Amsterdam, 1792. (Litografies gedruk deur Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1961).

ROBERTSON, G.A.: Notes on Africa. London, 1819.

ROSE, C.: Four Years in Southern Africa. London, 1829.

RENSHAW, R.: A Voyage to the Cape of Good Hope, the Indian Ocean, and the Red Sea with Travels into Egypt ... Manchester, 1804.

SEMPLE, R.: Walks and Sketches at the Cape of Good Hope. London, 1805. (Facsimile edition by A.A. Balkema, Cape Town, 1968).

SHIPP, J.: Memoirs of the Extraordinary Military Career of John Shipp. London, 1829.

SLUYSKEN, A.J.: Verbaal gehouden bij den Commissaris van de Caap de Goede Hoop, A.J. Sluysken Zeedert het arrivement der Engelsche Vloot, onder den Admiraal sir George Keith Elphinstone. Den Haag, 1797.

SPARRMAN, A.: A Voyage to the Cape of Good Hope towards the Antartic Polar Circle and round the World but chiefly into the country of the Hottentots and Caffres, from the year 1772 to 1776, two volumes. London, 1785.

STAVORINUS, J.S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop naar Batavia ... gedaan in de jaaren 1774 tot 1778, twee delen. Leyden, 1797-1798.

STOUT, B.: Narrative of the Loss of the Ship Hercules, commanded by Captain Benjamin Stout on the coast of Caffraria, the 16th of June, 1796 ... London, 1798.

THOMPSON, G.: Travels and Adventures in Southern Africa. London, 1827. (Facsimile Reprint Africa Connoisseurs Press, Cape Town, 1962).

THUNBERG, C.P.: Travels in Europe, Africa and Asia performed between the years 1770 and 1779, Vols. I and II. London, no date.

UITENHAGE DE MIST, A.: Diary of a Journey to the Cape and Interior of Africa in 1802 and 1803. Cape Town, 1954.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VAN PALLANDT, A.: General Remarks on the Cape of Good Hope. Cape Town, 1917.

VAN REENEN, G.: Die Joernaal van Dirk Gysbert van Reenen (redakteurs W. Blommaert en J.A. Wiid), Van Riebeeck-Vereniging, no. 18. Kaapstad, 1937.

VAN RYNEVELD, W.S.: Aanmerkingen over de Verbetering van het Vee aan de Kaap de Goede Hoop, 1804 (redakteur H.B. Thom), Van Riebeeck-Vereniging, 23. Kaapstad, 1937.

VON BOUCHENROEDER, B.J.: Reize in de Binnenlanden van Zuid-Afrika. Amsterdam, 1806.

VON BOUCHENROEDER, B.J.: Beknopt Berigt nopens de Volksplanting de Kaap de Goede Hoop. Amsterdam, 1806.

VOS, M.C.: Merkwaardig Verhaal aangaande het Leven en de Lotgevallen van Michiel Christiaan Vos. Kaapstad, 1911.

WILKINS, W.H. (ed.): South Africa a century ago - Letters written by Lady Anne Barnard. London, 1908.

3. Periodieke Publikasies

AFRICAN COURT CALENDER FOR 1801.

THE ANNUAL REGISTER, 1795-1803.

THE CAPE TOWN GAZETTE AND AFRICAN ADVERTISER/KAAPSCHE STADS-COURANT EN AFRICAANSCHE BERIGTER, 1800-1803.

THE CAPE TOWN MONTHLY MAGAZINE, vols. I-VI, 1857-1859.

PERIODICAL ACCOUNTS RELATING to the Mission of Church of the United Brethern established among the Heathen, vols. II and III.

TRANSACTIONS OF THE MISSIONARY SOCIETY, vols. I and II. London, 1804 and 1806.

HET NEDERDUITSCH ZUID-AFRIKAANSCH TIJDSCHRIFT, dele 1-12, 1824-1835.

4. Argivale Bronne

(a) Gepubliseer

EYBERS, G.W.: Bepalingen en Instructiën voor het Bestuur van de Buitendistricten van de Kaap de Goede Hoop, 1805. Amsterdam, 1922.

LEIBBRANDT, H.C.V.: Precis of the Archives of the Cape of Good Hope - Requesten, 1715-1806, vols. I and II. Cape Town, 1905 and 1906.

MOODIE, D.: The Record or a series of official papers relative to the condition and treatment of the Native Tribes of South Africa. Reprint of 1938 edition, Amsterdam, 1960.

NAUDé, S.D. (red.): Kaapse Plakkaatboek, vols. III-VI. Kaapstad, 1949-1951.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

PERRIN, W.G.: The Keith Papers, vol. I. No place, 1927.

SPOELSTRA, C.: Boustoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch-Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, vols. I en II. Amsterdam, 1906 en 1907.

THEAL, G.M.: Belangrijke Historische Dokumenten over Zuid-Afrika, vol. III. Kaapstad, 1911.

THEAL, G.M: Records of the Cape Colony, vols. I-IX, XVI, XXI. London, 1897-1901, 1903, 1905.

Blouboeke

438 of 1826: Papers Respecting a British Metallic Circulation at the Cape of Good Hope, 26/5/1826.

282 of 1827: Reports of the Commissioners of Inquiry, I: Upon the Administration of the Government of the Cape of Good Hope; II: Upon the Finances of the Cape of Good Hope, 1/5/1827.

300 of 1829: Report of the Commissioners of Inquiry upon the Trade of the Cape of Good Hope, 2/6/1829.

50 of 1835: Papers Relative to the Conditions and Treatment of the Native Inhabitants of Southern Africa within the Cape of Good Hope or beyond the Frontier of that Colony, 18/3/1835.

Kaapse Blouboeke

G.24 - '63: Report of the Commission ... to inquire into the Government Educational System, 1863.

Publikasies van die Unie-Regering

U.G. 33 - 1947: Verslag van die Interdepartementele Komitee betreffende Kleurlingaangeleenthede op Kleurlingsendingstasies, -reserwes en -nedersettings. Pretoria, 1947.

(b) Ongepubliseer

1. STAATSARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD.

(i) First British Occupation, 1795-1803 (B.O.)

B.O. 1-5 Letters from the Burgher Senate, 1795-1802.

B.O. 6 Letters received by Govt. from Fiscal, 1795-1802.

B.O. 7 Letters from Board of Revenue, 1795-1802.

B.O. 8 Letters from Military, 1796-1802.

B.O. 9 Letters from Commissary General and Agent E.I.C., 1795-1802.

B.O. 10 Letters received from Court of Justice 1795-1802, Orphan Chamber 1798-1801, Matrimonial Court 1797-1801, Lombard Bank 1797-1801, Fiscal 1797.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B.O. 11 Letters received from Vice Admiralty Court, 1799, 1800, 1802.
B.O. 12 Admiralty Court, 1799.
B.O. 13 Correspondence with Prize Agents, 1798.
B.O. 14 Letters from Customs House, 1799-1802.
B.O. 15 Customs House - Duties and Fees paid, 1798-1802.
B.O. 16 Letters received from Corn Board, 1800-1801.
B.O. 17 Consumption of Corn, 1801 and 1805-1806.
B.O. 18 Letters received from Inspector of Buildings, 1797-1803.
B.O. 19 Letters from Wm. Duckitt, Agric. Dept., 1801-1802.
B.O. 20 Agriculture Society, 1800.
B.O. 21-23 Letters from Stellenbosch, 1795-1802.
B.O. 24 Letters from Swellendam, 1795-1802.
B.O. 26 Disturbances in the Interior of Colony, 1795-1802.
B.O. 27-28 Letters from Graaff Reinet, 1796-1802.
B.O. 29 Letters from Churches, 1795-1802.
B.O. 30 Letters from various Individuals, 1795-1801.
B.O. 31 Letters from Overseers of the Bays, 1795-1802.
B.O. 32-34 Miscellaneous Documents, 1795-1803.
B.O. 35-39 Memorials (for Land) mixed, 1795-1801.
B.O. 40 Letters received from various Individuals, 1801-1802.
B.O. 41 Memorials, 1802.
B.O. 42 Applications for Emancipation of Slaves, 1795-1803.
B.O. 43-44 Memorials for Land, 1795-1802.
B.O. 45 Letters from and to Birma, 1798-1799.
B.O. 46 Secret Letters to and from Boelecomba, 1797-1798.
B.O. 47 Letters and Annexures, 1795-1802.
B.O. 48 Craig's Letter Book, 1795-1797.
B.O. 49-55 Letters Despatched within the Colony, 1796-1803.
B.O. 56-59 Day Book, 1795-1802.
B.O. 60 Proceedings of Landdrost and Heemraden of Stellenbosch, 1795-1799.
B.O. 61-62 Original Placaat Book, 1795-1802.
B.O. 63-64 Proclamations, 1798-1803.
B.O. 65 Instructions to Several Public Depts. of Government, 1796-1801.
B.O. 66 Instructions to Public Depts., 1796-1798.
B.O. 67 Returns - Collector of Revenue, 1798-1802.
B.O. 68 General Report of Asiatic Council, 1799.
B.O. 69-70 Book of Oaths.
B.O. 71 Company's Servants in 1795.
B.O. 72 Ships Arrivals, 1795-1800.
B.O. 73 Reports on Strangers, 1797-1801.
B.O. 74 Securities, 1797-1799.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B.O. 75 Securities for Slaves, 1800-1803.
B.O. 76 Papers from Government House, 1797-1801.
B.O. 77 Answers to Petitions Received, 1799-1802.
B.O. 78 Letters Received, 1800-1802.
B.O. 79 Papers from Stamp Office, 1798-1803.
B.O. 80 Index Letters Received (Governor), 1797-1799.
B.O. 81-82 Ships Bonds, 1799-1803.
B.O. 84 Vendue Masters, 1798-1802.
B.O. 85 Sketches of the Political and Commercial History of the Cape of Good Hope, c.1795.
B.O. 86 Letters and Copies Received, 1795-1804.
B.O. 87 Letters and Copies Received (Foreign), 1797-1802.
B.O. 88 Conditions of Surrender and Articles of Capitulation of Colony, 1795 and other documents.
B.O. 89 Letters of Permission to reside in the Colony, 1797-1800.
B.O. 90 Report to Burgher Senate re State of wheat by A. Fleck and H. Warnecke, 1797, Report of Wine, Brandy and Beer Licences, 1797, 1798, Estimate of Stock and Crop at Government Garden, 1800, Copies of Papers ré examination of wheat and rice from Bombay, 1797-1798, Contracts for Importation of Produce, 1801, Declaration on Ships, 1800-1803.
B.O. 91 Correspondence between Smyth, Dundas, Yonge, Maynier, 1799-1801.
B.O. 92 Private Diary of James Callender, 1798-1800.
B.O. 93 Proclamations, 1799-1801.
B.O. 94 Military and Naval Lists, 1795.

(ii) Raad van Politic (C.)

C.105-108 Resolutien, Raad van Politic, 1794-1795.
C.692-697 Verslag en Bijlagen van Nederburgh en Frijkenius.
C.698-699 Brieven en Papiere van A.J. Sluysken.

(iii) Bataafse Republiek (B.R.)

B.R. 1-4 Resolutien, 1803.
B.R. 33-44 Bijlagen, 1803.
B.R. 68-69 Bijlagen, 1805.
B.R.75 Secrete Resolutien, 1803-1804.
B.R. 85 Lijst van Stukken aan Raad der Politic voorgelegd, 1803
B.R. 86 Kaapsch Rapport, 1802.
B.R. 87 Inkomende Brieven, 1803.
B.R. 88 Uitgaande Brieven, 1803-1804.
B.R. 92 Uitgaande Brieven, 1802-1804.
B.R. 93 Brieven van Goev. Janssens op zijn Landreizen, 1803.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

B.R. 100 Secrete Notulen (de Mist), 1802-1806.
B.R. 107-110 Notulen van Com. Gen. de Mist, 1802-1803.

(iv) Raad van Justie (C.J.)

C.J. 478-489 Crimineele Proces Stukken, 1800.
C.J. 653 Stukke ré saak teen Maynier, 1802.
C.J. 731-732 Minuut Crimineele Proces Stukken, 1800.
C.J. 797-800 Criminele Vonisse, 1795-1803.
C.J. 2492-2493 Inkomende Briewe, 1795-1802.
C.J. 2580-2581 Uitgaande Briewe, 1796-1803.
C.J. 3177 Schouwacte~~n~~s, 1800-1808.

(v) Vice Admiralty Court Papers (V.A.C.)

V.A.C. 1 Miscellaneous Vice Admiralty Court Papers, 1800-1816.
V.A.C. 2 Vice Admiralty Court Cases, 1800-1806.
V.A.C. 3 Cases and Contracts.

(vi) Lombard Bank.

Lombard Bank 1-3 Notule, 1793-1805.
Lombard Bank 32-39 Kasboeke, 1795-1803.
Lombard Bank 147-154 Grootboeke, 1795-1803.

(vii) Opgaaf (J.)

J. 25-26 Kaapse Distrik, 1799-1800.
J. 82A-91 Graaff Reinet, 1787-1801.
J. 192-198 Stellenbosch, 1794-1803.

(viii) Tithens and Transfer Duties (T.T.D.)

T.T.D. 1 Letters Received, 1795-1806.
T.T.D. 27-29 Lists of Tithes Received, 1795-1806.
T.T.D. 37 Letters Despatched to Auditor General, 1798-1802.
T.T.D. 40 Liquor Matters.
T.T.D. 46 Miscellaneous Documents.

(ix) Receiver of Land Revenue (R.L.R.)

R.L.R. 36 Wildschutte Boeke, 1783.
R.L.R. 34 Wildschutte Boeke, 1785-1786.

(x) Burger-Senaat (C.T.M.)

C.T.M. 1/1/4-1/1/10 Resolusies van Burger-Senaat, Februarie 1796 - 28 Maart 1803.
C.T.M. 3/2 Gemengde Inkomende Briewe, 1793-1827.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

C.T.M. 3/3 Inkomende Briewe van Koloniale Kantoor, 1796-1827.
C.T.M. 3/4-3/6 Inkomende Briewe, 1797-1800.
C.T.M. 4/1 Uitgaande Briewe, 1780-1817.
C.T.M. 5/1/3/3 Kassa Rekening, 1771-1801.
C.T.M. 5/1/3/6 Kassa Rekening, 1791-1803.
C.T.M. 5/1/3/7 Skatkis Rekening, 1800-1801.
C.T.M. 5/1/7/3-5 Kwotisasierolle, 1799-1802.
C.T.M. 5/1/15/1 Skuldboek, 1798-1809.

(xi) Argief van die Landdros en Heemrade, Stellenbosch (STB.)

STB. 1/22-1/25 Notule van Landdros en Heemrade, 1795-1803.
STB. 1/48 "Secrete Notule" van Landdros en Heemrade, 1797-1826.
STB. 1/56 Register van Notule van Landdros en Heemrade, 1793-1809.
STB. 1/63-1/67 Klad Notule van Landdros en Heemrade, 1795-1804.
STB. 1/134 Rapporte van Gekommitteerde Heemrade, 1794-1807.
STB. 1/139 Klad Rapporte van Gekommitteerde Heemrade, 1795-1807.
STB. 10/9-10/12 Inkomende Briewe van Goewerneur en Amptenare, 1795-1803.
STB. 10/150-10/156 Inkomende Briewe van Veldkornette en Private Persone, 1787-1809.
STB. 10/168-10/169 Inkomende Briewe van Private Persone, 1797, 1800.
STB. 12/21 Generale Kassarekenings, 1793-1810.
STB. 13/11 Notule van Krygsraad, 1793-1798.
STB. 20/6-20/8 Uitgaande Briewe van Landdros en Heemrade, 1795-1804.
STB. 20/30-20/31 Uitgaande Briewe van Landdros, 1795-1804.

(xii) Argief van die Landdros en Heemrade, Swellendam (SWM.)

SWM. 1/3 Notule van Landdros en Heemrade, 1795-1798.
SWM. 11/5-11/6 Inkomende Briewe van Goewerneur en Sekretaris, 1795-1801.
SWM. 11/15 Inkomende Briewe van Staatsdepartemente, 1795-1814.
SWM. 11/23 Inkomende Briewe van Raad van Justisie, 1797.
SWM. 11/26 Inkomende Briewe van Fiskaal, 1795-1797.
SWM. 11/32 Inkomende Briewe, Gemeng, 1796.
SWM. 11/43a Joernal van veldkornet P. Erasmus, 1802.
SWM. 11/45 Inkomende Briewe van Private Persone, 1781-1799.
SWM. 12/3 Kennisgewings en Plakkate, 1795-1804.
SWM. 12/24 Kassaboeke, 1796-1817.
SWM. 12/55 Vendurollen, 1793-1804.
SWM. 12/67 Opgaafrolle, 1793.
SWM. 12/90 "College Nasionaal" Dokumente, 1795.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SWM. 12/91 Inkomende Briewe van Nasionale Landdros, 1795.

(xiii) Argief van die Landdros en Heemrade, Graaff-Reinet (G.R.)

G.R. 1/1-1/4 Notule van Landdros en Heemrade, 1786-1827.
G.R. 1/6 Bylaes tot Notules, 1787-1823.
G.R. 1/9 Notules van Krygsraad, 1787-1795.
G.R. 1/9a Draft Minutes and Annexures, 1789-1799.
G.R. 3/17-3/18 Judicial Declarations in Criminal Cases, 1787-1802.
G.R. 3/32-3/33 Verklarings en "Insinuatien", 1795-1834.
G.R. 5/1 Summonses, 1790-1821.
G.R. 8/1a Government Letters Received, 1796-1805.
G.R. 9/3 Letters from Resident Commissioner Maynier. 1800-1801.
G.R. 9/10 Letters from Fiscal, 1799-1825.
G.R. 9/41 Letters from Land and Revenue Office, 1787-1837.
G.R. 9/68 Military Papers, 1787-1850.
G.R. 12/1 Letters and Reports from Field Cornets, Veldwagmeesters etc., 1781-1809.
G.R. 13/1-13/3 Letters Received from Private Individuals, 1781-1819.
G.R. 13/13-13/16 Memorials for Land, 1786-1838.
G.R. 14/3-14/5 Publications, Notices, Instructions and Warnings, 1770-1855.
G.R. 14/6 Bushmen and Kaffirs, Depredations, Minutes of Inquiry before O.G. de Wet, Mei 1795.
G.R. 14/15-14/17 Land Records.
G.R. 14/20 Land Records.
G.R. 14/34 Land Records.
G.R. 14/40-14/41 Financial Matters, 1787-1824.
G.R. 14/80 Roads and Public Works.
G.R. 14/85 Arms and Ammunition, 1788-1905.
G.R. 14/94 Municipal Matters, 1798-1884.
G.R. 14/96 Burgerlijke Attestien, 1799-1807.
G.R. 14/103-14/106 Opgaaf Returns, 1787-1847.
G.R. 14/112 Lists of Burghers and Inhabitants, 1786-1846.
G.R. 14/115a General Muster Rolls, 1787-1799.
G.R. 14/118 Certificate to leave and remain in the district, 1787.
G.R. 14/120 Letters from Churches, 1798-1880.
G.R. 15/1-15/6 Notarial Deeds, 1786-1860.
G.R. 15/39-15/40 Powers of Attorney, 1786-1801.
G.R. 15/43 Contracts of Service, Hottentots or Free Persons of Colour, 1786-1882.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

G.R. 15/71 Contracts of Service, 1792-1848.
G.R. 16/1 Letters Despatched by Landdrost and Secretary, 1786-1813.
G.R. 17/30 Transfers of Slaves, 1781-1834.
G.R. 17/40 Lists of Slaves etc., 1789-1836.
G.R. 17/90 Instructions for Orphan Chamber, 1793-1852.
G.R. 17/143 Letters Received by Van der Walt etc.

(xiv) Accessions (Acc.)

Acc. 45 Statements of Revenue and Expenditure ... in the Company's Period, 1795-1803.
Acc. 74 Manuscript documents describing the Cape of Good Hope, 1798.
Acc. 108 The Duckitt Papers.
Acc. 137 The Duminy Papers.
Acc. 148 Documents Relating to the Cape of Good Hope.
Acc. 393 W. Duckitt's Journal, 1799-1800.
Acc. 455 Dundas (Melville Papers).
Acc. 834 Copies of Letters by Macartney etc.
Acc. 1415 (74) Andrew Barnard Letters, 1797-1803.

(xv) Verbatim Copies (V.C.)

V.C. 58 Documents copies by Theal.
V.C. 65-68 Brieven en Bijlagen van den Commissaris A.J. Sluysken.
V.C. 69-73 Bijlagen tot het Verslag van den Commissarissen Generaal over Cape de Goede Hoop.
V.C. 74 Verslag van Commissarissen Generaal (Nederburgh en Frijkenius) over Cabo de Goede Hoop.
V.C. 75 Lient Marnitz: Surrender of the Cape in 1793.
V.C. 76 H.D. Campagne: Memorie en Bijzonderheden wegens de Overgave der Kaap de Goede Hoop, 1795; Berigt nopens den oorsprong, voortgang en ruptures der Kaffers, 1797.
V.C. 77-79 Notulen van den Commissaris Mr. J.A. de Mist, 1802-1803.
V.C. 81 Correspondence in Respect of British Occupation of Cape by English in 1795.
V.C. 99 Gedagten en Consideratien omtrend eenige vraag poincten betrekkelijk de Cabo de Goede Hoop, 1789.
V.C. 104-105 W.S. van Ryneveld: Een Generale Beschrijving van de Colonie de Kaap de Goede Hoop.
V.C. 106 A. Muller: Aanmerkingen over het Gouvernement van Cabo de Goede Hoop, 1801.
V.C. 110 Nachrichten der ostlichen Kaffern, 1789.
V.C. 121 J.P. van Braam: Memorien en Aanmerkingen over den

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Staat der Colonie, 1784.
V.C. 124 Briewe van Truter en Janssens.
V.C. 138 Janssens Dokumente.
V.C. 172 Onondertekende Dokument met betrekking tot teruggawe van Kaap aan Nederland.
V.C. 236 Earl of Mornington Papers.
V.C. 278 Kopie van Briewe deur De Mist.

(xvi) Moodie Afschriften.

Bande ongenommer.

(xvii) Miscellaneous (M.)

M. 74 Louis Reynders se Dagboek.

2. ALGEMEEN RIJKSARCHIEF, DEN HAAG (R.A.)

(i) Raad der Aziatische Bezettingen (Rd. Az. Bez.)

Nos. 22-23 Alfabetisch Zakenregister, 1800-1801.
Nos. 28-32 Resolutiën van de Raad, 1800-1803.
Nos. 38-39 Minuut-secrete resolutiën, 1802-1803.
Nos. 42-44 Secrete Resolutiën van de Raad, 1801-1803.
Nos. 394-398, 404-406 Losse Stukken, 1800-1806.

(ii) Committé tot den Oost-Indischen Handel en Bezittingen (O.I.C.)

Nos. 1-9, 16-22, 34-35 Resolutiën en Uitgaande Stukken, 1796-1800.
Nos. 145 Excerpta uit missiven van Gouverneur-Generaal en Raden ... ontvangen van ... Kaap de Goede Hoop, 1796-1800.
Nos. 148-152 Missiven van Abraham Sluysken aan Bewindhebbers, 1794-1796.
Nos. 208 Verbaal van de Overgave van de Kaap door P.W. Marnitz, 1796.
Nos. 209-213 Minuut Notulen van het Departement van Huishoudelijk Bestuur, 1796-1800.
Nos. 239-240, 242 Losse Stukken, 1796-1799.

(iii) Aanwinste.

(a) Aanwinsten, Collectie Nederburgh, dele 457-458, 529-564 (Stukke betreffende Kaap die Goeie Hoop, 1800-1805).
(b) Aanwinsten 1890, Beelaerts van Blokland-versameling.

No. 30h Copie missive van den Gouverneur-Generaal J.W. Janssens aan Van der Kemp, 31/5/1803.
No. 30m Onderzoek der Beschuldigingen ten laste van H.C.D. May-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nier ...., 1802.

(iv) Hooge Regeering te Batavia.

No. 968 Missive van S. Dekker ... houdende een relaas van het voorgevallene tusschen hemzelf, ... Elphinstone .... en Sluysken, 1793.

No. 969 Memorie betreffende de overgave van Kaap de Goede Hoop, aan de Engelschen in 1795 door H.D. Campagne, 1797.

No. 970 Memorie van C.L. Neethling over de Kaap de Goede Hoop, 1801.

3. PUBLIC RECORD OFFICE, LONDEN (P.R.O.)

(i) War Office (W.O.)

W.O. 1/178 Projected Expeditions, 1796-1797.

W.O. 1/323-1/343 Correspondence In-Letters, Cape of Good Hope, 1795-1812.

W.O. 1/622 Correspondence In-Letters, War Office, 1800.

W.O. 1/769 Correspondence, In-Letters, Secretary of State, Home, 1797-1798.

W.O. 1/840-1/841 Correspondence, In-Letters, Treasury, 1807.

W.O. 1/892-1/894 Correspondence, East India Company, 1793-1805.

W.O. 6/20-6/22 Correspondence, Out-Letters, 1795-1809.

W.O. 6/67 Correspondence, Out-Letters, East India Company, 1794-1803.

W.O. 6/176 Correspondence, Out-Letters, Various Public Departments, 1794-1807.

(ii) Colonial Office (C.O.)

C.O. 49/1-49/2 Précis of Letters, Secretary of State, 1795-1806.

C.O. 49/9 Letters from Secretary of State, Despatches, 1795-1806.

(iii) Admiralty (Adm.)

Adm. 1/55-1/57 In-Letters from Cape of Good Hope (Admiral's Despatches) 1795-1803.

Adm. 98/283 Out-Letters to Agent for the Cape of Good Hope, 1795-1803.

Adm. 112/13-112/16 Accounts etc. from Cape of Good Hope.

(iv) Board of Trade (B.T.)

B.T. 1/13-1/21 In-Letters and Files, General.

B.T. 3/5-3/6 Out-Letters, General.

B.T. 5/10-5/13 Minutes.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4. ARGIEF VAN DIE SINODE VAN DIE N.G. KERK.

(i) Verenigings (V.)

Suid-Afrikaanse Sendinggenootskap (V.1).

V.1 1/1 S.A.S.G. Notule van Direksie Vergaderings, 1799-1803.
V.1 2/1 S.A.S.G. Inkomende Briewe van Direkteure en Lede.
V.1 2/2-2/3 S.A.S.G. Inkomende Briewe van Predikante en Sendelinge.
V.1 2/5 S.A.S.G. Inkomende Briewe van Regeringskantoor, 1800-1906.
V.1 3/1-3/2 S.A.S.G. Uitgaande Briewe, 1799-1803.
V.1 4/1 S.A.S.G. Verslae en Rapporte, 1802-1803.
V.1 5/1 S.A.S.G. Diverse Dokumente.
V.1 6/1 S.A.S.G. Grootboeke, 1799-1803.
V.1 6/7 S.A.S.G. Kassaboeke, 1799-1803.

(ii) Gemeentes (G.)

Gemeente Kaapstad (G.1)

G.1 1/7-1/8 Notule van Kerkraad, 1791-1812.
G.1 5/3 Inkomende Briewe van Regering, 1790-1830.
G.1 5/5 Inkomende Briewe van Kerke, 1800-1830.

Gemeente Stellenbosch (G.2)

G.2 1/3 Notule van Kerkraad, 1755-1803.
G.2 2/2 Inkomende Briewe (Owerheid), 1797-1859.
G.2 2/5 Inkomende Briewe (Sending), 1791-1856.
G.2 18/2/2 Stellenbosse Medewerkend Sendinggenootskap, 1800-1806.

Gemeente Paarl (G.3)

G.3 1/3 Notule van Kerkraad, 1784-1805.
G.3 2/6 Inkomende Briewe, 1769-1945.

Gemeente Tulbagh (G.4)

G.4 1/2 Notule van Kerkraad, 1771-1806.
G.4 5/1 Inkomende Briewe, 1754-1866.
G.4 6/1 Uitgaande Briewe, 1769-1810.
G.4 12/1 Tulbagh Sendinggenootskap.

Gemeente Swartland (G.5)

G.5 1/2 Notule van Kerkraad, 1750-1829.
G.5 2/1 Inkomende Briewe, 1750-1829.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Gemeente Graaff-Reinet (G.6)

G.6 1/1 Notule van Kerkraad, 1798-1826.
G.6 10/1 Kasboeke, 1797-1866.

Gemeente Swellendam (G.7)

G.7 1/1 Notule van Kerkraad, 1798-1840.
G.7 3/1-3/2 Inkomende Briewe, 1798-1845.

5. ARGIEF VAN DIE MORAWIESE SENDINGSTASIE, GENADENDAL.

Diaria, Baviaanskloof, II-IV, 1795-1803.
Protocal Missions Conferenz, Genadendal.
Kassaboeke, Genadendal, 1795-1809.
Baviaanskloof-Genadendal: Minder Belangrike Briewe.
Baviaanskloof-Genadendal: Briewe Engelse Periode, 1795-1802.

6. GUBBINS BIBLIOTEEK, UNIVERSITEIT VAN WITWATERSRAND (Gubbins).

A.24 Craig's Letter Book, Letters 1796-1797, Memo. c.1796 ré defence of the Colony.
A.88 Macartney Papers (ongeveer 500 briewe).

7. ARGIEF VAN DIE INDIA OFFICE, LONDEN (I.O.)

(i) Factory Records: Cape of Good Hope.

G. 9/1 Correspondence, 1773-1809.
G. 9/6 Letters from Cape of Good Hope to Court of Directors, 1795-1803.

8. BRITISH MUSEUM, LONDEN (B.M.)

Add. Mss. 13783 Letters from Lord Wellesley to Government at the Cape, 1799-1801.
Add. Mss. 13784 Letters from Lord Wellesley to Lord Macartney, 1799-1801.
Add. Mss. 13785 Letters from Sir George Yonge to Lord Wellesley, 1800-1801.
Add. Mss. 19824-19825 Charts of Africa by J. Barrow.
Add. Mss. 30096-30097 Journal and Memoranda of Sir R. Wilson on service at the Cape, 1805-1806.
Add. Mss. 35644 Hardwicke Papers, CCXCVI, 1800-1803.
Add. Mss. 37278 Wellesley Papers, vol. V.
Add. Mss. 37876, 37879, 37915 Windham Papers, vols. XXXV, XXXVIII, LXXIV.
Add. Mss. 37879 Windham Papers, vol. XXXVIII.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Add. Mss. 37915 Windham Papers, vol. LXXIV.
Add. Mss. 38356 Liverpool Papers, vol. CLXVII.
Add. Mss. 38769 Huskisson Papers, vol. XXXVI.
Egerton Mss. 1854 A.E. van Braam Houckgeest: Bedenking omtrent de Caap de Goede Hoop.

9. ARGIEF VAN DIE LONDON MISSIONARY SOCIETY, LONDEN (L.M.S.)

L.M.S. South Africa Incoming Correspondence, Boxes 1-3, 1797-1808.
L.M.S. Africa Odds, Box 8, Van der Kemp Papers.

10. RHODES HOUSE LIBRARY, UNIVERSITEIT VAN OXFORD (Rh.H.Lib.)

Mss. Afr. s. 1 Cape Colony Letters.
Mss. Afr. t. 2-4 Macartney Letter Books.

11. SUID-AFRIKAANSE OPENBARE BIBLIOTEEK (S.A.O.B.)

Lady Anne Barnard: Letters, 1793-1803.
Andrew Barnard: Accounts and Bills, 1787-1802.
James Cockburn: Three Autograph Letters, 1800-1801.
S.E. Hudson: Diary, 1798-1800.
G.W. Stow: The Emigrant Kaffers of the Suurveld.
Earl of Macartney: Household Account Book.